

LANDBOU-ONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA,

1952 - 1954, MET SPESIALE

VERWYSING NA STAATSOPTREDE

IN HIERDIE VERBAND.

DEUR

JOHANNES SWANEPOEL, B.A., M.COM.

PROEFSKRIF AANGEBIED TER GEDEELTELIKE NAKOMING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD DOCTOR COMMERCII
(EKONOMIE) AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

PRETORIA.
FEB. 1958.

VOORWOORD.

Dit is vir my 'n genot om by die voltooiing van hierdie studie 'n woord van dank uit te spreek teenoor diegene wat maar altyd te gewillig was om my te help waar dit enigsins kon.

In die eerste plek my innige dank en waardering aan Professor B. van Deventer vir sy leiding en aanmoediging. Dit was vir my 'n voorreg om onder sy leiding te mog werk.

Verder my innige dank aan die personeel van die Biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika, Die Staatsbiblioteek, die Biblioteek van die Departement van Landbou en aan die Argiefpersoneel, Pretoria.

Ook my dank aan die personeel in die verskillende vertakkinge van die Departement van Landbou, maar in besonder aan die Afdeling Ekonomie en Marke.

My dank ook aan die personeel van die Departement Waterwese en die Departement van Lande vir hul hulp.

Ten slotte my dank en waardering aan my vrou vir haar opofferende tegemoetkomendheid en haar belangstelling in die studie.

Aan God al die eer.

J. SWANEPOEL.

PRETORIA.
Febr. 1958.

INHOUDSOPGAWE.

	<u>P.</u>
ALGEMENE INLEIDING	1
<u>HOOFSTUK I: LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE KAAP DIE</u> GOEIE HOOP (1652-1700)	3
1. Inleiding	3
2. Die Verversingspos	5
3. 'n Klein Begin op Landboukundige Gebied	7
4. Voedselposisie	9
5. Proefneming met Privaatboerdery	15
6. Vryburgers	17
7. Voorwaardes van Grondtoekenning	17
8. Veeteelt	20
9. Ongesonde Toestande	23
10. Samevatting	26
<u>HOOFSTUK II: LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE KAAP DIE GOEIE</u> HOOP, (1700-1910)	27
1. Inleiding	27
2. Grondtoekenning	29
3. Nadelige invloede op die boerdery	31
4. Landbou-organisasies	42
5. Vordering op Landbougebied	44
6. Staatshulp	51
7. Samevatting	63
<u>HOOFSTUK III: LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE ORANJE-VRYSTAAT</u> TOT 1910	66
1. Inleiding	66
2. Moeilike begin	66
3. Produktepryse	69
4. Plase en Pryse	71
5. Boerderybedrywighede	73
6. Boerderyprobleme	75
7. Staatshulp	78
8. Landboustatistiek	80
9. Samevatting	84
<u>HOOFSTUK IV: LANDBOU-ONTWIKKELING IN NATAL TOT 1910..</u>	85
1. Inleiding	85
2. Boerdery op die Hooggeleë Gebiede	86
3. Boerdery op die Middelveld	89
4. Boerdery in die Kusstrook	90
5. Boerderyprobleme	91
6. Landbou-organisasies	95
7. Vordering	98
8. Staatshulp	108
9. Samevatting	111
10.	...
<u>HOOFSTUK V: LANDBOU-ONTWIKKELING IN TRANSVAAL TOT</u> 1910	112
1. Inleiding	112
2. Plase	113
3. Boerderybedrywighede	114
4. Boerderyprobleme	116
5. Markte	122
6. Landbou-organisasies	125
7. Staatshulp	127
8. Landboustatistiek	130
9. Samevatting	135

P

HOOFSTUK VI: LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE UNIE VAN
SUID-AFRIKA, 1910-1954 (AKKERBOU)..... 137

1.	Inleiding	137
2.	Mielieproduksie	137
3.	Koringproduksie	140
4.	Opbrengs en Waarde van Hawer	143
5.	Opbrengs en Waarde van Gars	145
6.	Opbrengs en Waarde van Rog	147
7.	Opbrengs en Waarde van Kafferkring	149
8.	Waarde van Hooisoorte	151
9.	Waarde van alle Grane	153
10.	Droë Bone en Erte	155
11.	Opbrengs en Waarde van Grondbone	157
12.	Opbrengs en Waarde van Sonneblomsaad	159
13.	Opbrengs en Waarde van Suikerriet	161
14.	Opbrengs en Waarde van Sigorei	163
15.	Opbrengs en Waarde van Tabak	165
16.	Opbrengs en Waarde van Katoen	168
17.	Opbrengs en Waarde van Aartappels	169
18.	Boorde en Wingerde	170
19.	Patats, Groente en Wynbouprodukte	172
20.	Opbrengs en Waarde van Droëvrugte	174
21.	Opbrengs en Waarde van Vars Vrugte	176
22.	Groototaal van alle Akkerbougewasse	178
23.	Relatiewe Belangrikheid van verskillende Landbouprodukte	179
24.	Totale Oppervlakte bewerk	179
25.	Kraal- en Kunsmis gebruik	180
26.	(Geen sodanige nommer)	
27.	Landboumasjinerie	182
28.	Elektriese Motors	182
29.	Gas- en Oliemasjiene	183
30.	Trekkers	183
31.	Motors en Lorries	183
32.	Saai- en Maaimasjiene	184
33.	Samevatting	185

HOOFSTUK VII: LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE UNIE,
1910-1954 (VEETEELT) 187

1.	Inleiding	187
2.	Opbrengs en Waarde van Wol en Bokhaar.....	187
3.	Waarde van Velle en Vere	190
4.	Waarde van Slagvee	192
5.	Waarde van Vars Melk en ander Suiwelprodukte...	194
6.	Waarde van Pluimvee en ander Kleinere Veeteelt- produkte	196
7.	Totale Waarde van Veeteelt- en Akkerbou- produkte	198
8.	Relatiewe verhouding van die verskillende Veeteeltprodukte volgens Waarde	198
9.	Ander Aspekte van die Veeteeltbedryf	199
10.	Aantal Arbeiders	202
11.	Lewende Hawe	204
12.	Algemeen	207
13.	Samevatting	208

HOOFSTUK VIII: STAATSHULP AAN DIE LANDBOU, 1910-1954, 209

1.	Inleiding	209
2.	Aard van Boerderybedrywighede	211
3.	Boerderyprobleme	212
4.	Afdeling Veeartsenykunde	213
5.	Pligte van die Afdeling	213
6.	Veldwerk	215
7.	Samevatting	216

<u>HOOFSTUK IX:</u>	VEEARTSENYKUNDIGE ONDERSOEK	238
1.	Inleiding	238
2.	Proewe	238
3.	Roetnewerk	246
4.	Entstowwe	246
5.	Samevatting	250
<u>HOOFSTUK X:</u>	BEVORDERING VAN DROËLANDBOERDERY	251
1.	Inleiding	251
2.	Doel van Droëlandproefstasies	251
3.	Verspreiding van Inligting	252
4.	Proewe en metodes	254
5.	Koöperatiewe Proefnemings	255
6.	Reorganisasie	259
7.	Uitbreidingswerk	262
8.	Losperfonteinse Opleidingsplaas	265
9.	Herorganisasie	266
10.	Internasionale Samewerking	268
11.	Samevatting	270
<u>HOOFSTUK XI:</u>	DIE PLANTKUNDE-AFDELING	272
1.	Inleiding	272
2.	Werksaamhede	273
3.	Samevatting	290
<u>HOOFSTUK XII:</u>	DIE AFDELING INSEKTEKUNDE	291
1.	Inleiding	291
2.	Werksaamhede	291
3.	Inligtingsburo	310
4.	Samevatting	310
<u>HOOFSTUK XIII:</u>	DIE TUINBOU-AFDELING	311
1.	Inleiding	311
2.	Werksaamhede	311
3.	Uitvoer	321
4.	Droëvrugte	323
5.	Vrugte-uitvoerregulasies	324
6.	Samevatting	327
<u>HOOFSTUK XIV:</u>	DIE SUIWEL-AFDELING	328
1.	Inleiding	328
2.	Werksaamhede	328
3.	Die Suiwelraad	345
4.	Samevatting	346
<u>HOOFSTUK XV:</u>	SKAPE- EN WOLAFDELING	349
1.	Inleiding	349
2.	Skaap- en Woldeskundiges	349
3.	Verbeterde boerderypraktyke	351
4.	Die Omheiningswet van 1922	353
5.	Navorsing	354
6.	Bestryding van Brandsiekte	356
7.	Bemarking van Wol	364
8.	Samevatting	372

	Blz.
* <u>HOOFSTUK XVI: GRONDBEWARING EN VOORLIGTING</u>	374
1. Inleiding	374
2. Eerste Stappe	374
3. Gebreke	378
4. Omvang van Werkzaamhede tot 1940	379
5. Bos- en Veldbewaringswet	380
6. Afdeling Grondbewaring en Voorligting	381
7. Die Grondbewaringswet van 1946	382
8. Grondbewaringsgebiede	385
9. Samevatting	388
<u>HOOFSTUK XVII: SPESIALE ONDERSTAND AAN BOERE</u>	390
1. Inleiding	390
2. Droogte- en Vloedleniging	390
3. Spesiale Onderstand aan Boere	397
4. Die Mieliereelingswet van 1931	400
5. Uitvoersubsidies	403
6. Spoorwegrabatte	405
7. Wet op Plaasverbandrente, no. 34 van 1933	408
8. Pagterskema	409
9. Samevatting	410
<u>HOOFSTUK XVIII: AFDELING EKONOMIE EN MARKTE</u>	411
1. Inleiding	411
2. Bemarking	414
3. Verpligte Gradering	417
4. Agro-ekonomiese Opname van die Unie	417
5. Berekening van Produksiekoste	419
6. Samevatting	420
<u>HOOFSTUK XIX: DIE BEMARKINGSWET</u>	421
1. Inleiding	421
2. Die Kommissie insake Landboukoöperasies en Landboukrediet	422
3. Bevindings van Dr. Viljoen	423
4. Beheermaatreëls voor 1937	424
5. Die Bemarkingswet van 1937	427
6. Samevatting	448
<u>HOOFSTUK XX: DIE LAND- EN LANDBOUBANK- VAN SUID-AFRIKA</u>	450
1. Inleiding	450
2. Landbanke	452
3. Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika	454
4. Samevatting	475
<u>HOOFSTUK XXI: DIE BYDRAE VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDE TOT DIE LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE UNIE</u>	476
1. Inleiding	476
2. Die "Kroongrond Nederzettingswet" van 1912	476
3. Landrade	477
4. Verkryging van grond	477
5. Hulp aan Nedersetters	485
6. Algemeen	487
6. Samevatting	490

<u>HOOFSTUK XXII:</u>	DIE BYDRAE VAN DIE DEPARTEMENT VAN BESPROEIING TOT DIE LANDBOU- ONTWIKKELING IN DIE UNIE	492
1.	Inleiding	492
2.	Die Besproeiings- en Waterbewaringswet van 1912	493
3.	Werksaamhede van die Departement van Besproei- ing	496
4.	Samevatting	508
<u>HOOFSTUK XXIII:</u>	BEVORDERING VAN DIE LANDBOU DEUR MIDDEL VAN DOEANE-OOREENKOMSTE EN TARIEF- BESKERMING, 1910-1954	510
1.	Inleiding	510
2.	Die Doeane-ooreenkomste tussen die Unie van Suid-Afrika en Suid- en Noord-Rhodesië, 1930, 1935, 1949	510
3.	Die Ottawa-ooreenkoms	514
4.	Beskerming by wyse van Invoerregte	515
5.	Samevatting	517
<u>HOOFSTUK XXIV:</u>	ALGEMENE SAMEVATTING	519
<u>BRONNELYS</u>		524

- - - - -

TABELLE.

<u>No.</u>	<u>Opskrif.</u>	<u>Bls.</u>
I	Lewende Hawe en Wingerdstokke in die Kaap vir sekere jare	23
II	Aard van Oeste vir bepaalde jare	33
III	Besmette Vee in Brandsiekgeteisterde gebiede in die Kaapkolonie	40
IV	Getal Bokke en Skape in die Kaapkolonie en die getal besmet en dood weens droogte en siekte, 1905-09	41
V	Produksie van sekere gewasse in die Kaapkolonie vir bepaalde jare (uitsluitende naturellegebiede)	45
VI	Produksie van sekere gewasse in die Kaapkolonie (insluitende naturellegebiede)....	45
VII	Vee in besit van Blankes in die Kaapkolonie..	47
VIII	Getal Skape en Bokke volgens soort in besit van Blankes in die Kaapkolonie	48
IX	Gemiddelde Prys per lb. van uitgevoerde Wol..	49
X	Produksie van veeprodukte in die Kaapkolonie.	49
* XI	Produksie van Wyn en Brandewyn in die Kaapkolonie	50
XII	Uitbetalings volgens die „Vineyards Protection Act.“	56
XIII	Gebied onder Besproeiingsdamme in die Kaapkolonie	57
XIV	Soort en Hoeveelheid entstof uitgereik, 1906-07	59
XV	Uitgawe en inkomste van Elsenburg-landboukollege, 1898/99-1903/04	61
XVI	Getal Studente te Elsenburg-landboukollege, 1898-1904	62
XVII	Uitgawe en inkomste van die Departement van Landbou van die Kaapkolonie, 1897/98-1903/04	63
XVIII	Verlies aan Vee en Huise gedurende die Basoetoe-oorlog van 1858 en na die wapenstilstand	68
XIX	Pryse van bepaalde Landbouprodukte op die Bloemfonteinse mark, 1862	70
XX	Lewende Hawe in die Vrystaat in bepaalde jare	81
XXI	Oppervlakte en Opbrengs van bepaalde Gewasse in die O.V.S. in bepaalde jare	82

XXII	Uitvoer van Landbouprodukte uit die Vrystaat gedurende 1906 en 1907 na naburige gebiede en oorsee	83
XXIII	Opbrengs van bepaalde Produkte in die Middelveld en die totale opbrengs in Natal as geheel, 1885	89
XXIV	Lewende Hawe in Natal in bepaalde jare	99
XXV	Dierlike Produkte in Natal in bepaalde jare..	102
XXVI	Pryse van enkele Landbouprodukte rondom 1879 in Natal	103
XXVII	Oppervlakte en Opbrengs van sekere Gewasse in bepaalde jare in Natal	105
XXVIII	Oppervlakte bewerk in Natal gedurende bepaalde jare	106
XXIX	Plaasmasjinerie gebruik in Natal in bepaalde jare	107
XXX	Donkies en Muile aan verskillende distrikte toegeken na die Runderpes	118
XXXI	Waarde van goedere op die Potchefstroomse mark verkoop, 1858	122
XXXII	Pryse van bepaalde Produkte te Potchefstroom en Kimberley	123
XXXIII	Getal Lenings en die Bedrae wat deur die Land- en Landboubank van Transvaal tot op 30 Junie 1908 uitbetaal is	129
XXXIV	Lewende Hawe in Transvaal, 1904, 1909, 1910 en 1911	131
XXXV	Opbrengs van bepaalde Akkerbougewasse in Transvaal gedurende 1909 en 1910	132
XXXVI	Landbouprodukte uit Transvaal uitgevoer gedurende bepaalde jare	133
XXXVII	Opbrengs en Waarde van Mielies, 1911-1954 ...	136
XXXVIII	Opbrengs en Waarde van Koring, 1911-1954	139
XXXIX	Opbrengs en Waarde van Hawer, 1911-1954	142
XL	Opbrengs en Waarde van Gars, 1911-1954	144
XLI	Opbrengs en Waarde van Rog, 1911-1954	146
XLII	Opbrengs en Waarde van Kafferkring, 1911-1954	148
XLIII	Opbrengs en Waarde van Hooigewasse, 1911-1954.	150
XLIV	Waarde van alle Grane, 1911-1954	152
XLV	Waarde van Droë Bone en Erte, 1911-1954	154
XLVI	Opbrengs en Waarde van Grondbone, 1911-1954..	156
XLVII	Opbrengs en Waarde van Sonneblomsaad, 1911-1954	158

XLVIII	Opbrengs en Waarde van Suikerriet, 1911-1954..	160
XLIX	Opbrengs en Waarde van Sigoreiwortel, 1911-1954	162
L	Opbrengs en Waarde van Tabak, 1911-1954.....	164
LI	Opbrengs en Waarde van Katoen, 1911-1954	166
LII	Opbrengs en Waarde van Aartappels, 1911-1954.	167
LIII	Opbrengs en Waarde van Boorde, Wingerde en Piesangplantasies, 1911-1954	169
LIV	Waarde van Patats, Groente en Wynprodukte, 1911-1954	171
LV	Opbrengs en Waarde van Droëvrugte, 1911-1954.	173
LVI	Waarde van Vars Vrugte , 1911-1954	175
LVII	Groottotaal van alle Akkerbougewasse, 1911- 1954	177
LVIII	Relatiewe belangrikheid van verskillende Akkerbouprodukte volgens waarde van produksie, 1950/51 tot 1953/54	179
LIX	Aantal Morge bewerk en besproei in bepaalde jare	180
LX	(Geen sodanige Tabel).	
LXI	Kraal- en kunsmis gebruik in bepaalde jare...	182
LXII	Landboumasjinerie	181
LXIII	Opbrengs en Waarde van Wol en Bokhaar.....	186
LXIV	Waarde van Velle en Vere	189
LXV	Waarde van Slagvee	191
LXVI	Waarde van Vars Melk en ander Suiwelprodukte.	193
LXVII	Waarde van Pluimvee en ander Kleinere Vee- teeltprodukte	195
LXVIII	Groottotaal van Akkerbou- en Veeteelt- produkte	197
LXIX	Relatiewe Verhouding van die verskillende Veeteeltprodukte volgens waarde	199
LXX	Getal Voerkulle en Dipbakke	202
LXXI	Getal Arbeiders in Diens gedurende die laaste maand van die Sensusjaar	201
LXXII	Lewende Hawe in die Unie, 1911-54	203
LXXIII	Getal Smere jaarliks ingestuurt van die Trans- kei en Natal, 1926/27 tot 1936/37	226
LXXIV	Aantal beeste gevrek aan Ooskuskoors in die Unie, 1941/42 tot 1949/50	228
LXXV	Getal Tsetsevlies in berookte gebied gevang, Mei 1946 tot Junie 1947	235

LXXVI	Uitgereikte Sponssiekte-Entstof.....	247
LXXVII	Entstowwe en Bestrydingsmiddels uitgereik ten opsigte van verskillende veesiektes	248
LXXVIII	Getal dosisse entstof vir enkele jare	249
LXXIX	Omvang en Koste van Litjieskaktus-bestryding, 1934-38	277
LXXX	Omvang en Koste van Litjieskaktus-bestryding, 1947-53	278
LXXXI	Koste van Sprinkaanbestryding	309
LXXXII	Werkzaamhede van Woldeskundiges	350
LXXXIII	Pryse van Gesorteerde Suid-Afrikaanse Wol in Engeland, 1913	352
LXXXIV	Brandsiekbesmette kuddes in die Unie (1926/27-1939/40)	363
LXXXV	Geskatte Veeverliese gedurende 1932 en 1933..	393
LXXXVI	Bedrae betaal aan Uitvoersubsidies ten opsigte van Landbouprodukte, 1931-36	404
LXXXVII	Spoorwegrabatte toegestaan in 1948/49 en 1949/50	407
LXXXVIII	Spoorwegrabatte toegestaan in 1950/51-1953/54	408
LXXXIX	Uitbetalings ten opsigte van die Pagterskema, 1931/32 en 1932/33	410
XC	Persentasie Nasionale Merk ontvangste tot Totale ontvangste op die Johannesburgse Mark	416
XCI	Totale hoeveelheid van die vernaamste Produkte wat op die Johannesburgse, Pretoriase, en Bloemfonteinse marke onder die Nasionale Merkskema aangebied is	416
XCII	Prysdalings ten opsigte van sekere artikels, 1927-29 tot 1939	421
XCIII	Vasgestelde Produsentepryse vir Koring, 1938/39-1953/54	437
XCIV	Vasgestelde Produsentepryse vir Mielies, 1942/43-1953/54	438
XCV	Produsentepryse vir Mielies 1938/39-1941/42..	438
XCVI	Gemiddelde Produsenteprys vir Nywerheidsmelk.	439
XCVII	Persentasiebyvoeging by produsenteprys van Tabak	439
XCVIII	Getal Applikasies vir verbandlenings ontvang sedert 1 Okt. 1912, die bedrae toegestaan en uitbetaal	460
XCIX	Doeleindes waarvoor verbandlenings toegestaan is	462

		<u>Bls.</u>
C	Voorskotte en Lenings aan Koöperatiewe Verenigings en Maatskappye	465
CI	Getal aansoeke om omheiningslenings ontvang en die bedrag uitbetaal en die gemiddelde prys per myl	467
CII	Getal aansoeke om Dipbaklenings, die bedrag uitbetaal en die gemiddelde prys per dipbak	469
CIII	Getal aansoeke om lenings vir Watervoor-siening sedert 1925 en die bedrag uitbetaal	471
CIV	Voorskotte toegestaan of uitbetaal ten opsigte van Silo's	471
CV	Indiwiiduele voorskotte toegestaan, 1939-1954.	473
CVI	Kaskrediete aan Beheerrade toegestaan	474
CVII	Grond aangekoop volgens artikel XI van die Kroongrondnedersettingswet van 1912 soos gewysig.....	479
CVIII	Voorskotte deur die Departement van Lande onder die "Colonial Land Disposal Ordinance", Tvl., 1903	484
CIX	Huurkontrakte gehou in verskillende jare....	486
CX	Benaderde Kapitaaluitgawe uit Leningsfondse vir Blanke Nedersetting sedert 1912	487
CXI	Deskundige hulp aan Boere deur die Departement van Besproeiing	497
CXII	Besproeiingslenings toegestaan deur die Departement van Besproeiing	499
CXIII	Besonderhede van Boorwerk deur die Departement van Besproeiing	502
CXIV	Besonderhede van gesubsidieerde Boorwerk deur Private Booraannemers	506

GRAFIEKE.

<u>No.</u>		<u>Bls.</u>
I	Ooskuskoors in Transvaal, 1921-36	221
II	Ooskuskoors in die Transkei en Oostelike Provinsie, 1921-1936	223
III	Ooskuskoors in Natal, 1921-1936	224
IV	Ooskuskoors in die Unie, 1921-1936	225
V	Verhouding tussen smere ingestuur en uitbrekings, 1921-1936	227

- - - - -

ALGEMENE INLEIDING.

Die stigting van die verversingspos aan die suidpunt van Afrika, was die direkte gevolg van die landboumoontlikhede van die Kaap. Vanaf die stigting in 1652 tot ongeveer 1870 toe 'n begin gemaak is met die ontginning van ons mineralebronne, was die landboubedryf die enigste noemenswaardige ekonomiese aktiwiteit. Selfs na 1870 het die belangrikheid van die landboubedryf eerder toeas afgeneem alhoewel die bedryf se bydrae tot die nasionale inkomste relatief gedaal het.. Namate ons mynbou en later ook ons sekondêre nywerhede ontwikkel het, het die landbou steeds 'n belangrike rol in ons staats-huishouding gespeel, en tog nieteenstaande die belangrikheid van ons landboubedryf, bestaan daar sover ons kennis strek, nog geen samevattende studie wat die ontwikkeling van die landboubedryf oor die meer as drie-honderd jaar dek nie, en dit is om hierdie leemte aan te vul dat hierdie studie onderneem is.

Sekere aspekte van die landboubedryf is wel aangepak, waarvan die van Thom¹⁾ moontlik die bekendste is. Die omvang van die onderwerp soos in hierdie studie aangedurf, is geweldig wyd en elkeen van die hoofstukke kan feitlik dien as 'n onderwerp vir 'n baie uitgebreide studie.²⁾ Daar kon dus uit die aard van die saak, nie in besonderhede ingegaan word nie. Die strewe was dus nie volledigheid nie, maar eerder om 'n oorsigtelike beeld te gee van die landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika sedert 1652 en die faktore waardeur dit beïnvloed is, en
veral /

1) Thom, H.B., Die Ontwikkeling van die Skaapboerdery in Suid-Afrika.

2) Vgl. Naude, P., Die Ontwikkeling van die Landboubedryf in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1888, ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling.

veral van die hulp wat van die kant van die staat aangebied is.

Voor die stotstandkoming van die Unie van Suid-Afrika was die staatshulp aan die landbou baie ongekoördineerd en in baie gevalle is die gegewens in verband daarmee baie min, soos byvoorbeeld ten opsigte van die ontwikkelinge in die Oranje Vrystaat voor 1910. Die Ontwikkeling van die landboubedryf sedert 1910 en ook die staatshulp wat sedert daardie tyd aan die landbou gebied is, het geweldige afmetings aangeneem en die grootste deel van die studie handel dan ook oor die tydperk 1910 tot 1954.

In die eerste vyf hoofstukke word die landbou-ontwikkeling in die Kaapkolonie, die Oranje Vrystaat, Natal en Transvaal geskets en terselfdertyd ook verwys na die hulp wat die regerings van die afsonderlike gebiede aan die landbou gebied het. In hoofstuk VII en VIII word die landbou-ontwikkeling³⁾ in die Unie vanaf 1910 tot 1954 geskets en in die daaropvolgende hoofstukke die hulp wat van staatsweë aan die landbou verleen is.

Indien ons daarin geslaag het om 'n oorsigtelike beeld van die landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika te gee asook van die hulp wat die Staat aan die bedryf verleen het, dan was die studie nie tevergeefs nie.

3) Tensy anders vermeld, het die statistiek in alle gevalle slegs betrekking op die boerderybedrywighede van die blankes.

LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP.

(1652 - 1700)

1. Inleiding.

Weens sy strategiese ligging halfpad tussen Europa en die ryk speseryegebiede in die Ooste, was die Kaap vir die Portugese, Engelse en Hollanders van die allergrootste belang. Veral vir laasgenoemde was die Kaap van besondere belang omdat dit feitlik die enigste plek was waar hulle verversings ingeneem het. Dit is dan ook van belang om te onthou dat die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap deur die Hollanders nie was net om die Kaap se strategiese belangrikheid nie, maar ook om sy landboumoontlikhede.

Die Engelse het gereeld verversings op St. Helena ingeneem en dikwels was dit ook die geval met die Hollanders. Die eiland was veral gesog weens sy oorfloed varke, maar hierdie bron van vleis het ongelukkig gaandeweg skraler geword omdat honde wat op die eiland agtergelaat is, ewe vinnig aangeteel en onder die varke gemaai het, met die gevolg dat varke mettertyd ook nie meer so maklik bekombaar was nie.¹⁾ Die gevolg was dat die Hollanders nog meer as vantevore aandag aan die Kaap bestee het as 'n moontlike plek vir die stigting van 'n verversingspos. Van groter en meer direkte belang, vir sover dit die stigting van 'n verversingspos betref, is egter die stranding van die Haarlem aan die Kaap in 1647.²⁾

Die /

1) Gie, F.N., Geskiedenis van Suid-Afrika, Dl.1, p.46.

2) Scholtz, G.D., Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, 1652-1952, p.19.

Die bemanning van hierdie skip het daarin geslaag om die land te haal en ook om van die voorrade aan wal te bring. Ten einde hul gedwonge verblyf aan die Kaap so gerieflik moontlik te maak, het hulle vee van die Hottentotte geruil en ook groente geplant. Die groente het goed gegroei en toe die skipbreukelinge in 1648 per retoervloot na Holland terug is, het hulle die herinneringe van die weelderige groei van die gewasse met hul meegeneem. Toe die Here XVII dus ernstig aandag begin skenk het aan die Kaap as verversingspos en die bevelvoerder van die Haarlem gevra het om 'n memorandum op te stel oor die moontlikhede van die Kaap as verversingspos, het hy (die bevelvoerder) dan ook besonder klem gelê op die landboumoontlikhede van die gebied. Daar was baie vars water en volop vrugbare grond, met die gevolg dat met min moeite allerhande soorte vrugte en groente gekweek sou kon word. Vleis sou verkry kon word deur vee van die inboorlinge te ruil en deur aanteel.³⁾ Deur middel van die akkerboubedrywigheide en die veeteelt sou dus voldoende vars proviand aan die skepe voorsien kon word en die opbrengs deur die produkte geïen, sou ook help om die koste aan die verversingspos laag te hou. Op grond van hierdie goeie landbouvooruitsigte in die memorandum geskets, het die Here XVII toe in 1650 besluit om 'n verversingspos aan die Kaap te stig. Ons mag dus beweer dat die beweerde landboumoontlikhede van die Kaap die deurslaggewende faktor was wat aanleiding gegee het tot die vestiging van die blankes aan die Suidpunt van Afrika.

2. /

3) Gie, op.cit., p. 47.

2. Die Verversingspos.

Die taak om 'n verversingspos te kom stig, is opgedra aan Jan van Riebeek wat onder andere sorg moes dra dat 'n fort gebou sou word waarin die siekes versorg en die Kaap verdedig kon word. Daar moes verder ook genoeg vars groente en vleis vir verbygaande skepe voorhande wees. Aan laasgenoemde het van Riebeek dan ook dadelik na sy aankoms sy aandag geskenk. Reeds kort na sy aankoms, en wel op 10 April, maak hy melding van die vrygewigheid van die natuur. Een van die skippers, Dawid Konink, en vier ander kom na 'n soektog terug met vier sakke „mosterdblade en zuring, nevens een vangst van omtrent 750 schoone steenbrasems...”⁴⁾ Hulle was ook gelukkig genoeg om op 13 April 'n „Koebeest en jonge kalf” vir vier plate en drie stukkies koper van die Hottentotte te ruil.⁵⁾ Die tekens was dus gunstig vir die toekomstige verloop van sake.

Die grond aan die Kaap was volgens van Riebeek ook die beste op aarde want nadat hy omtrent twee myl in die rigting van Tafelberg geloop het, skryf hy in sy dagboek: „doorgaans het mooiste en vlakste kleiland en andere fraaije vruchtbare aarde vernamen, wyd en breed, als in eenige plaatsen van de wereld zoude kunnen gevonden worden...” Hy het egter gevoel dat om alles te bewerk, veel arbeid sou vereis en hy spreek dan ook die gedagte uit dat dit 'n goeie plan sou wees indien Sjinese ingevoer kon word „..... maar kan door ons weinig volk het honderdste deel niet beploegd of bebouwd worden, daarom niet

vreemd /

4) Van Riebeek, J., Dagboek, Dl.1, p. 13.

5) Ibid., p. 14.

vreemd ware eenige laboreuse Chinese ten dien einde hier kwamen, met allerhande zaden en planten, alzoo vry beter vrugt van te verwagten staat, als ooit van Illa Formosa kan gekoopt worden, dewyl de grond hier veel vetter zyn". 6) As gevolg van die vrugbare grond sou dus ook die beste produkte ter wêreld hier te lande gekweek kon word.

Namate meer voorrade aan wal gebring is en die werk aan die fort gevorder het, is die land dieper verken en agter Leeuwenberg is weer „de schoonste aarde" 7) gevind, sowel vir akkerboudoeleindes as weiding vir vee. Die grond was wel hard in hierdie droë seisoen maar van die diep spore kon hulle aflei dat die gebied in die reënseisoen genoeg reën moes kry. By die aanskouing van soveel vrugbare grond wat op arbeiders wag, maal die gedagte aan werklui deurgaans deur van Riebeek se brein: „als er maar volk genoeg toe ware, daar wy eenige getrouwe Chinesen en andere vrye Mardykers of ook wel Nederlanders toe vereisken, en onder zekere conditie vergund zoude kunnen worden eenige partyen lands te beslaan". 8) Oral waar hy gegaan het, het hy die voortreflikste grond gevind en in sy dagboek klink dit telkens asof van Riebeek lus gevoel het om 'n loflied oor die vrugbaarheid van die grond aan te hef. Ook die Kaapse vlakte het hy besonder vrugbaar /

6) Van Riebeek, J., Dagboek, Dl.1, pp. 20-21.

7) Ibid., p. 22.

8) Ibid., p. 22.

vrugbaar gevind; dit sou duisende Sjinese kon dra en groot hoeveelhede produkte lewer. Die grond was so ryk „dat er geen Formosa, dat ik gezien hebt, nog Nieuw Nederland, daar ik van hooren zeggen heb, by te passe komt." ⁹⁾ Gepaard met die vreugde oor die vrugbaarheid van die aarde is daar egter 'n ondertoon van magteloosheid by van Riebeek weens sy onmag as gevolg van 'n gebrek aan arbeid. Verder het egter alles daarop gedui dat die Kaap groot moontlikhede as landbougebied inhou.

3. 'n Klein Begin op Landboukundige Gebied.

Eers op 29

April, dit wil sê ongeveer drie weke na van Riebeek se aankoms in Tafelbaai, word vir die eerste keer melding gemaak van akkerboubedrywighede. Die tuinier wat uit Nederland saamgebring is, het met die tuinery begin terwyl die ander liede besig was met die bou van die fort. Die tuinery was weens die droë seisoen en die drukte van genoemde werksaamhede aan die fort, maar op klein skaal. Dit sou egter met die aanbreek van die reënseisoen uitgebrei word en meer persone sou dan vir die doel van die bedrywighede afgesonder word. Die bewerkbare grond was egter so uitgestrek dat „het duizendste deel der bekwame aarde en valleyen door het weinig volck niet geploegd of bezaaid kan worden". ¹⁰⁾ Reeds aan die begin van Mei is die tuinery uitgebrei en is die tuinier van 'n hulp voorsien en is die grond dig by die fort beplant „tot eene proeve vooreerst", ¹¹⁾ blykbaar om vas te stel watter

groentesoorte /

9) Van Riebeek, J., op.cit., p. 23.

10) Ibid., p. 22.

11) Ibid., p. 23.

groentesoorte die beste in die klimaat sou aard.

Alles wat geplant is, het mooi gegroei en teen die 10de Junie kon hulle met genoeë melding maak dat die eerste groentetjies bruikbaar is, maar slegs twee dae later was daar 'n hewige donderstorm gepaard met geweldige rukwinde wat die geselskap laat vrees het dat al hul bouwerk omvergeruk sou word en „waardoor ook al onze jonge kool en vele andere Hollandsche moeskruiden en vrugten, die zeer fraai voortkwamen, aan stuk geslagen en in den grond bedorven zyn".¹²⁾ Die gevolge was dan ook dat „door dit harde weer is ons gezaaide meest al te malen verdorven."¹³⁾

Nieteenstaande die terugslag het van Riebeek meer manskappe in die tuin ingestoot omdat die reën 'n goeie seisoen in die vooruitsig gestel het. Ertjies, kool, blomkool, wortels, radyse, slaai en ander kruie is ingesit.¹⁴⁾ Kort daarna was dit dan ook 'n lus om na die tuine te kyk en dit het geskyn asof verbygaande skepe binnekort van vars groente voorsien sou kon word.¹⁵⁾ Hierdie optimisme het egter nie lank geduur nie want op 22 Julie het die Noordwestewind geweldig gewaai en het dit so geweldig gestortreën dat „alle onsen zwaren arbeid, in den nieuwen tuin gedaan, ten eenemale ondergelopen, en al ons gezaaide verdronken en bedorven, tot zeer groot verdriet /

12) Van Riebeek, J., op.cit., p. 34.

13) Ibid., p. 35.

14) Ibid., p. 40.

15) Ibid., p. 42.

verdriet om aan te sien",¹⁶⁾ en dit wat nog staande gebly het, is net die volgende nag deur hael weggeslaan. Om te voorkom dat die vloedwaters in die vervolg die tuin sou verspoel, het van Riebeek teen die einde van Julie 'n sloot bokant die tuin laat grawe om die water van die tuin weg te keer. Die opnuut gesaaide groente het gou weer hul verskyning gemaak en die hoop op die toekoms laat herleef. Die gebeure hierbo het egter getoon dat die kweek van vars groente, nieteenstaande die vrugbare grond, nie so glad as wat van Riebeek en sy geselskap aanvanklik verwag het, sou verloop nie.

4. Voedselposisie.

Behalwe die koei en die kalf wat van Riebeek kort na hulle aankoms van die Hottentotte kon ruil, was vars vleis gedurende die eerste tydperk maar uiters skaars, omdat die Hottentotte op wie hulle vir die veeruil aangewese was, gedurende die nat winter van die Kaap na die droë binneland getrek het en veeruil dus byna buite die kwessie was. Van Riebeek en sy manskappe was dus aangewese op vis wat, gelukkig vir hulle, baie volop was in die Kaapse waters en strome. Wild was ook volop maar kon nie onder skoot gekry word nie en die strikke wat hulle vir die wild gestel was, was ook nie 'n sukses nie weens die swak gehalte van die tou wat hulle gebruik het. Hulle moes dus 'n ander plan beraam om die vleistekort aan te vul en dit was vir hulle dan ook 'n aangename verrassing toe 'n skuit wat op 13 September na Robbeneiland

gevaar /

16) Van Riebeek, J., op.cit., p. 43.

gevaar het, terugkeer met ongeveer honderd „zwarte vogels, duikers genaamd“, benewens drieduisend duikereiers wat onder die manskappe uitgedeel is „te dienen tot verversching of vernieuwing.“¹⁷⁾ In weerwil dus van die optimisme van die opsteller van die memorandum asook van Riebeek se lofuitinge in verband met die vrugbare aarde, het die voedselposisie en veral die vleisposisie reeds gedurende die eerste maande baie kritiek geword en het die manskappe begin om te murmureer.

Eers op 19 Oktober 1652 slaag van Riebeek weer daarin om vee van die Hottentotte te ruil en wel drie beeste en vier skape. Dit was maar min, maar het tog belofte ingehou daar hierdie Hottentotte vertel het dat 'n groot aantal van hulle stam met hope vee binne 'n week by die fort sou wees. Van Riebeek het toe ook probeer om die fort 'n gesogte plek vir die Hottentotte te maak in die hoop dat dit hul meer gewillig sou maak om vee te verruil en om die rede het hy die voorlopers baie goed getrakteer op tabak en wyn. Die taktiek het blykbaar nie die gewenste uitwerking gehad nie want die Hottentotte het nie in die beloofde tyd hul opwagting gemaak nie en die komposisie het al hagliker geword, so selfs dat van Riebeek op 2 November 1652 verplig was om brood te rantsoeneer. Om sake te vererger, het die wind weer die groente en veral die erte wat taamlik hoog gestaan het „onder de voet gewayt ende totaliter bedorven“. Blykbaar was daar ook geen manier om die voedselposisie te verbeter nie want op 13 November, 1652 skryf van Riebeek dat indien daar nie uit-

koms /

17) Van Riebeek, op.cit., p. 52.

koms kom nie, die werksaamhede gestaak sou word omdat die manskappe, weens gebrek aan voldoende voedsel, te swak was om te werk.¹⁸⁾ Die toekoms van die verversingspos was dus redelik donker.

Kort hierna het Saldanha, 'n Hottentot-opperhoof, met groot troppe vee tot in die Kaapse vlakte gekom, maar alhoewel hulle blykbaar baie ingenome was met die behandeling by die fort, wou die veeruil maar nie vlot nie. Alleen 'n klein klompie skape kon geruil word. Die teesinnigheid om vee te verhandel, is deur van Riebeek gewy aan die tolk, Harry, 'n Hottentot wat blykbaar 'n dubbele rol gespeel het. Die posisie het egter teen Desember 1652 verbeter en die veeruil het taamlik gevlot. Toe het daar daaglik klompies Hottentotte met skape en beeste die fort besoek en handel gedryf. Baie van Saldanha se onderdane het hul vee teen Tafelberg laat wei en soms het van Riebeek hulle moes vra om nie te na aan die fort te kom nie omdat daar anders nie weiveld vir die Kompanjie se vee sou wees nie, en die Hottentotte andersins ook lastig was. Op 9 Desember kon van Riebeek dan ook met trots meld dat die sieke voorsien kon word met bees- en skaapmelk, en op 26 Desember is die eerste botter hier te lande gemaak, en wel 2 pond.¹⁹⁾

Die wintergesaaides, veral die koring het teen Desember mooi gestaan en was baie belowend, maar die Suidooster wat „Westindische orenkanen ende Japanse tyffons somwylen te boven" gaan, het op 27-28 Desember 1652 die

koring /

18) Van Riebeek, op.cit., p. 86.

19) Ibid., p. 154.

koring so uitgeslaan dat slegs ongeveer 'n kwart van die verwagte oes geïen is. Van Riebeek kon egter rapporteer dat die vee mooi aantel en dat daar volop vars melk vir die siekes is met die gevolg dat hulle mooi kon aansterk. Die varke wat van Holland gebring is, het egter teleurgestel omdat hulle, sedert hul aankoms aan die Kaap nog nie gejong het nie.²⁰⁾

Teen die einde van Desember 1652 het van Riebeek die moontlikhede in oënskou geneem en geredeneer dat as gevolg van die komende droë maande nie veel geplant en gesaai sou kon word nie. Retoervlote sou dus gedurende die eerste paar maande van die nuwe jaar (1653) met geelwortels, kool en knolle asook melk en vleis tevrede moes wees. Hy het ook reeds uitgesien na die maande gedurende die reënseisoen wanneer „allerhande moescruyden ende lieflycke thuynevruchten van croppen, beet, kervel etc., aan te treffen (sal) zyn”.²¹⁾ Die veeruil het uiteindelik ook nie aan die aanvanklike beloftes voldoen nie, want toe die Saldanhas die 9de Januarie 1653 na die binneland vertrek het, was daar by die fort slegs 130 beeste en 350 skape. Nietemin was daar blykbaar gedurende die verblyf van die Hottentotte aan die Kaap geen vleistekort nie, en het die vee wat geruil was, nietemin 'n voorraad verteenwoordig waarvan daar gebruik gemaak kon word.²²⁾

Die eerste graan is op 13 Januarie 1653 gedors en het baie goed geskiet en by die aanskoue daarvan en by die gedagte aan die groot akkerboumoontlikhede ken van Riebeek nie help om die versugting uit te spreek nie dat

vryburgers /

20) Van Riebeek, op.cit., p. 155.

21) Ibid., p. 158.

22) Ibid., p. 168.

vryburgers met goeie gevolg in die vallei agter die Sout-
rivier die grond sou kon bewerk.²³⁾ Nieteenstaande alles
was die voedselposisie aan die Kaap teen die einde van
Januarie 1653 nie al te rooskleurig nie. Veral die meel
was baie min en sou slegs nog van drie tot vier weke hou.
Dit was dus baie gelukkig dat juis op daardie stadium
groot skole vis die Kaap se waters besoek het en daaglik
is daar goeie vangste gemaak.²⁴⁾ Die tuine moes egter
op 15 Februarie onder 'n tot nog toe onbekende bedreiging
deurloop, naamlik sprinkane.²⁵⁾

Alhoewel van Riebeek en sy manskappe dit nooit
juis baie volop gehad het nie, kon hulle darem die
volgende paar maande die verbyvarende skepe van proviand
voorsien. Op 5 Julie 1653 kon van Riebeek selfs met 'n
mate van trots meld dat hy nog tagtig beeste en honderd
en dertig skape het en dat daar oorvloedig groente in die
tuine was vir verbygaande skepe. Planne is ook beraam
om meer tuingrond voor te berei in afwagting van saad uit
Holland. Hierdie tuine sou egter aangelê word op 'n
plek wat beskut sou wees teen die verwoestende Suidooster.²⁶⁾

Die koms van die Hottentotte is gedurende 1653
met groot verwagtings afgewag, maar die teleurstelling
was des te groter daar die Hottentotte hierdie keer baie
astrant en skelmagtig was. Hulle het byvoorbeeld op
Sondag, 19 Oktober 1653, die beeswagter vermoor, twee-en-
veertig beeste gesteel, latende slegs 'n os, 'n koei en
vier/

23) Van Riebeek, op. cit., p. 168.

24) Ibid., p. 189.

25) Ibid., p. 194.

26) Ibid., p. 224.

vier kalwertjies. Nie net het van Riebeek en sy manskappe toe weinig vleis voorhande gehad nie, maar hulle moes ook die melk en botter ontbeer en sonder trekdier sit.²⁷⁾

Na hierdie diefstal was die Hottentotte sku vir die fort en het die veeruil feitlik tot 'n stilstand gekom nieteenstaande van Riebeek se pogings om die vertroue van die Hottentotte te herwin en hulle gerus te stel.

Dit het ook vir van Riebeek duidelik geword dat die veeruil met die Hottentotte baie min moontlikhede inhou en dat indien die geselskap aan die Kaap 'n enigsins noemenswaardige kudde wou opbou, hulle eerder op natuurlike aanwas van vee in hul besit moes staat maak as op die veeruil met die Hottentotte.

In Mei 1653 het van Riebeek by wyse van proefneming 'n aantal skape na Robbeneiland gestuur en daar het hulle so goed geaard en aangeteel dat hy gedurende 1654 besluit het om nog meer skape vir teeldoeleindes daarheen te stuur. Van Riebeek het ook besluit om die konyne wat by die fort nie wou aantel nie, ook op die eiland los te laat, hopende dat ook hulle nes die skape daar baie vrugbaar sou vermeerder.²⁸⁾

Die stryd om genoeg voedsel en vleis voorhande te hê het deur die jare voortgeduur en gedurende 1656 is 'n kwart morg by die „Ronde bossien" omgeploeg en by wyse van proefneming met rys, hawer en koring besaai. Dië proewe was baie geslaagd omdat die wind wat by die fort alles verwoes het, hier deur die berg gebreek word

en /

27) Van Riebeek, op. cit., p. 256.

28) Ibid., p. 331.

en wanneer dit by die fort alles wil omverwaai, het dit hier „op het thiende deel niet alleen soohardt en woey, maar oock recht fray weer ende eenlyck een stadigh somerluchien was". Geen wonder dus nie dat die gesaai-
des hier pragtig gegroei het en die tuinery uitgebrei
29)
is.

5. Proefneming met Privaatboerdery.

Naas die moeilike voedselprobleem, het die gebrek aan arbeid, die gebrek aan persoonlike belangstelling en 'n sin vir verantwoordelikheid van die kant van die manskappe, van Riebeek se grootste probleem gebly. Die Hottentotte het verseg om te werk en gevolglik moes van Riebeek en sy manskappe alles self verrig. Hul kon ook weinig van trekdieren gebruik maak daar die beeste wat hul van die Hottentotte geruil het, ongeleerd en dus nie diensbaar was nie. Om die rede was die paar perde wat van Batavia verkry is, van die grootste nut. 'n Tekort aan hande-arbeid was dus van Riebeek se grootste probleem en ons het reeds opgemerk hoe dikwels hy gewens het dat hy Sjinese of ander arbeiders kon kry om met die werk te help. Die manskappe het geen verantwoordelikeidsbesef openbaar nie en veral die vee-wagters wat die vee so dikwels laat wegraak het, het van Riebeek hoofbrekens besorg. Hy het dus maar steeds gehoop dat hy persone sou kon kry wat tot hul eie voordeel
30)
die grond sou bewerk. Sodanige persone, het hy gereken, sou meer belangstelling in die bedrywigheede toon,
meer /

29) Van Riebeek, op. cit., Dl. 11, p. 50.

30) Ibid., dl. 1, p. 538.

meer moeite doen en probeer om die groots moontlike voordeel te bekom. Hy maak dan ook melding daarvan dat hy opgemerk het dat die manskappe en seelui meer waarde heg aan die groente en vrugte wat hulle van die individuele manskappe wat tuintjies gehad het, gekoop het, as wat hulle heg aan die verversings wat amptelik aan boord gestuur is, omdat „als menende doch (gelyck 't oock al meede gebeurt) dat 't beste voor d' opperhoofden door- gaens uytgeschoten ende 't sleghste haer gegeven wort.“³¹⁾

By wyse van proefneming is toe tien koeie in pag gegee aan Hendrik Boom daar sy vrou in Nederland ondervinding opgedoen het van suiwelboerdery. Sy was dus die persoon wat in werklikheid die beesboerdery moes waarneem. Jaarliks moes vyftien gulde per koei as paggeld betaal word; alle aanwas het die eiendom van die Kompanjie gebly. Verder moes die pagter, wanneer die Kompanjie daarom gevra het, botter teen tien stuiwers die pond, soetmelk teen vier stuiwers en karringmelk teen twee stuiwers „de flapcan“, lewer. Alle botter en ander produkte van die beeste, bo en behalwe wat die Kompanjie nodig gehad het, kon deur die pagter aan die manskappe aan die Kaap of op skepe verkoop word. Om die pagter veral aan die begin nie te veel te kortwiek nie, sou van Riebeek sorg dra dat hy nie alle produkte van die koeie namens die Kompanjie opkoop nie.³²⁾ Hierdie bepaling dui baie daarop dat van Riebeek bewus was daarvan dat die pryse waarteen die Kompanjie gewillig was om die produkte te koop, nie daarop gemik was om die pagter tot groot voordeel te strek nie.

6. /

31) Van Riebeek, op. cit., p. 539.

32) Ibid., p. 543.

6. Vryburgers.

Ons het reeds verskeie kere opgemerk hoe van Riebeek sy nood gekla het oor die gebrek aan arbeiders en dan die wens uitgespreek het dat hy Sjinese kon bekom om die vrugbare aarde te bewerk. Toe dit egter later vir hom duidelik geword het dat die Kompanjie onder geen omstandighede Sjinese na die Kaap sou stuur nie, het van Riebeek aansoek gedoen om slawe. Telkens het hy sy versoek gerugsteun deur daarop te wys dat baie meer groente en veral koring geproduseer sou kon word indien hy maar net die nodige arbeiders kon bekom. Ten einde laaste het hy aansoek gedoen om vryburgers om die grond te bewerk. Hierdie aansoek van hom was nie revolusionêr van aard nie, daar die stelsel reeds in die Ooste toegepas was en in gewysigde vorm ook reeds aan die Kaap met die verpagting van die melkkoeie aan Hendrik Boom. Alhoewel die Here XVII nie onmiddellik op sy versoek gereageer het nie, is die eerste vryburgers nietemin reeds gedurende 1657³³⁾ uitgeplaas en daarmee is in werklikheid die grondslag gelê vir die ontwikkeling van die verversingspos tot 'n kolonie en die uitbreiding na die binneland.

7. Voorwaardes van Grondtoekenning.³⁴⁾

Die voorwaardes waaronder die vryburgers hulle grond gekry het, was onder andere die volgende:

- (i) Hulle sou soveel grond in volle eiendom kry as wat hulle in drie jaar onder bewerking kon bring.

(ii) /

33) Van Riebeek, op. cit., Dl. 11, p. 128.

34) Ibid., pp. 133-137.

- (ii) Voorlopig was hulle vrygestel van belasting.
- (iii) Benodigdhede kon teen kosprys en op krediet van die Kompanjie verkry word.
- (iv) Die Kompanjie het die eerste aanspraak op al hulle produkte. Die produkte wat nie deur die Kompanjie benodig was nie, kon aan skepe in die baai verkoop word maar eers drie dae na die aankoms van die skepe.
- (v) Hulle mag nie vee van die Hottentotte geruil het nie.

Hierdie eerste kolonisasie-bedrywighede en eerste poging om die boerdery aan die Kaap deur private inisiatief te bevorder, het langs die Liesbeekrivier plaasgevind. Nege vryburgers, in twee groepe verdeel, het hul daar gevestig. Alhoewel hulle die grond wat hul in drie jaar onder bewerking kon bring in volle eiendom gekry het, moet ons nie aanneem dat hul grond groot afmetings aangeneem het nie, omdat die omstandighede waaronder hulle begin het, alles behalwe rooskleurig was. Slegs een van die groepe het daarin geslaag om 'n ploeg te bekom.³⁵⁾ Die grond moes met hande-arbeid skoongemaak word en daar die Hottentotte nie vir hierdie soort werk gedeug het nie, moes die boere, behalwe vir die hulp van hul huisgenote, op hul eentjie aansukkel. Veel grond kon dus nie in die bestek van drie jaar onder bewerking gebring word nie. Die nypende tekort aan arbeiders is egter in die begin van 1658 effens verlig toe slawe, 170 in getal, na die Kaap gestuur is en sommige van hulle aan die boere verkoop is. Hulle was egter nie van groot nut nie daar hulle oor die algemeen /

35) Gie, F.N., Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 68.

algemeen jonk was, vreemd en onervare, en met saai-
en oestyd wanneer hulle die nodigste was, weggedros het.³⁶⁾

Slegs 'n jaar nadat hulle hul boerderye begin het, verskyn die boere by Jan van Riebeek met 'n petisie. Hul het gekla omdat die vergunning om vee te ruil wat kort na hul uitplasing aan hul toegestaan was, weer herroep is; oor die lae pryse van koring naamlik vier tot vyf gulde per mud en oor die beperkinge, soos die verbod op die kweek van tabak en die vang van vis, wat op hul gelê is. Van Riebeek het die petitionarisse baie goed ontvang en onthaal, maar hulle tog daarop gewys dat hulle geen reg het om eise te stel nie. Hy het hulle egter belowe dat hy sy bes sou doen om die prys van koring verhoog te kry. Die prys is dan ook mettertyd verhoog na sewe gulde per mud, alhoewel die boere in hulle petisie aangedring het op tien gulde per mud.³⁷⁾

Die manskappe aan die Kaap het egter ook reeds van die begin vir hulle eie gebruik klein tuintjies aangelê. Die omvang daarvan het egter later toegeneem³⁸⁾ en soos van Riebeek indirek aangedui het, het die tuintjies langsamerhand uitgebrei en 'n bron van bykomstige inkomste geword, en sodoende het die manskappe of amptenare hoe langer hoe meer met die boere om die mark meegeding. In 1668 is die amptenare egter die voorreg om tuin te maak ontsê en veral om tweërlei redes: Eerstens het baie amptenare hul so besig gehou met /

36) Gie, op.cit., p. 70.

37) Ibid, p. 92.

38) Sien v.R. se opmerking in hierdie verband op p. 16.

met hulle privaat boerdery, dat hulle hul pligte verwaar-
loos het; tweedens wou die Here XVII gedurende hierdie
tyd kolonisasie bevorder deur die amptenare aan te moedig
om selfstandige boere te word. Die verbod het egter die
boere ten goede gekom omdat dit die mededinging van die
amptenare uitgeskakel het op die Kaapse mark. Hierdie
maatreëls is egter nooit streng deurgevoer nie omdat die
boere maar nie voldoende kon produseer, veral nie koring
nie, om in die vraag te voorsien.

8. Veeteelt.

Ons het tot hiertoe taamlik breedvoerig in-
gegaan op die akkerboubedrywighede veral gedurende die
tydperk van Jan van Riebeek om te wys op die opti-
misme waarmee van Riebeek die landboumoontlikhede van
die land bejêen het. Sy geloof, ywer en toewyding aan
die grond en die landbou bly 'n kostelike eienskap waaraan
ons boeregemeenskap oor die algemeen vandag nog gekenmerk
word. Ook omdat ons reeds gedurende daardie eerste jare
van die blankes aan die Kaap toe die landbou maar nog tot
tuinery beperk was, getuigenis vind dat reeds toe al die
kragte en magte waarmee selfs ons hedendaagse boer te
kampe het, aanwesig was. Oorstromings, droogte, plaë,
'n voortdurende tekort aan arbeiders en les bes 'n onbe-
stendige mark gepaardgaande met vir die boer onaanneemlike
pryse vir sy produkte. Nietemin het ons ook kennis
geneem van die toenemende landboubedrywighede en gemerk
hoe die verversingspos omgeskep word tot 'n kolonie met
die instelling van die eerste vryburgers. Dit het dus
tyd geword dat ons ook aandag sal skenk aan die veeteelt-
bedrywighede aan die Kaap.

Ons het reeds daarop gewys dat van Riebeek baie gesukkel het om 'n veestapel op te bou en dat hulle eintlik aangewese was op die aantel van hul klein kuddetjie omdat die veeruil met die Hottentotte baie wisselvallig was. Ook het ons verneem dat die eerste proefneming met partikuliere veeteeltboerdery begin is toe 'n aantal melkkoeie aan Hendrik Boom verpag is. Die Kompanjie kon maar nie daarin slaag om die nedersetting van genoegsame vleis te voorsien nie en met die instelling van vryburgers is daar rekening gehou met die feit dat hulle ook vee sou aanhou. Die grond wat hulle in volle eiendom sou kry, sou uit die aard van die saak te klein wees om ook nog as weiding vir hul vee te gebruik en is hulle dus toegelaat om hul vee op die Kompanjie se veld te laat wei. Die eerste boere se veeteeltbedrywighede was egter baie beperk en die vee is meestal aangehou vir hul melk, vleis, as trekdier en as 'n bron van bemesting.

Die Kompanjie se veestapel het egter langsaam hand baie uitgebrei en moes daar verder en verder van die fort vir weiveld gesoek word. So vind ons byvoorbeeld dat in 1672 die Kompanjie 'n veepos oorkant die Kaapse vlakte in die Hottentots-Holland-gebied opgerig het. Hierdie veeposte van die Kompanjie het gewoonlik ook min of meer die grens van die kolonie aangedui en ons vind dat in 1678 vryburgers hul ook in die omgewing van dié veepos vestig. Hierdie vryburgers het egter nie grond in eiendom gekry nie, maar is toegelaat om hul vee op die grond van die Kompanjie te laat loop. In werklikheid maak ons dus hier kennis met 'n nuwe tipe boer,

naamlik /

naamlik die VEEBOER. Die veeboer was dus die eerste om die binneland in te waag en soos uit die verdere ontwikkeling sal blyk, het hy in die eeu wat op hierdie eerste stap na die binneland gevolg het, steeds aan die voerpunt gestaan.

Namate die landbou-uitbreiding verder van Kaapstad en dus die enigste mark ontwikkel het, het veeteelt steeds meer en meer voorkeur geniet en is dit miskien goed dat ons op hierdie stadium wys op die mees ooglopende voordele van die tipe boerdery in teenstelling met akkerbou.

Veeteelt het in die eerste plek nie soveel kapitaal, inspanning en arbeid as akkerbou vereis nie. Vee kon op skuld van die Kompanjie verkry word en soms met die toestemming van die Kompanjie, maar meestal daarsonder, van die Hottentotte geruil word. Dit het minder inspanning en arbeid vereis omdat die grond nie voorberei moes word soos in die geval van akkerbou nie. Verder was die tipe boerdery taamlik stabiel omdat vee-siekte nie groot skade berokken het nie en toestande oor die algemeen sodanig was dat die kuddes vinnig aangewas het. Die diere kon ook redelik maklik oor lang afstande en oor swak paaie na die mark in die Kaap geneem word en indien daar op daardie oomlik nie 'n vraag daarna was nie, kon hulle, in teenstelling met die meeste akkerbouprodukte teruggehou word totdat daar wel 'n aanvraag was. Pogings is aangewend om die veeteelt te beperk want toe Stellenbosch (1679) en die Paarl en Franschhoek (1687) gestig is, is die grond net soos in die geval van die eerste vryburgers, in volle eiendom uitgegee, maar tog is daar-

deur /

deur die veeteelt nie heeltemal uitgeskakel nie aangesien die boere ook toegelaat is om hul vee op die grond van die Kompanjie te laat wei. Die omvang wat partikuliere boerdery teen ongeveer 1687 aangeneem het, blyk in 'n mate uit die volgende syfers: Die aantal koloniste het op 600 siele te staan gekom; hulle het 3,000 beeste en 30,000 skape besit; het omtrent 400,000 wingerdstokke geplant en in 1687 2,000 mud koring geoes, ³⁹⁾ terwyl die ontwikkeling tot ongeveer 1700 as volg in tabel no. 1 saamgevat kan word.

Tabel no. 1.

Lewende hawe en wingerdstokke in die Kaap vir sekere jare.

Jaar	Beeste (slegs van koloniste)	Skape (koloniste en amptenare)	Perde (slegs van koloniste)	Aantal Wingerd- stokke
1653	-	-	-	Eerste aangeplant
1658	278 [*]	350 ^{**}	-	-
1659	-	-	-	1,200 ^{***}
1662	-	-	44	-
1695	-	47,025 ^{****}	-	-
1696	6,441 [*]	-	-	-
1698	-	-	-	1,500,000 ⁰

(* de Kock, H.M., Selected subjects in the Economic History of S. Africa.

** Thom, H.B., Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in S.-Afrika, p. 14.

*** Ibid., p. 18. Slegs van Riebeek sin.

**** De Kock, op. cit., p. 50.

() Ibid., p. 51.)

9. Ongesonde Toestande.

Binne die eerste vyftig jaar na die stigting van die verversingspos het die Kaap dus ontwikkel
tot /

39) Gie, op. cit., p. 115.

tot 'n kolonie en was die boere die aangewese persone om die Kompanjie van die nodige verversings te voorsien. Daar was egter, nieteenstaande die vinnige ontwikkeling teen die einde van die 17de eeu tekens van ernstige ongesonde toestand wat die voortbestaan van die boere bedreig het. Die produksie was teen 1694 al sodanig dat in plaas van die tekorte waarmee van Riebeek so baie te kampe gehad het, die gevaar van oorproduksie ontstaan het. Daarby⁴⁰⁾ is die amptenare in 1694 weereens vergun om te boer, en hierdie vergunning is nie toegestaan om, soos dit mag voorkom, die produksie van die kolonie te verhoog nie, maar is beskou as deel van die Kompanjie se besuinigingsbeleid omdat hulle gereken het om deur hierdie vergunning aan die amptenare 'n direkte loonsverhoging vry te spring. Die amptenare kon dus nou na willekeur hul inkomste aanvul deur die kweek en bemarking van landbouprodukte. Vir die bona fide-boere het hierdie vergunning egter 'n baie gevaarlike toestand geskep omdat die amptenare nou, as gevolg van hul bevoorregte posisie ten opsigte van die mark, sou sorg dat hul produkte die eerste van die hand gesit word en dus voorkeur sou geniet bo die produkte van die bona fide-boere. Om die posisie te vererger is die reg om benodigdhede aan die Kompanjie te lewer opgeveil en aan die hoogste bieder, of sogenoemde pagter, toegeken. Die Kompanjie het dit gedoen omdat dit nou die taak van die pagter geword het om toe te sien dat die Kompanjie kry wat hy benodig het, maar langsamerhand het hierdie pagters meer en meer afhanklik geword van die amptenare, veral onder die bewind van Willem Adriaan van der Stel en

het /

40) Gie., op.cit., p. 116.

het die boere dit al moeiliker gevind om hul produkte van die hand te sit.

Simon van der Stel gee in sy verslag⁴¹⁾ teen die einde van 1699 'n duidelike beeld van die toedrag van sake toe hy gemeld het dat die Kaap weens sy groot vordering op landbouggebied in sy eie behoeftes ten opsigte van koring, kon voorsien. Die Kaap sou volgens sy beskouing dus kort daarna in staat wees om in plaas van rys van Batavia in te voer weens gebrek aan voldoende koring, laasgenoemde produk na Batavia uitvoer. Nieteenstaande die Kaap in sy eie koringbehoefte sou kon voorsien, moes daar egter gewaak word teen die neiging om die koringbou te verwaarloos ter wille van die wynbou. Verder waarsku hy ook teen die gewoonte van sommige boere wat in plaas van die grond te bemes en op te pas, roofbou toepas en wanneer die grond uitgeput is, aansoek doen om ander grond. Hy het dus aanbeveel dat sy opvolger, W.A. van der Stel teen dié gewoonte moes waak, want indien die proses voortduur „so soude geheel africa niet genoeg zyn”⁴²⁾ om aan die eise van sodanige persone te voldoen nie. Die trek van die een plaas na die ander het verder ook nog dié nadelige gevolg, naamlik dat die persone so ver in die binneland intrek, dat hulle die akkerbou verwaarloos en hulle uitsluitlik op die veeteelt toelê.

Die opvolger van Simon van der Stel, naamlik
sy/

41) Kaapse Plakkaatboek, no. 5, pp. 12-13. Dit was die gebruik dat aftredende goewerneurs 'n verslag opstel vir hul opvolgers ten einde dié op hoogte van sake te stel.

42) Kaapse Plakkaatboek, op. cit., p. 12.

sy seun W.A., het egter probeer om die veeboerdery te bevorder deur die teelt van wolskape aan te moedig; die veeruil aan die koloniste oop te stel en hul toe te laat om hul vee in die Tulbaghkom te laat wei. Sy goeie beoelinge is egter spoedig verongeluk as gevolg van sy eie wanbestuur en outokrasie wat aanleiding gegee het tot 'n tweede petisie van die boere in 1705, maar hierdie keer met politieke inslag, en wat aanleiding was tot die val van die goewerneur.

10. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons lank stilgestaan by die begin van die boerderybedrywighede aan die Suidpunt van Afrika en gesien hoe die klein tuintjie van die Kompanjie langsaamerhand gegroei en ontwikkel het tot 'n kolonie. Ook het ons kennis gemaak met die moeilikhede eie aan die klimaat en omstandighede van die Kaap. Verder het ons gemerk dat namate die kolonië ontwikkel het, nie net die akkerboubedrywighede toegeneem het nie, maar dat mettertyd 'n nuwe tipe boerdery, te wete veeteelt, langsaamerhand sy verskyning gemaak het. Die begin van die 18de eeu bring ons dan ook aan die vooraand van die snelle uitbreiding verder na die binneland met die veeboer steeds op die voorpunt. In die volgende hoofstuk sal ons hierdie ontwikkeling skets, maar terselfdertyd ook aandag skenk aan die probleme waarmee ons reeds kennis gemaak het, asook aan die ekonomiese ontwikkeling van die kolonie.

- - - - -

HOOFSTUK II.

LANDBOU-CNTWIKKELING IN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP (1700 - 1910).

1. Inleiding.

Die einde van die 17de eeu bring in meer as een opsig verandering in die boerderybedryghede van die Kaapkolonie. Die vryburgers wat in 1657 grond gekry het, was amptenare van die Kompanjie met baie min ervaring van die boerdery. Hierdie gebrek aan ervaring was moontlik ook die oorsaak dat gedurende die eerste jare na 1657 so baie van hulle die boerdery vaarwel gesê en weer in die diens van die Kompanjie getree het of hul as vryliede in Kaapstad gevestig het. Uit hierdie gebeure moet ons aflei dat die eerste boere 'n moeilike bestaan gemaak het, soos ons ook kon verwag onder die pioniers-toestande. Bestendigheid is eers van omstreeks 1670 tot 1690 verkry toe Duitse, Hollandse en Franse immigrante hulle hier kom vestig het en wel as boere. Teen die einde van die 17de eeu vind ons dan ook dat die persone wat hulle in die boerdery begewe, in teenstelling met die eerste vryburgers waarna in die vorige hoofstuk verwys is, die nasate was van boere en dus oor die algemeen vertrouwd was met boerderyaangeleenthede.

'n Ander toestand wat ook teen die einde van die 16de eeu baie duidelik na vore gekom het en waarvan ons reeds melding gemaak het, is die feit dat die opbrengs van landbouprodukte sodanig toegeneem het dat die tekorte aan voedsel en voorrade wat aan Jan van Riebeeck soveel hoofbrekens besorg het, die stadium van oorskotte genader

het /

het. Die gevolg was eerstens dat die Here XVII in 1707¹⁾ hul immigrasiebeleid gestaak het; en tweedens in 1717 die Kaapse regering verbied het om grond uit te gee vir die verbouing van produkte waarvan daar reeds 'n oorvloed geproduseer word. Die boere moes deur voorwaardelike gronduitgifte aangemoedig word om tabak, rys, indigo en olywe te kweek.²⁾ Die groter produksie en oorskotte kon egter 'n pragtige stimulus tot groter inspanning geword het indien die Kompanjie die feit aanvaar het dat die verversingspos ontwikkel het tot 'n kolonie en dat die tyd aangebreek het om die handel in landbouprodukte met die buiteland te ontwikkel. Indien uitvoermoontlikhede op daardie stadium geskep was, sou die handel met die buiteland moontlik reeds in daardie vroeë stadium in ons geskiedenis die weg gebaan het vir die ontwikkeling van nywerhede wat hulle kon toespits op die behoeftes van die landbou. Die Kompanjie het egter volgehou met sy verversingspos-idee, en die oorskotte en beperkte mark het aanleiding gegee tot die ontstaan en ontwikkeling van 'n nuwe boerderyvertakking, naamlik veeboerdery, wat teen die einde van die 17de eeu reeds aansienlike afmetings aangeneem het. Die veebesit van die Kompanjie in 1695³⁾ het bestaan uit 5,582 skape en 1,005 beeste terwyl die koloniste en amptenare saam 47,025⁴⁾ skape en ongeveer 6,000 beeste besit het. Geen wonder dus nie dat die Kompanjie in daardie jaar besluit het om sy eie veeboerdery te staak omdat sy behoefte aan vleis deur die koloniste /

1) v.d. Merwe, P.J., Trek, p. 2.

2) Ibid, p. 5.

3) Thom, op. cit., p. 21.

4) Ibid., p. 18.

koloniste voorsien kon word. Veeboerdery sou dus in die volgende eeu nie net in belangrikheid toeneem nie, maar tot 'n uitbreiding na die noorde en ooste lei. Teen 1700 is die eerste bergreekse reeds oorgesteek en sou die verdere uitbreiding min of meer ooswaarts gaan parallel met die bergreekse.

2. Grondtoekenning.

Die toename in die veeboerdery het nie die aandag van die Kompanjie ontgaan nie, want reeds in 1705 kry ons 'n verandering in die manier waarop grond toegeken is. Met die instelling van die Vryburgers is bepaal dat hulle soveel grond as wat hulle in drie jaar kon bewerk, in volle eiendom kry en dat hulle vee op die grond van die Kompanjie kon wei. Hierdie gebruik is gevolg tot in 1705 toe bepaal is dat grond in die toekoms aan boere op 'n jaarlikse basis verhuur sou word.⁵⁾ Die huur kon dan jaarliks hernu word indien die boer dit verlang. Dit was in die eerste plek 'n baie maklike manier om grond te verkry en ook om daarvan ontslae te raak. Dit het egter in 'n mate 'n onsekere toestand geskep omdat die huurder onder hierdie leenstelsel, soos dit genoem is, geen sekerheid van sy grondbesit gehad het nie omdat ook die Kompanjie die huur aan die einde van die jaar kon opsê. Dit het egter slegs by wyse van hoë uitsondering gebeur daar laasgenoemde maar te gretig was om die inkomste verkry uit die verhuur van die grond, te ontvang. Omdat die grond ewe maklik verkry en weer verlaat kon word, het hierdie stelsel van grondtoekenning

die /

5) De Kock, op. cit., p. 30.

die uitbreiding van die kolonie versnel. Sodra 'n boer gevind het dat die plaas wat hy huur, nie meer aan sy vereistes voldoen nie, het hy vir hom eenvoudig 'n ander plaas, gewoonlik dieper na die binneland, betrek en daarom aansoek gedoen. Die nuwe stelsel van grondtoekenning het dus nie net die veeboerdery nie, maar ook die uitbreiding na die binneland aangemoedig.

Die Kompanjie wat slegs 'n verversingspos beoog het en nieteenstaande die veranderde toestande wat ingetree het, nooit sy beginsels gewysig het nie, was sterk gekant teen die neiging van die veeboere om steeds verder en verder van die Kaap te trek. Om hierdie uitbreiding aan bande te lê, is daar toe in 1732 'n ander stelsel van grondbesit ingevoer, naamlik die sogenoemde ⁶⁾ERFPAGSTELSEL. Die nuwe stelsel was bedoel om aan die huurder groter sekuriteit te gee en daardeur sy mobiliteit in te kort. In plaas van 'n jaarlikse huurooreenkoms, kon 'n plaas toe vir 'n termyn van vyftien jaar gehuur word alhoewel die huurgeld jaarliks betaalbaar sou wees. Na afloop van die vyftien jaar kon die Kompanjie die huurooreenkoms opsaë, maar dan moes aan die huurder vergoeding vir al die permanente verbeterings, bosaanplantings en oeste uitbetaal word. Die huurder sou dus die vrugte op sy arbeid pluk indien hy die plaas verbeter en goed bewerk het. Hierdie stelsel is egter ongelukkig ingestel sonder om die leenstelsel van 1705 terug te trek met die gevolg dat die veeboere vir wie die nuwe stelsel eintlik bedoel was, baie min daarvan gebruik gemaak het. Die nuwe stelsel het dus nie daarin geslaag om die verdere uitbreiding te vertraag of stop te sit nie.

Ten /

6) De Kock, op. cit., p. 33.

Ten einde hierdie ongewenste posisie te probeer voorkom, is in 1743 'n ander poging aangewend om die trekneiging te stuit. Huurders kon toe aansoek doen om eiendomsreg op die grond wat hulle huur. Die eiendomsreg sou egter nie die hele plaas van ongeveer 3,000 morg dek nie, maar slegs die sestig morge rondom die opstal.⁷⁾ Die gedagte was blykbaar dat die eiendomsreg op 'n gedeelte van die plaas voldoende sou wees om die eienaar permanent daar te vestig. Die tyd het egter getoon dat ook hierdie stelsel nie die gewenste uitwerking gehad het nie. Die veeboer was 'n tipe op sy eie. Hy wou hom onder geen omstandighede laat bind nie. Hy was dus individualisties en daarby met baie min tevrede. Kultureel het die veeboer dan ook ver agtergestaan by sy volksgenote in en om die Kaap. Behalwe sy wa en vee het die veeboer baie min besit en selfs geld het vir hom weinig waarde gehad. Terwyl slawe rondom die Kaap 'n vername rol in die landboubedrywighede gespeel het, was hulle aandeel in die veeboerdery baie gering. Meestal het die veeboer en sy gesin die boerdery self behartig. en was die bediendes wat uit Hottentotte bestaan het, tot 'n minimum beperk.

3. Nadelige invloede op die boerdery.

Tot dusver is slegs die geografiese uitbreiding geskets, en dit kan die indruk laat dat die boere geen probleme gehad het nie en dat boerdery een van die sorgvryste bedrywe was. Die boer het egter as grootste vyand gehad die natuurkragte waarteenoor /

7) De Kock, op. cit., p. 33.

teenoor hy magteloos gestaan het en daarby nog die plaë en insekte en siektes wat direk en indirek die vee en gesaaides nadelig beïnvloed het.

(i) Droogtes en Oorstromings.

Reeds Jan van

Riebeek het deeglik kennis gemaak met die wisselende natuurgesteldheid van ons land. Droogtes, te veel reën en windstorms het soms al sy skone verwagtings verskroei of verswelg of aan flenters gewaai. Stormwinde en oorstromings is natuurverskynsels wat heel dikwels ervaar is, maar hulle is uit die aard van die saak meer plaaslik van aard as droogtes en veroorsaak moontlik ook nie soveel ontbering nie, maar omdat die skade gewoonlik makliker bereken kan word, lyk dit of die skade ernstiger is as die van droogtes. Oorstromings is plaaslik van aard in die sin dat dit slegs in laagliggende gebiede voorkom. Groot skade aan oeste en eiendom mag gely word, maar tog gaan alle bronne van inkomste in die boerdery nie verlore nie. Oeste versuip en moontlik ook diere, maar die reën en water bring laafnis en vogtigheid wat die moontlikhede inhou vir 'n nuwe begin en groter oeste. Daarby vind ons ook dat alhoewel die oeste op een deel van 'n plaas versuip, die ander gedeeltes as gevolg van die reëns moontlik besonder goed skiet. Dit alles lei ons tot die gevolgtrekking dat die uiteindelijke gevolge van oorstromings tog heilsaam kan wees. Droogtes daarenteen is in alle opsigte vernietigend omdat dit die vee en oeste vernietig en ook geen hoop inhou vir die toekoms nie. Die mate waarin die oeste in die Kolonie vir bepaalde jare deur droogtes getref is, word as voorbeeld in tabel II ~~w~~ergegee:

Tabel II.

<u>Aard van oeste in bepaalde jare.</u>	
<u>Jaar</u>	<u>Aard van Oes.</u>
1795	Baie goed 8)
1796	Baie swak 9)
1797	Baie goed 10)
1798	Mislukking 11)
1800	Mislukking 12)
1801	Goed 13)
1804/05	Mislukking 14)

Dit blyk dus dat goeie jare eensklaps opgevolg is met baie swak jare wat die boerderybedryf baie onbestendig gemaak het. Die ergste gevolge van die oesmislukkings het gedurende 1800 voorgekom en so erg was die toestand dat 'n komitee benoem is om die toestand te ondersoek en planne te beraam ten einde gebrek en hongersnood te voorkom. Om die nood te verlig is rys ingevoer en die verbruik van meel beperk deur die verbruikers te rantsoeneer.

Behalwe dat die boere geen oeste gehad het in die jare aangedui as mislukkings nie, het hulle ook nog

gevoelige /

8) Theal, Records of the Cape Colony since 1795, dl.1, p.300.

9) Ibid., dl. 11, p. 61.

10) Ibid., dl. 11, p. 235.

11) Ibid., dl. 11, p. 418.

12) Ibid., dl. 111, p. 426.

13) Ibid., dl. iv, p. 218, 278.

14) Ibid., dl. v, p. 277.

gevoelige verliese gely as gevolg van die vreke onder hulle vee. Die gesamentlike verliese van 223 koringboere alleen het met die droogte van 1800 te staan gekom op 2,859 trekosse, 1,434 ander beeste, 2,614 perde en 14,386 skape.¹⁵⁾

Droogtes het byvoorbeeld ook van 1813 tot 1839 periodiek voorgekom en veral die droogte van 1839 wat die noordoostelike deel van die Kolonie kwaai getref het, het die totale verlies aan skape alleen op 70,000 te staan gebring.¹⁶⁾ In 1865 is die Kolonie weer deur 'n ernstige droogte getref, en in hierdie verband skryf Theal: „The distress in the Colony reached the most acute point that it had attained at any time during the 19th century. The drought continued so that agricultural operations could not be carried on to any extent.”¹⁷⁾ Droogtes was dus blykbaar een van die kwaaieste teisterings wat die boere van die Kolonie die hoof moes bied en die totale verliese oor die jare moes geweldige afmetings aangeneem het en het seker menige boer op die knieë gebring.

(ii) Sprinkane.

Vandag word sprinkane nie meer as 'n ernstige plaag beskou nie weens die beperkte voorkoms daarvan en ook weens die doelmatige bestrydingsmiddels. Ons kan dus moeilik 'n denkbeeld vorm van die omvang wat
die /

15) Theal, op. cit., dl. 111, p. 195.

16) Thom, op.cit., p. 84.

17) Theal, op. cit., dl. 111, p. 174.

die plaag in vorige eeue aangeneem het. Verslae oor die verskyning van sprinkane in die Kolonie gedurende daardie tyd gee ons egter 'n denkbeeld van die omvang wat die bedreiging soms aangeneem het. So het byvoorbeeld sprinkane „waarvan somtyds de lucht geheel vervuld en het aardryk gantsch bedekt gesien wierd tot verbasens toe" gedurende 1746-47 feitlik alles in die destydse Kolonie kaalgestroop.¹⁸⁾ Ook Barrow gee ons in sy reisbeskrywing 'n idee van die omvang wat die swerme soms aangeneem het. In Oktober, 1797 het hy die volgende toneel in die Karoo teëgekom:

„For the space of ten miles, on each side of the Seacow River, and eighty or ninety miles in length, an area of sixteen or eighteen hundred square miles, the surface might literally be said to be covered with them (sprinkane). The surface of the river was scarcely visible on account of the dead carcasses that floated on the surface, drowned in an attempt to come at the reeds which grew in the water. They had devoured every green herb and every blade of grass." 19)

Hierdie beskrywing van Barrow mag moontlik oordrewe wees ten opsigte van die lengte van die swerm, maar nietemin gee dit ons 'n baie duidelike beeld van die omvang wat die swerms vroeër jare aangeneem het asook van die verterende vraatsug van hierdie plaag wat alles voor hulle wegstroop. Die oorweldigende afmetings van die swerms en hul onstuïtbare drang word miskien nog die beste geteken deur²⁰⁾ Moffat wat skryf:

„All other earthly powers, from the fiercest lion to a marshalled army, are nothing compared with these diminutive insects ... all human endeavours to diminish their numbers, would appear like attempting to drain the ocean by a pump."

Soos /

18) Kaapse Plakkaatboek, dl. 11, p. 223, Bekendmaking, 1 Febr. 1747.

19) Barrow, J., Travels into the interior of Southern Africa, dl. 1, p. 212.

20) Moffat, R., Missionary Labours, pp. 447-450.

Soos dit gelowiges pas, het ons voorvaders hierdie plaag dan ook beskou as 'n plaag deur die Skepper gestuur en deur Wie dit ook weer verwyder sou word. Interessant in hierdie verband is dan ook die mededeling van Barrow wat skryf:

"Their (die sprinkane) last exit from the Colony was rather singular. All the fullgrown insects were driven into the sea by a tempestuous north-west wind, and were afterwards cast on the beach, where it is said to have formed a band of three to four feet high, that extended from the mouth of the Bosjesman's River to that of the mouth of the Beeka, a distance of near fifty English miles, and it is asserted that when the mass became putrid, and the wind was at south-east, the stench was sensibly felt in several parts of the Sneeuberg" 21)

Ook in 1801 het 'n swerm sprinkane, volgens 'n brief van sir George Young aan generaal Dundas, die distrik van Graaff-Reinet geteister. Ook hierdie swerm is op natuurlike wyse vernietig, naamlik deur sprinkaanvoëls. Sir George Young skryf in hierdie verband: "an immense Flight of Birds ... was seen in Numbers that Darken'd the Sky ... fell upon them (die sprinkane) and in a short time not a locust was left alive." 22)

Die omvang wat die sprinkaanswerms in die Kolonie aangeneem het, was dus oënskynlik geweldig en die skade wat hulle direk en indirek veroorsaak het, moes onberekenbaar gewees het. Die gevolge was des te meer vernietigend omdat die sprinkane gewoonlik hul verskyning gemaak het wanneer hulle die minste gewens was.

Gedurende droogtes of droë en skaars tye maak die sprinkane nie hul verskyning nie, maar sodra die eerste deur-

dringende /

21) Barrow, op. cit., p. 213-4.

22) Theal, op. cit., dl. III, p. 428.

dringende reëns geval het, en die boer vol moed is dat sy maer diere mooi gaan aansterk, dan kom die sprinkane om alles te stroop. Die boere het dus in die sprinkane 'n gedugte plaag gehad, wat groot skade berokken het maar waarteenoor die boer magteloos gestaan het.

(iii) Agteruitgang van die Weiveld.

Agteruitgang

van die veld is die gevolg van onoordeelkundige bewerking en beweiding en ons het reeds verneem hoedat Simon van der Stel in 1699 melding gemaak het van hierdie gevaarlike verskynsel. Agteruitgang van die weiveld is dus nie 'n hedendaagse verskynsel nie alhoewel dit deesdae baie meer aandag geniet as vroeër. Ook uit verskillende bronne uit die laaste helfte van die 18de eeu verneem ons hoe die veld agteruitgegaan het. Die landdroste en heemrade wat in 1750 deur die regering gepols is oor die moontlikhede van verdere immigrasie, het in 1751 gerapporteer dat weens die verslegting van die weiveld verskeie boere nie meer vee op hul plase kon aanhou nie. Die weiding was min, die veld suur en ingeneem deur bossies en struik. Diegene wat baie begerig was om hul vee te behou, het, sodra hulle van goeie weiveld in die binneland verneem het, hulle vee daarheen gestuur.²³⁾ Hierdie klag is in 1768 herhaal, wat daarop dui dat die eerste klag nie op uitsonderlike gevalle gebaseer was nie. Hierdie gevalle word verder versterk deur die versoek in 1758 van 'n aantal boere in die distrik van Swellendam aan die landdros waarin hulle kla dat die veeboer 'n moeilike bestaan maak weens /

23) Van der Merwe, op, cit., p. 71 et. seq.

weens die verandering van die veld wat vir hulle vee al ongesonder word.²⁴⁾

Twee bekende reisigers uit daardie tyd maak ook melding van die verslegting van die weiveld. Sparman wys veral op die agteruitgang weens die verspreiding van die renosterbossie²⁵⁾ en Swellengrebel spreek die mening uit dat indien die weiveld nie „geconserveren" word nie, dit in die oostelike dele van die Kolonie net so agteruit sou gaan as in die westelike gebiede.²⁶⁾

Behalwe die renosterbossie waarvan ons reeds verneem het, het ook turksvye in die oostelike distrikte van die Kolonie die weiveld ingeneem en alhoewel dit in tye van droogte daartoe bygedra het om die diere deur te help, het dit tog baie las en skade veroorsaak indien die diere baie van die doringrige blare en vrugte met dorings en al vreet. Die skade aan veeverliese wat jaarliks as gevolg van turksvye omstreeks 1891 aangerig is, is deur 'n gekose komitee van die Kaapse parlement op £200,000 gestel.²⁷⁾ Gedurende die maande Januarie tot Maart wanneer die vrugte van die turksvye ryp is, is selfs die arbeidsposisie ernstig benadeel omdat die inboorlinge gedurende dié tyd hoofsaaklik van die turksvye geleef het en dus nie geneë was om werk te aanvaar nie.²⁸⁾

Ons /

24) Van der Merwe, op. cit., p. 72.

25) Sparman, A., p. 228 aangehaal deur v.d. Merwe, op. cit., p. 74.

26) Swellengrebel, familie-argief; Reisverhalen van Swellengrebel, p. 28, aangehaal deur v.d. Merwe, op. cit.

27) Wallace, op. cit., p. 90.

28) Ibid., p. 91.

Ons merk dus dat die pioniers wat die beskawing en landbou dieper na die binneland gedra het, nie so 'n romantiese bestaan gevoer het as wat dikwels voorgestel word nie. Dit is veral die geval indien 'n mens verder in gedagte hou dat die weiveld soms kaalgevreet en uitgetrap is deur groot troppe trekbokke; dat roofdiere baie vee verslind het en dat die boere op die voorposte gedurig moes waak teen diefstalle deur die Hottentotte, Boesmans en later ook deur die Bantoes. Hierby moet nog kom die veesiektes soos brandsiekte onder die kleinvee en later longsiekte en runderpes onder die beeste.

(iv) Veesiektes.

(a) Brandsiekte.

Brandsiekte onder die vee het so vroeg as 1693 reeds sodanige afmetings onder die vee aangeneem dat daar in die annale daarvan melding gemaak is. Bevele is uitgereik om die verspreiding daarvan te voorkom deur siek of aangetaste vee nie te vervoer nie en hierdie bevele is weer in 1714 herhaal. Ook het amptenare van die Kompanjie opdrag gekry om besmette vee keel af te sny en boonop is nog 'n boete op die eienaars van sodanige diere gelê.²⁹⁾ Die probleem was egter dat daar geen geneesmiddel teen die siekte was nie en ons kan dus aanneem dat die verliese weens die siekte, veral in tye van droogte, aansienlik moes gewees het.

Sedert 1714 was die vrekte onder die vee so groot (56,000 skape), dat daar gevrees was dat die skaapbevolking /

29) Kaapse Plakkaatboek, Bekendmaking, 4/12/1714, p. 39.

bevolking van die Kolonie heeltemal uitgeroei sou word. Om die posisie enigszins te probeer red het die Kompanjie beveel dat geen skaapooi geslag of verkoop mag word nie.³⁰⁾ Hierdie verbod is in 1719³¹⁾ herhaal en ook weer in 1728.³²⁾

Die siekte het voortgewoed totdat daar teen die einde van die 19de eeu vasgestel is dat die siekte bekamp kon word deur die diere te dip. Die destydse Kaapse regering het dan ook reeds in 1887 'n begin gemaak om die diere te dip.³³⁾ Dele waar die siekte baie erg was, is as besmette gebiede verklaar en die dip van vee kon daar verpligtend gemaak word. Die veeverliese as gevolg van die siekte word nie aangegee nie maar die volgende syfers dui tog die omvang van die siekte aan:

Tabel 111.

Besmette vee in brandsiekgeteisterde gebiede in die Kaap-³⁴⁾
kolonie.

Jaar	Totale getal skape en bokke	Getal besmet	Persentasie	Getal dipbakke
1887	5,220,000	832,994	15.65	934
1888 ³⁵⁾	5,321,929	105,720	2.0	1,344
1888 ³⁶⁾	6,126,839	51,703	0.84	1,911
1889	5,524,129	67,181	1.21	2,427

Dit wil dus voorkom asof met die oprigting van dipbakke en die gereelde dip van vee, die omvang van die siekte

spoedig /

30) Theal, History of S.A. before 1795, dl.11, p.446.

31) Ibid., p.66.

32) Ibid., p. 79.

33) Ibid., p. 139. Dit word nie uitdruklik gesê dat brandsiekte die oorsaak van die vrekte was nie, maar ons kan aanneem dat die siekte 'n belangrike aandeel daaraan moes gehad het omdat dit die weerstand van die diere tot 'n minimum beperk.

34) Jaarverslag v.d. Dept. van Landbou vir die betrokke jare.

35) Soos op 31/5/1888.

36) Soos op 31/12/1888.

spoedig sterk verminder het. Nietemin het siekte en droogte nog heelwat vee opgeëis soos blyk uit tabel IV.

Tabel IV.

Getal bokke en skape in Kaapkolonië en getal besmet en dood weens droogte en siekte, 1905-1909.

Jaar	Getal bokke en skape	Getal besmet	Veeverliese (siekte en droogte)
1905	16,655,540	807,748	683,648
1906	18,516,789	534,075	628,077
1907	21,748,712	552,712	722,402
1908	20,877,408	549,525	1,330,741
1909	22,251,950	602,364	775,464

(b) Longsiekte.

Hierdie gevaarlike siekte het in 1854 die land binnegekom toe 'n bul wat die siekte onder lede gehad het, te Mosselbaai aan wal gesit is. Die siekte het baie vinnig versprei en groot getalle beeste afgemaai. Die gevolg was dat almal net van hul beeste ontslae wou raak voordat die siekte onder hul kuddes uitbreek. Die gevolg was dat beeste teen 7/- elk te koop aangebied is.³⁷⁾ Die siekte het dus blykbaar nie net baie diere afgemaai nie maar daardeur ook akkerbou- en transportbedrywighele moontlik sterk aan bande gelê.

(c) Ander Veetiesiektes.

'n Ander gevaarlike siekte wat soms baie straf geheers het was perdesiekte. Juis gedurende /

36a) Syfers volgens die jaarverslae van die Kaapse Departement van Landbou.

37) Cory, op.cit., dl. VI, p. 21 (ongelukkig word geen syfers gegee nie).

gedurende 1854 toe longsiekte onder die beeste gemaai het, was perdesiekte baie erg en het die boere in die kolonie 107,703 perde weens die siekte verloor. Die verliese was des te gevoeliger omdat trekdier (soos bv. perde) weens die verlies aan beeste baie dringend nodig geword het.³⁸⁾

4. Landbou-organisasies.

Meer as 'n anderhalf eeu na die instelling van die vryburgers maak ons kennis met landbou-organisasies. Eienaardig genoeg gaan die eerste gedagte nie in die rigting van die boeregemeenskap uit nie. Ongeveer 1820 het Graaff-Reinet 'n baie moeilike tydperk deurgemaak. Die bewoners van die distrik was in 'n voortdurende stryd gewikkel teen droogte, roes, sprinkane, trekbokke en Boesmans. Aanmoediging en belangstelling in die boerdery was blykbaar baie nodig want Sir Eric Stockenström, luitenant-goewerneur van die oostelike provinsie, beveel by die goewerneur aan die Kaap aan dat landbouverenigings gevorm word deur middel waarvan beter boerderymetodes en belangstelling in die boerdery aangemoedig kon word. Die voorstel het byval gevind en tegelykertyd is twaalf stoetmerinoramme van die regering se proefplaas Groote Post na Graaff-Reinet gestuur om belangstelling in die merinoteelt gaande te maak. Stockenström het ook planne beraam om jaarliks landboutentoonstellings te organiseer. Die planne was egter voorlopig in die wiele gery en vertraag³⁹⁾ deur die inboorlingmoeilikhede op die grens. Dit is

dus /

38) Cory, op. cit., dl. VI, p.21.

39) Ibid., dl. II, p. 220.

dus eers in 1824 dat die eerste landbouvereniging in die Kaapkolonie in Graaff-Reinet gestig is met die doel om die landbou in die algemeen en die veeteelt in die besonder te bevorder. Eienaardig genoeg is dat in die bestuur van elf lede wat in 1829 gekies is, daar nie minder as twee predikante en een dokter gedien het nie⁴⁰⁾ wat moontlik dui op die groot belangstelling en ook kennis wat selfs die dorpenaars in en van die boerdery gehad het. Ander distrikte het die voorbeeld van Graaff-Reinet gevolg en reeds in 1827 het Uitenhage sy eerste landboutentoonstelling gehou. Die landbou-organisasies het dus nie, soos 'n mens eintlik sou verwag het, ontstaan in die ou gevestigde gebied rondom Kaapstad nie, maar in die uitgestrekte en dunbevolkte binneland. Dit is moontlik 'n gevolg van die feit dat die boere in die oostelike deel van die kolonie min met mekaar in aanraking gekom het en dat die landbou-organisasies juis moes dien as 'n middel om die boere in aanraking met mekaar te bring ten einde gedagtes te wissel en te verneem en te aanskou wat andere doen. Die westelike gebied, die Boland genoem, het egter in dié opsig nie lank agterweë gebly nie en in 1831 is hul eerste landbou-organisasie gestig.⁴¹⁾ Tentoonstelling is ook in daardie dele georganiseer en in 1893 is 'n permanente tentoonstellingsterrein vir die groot bedrag van £5,000 tot £6,000 in Rosebank, Kaapstad, aangelê deur die Western Province Agricultural Society.⁴²⁾

Die /

40) S.A. Commercial Advertiser, 1/4/1829, aangehaal deur Thom, op. cit., p. 68.

41) Ibid., p. 69.

42) Wallace, op. cit., p. 3.

Die verskillende landbou-organisasies het by die regering aangeklop om hulp en in 1859 het die regering se bydrae en skenkings aan dié organisasies reeds £1,000 per jaar beloop en in 1865 was dit £2,000. Van 1890 af is die regeringsbydrae nie meer per vereniging gedoen nie, maar volgens die £ vir £-basis indien die ingeskrewe ledetal minstens vyf-en-twintig was en die inkomste van die vereniging £50 of meer⁴³⁾ beloop het.

Of die landbou-verenigings almal aan hul doel beantwoord het, kan nie met sekerheid gesê word nie, maar die feit dat baie van hulle na meer as 'n eeu nog uitmuntende dienste aan hul lede lewer, dien as genoegsame bewys dat hulle wel 'n doel gedien het, en dus moes bygedra het tot die ontwikkeling van die boerdery in die Kaapkolonie.

5. Vordering op landbougebied.

Dit is moeilik om 'n duidelike beeld van die ontwikkeling op landbougebied te gee vir die periode van 1700 af tot 1910 weens die afwesigheid van statistiek veral vir die periode van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie. Die syfers in die volgende tabelle sal in elk geval 'n taamlike oorsigtelike beeld gee van die toename in die veestapels asook in die produksie veral vir die jare vanaf 1849.

Tabel V /

43) Thom, op. cit., p. 83.

Tabel V.

Produksie van sekere gewasse in die Kaapkolonie vir 44)
bepaalde jare (met uitsluiting van natuurle-
gebiede)

Jaar	Koring	Hawer	Gars	Rog	Mie- lies	Aart appels	Kaffer- koring	Tabak
	sak ,000	sak ,000	sak ,000	sak ,000	sak ,000	sak ,000	sak ,000	lb. ,000
1849	195	59	89	24	60	23	-	-
1855	331	(a)	85	48	64	79	-	-
1865	436	144	103	58	114	62	-	1623
1875	563	306	149	71	371	124	-	3060
1887	1150	451	344	117	387	-	-	-
1888	1245	406	246	133	395	242	-	4552
1889	1167	524	283	146	423	272	-	5654
1890	647	310	170	135	687	272	-	3793
1891	885	593	302	176	543	246	162	(b)
1893	1266	535	335	182	529	275	124	4227
1894	1000	458	257	187	537	303	188	4699
1895	804	319	219	144	449	253	90	4721
1896	711	543	221	202	216	238	58	4296
1897	690	294	253	85	410	302	125	6157
1898	627	475	299	96	303	346	102	3768
1899	711	595	264	101	299	380	-	-
1904	536	796	295	93	425	597	86	4074

(a) Die hawerproduksie is vir daardie jaar aangegee as 770,000 sak wat blykbaar foutief is, en dus nie ingevoeg is in die tabel nie, vgl. Tomlinson, *ibid*, p.9.

(b) Die offisiële tabakproduksie is vir 1891 aangegee as 10,480,000 lb. wat blykbaar foutief is, en dus nie in die tabel opgeneem is nie, vgl. *ibid*.)

Tabel VI.

Produksie van sekere gewasse in die Kaapkolonie (insluitende natuurellegebiede)

Jaar	Koring	Hawer	Gars	Rog	Mie- lies	Aart- appels	Kaffer- koring	Tabak
1849	195	59	89	24	60	23	-	-
1855	331	(a)	85	48	64	79	-	-
1865	463	144	103	58	114	62	-	1633
1875	563	306	149	71	371	124	-	3060
1887	1185	453	347	117	813	-	-	-
1888	1271	410	249	135	738	250	-	4694
1889	1220	532	288	146	906	285	-	5943
1890	661	314	173	135	1036	281	-	4080

1891 /

44) Tomlinson, F.R. Landbouproduksie en pryse in die Kaapkolonie 1849-1909, Landbou-Navorsingsinstituut, Pretoria, p. 8.

Tabel VI (vervolg)

Jaar	Koring	Hawer	Gars	Rog	Mie- lies	Aart- appels	Kaffer- koring	Tabak
1891	909	605	308	176	965	253	463	(b)
1893	1297	546	341	182	911	284	373	4401
1894	1033	463	260	187	920	314	479	5079
1895	822	326	222	145	803	267	279	4963
1896	729	552	223	203	576	251	314	4580
1897	702	301	256	85	920	317	732	6371
1898	650	482	303	96	687	361	380	3934
1899	740	604	277	101	953	400	669	-
1904	567	809	307	94	1132	628	325	5309

(a) Vgl. voetnoot hierbo

(b) Tabakproduksie aangegee as 10,993,000 wat blykbaar foutief is en dus nie hier opgeneem nie.)

Uit die gegewens vervat in tabel V en VI blyk baie duidelik dat, soos 'n mens kan verwag in die geval van akkerbouprodukte, die toename in die produksie nie geleidelik toegeneem het nie. Die wisseling in die produksie moet dan seker ook toegeskryf word eerstens aan die wisselende hoeveelhede wat geoes is en tweedens aan die wisselende klimaatstoestande wat meegebring het dat die oes nie altyd uitval soos vooraf beplan nie.

Uit die tabelle (V en VI) blyk verder dat koring verreweg die vernaamste akkerbougewas in die periode was. Die produksie daarvan het egter nie konstant toegeneem nie want nadat dit in 1893 'n hoogtepunt van 1,297,000 sak bereik het, het die produksie geleidelik afgeneem om in 1904 min of meer op dieselfde peil as in 1875 te staan te kom. Mielies daarenteen het sedert 1887 'n redelike konstante opbrengs gehandhaaf met besondere groot oeste in 1890 en 1904. Indien ons verder die syfers onder koring en mielies in die twee tabelle vergelyk, merk ons dat koring hoofsaaklik 'n produk van die

blankes was en mielies weer hoofsaaklik deur die natuurlike gekweek is.⁴⁵⁾

Die ander gewasse toon geen noemenswaardige toename in produksie na 1887 nie, behalwe miskien aartappels wat sedert 1849 die mees konstante vermeerdering in opbrengs toon. 'n Vergelyking van die produksiesyfers van die twee tabelle toon verder dat, terwyl die produksie van kafferkoring in die blanke gebied sedert 1894 vinnig afgeneem het, daar vir die Kolonie as geheel geen noemenswaardige afnemende tendens te bespeur is nie, wat aandui dat die produksie van die gewas in die natuurlikegebiede geleidelik moes toegeneem het. Dieselfde opmerking geld ook ten opsigte van mielies.

Tabel VII.

Vee in besit van blankes in die Kaapkolonie. ⁴⁶⁾								Vol-
Jaar	Perde	Muile	Donkies	Beeste	Skape	Bokke	Varke	struise
	,00	,00	,00	,000	,000	,000	,00	,00
1849	1228	33	6	525	4398	712	220	0
1855	1398	85	11	450	6454	1249	350	0
1865	2266	214(a)	29(a)	693	9836	2437	787	80
1875	2060	258(a)	35(a)	1112	10977	3065	1167	218
1888	2220	310(b)	275(b)	933	12444	4018	1228	1524
1889	2424	340(b)	301(b)	1057	13037	4889	1450	1497
1890	2547	347(b)	307(b)	1067	12275	4340	1252	1144
1891	3541	506	453	1557	15195	5973	2083	1548
1893	2677	499	396	1313	15165	5037	1541	2322
1894	2525	526	422	1299	13355	4340	1566	2402
1895	2543	545	482	1290	13727	4314	1692	2535
1896	2421	483	421	1228	12274	4155	1541	2248
1897	2353	392	351	1231	11851	4398	1532	2379
1898	2388	431	377	855	10781	4510	1636	2674
1899	2426	471	411	737	10673	4805	1641	2607
1904	1601	630	962	1231	9337	5481	2405	3578

((a) Muile en donkies tesame aangegee, gevolglik is die getalle muile en donkies apart geskat op die basis van hul verhouding in 1855.

(b) Muile en donkies tesame aangegee, gevolglik is die getalle muile en donkies apart geskat op die basis van hul verhouding in 1891)

Net /

45) Opnames in die natuurlikegebiede is eers vanaf 1875 onderneem en is die syfers eers vanaf daardie datum vir vergelykende doeleindes van belang.

46) Tomlinson, op. cit., p. 20.

Net soos by die gewasse vind ons ook in die geval van die veestapel 'n geleidelike toename tot op 'n bepaalde stadium waarna daar weer 'n afname intree. Hierdie keerpunt vind ons behalwe in die geval van muile, varke en volstruise omstreeks 1891. Perde neem byvoorbeeld af van 354,100 in 1891 tot 160,100; beeste van 155,700 tot 737,000 in 1899, waarna dit weer toeneem maar slegs tot 1,231,000; skape van 15,195,000 tot 9,337,000, en bokke van 5,973,000 tot 4,155,000 in 1896, waarna dit weer geleidelik toeneem tot 5,481,000 in 1904.

Dit is ook interessant om te weet dat daar sedert 1849 'n groot ommekeer in die soort skaapboerdery plaasgevind het, te oordeel aan die toename in die aantal wolskape teenoor die afname in die aantal nie-wolskape. Verder blyk dit dat in vergelyking met die oorskakeling na wolskape daar ten opsigte van die bokhaarbedryf nie sodanige oorskakeling plaasgevind het nie, soos blyk uit tabel VIII.

Tabel VIII.

47)

Getal skape en bokke volgens soort in besit van blankes in die Kaapkolonie.

Jaar	Wolskape	Ander skape	Angorabokke	Ander bokke
	,000	,000	,000	,000
1849	2283	2115	-	712(a)
1855	4828	1626	-	1249(a)
1865	8370	1466	121	2316
1875	9986	990	878	2187
1888	10431	2013	2400	1617
1890	10109	2166	2798	1541
1891	12205	2989	3093	2880
1893*	9951	2075	2720	2318
1894	8915	1717	2533	1807
1895	8829	1761	2534	1781
1896	8305	1418	2607	1549
1897	7984	1271	2752	1646
1898	7188	1295	2873	1637
1899	9004	1669	2934	1871
1904	6356	2981	2586	2895

(* Vir 1893 en die daaropvolgende jare is lammers nie bygereken nie.

(a) Sluit angorabokke in.)

Uit /

Uit tabel VIII blyk dat die aantal wolskape van 1849 af toegeneem het van 2,283,000 tot 12,205,000 in 1891 terwyl die aantal nie-wolskape gedurende dieselfde tydperk ongeveer konstant gebly het behalwe in die jaar 1891 toe daar 'n redelike toename was selfs bo die aantal in 1849. Na 1893 toon die wolskape egter 'n sterker afname as die aantal nie-wolskape. Hierdie afname kan moontlik in 'n mate toegeskryf word aan die daling in die wolpryse soos blyk uit tabel IX.

Tabel IX.

Gemiddelde prys per lb. van uitgevoerde wol. ⁴⁸⁾

<u>Jaar</u>	<u>d. per lb.</u>	<u>Jaar</u>	<u>d. per lb.</u>	<u>Jaar</u>	<u>d. per lb.</u>
1879	12.9	1886	8.0	1900	7.3
1880	13.7	1888	7.8	1902	5.8
1881	12.3	1890	8.0	1904	6.7
1882	11.8	1892	7.1		
1883	12.6	1894	7.0		
1884	11.2	1896	6.1		
1885	9.9	1898	5.8		

Tabel X.

Produksie van veeprodukte in die Kaapkolonie. ⁴⁹⁾

<u>Jaar</u>	<u>Wol</u>	<u>Bokhaar</u>	<u>Huide</u>	<u>Velle</u>	<u>Volstruis-</u> <u>vere</u>	<u>Botter</u>
	,000 lb.	,000 lb.	(a) ,000 getal	(a) ,000 getal	,000 lb.	,000 lb.
1849	2882	0	24	449	0	253
1855	8220	0	74	593	1	400
1865	18906	7	15	1519	18	402
1875	28316	127	115	2862	50	-
1891	51408	6638	257	5218	144	2720
1893	47272	6436	279	5389	226	2820
1894	41441	7425	297	4998	258	2896
1895	40792	7233	285	3929	276	3069
1896	39186	6923	250	4740	294	2953
1897	38028	8061	660	3966	259	2963
1898	34094	7882	587	4430	295	2556
1904	32954	8556	123	4392	389	3369

((a) Produksie nie volledig verkry nie gevolglik is uitvoersyfers geneem.))

'n Kenmerk /

48) Erasmus, D.P., Bemaking van Suid-Afrikaanse wol en enkele bespiegeling oor die toekoms van die wolbedryf, p. 19-20.

49) Tomlinson, op. cit., p. 30.

'n Kenmerk van die veeprodukte is die geweldige toename in die produksie vir die periode 1849 tot 1904. Dit blyk ook uit Tabel X dat bokhaar en volstruisveers na 1849 van enige belang geword het, terwyl die ander veeprodukte reeds in 1849 van belang was. Die wolproduksie stem ooreen met die toename in die getal skape (vergelyk Tabel VIII, p. 48) en bereik eweneens 'n hoogtepunt in 1891. In die geval van bokhaar is daar nie so 'n besliste toename en afname as in die geval van wol nie en is ook weer in 'n mate in ooreenstemming met die getal angorabokke.

Tabel XI gee die produksie van wyn en brandewyn vir die periode 1849 tot 1904. Behalwe vir 'n redelike snelle ontwikkeling tot 1888 toon die syfers na hierdie datum geen noemenswaardige toename in die produksie nie.

Tabel XI.

Produksie van Wyn en Brandewyn in die Kaapkolonie.⁵⁰⁾

<u>Jaar</u>	<u>Wyn</u>	<u>Brandewyn</u>
	Lêers	Lêers
1849	20920	2257
1855	24800	3983
1865	25685	3500
1875	35600	8475
1888	44531	11163
1889	44813	8788
1890	37145	8082
1891	46972	11117
1893	48010	12112
1894	35624	10816
1895	42439	10835
1896	44431	9878
1897	34435	11020
1898	37977	10839
1899	37691	8651
1904	44422	11957
1911	59296	8123

6. /

50) Tomlinson, op. cit., p. 17.

6. Staatshulp.

Onder hierdie hoof sal ons slegs enkele van die vernaamste vertakkinge van staatshulp wat in die Kaapkolonie voor 1910 aan die boerdery gebied is, aanstip.

(i) Skaapboerdery.

Skaapboerdery was van die begin een van die belangrikste vertakkinge van die veeteelt-bedryf. Ons het reeds gemerk dat Adriaan van der Stel, 1699-1705, pogings aangewend het om die veeboerdery te bevorder. Hy het byvoorbeeld ook probeer om die teelt van wolskape aan te moedig, maar geen daadwerklike poging is egter in dié verband aangewend nie.⁵¹⁾ Daar moes in werklikheid nog 'n eeu verloop voordat weer definitiewe stappe gedoen is om die skaapboerdery en dan in besonder die wolbedryf aan te moedig. Gedurende die eerste Engelse bewind, 1795-1803, vind ons dat die goewerneur, Sir George Young pogings aangewend het om die landbou te bevorder. Hy was die eerste om 'n landbou-afdeling in die regering in te ruim en het vir W. Duckitt met personeel aangestel om te Klapmuts, naby die Paarl, proefnemings in verband met die landbou en veeteelt te doen. Monsters⁵²⁾ van die Kaapse wol is ook versamel en na Engeland gestuur. Die goewerneur was persoonlik ook die dryfkrag agter die stigting van die "Society for the Encouragement of Agriculture, Arts and Sciences" in 1800. Ten spyte van die naam sou die vereniging hom in die eerste plek toelê op die bevordering van die landbou en het die goewerneur ook /

51) Tomlinson, op. cit., p. 20.

52) Thom, op. cit., p. 272-3.

ook 'n paar goeie Spaanse merino's aan die vereniging geskenk. Die vereniging het egter nie veel verrig nie en met die teruggawe van die Kaap aan die Hollanders, het die vereniging ook tot niet gegaan.⁵³⁾

Met die oorname van die Kaap deur die Betaafse Republiek in 1803 het die bewindvoerders ook dadelik aandag aan die vooruitgang van die Kolonie in die algemeen en die landbou in die besonder gegee. Hulle het ene van Ryneveld aangestel om in te gaan op die metodes waardeur die landbou bevorder kon word en hy het 'n interessante memorandum oor die saak opgestel waarin hy veral die ontwikkeling van die wolskaapboerdery baie sterk benadruk het.⁵⁴⁾ Hy wyt die stadige ontwikkeling van die Kaap aan die afwesigheid van enige noemenswaardige uitvoerartikels „de Kolonie heeft niets geschikt voor den uitvoer, - 'er is geen product van eenig belang, welk men uitvoeren kan....“⁵⁵⁾ Nadat hy die verskillende produkte wat moontlik vir uitvoer in aanmerking kon kom, ontleed en as van geen belang beskou het, kom hy tot die gevolgtrekking dat „Het vee derhalven in deze Kolonie zo Runderen als Schapen, verdient voor het tegenswoordige onze grootste oplettendheid.“⁵⁶⁾

In /

53) Thom, op. cit., p. 273-4.

54) W.J. van Ryneveld, Aanmerkingen over de Verbetering van het vee aan de Kaap de Goede Hoop, Van Riebeeck-Vereeniging, no. 23, Kaapstad, 1942, toegelig met 'n inleiding en voetnote deur H.B. Thom.

55) Ibid., p. 42.

56) Ibid., pp. 46-52.

In verband met die beeste merk van Ryneveld op dat van Plettenberg omstreeks twintig, vyf-en-twintig jaar vantevore die eerste beeste uit Nederland na die Kaap laat kom het, en dat die verbastering die "hier bekende bastard Vaderlandsche beest" voortgebring het.⁵⁷⁾ Hierdie tipe bees het 'n groot voordeel bo die inheemse bees getoon⁵⁸⁾: Hulle was makker, kon meer gebrek uitstaan en het beter trekosse uitgemaak.

Behalwe die verbetering van die skape en beeste, maak van Ryneveld ook melding van die moontlike verbetering van katoen en die invoer en teelt van esels.⁵⁹⁾

Op aanbeveling van van Ryneveld het die Regering oorgegaan tot die stigting van "Eene Commissie ter verbetering van Veeteelt en Landbou, hoofdzaklik ter Conversie van de Schapen deezer Colonie, in Zogenaamde Spaansche of Welgeevenden Schapen"⁶⁰⁾ wat in der waarheid die eerste landboudepartement aan die Kaap was. Uitgebreide magte is aan die Kommissie gegee om sy opdragte uit te voer, en die plase Groote Pos, Smalpad, Rondeberg, Jakhalsfontein, Drie Papenfontein is tot die beskikking van die Kommissie gestel, nie alleen om stoetskape te teel nie maar ook om omvattende proewe tot verbetering van die landbou te onderneem.⁶¹⁾ Die Kommissie wat in die Dataafse Republiek in die lewe geroep /

57) Thom, op.cit., p. 106.

58) Ibid., p. 108.

59) Ibid., p. 120.

60) Ibid., p. 278.

61) Resoluties, 1804, IV, pp. 2679-2680, aangehaal deur Thom, op.cit., p. 278.

geroep is, is in 1815 afgeskaf toe die destydse goewer-
neur Lord Charles Somerset alle verantwoordelikheid self
aanvaar het. Die proefplase is egter in 1822 verhuur⁶²⁾
en so het een van die belangrike ondernemings om
die landbou te bevorder tot 'n einde gekom.

(ii) Ander Hulp.

Blykbaar was daar sedert 1820 tot omstreeks 1880
geen verdere pogings van regeringsweë om die veeteelt
daadwerklik te steun nie. In 1872 is 'n afdeling of
Departement van die regering in die lewe geroep om die
volgende te administreer: Spoorweë, openbare werke en
geboue, kroongronde, kroonplantasies, diamant- en ander
myne, besproeiing, watervoorsiening en geologiese
ondersoek. In 1877 is 'n sub-afdeling van hierdie
Departement in die lewe geroep, belas uitsluitlik met
landboukundige en pastorale aangeleenthede, maar meer
bepaald wynbou, tabak, filloksera, brandsiekte, perde-
teelt en siektes onder vee.⁶³⁾ In 1892 is hierdie
Departement geamalgameer met die afdeling kroongrond en
publieke werk en hierdie gekombineerde Departement is
geplaas onder die sekretaris van Landbou.⁶⁴⁾ Die
Departement is in 1904 belas onder andere met die be-
stryding van diersiektes. Dit moes uitvoering gee aan
die „Animal diseases Act, no. 27 of 1893" en die regu-
lasies daarvolgens uitgevaardig, wat voorsiening gemaak
het vir die vasstelling en voorkoming van aansteeklike
siektes by diere, die plasing onder kwarantyn van

besmette /

62) Thom, op.cit., p. 293.

63) Report of a Commission to enquire into the advisability
of reorganising the Existing Agricultural Department,
aanhangsel A, p. 527.

64) Ibid.

besmette en moontlik besmette diere, die ondersoek van ingevoerde diere by die hawens. Wanneer nodig moes die Departement ook uitvoering gee aan die wette: 22 van 1896, 2 van 1897 en 12 van 1897 ten opsigte van Runderpes en die „Rabies Act" no. 37 van 1893.⁶⁵⁾

Ons het reeds voorheen melding gemaak van die brandsiekte-besmetting en die aantal dipbakke wat in bepaalde jare reeds opgerig is.⁶⁶⁾ Die regering het dus reeds voor die instelling van die nuwe Departement voorsiening gemaak vir die bestryding van dieresiektes. Met die reorganisasie van 1904 was aan die hoof van die afdeling wat met veesiektes belas was, 'n hoofveearts bygestaan deur sestien veeartse, terwyl die afdelings wat spesiaal met die bekamping van veesiektes te doen gehad het, bestaan het uit 'n hoof-veeinspekteur wat bygestaan is deur dertien assistent-inspekteurs en 228 skaapinspekteurs.⁶⁷⁾

Plantsiektes en insekteplae was 'n ander aspek wat die landboudepartement moes behartig. Hieronder het geressorteer veral die „Vineyards Protection Act, No.

6/1886 wat voorsiening maak vir die ondersoek van ingevoerde wingerdstokke en die vernietiging van besmette stokke asook sodanige stokke in aangeplante wingerde.⁶⁸⁾ Sover syfers bekombaar is, was die eise wat onder die

wet /

65) Report of a Commission to enquire into the advisability of reorganising the Existing Agricultural Department, aanhangsel A, p. 528.

66) Ibid.

67) Ibid.

68) Ibid.

wet ingestel is egter nie buitengewoon groot nie. Tot op 31/5/1899 was die uitbetalings as volg:

Tabel XII.

Uitbetalings volgens die „Vineyards Protection Act“.⁶⁹⁾

<u>Jaar</u>	<u>Bedrag.</u>			
1886	£2,000			
1887	765			
1888*	544	13	3	* slegs tot 30/6/1888
188-89	<u>2,152</u>	<u>1</u>	<u>2</u>	
	5,661	14	5	
	354	10	6	se eise is aanbeveel vir uitbetaling,
	625			aan geskatte eise was uitstaande.
	<u>£6,641</u>	<u>4</u>	<u>11</u>	Totaal.

Die bedrag wat uitbetaal is toon dat alhoewel die wingerdsiekte bekend as filloksera baie skade berokken het, die omvang daarvan nie so erg was as wat soms voorgegee is nie, of anders het die boere nie gebruik gemaak van die vergoeding wat ingevolge die wet verkry kon word nie.

Verder was die Departement verantwoordelik vir die uitvoering van die omheiningwet en die plaasbakenswet, die uitroei van skadelike onkruid, die toekenning van lenings en skenkings en die uitgee van kroongronde.⁷⁰⁾

Besproeiing en waterbewaring het heelwat kapitaal van die Departement vereis. Van 1887/88 af tot 1903/04 het die Departement die volgende besproeiingsdamme gebou: Douglas, van Wyksvlei, Brandvlei, Thebus, Rooiberg en Hartzrivier /

69) Report of the Department of Agriculture for the Year 1887, G.41/88, p. 24.

70) Report of Commission, op. cit., p. 529.

Hartzrivier. Die totale koste aan hierdie skemas verbonde het £157,466 beloop en die inkomste oor ooreenstemmende periode het slegs op £5,955 te staan gekom.⁷¹⁾

Die oppervlakte wat onder die damme besproei kon word, word in Tabel XIII aangetoon:

Tabel XIII.

72)

Gebiede onder Besproeiingsdamme in die Kaapkolonie.

Skema	Gebied besproei	Gebied besproei te word	Opmerkings
Douglas	300-500 acre	-	-
van Wyks- vlei	+ 1200 "	-	Oppervlakte besproei afhanklik van hoeveelheid water in dam.
Brandvlei	-	5,000 acre	Skema later laat vaar.
Thebus	-	1,000 "	Dam gebreek 26/3/00. Dam en grond verkoop.
Hartzrivier	6	25,000 "	Skema is in 1903/04 nog ondersoek. ⁷³⁾

Uit die gegewens blyk dat slegs die Hartzrivierskema van enige noemenswaardige omvang was en dat die pogings van die Departement om besproeiing aan te moedig, nie al te suksesvol was nie.

Onder die verskillende besproeiingswette is daar ook groot bedrae vir besproeiingswerke uitgeleen. In die boekjaar 1903/04 het die totale bedrag aangevra op £469,353 te staan gekom en daarvan was reeds £254,650 toegestaan en die ander onder oorweging. Van die lenings wat reeds toegestaan was, was dertig ten opsigte van

private /

71) Report of Commission, op.cit., p. 538.

72) Ibid., p. 539.

73) Die posisie is in die geval van die Hartzrivierskema 'n bietjie duister, omdat net op die vorige bladsy aangedui is dat gedurende 1903/02 daar £33,272 aan die skema bestee is. Die ondersoek het dus blykbaar slegs betrekking op die oppervlakte wat onder besproeiing gebring sou word.

private persone en agtien ten opsigte van openbare liggame.⁷⁴⁾ 'n Groot gedeelte van die fondse het egter aan munisipaliteite gegaan soos uit die volgende blyk, sodat baie min die boere en die landbou ten goede gekom het: Aan boere is toegestaan £27,509, aan besproeiingsrade £32,985 en aan munisipaliteite £184,623.⁷⁵⁾ Dit kom daarop neer dat die landbou in totaal slegs omtrent 25 persent van die toegestane bedrag ontvang het.

Die rede waarom die boere so min ontvang het, of so min van die hulp gebruik gemaak het, was te wyte aan (a) die feit dat hulle nie die nodige sekuriteit kon gee nie, (b) die omslagtigheid wat volgens die wetgewing gevolg moes word, (c) die onderskatting van die koste van die skema deur die applikant en die moontlikheid dat dit teen 'n verlies sou werk, (d) die onvermoë van die boere om hul aan die skema te hou met die gevolg dat, nadat die eerste uitbetaling gedoen is, die balans ooreenkomstig die wet teruggehou is.⁷⁶⁾

Die Departement van Landbou het ook besef dat sonder 'n grondige wetenskaplike kennis dit moeilik sou gaan om 'n verstandige en gesonde wetgewing aan te neem en die administrasie vlot te laat verloop. Behalwe laboratoriumnavorsingswerk het die Departement waar nodig ook veldwerk gedoen. Dit alles het in hoofsaak gegaan oor veesiektes, skadelike insekte, eksperimente ten opsigte /

74) Report of Commission, Aanhangsel E, p. 548.

75) Ibid., p. 552.

76) Ibid., p. 545.

opsigte van die wynbou en ondersoek ten opsigte van bebossing en die waarde van die inheemse sowel as aan-geplante bosse. 77)

Gedurende 1906 en 1907 het die Departement bv. die volgende dosisse entstowwe uitgereik (Tabel XIV):

Tabel XIV.

Soort en hoeveelheid entstof uitgereik - 1906 en 1907. ⁷⁸⁾		
Soort	Getal 1906	dosisse 1907
Longsiekte	15,415	192,603
Rooiwater	912	5,577
Bloutong	3,300	8,650
Mallein	11,100	17,545

Alhoewel die hoeveelhede uitgereikte entstowwe in verhouding tot die veestapel nie baie groot was nie, was dit tog seker vir die boere wat daarvan gebruik gemaak het 'n groot hulp in die stryd om die behoud van hul vee.

(iii) Landboukundige Onderrig.

Ook die landboukundige onderrig het die Departement nie verwaarloos nie. Hierdie onderrig het geskied deur middel van artikels in die Departement se landbou-joernaal wat gratis aan lede van landbouvereniginge versprei is, beantwoording van navrae deur boere, demonstrasies en ook deur landbou-onderwys. Reeds so vroeg as 1885 het die regering die plaas Groot Constantia oorgeneem om te dien as 'n proefplaas ten opsigte van die wynbou. Ook is die plaas gebruik as skool om persone op te /

77) Report of Commission, op. cit., p. 530.

78) Report of the Department of Agriculture for 1907, G30/07, p. 68.

te lei in die wynbedryf, en gedurende 1888 is vyf persone ingeskryf vir opleiding terwyl die totaal sedert 1885 op twaalf te staan gekom het.⁷⁹⁾ Die begeerte om opgelei te word, is dus blykbaar nie sterk gevoel nie. In 'n poging om meer leerlinge te trek, is die losies gedurende 1888 verminder na £3 per maand, maar ook dit het blykbaar geen uitwerking gehad nie want gedurende 1889 was daar maar slegs vier studente, en tog het diegene wat die opleiding daar voltooi het, goeie betrekkinge gekry teen £450 per jaar.⁸⁰⁾ Omstreeks 1889 is 'n landbouskool ook op Stellenbosch begin en van die sewe studente van die skool het vier ook tegelykertyd die klasse van die junior en senior kursusse aan die Victoria Kollege gevolg, terwyl die ander drie reeds die matrikulasie—eksamen afgelê het. Die kursusse wat deur die landbouskool aangebied is, het die volgende behels:⁸¹⁾

(i) Wetenskaplike vakke:

Natuurwetenskap

(onderrig by die kollege), geologie, plantkunde, anatomie en fisiologie van die huisdier.

(ii) Professionele vakke:

Landbouwetenskap,

plantkunde (algemeen en spesiaal), veeteelt (algemeen en spesiaal), wynbou, plant- en dieresiektes.

In die loop van die jaar is die studie dan nog aangevul
met /

79) Report of the Dept. of Agr. for the year 1887, p. 7.

80) Ibid. vir 188/89, p. 32.

81) Ibid., Report of the principal of the Agricultural School, p. 2.

met opvoedkundige uitstappies.

Gedurende 1889 is nog twee verdere landbou-skole geopen nl. een te Grahamstown en die ander te Somerset-Oos.⁸²⁾

Die landbouskool te Stellenbosch is uiteinde-lik in 1898 omgeskep in die Elsenburg-Landboukollege. Die kapitaaluitgawes aan die landboukollege het tot 1904 nie minder as £24,191 beloop nie terwyl die lopende uitgawe en inkomste vir bepaalde jare soos volg was:⁸³⁾ (Sien Tabel XV).

Tabel XV.

Uitgawe en inkomste van Elsenburg-Landboukollege.
1898/99 tot 1903/04.

Jaar	Uitgawe	Inkomste	Uitgawe bo inkomste
<u>Elsenburg-Landboukollege</u>			
	£	£	£
1898/99	7520	1334	6187
1899/1900	7736	2505	5231
1900/01	5877	1714	4163
1901/02	6673	1709	4964
1902/03	5362	2153	3209
1903/04	9730	2438	7292
	£42899	£11852	£ 31046
<u>S k o o l</u>			
1899/00	5822	1122	4700
1900/01	4345	1260	3085
1901/02	7327	1655	5672
1902/03	6997	2802	4195
1903/04	5363	2365	2998
	£29854	£ 9204	£ 20650

Uit./

82) Ibid., p. 22-23.

83) Report of a Commission to enquire into the Advisability of Reorganizing the Existing Agricultural Department, Aanhangsel J, p. 566-7.

Uit die tabel blyk dus duidelik dat die regering groot bedrae jaarliks ten opsigte van die plaas en die skool moes dra ter wille van die onderrig aan studente in die landbou. Dit blyk egter asof die kollege van die begin af 'n redelike aantal studente getrek het soos blyk uit tabel XVI:

Tabel XVI.

Getal studente te Elsenburg-Landboukollege, 1898-1904.

<u>Jaar</u>	<u>Getal.</u>
1898	29
1899	46
1900	42
1901	41
1902	57
1903	39
1904	30

Uit die tabel blyk dat die getalle baie geskommel het.

(iv) Uitgawe van die Departement van Landbou.

Uit die voorgaande het ons gemerk dat die regering heelwat vir die ontwikkeling van die Landbou gedoen het, en dat hierdie aktiwiteite gedurende die periode omstreeks 1880 tot 1910 waargeneem is deur 'n Departement van Landbou.

Die omvang van die werksaamhede kan moontlik ook in 'n mate beoordeel word deur die uitgawes wat die Departement aangegaan het. Ongelukkig is syfers vir die hele periode nie bekombaar nie, maar nietemin sal die onderstaande syfers in Tabel XVII tog 'n denkbeeld gee van wat die uitgawe en die moontlike omvang van die bedrywighede was.

Tabel XVIII.

Uitgawe en inkomste van die Departement van Landbou⁸⁴⁾
van die Kaapkolonie, 1897/98 tot 1903/04.

<u>Jaar</u>	<u>Uitgawe</u>	<u>Inkomste.</u>
1897/98	£ 272,045	£ 240,851
1898/99	275,630	227,982
1899/1900	230,918	206,463
1900/01	222,561	214,848
1901/02	214,281	225,233
1902/03	283,324	301,015
1903/04	376,766	258,600
	<u>£1,875,525</u>	<u>£1,674,992</u>

Kenmerkend van die uitgawes en inkomste is dat oor die periode 1897/98 tot 1903/04 sowel die uitgawes as die inkomste albei hoog was en dat die uitgawe die inkomste met slegs ongeveer £200,000 oortref het of 'n gemiddeld van ongeveer £30,000 per jaar wat daarop neerkom dat die werksaamhede van die Departement nie groot ekstra somme uit die sak van die algemene belastingbetaler geja het nie, maar dat die Departement in 'n baie groot mate self die uitgawe verhaal het.

7. Samevatting.

Uit hierdie hoofstuk blyk dat die landboubedryf groot opgang gemaak het in die periode 1700-1910. Ook het ons gemerk dat die boere self begin het om te organiseer in die vorm van landbouverenigings waardeur hul gehoop en gepoog het om meer kennis in verband met hul boerderyvertakking te wete te kom en hul belange te bevorder. Belangrik is ook die aandag wat die boerdery van regeringsweë ontvang het en die pogings

wat /

84) Report of the Commission, Aanhangsel B, p. 532.

wat van staatsweë aangewend is om die boerdery te bevorder. Deur die instelling van 'n Landboudepartement het die bedryf erkenning erlang en kon dit verwag word dat daar aandag aan die behoeftes van die bedryf en die beoefenaars daarvan gegee sal word. Hierdie Departement het dan ook later gedien as die lees waarop die landboudepartemente in die ander gebiede geskoei sou word.

Een belangrike aspek het ons egter nie aangeroer nie en dit is die Groot Trek van omstreeks 1836 waardeur die Kaapkolonie, veral die oostelike deel, 'n aansienlike deel van sy bevolking verloor het. Hierdie belangrike gebeurtenis in ons geskiedenis het egter gelei tot die oopstelling en ontwikkeling van die gebiede noord van die Oranjerivier en oos van die Drakensberge. In die volgende hoofstukke sal ons trag om die landboukundige ontwikkeling in daardie gebiede te skets.

- - - - -

LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE ORANJE-VRYSTAAT TOT 1910.

1. Inleiding.

Toe die ooswaartse beweging van die boere in die Kaapkolonie omstreeks 1775 aan die Visrivier deur die Bantoe gestuit is, was dit heel natuurlik dat die beweging noordwaarts sou swenk. Die noordwaardse beweging het egter lank uitgebly en eers sedert die droogte van 1825 het die boere op taamlike skaal oorkant die Oranjerivier weiding gaan soek.¹⁾ Hierdie trekke was meestal slegs tydelik ten einde goeie weiveld vir die vee te verkry, alhoewel 'n mens kan aanneem dat die verblyf in die trans-Oranje nie noodwendig in alle gevalle beëindig is sodra goeie reëns in die Kolonie geval het nie. Nietemin begin die ontwikkeling tussen die Oranje-rivier en die Vaalrivier egter eers in alle erns met die Groot Trek in die dertiger jare toe sommige van die Trekkers hulle by Thaba Nchu en Winburg gevestig het. Die klimaat van die gebied - koue winters en matige somers - is baie gesond en die weiding veral geskik vir kleinvee.²⁾

2. Moeilike Begin.

In 'n gebied soos hierdie waar wilde diere en roofdiere nog volop was, kan 'n mens verwag dat die veeverliese as gevolg van jakkalse, wildehonde, wolwe, tiers en leeus heel algemeen moes voorgekom het. Die

ongediertes /

1) Van der Merwe, Die Noordwaartse Beweging van die Trekboer, p. 361.

2) Malan, J.H. Die Opkoms van 'n Republiek, p. 3.

ongediertes is egter geleidelik uitgeroei met vuurwapens, strikke en gif, en namate die gebied meer bewoond geraak het, het die diere ook die wyk geneem na meer onbewoonde streke, maar selfs teen 1862 was hiënas en wolwe egter nog volop in die gebied en kon oral opgemerk word. Hierdie roofdiere was veral 'n las ten opsigte van vullens, kalwers en kleinvee wat dus nie sonder beskerming in die veld gelaat kon word nie.³⁾

Die Basoeto's op die oosgrens van die gebied was 'n ander gevaarlike bedreiging vir die intrekkers. So byvoorbeeld is reeds in 1852 met Mosjesj ooreengekom dat laasgenoemde 10,000 beeste en 1,000 perde moes stuur as vergoeding vir skade gely deur die intrekkers weens veediefstalle.⁴⁾ Hierdie getalle moet dus in 'n mate ook die omvang van die veediefstalle aandui. Mosjesj het egter die kuns verstaan om inskiklik teenoor die blankes te wees, maar tegelykertyd sy ondergeskiktes toe te laat om met die diefstalle voort te gaan. Die posisie het dan ook sodanig versleg dat die boere aan die oosgrens aangesê is om op die plaas van ene A.J. Smith, ongeveer vyftien myl van Smithfield, laer te trek.⁵⁾ Nieteenstaande gewapende optrede het die diefstalle eerder toe- as afgeneem en in 1856 moes 'n gedeelte van die distrik Harrismith deur die inwoners ontruim word.⁶⁾ Kommandant Weber, die leier van een van die boerekommando's wat teen een van die belhamels, Witzi, opgetrek het, skryf in 1856 aan die President: „De grensmenschen staan
nog /

3) Collins, W.W., Free Statia, p. 216.

4) Ibid., p. 36.

5) Ibid., p. 13-14.

6) Theal, Hist. op. cit., Dl. iv, p. 20.

nog alle in legers en de diefstallen houden aan. Al de kwaad wat een oorlog kan over ons bringen heeft reeds plaats gevonden. Indien U H.Ed. ons niet te hulpe komt om onze vee weder te krygen en de diefstallen op te houden, zoo zullen wy verpligt zyn om de grens te verlaten.⁷⁾ Die kommando's was dus blykbaar magteloos in hul poging om 'n einde aan de veediefstalle te maak.

Voorvalle soos dié van Scheel Kobus, een van die onderkapteins van die Basoeto's was heel algemeen. Scheel Kobus het in 1857 'n strooptog in die Vrystaat onderneem, een boer vermoor, twee ander verwond, 200 beeste, 73 perde en 2,000 skape en vier waens buitgemaak.⁸⁾ Om sake vir die inwoners te vererger het ook die Batlapins op die wesgrens van die Vrystaat die boere verliese berokken en Theal skryf dan ook tereg: „Through-out the country the sufferings of the people had been such that the bravest had almost lost heart. Along the Basuto border and far towards the centre of the state the burghers had been reduced to extreme poverty. Murder, death and battle, sickness caused by distress, had put half the inhabitants into mourning”⁹⁾ Onder sodanige toestande kon die boerdery dus moeilik gedy. Nieteenstaande die treurige toestande sou erger dinge nog gebeur. Gedurende die oorlog van 1858 en onmiddellik na die wapenstilstand op 1 Junie het die boere swaar verlies gely weens veediefstalle en vernielde huise soos uit Tabel XVIII blyk.

Tabel /

7) Argiefjaarboek, 1939, dl. 2, p. 37.

8) Theal, Hist., op. cit., p. 66.

9) Ibid., p. 71.

Tabel XVIII.

Verliese aan vee en huise gedurende die Basoeto-¹⁰⁾
oorlog van 1858 en na die wapenstilstand.

Distrik	Perde	Beeste	Skape	Vernielde huise
	<u>Gedurende</u>	<u>die</u>	<u>oorlog</u>	
Winburg	302	1361	753	58
Bloemfontein	133	376	275	3
Caledonrivier	209	527	3416	36
Totaal	644	2264	4442	97
	<u>Na</u>	<u>die</u>	<u>wapenstilstand</u>	
Winburg	98	105	-	18
Bloemfontein	122	46	-	3
Caledonrivier	351	204	297	6
Fauresmith	54	-	-	-
Totaal	625	355	297	29
Groototaal	1269	2619	4739	124

Die veeverliese gedurende 1858 was dus aansienlik, en indien ons nog verder in aanmerking neem dat weens die afwesigheid van die burgers op kommando die boerdery verwaarloos is, dan word die omvang van die skade des te beter besef.

In 1865 is weereens oorlog teen die Basoeto's verklaar en toe die kommando's reeds op weg na Basoetoland was, het 'n afdeling Basoeto's tot so na as dertig myl van Bloemfontein deurgedring en ongeveer 10,000 stukke kleinvee, behalwe groot getalle perde en beeste gebuit. Van hierdie vee is slegs tussen 3,000 en 4,000 herower.¹¹⁾ Hierdie strooptog het dus groot verliese ten gevolge gehad. Die onsekere en onrustige toestand het voortgeduur tot 1869 na die beëindiging van die oorlog.

Onder /

10) Argiefjaarboek, op. cit., p. 67.

11) Theal, Hist. op. cit., p. 168-9.

Onder omstandighede soos hierbo geskets is dit te verstaan dat die landbou baie swaar moes gely het weens die afwesigheid van die boere van hul plase en die geweldige verliese aan vee, huis en haard. Gedurende die oorloë het dit byvoorbeeld dikwels gebeur dat soms ses maande verloop het voordat sowat 3,000 boere op hulle plase kon kom.¹²⁾ Aangesien veeboerdery die vernaamste vertakking van die boerdery-bedrywighede was, kan ons aanneem dat hierdie vertakking en dus ook die wolnywerheid die swaarste getref is. Hierdie feit word spesiaal vermeld in die notule van die Volksraad van 1869, naamlik dat weens die oorloë die totstandkoming van wolmarkte en die ontwikkeling van die wolnywerheid nie kon geskied nie.¹³⁾ Die vertraging van die landboubedrywighede was des te ernstiger indien ons verder in gedagte hou dat die stryd tussen die boere en die Basoeto's in die vrugbaarste gedeelte van die Vrystaat, naamlik die oostelike gebiede, gewoed het. Akkerboubedrywighede moes dus uit die aard van die saak tot 'n minimum beperk gewees het.

3. Produktepryse.

Omdat die bevolking hulle van die begin op veeproduksie toegelê het, en akkerbougewasse slegs op 'n beperkte skaal in die onsekere ooste gesaai kon word, was die prys van koring redelik hoog. So byvoorbeeld is boermeel in 1852 in Bloemfontein verkoop teen £5 per mud. Skaap- en beesvleis daarteenoor is

verkoop /

12) Argiefjaarboek, op. cit., p. 198.

13) Ibid., p. 198.

verkoop onderskeidelik teen 2d en 1½d per lb. terwyl 'n slagskaap van vyf tot tien sjielings en 'n slagbees van vier tot vyf pond behaal het, al na gelang van die gehalte van die dier.¹⁴⁾ Kort na die ondertekening van die Bloemfonteinse Konvensie in 1854 het die prys van meel egter gewissel van £1-3/- tot £2 per mud wat daarop dui dat die toevoer of produksie aansienlik hoër was as voor daardie tyd. Nie baie lank daarna nie, in 1862, het 'n ongekennde droogte die Vrystaat geteister. Groot veeverliese is gely en van oeste was daar geen sprake nie. Die gevolg was dat die vraag na meel aansienlik toegeneem het en was die prys van meel op die Bloemfonteinse mark van £9 tot £10 per mud. Na die droogte het daar 'n daling in die pryse van landbou-produkte ingetree, maar nog was die pryse hoog soos blyk uit Tabel XIX hieronder.

Tabel XIX.

Pryse van bepaalde landbou-produkte op die Bloemfonteinse mark 1862.¹⁵⁾

<u>Produk</u>	<u>Prys.</u>
Boermeel (per mud)	60/- tot 94/-
Kafferkoring "	50/- " 67/-
Mielies "	45/- " 51/-
Erte (emmer)	8/- " 9/-
Suiker (per 100 lb.)	60/- " 60/6
Voer (per bondel)	1/6 " 1/10
Tabak (per lb.)	4/2 " 4/6
Aartappels (per emmer)	10/- " 11/-

Namate die bevolking toegeneem het en dienooreenkomstig ook die vraag, het produktepryse geleidelik gestyg soos blyk uit die styging van vleispryse in

Bloemfontein/

14) Collins, op. cit., p. 16.

15) Ibid., p. 214.

Bloemfontein. In 1864 was beesvleis byvoorbeeld 4d en skaapvleis 5½d per lb. terwyl die onderskeie pryse in 1907 9d en 11d per lb. beloop het.¹⁶⁾

Met die ontdekking van diamante in 1870 het meteens groot getalle verbruikers na die Vrystraat gestroom en het die vraag na landbouprodukte skerp gestyg. Die diamantopbrengs het byvoorbeeld in 1871 £270,840 beloop en die lone wat daar uitbetaal is £104,893.¹⁷⁾ Geld was dus betreklik volop en dit word dan ook weerspieël in die pryse van produkte. So byvoorbeeld het botter in 1872 8/1 per lb. op die Bloemfonteinse mark behaal en in 1874 is slegs in Augustusmaand 269 wa- en karvragte hout en mis op genoemde mark verkoop vir 'n totaal van £2,036-7-6.¹⁸⁾

4. Plase en plaaspryse.

Die Trekkers wat hulle in die Vrystaat gevestig het, het self vir hulle plase uitgesoek met die opstal gewoonlik naby 'n standhoudende fontein of stroom. Die grootte van die plase was min of meer dieselfde as wat in die Kolonie gebruiklik was, naamlik om en by die 4,000 morg. In 1854, kort na die verkryging van onafhanklikheid, het die Vrystaatse regering 'n Landkommissie aangestel om die uitgee van plase te beheer. Alle persone wat nie onder die Britse bewind grond verkry het nie, kon aansoek doen om 'n plaas wat hy self uitgesoek het. Die plaas word dan teen 'n jaarlikse rekognisiegeld wat gewissel het van £1.10/- tot £3, bekom. /

16) Collins, op. cit., p. 244

17) Ibid., p. 325-6.

18) Ibid., p. 368.

bekom. Na drie jaar kon hy aansoek doen om 'n „land-sertifikaat" en dan word die plaas op ewigdurende erfpag aan hom toegestaan teen betaling van die rekognisiegeld gedurende die eerste drie jaar. Die plase moes nie groter as 6,000 morg wees nie, maar so na as moontlik aan 4,000 morg.^{18a)} In die praktyk was dit egter meermale heelwat groter weens die onsekerheid van die grense. Selfs die President het in sy aanspraak voor die Volksraad in 1856 gewag gemaak van die vaagheid van die grense en daarop gewys dat plase maklik gerek kon word tot 6,000 morg. Meermale is die grense in sulke onbepaalbare terme aangedui as „halfweg tusschen de bureen" of „de lynen volgens schikking tusschen bureen". Om hierdie vaaghede uit te skakel is in 1857 'n wet aange- neem wat boere verplig het om hul plase te laat opmeet en bakens op te rig en in stand te hou.¹⁹⁾

Terwyl die eerste intrekke dus grond kon verkry teen slegs die betaling van rekognisiegeld,²⁰⁾ het die prys van grond egter gestyg namate meer persone hulle in die gebied gevestig het en die plase verbeter is. In 1857 het 'n plaas Kwaggafontein van eienaar verwissel teen 'n bedrag van £300 om slegs vier jaar later, dit wil sê in 1861, £3,500 te behaal. 'n Soortgelyke voorbeeld is die plaas Zuurfontein wat in 1861 £4,650 behaal het teenoor £1,100 'n paar jaar vroeër. Moontlik meer tipies as die voorgaande is die geval van die plaas Spitskop na aan die sendingstasie Betanie, waarvan /

18a) S.A. Argiefstukke, O.V.S., no. 1, p. 52-54.

19) Ibid, no.2, p. 8 en p. 428-9.

20) Ibid., p. 8.

waarvan die prys as volg gestyg het:²¹⁾ In 1848 was sy prys £63-5/-, in 1851 £157-10/-, in 1856 £1,350, in 1857 £2,000 en in 1861 was sy geskatte waarde £3,000. Vir beginners moes dit dus geleidelik moeiliker gewees het om 'n begin te maak en die boerdery het dus ook meer en meer kapitaal vereis.

5. Boerderybedrywighede.

Statistiese gegewens oor landbousake in die Vrystaat is baie skaars, maar uit die in- en uitvoersyfers blyk dit dat die landbou reeds van die begin af die vernaamste uitvoerprodukte gelewer het. Reeds in 1852 was die invoer in die Vrystaat ongeveer £300,000 en die uitvoer £256,000. Laasgenoemde bedrag is as volg saamgestel:²²⁾

23,000 bale wol gewaardeer teen £10 per baal...	£250,000
Volstruisvere	15,000
Huide, velle en horings	10,000
Beeste en perde	1,000
Totaal	£256,000

Uit die bostaande blyk dit dat die hele uitvoer bestaan het uit landbouprodukte en verder dat wol verreweg die vernaamste landbouproduk was. Die groot aandeel van wol word ook weerspieël in die sensussyfers vir 1856. In daardie jaar was daar in die Republiek 27,552 perde, 137,164 beeste, 76,316 bokke, 143,870 Kaapse skape, maar 1,011,663 wolskape. Die belangrikheid van die wolbedryf is dan ook deur die Volksraad terdeë beseef en daarom het die Raad pogings aangewend om 'n wolmark

in /

21) Collins, op. cit., p. 216.

22) Een Hollander, Toe en Thans, p. 120.

in Bloemfontein tot stand te bring. Met dié doel voor oë is in 1865 'n eerste prys van £20 en 'n tweede prys van £10 aangebied aan die persone wat in 'n bepaalde seisoen die beste wol op die mark bring. Die pryse was dus bedoel as 'n middel om die boere aan te moedig om die gehalte van hul wol te verbeter.²³⁾

Die ontwikkeling langs die Caledonrivier het in werklikheid eers in 1866 begin toe die sogenaamde Verowerde Gebied in 700 plase opgesny en per publieke veiling van die hand gesit is. Voor daardie tyd het die boere nie veel gesaai nie en is 'n opbrengs van vyftig mud beskou as 'n groot oes. Baie van die koring wat in die Vrystaat verbruik is, het dan ook van die Transvaal gekom waar dit vir vee geruil is. Nadat die Basoeto-oorlog in 1869 beëindig is, het saaiery al meer en meer aandag geniet.²⁴⁾ Die verbouingsmetodes en gereedskap was maar nog primitief. Die grond is nie diep geploeg nie, slegs los gekrap, gewoonlik deur die naturelle plakkers wat op die wyse moes vergoed vir hul verblyf op die plaas. Die grond was egter baie vrugbaar en die opbrengs onder besproeiing besonder hoog. In die distrik van Ficksburg sou een mud per geleentheid negentig mud geskiet het en in die distrik Heilbron drie-en-tagtig mud. Op 'n ander stuk grond wat agtereenvolgens vir sestien jaar verbou is sonder enige bemesting was die opbrengs drie-en-twintigvoud. Die gemiddelde opbrengs was egter ongeveer twintigvoud.²⁵⁾

Plaasmasjinerie /

23) Collins, op. cit., p. 292.

24) Ibid.

25) Ibid.

Plaasmasjinerie het eers laat sy verskyning gemaak moontlik weens die afgesonderdheid van die Vrystaat, maar moontlik eerder as gevolg van die konserwatisme van die boere. Ongeveer 1885 het die eerste dors- en snymasjiene hul verskyning gemaak. Die konserwatisme van die boere is ook bewys in hulle teenkanting teen die aanstelling van 'n staatsveearts. Ook het hulle baie min belang gestel in die landboujoernaal wat gratis deur die regering versprei is ten einde die boere op hoogte te hou met ontwikkeling op boerderygebied.²⁶⁾ Dit wil dus voorkom asof die boere in die Vrystaat nie aanvanklik vooruitstrewend genoeg was om die moontlikhede van die groter vraag na landbouprodukte ten volle te benut nie.

6. Boerderyprobleme.

(i) Droogte en oorstromings.

Soos so dikwels vandag nog die geval is, het die natuurkragte hulle ook in die Vrystaat laat geld. Die eerste groot droogte het in 1860 aangebreek toe daar tot aan die einde van November geen reën geval het nie en soos so dikwels gebeur, is die droogte gebreek deur geweldige storms. In die begin van Desember het swaar, koue reëns geval, gepaard met geweldige haelstorms wat veral in die noordelike dele groot skade berokken het. In die distrik Winburg en Kroonstad het die boere byna die helfte van hul vee verloor. Die totale veeverliese in Winburg het te staan gekom op 40,000. Die verliese van een bepaalde boer het 900 skape, 23 beeste en 'n
aantal /

26) Collins, op. cit., p. 293.

aantal perde bedra. Dieselfde toestand het hulle in 1862 herhaal. Ook in daardie jaar het die droogte groot verliese ten gevolge gehad en baie vee en oeste wat die droogte oorleef het, is deur geweldige haelbuie gedood en verwoes.²⁷⁾ Ook die weerlig het sy tol geëis. Een boer het byvoorbeeld in 1864 op slag 140 skape deur die weerlig verloor terwyl nog omtrent soveel later gevrek het aan die beserings wat hulle met die slag opgedoen het.²⁸⁾

Behalwe sy droogte het die Vrystaat ook sy oorstromings gehad. Een so 'n geval het in 1874 voorgekom toe die gebied geweldig baie reën gekry het en feitlik alle riviere hul walle oorstrom en geweldige skade berokken het. Huise is oorstrom en beskadig, waens weggespoel en koring- en saagmeulens langs die Caledonrivier vernietig. Op die plaas van 'n sekere Prinsloo by die sameloop van die Sand- en Vetrivier is 500 beeste deur die water meegevoer en 'n ander boer, 'n sekere Ras, het 1,300 skape verloor.²⁹⁾

(ii) Sprinkane.

Sprinkane het ook hier, net soos in die Kaapkolonie, periodiek hul verskyning gemaak. Sedert 1854 tot 1863 was die gebied egter vry van die plaag. Weens die geringe omvang van die gesaaides was die skade wat deur die plaag veroorsaak is, nooit baie groot nie, behalwe natuurlik aan die weiveld. Die

posisie /

27) Collins, op. cit., p. 293.

28) Ibid., p. 239-240.

29) Ibid., p. 371-2.

posisie het egter 'n ander kleur aangeneem na 1869 toe daar op redelike groot skaal met saaiery in die gebied van die Caledonrivier begin is. Gelukkig vir die boere is die swerms dikwels vinnig uitgedun deur groot troppe sprinkaanvoëls.³⁰⁾

(iii) Ander plae.

Alhoewel daar nie gegewens beskikbaar is nie, kan ons met vrymoedigheid aanneem dat die veesiekte wat in die Kolonie geheers het, ook in die Vrystaat voorgekom het, veral omdat die vee in die Vrystaat oorspronklik uit daardie gebied afkomstig was. Die moeilike omstandighede waaronder die boere gebuk gegaan het, word moontlik die beste uitgedruk deur Een Hollander. Hy skryf: „Egypte had tien plagen, maar Zuid-Afrika meer dan dubbel dat getal. Veeboer en land-^{30a)} bouwer hebben hier te tobben met longziekte, miltziekte, losse tanden, stopziekte, boschziekte, runderpest, vuurziekte, galziekte, geilziekte, malkop, blauwater, klaauwziekte, nieuwe ziekte, brandziekte, tulpen, phylloxera, hagel, droogte, honigdauw, paapjes, luizen, torren, rupsen, boschluizen, mollen, doodrypen, sprinkaanen in soorten, veediefstal, lage markten, gebrek aan werklui, beschaafde kaffers en kafferschoolen ... de instroming der Aziaten".³²⁾

7. Staatshulp. /

30) Collins, op.cit., p. 331.

30a) Reeds in 1854 ook in die O.V.S., Argiefstukke, op. cit., p. 308-310.

31) Een Hollander, op. cit., p. 165.

7. Staatshulp.

(i) Landboursaad van die Vrystaatse Republiek.

Die Volksraad van die Oranje-Vrystaat het nie onverskillig teenoor die landbou in die gebied gestaan nie. Trouens, in 1898 is 'n Landboursaad bestaande uit ag lede in die lewe geroep.³²⁾ Die sake wat die Landboursaad met sy vergadering op 27 Februarie 1899 bespreek het, dui op die omvattende belangstelling en wye veld wat die Landboursaad as sy verantwoordelikheid aanvaar het. Hierdie sake was onder meer die volgende:³³⁾

(a) Die hou van 'n konferensie tussen die regerings van die Oranje-Vrystaat en dié van die Kaapkolonie en die Zuid-Afrikaanse Republiek ten einde die wenslikheid van die aanlê van besproeiingswerke aan die grensriviere te bespreek.

(b) Die bevordering van waterwerke in die Vrystaat opgerig.

(c) Die regulering van waterregte in die Vrystaat.

(d) Die oprigting van koelkamers by spoorwegstasies om botter en ander produkte van die gebied te bewaar.

(e) Swaarder strawwe vir veediefstal.

(f) Die uitroei van ongediertes en vergoeding daarvoor deur die Staat.

(g) /

32) Rapport van den Voorzitter van den Landbouw Raad, aan ZHEd. den Staatspresident, p. 3.

33) Ibid., p. 3-4.

(g) Die wenslikheid van verdere spoorweg-uitbreiding.

(h) Die oprigting van 'n landbouskool en proefstasie.

(i) Die kweek van tabak en die betaling van bonusse deur die staat aan groot tabakprodusente.

(j) Die bestelling van instrumente uit Europa om vee mee te opereer en die uitreiking daarvan aan boere teen kosprys.

Dit blyk dus dat die Landboursaad in die eerste plek baie aandag aan besproeiing gegee het en ook aan sodanige sake wat sou bydra tot bevordering van die boerdery soos byvoorbeeld die uitbreiding van die spoorweë en die oprigting van koelkamers; verder sulke sake soos vergoeding vir die uitroei van ongediertes en staatbydraes om die kweek van bepaalde produkte aan te moedig. Dit is ook interessant om op te merk dat die Raad terdeë die wenslikheid van wetenskaplik-opgeleide boere besef het, en derhalwe beskou het dat 'n landbouskool en proefplaas opgerig behoort te word. Ongelukkig het die oorlog nog in dieselfde jaar uitgebreek en kon die Volksraad nie uitvoering gee aan die aanbevelings van die Landboursaad nie.

(ii) Landbou-departement.

Kort na die beëindiging van die oorlog, en wel in die tweede helfte van 1903 het die regering van die Oranjerivier-kolonie 'n Landboudepartement gestig. Die Departement het uit die volgende afdelings bestaan: Veeartsenykunde,

proefstasies /

proefstasies en lewende hawe, bosbou, akkerbou, suiwel en pluimvee, insektekunde, en weerkunde. Aan die hoof van elke afdeling was 'n hoofamptenaar.³⁴⁾ Die

departement sou probeer om sy taak te volbring deur

(i) Organisasie: Behalwe die organisasie van die departement self, het die amptenare gehelp met die organisasie van landbouverenigings en met die opstelling van 'n stoetboek; (ii) Koöperasie: Gedurende die verslagjaar is 'n koöperatiewe romery te Tweespruit opgerig wat van die begin 'n sukses was. Die militêre owerhede is ook aangeraai om hul botter en ander behoeftes aan plaasprodukte plaaslik te verkry. Ook sou die medewerking van die boere verkry word in pogings wat aangewend sou word om veesiektes te bestry: (iii) Navorsing: Teen die einde van 1903 is 'n proefplaas begin te Tweespruit asook te Grootvlei. Proewe is op die plase onderneem en ook is saad aan boere uitgedeel vir proefdoeleindes; (iv) Opvoeding: Dit sou geskied deur middel van lesings, pamflette, voorligting en skoolopleiding.³⁵⁾

8. Landboustatistiek.

Landboustatistiek oor die periode voor 1900 is byna onbekombaar omdat daar so min statistiese gegewens in die tyd van die Vrystaatse Republiek opgebou is. Vir die periode na 1900 is daar egter gegewens bekombaar alhoewel hulle net op bepaalde jare betrekking het.

Tabel /

34) First annual report, Department of Agriculture of the Orange River Colony, 1904/05, p. 6.

35) Ibid., p. 6-10.

Tabel XX.

Lewende hawe in die Vrystaat vir bepaalde jare. ³⁶⁾					
Lewende hawe	1856 ^{***}	1904	1907 [*]	1909	1911 ^{**}
Beeste	137,164	363,204	385,077	724,542	1,286,234
Perde	27,552	75,251	127,579	133,296	220,725
Skape	1,155,533	2,999,547	8,020,308	7,621,162	8,587,638
Bokke	76,316	734,169	1,251,606	835,589	1,048,571
Varke	-	61,409	62,439	53,988	162,656
Donkies	-	-	5,323	7,306	11,558
Muile	-	-	4,674	4,424	5,995

(* Die getalle vir 1907 is slegs vee in besit van boere en sluit die vee in stedelike en munisipale gebiede uit, gevolglik is dit laer as wat dit in werklikheid behoort te wees.

** Unie-Jaarboek no. 6.

*** Argiefstukke, op. cit., Dl. 11, teenoor p. 264.)

Volgens Tabel XX is dit baie duidelik dat, soos 'n mens ook sou verwag, daar met verloop van tyd 'n aanmerklike vermeerdering was in die getalle lewende hawe. Die getalle vir 1904 is heel waarskynlik laag in vergelyking met wat dit was voor die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog veral indien 'n mens let op die grootte van die veestapel in 1856. Opvallend is ook dat die aantal beeste tussen 1904 en 1907 nie veel vermeerder het nie, maar dat dit wel die geval was vir die daaropvolgende jare. Hierteenoor toon perde weer 'n vinnige toename tussen 1904 en 1907 maar daarna was die toename relatief stadig. Dieselfde geld ook ten opsigte van skape en bokke wat in werklikheid in 1907 'n afname toon en daarna weer 'n toename. Varke, donkies en in 'n mindere mate ook muile toon eers na 1907 'n noemenswaardige vermeerdering.

Die /

36) Jaarverslag van die O.V.S.-landboudepartement vir bepaalde jare.

Die omvang van die akkerbougewasse word in Tabel XXI aangegee.³⁷⁾

Tabel XXI.

Oppervlakte en opbrengs van bepaalde gewasse in die O.V.S. vir bepaalde jare.

Gewas	1904 opbrengs	1907 Gesaai	1909 gesaai	opbrengs
	sak	morge	morge	sak
Koring		73,697	111,664	205,963
Gars	6,850	6,449	67,144	78,965*
Hawer	25,985	83,922	3,564	25,908
Mielies	-	345,218	227,919	2,207,085
Bone & Erte	-	2,555	1,946	7,017**
Lusern	-	2,634	2,840	-
Rog	485	3,416	6,166	13,586
Kafferkring	85,270	76,22	39,880	324,272
Manna	-	10,548	4,811	-
Ander gewasse	-	187	-	-
Plantasies	-	8,774	10,452	-
Vrugteboorde	-	12,880	11,695	-
Tabak	-	735	667	653,712 lb.
Wingerde	-	482	430	-
Aartappels	-	6,435	3,688	39,761
Morge onder besproeiing	-	43,946	44,059	-

(* Die opbrengs van 78,965 sak gars is slegs ten opsigte van 19,845 morge, want die ander is gesaai slegs vir groenvoer.

** Die oppervlakte en die opbrengs ten opsigte van bone en erte vir 1909 was onderskeidelik 1124 en 822 morge en 4327 en 2690 sak.)

Dit is moeilik om enige duidelike gevolgtrekkings uit tabel XXI af te lei daar die periode waaroor dit gaan so kort is en sowel die oppervlakte verbou en die opbrengs van akkerbougewasse so sterk beïnvloed word deur die natuurgesteldheid. Dat die Vrystaat egter meer geproduseer het as wat vir eie gebruik /

gebruik nodig was, ten opsigte van gewasse sowel as dierlike produkte blyk uit die gegewens in Tabel XXII.

Tabel XXII.

Uitvoer van Landbouprodukte uit die Vrystaat vir 1906 en 1907 na naburige gebiede en oorsee. ³⁸⁾

Produk		1906	1907
Wol	lb	24,298,980	30,899,924
	Waarde £	606,661	795,011
Bokhaar	lb	1,670,930	3,897,682
	£	80,565	185,598
Volstruisvere	lb	3,013	2,629
	£	2,364	2,965
Mielies	lb	61,316,356	131,726,750
	£	176,211	268,990
Hawer	lb	409,513	3,082,424
	£	1,746	11,043
Botter & Kaas	lb	140,030	307,704
	£	8,484	18,164
Beeste	getal	-	19,464
	£	-	220,813
Skape & Lammers	getal	-	98,073
	£	-	101,649
Varke	getal	-	6,059
	£	-	8,747
Perde	getal	-	3,727
	£	-	96,104
Pluimvee	getal	-	-
	£	-	46,557

Uit die gegewens in Tabel XXII moet ons aflei dat die Oranje-Vrystaat in 'n baie groot mate selfversorgend was en dat die uitvoer van landbouprodukte 'n belangrike deel van die handel met ander gebiede uitgemaak het. Opvallend is ook die groot toename in die enkele jaar, 1906 tot 1907, ten opsigte van feitlik alle produkte /

38) Jaarverslae van die Dept. van Landbou van die O.V.S., op.cit., 1907/08, p. 21-22.

produkte. Opvallend is ook die feit dat die gebied nie net akkerbougewasse uitgevoer het nie, maar ook aansienlike getalle diere wat moontlik 'n aanduiding is van die gehalte van die lewende hawe.

9. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons gemerk hoedat die Oranje-Vrystaat reeds omstreks 1825 deur boere uit die Kaapkolonie binnegedring is, maar dat die vestiging in werklikheid eers met die Groot Trek enige noemenswaardige afmetings aangeneem het. Die vernaamste landboubedrywighede was veeteelt wat aanvanklik onder die allermoeilikste omstandighede voortgesit is. Die beëindiging van die Basoeto-oorloë en die begin van die akkerboubedrywighede in die oostelike gedeelte langs die Caledonrivier val min of meer saam met die ontdekking van diamante. Ons kom egter tot die slotsom dat die boere skynbaar nie die groter koopkrag wat op die ontginning van diamante gevolg het, ten volle benut het nie. Statistieke om ons 'n volledige beeld van die landbou-ontwikkeling in die gebied te gee, ontbreek ongelukkig, maar uit wat ons wel kon byeenbring, kon ons aflei dat die landboubedrywighede in die Oranje-Vrystaat steeds in omvang en belangrikheid toegeneem het alhoewel alles gedurende die Engelse Oorlog waar skynlik swaar gely het, en dat dit uiteindelik die vernaamste bron was om goedere vir die uitvoerhandel te lewer, wat ook toon dat die gebied ten opsigte van baie produkte meer geproduseer het as wat dit vir eie gebruik nodig gehad het.

HOOFSTUK IV.

LANDBOU-ONTWIKKELING IN NATAL TOT 1910.

1. Inleiding.

Die Trekkers uit die Kaapkolonie was baie begerig om 'n hawe te verkry as 'n aanknopingspunt met die buiteland en daarom was hul mikpunt Natal en die seehawe van Durban. Volgens Preller het Retief en sy mense vol bewondering afgekyk op die pragtige landskap oos van die Drakensberge - „die skoonste landstreek wat sy oog ooit gesien het, vol bosryke klowe en laagtes, vrugbare vlaktes....“¹⁾ - 'n landstreek wat op die oog af uitstekend was vir die boerdery, veral veeboerdery. In 1842 skryf Kaptein Smith in soortgelyke trant aan sir George Napier. Volgens Kaptein Smith leen Natal hom uitstekend tot kolonisasie. Katoen byvoorbeeld groei baie goed en hou groot moontlikhede in. Naturelle-arbeid is vulop sodat daar nie 'n gebrek aan arbeiders vir sodanige bedryf hoef te bestaan nie. In die kusstrook groei suikerriet ook baie goed.²⁾ In die opmerkings van Preller en Smith lê ook in werklikheid die verdeling van Natal in twee verskillende landboustreke opgesluit. Die hoër geleë gedeeltes is geskik vir vee-teelt, veral in die wintermaande omdat die somer baie warm kan word en vee-siektes baie ernstige afmetings kan aanneem. So vroeg as 1851 het dan ook die trekstelsel in Natal ontstaan. Die Natalse veeboer het gewoonlik twee plase gehad - een in Natal en die ander in die Vrystaat of op die hooggeleë gedeeltes /

1) Preller, G.S., Piet Retief, p. 148.

2) Bird, J., Annals of Natal, dl.11, p. 79.

gedeeltes van Newcastle in Natal self. In die winter word die vee op die laaggeleë deel gehou en in die somer word hulle na die berggedeeltes of na die Vrystaat geneem. Hoe laer geleë en hoe nader aan die kus, des te ongesonder is die streek vir veeteelt doeleindes. Die hoë reënval in laasgenoemde streek maak hom egter juis daarom baie geskik vir die kweek van sub-tropiese gewasse soos suikerriet en katoen waarna Kaptein Smith verwys het.

Eienaardig genoeg het die Trekkers, Afrikaanssprekende veeboere, Natal van die weste binnegegaan en dus dadelik in die veegebied beland, terwyl die nieveeboere, hoofsaaklik Engelssprekend, die kolonie per skip bereik het, en die kolonisasie van die kus af begin het. Alhoewel albei groepe oor die hele gebied versprei het, het die geografiese vestiging van Afrikaanssprekende en Engelssprekende groepe in hooftrekke bly voortbestaan met die gevolg dat ons vandag nog kan praat van 'n Engelsprekende en 'n Afrikaanssprekende deel van Natal.

2. Boerdery op die hooggeleë gebiede.

Moontlik die beste beskrywing van boerderytoestande in die hooglande van Natal, veral die Kliprivierdistrik in die jare voor 1869, vind ons in 'n artikel van H.E.K., 'n ou inwoner van daardie gebied, geskryf in die „Natal Almanac" van 1870.³⁾ Hy vertel dat toe hy in 1851 in die Kliprivierdistrik ingetrek het, die boere in daardie gedeelte hoofsaaklik Afrikaanssprekend en arm was omdat hulle die meeste van hul vee in die „lower districts" verloor het. Niksvermoedend /.

3) Natal Almanac van 1870, p. 84.

Niksvermoedend het die Trekkers dus blykbaar, toe hulle hul in Natal gaan vestig het, in die pragtige maar ongesonde laaggeleë gedeeltes gaan woon, en moes daarvoor duur betaal. Baie van die boere is deur die verliese genoodsaak om 'n heenkome deur middel van transportryery te probeer vind. Weens hulle spaarsaamheid en hardwerkendheid het hulle egter stadig maar seker weer op die been gekom. Ander Trekkerboere het later hul grond aan intrekkende Engelssprekendes of aan spekulante verkoop en na die republieke getrek waar die grond goedkoper was.⁴⁾

Die Klipriviergebied het 'n baie gesonde klimaat en in 1869 het die boere daar reeds ruim in hul eie behoeftes voorsien, en gerieflik geleef. Ook hulle het egter die afwesigheid van 'n mark, die vernaamste gebrek in dunbevolkte gebiede, deeglik gevoel. H.E.K. sê dan ook: „We can grow everything that is grown in England to perfection, and do grow it, but our own limited market, added to the difficulty of conveying produce to it at all times of the year, will always keep us from being rich.”⁵⁾

Die vernaamste mark vir die gebied was op Pietermaritzburg, en omdat die gebied dus so afgeleë was, het baie min boere spesifiek vir die mark geproduseer. Pryse was dus betreklik hoog en die enkeles wat hul bedrywigheide op die mark toegespits het, het gou op die been gekom. Ham is byvoorbeeld verkoop teen 10d tot 1/- per pond, terwyl meel soveel as 30/- behaal het. /

4) Natal Almanac van 1870, op. cit., p. 86.

5) Ibid, p. 86.

het. Meel uit die Vrystaat en Transvaal het voor 1854 soms tot £5 per mud behaal. Dit was hoofsaaklik die gevolg van die geloof dat koring nie in Natal gekweek kon word nie weens die strawwe voorkoms van brand.⁶⁾ Teen ongeveer 1854 is egter 'n nuwe tipe koring, die sogenoemde „Klein-koring“, wat bestand was teen brand, gesaai. Aanvanklik is koring slegs vir eie gebruik gesaai, maar nadat longsiekte in 1854 so verwoestend onder die besste gemaai het en vervoer baie moeilik was, is daar meer koring gesaai. Nieteenstaande die feit dat weens die droë klimaat van die Kliprivier en omliggende gebiede, was die hooglande in 1870 die vernaamste koringproduserende gebiede van Natal.⁷⁾

Volgens dieselfde reeds genoemde korrespondent, was ongeveer 'n minimum van £500 teen 1869 nodig om 'n boerdery te begin. Daarmee kon die aspirant boer 'n plaas van 8,000 acres huur, en die nodige vee aankoop. Gedurende die eerste jaar sou dit moeilik gegaan het, maar indien hy oordeelkundig te werk sou gaan, sou sy inkomste in die tweede jaar omtrent £300 beloop. Persone met 'n gesin sou meer nodig gehad het. Die kinders van gevestigde boere het minder nodig gehad en het ook makliker op die been gekom omdat hulle vee van hul vader gekry het en daarmee kon begin.

Oor die algemeen was die boerdery op die hoog-
geleë / .

6) Daar is verskillende soorte brand en soms word ook van roes as „brand“ gepraat. Die wetenskaplike terme is soos volg: Stukbrand - *Tilletia tritici*; Losbrand-- *Ustilago tritici*; Tulpbrand - *Urocystus tritici*; Blaarroes - *Puccinia tritici*; Stamroes - *puccinia graminus tritici*.

7) Natal Almanac van 1870, op. cit., p.76.

geleë gebiede maklik en aangenaam. Wat die akkerbou-
gewasse betref, was die groot geheim van sukses die
gereelde skoffel, ploeg en toediening van kompos.⁸⁾

3. Boerdery op die Middelveld.

Die middelveld is die gebied geleë tussen die hoë gedeeltes naby die Drakens-
berge en die kusstrook. Dit het ook goeie weiding, maar
is baie warm en vogtig en leen hom meer tot akkerbou-
doeleindes; koring, hawer, gars en mielies, aartappels,
kool ens., word daar op groot skaal gekweek. In 1887
het hierdie streek byvoorbeeld 114,608 van die totale
opbrengs van 204,947 mud vir Natal, gelewer. In die-
selfde jaar was dit ook verantwoordelik vir meer as die
helfte van die hamproduksie asook die helfte van die to-
totale botterproduksie. In tabel XXX word die opbrengs
van bepaalde gewasse in hierdie gebied aangegee asook die
totale produksie in Natal vir die jaar 1885.

Tabel XXIII.

Opbrengs van bepaalde produkte in die Middelveld en die
totale opbrengs vir Natal as geheel in 1885.

Produk		Middelveld	Natal
Mielies	(mud)	217,609	217,609
Aartappels	"	32,561	33,433
Hawer	"	1,264	8,642
Ham	(lb.)	429,474	-
Botter	"	352,078	-

Die /

8) Natal Almanac, 1870, op.cit.,

9) Ibid., 1887, p. 269.

Die gegewens in tabel XXIII toon dat behalwe vir die Middelveld die res van Natal, sover dit blankes betref, nie mielies geproduseer het nie, terwyl die aartappel-opbrengs elders in Natal ook minimaal was. Dit wil voorkom asof hawer nie op groot skaal in die gebied geproduseer is nie. Die opbrengs in saadhawer kan ons egter nie neem as 'n maatstaf van die oppervlakte wat gesaai is nie. Uit die verskeidenheid produkte en veral die botterproduksie moet ons aflei dat die Middelveld hoofsaaklik 'n streek van gemengde boerdery was en dat suiwelboerdery daarin 'n belangrike plek ingeneem het. Ons kan dus aanneem dat groot oppervlakte onder hawer gesit is, maar dat dit hoofsaaklik as veevoer gebruik is in teenstelling met die ander gebiede waar dit as 'n kontantgewas gesaai is.

Die middelveld moet dus beskou word as die gebied wat die geskikste is vir die kweek van 'n groot aantal gewasse en dat dit by uitstek 'n gebied is vir gemengde boerdery.

4. Boerdery in die Kusstrook.

Die kusstrook is die laaggeleë, warm, vogtige en vir die vee ongesonde kusstrook wat van die kus omtrent twintig tot dertig myl na die binneland strek. Dit is die gebied wat van die see af deur die nie-veebesittende en hoofsaaklik Engelssprekende koloniste betrek is. Die gebied het 'n hoë reënval met 'n warm klimaat en die wisseling in temperatuur tussen

somer /

somer en winter is gering. Die gebied is dus nog minder geskik vir veeteelt as die middelveld. Daarenteen leen die gebied hom uitstekend tot die kweek van sub-tropiese gewasse en vrugte. Dit is ook die enigste gebied in Natal waar suiker, koffie, katoen en pylwortel op noemenswaardige skaal gekweek is en nog gekweek word.

5. Boerderyprobleme.

Alhoewel boerdery oor die algemeen aangenaam was, het die boere tog dikwels terugslae ondervind. Melding is reeds gemaak van die veeverliese van die Trekkers in die warm, ongesonde gedeeltes, die long-siekte-epidemie en die moeilikhede om koring te verbou. Selfs perdesiekte het soms ernstige afmetings aangeneem soos byvoorbeeld in 1885 en 1888 toe baie perdeboere feitlik geruïneer is.¹⁰⁾

(i) Vervoermoeilikhede.

Vervoer was 'n belangrike aspek in die dunbevolkte gebiede waar die produsente ver van die markte gewoon het. Alhoewel daar 'n vraag na 'n bepaalde produk bestaan het, kon die boere weens die stadige vervoermiddels en die slegte paaie en groot afstande nie vir die mark produseer nie. Die bou van 'n spoorweg wat uiteindelik in 1895 tot by Johannesburg gestrek het, het egter die posisie verlig. 'n Sekere Younge skryf dan ook in die Almanac van 1890 as volg: „Orchards are now no longer thought little of, for the railways of the colony have made the orchards of commercial value, for it is now possible to supply the towns and centres /

10) Natal Almanac, 1890, p. 270.

centres with all the superfluous fruit, be they apples, peaches or walnuts, which of yore rotted on the ground."¹¹⁾

Die spoorweë het dus die vervoer vergemaklik en selfs die vertakkinge van die boerdery soos vrugte, het nou kommersiële waarde begin kry¹²⁾ omdat selfs die verafgeleë boer weens die vinnige vervoer in staat was om selfs bederfbare produkte na die mark te stuur. Aanvanklik was die vervoer slegs na die kusstede maar na 1895 is die weg gebaan om produkte per spoor ook na die binnelandse mark, en veral Johannesburg, te stuur.

Ook indirek het die vervoer sommige boere ten goede gekom. Die spoorverbinding het naamlik 'n reis na die goudvelde vergemaklik met die gevolg dat sommige boere hul familieleden op die plaas gelaat het om die boerdery waar te neem en het dan self op die myne gaan werk. Die "Land and Immigration Board" meld byvoorbeeld in sy verslag van 1888 dat veral baie nedersetters op die goudvelde gaan werk het hoofsaaklik met die doel om boerderykapitaal op te bou. 'n Messelaar het byvoorbeeld op die myne £19 per maand verdien en oor die algemeen was die inkomste sodanig dat die gesinne van die afwesiges heeltemal welvarend kon leef.¹³⁾

(ii) Veediefstal.

Veediefstalle was ook hier vry algemeen net soos in die ander dele van Suid-Afrika waar die gronde van blankes en nie-blankes aanmekaar gegrens
het./

11) Natal Almanac, 1890, p. 272.

12) Vgl. Tabel XXVII, p. 105.

13) Ibid., p. 270.

het. Dat die omvang van die diefstalle sodanige afmetings aangeneem het dat dit deur selfs die wetgewers in 'n ernstige lig beskou is, blyk uit die verskillende wette wat in hierdie verband aangeneem is. Daar was byvoorbeeld die proklamasie van 25 Februarie 1870, Wet no. 10 van 1876, wet no. 30 van 1880 en wet no. 46 van 1884 wat in hoofsaak almal daarop neerkom dat dit vir 'n naturel 'n oortreding is om gesteelde vee in besit te neem of te versteek of om binne die grense van Natal vee van een plek na 'n ander te neem sonder 'n magtigingsbewys. Alles dui egter daarop dat die wetgewing aangeneem is in 'n poging om veediefstal aan bande te lê.

In noue aansluiting by die wetgewing om veediefstalle aan bande te lê, was die aanname van wet no. 48 van 1884 waardeur die beweging van natuurlike binne blanke gebied beheer is. Die wet het naamlik bepaal dat elke manlike naturel binne Natal verplig is om 'n pas te dra. Sou 'n naturel hom dus op ongeoorloofde grond begewe, kon dit maklik vasgestel word deur iemand wat hom raakloop.

(iii) Arbeid.

Arbeiders was aan die begin van die blanke vestiging in Natal nie juis 'n probleem nie, alhoewel die Engelssprekendes moeite ondervind het om met die natuurlike oor die weg te kom. Uit die aard van die saak was die natuurlike baie onbeskaafd en volgens hul tradisie moes die vrouens die werk doen. Diegene van die naturellemense wat by die blankes gaan werk het, was dus nie altyd opgewasse vir die taak wat aan hulle opgedra is nie. Die volgende opmerking van 'n korres-

pondent /

pondent in die Natal Almanac van 1873 gee dus blykbaar die posisie van die arbeiders getrou weer: „ Die inboorlinge besit vir alle doeleindes slegs sy barbaarse deugde en ondeugde, het geen lus vir werk nie en dit maak dat die toevloei van arbeiders onseker en wisselvallig is. Die behandeling van die naturelle-arbeiders moet streng maar regverdig wees en 'n goeie loesing indien verdien, word gewaardeer, en laat die baas in aansien styg.“¹⁴⁾ Ten einde te verseker dat jy 'n goeie jong sal hê, moet daar gedurende die eerste maand of drie dat die naturel in jou diens is, baie streng en nougeset opgetree word - niks moet oorgesien word nie. Voortdurende toesig bly noodsaaklik en dit is „indeed one of the greatest drawbacks to the enjoyment of a farmer's life in Natal.“¹⁵⁾ Die beste arbeiders is verkry uit die ouderdomsgroepe tussen tien en sestien jaar omdat hulle die maklikste gewoond geword het aan gereelde werk. Die gehalte van die diens was egter maar swak en die voormelde korrespondent meld dat alhoewel die loon in 1873 maar slegs vyf sjielings per maand was en baie min gelyk het, die nuwe intrekker nietemin gou sou uitvind dat hy ten volle betaal vir die arbeid gelewer.

Alhoewel die middel- en hoëveldstreke dus min en swak arbeiders gekry het, was die posisie in die kuststrook nog swakker en dikwels ernstig. So skryf die redakteur in sy inleiding tot die Natal Almanac van 1874 byvoorbeeld dat die tekort aan arbeiders in die suikerplantasies /

14) Natal Almanac, 1873, op.cit., p. 91-2.

15) Ibid.

plantasies baie ernstig is en indien daar nie verligting kom nie, die posisie inderdaad donker is.¹⁶⁾ Dit was juis hierdie gebrek aan arbeiders in die suikerplantasies wat aanleiding sou gee tot die invoer van koelies.

(iv) Veessiektes.

Ons het reeds opgemerk dat Natal met sy warm klimaat baie ongesond is en nie baie bevorderlik vir die veeboerdery nie, behalwe op die hooggeleë dele. Die bekende veessiektes soos brandsiekte en perdesiekte was ook daar heel algemeen alhoewel die verliese, behalwe in die geval van periodieke strawwe perdesiekte, nie epidemies van aard was nie. 'n Siekte wat eintlik eie was aan hierdie warm streke, was hartwater wat groot las veroorsaak het. Die gevaarlikste siekte onder die beeste was longsiekte wat in 1855 sy verskyning in Natal gemaak het en geweldige verliese onder die beeste veroorsaak het.¹⁷⁾ Die verliese het veral die Afrikaanssprekendes swaar getref omdat hulle vir 'n bestaan hoofsaaklik van hul vee afhanklik was. Die verliese aan beeste het egter die belangstelling in die merinoteelt aangewakker omdat skape minder vatbaar was vir siektes. Bokke het nog die minste siektes opgedoen maar in vergelyking met merino's was hulle minder voordelig om aan te hou.

6. Landbou-organisasies.

Ook in Natal het landbou-organisasies gehelp om die boerdery en die belangstelling van
boere /

17) Natal Almanac, 1874, op. cit., p. ii.

boere te bevorder, Die eerste vername landbouvereniging, die „Natal Farmers Club“ wat in Natal in 1867 gestig is, dien as 'n uitstekende voorbeeld van die ander organisasies wat later gestig is. Die Natal Farmers Club het hom onder andere die volgende ten doel gestel:¹⁸⁾

(i) Om van ervare boere alle nuttige inligting te bekom en hierdie inligting te versprei.

(ii) Om besprekings van landbouprobleme aan te moedig, wat sou dien as inligting vir die beginners en ook die wat nie so ervare was nie.

(iii) Om 'n leeskamer te voorsien met oorsese leestof oor landbou-aangeleenthede.

(iv) Om voorsiening te maak vir middele waardeur kopers en verkopers in verbinding met mekaar gestel kon word.

(v) Om met soortgelyke verenigings oorsee te skakel met die oog op die verkryging van inligting van belang vir boere.

Alhoewel die doelstellings van die vereniging veelomvattend was, het dit egter nie net getrou gebly aan bogenoemde doelstellings nie, maar selfs verder gegaan en ook tentoonstellings georganiseer ten einde boere te laat sien wat wel deur hul kollegas bereik is. Ook het hulle byvoorbeeld in 1870 daarop aangedring dat daar jaarliks 'n landbou-opgawe geneem moes word.¹⁹⁾ Vir daardie tyd was dit inderdaad 'n versierende wenk, maar
ongelukkig /

18) Natal Almanac, 1970, p. 178.

19) Ibid., p. 88.

ongelukkig is dit nie deur die owerhede aanvaar nie.

'n Vereniging soortgelyk aan bogenoemde is die „Pietermaritzburg Agricultural Society“, wat eienaardig genoeg in Durban gestig is.

Namate skaapboerdery toegeneem het en veral nadat wol 'n belangrike produk geword het, vind ons dat in Escourt in 1886 die „Natal Woolgrowers Association“ gestig is. Soos die naam aandui, was dit 'n vereniging vir die boere van geheel Natal, en alle boere kon aansoek doen om lidmaatskap. Hierdie vereniging het dus reeds in teenstelling met die voorgenoemde verenigings weggedoen met die plaaslike karakter en is op 'n provinsiale lees geskoei. Die doelstellinge daarvan was egter ook meer spesifiek as dié van die ander verenigings. Hy het hom toegelê op die ontwikkeling en beskerming van wol en bokhaar op die tuismark. Lede kon aansoek doen om die merk (stempel) van die vereniging op die bale wat vir verkoop bedoel was. Sodanige lede het onderneem om geen minderwaardige of besmette wol of bokhaar en ook geen skeersel van minder as twaalf maande te bemark nie. Op hierdie manier het die vereniging probeer om die gehalte van die wol en bokhaar wat op die mark kom, te waarborg. Die stempel van die vereniging op bale sou vir die kopers 'n waarborg wees van kwaliteit. Die bestuur het moontlik gehoop om langs hierdie weg die bemarking en bewerking van hul skeersels te vergemaklik en ook om op dié manier 'n beter prys vir hul produk te verkry. Lede wat die ooreenkoms nie nagekom het nie, sou as lede van die vereniging geskrap word en sowel hierdie feit as die aard van hul oortre-

ding /

ding sou in die nuusblaaie vermeld word.²⁰⁾ Die werksaamhede van hierdie vereniging moes noodwendig ook lei tot 'n verbetering van die kuddes en gevolglik ook van die skeersels.

Die werksaamhede van die twee behandelde landbouverenigings lewer afdoende bewys van die wydvertakte werksaamhede wat so 'n organisasie onderneem het en die maniere waarop hulle geprobeer het om die belange van hulle te bevorder.

7. Vordering.

Nieteenstaande al die moeilikhede waarmee die Natalse boere te kampe gehad het, het die boerdery tog gevorder. Die opvallende veranderinge wat ten goede tot omstreeks 1890 ingetree het, en van die welvarendheid van die gebied getuig, is goed geskets deur 'n korrespondent in die Natal Almanac van 1890 in 'n artikel „Farming in Natal”.²¹⁾ Hy skryf „Homesteads of a better class have sprung up on every side, and instead of the slab house and the solitary gum tree and the wattle mealie shed, are to be seen substantially built houses and outbuildings of every class, well sheltered by trees of every kind.”

(1) Lewende Hawe.

Die vooruitgang en die omvang van die landboubedrywigheede word moontlik die beste weerspieël deur die besprekings wat volg. Gegewens ten opsigte van lewende hawe verskyn reeds in tabel XXIV.

Tabel /

20) Natal Almanac, 1888, p. 248-251.

21) Ibid., 1890, p. 268-272.

Tabel XXIV.

Lewende Hawe in Natal in Bepaalde Jare.²²⁾

Jaar	Perde	Muile	Beeste	Wolskape	Ander skape	Angoras	Ander Bokke	Varke	Donkies
1876	15,280	913	129,122	384,322	382	31,945	30,031	10,204	42
1879	14,261	557	129,330	430,964	966	34,626	29,159	9,321	403
1883	19,604	1,272	163,346	411,250	1,099	81,601	5,538	15,626	510
1892	26,942	1,486	205,542	923,977	943	66,395	5,256	14,539	458
1893	25,169	1,094	198,751	897,224	4,854	59,453	3,682	17,873	436
1894	27,758	1,227	229,512	950,187	1,698	60,582	5,394	17,453	539
1896	28,088	1,781	242,165	794,396*	7,783**	62,878	57,511**	14,278	576
1897	26,921	3,790	125,992	649,475*	8,015	54,795	9,086	12,854	1,270
1898	32,771	1,360	155,456	537,739	5,880	85,307	13,203	15,081	1,360
1900	30,222	1,434	202,591	523,051	7,703	59,339	10,971	16,563	1,362
1904	49,569	-	314,756	534,340	-	176,504+	-	23,597	-
1911	75,567	-	456,087	1,105,023	414,235	127,452	861,822	110,332	-

22) Saamgestel uit gegewens in die Natal Almanac vir bepaalde jare, die Natal Statistical Yearbook en die Departmental Reports of Natal vir bepaalde jare. Die gegewens vir 1904 en 1911 is egter volgens die sensusverslae vir die bepaalde jare.

* Saamgestel uit opgawes van vee-inspekteurs.

** Van 1896 tot 1900 aangegee as kafferbokke en -skape. Die getal bokke vir 1896 is blykbaar foutief.

+ Alle bokke.

Uit tabel XXIV is dit duidelik dat, algemeen gesproke, daar 'n groot toename in die veestapel van die gebied sedert 1876 tot 1911 was. In die geval van perde vind ons dat gedurende die vier-en-twintig jaar van 1876 tot 1900 die toename slegs honderd persent was, naamlik van 15,280 tot 30,222, maar dat na 1900 die toename baie groter was. In die elf jaar na 1900 het die aantal perde nie net met honderd en vyftig persent bo dié van 1900 toegeneem nie, maar ook drie keer die getal sedert 1876 tot 1900. Die tempo van toename sedert 1900 was dus baie groter as die toename in getalle voor 1900. Hierdie gevolgtrekking geld nie slegs vir perde nie, maar feitlik vir alle tipe diere behalwe muile en donkies waarvoor gegewens na 1900 nie beskikbaar is nie. Ons kan egter aanneem dat die toename daar ook min of meer in ooreenstemming met die toename in die geval van ander lewende hawe sal wees.

In die geval van muile en donkies vind ons dat die groottotaal nooit enigsins noemenswaardige afmetings aangeneem het nie, waarvan ons dan ook moet aflei dat hierdie diere nie 'n vername bydrae tot die landbou-bedrywighede gelewer het nie.

Die getal beeste toon geen deurlopende stygende tendens nie, maar bereik nietemin die groottotaal van 242,165 in 1896 om dan onder die runderpes deur te loop en met byna die helfte verminder te word na 125,992 in 1897. Sedert laasgenoemde datum was daar 'n geleidelike toename in die aantal beeste alhoewel die toename nie baie indrukwekkend is nie.

Wat die skape betref, is daar van 1876 tot ongeveer 1892 'n baie vinnige toename in getalle want in laasgenoemde jaar wou dit voorkom asof die miljoental spoedig bereik sou word. Hierdie toename moet beskou word as 'n bewys van die toenemende mate waarin daar op die boerdery met wolskape oorgeslaan is. Eienaardig genoeg is daar sedert 1894 'n baie duidelike afname in die aantal wolskape tot 1904 waarna die toename weer vinnig is om in 1911 die rekordgetal van 1,105,023 te bereik. „Ander skape" se syfers toon 'n wisselende toe- en afname in getalle alhoewel die totaal vir 1911 baie hoog is.

Die aantal bokke neem ook geleidelik toe en dit is interessant dat met die vinnige toename in die aantal angorabokke die aantal ander bokke vinnig afneem veral ten opsigte van die periode omstreeks 1883. Vergelyk ons egter die jaar 1893 met dié van 1900 dan vind ons dat die getalle vir die twee jare omtrent presies dieselfde is vir sover dit angorabokke betref, maar dat die „ander bokke" gedurende die ooreenstemmende tyd taamlik toegeneem het, en wel van 3,682 tot 10,971. Na 1900 is die toename in albei gevalle groot.

Sedert 1883 tot 1900 het die aantal varke redelik konstant gebly. Dit is ietwat eienaardig indien 'n mens uit die hoeveelhede spek wat jaarliks geproduseer is, moet aflei dat daar 'n redelike vraag na die produk bestaan het. Dit wil dus voorkom asof die aanwas jaarliks slegs genoeg was om die geslagtes aan te vul. Na 1900 is die toename egter baie sterk.

(ii) Dierlike produkte.

In tabel XXV word 'n opgawe gegee van die opbrengs van dierlike produkte vir bepaalde jare in Natal.

Tabel XXV.

Dierlike produkte in Natal vir bepaalde jare. ²³⁾						
Jaar	Wol	Botter	Kaas	Spek	Bokhaar	Volstruis- vere
	lb	lb	lb	lb	lb	lb
1876	892,702	289,422	10,750	224,402	-	-
1879	1,251,966	632,067	4,480	283,968	-	-
1883	1,323,150	310,625	1,180	414,602	8,250	-
1892	1,807,083	402,991	1,237	639,378	15,374	-
1893	1,942,352	454,863	1,900	657,243	4,165	-
1894	2,807,475	564,545	2,847	536,786	-	-
1896	2,085,232	634,905	4,104	494,726	-	-
1897	1,518,400	375,255	2,030	420,895	-	-
1898	1,747,159	462,880	526	196,315	-	720
1900	1,773,231	461,363	7,110	341,355	30,600	£614
1904	2,431,979	696,173	8,404	54,380	116,870	-
1911	4,811,315	1,548,593	15,746	-	186,178	2,573 lb.

Indien ons die dierlike produksie met die getalle diere vergelyk, vind ons 'n baie nou korrelasie tussen die aantal skape en die hoeveelheid wol geproduseer. Wanneer die aantal skape toegeneem het, was daar 'n toename in die wolproduksie en andersom indien die aantal skape afgeneem het. Dit dui baie duidelik daarop dat indien die gehalte skaap wat aangehou is, verbeter het, die verbetering van kuddes baie langsaam geskied het.

Ook ten opsigte van die botterproduksie was daar 'n korrelasie tussen die aantal beeste en die botteropbrengs. Ons vind egter 'n uitsondering vir die jaar 1879 toe die botterproduksie meer as twee maal

soveel /

23) Saamgestel uit Natal Almanac, Statistical Yearbook en Departemental Reports.

soveel was as in 1876, 'n skrale drie jaar vantevore. Hierdie verhoogde produksie moet ons egter toeskryf aan die verhoogde vraag na produkte in die algemeen as gevolg van die oorlog met die Zoeloes toe groot getalle soldate van oorsee in die gebied van Natal opgetree het.²⁴⁾ Die prysstygings van enkele landbouprodukte word weergegee in tabel XXVI.

Tabel XXVI.

25)

Pryse van enkele landbouprodukte rondom 1879 in Natal.

Jaar	Koring	Mielies	Skape	Slagbeeste
	mud	mud		
1876	23/6	-	16/3	£ 9. 5.0.
1879	38/9	29/6	18/9	£12.10.0.
1883	25/-	-	17/9	£ 9. 2.0.

Tabel XXVI toon dat daar veral 'n sterk styging in die prys van akkerbougewasse was omdat die aanbod daarvan nie so maklik by die vraag aangepas kon word nie. Alhoewel die botterproduksie in 1879 ver bo die normale produksie was, kan ons aanneem dat dit gepaard gegaan het met 'n prysstyging ook ten opsigte van botter. Die oorlogsvraag het blykbaar nie die ander produkte so sterk beïnvloed as in die geval van botter nie, want selfs die kaasproduksie was heelwat onder die syfer vir 1876 maar aan die anderkant weer heelwat bo die syfer vir 1883. Gevolgtrekkings t.o.v. kaas kan dus moeilik gemaak word.

Die produksie van spek toon ook in 'n mate ooreenkoms met die getal varke in die betrokke jare, maar dit is opvallend dat nieteenstaande die groter getal varke in 1904 die spekproduksie baie laer is as in 1900.

Die /

24) Theal, Hist., op.cit., dl. 11, p. 298-352.

25) Saamgestel uit Natal Almanac vir bepaalde jare.

Die vereproduksie toon dat volstruise in Natal 'n baie onbelangrike rol in die landbou gespeel het. Die getal volstruise in Natal in die jare 1898, 1900 en 1904 was dan maar ook onderskeidelik 720, 1326 en 1518.

(iii) Akkerbougewasse.

Die oppervlakte onder sekere gewasse en die opbrengs daarvan word in tabel XXVII gegee.

Tabel XXVII /

Oppervlakte en opbrengs van sekere gewasse vir bepaalde jare in Natal.²⁵⁾

Produk	1876	1879	1883	1892	1894	1896	1897	1898	1900	1904	1911
Koring : Acre geoes Opbrengs mud	- 4,763	- 3,559	2,319 4,037	796 2,853	968 3,486	678 2,061	608 18,603	431 2,032	303 1,836	2,463	7,231
Mielies: Acre Mud	- 114,746	- 103,157	40,389 243,351	102,009 282,387	46,573 198,817	43,755 136,701	58,726 226,769	58,260 207,028	81,744 441,868	788,673	1,805,745
Kaffer- Acre koring : Mud	- 4,056	- 2,623	429 2,664	8,735 63,109	823 3,370	2,300 5,108	10,042 39,878	4,152 10,915	2,825 15,191	23,586	594,132
Hawer : Acre Mud	- 1,107	- 362	7,836 1,737	13,218 9,108	17,184 17,771	12,414 7,942	9,218 15,192	11,986 10,981	3,533 1,804	2,181	43,639
Gort : Acre Mud	- 718	- 504	419 8,500	1,381 772	1,352 -	859 1,971	649 2,229	1,003 2,846	761 1,398	1,620	2,807
Bone : Acre Mud	- -	- -	1,085 3,506	3,060 8,885	1,751 1,249	551 1,073	560 1,640	702 2,092	1,253 4,804	10,136*	44,087
Bokwiet: Acre Mud	- -	- -	49 140	104 256	128 8,198	186 322	172 329	120 431	168 420	-	-
Suiker : Acre Ton	- 12,648	- 8,603	12,637 16,477	13,030 15,552	15,034 18,969	19,415 110,839	18,945 365,366	20,612 581,534	31,737 331,477	43,248 29,298	1,095,034
Koffie : Acre lb.	- 393,147	- 123,928	860 164,928	434 65,075	358 28,254	324 315+	205 327	318 576	217 40,680	29,530	-
Tee : Acre lb.	- -	- -	33 4,500	1,883 571,420	2,211 1,362,830	2,302 793,100	2,665 848,830	2,667 1,037,589	4,162 1,679,600	4,471++ 2,075,975	5,007,091
Katoen : Acre lb.	- -	- -	35 17,348	150 89,600	160 23,200	350 125++	200 188++	- 1++	- -	- -	-
Tabak : Acre lb.	- 147,317	- 208,098	1,385 385,043	356 248,441	532 15,626	197 113,848	468 84,896	1,209 87,011	- 155,195	- 1,502,884	2,685,037
Aartappels: Acre Mud	- 36,947	- -	2,779 33,434	3,299 48,017	3,159 38,150	3,022 27,306	4,418 41,744	3,603 60,028	3,175 69,354	160,659	202,641
Patats : Acre Mud	- -	- -	1,740 32,834	3,571 87,208	1,921 151,931	2,335 61,806	5,517 109,510	2,187 26,219	1,422 43,834	44,688	285,905
Groente : Acre Waarde	2,562** -	5,197 -	6,193 -	5,197 -	6,193 -	3,385 £4,493	6,162 £4,199	1,725 £4,462	372 £33,1600	- 2,476 ton	-
Vrugte : Acre Waarde	- -	- -	- -	- -	- -	1,910 £12,526	2,238 £19,262	3,135 £29,982	3,531 -	17,204 10,514 ton	-
Rum : Gelling	93,136	57,580	164,106	171,710	157,706	85,490	20,678	97,852	-	-	46,733

* Bone en erte.

+ Vir 1896, 1897 en 1898 aangegee in tonne.

** Tot en met 1894 groente en vrugte.

++ Ton.

() Groente en vrugte.

²⁵⁾ Natal Statistical Yearbook vir betrokke jare en sensusverslae van 1904 en 1911.

Van die verskillende produkte waarvan besonderhede in tabel XXVII gegee is, is nie definitiewe tendense af te lei nie. Opmerklik egter is die groot hoeveelhede katoen wat aanvanklik in die gebied gekweek is, maar weens die siektes in die plant het dit langamerhand van onbeduidende waarde geword. Dieselfde geld in 'n mindere mate vir koffie, want ook hier het siektes in die bome die opbrengs baie nadelig beïnvloed. Verder blyk dit uit die tabel dat mielies, suiker, tee, tabak en groente in die algemeen van die vernaamste produkte van die gebied was. Die opbrengs daarvan het van jaar tot jaar gewissel omdat die opbrengs van die produkte so nou saamhang met die natuurgesteldheid. Om die mate van die akkerboubedrywighede beter te illustreer, word die oppervlakte wat onder gewasse van alle soorte tot 1900 onder verbouing was, in tabel XXVIII aangegee. Uit die tabel blyk dat daar 'n redelik konstante en redelik vinnige uitbreiding in die kweek van gewasse was van 1852 tot 1873, waarna daar 'n geringe afname in die oppervlakte bewerk, voorkom om na 1879 weer te styg, alhoewel nie teen dieselfde tempo as voor 1873 nie, en ook meer wisselinge vertoon.

Tabel XXVIII.

Oppervlakte bewerk in Natal gedurende bepaalde jare. ²⁶⁾							
Jaar	Acre bework	Jaar	Acre bework	Jaar	Acre bework	Jaar	Acre bework
1852	21,937	1874	177,358	1884	350,106	1895	452,816
1855	38,351	1875	191,808	1885	388,238	1896	371,358
1858	29,029	1876	197,724	1886	402,880	1897	597,849*
1861	51,963	1877	209,318	1887	319,333	1898	551,105
1863	44,539	1878	225,799	1889	342,515	1899	542,327
1866	82,127	1879	206,610	1890	346,015	1900	636,374
1868	138,997	1880	298,110	1891	391,237	* Sedert 1897 is Zoeloe- land inge- sluit.	
1871	175,335	1881	330,762	1892	397,018		
1872	165,247	1882	334,619	1893	519,744		
1873	213,672	1883	338,248	1894	501,366		

(iv) /

Tabel XXIX.

Plaasmasjinerie in gebruik in Natal in bepaalde jare.		27)					
Tipe Masjien		1896	1897	1898	1900	1904*	1911*
Ploeë:	Blank	5646	2792	6665	6848	12039	37001
	Nat.	16864	18849	14808	10043		
Harke:	Bl.	2171	2463	2908	2889	46411	-
	Nat.	475	920	739	366		
Waens:	Bl.	2562	2257	2814	2747	2573	5266
	Nat.	938	1196	900	594		
Karre:	Bl.	1744	1790	2067	3088	1670	3694
	Nat.	472	651	506	587		
Snymasjiene:	Bl.	407	456	599	748	998	1559
	Mat.	1	2	1	2		
Oesmasjiene:	Bl.	146	176	194	413	106	300
	Nat.	7	11	-	-		
Roomafskeiers:	Bl.	252	244	356	413	310	1733
	Nat.	11	-	-	-		
Ander Masjinerie:	Bl.	857	1571	1855	-	1790	-
	Nat.	19	213	54	-		
Dorsmasjiene:	Bl.	-	-	-	436	115	269
	Nat.	-	-	-	1		
Wanmasjiene:	Bl.	-	-	-	225	282	-
	Nat.	-	-	-	1		
Aartappelplanters:	Bl.	-	-	-	27	508**	-
	Nat.	-	-	-	-		
Hooiharke:	Bl.	-	-	-	492	720	1294
	Nat.	-	-	-	2		
Stropers:	Bl.	-	-	-	107	-	300
	Nat.	-	-	-	-		
Voerperse:		-	-	-	-	347	484
Koringmeulens		-	-	-	-	1290	

* Vir die jare 1904 en 1911 geld die getalle vir alle rasse.

** Die syfer kan moontlik foutief wees daar dit 'n buitengewone toename verteenwoordig.

(iv) Plaasmasjinerie.

Die plaasmasjinerie wat in die boerderybedryf in Natal van 1896 af gebruik is, word in tabel XXIX aangegee. Uit die syfers blyk dit baie duidelik dat die meeste gereedskap deur blankes gebruik is. Eienaardig genoeg was die aantal ploë in besit van Naturelle baie meer as die aantal in besit van blankes. Hierdie verskynsel moet verklaar word in die lig van die feit dat die naturelle as geheel slegs eenskaarploë gebruik het terwyl die blankes weer meestal van ploë met meer as een skaar gebruik gemaak het. Die syfers toon verder 'n gereelde toename in die aantal plaasmasjinerie wat gebruik is. Vir sover gegewens verkrygbaar was, is die toename tussen 1904 en 1911 opvallend en dui op die grootskaalse uitbreiding gedurende die laaste gedeelte van die periode onder behandeling in hierdie hoofstuk. Die groter gebruikmaking van masjinerie stem ook ooreen met die groter oppervlakte onder bewerking wat daarop dui dat die gebruik van masjinerie deels verantwoordelik kon wees vir die groter bedrywigheid op akkerbougebied.

8. Staatshulp.

Alhoewel daar reeds in 1895 'n Departement van Landbou in Natal in die lewe geroep is, was die werksaamhede van die Departement nie baie in die ooglopend en die resultate wat behaal is, ook nie altyd bemoedigend nie. Weens die baie veesiektes waaraan die veestapel in Natal onderhewig was, het die Natalse

regering /

regering vroeg reeds 'n staatsveearts aangestel om 'n oog te hou oor die welvaart van die veestapel van die gebied. Sy werksaamhede het dan ook daarin bestaan dat hy ondersoek moes instel na alle siektes wat aangemeld is, rapport daaroor moes uitbring en pogings moes aanwend om 'n teenmiddel teen die siekte te vind. Ten opsigte van die siektes waarteen daar nie 'n bekende middel bestaan het nie, het hy ingegaan op moontlike middels en veral deeglike ondersoek ingestel na die verskillende rate wat boere as van waarde beskryf het. Namate die veestapel uitgebrei en soos omstandighede vereis het, is hom hulp verleen in die vorm van veeinspekteurs. Dit was veral die geval in 1897 toe die runderpes tot by die grense van Natal gekom het. Alle pogings is deur die regering en in besonder die Departement van Landbou in Natal in die skaal gewerp om die gevreesde siekte uit die gebied te hou. Die grense van die gebied is bewaak deur een hoofinspekteur, 21 inspekteurs, 127 blanke wagte en 679 naturellewagte. Dan was daar by die verskillende ontsmettingstasies waar dierlike produkte en goedere wat die gebied binnegekom het, ontsmet is, nog 11 blankes, 44 naturelle en een koelie werksaam.²⁸⁾

In verband met die pogings ter bestryding van die runderpes het die regering van Natal gedurende 1897 ook 'n dubbele draadheining, die tweede 250 tree van die eerste, op die grense van die gebied aangebring in 'n poging om die siekte uit te hou. Ook is die boere by wyse van lenings op maklike terme aangemoedig om hul eie

grond /

28) Verslag van die Direkteur van Landbou, 1897, p. H. 142.

grond te omhein om 'sodoende die veetroppe binne die gebied ook van mekaar te hou. Alhoewel ses-en-tagtig aansoeke om lenings ten bedrae van £9,102-16-3 toegestaan is, het slegs ses-en-dertig boere hul omheinings teen die einde van 1897 voltooi.²⁹⁾ Ons kan net byvoeg dat al hierdie voorsorgmaatreëls niks gebaat het nie en dat, toe die siekte sy verskyning gemaak het, dit op wydverspreide plekke en binne veertien dae in nege distrikte uitgebreek het.

'n Belangrike voorwaartse stap was die besluit van die regering om die dip van vee verpligtend te maak ten einde sekere veesiektes soos brandsiekte en longsiekte te bestry.³⁰⁾

Pogings is ook in werking gestel om besproeiingskemas te ontwikkel en 'n beampte is aangestel om die aanvoer- en opmetingswerk te doen en die moontlikhede van die verskillende moontlike skemas aan die regering voor te lê.

In 1891 is ook 'n bosbewaarder aangestel in 'n poging om die boswese in Natal te ontwikkel en beter te benut. Die pogings was egter aanvanklik baie halfhartig want hoewel die bosbewaarder nog in dieselfde jaar 'n kwekery aangelê en duisende bloekomboompies gekweek het met die oog op aanplanting, moes hy aan die einde van dieselfde jaar die kwekery laat vaar weens gebrek aan fondse en die plantjies aan privaat persone en die spoorweë verkoop.³¹⁾

9. /

29) Verslag van die Direkteur van Landbou, 1897, p.H.159.

30) Ibid., p. 165.

31) Natal Blue Book, Departmental Reports, 1891, p. F9.

9. Samevatting.

Uit hierdie hoofstuk blyk dit dat die veeteelt van die begin die vernaamste vertakking van die landboubedrywighe was, maar dat teen die einde van die negentiende eeu en ook na 1900 die akkerboubedrywighe vinnig toegeneem het, nie net ten opsigte van die oppervlakte wat bewerk en die hoeveelheid wat geproduseer is nie, maar ook ten opsigte van die toenemende gebruik wat daar van plaasmasjinerie gemaak is. Verder het ons ook die toename in die skaapbedryf aangedui wat teen die einde van die periode onder oënskou, ontwikkel het tot een van die belangrikste vertakkinge van die veeteelt. Dit het ook duidelik geword dat die gebied se landbouontwikkeling gestrem is deur natuurlike faktore waarvan veesiektes omtrent die belangrikste was. Dit is dan ook veral om hierdie moeilikhede die hoof te bied dat die regering in 1895 'n Landboudepartement in die lewe geroep het, maar ongelukkig kon ons nie veel gegewens vind om die werkzaamhede van die Departement ten opsigte van die landboubedryf te illustreer nie.

- - - - -

HOOFSTUK V.

LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE TRANSVAAL TOT 1910.

1. Inleiding.

Net soos die Trekkers in Natal, het ook die nuwe intrekkers in Transvaal aanvanlik in 'n gebied beland wat baie geskik en gesond is vir veeboerdery. Louis Trichardt, die leier van die eerste trekgeselskap na Transvaal, het egter in sy poging om by die Portugese uit te kom, noordwaarts deur hierdie gesonde streek getrek tot in die vrugbare maar ongesonde laeveld.¹⁾ Trichardt se beeste het baie gevrek, moontlik aan 'n siekte wat deur die tsetsevlieg wat in 1836 sover suid as die krokodilrivier noord van die Magaliesberge aangetref is, veroorsaak is.²⁾ Ook was die laeveld vir die blankes baie ongesond weens die ernstige omvang wat malaria aangeneem het, en nie net Trichardt en sy geselskap het dit deeglik ondervind nie,³⁾ maar ook die eerste blankes te Ohrigstad en Schoemansdal.⁴⁾

Die Trekkers wat hulle in Transvaal gaan vestig het, het die gebied na 'n baie lang en moeisame reis per ossewa bereik en ons moet tot die slotsom kom dat hulle nie veel uit die Kaapkolonie saamgebring het nie. Slegs die noodsaaklikste meubels was op die wa en behalwe hul vee, het hulle dus nie veel besit nie. Die boerdery-
bedrywighede /

1) Trigard, 1ste Dagboek, 20 Sept. 1836, meld dat reeds 100 beeste gevrek het en dat die vrekte nog lank voortduur. Vgl. 2de dagboek.

2) Henning, Animal Diseases in South Africa, p. 523.

3) Trigard, 2de dagboek, 2, 3 en 4 November 1837.

4) Pelzer, A.N., Historiese Studies, Jaargang 11, nr.3, p. 142-3.

bedrywighede was dan ook hoofsaaklik toegespits op veeboerdery terwyl akkerbou slegs op klein skaal beoefen is om in eie behoeftes te voorsien.⁵⁾ Dit is met die oog hierop dat die boere hulle gewoonlik by 'n stroom of fontein gevestig het, ten einde o.a. water vir besproeiing te kon bekom. Die nedersettings langs Mooirivier, Potchefstroom, Ohrigstad, Lydenburg, Rustenburg en Pretoria is voldoende getuie van hierdie neiging. Die kweek van gewasse was uitsluitlik beperk tot waterlande, terwyl droëlandboerdery onbekend was. Produksie van gewasse was aan die begin slegs toegespits op die voorsiening van eie behoeftes, maar het nietemin 'n baie belangrike rol gespeel.

Alhoewel veeboerdery die vernaamste vertakking van die bedryf was, was dit ook nie baie omvangryk nie, weens die groot verliese langs die trekpad. In sekere gebiede soos by Ohrigstad en Schoemansdal het die boere boonop ook nog baie naby mekaar gewoon sodat die weiveld beperk was.⁶⁾ Die feit dat hulle so naby mekaar gewoon het, het egter die voordeel gehad dat hulle gesamentlike leislote kon maak, wat andersins vir die individuele boer onmoontlik sou gewees het. Vee en veeprodukte was die vernaamste kommersiële artikels waarmee die benodigdhede van elders verkry kon word. Verder was die omvang van die veestapel ook 'n aanduiding van persoonlike rykdom.

2. Plase.

Die grootte van die plase in Transvaal was

maar /

5) Verslag van Carnegie-kommissie, dl. 1., p. 32.

6) v.d. Walt, Wiid en Geyser, Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. 11, p. 219.

maar min of meer dieselfde as in die ander gebiede, naamlik om en by die 3,000 morg. Ook het die boere hul op bepaalde plekke gevestig en die grond daaromheen as hul plaas beskou en toegeëien, Mettertyd het daar in Transvaal, net soos die geval in Natal was, 'n tweeplaasstelsel ontwikkel. In die somer is die vee op die hoëveld gehou, maar met die koms van die winter wanneer die weiding op die hoëveld skaars geword het, is die vee na die laeveld geneem. In 1853 is egter bepaal dat almal wat na 1842 die gebied binnegekom het, slegs op een plaas geregtig sou wees. Laasgenoemde datum is later verskuif na 1852 en in 1890 weer na 1866. Die reg om grond te besit is egter in 1880 ook net tot bepaalde persone beperk want in daardie jaar is Engelse en Duitsers verbied om plase te besit.⁷⁾ Die prys van plase was baie laag en selfs in 1871 het 'n sekere v.d. Walt die waarde van sy plaas op £25 gestel en sy twee perde op £30 stuk.⁸⁾

3. Boerderybedrywigheide.

(i) Veeteelt.

Aanvanklik was beesboerdery die ver-
naamste boerderyvertakking en het wolskape voor die ses-
tiger jare nie veel aandag geniet nie, Die prys van wol
was laag en daarby moes dit onder moeilike omstandighede
oor geweldige afstande na 'n mark vervoer word. Dit is
eers na die instelling van bepaalde markte in Transvaal
dat wolskaapboerdery meer aandag geniet het.^{8a)} Voeg

hierby /

7) Naude, P., Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, p. 66.

8) Tomlison, F.R.; Smith, D.J.G., en Kotze, H.A., Honderd Jaar Landbou in Transvaal, Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Oktober 1956; vgl. ook Pelzer, Wordingjsare, p.181.

8a) Ibid.

hierby nog die feit dat skape meer aandag as beeste vereis het en ook roofdiere makliker tenoprooi kon val, dan is dit duidelik waarom voorkeur aan beeste gegee is.

Sedert 1860 het wolskape egter al hoe meer aandag geniet en het die ontwikkeling veral op die kaal hoëveld wat eers vermy is weens sy skaarste aan hout, plaasgevind. Die troppeis, behalwe vir die natuurlike aanwas, aangevul met vee uit die Vrystaat waar hulle vir landbouprodukte geruil is. Indien 'n Transvaalse boer skape wou bekom, het hy 'n wvrag akkerbougewasse na die Vrystaat geneem en dit daar vir merino's verruil.⁹⁾

(ii) Graan.

Behalwe die veeboerdery het die verbouing van koring en mielies op ~~taam~~like groot skaal geskied. So is daar byvoorbeeld reeds in 1859 meel ter waarde van meer as £8,000 na die Vrystaat uitgevoer. In Potchefstroom¹⁰⁾ is verder in 1872 weekliks omtrent 500 mud koring gemaal. Die kweek van gewasse het in werklikheid moontlik eers na die ontwikkeling van die Witwatersrand sterk ontwikkel toe daar vir die groot konsentrasie verbruikers geproduseer moes word.

(iii) Tabak.

Tabak is moontlik een van die produkte wat van die begin af op redelik groot skaal verbou is. Eers was dit slegs vir eie gebruik en die gehalte daarvan was hoog. Geleidelik het die produksie egter uitgebrei en /

9) Engelbrecht, S.P., Geskiedenis van die Nederduits-Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, dl. 1, Bylaag L.

10) Burgers, T., Schetzen uit Transvaal, p. 51.

en 'n kommersiële kleur aangeneem. Mettertyd is dan ook aansienlike hoeveelhede na die buurstate uitgevoer. Teen die tagtigerjare het die ander gebiede egter beskermende maatreëls aangeneem wat die bedryf 'n ernstige knou toegedien het. Met die ontwikkeling van die Witwatersrand het die bedryf egter weer herstel.¹¹⁾

(iv) Vrugte.

Niemand minder as Cecil Rhodes het 'n belangrike aandeel gehad in die ontwikkeling van die vrugtebedryf in Transvaal. Op 'n plaas Nooitgedacht het hy 'n kwekery met 50,000 bome uit Kalifornië begin. Die een plaas na die ander is by die onderneming gevoeg en teen 1897 was die waarde van sy plase ongeveer £250,000. Sy plan was om 'n uitvoermark vir Transvaalse vrugte op te bou en hy het hom veral toegelê op pere, appels, perskes en pruime. Met die oog hierop het hy deskundige sorteerders en verpakkers uit Amerika laat kom, en het selfs planne laat ontwerp vir die bou van besproeiingswerke sowel as vir 'n inlêfabriek.¹²⁾

4. Boerderyprobleme.

(i) Veesiektes.

Net soos in die ander gebiede wat ons reeds bespreek het, is Transvaal ook getref deur verskillende siektes wat meestal uit die ander gebiede daarheen gekom het. Ons sal slegs enkele van die vernaamste siektes hier behandel.

(a) /

11) Tomlinson, e.a. op. cit.,

12) Williams, Cecil Rhodes, p. 302.

(a) Longsiekte.

Een van die kwaaieste siektes waarmee die Transvaalse boer kennis gemaak het, was long-siekte. Hierdie siekte wat soos 'n veldbrand oor die Kaapkolonie noordwaarts versprei het, het die kuddes in die Transvaal reeds gedurende 1855 getref.¹³⁾ Die beesboere het magteloos teenoor die siekte gestaan omdat daar geen voorbehoedmiddel of geneesmiddel bekend was nie. Soos in die ander gebiede moes die siekte die kuddes in Transvaal geweldig verminder het en moes dit seker etlike jare geneem het om die verliese weer goed te maak.¹⁴⁾ Ander siektes wat die beeste ook gekry het, maar wat nie sulke epidemiese afmetings aangeneem het nie, was rooiwater en bek- en klouseer.

(b) Runderpes.

Runderpes wat onder beeste in Transvaal gedurende 1896 voorgekom het, was so erg dat vir die ouer geslag dit gedien het as 'n jaar waarvolgens berekeninge gemaak is. Die siekte het vinnig deur die gebied versprei nieteenstaande voorsorgmaatreëls soos die beperking op die beweging van beeste. Die tol wat die siekte geëis het, was baie hoog, naamlik 916,013 of min of meer vyftig persent van die beeste in Transvaal.¹⁵⁾ Die terugslag van hierdie epidemie was des te gevoeliger omdat die gebied gedurende 1894-5 deur sprinkane en droogte geteister is en dit ook reeds verliese veroorsaak het. Om die nood na die runderpes te verlig het die regering voedsel en trekdiere opgekoop en onder die ge-teisterdes /

13) Henning, op. cit., p. 170-1.

14) Aylard, A., The Transvaal of today, p. 166.

15) Naude, op. cit., p. 419.

teisterdes versprei. Die aantalle en hoeveelhede wat vir verspreiding aangekoop is, was: Mielies 214,088 sak, mieliemeel 6,446 sak, boermeel 5,091 sak en meelblom 19,529 sak.¹⁶⁾

Die diere wat aangekoop is, het hoofsaaklik uit donkies en muile bestaan, en die distrikte wat die swaarste deur die runderpes getref is, het die meeste ontvang. Uit tabel XXX kan afgelei word watter distrikte die swaarste deur die runderpes getref is.

Tabel XXX.

Donkies en muile aan verskillende distrikte toegeken¹⁷⁾
na die runderpes.

Distrik	Aantal Donkies	Aantal Muile
Lichtenburg	664	-
Klerksdorp	200	-
Soutpansberg	1,210	34
Marico	655	8
Wolmaransstad	450	-
Rustenburg	1,428	54
Waterberg	782	22
Potchefstroom	646	83
Pretoria	1,114	178
Krugersdorp	100	-
Middelburg	-	16
Lydenburg	-	6
Ventersdorp	-	25
Totaal	7,249	434

Uit hierdie tabel kan ons seker ook tot die gevolgtrekking kom dat na die runderpes donkies op groot skaal as trekdieren gebruik is.

Die /

16) Naude, op. cit., p. 273.

17) Rapport van regeringskommissie, aangehaal deur Naude, op. cit., p. 273-4.

Die verliese as gevolg van die runderpes was baie gevoelig, maar soos so dikwels uit die kwade goed gebore word, so het ook die runderpes aanleiding gegee tot die begin van 'n veeartsenykundige diens in Transvaal toe A. Theiler aangestel is as staatsveearts en belas is met die ondersoek na veesiektes.

(c) Brandsiekte.

Brandsiekte het algemeen in Transvaal voorgekom en uit die verliese wat die siekte in die Kaapkolonie veroorsaak het, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat die siekte ook hier in die noorde aansienlike skade berokken het. Daarby kom nog dat in Transvaal daar nie soos in Natal wetgewing was wat die bestryding van die siekte verpligtend gemaak het nie.¹⁸⁾

(d) Perdesiekte.

Hierdie siekte het die perde-teelt baie aan bande gelê en was vir die boere 'n groot struikelblok omdat in daardie dae die perd 'n algemene rydier en trekdier was en terselfdertyd die vinnigste middel van vervoer. Die groot verliese wat dit soms veroorsaak het, blyk uit die feit dat slegs in die distrik van Christiana in 'n enkele seisoen 2143 perde aan die siekte gevrek het.¹⁹⁾ Die gevolg was dat perde altyd skaars was en die prys daarvan hoog. Ongesoute perde is verkoop teen van £10 tot £20 stuk, terwyl gesoute perde van £30 tot £50 behaal het.²⁰⁾

'n Ander /

18) Naude, op. cit., p. 36.

19) Pelzer, Armblanke, Historiese Studies, Jaargang 2, nr.3, aangehaal deur Naude.

20- Jeppe, Fred., Transvaal Book Almanac and Directory for 1881, p. 105-6.

'n Ander siekte wat waarskynlik ook ernstige verliese onder perde ten gevolge gehad het, was Droës, want in 1894 word 'n wet aangeneem „tot het maken van betere voorsiening om de verspreiding tegen te gaan van die Ziekte onder paarden 'Droës' genaamd". 21)

(ii) Oorstromings en Droogte.

Behalwe die droogtes wat sekere dele soos bv. Lydenburg getref het,²²⁾ of die algemene droogte van 1894-5 is sekere gebiede ook deur oorstromings getref. So byvoorbeeld was daar in 1893 geweldige oorstromings in die gebied van die Krokodilrivier en volgens die bevindings van 'n kommissie van ondersoek wat aangestel is, is 22 woonhuise totaal weggespoel, 18 het ingesak en 82 was gedeeltelik onder water en van 122 boerderye het geen land of watervoor oorgebly nie.²³⁾ Die omvang van die skade was dus groot en dit moes inderdaad lank geneem het om alles weer op te bou en die skade in te haal.

(iii) Naturelle-arbeid.

Net soos in die ander gebiede in Suid-Afrika het die boere in Transvaal ook veel las gehad van veediefstalle deur naturelle, en om die euwel teen te werk het die Volksraad in 1870 'n wet aangeneem om beheer oor die beweging van naturelle uit te oefen. Die wet het bepaal dat alle naturelle 'n pas moes dra en nie sonder die /

21) Wet no. 8 van 1894, aangehaal deur Naude.

22) Theal, Hist., op.cit., dl. 1, p. 248-9.

23) Verslag van Kommissie van Onderzoek, 1893, aangehaal deur Naude, op. cit., p. 282.

die toestemming van die landdros op goewernementsgrond mag woon nie.²⁴⁾ Oortreding ten opsigte van hierdie bepaling het meegebring dat die naturel onder kontrak by 'n burger in diens geplaas kon word.²⁴⁾

In 1872 is die wetgewing uitgebrei en is bepaal dat 'n naturel jaarliks £1 vir sy pas moes betaal en dit sal dan ook slegs uitgereik word indien die naturel 'n huurkontrak kon toon. Alleen naturelle wat in diens van blankes was, sou dus op 'n pas geregtig wees.²⁵⁾ Hierdie maatreël is egter weer in 1873 gewysig en toe is passe weer gratis uitgereik, blykbaar omdat die £1 wat die naturelle moes betaal, hul weerhou het om by die blankes te kom werk. Nou was daar egter 'n verklaring van die werkgewer nodig om 'n pas te bekom. Die aantal naturelle-arbeiders per burger is egter ook beperk omdat geen burger volgens die wet meer as tien passe kon laat toeken nie.

Dit wil dus voorkom asof die wetgewing van 1873 die tekort aan naturelle-arbeiders wou verlig deur dit vir die naturelle makliker te maak om passe te bekom en daarby om die beskikbare arbeiders onder die boere te versprei, vandaar dat geen burger meer as tien passe kon laat uitreik nie. Die behoefte aan arbeiders het teen hierdie tyd begin toeneem, veral in Wes-Transvaal waar die ontdekking van diamante 'n vraag na landbouprodukte geskep het en die boere vir die mark geproduseer het. Die lone op die myne was egter heelwat aantrekliker as dié van die boere /

24) Wet no. 9 van 1870.

25) Wet no. 3 van 1872.

boere met die gevolg dat die naturelle voorkeur aan die myne begin gee het. 'n Loon van £1.10/- kontant en nog vry voeding was die algemene reël op die myn terwyl die boere heelwat minder betaal het.²⁶⁾ Teen die negentigerjare was daar 'n verdere groot vraag na naturelle-arbeid as gevolg van die spoorweg- en mynboubedrywigheide in Transvaal en het die arbeidsposisie akuut gebly.

5. Markte.

Markte bly 'n baie belangrike faktor in enige gemeenskap en vir Transvaal, ver verwyder van die see en die meer ontwikkelde Kaapkolonie was markte dus van uiterste belang. Dit wek dan ook geen verbasing nie dat reeds vroeg pogings aangewend is om 'n mark tot stand te bring. Die eerste poging in hierdie verband was blykbaar die mark van Potchefstroom waar reeds in 1858 groot hoeveelhede landbouprodukte van die hand gesit is soos blyk uit tabel XXXI.²⁷⁾

Tabel XXXI.

Waarde van goedere op Potchefstroomse Mark verkoop in.
1858.

Tydperk	Getal waens wat mark besoek het	Waarde van verkope
3 tot 17 April	55	£8,819-1-1
19 April tot 8 Mei	62	6,489-7-5
8 Mei tot 8 Junie	85	6,350-3-0
8 Julie tot 8 Augustus	49	4,397-7-3
8 Augustus tot 8 Sept.	64	15,559-7-5
1 November tot 1 Des.	124	12,513-5-2
		Die /

26) Payton, C., The Diamond Diggings of South Africa, p. 137.

27) Staatscourant: 30 April, 14 Mei, 11 Junie, 13 Aug., 10 September, 24 Des., 1858, aangehaal deur Naude, op. cit.

Die ontdekking van diamante het veral die pryse van lewende hawe sterk beïnvloed maar nie die prys van akkerbougewasse in dieselfde mate nie. Die pryse van beeste het in Wes-Transvaal byvoorbeeld gestyg van £3 tot £12.²⁸⁾ Die invloed op gewasse blyk uit die pryse vir bepaalde produkte wat in 1863 en 1873 onderskeidelik op die Potchefstroomse en Kimberleyse markte behaal is.²⁹⁾

Tabel XXXII.

Pryse van bepaalde produkte te Potchefstroom en Kimberley.						
Produkt	Pryse in 1863 te Potchefstroom			Pryse in 1873 te Kimberley		
	£	s	d	£	s	d
Aartappels per sak	1	2	6	3	0	0 tot £3.15/-
Botter per pond		1	0		6	0
Eiers per dosyn		-			4	6
Hoenders		1	6		4	6
Boermeel (mud)	2	11	0	2	5	0 tot £3.17/-
Osse	7	10	0	7	0	0 tot £10.

Die twee periodes lê sover van mekaar dat 'n mens nie sonder meer 'n vergelyking kan tref nie, omdat die pryse van dieselfde produkte in 1873 te Kimberley moontlik nie veel verskil het van dié in 1863 nie. In hierdie verband is dit moontlik eerder waar dat ons die uitwerking van die diamantbedrywighede nie moet oorskat nie.³⁰⁾

Die mynbedrywighede het 'n groot vraag na landbouprodukte geskep, maar dit wil voorkom asof die boere ook in Transvaal nie op die veranderinge voorbereid was nie en die geleenthede nie ten volle kon benut nie. Die

Volkstem /

28) De Kiewiet, C.W., A History of South Africa, Social and Economic, p. 120.

29) Staats Courant: 12 Sept. 1863 en de Volkstem: 13 Des. 1873, aangehaal deur Naude, op.cit., p. 138.

30) Vergelyk Tomlinson, e.a., op.cit., p. 147.

Die Volkstem van 17 Oktober 1873 skryf dan ook: „De Transvaal is een heerlyk land voor de boerdery toch boert er haast niemand in den waren zin des woords.“³¹⁾ Feit bly dat die verandering baie skielik was en die boere op die verkeerde voet gevang het. Ook is hulle planne heel dikwels deur faktore buite hul beheer in die wiele gery. So byvoorbeeld was daar as 't ware 'n toestand van hongersnood op die delwerye te Lydenburg as gevolg van droogte, sprinkane en rooiwater onder die beeste wat die transport na daardie gebied heeltemal lamgelaê het.³²⁾ Die koms van die spoorweë het die invloed van die nuwe afsetmoontlikhede verder van die werklike punt van bedrywigheide gedra, maar die boere in die onmiddellike omgewing moes daarby ook hul voordeel ten opsigte van hulle ligging inboet.

Die groter vraag na lewensmiddele en veral die groter koopkrag van die naturelle het nietemin die vraag na koring en veral mielies sterk beïnvloed. Dit het byvoorbeeld aanleiding gegee tot die beoefening van droë-landboerdery wat later heeltemal algemeen geword het. Tog kon die uitbreiding van die oppervlakte onder bewerking alleen nie in die groeiende vraag voorsien nie. Eers teen ongeveer 1896 kon die Transvaal in die plaaslike aanvraag na mielies voorsien, en toe was die verbruik op die Witwatersrand reeds ongeveer 800,000 per jaar. Gedurende tye van droogte soos in 1889 en weer in 1895 het die plaaslike produksie ver tekort gekied en /

31) Aangehaal deur Naude, op. cit., p. 139.

32) Theal, Hist., dl. 1, op.cit., p. 248-9.

en moes die posisie verhelp word deur die opheffing van die invoerbelasting op voedingsmiddels.³³⁾ Die groot konsentrasie van verbruikers op die Witwatersrand en die algemene vraag na landbouprodukte wat daar moes ontstaan het, word in 'n mate weerspieël deur die groot verbruik van mielies omstreeks 1896 soos hierbo aangedui.

Dit wil dus voorkom asof die Transvaalse boere nooit gedurende die periode onder bespreking enigsins werklik van die toenemende vraag na landbouprodukte kon gebruik maak nie, want teen die einde van die eeu het die Engelse Oorlog uitgebreek. Na hierdie oorlog moes die meeste boere van vooraf begin. Nietemin moet ons hieruit egter nie aflei dat die boere nie surplusse gelewer het nie. In watter mate dit wel die geval was, blyk duidelik uit Tabel XXXVI, p. 133

6. Landbou-organisasies.

Ook in Transvaal is pogings aangewend om landbouverenigings te stig. Die eerste om tot stand te kom was die „Maatschappij van Landbouw en Veeteelt voor de Transvaalse Republiek" in 1866 te Potchefstroom. Dit was egter 'n organisasie wat meer deur belanghebbendes as deur boere gestig is, en was 'n vereniging eerder vir as van die boere. Dit is ook nie baie gunstig ontvang nie en selfs die eerste tentoonstelling het min ondersteuning geniet.³⁴⁾ Die gebrek aan belangstelling moet moontlik ook aan ander oorsake toegeskryf word. Teen 1866 was die landbou-ontwikkeling /

33) Naude, op. cit., p. 146-149.

34) Ibid., p. 303-312.

ontwikkeling in Transvaal eintlik maar nog in sy kinder-skoene en het die boere nie die nodigheid vir so 'n vereniging en ook nie die waarde daarvan ingesien nie.

Die gedagte aan landbouverenigings het egter oral aandag geniet. Vooruitstrewende boere het besef dat so 'n organisasie kon dien as 'n kragtige aanmoediging vir alle vertakkinge van die boerdery. Verenigings het dan ook mettertyd op al die vernaamste sentra tot stand gekom. Die eerste werklike landboutentoonstelling van landboupprodukte deur boere georganiseer, is in 1887 te Middelburg gehou. By monde van landdros Human van Middelburg, het die komitee wat die tentoonstelling georganiseer het, by die staat aansoek gedoen om finansiële steun, en £50 is aan hulle toegeken. Hierdie beginsel is later konsekwent deur die Uitvoerende Raad van die Republiek deurgevoer.³⁵⁾ In die jare 1892, 1893 en 1894 is onderskeidelik £1,000, £4,000 en £6,000 deur die Volksraad gestem om as lenings vir die verenigings aangewend te word. In 1893 het Pretoria alleen £1,000 ontvang, Potchefstroom £500, Klerksdorp £250 en Middelburg, Barberton en Ermelo £200 elk. Later is selfs hoër voor-skotte gemaak, en in 1898 het die landbougenootskap van die Witwatersrand £5,000 ontvang.³⁶⁾

Die verskillende verenigings het egter 'n plaaslike karakter behou behalwe die Witwatersrandse Landbougenootskap wat in 1894 in die lewe geroep is en in 1895 sy eerste tentoonstelling gehou het. Hierdie landbougenootskap het later dwarsdeur die land bekend geword

vir /

35) Naude, op. cit., p. 314.

36) Thom, op, cit., p. 100-101.

vir sy jaarlikse tentoonstellings.³⁷⁾

Namate die organisasies toegeneem en belangstelling gegroei het, het die gedagte aan 'n samesnoerende liggaam langsamerhand posgevat en so het in 1897 die Transvaalse Landbou-unie tot stand gekom. Hierdie Unie sou optree as mondstuk vir al die landbou-organisasies in die Republiek.³⁸⁾

7. Staatshulp.

Die noodsaaklikheid van 'n Departement van Landbou is in die vorige eeu nie so algemeen aanvaar as vandag nie. So byvoorbeeld was al die landbouverenigings in Transvaal dit glad nie eens oor die stigting van 'n Landboudepartement nie. Die instelling van so 'n Departement het sedert 1887 feitlik jaarliks voor die Volksraad gedien, maar tog is daar met die uitbreek van die Engelse Oorlog in 1899 nog geen Landboudepartement ingestel nie.³⁹⁾ Die teenkanting van die boere teen so 'n Staatsdepartement moet ons moontlik in hulle individualisme soek. Hulle was gekant teen enige staatsoptrede waardeur hulle persoonlike vryheid moontlik beperk sou kon word, al sou sodanige regulasies bedoel wees vir die algemene welsyn en uiteindelik ook vir dié van elke individu. Nietemin het die staat die belange van die boere op die hart gedra, en hier verwys ons slegs na die reeds aangehaalde staatsoptrede in verband met die verskillende probleme waarmee die boere te kampe gehad het, soos /

37) Naude, op. cit., p. 325-338.

38) Ibid., ook Thom, op. cit., p. 101.

39) Naude, op. cit., p. 229.

soos byvoorbeeld veesiektes, oorstromings en veral in verband met die runderpes en die aanstelling van Arnold Theiler as staatsveearts.

Na die beëindiging van die oorlog is daar egter 'n volwaardige Departement van Landbou in die lewe geroep wat uit 'n hele aantal afdelings bestaan het. Daar was minstens tien afdelings, te wete 'n veeartseny-, skeikunde-, plantkunde-, bosbou-, akkerbou-, publikasie-, suiwel-, en pluimvee-afdeling, sprinkaanbestryding en proefplase.⁴⁰⁾

Die taak wat op die Departement gerus het, was geen geringe nie, want die oorlog het alles verwoes en in sy rapport verwys die Direkteur dan ook daarna: "The prolonged war had reduced matters to a terrible condition the land was derelict and uncultivated, the majority of the houses and farm buildings, and what little fencing there was, were destroyed. The farm implements and appliances suffered the same fate, and, what was almost even more serious from an agricultural point of view, the live stock of the country, which from having been raised therein for generations, had naturally become thoroughly acclimatised and adapted to its surroundings, was swept away and annihilated. The same may be said of farm seeds; all the old strains were lost during the war."⁴¹⁾ Die landboubedryf moes dus as 't ware weer uit die grond uit opgebou word. Daar moes aan die boere nie net raad gegee word nie maar hulle moes ook voorsien word van vee en /

40) Report of the Director of the Transvaal Department of Agriculture, 30/6/03, p. 1.

41) Ibid.

en benodigdhede vir die voortsetting van hulle boerdery. Ongelukkig gee die verslae van die Landboudepartement nie 'n duidelike beeld van die werksaamhede nie, maar die omvang daarvan kan in 'n mate afgelei word uit die bedrag wat deur die Departement gedurende 1903/04 bestee is. Die bedrag van £106,838 is gedurende die genoemde boekjaar bestee terwyl die inkomste slegs £7,150 bedra het.⁴²⁾ Die bedrag bestee, was miskien nie baie groot nie, maar vir 'n nuwe Departement wat sy weg nog moes baan, was dit bepaald nie 'n onbeduidende som nie.

Ten einde die boere geldelik tegemoet te kom, het die regering in November 1907 'n Land- en Landboubank opgerig. Dat daar 'n groot behoefte in die gebied aan so 'n instelling bestaan het, blyk duidelik uit die groot aantal aansoeke wat ingestroom het om lenings. Die totale bedrag waarvoor in die kort bestek van ag maande, dit wil sê, van November 1907 tot 30 Junie 1908, aansoek gedoen is, het £1,083,165 beloop. Van hierdie bedrag is op laasgenoemde datum reeds £781,384 toegestaan en daarvan £372,110 reeds uitbetaal. Die getal afsonderlike lenings en hul omvang word in Tabel XXXIII aangedui.

Tabel XXXIII.

Getal lenings en die bedrae wat deur die Land- en Landboubank van Transvaal tot op 30 junie 1908 uitbetaal is.

Getal lenings		Bedrag	Totaal
11	van meer as	£1,500	£ 26,500
51	" " "	£1,000 tot £1,500	66,480
138	" " "	£500 tot £999	100,810
295	" " "	£250 tot £499	114,575
284	" " "	£100 tot £249	52,855
130	" minder"	£100	10,890
Totaal			£372,110
			Uit /

42) Verslag vir 1903/04, p. 33.

43) Rapport van die Dept. van Landbou, 1907/08, p.30-31.

Uit Tabel XXXIII blyk dat die lenings baie gewissel het in omvang. So byvoorbeeld was die aantal lenings van minder as £100 omtrent net soveel as die aantal van £500 tot £999. Verder was die aantal lenings vir bedrae wat gewissel het van £250 tot £499 omtrent net soveel as die aantal vir bedrae van £100 tot £249.

Uit die gegewens kan ons moontlik tot die slotsom kom dat die bedrae wat aangevra is, meer bedoel was vir die aankoop van vee of die verbetering van die plaas as vir die aankoop van grond. Die feit dat in die kort bestek van ag maande 909 boere aan lenings gehelp is, dui op die omvang van die hulp wat aan die boeregemeenskap verleen is by wyse van finansiële bystand.

8. Landboustatistiek.

(i) Produksie.

Statistiek ten opsigte van die landbou in Transvaal is ongelukkig nog skaarser as dié vir die Oranje-Vrystaat vir die periode tot 1900. Daarom is dit moontlik om slegs enkele besonderhede te gee van die veeteelt en akkerboubedrywighede na 1900. In Tabel XXXIV word die getalle ten opsigte van die veeteelt weergegee volgens die sensusse van 1904 en 1911, met skattings ten opsigte van die ander jare,⁴⁴⁾ en gegewens vir die akkerboubedrywighede in Tabel XXXV.

Tabel /

44) Saamgestel uit gegewens in die Jaarrapporte van die Dept. van Landbou vir die Unie, vir die jare 1910/11 en 1911/12.

Tabel XXXIV.

Lewende Hawe in Transvaal vir die jare 1904, 1909, 1910 en 1911.

Lewende hawe	1904	1909	1910	1911
Beeste	515,956	899,673	989,018	1,339,298
Perde	51,654	58,249	60,500	89,160
Muile	43,917	18,285	16,134	25,275
Donkies	32,496	49,447	63,983	106,048
Wolskape	*835,749	1,935,554	2,019,614	3,415,250*
Ander skape	-	1,076,352	1,150,094	-
Angora bokke	**873,981	214,105	181,346	1,771,720**
Ander bokke	-	1,447,785	1,327,636	-
Varke	155,843	172,031	212,011	302,882
Volstruise	14	-	-	5,441
Pluimvee	***569,314	-	-	2,719,016
Wol geskeer (lb.)	1,897,653	-	9,730,587	-

(* Alle skape.
 ** Alle bokke.
 *** Wol uitgevoer.)

Alhoewel die syfers in bostaande tabel ook die lewende hawe van naturelle aandui, gee dit tog 'n aanduiding van die toename in die boerderybedrywigheede ook van die blankes. Dit is interessant om te verneem dat die naturelle geen wolskape of angorabokke besit het nie, maar dat hulle uitsluitlik die eiendom van die blankes was. Behalwe in die geval van muile waar daar 'n afname in die getalle was, toon die syfers steeds stygende tendense wat aandui op die progressiewe landboubedrywigheede in die Transvaal.

Die akkerboubedrywigheede vir die jare 1909 en 1910 word in Tabel XXXV weergegee.

Tabel /

Tabel XXXV.

Opbrengs van bepaalde akkerbougewasse in Transvaal⁴⁵⁾
gedurende 1909 en 1910.

Gewas	O p b r e n g s	
	1909	1910
Mielies (sak)	1,876,197	3,355,110*
Koring "	-	232,441
Hawer "	18,388	46,257
Kafferkring (sak)	179,865	657,844**
Aartappels "	123,130	257,813
Tabak (lb)	2,891,450	5,346,430
Lemoene (getal)	33,225,966	43,845,156

(* Alle syfers het betrekking slegs op die produksie van blankes behalwe die mielie-opbrengs vir 1910 waarvan dié van blankes 2,179,019 sak en dié van naturelle 1,176,091 sak was.

** Die opbrengs van blankes en naturelle was onderskeidelik 102,187 sak en 555,657 sak.)

Ten opsigte van al die produkte is daar 'n duidelike toename in die opbrengs vir 1910 bo 1909. Dit blyk ook uit die gegewens dat die naturelle hul hoofsaaklik by twee gewasse bepaal het, naamlik mielies en kafferkring en dat die ander gewasse uitsluitlik aan die blankes oorgelaat is.

(ii) Uitvoer van Landbouprodukte.

Die opbrengs ten opsigte van sekere gewasse en die aantal lewende hawe dui egter nog nie op die mate waarin die gebied in sy eie behoeftes aan landbouprodukte voorsien het nie. Daar het egter 'n redelike uitvoerhandel in landbouprodukte ontwikkel wat aandui dat die Transvaal veel meer geproduseer het as wat dit self verbruik het. In watter mate dit die geval was, blyk uit Tabel XXXVI.

Tabel /

Landhouprodukte uit Transvaal uitgevoer gedurende bepaalde jare.

Item	1 9 0 4		1 9 0 5		1 9 0 6		1 9 0 7		1 9 0 8	
	Getal	Waarde	Getal	Waarde	Getal	Waarde	Getal	Waarde	Getal	Waarde
Donkies en Muile	-	-	-	-	2,593	48,840	1,668	24,405	1,631	23,951
Perde	1,126	37,546	10,810 ¹⁾	284,595	1,543	96,954	1,801	116,643	1,350	116,939
Skape, Bokke & Lammers	1	37	14	59	530	897	686	2,118	3,844	9,084
Ander diere	1,020	367	1,793	1,993	-	-	-	-	-	-
Koffie (lb)	11,004	185	25,949	362	55,530	1,220	246,890	3,544	87,567	1,593
Koringmeel lb.	523,028 ²⁾	3,052	-	-	163,109	825	292,274	1,489	1,294,841	7,990
Ander Meel "	-	-	-	-	500,605	1,773	1,260,309	5,021	5,227,338	18,383
Kafferkring "	1,272,628	6,010	94,522	329	306,889	1,061	2,215,693	7,680	2,204,750	6,402
Mout "	103,322	777	87,573	509	-	-	-	-	-	-
Mielies "	1,352,661	8,013	341,888	994	743,305	2,107	8,752,709	30,059	37,688,552	77,167
Voer en Hooi "	2,104,242	4,894	1,248,094	1,740	100,030	285	969,445	1,697	1,489,239	3,522
Hawer "	115,515	494	83,157	278	-	-	-	-	-	-
Kaas "	-	-	-	-	5,130	172	9,215	268	21,518	716
Vars Vrugte	-	4,198	-	5,101	-	6,514	-	6,345	-	8,339
Bokhaar lb	74,325	2,539	182,618	6,654	414,190	19,097	434,904	20,579	832,058	21,348
Huide ens. "	-	16,147	-	51,623	1,211,926	35,108	-	103,113	-	110,297
Tee "	5,998	290	12,899	619	-	-	-	-	-	-
Tabak "	378,194	31,622	861,573	60,923	136,095	4,729	290,680	8,255	80,071	2,529
Sigare, getal	276,600	1,292	640,025	2,301	3,871 ⁴⁾	1,739	-	-	-	-
Sigarette "	6,078,122	6,481	9,644,800	9,725	81,885 ⁵⁾	27,940	1,673,063 ³⁾	105,621	1,409,366	100,150
Eiers "	8,247	748	10,415	1,459	191,533	1,538	404,735	2,195	449,031	2,115
Beesvleis, bevrore	-	-	-	-	48,579	668	39,851	820	22,658	603
Skaapvleis, "	-	-	-	-	30,683	601	15,289	311	5,320	119
Wol. lb.	1,897,653	43,927	3,323,541	85,123	5,299,371	143,023	7,074,120	134,055	8,113,402	210,086
Melk "	54,717	958	47,787	661	-	-	-	-	-	-
Pluimvee getal	670	203	1,658	1,026	-	-	-	-	-	-
Hout	-	5,642	-	6,805	-	-	-	-	-	-
Suiker lb.	-	-	-	-	57,716	473	1,035,687	1,636	322,324	2,657
Aartappels "	-	-	-	-	235,442	1,403	365,489	1,532	1,332,899	4,207

1) Muile ingesluit.

2) Nie gespesifiseer nie.

3) Vir 1907 en 1908 aangegee as soveel lb. bewerkte tabak.

4) lb.

5) lb.

Uit Tabel XXXVI blyk dat daar oor die algemeen 'n groot inkomste verkry is uit die uitvoer van landbou-produkte. Die tendense moet egter nie altyd beskou word as 'n aanduiding van werklike surplusse wat uitgevoer is nie, omdat in sekere gevalle moontlik meer uitgevoer kon word indien daar op dié bepaalde tyd 'n mark vir groter hoeveelhede bestaan het.

Neem ons die afsonderlike items, dan blyk dit dat die uitvoer van diere toeneem het van 'n ietsie meer as 2,000 in 1904 tot 7,000 in 1908. Die styging in die waarde van die uitgevoerde diere het ook in min of meer dieselfde verhouding toeneem, naamlik van £37,950 tot £149,974. Die gewasse toon ook 'n groot toename in sowel hoeveelhede as waarde uitgevoer, en in hierdie opsig is wat hoeveelhede betref, mielies die belangrikste. Die posisie van tabak is ietwat onduidelik weens die verandering in die aanbieding volgens die gegewens sedert 1906. Tabak en tabakprodukte toon egter 'n groot styging in die uitvoerwaarde tot 1907 waarna daar weer 'n effense daling intree. Interessant is ook om op te merk dat sedert 1906 redelike hoeveelhede aartappels en selfs suiker uitgevoer is. Ook tee het aanvanklik op die lys voorgekom en dit wil voorkom asof dit in belangrikheid sou toeneem, maar syfers vir die jare na 1905 is nie beskikbaar nie wat moontlik aandui dat die uitvoer daarvan gestaak is. Tot 1907 het koffie ook 'n steeds belangriker plek ingeneem, maar gedurende 1908 weer in belangrikheid begin afneem. Wol en bokhaar was twee produkte wat dwarsdeur 'n stygende tendens openbaar in sowel hoeveelheid as waarde. Ook die groot hoeveelhede eiers

wat /

wat uitgevoer is, is opvallend. Dit dui op die groot produksie wat daar in Transvaal moes gewees het.

Soos 'n mens van 'n landbouggebied kon verwag, toon die uitvoer van landbouprodukte 'n groot aantal produkte wat terselfdertyd ook dui op die menigvuldige boerderyvertakkinge wat beoefen is.

9. Samevatting.

Uit hierdie hoofstuk blyk baie duidelik dat alhoewel die Transvaalse boer dieselfde moeilikhede as die boere in die ander gebiede moes deurmaak, alhoewel moontlik nie in dieselfde mate nie, die boerdery tog vinnig gevorder het. Dit het ook geblyk dat die boere met die skepping van 'n mark in hul midde nie in staat was om by die vinnig veranderende toestande aan te pas en dit te benut nie. Opvallend is egter die vinnige en snelle heropbou wat die landbou in Transvaal ondergaan het na die vernietigende uitwerking van die Engelse Oorlog. Hiervan getuig nie net die getalle lewende hawe en die omvang van die akkerboubedrywigehde nie, maar ook die uitvoersyfers ten opsigte van landbouprodukte. Die Transvaalse boer was teen 1910 dus nie net in staat om feitlik in al die behoeftes van die gebied ten opsigte van landbouprodukte te voorsien nie, maar ook om deur die uitvoer sy inkomste te verhoog.

- - - - -

Tabel XXXVII.

Opbrengs en Waarde van Mielies, 1911-1954.¹⁾

Jaar	Oppervlakte geoes	Bruto- opbrengs	Gem. opbrengs	Totale waarde	Waarde van mensekos en uitvoer	Waarde van voer en saad
	,000 morg	,000 sak	sak	£,000	£,000	£,000
1910/11	-	8,633	-	5,000	4,750	250
1917/18	-	12,640	-	6,952	6,347	605
1918/19	-	8,671	-	9,182	8,311	871
1919/20	-	9,369	-	14,323	13,068	1,255
1920/21	-	9,774	-	6,674	6,074	600
1921/22	2,173	9,855	4.5	7,441	6,776	665
1922/23	2,178	15,767	7.2	12,353	11,352	1,001
1923/24	1,745	11,239	6.4	7,560	6,791	769
1924/25	2,520	24,296	9.6	13,209	12,298	911
1925/26	1,911	10,920	5.7	6,812	5,531	1,281
1926/27	2,453	18,257	7.4	9,760	9,291	469
1927/28	2,237	19,186	8.6	11,540	10,664	876
1928/29	2,537	18,691	7.4	10,207	9,317	890
1929/30	2,928	22,386	7.6	7,467	6,333	1,134
1930/31	2,523	16,008	6.3	5,733	4,809	924
1931/32	2,847	19,034	6.7	4,671	3,933	738
1932/33	2,870	8,341	2.9	4,634	3,774	860
1933/34	2,794	24,119	8.6	8,937	7,765	1,172
1934/35	2,807	18,561	6.6	7,130	5,911	1,219
1935/36	2,441	14,984	6.1	8,313	7,038	1,275
1936/37	2,854	28,178	9.9	11,750	10,583	1,167
1937/38	2,622	19,247	7.3	8,400	7,131	1,269
1938/39	2,936	29,020	9.9	12,929	11,881	1,048
1939/40	-	20,701	-	10,523	7,320	3,203
1940/41	-	24,323	-	12,960	9,600	3,360
1941/42	-	16,341	-	12,225	11,400	825
1942/43	-	24,336	-	19,520	13,280	6,240
1943/44	-	18,371	-	16,100	11,375	4,725
1944/45	-	18,425	-	17,480	11,495	5,985
1945/46	2,623	17,798	6.8	20,025	12,994	7,031
1946/47	3,125	24,553	7.9	26,031	17,478	8,553
1947/48	-	32,119	-	35,331	24,420	10,911
1948/49	-	21,009	-	21,219	14,520	6,699
1949/50	3,465	29,809	8.6	36,985	24,850	12,315
1950/51	3,327	30,084	9.0	42,273	23,660	18,613
1951/52	2,881	21,511	7.5	32,267	19,500	12,767
1952/53	-	33,760	-	53,875	42,741	11,134
1953/54	-	38,997	-	59,958	47,314	12,644

1) Al die syfers in die tabelle in hierdie hoofstuk is verkry van die Afdeling Ekonomie en Marke, behalwe die gemiddelde opbrengs wat ons self bereken het.

HOOFSTUK VI.

LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA - 1910 - 54 (AKKERBOU).

1. Inleiding.

In hierdie en die volgende hoofstuk stel ons ons in hoofsaak ten doel om die omvang van die landbou-ontwikkeling sedert 1910-1954 te skets en ons vind geen beter manier om dit te doen nie as na aanleiding van die landboustatistiek. In dié opsig is ons gelukkig om in vergelyking met die periode voor Unie, oor veel meer statistiek te beskik, danksy die Statistieke Wet, no.38 van 1914 en die Statistieke Wyzigingswet, no. 5 van 1919 waarvolgens sensusse opgeneem is, ook ten opsigte van landbouaangeleenthede.

Die ontwikkeling sal ons kortliks skets in 'n bespreking van die verskillende produkte.

2. Mielieproduksie. Tabel XXXVII.

As ons vernaamste akkerbougewas is die gegewens ten opsigte van mielies belangrik.

(a) Oppervlakte geoes.

Die oppervlakte geoes wissel baie van jaar tot jaar daar dit sterk beïnvloed word deur klimaatstoestande. Die oppervlakte geoes toon egter 'n steeds stygende tendens. Sover syfers beskikbaar is, blyk dit dat die kerf van driemiljoen morg vir die eerste keer in 1946/47 bereik en daarna blykbaar met af-

wisseling /

wisseling etlike kere weer bereik is.

(b) Totale en Gemiddelde Opbrengs.

Meer

nog as die wisseling van die oppervlakte geoes, is die wisseling in die totale opbrengs omdat dit sterk beïnvloed word deur die gemiddelde opbrengs. Reeds in die seisoen 1922/23 is vir die eerste keer meer as tien miljoen sak geoes en in 1924/25 meer as twintig miljoen sak, terwyl die dertig-miljoen-kerf nie bereik is voor in 1947/48 nie. Die rekord vir die periode onder beskouing was in 1953/54 toe byna veertig miljoen sak geproduseer is.

Die gemiddelde opbrengs word natuurlik sterk beïnvloed deur klimaatstoestande, maar dit wil tog voorkom asof daar nie 'n merkbare verbetering in die opbrengs per morg is nie. Die moontlikhede van groter produksie deur 'n verhoging van die gemiddelde opbrengs is dus blykbaar groot.

(c) Waarde van Opbrengs.

Die waarde van die opbrengs vorm 'n belangrike bron van inkomste vir die boer, want mielies is ons land se vernaamste kontantgewas. Soos uit die syfers blyk, is die inkomste egter baie wisselvallig vir sover dit die totale bedrag betref daar die totale waarde van die oes vir die een jaar met £ miljoene van dié van die vorige kan verskil. So was die verskil tussen die jare 1951 en 1952 byvoorbeeld in totaal £10 miljoen en tussen 1952 en

Tabel XXXVIII.

Opbrengs en Waarde van Koring 1911-1954.

Jaar	Morg geoes	Bruto opbrengs	Gem. opbr. per morg	Totale waarde	Waarde van mensekos	Waarde van voer en saad
	,000 morg	,000 sak	sak	£,000	£,000	£,000
1910/11	-	1,810	-	1,553	1,413	140
1917/18	-	2,937	-	4,823	4,390	433
1918/19	-	2,394	-	3,780	3,440	340
1919/20	-	1,539	-	3,738	3,403	335
1920/21	-	2,197	-	3,672	3,341	331
1921/22	469	2,526	5.4	2,895	2,635	260
1922/23	401	1,807	4.5	2,155	1,961	194
1923/24	368	1,763	4.8	2,071	1,885	186
1924/25	357	2,107	5.9	3,029	2,756	273
1925/26	457	2,690	5.9	3,541	3,222	319
1926/27	416	2,413	5.8	3,077	2,800	227
1927/28	366	1,702	4.7	2,149	1,956	193
1928/29	390	2,171	5.6	2,415	2,198	217
1929/30	512	3,188	6.2	3,214	2,925	289
1930/31	598	2,789	4.7	3,020	2,748	272
1931/32	820	4,114	5.0	4,303	3,916	387
1932/33	723	3,188	4.4	2,803	2,551	252
1933/34	560	3,447	6.2	3,632	3,305	327
1934/35	881	4,912	5.6	4,460	4,058	402
1935/36	1,090	6,901	6.3	5,466	4,974	492
1936/37	965	4,676	4.8	3,819	3,475	344
1937/38	613	3,130	5.1	3,495	3,181	314
1938/39	876	5,089	5.8	4,962	4,515	447
1939/40	--	4,593	-	4,692	4,270	422
1940/41	-	4,692	-	5,142	4,679	463
1941/42	-	3,945	-	5,178	4,712	466
1942/43	-	6,244	-	8,949	8,144	805
1943/44	-	5,384	-	9,153	8,329	824
1944/45	-	3,424	-	6,035	5,492	543
1945/46	677	3,043	4.5	5,591	5,088	503
1946/47	1,015	4,820	4.7	9,499	8,644	855
1947/48	-	5,384	-	10,701	9,745	956
1948/49	-	5,326	-	11,186	10,174	1,012
1949/50	938	4,571	4.9	9,428	8,579	849
1950/51	1,208	7,610	6.3	17,313	15,755	1,558
1951/52	1,118	7,112	6.4	17,424	15,856	1,568
1952/53	-	5,981	-	15,351	13,970	1,381
1953/54	-	5,802	-	15,399	14,014	1,385

1953 meer as £20 miljoen. As ons verder let op die waarde van die opbrengs wat as mensekos gebruik is, besef ons dat mielies ook as voedingsmiddel vir ons van groot belang is.

3. Koringproduksie.

Suid-Afrika is nie 'n groot koringproduserende land nie en ons was nog altyd op invoer aangewese om die binnelandse produksie aan te vul om in die vraag te voorsien. Tabel XXXVIII toon die besonderhede ten opsigte van koringproduksie in Suid-Afrika.

(a) Oppervlakte.

In vergelyking met 1921/22 was die oppervlakte geoes in byvoorbeeld 1950/51 byna drie keer soveel, maar tog is die oppervlakte in laasgenoemde jaar nie veel meer as dié van 1935/36 nie toe dit op 1,090,000 morg te staan gekom het. Dit wil dus voorkom asof die moontlikheid om die produksie van koring te verhoog deur groter oppervlaktes te saai, nie baie gunstig is nie. Dit is egter nodig dat ons in gedagte hou dat vroeër slegs die Westelike Provinsie van enige belang was vir sover dit die produksie van koring betref. Later het ook ander streke, soos die oostelike Vrystaat en nedersettings in Transvaal soos te Brits en Rustenburg en Groblersdal, groot hoeveelhede koring gelew. ²⁾ In laasgenoemde gebiede word dit egter onder besproeiing gekweek en bly die Westelike Provinsie met sy winterreëns die gunstigste streek vir die kweek van koring sover dit die klimaat betref.

(b) /

2) Sedert 1956 is die oppervlakte onder koring baie groter deur die saai van die sogenaamde Somerkoring wat in 'n groot mate ook in die mieliestreek gekweek word.

(b) Totale en Gemiddelde Opbrengs.

Net soos

die oppervlakte toon die opbrengs groot skommeling met 'n rekordproduksie in 1951 toe ook die grootste oppervlakte tot dan geoes is. Die wisselvalligheid van die opbrengs word baie sterk beïnvloed deur die klimaat en wissel van 4.4 tot 6.4 sak per morg. Dit is egter opvallend dat niesteenstaande die meer wetenskaplike boerderymetodes, die beter soort koring en die bewerking van ryker grond in die noordelike provinsies, die opbrengs per morg sedert 1946-1950, sover die gegewens strek, deurgaans laer was as die periode 1934-36 of selfs 1925-27. Selfs die rekord-opbrengs van 6.4 sak per morg in 1952 is nie veel hoër as die opbrengs van 6.2 sak in 1930 nie. Dit wil dus voorkom asof ons koringproduksie heelwat hoër kan wees indien ons slegs daarin kan slaag om die opbrengs per morg heelwat op te stoot.

(c) Waarde van opbrengs. Die waarde van die opbrengs wissel nog meer as dié van die oppervlakte geplant omdat dit beïnvloed word deur die opbrengs asook deur die prys. Alhoewel die waarde van voer en saad apart opgegee word, kon die waarde van voer ongelukkig nie vasgestel word nie. Dit wil egter voorkom, dat na verhouding daar nie met verloop van die jare veel groter hoeveelhede vir saad en voer agtergehou is nie. Namate die pryse gestyg het, veral sedert 1933/34, is die hoeveelhede wat vir voer gebruik is seker minimaal en dui die waarde in die laaste kolom blykbaar slegs op saad.

(iii) /

Tabel XXXIX.

Opbrengs en Waarde van Hawer, 1911-1954.

Jaar	Bruto Opbrengs	Totale waarde	Waarde van mensekos	Waarde van voer en saad
	,000 sak	£,000	£,000	£,000
1910/11	2,061	893	43	850
1917/18	2,235	1,090	49	1,041
1918/19	1,363	937	69	868
1919/20	1,000	1,242	124	1,118
1920/21	1,261	652	50	602
1921/22	1,106	516	47	469
1922/23	1,222	509	42	467
1923/24	1,407	762	75	687
1924/25	1,593	657	62	595
1925/26	1,154	644	84	560
1926/27	1,305	740	85	655
1927/28	1,270	720	85	635
1928/29	1,673	718	65	653
1929/30	2,010	536	40	496
1930/31	1,263	516	41	475
1931/32	-	496	44	452
1932/33	1,232	390	40	350
1933/34	1,408	598	50	548
1934/35	1,813	446	63	383
1935/36	1,533	619	68	551
1936/37	1,266	690	68	622
1937/38	1,569	754	89	665
1938/39	1,249	706	93	613
1939/40	1,252	645	119	526
1940/41	1,230	772	133	639
1941/42	1,366	866	146	720
1942/43	1,625	1,036	177	859
1943/44	2,248	1,232	234	998
1944/45	1,132	1,441	250	1,191
1945/46	1,276	1,192	55	1,137
1946/47	1,809	968	115	853
1947/48	1,202	1,349	320	1,029
1948/49	1,082	896	170	726
1949/50	1,371	807	45	762
1950/51	1,027	1,228	81	1,147
1951/52	1,193	1,100	25	1,075
1952/53	1,367	1,529	136	1,393
1953/54	-	1,840	257	1,583

4. Opbrengs en Waarde van Hawer:

Die
besonderhede ten opsigte van die opbrengs en waarde
van hawer word gegee in Tabel XXXIX. Uit die
gegewens is daar geen algemene afleidings te maak
nie, daar nie net die opbrengs nie, maar daarom
ook die totale waarde van die opbrengs, van jaar tot
jaar baie wissel. Slegs gedurende 1910/11, 1917/18,
1929/30 en 1943/44 het die opbrengs die tweemiljoen-
kerf behaal. Aan die anderkant het dit egter nooit
laer as eenmiljoen gedaal nie. Ongelukkig is die
oppervlakte geoes nie aangegee nie, maar uit die toe-
nemende waarde van „saad en voer” moet ons aflei dat
meer en meer van die gewas gebruik word vir voer.

Tabel XL /

Tabel XL.

Opbrengs en Waarde van Gars, 1911/54.

Jaar	Bruto Opbrengs	Totale Waarde	Waarde van Mensekos	Waarde van voer en saad
	,000 sak	£,000	£,000	£,000
1910/11	435	209	51	158
1917/18	648	360	48	312
1918/19	329	231	48	183
1919/20	230	155	44	111
1920/21	335	243	51	192
1921/22	420	242	51	191
1922/23	388	191	51	140
1923/34	334	197	50	147
1924/25.	328	215	53	162
1925/26	356	229	57	172
1926/27	344	248	56	192
1927/38	259	188	43	145
1928/29	440	250	71	179
1929/30	704	243	108	135
1930/31	335	140	53	87
1931/32	-	287	117	170
1932/33	-	171	50	121
1933/34	352	185	45	140
1934/35	371	178	62	116
1935/36	586	259	73	186
1936/37	397	267	75	192
1937/38	379	255	77	178
1938/39	498	356	118	238
1939/40	461	332	143	189
1940/41	529	406	151	255
1941/42	610	468	167	301
1942/43	526	417	183	234
1943/44	640	531	253	278
1944/45	809	448	215	233
1945/46	461	328	147	181
1946/47	381	334	157	177
1947/48	543	487	289	198
1948/49	437	428	260	168
1949/50	393	381	222	159
1950/51	534	593	403	190
1951/52	666	808	418	390
1952/53	846	1,110	666	444
1953/54	815	1,029	873	156

5. Opbrengs en Waarde van Gars.

Uit die
gegevens van Tabel XL blyk dit baie duidelik dat
gars glad nie 'n belangrike gewas is nie en dat
die hoeveelhede wat van jaar tot jaar gekweek
word, sterk wissel. Ons moet egter in gedagte
hou dat dit 'n gewas is wat gekweek word as
groenvoer en dat die opbrengs nie 'n aanduiding
is van die hoeveelhede wat gesaai word nie.

Tabel XLI.

Opbrengs en Waarde van Rog, 1911-1954.

Jaar	Bruto Opbrengs	Totale Waarde	Waarde van Mensekos	Waarde van voer en saad
	,000 sak	£,000	£,000	£,000
1910/11	203	123	24	99
1917/18	260	264	51	213
1918/19	-	187	45	142
1919/20	167	315	94	221
1920/21	221	204	46	158
1921/22	189	150	40	110
1922/23	224	172	38	134
1923/24	189	182	48	134
1924/25	273	202	37	165
1925/26	267	178	33	145
1926/27	248	220	44	176
1927/28	174	193	55	138
1928/29	194	190	49	141
1929/30	402	166	21	145
1930/31	-	123	25	98
1931/32	-	234	25	209
1932/33	-	130	36	94
1933/34	212	159	38	121
1934/35	257	133	26	107
1935/36	268	158	30	128
1936/37	207	148	21	127
1937/38	181	154	34	120
1938/39	236	148	25	123
1939/40	221	167	46	121
1940/41	201	180	55	125
1941/42	187	276	59	217
1942/43	225	255	77	178
1943/44	258	292	160	132
1944/45	291	283	142	141
1945/46	158	283	53	230
1946/47	220	288	148	140
1947/48	249	332	167	165
1948/49	165	223	27	196
1949/50	139	163	33	130
1950/51	131	160	40	120
1951/52	96	124	12	112
1952/53	80	118	7	111
1953/54	79	120	8	112

6. Opbrengs en Waarde van Rog.

Die gegewens ten opsigte van rog verskyn in Tabel XLI. Dit blyk uit die tabel dat rog nie 'n belangrike gewas is nie, te oordeel na die omvang van die produksie. Dit wil verder ook voorkom asof die belangrikheid daarvan sedert 1952 afneem omdat daar steeds minder geproduseer word. Dit is egter ook opvallend dat die grootste deel van die hoeveelheid wat geproduseer word, gebruik word as voer omdat ruim 90 persent gemiddeld sedert 1948/49 as „voer en saad“ agtergehou is.

Tabel XLII /

Tabel XLII.

Opbrengs en Waarde van Kafferkring, 1911-1954.

Jaar	Morge Geoes	Bruto Opbrengs	Totale Waarde	Waarde van Mensekos	Waarde van voer en saad	Gemid. opb.per morg
	,000	,000 sak	£,000	£,000	£,000	sak
1910/11	-	1,548	1,070	1,003	67	-
1917/18	-	1,801	1,223	1,147	76	-
1918/19	-	534	1,814	1,701	113	-
1919/20	-	622	2,643	2,479	164	-
1920/21	-	1,554	783	734	49	-
1921/22	-	623	1,442	1,352	90	-
1922/23	-	2,080	1,551	1,454	97	-
1923/24	-	1,230	810	760	50	-
1924/25	-	2,437	1,168	993	175	-
1925/26	-	753	885	752	133	-
1926/27	81	1,258	1,012	860	152	15.5
1927/28	91	1,605	990	841	149	17.6
1928/29	92	1,586	806	685	121	17.2
1929/30	-	1,769	943	802	141	-
1930/31	-	290	518	440	78	-
1931/32	-	410	424	413	11	-
1932/33	-	271	458	389	69	-
1933/34	149	2,384	834	709	125	16.0
1934/35	137	1,381	834	709	125	10.1
1935/36	90	1,035	751	645	114	11.5
1936/37	121	1,557	830	705	125	12.9
1937/38	68	1,146	735	625	110	16.9
1938/39	129	1,846	831	706	125	14.4
1939/40	-	1,636	1,330	1,130	200	-
1940/41	-	1,929	1,833	1,558	275	-
1941/42	-	1,550	1,925	1,637	288	-
1942/43	-	2,200	2,347	1,995	352	-
1943/44	-	2,000	1,867	1,587	280	-
1944/45	-	1,424	1,756	1,492	264	-
1945/46	72	1,141	2,610	2,219	391	15.8
1946/47	130	1,790	3,043	2,587	456	13.8
1947/48	-	3,063	3,891	3,149	742	-
1948/49	-	1,740	2,088	1,775	313	-
1949/50	170	1,693	3,202	2,722	480	10.0
1950/51	185	1,728	3,967	3,372	595	9.3
1951/52	237	1,712	4,087	3,473	614	7.2
1952/53	-	3,392	5,498	5,167	331	-
1953/54	-	2,212	3,595	3,415	180	-

7. Opbrengs en Waarde van Kafferkring.

Besonderhede oor die opbrengs en waarde van kafferkring word aangegee in Tabel XLIII..

(a) Oppervlakte geoes.

Sover die gegewens enige afleidings regverdig, toon die oppervlakte geoes sedert 1933/34, met die uitsondering van enkele jare, geen groot skommeling nie. Volgens die opbrengs wil dit voorkom asof die rekordoppervlakte wat in 1951/52 geoes is, in die volgende twee jaar oortref is. Dit wil dus voorkom asof kafferkring as kontantgewas in belangrikheid toeneem.

(b) Bruto en Gemiddelde Opbrengs.

Net soos in die geval van die oppervlakte geoes, toon die opbrengs sowel as die gemiddelde opbrengs geen deurlopende tendense nie, maar wissel dit van jaar tot jaar. Opvallend veral is die lae opbrengs per morg vir die jare 1949/50 tot 1951/52 toe die gemiddelde opbrengs volgens die gegewens die laagste was vir die tydperk onder bespreking.

(c) Waarde van Opbrengs.

Die waarde wissel noodwendig na gelang van die opbrengs en prys en is daar dus dieselfde wisseling in die waarde te bespeur. 'n Opvallende afwyking is egter die na verhouding klein deel van die totale opbrengs wat agter gehou is as

„saad /

Tabel XLIII

Opbrengs en Waarde van Hooigewasse, 1911-1954.

Jaar	Lusern	Tef	Hawerhooi	Ander	Totaal
	£, 000	£, 000	£, 000	£, 000	£, 000
1910/11	215	62	283	30	590
1917/18	500	464	347	50	1,361
1918/19	467	383	289	60	1,199
1919/20	885	700	389	70	2,044
1920/21	521	672	201	80	1,474
1921/22	392	440	156	90	1,078
1922/23	417	358	156	100	1,031
1923/24	575	617	229	100	1,521
1924/25	567	479	198	100	1,344
1925/26	457	280	187	100	1,024
1926/27	773	563	218	100	1,654
1927/28	667	347	212	100	1,326
1928/29	802	408	218	100	1,528
1929/30	545	302	165	100	1,112
1930/31	572	313	158	100	1,146
1931/32	596	200	151	120	1,067
1932/33	677	233	117	130	1,157
1933/34	900	412	183	140	1,635
1934/35	625	217	128	150	1,120
1935/36	604	450	184	160	1,398
1936/37	601	366	220	214	1,401
1937/38	1,151	403	225	236	2,015
1938/39	700	337	279	258	1,574
1939/40	501	330	240	280	1,351
1940/41	880	549	280	302	2,011
1941/42	1,374	951	280	324	2,929
1942/43	1,385	1,234	405	346	3,370
1943/44	1,420	972	473	368	3,233
1944/45	1,846	1,112	495	390	3,843
1945/46	1,988	1,085	351	415	3,839
1946/47	1,928	632	320	300	3,180
1947/48	2,135	833	400	300	3,668
1948/49	2,017	917	320	300	3,554
1949/50	2,119	1,357	280	300	4,128
1950/51	2,438	1,100	300	300	4,138
1951/52	2,205	1,340	300	300	4,145
1952/53	3,539	1,540	300	300	5,679
1953/54	3,325	1,050	300	300	4,975

"saad en voer", wat moontlik dui op 'n afname in die gebruik van kafferkring as voer.

8. Waarde van Hooisoorte.

Gegewens ten opsigte van 'n aantal hooigewasse word in Tabel XLIII aangegee.

(a) Lusern.

Dit is opvallend dat die waarde van lusernhooi, na 'n wisselende opbrengs van jaar tot jaar, sedert 1941/42 'n steeds stygende tendens toon, waaruit ons moontlik moet aflei dat lusern steeds 'n belangriker rol as hooi in die voeding van diere speel. Dit kan die gevolg wees van groter en beter voorsiening teen droogtes of die gevolg van beter voeding van diere.

(b) Tef. Die opbrengs van tef soos weer-spieël in die waarde toon dat dit naas lusern 'n belangrike hooi-gewas is. Eienaardig genoeg toon die waarde daarvan ook nes lusern, na 'n wisselende opbrengs tot 1940/41, daarna 'n stygende tendens alhoewel dit nie so volgehoue is as in die geval van lusern nie.

(c) Hawer en Ander hooi.

Die gegewens ten opsigte van hierdie twee items toon ook geen deurlopende tendens nie behalwe dat die produksie daarvan gedurende die laaste paar jaar onder beskouing taamlik konstant was. In belangrikheid staan hulle dan ook ver agter lusern en tef.

(d) /

Tabel XLIV.

Waarde van Alle Grane, 1911-1954.

Jaar	Totale Waarde £,000	Waarde van Mensekos £,000	Waarde van voer en saad £,000
1910/11	8,848	7,248	1,564
1917/18	14,712	12,032	2,680
1918/19	16,131	13,614	2,517
1919/20	22,416	19,212	3,204
1920/21	12,228	10,296	1,932
1921/22	12,686	10,901	1,785
1922/23	16,931	14,898	2,033
1923/24	11,582	9,609	1,973
1924/25	18,480	16,199	2,281
1925/26	12,289	9,679	2,610
1926/27	15,057	13,136	1,921
1927/28	15,780	13,644	2,136
1928/29	14,586	12,385	2,201
1929/30	12,569	10,229	2,340
1930/31	10,050	8,116	1,934
1931/32	10,415	8,448	1,967
1932/33	8,586	6,840	1,764
1933/34	14,345	11,912	2,433
1934/35	13,181	10,829	2,352
1935/36	15,582	12,828	2,754
1936/37	17,504	14,927	2,577
1937/38	13,793	11,137	2,656
1938/39	19,932	17,338	2,594
1939/40	17,689	13,028	4,661
1940/41	21,293	16,176	5,117
1941/42	20,938	18,121	2,817
1942/43	32,524	23,856	8,668
1943/44	29,175	21,938	7,237
1944/45	27,443	19,086	8,357
1945/46	30,029	20,556	9,473
1946/47	40,163	29,129	11,034
1947/48	52,091	38,090	14,001
1948/49	36,040	26,926	9,114
1949/50	50,966	36,451	14,515
1950/51	65,534	43,311	22,223
1951/52	55,810	39,284	16,526
1952/53	77,481	62,687	14,794
1953/54	81,941	65,881	16,060

(d) Totaal.

Uit die totaal vir alle hooi wil dit voorkom asof die belangrikheid van hooi as voeding en as sulks as 'n voorsorg teen droogte en skraps tye van vroeg reeds besef is, maar dat die insameling van hooi veral sedert 1940/41 in omvang sterk toegeneem het.

9. Waarde van alle grane.

Uit Tabel XLIV waarin die totale waarde van alle grane wat in die Unie geproduseer is, weergegee word, blyk duidelik die belangrikheid en omvang van graan in die landbou. Vir die voorsiening in menslike behoeftes neem dit 'n belangrike plek in want uit 'n totale produksie van by die £82 miljoen is minstens byna £66 miljoen vir mensekos.

Tabel XLV /

Tabel XLV.

Waarde van Droë Bone en Erte, 1911-1954.

Jaar	Totale Waarde	Totale waarde min saad	Waarde van saad	B o n e		E r t e	
				Morg geoes	Bruto opbrengs	Morg geoes	Bruto opbrengs
	£,000	£,000	£,000	,000morg	,000sak	,000	,000 sak
1910/11	390	377	13	-	279 ¹⁾	5 ²⁾	-
1917/18	476	460	16	31	113	7	48
1918/19	567	549	18	-	-	-	-
1919/20	349	337	12	-	-	-	-
1920/21	253	245	8	28	115	4	22
1921/22	403	389	14	-	-	-	-
1922/23	381	368	13	-	-	-	-
1923/24	299	289	10	-	-	-	-
1924/25	211	204	7	-	-	-	-
1925/26	244	234	10	35	115	8	29
1926/27	285	274	11	-	-	-	-
1927/28	385	371	14	-	-	-	-
1928/29	266	257	9	-	-	-	-
1929/30	145	140	5	51	194	6	31
1930/31	154	149	5	-	-	-	-
1931/32	223	215	8	-	-	-	-
1932/33	271	262	9	-	-	-	-
1933/34	212	205	7	-	-	-	-
1934/35	206	199	7	-	-	-	-
1935/36	194	188	6	-	-	-	-
1936/37	219	211	8	36	127	4	18
1937/38	233	225	8	-	-	-	-
1938/39	279	269	10	-	-	-	-
1939/40	343	333	10	-	-	-	-
1940/41	400	389	11	-	-	-	-
1941/42	433	422	11	-	-	-	-
1942/43	579	563	16	-	-	-	-
1943/44	563	542	21	-	-	-	-
1944/45	925	897	28	-	-	-	-
1945/46	1,133	1,106	27	90	291	9	58
1946/47	1,053	1,012	41	74	267	9	58
1947/48	1,016	970	46	70	334	-	-
1948/49	1,327	1,267	60	87	323	-	-
1949/50	1,404	1,344	60	88	355	8	46
1950/51	1,505	1,445	60	101	470	8	37
1951/52	1,417	1,354	63	95	349	6	47
1952/53	2,425	2,162	263	-	-	-	-
1953/54	1,865	1,646	219	-	-	-	-

1) Erte ingesluit.

2) Bone ingesluit.

10. Droë Bone en Erte.

Die gegewens ten opsigte van hierdie twee gewasse verskyn in Tabel XLV. Soos uit die tabel blyk, is slegs ten opsigte van die totale waarde van albei produkte enigsins noemenswaardige syfers beskikbaar. Uit die gegewens vir sover dit die totale waarde betref, blyk dit dat die gewasse gesamentlik nie 'n baie belangrike bydra tot die landbouproduksie lewer nie, alhoewel dit darem ook nie heeltemal onbeduidend is nie. Dit wil ook voorkom asof die belangrikheid daarvan, volgens die totale waarde, aan die toeneem is.

Tabel XLVI.

Tabel XLVI.

Opbrengs en Waarde van Grondbone, 1911-1954.

Jaar	Morg geoes .000	Bruto Opbrengs .000 sak	Gem. per Morg. sak	Totale waarde £.000	Waarde min saad £.000	Waarde van saad £.000
1910/11	1	43(a)	43.0 +	27	24	3
1917/18	3	23(b)	7.7	31	27	4
1918/19	-	-	-	56	50	6
1919/20	6	65(b)	10.8	102	88	14
1920/21	9	89(b)	9.9	64	57	7
1921/22	8	75(b)	9.4	62	55	7
1922/23	7	59(b)	8.4	81	70	11
1923/24	8	105(b)	13.1	131	117	14
1924/25	13	155(b)	11.9	121	112	9
1925/26	14	96	6.9	77	68	9
1926/27	13	117	9.0	97	88	9
1927/28	14	111	7.9	99	88	11
1928/29	19	127	6.7	103	92	11
1929/30	14	200	14.3	92	85	7
1930/31	-	105(c)	-	54	48	6
1931/32	-	68(")	-	57	46	11
1932/33	-	158(")	-	92	81	11
1933/34	24	243	10.1	98	91	7
1934/35	-	177	-	85	75	10
1935/36	-	206	10.5	105	94	11
1936/37	28	294	7.9	145	135	10
1937/38	27	213	9.9	119	107	12
1938/39	30	298	-	183	170	13
1939/40	-	213(c)	-	135	122	13
1940/41	-	172	-	114	100	14
1941/42	-	122(c)	-	134	109	25
1942/43	-	256(")	-	296	258	38
1943/44	-	243(")	-	334.	299	35
1944/45	-	142(")	-	206	177	29
1945/46	29	248	8.6	534	428	106
1946/47	70	625	8.9	1,312	1,086	226
1947/48	156	1,082	6.9	3,345	2,984	361
1938/49	214	1,378	6.4	2,777	2,410	367
1949/50	160	1,638	10.2	2,681	2,334	347
1950/51	183	2,022	11.0	3,736	3,316	420
1951/52	234	2,115	9.0	4,586	4,163	423
1952/53	179	2,346	13.1	5,495	5,080	415
1953/54	-	-	-	7,518	7,108	410

a) Alle Naturelle ingesluit.

b) Naturelle op plase van blankes ingesluit.

c) Skattings deur Ekonomie en Markte.

+ Blykbaar is die totale opbrengs of die oppervlakte geoes verkeerd opgegee want die gemiddelde opbrengs is buite verhouding hoog in vergelyking met ander jare.

11. Opbrengs en Waarde van Grondbone.

Die gegewens

oor hierdie produk kom voor in Tabel XLVI.

(a) Oppervlakte.

Volgens die beskikbare syfers blyk dit dat grondbone as 'n kontantgewas maar eers na afloop van die tweede wêreldoorlog, en meer bepaald sedert 1947/48 sterk op die voorgrond getree het.

(b) Totale en Gemiddelde Opbrengs.

Gedurende

die laaste paar jaar onder beskouing was die totale opbrengs niks besonders nie, nieteenstaande die feit dat vir enkele jare nie net die opbrengs van blankes aangegee word nie. Die gemiddelde opbrengs toon ook sterk skommeling van jaar tot jaar. Dit wil egter voorkom asof die gemiddelde opbrengs vir die laaste paar jaar waarvoor daar gegewens is, bo die gemiddelde was.

(c) Waarde van Opbrengs.

Net soos ten op-

sigte van die omvang van produksie kan ook ten opsigte van die totale waarde opgemerk word dat die gewas eers sedert omstreeks 1947 van besondere waarde geword het, en sedertdien het die waarde van die produksie aansienlik toegeneem en het die gewas 'n belangrike plek onder die akkerbougewasse ingeneem.

Tabel XLVII.

Opbrengs en Waarde van Sonneblomsaad 1921-1954.

Jaar	Morg Geoes .000	Bruto Opbrengs .000 sak	Gemid. per Morg. sak	Totale Waarde £.000	Totale waarde min saad £.000	Waarde van saad £.000
1920/21	5	36	7.2	-	-	-
1921/22	-	25	-	-	-	-
1925/26	3	13	4.3	-	-	-
1929/30	6	36	6	-	-	-
1936/37	5	31	6.2	-	-	-
1945/46	14	-	-	150	-	-
1946/47	37	192	5.2	281	-	-
1947/48	119	819	6.7	1,055	-	-
1948/49	124	560	4.5	516	-	-
1949/50	95	597	6.3	700	-	-
1950/51	143	1,017	7.1	1,157	-	-
1951/52	219	1,069	4.9	1,203	-	-
1952/53	111	-	-	1,227	1,210	17
1953/54	-	-	-	1,254	1,236	18

12. Opbrengs en Waarde van Sonneblomsaad.

(a) Oppervlakte.

Volgens die syfers in Tabel XLVII blyk dit dat die produksie van sonneblomsaad, net soos in die geval van grondbone, ook eers na afloop van die tweede wêreldoorlog in belangrikheid toegeneem het. Met die uitsondering van 1949/50 is daar 'n vinnige styging in die oppervlakte wat geoes is sedert 1945/46 tot 1951/52.

(b) Bruto en Gemiddelde Opbrengs.

Net soos in die geval van die oppervlakte, was ook die bruto opbrengs eers sedert die na-oorlogse jare van enige betekenis en het sedert 1946/47 toegeneem van 192,000 sak tot meer as 'n miljoen (1,069,000) sak in 1951/52.

Die gemiddelde opbrengs was nie hoog nie en het in 'n groot mate ook die totale opbrengs beïnvloed. So byvoorbeeld was die gemiddelde opbrengs in 1951/52 heelwat laer as gedurende die vorige seisoen met die gevolg dat nieteenstaande die groter oppervlakte wat in 1951/52 geoes is, die opbrengs byna dieselfde was.

(c) Waarde van Opbrengs.

Reeds in 1947/48 het die totale waarde van die oes die £ miljoen-kerf bereik om gedurende die laaste vier jaar onder beskouing nog verder op die totaal te verbeter en af te sluit met die rekord van £1,254,000.

Tabel XLVIII.

Opbrengs en Waarde van Suikerriet, 1911-1954.

Jaar	Oppervlakte		Hoeveelheid	Gemid. Opbrengs per akker	Totale Waarde
	Bepplant	geoes	geoes		
	.000	acre	.000 ton	ton	£.000
1910/11	72*	-	1,134	-	499
1917/18	184*	68	1,231	18.1	944
1918/19	-	-	-	-	1,233
1919/20	-	-	-	-	1,758
1920/21	197*	79	1,605	20.3	2,365
1921/22	-	-	-	-	1,559
1922/23**	211	86	1,676	19.5	1,271
1923/24	201	90	1,919	21.3	1,626
1924/25	217	87	1,616	18.6	1,386
1925/26	232	102	2,311	22.7	1,836
1926/27	245	107	2,183	20.4	1,888
1927/28	264	112	2,158	19.3	2,214
1928/29	300*	130	2,645	20.3	2,476
1929/30	310*	135	2,798	20.7	2,192
1930/31	289	145	3,243	22.4	2,457
1931/32	301	140	2,636	18.8	1,892
1932/33	333	164	3,155	19.2	2,298
1933/34	333	161	3,262	20.3	2,571
1934/35	303	168	3,475	20.7	2,744
1935/36	251	161	3,139	19.5	2,418
1936/37	193	128	3,428	26.8	3,135
1937/38	146	104	2,118	20.4	3,397
1938/39	113	58	1,187	20.5	3,522
1939/40	-	-	-	-	3,846
1940/41	-	-	-	-	4,151
1941/42	-	-	-	-	3,533
1942/43	-	-	-	-	4,208
1943/44	-	-	-	-	4,563
1944/45	-	-	-	-	5,029
1945/46	352*	169	3,707	21.9	4,775
1946/47	355*	170	4,154	24.4	4,14
1947/48	358*	172	4,595	26.7	5,723
1948/49	388*	184	4,528	24.6	6,824
1949/50	387*	192	5,074	26.4	6,831
1950/51	-	-	-	-	8,938
1951/52	-	-	-	-	7,972
1952/53	-	-	-	-	11,029
1953/54	-	-	-	-	12,865

* Alle soorte.

** Vir die jare 1923, 1924, en 1925 is die gegewens ten opsigte van alle rasse.

Vir die jare 1931-35 vir blankes, Asiate en Kleurlinge.

Vir die ander jare slegs ten opsigte van blankes.

13. Opbrengs en Waarde van Suikerriet.

Die besonderhede ten opsigte van suikerriet verskyn in Tabel XLVIII.

(a) Oppervlakte.

Anders as in die geval van ander gewasse word nie die hele oppervlakte wat beplant is, geoes nie omdat die riet eers 'n bepaalde kwaliteit moet bereik. Uit die gegewens ten opsigte van oppervlakte beplant en geoes, word jaarliks omtrent vyftig persent van die totale oppervlakte geoes. Gegewens dui verder daarop dat sedert 1945/46 daar 'n gestadige toename was in die oppervlakte wat beplant en geces is. Die stadige toename is moontlik te wyte aan die beperkte oppervlakte wat onder riet geplaas kan word, want die plant is baie kieskeurig wat klimaat betref.²⁾

(b) Totale en Gemiddelde Opbrengs.

Alhoewel daar veral sedert 1945/46 'n stygende tendens ook in die totale produksie was, was die skommeling van jaar tot jaar hier egter groter as in die geval van die oppervlakte geoes weens die wisseling in die gemiddelde opbrengs. In vergelyking met die jare voor die afgelope wêreldoorlog, was daar egter 'n verbetering in die gemiddelde opbrengs wat moontlik dui op beter bewerkingsmetodes.

(c) Waarde van Opbrengs.

Behalwe vir die jaar 1946/47 was daar 'n meer eweredige en vinnige

styging /

Tabel XLIX.

Opbrengs en Waarde van Sigorei-wortel, 1920-54.

Jaar	Morg geoes	Opbrengs	Waarde
	.000	.000 lb.	£.000
1919/20	-	277	2
1920/21	-	145	1
1921/22	-	959	7
1922/23	1	1,691	13
1923/24	1	-	13
1924/25	1	-	16
1925/26	-	1,779	22
1926/27	-	-	25
1927/28	-	-	23
1928/29	-	-	23
1929/30	1	3,321	17
1930/31	-	-	22
1931/32	-	-	19
1932/33	-	-	15
1933/34	-	-	16
1934/35	-	-	16
1935/36	-	-	19
1936/37	1	2,561	17
1937/38	-	-	45
1938/39	-	-	50
1939/40	-	-	50
1940/41	3	1,466*	60
1941/42	4	4,198	68
1942/43	6	5,324	81
1943/44	-	6,489	96
1944/45	-	6,259	101
1945/46	3	5,235	86
1946/47	4	7,798	130
1947/48	-	8,407	140
1948/49	-	7,067	118
1949/50	6	3,644	49
1950/51	-	24,340	452
1951/52	-	8,197	179
1952/53	-	5,647	115
1953/54	-	18,246	368

* Sedert 1941 is die opbrengs die hoeveelhede wat by die Sigorei-Beheerraad ingelewer is.

styging in die totale waarde van produksie wat dui nie net op die groter omvang van die produksie nie, maar ook op hoër pryse. Met 'n totale waarde van £12,865,000 is suikerriet een van die belangrike gewasse wat in die Unie verbou word.

14. Opbrengs en Waarde van Sigorei.

Besonderhede

oor hierdie gewas kom voor in Tabel XLIX. Uit die gegewens blyk dat die kweek van sigorei vroeg reeds aandag geniet het, maar dat soos die geval met so baie ander soorte gewasse, die produksie eers laat tot groot hoogtes opgevoer is. In hierdie geval vind 'n sterk styging in produksie reeds van 1941/42 af plaas. Die opbrengs in 1951 en weer in 1954 was besonder groot en heelwat bo die land se behoeftes. Die totale waarde van die produk is nie groot nie en die produk is dus nie belangrik nie behalwe vir die klein gebied rondom Alexandria waar dit gekweek word.

15. /

Tabel L.

Opbrengs en Waarde van Tabak, 1911-1954.

Jaar	Morg geplant 0.000 morg	Opbrengs		Waarde £.000
		Turkse Ton	Ander Ton	
1910/11	9	-	7,481(b)	283
1917/18	11	-	6,252(c)	393
1918/19	-	-	7,091(c)	392
1919/20	12	-	5,822(c)	329
1920/21	13	-	7,503(c)	416
1921/22	9	-	4,907(c)	236
1922/23	9	259	4,024	201
1923/24	10	408	4,930	257
1924/25	11	345	6,036	383
1925/26	13	507	7,130	736
1926/27	19	382	9,564	588
1927/28	19	586	10,290	414
1928/29	11	545	6,079	318
1929/30	10	687	5,448	285
1930/31	-	-	6,756(d)	378
1931/32	-	-	10,559(d)	463
1932/33	-	-	4,639(d)	228
1933/34	11	103	6,896	336
1934/35	15(a)	231	7,901	402
1935/36	14(a)	484	8,065	569
1936/37	16	384	8,571	656
1937/38	19	387	9,793	718
1938/39	22	389	10,998	1,007
1939/40	-	428*	11,542*	1,428
1940/41	-	164	17,871	1,137
1941/42	-	243	10,981	1,442
1942/43	-	298	13,647	2,147
1943/44	-	203	15,889	1,718
1944/45	-	266	12,025	2,615
1945/46	26	393	15,904	2,572
1946/47	24	274	14,554	4,103
1947/48	28	456	19,401	4,761
1948/49	28	434	24,383	4,493
1949/50	30	335	22,442	4,674
1950/51	-	371	24,038	5,090
1951/52	-	680	26,014	3,535
1952/53	-	550	18,500	3,583
1953/54	-	350	17,250	3,727

(a) Oppervlakte geoes.

(b) Alle soorte Naturelle op plase ingesluit.

(c) Alle soorte Naturelle op plase van blankes ingesluit.

(d) Skattings.

* Bruto ontvangste volgens opgawes van Tabakraad.

15. Opbrengs en Waarde van Tabak.

Besonderhede

in Tabel L.

(a) Oppervlakte.

Soos uit die syfers in die tabel blyk, het die oppervlakte onder tabak, met die uitsonderinge van enkele jare steeds in omvang toegeneem en in 1949/50 was die oppervlakte 3.3 keer soveel as in 1910/11. Die omvang van die oppervlakte word egter beperk deur die klimaatstoestande daar die gewas die beste aard in die laeveld en verder in die Westelike Provinsie.

(b) Opbrengs.

Daar word twee soorte tabak in die Unie gekweek naamlik Turkse soorte en Virginiese soorte. Soos uit die gegewens afgelei kan word, word daar baie meer Virginiese tabak gekweek. Dit wil egter voorkom asof die hoeveelheid van die twee soorte sedert 1952 in omgekeerde verhouding begin verander het. Turkse produksie het toegeneem en Virginiese produksie het afgeneem.

(c) Waarde van Opbrengs.

Daar was 'n redelike styging in die waarde van die tabakproduksie tot omstreeks 1951 waarna dit weer effens afgeneem het. Met 'n totaal van ver oor die £3-miljoen vorm dit 'n belangrike vertakking van die akkerboubedrywigheide.

Tabel LI.

Opbrengs en Waarde van Katoen 1911-1954.

Jaar	Geoes .000 morg	Opbrengs* .000 lb.	Waarde £.000
1910/11	-	-	1
1917/18	4	797	8
1918/19	-	1,419	16
1919/20	5	2,592	45
1920/21	9	3,576	53
1921/22	7	2,806	54
1922/23	11	7,347	80
1923/24	26	10,003	174
1924/25	69	20,392	324
1925/26	50	24,937	314
1926/27	30	11,823	158
1927/28	24	12,104	194
1928/29	20	9,998	152
1929/30	17	16,307	171
1930/31	-	9,074(a)	50
1931/32	-	3,340(a)	18
1932/33	-	2,123(a)	18
1933/34	-	2,612(a)	27
1934/35	-	3,492(a)	29
1935/36	-	2,358(a)	20
1936/37	4	3,608	36
1937/38	-	453(b)	8
1938/39	-	299(b)	6
1939/40	-	825(b)	25
1940/41	-	725(b)	23
1941/42	-	341(b)	12
1942/43	-	233(b)	8
1943/44	-	265(b)	11
1944/45	-	135(b)	8
1945/46	1	136(b)	9
1946/47	1	445(b)	35
1947/48	-	1,086(b)	77
1948/49	-	2,071(b)	171
1949/50	11	2,807(b)	306
1950/51	44	5,845	1,024
1951/52	-	14,350	1,924
1952/53	-	9,253	1,275
1953/54	-	10,000	1,230

* Saadkatoen ongepluis.

(a) Ongepluisde katoen volgens Katoengradeerder te Durban.

(b) Gepluisde katoen volgens Katoengradeerder te Durban.

Tabel LII.

Opbrengs en Waarde van Aartappels, 1911/1954.

Jaar	Geplant	Bruto Opbrengs	Totale Waarde	Waarde min saad	Waarde van saad
	.000 morg	.000 sak, 150 lb.	£.000	£.000	£.000
1910/11	29	1,228(a)	507	362	145
1917/18	52	1,468(b)	587	411	176
1918/19	-	1,371(b)	783	554	229
1919/20	47	1,251(b)	860	585	275
1920/21	45	1,440(b)	959	673	286
1921/22	48	1,732(b)	686	507	179
1922/23	38	1,407(b)	733	509	224
1923/24	34	1,412(b)	859	597	262
1924/25	43	2,073	812	672	140
1925/26	36	1,321	567	430	137
1926/27	32	1,572	1,015	783	232
1927/28	36	1,985	926	746	180
1928/29	39	1,914	702	551	151
1929/30	41	2,309	664	546	118
1930/31	41(a)	1,840(c)	652	504	148
1931/32	41(a)	2,303(c)	969	797	172
1932/33	-	1,823(c)	585	462	123
1933/34	38	1,922	793	631	162
1934/35	39	2,255	705	580	125
1935/36	-	2,319	899	740	159
1936/37	41	2,364	748	620	128
1937/38	42	2,553	1,032	866	166
1938/39	44	2,893	735	634	101
1939/40	-	2,266(c)	567	467	100
1940/41	-	2,622(c)	1,461	1,229	232
1941/42	-	2,427(c)	2,027	1,617	410
1942/43	-	2,941(c)	1,642	1,362	280
1943/44	-	2,155(c)	1,500	1,082	418
1944/45	-	2,606(c)	2,486	1,908	578
1945/46	76	3,904	3,969	3,054	915
1946/47	81	4,990	3,659	2,999	660
1947/48	75	3,711	2,489	1,886	603
1948/49	59	3,612	3,742	2,677	1,065
1949/50	65	3,496	3,671	2,726	945
1950/51	69	3,409	3,253	2,394	859
1951/52	67	3,116	2,272	1,616	656
1952/53	52	1,409	4,359	3,262	1,097
1953/54	-	-	4,770	3,689	1,081

(a) Alle Naturelle ingesluit.

(b) Naturelle op plase van blankes ingesluit.

(c) Skattings deur Ekonomie en Markte.

16. Opbrengs en Waarde van Katoen.

Volgens die syfers in Tabel LI het katoen 'n baie wisselvallige produksietendens openbaar. Die gegewens oor die oppervlakte geoes is baie karig, maar uit die opbrengs blyk dit dat die rekordopbrengs reeds so vroeg as 1925/26 behaal is en dat die opbrengs daarna met enkele stygings hier en daar, oor die algemeen 'n dalende tendens toon om eers weer teen die vyftigerjare enige noemenswaardige omvang te toon. Wat vir die opbrengs geld, is ook waar ten opsigte van die totale waarde. Eers in die seisoen 1950/51 bereik die waarde die £miljoen-kerf wat dan ook vir die daaropvolgende paar jaar gehandhaaf is. Volgens die totale waarde moet ons besluit dat katoenproduksie nie 'n besonder belangrike deel van die landbou-aktiwiteite opeis nie.

17. Opbrengs en Waarde van Aartappels. Tabel LII.

(a) Oppervlakte.

Volgens die syfers in Tabel LII is daar groot wisseling in die aantal morge wat van jaar tot jaar onder aartappels gesit word. So vind ons reeds in die seisoen van 1917/18 dat die aantal morge meer as vyftigduisend beloop. Daarna daal en styg die oppervlakte beplant maar volgens die syfers tot ons beskikking word die vyftigduisend-merk nie voor 1945/46 weer oorskrei nie om in 1946/47 'n hoogtepunt met een-en-tagtigduisend morg te bereik. Daarna vind daar weer 'n effense insinking plaas en gedurende 1952/53 beloop die aantal morge maar weer twee-en-vyftigduisend.

(b) /

Tabel LIII.

Oppervlakte onder Boorde en Wingerde en Piesangplantasies.
1911-1950.

Jaar	Boorde en Wingerde	Piesangplantasies.
	Morg	Morg
1910/11	36,623	-
1917/18	58,002	3,571
1918/19	-	4,790
1919/20	-	4,362
1920/21	81,257	4,618
1925/26	82,197	5,389
1929/30	125,481	6,193
1934/35	85,942(a)	-
1935/36	86,959(a)	4,133
1936/37	91,184(a)	4,175
1945/46	91,579(a)	5,856
1949/50	101,624	5,454

(a) Skegs kommersiële boorde.

(b) Opbrengs.

Uit die syfers ten opsigte van die opbrengs blyk dit dat aartappels reeds vroeg 'n vername plek in die landboubedrywighede ingeneem het, want reeds in 1910/11 is die produksie meer as 'n miljoen sakkies. In 1924/25 se seisoen word die tweemiljoen-bereik en eers in 1945/46, volgens ons gegewens, die driemiljoen, en net die volgende seisoen die viermiljoen-kerf, om daarna weer 'n geleidelike daling te ondergaan.

(c) Waarde van Opbrengs.

Die waarde van die opbrengs wissel om begryplike redes ook baie want dit word nie net deur die opbrengs beïnvloed nie, maar ook deur die prys. Met 'n totale waarde van oor die £4 miljoen in 1954 is die produksie van aartappels bepaald 'n redelik belangrike vertakking van die landbou-bedrywighede.

18. Boorde en Wingerde.

Die syfers, tabel LIII, is nie deurlopend vir alle jare nie en is verder ook nie in alle opsigte vergelykbaar nie, maar genoegsaam om ons tot die gevolgtrekking te laat kom dat ook hier daar 'n steeds groter oppervlakte onder vrugte en wingerde geplaas is. In die geval van piesangs geld dit egter nie. Daar was 'n redelike toename in die oppervlakte onder piesangs tot ongeveer 1930 waarna daar weer 'n afname in die oppervlakte voorkom tot voor die oorlog om daarna weer toe te neem, alhoewel die oppervlakte in 1950

Tabel LIV.

Waarde van Patats, Groente en Wynbouprodukte, 1911-54.

Jaar	Patats	Groente	Wynbou- produkte	Ander Kleiner Akkerbouprodukte.
	£.000	£.000	£.000	£.000
1910/11	119	1,496	340	50
1917/18	115	1,914	370	50
1918/19	131	1,979	390	50
1919/20	181	2,045	440	55
1920/21	196	2,113	510	60
1921/22	104	2,182	340	65
1922/23	97	2,253	360	70
1923/24	132	2,402	494	75
1924/25	123	2,509	610	80
1925/26	103	2,618	611	85
1926/27	188	2,730	650	90
1927/28	182	2,844	819	95
1928/29	128	2,961	753	100
1929/30	122	2,411	722	100
1930/31	124	2,503	598	100
1931/32	117	3,333	655	100
1932/33	99	3,465	662	95
1933/34	117	3,600	835	95
1934/35	77	3,738	841	95
1935/36	115	3,879	1,040	100
1936/37	102	2,200	1,002	100
1937/38	125	2,295	1,124	100
1938/39	94	2,171	1,196	120
1939/40	94	2,857	1,366	130
1940/41	143	3,475	1,669	140
1941/42	195	4,189	1,997	150
1942/43	195	5,484	2,400	180
1943/44	279	6,479	2,839	200
1944/45	450	6,499	2,848	250
1945/46	353	6,361	3,458	300
1946/47	323	6,299	3,742	300
1947/48	217	7,471	4,271	300
1948/49	300	7,567	3,977	300
1949/50	261	7,995	4,592	300
1950/51	289	8,053	5,504	500
1951/52	315	8,597	4,134	600
1952/53	423	9,796	4,838	700
1953/54	387	10,028	4,860	750

1950 kleiner was as dié in 1946. Daar is dus geen bepaalde tendens in die verbouing van piesangs uit hierdie gegewens af te lei nie.

19. Patats, Groente en Wynbouprodukte - Tabel LIV.

(a) Patats.

Uit die waarde van die patatproduksie moet ons aflei dat 'n redelike bestendige produksiepeil gehandhaaf is tot en met die oorlog van 1939/45, maar dat dit sedert 1941 in omvang toeneem het alhoewel die syfers nie op 'n deurlopende styging toon nie.

(b) Groente.

Die omvang wat groenteproduksie reeds met die totstandkoming van Unie aangeneem het, blyk duidelik uit die waarde van die produksie wat in 1911 reeds meer as £1 miljoen beloop het. Sedert daardie tyd dui die waarde van die opbrengs op 'n steeds stygende tendens wat slegs gedurende die jare 1937-39 onderbreek is, maar daarna volgehou is vir die hele tydperk onder beskouing. In 1954 het die waarde reeds die £10 miljoen-kerf bereik en daarmee die produksie van groente onder die belangrike akkerbougewasse geplaas.

(c) Wynbouprodukte.

Die totale waarde van die wynbouprodukte toon 'n wisselende tendens maar oor die algemeen tog 'n styging in die waarde van die opbrengs. Die hoogtepunt word bereik in 1950/51 toe die

Tabel LV.

Opbrengs en Waarde van Droëvrugte, 1911-54.

Jaar	Boomvrugte	Rosyne en Sultanas	Waarde van alle ander droë vrugte
	.000 lb.	.000 lb.	£.000
1910/11	4,219(a)	2,514(a)	59
1917/18	4,845(a)	6,361(a)	115
1918/19	3,584(b)	4,915	87
1919/20	2,419(b)	5,172	74
1920/21	3,215(a)	8,394	111
1921/22	6,659(a)	15,641	214
1922/23	5,596(a)	11,821	189
1923/24	6,039(a)	11,046	260
1924/25	7,224(a)	9,319	301
1925/26	5,231(a)	9,129	324
1926/27	6,351(a)	10,291	412
1927/28	4,774(a)	10,828	309
1928/29	6,356(a)	9,928	292
1929/30	10,399(a)	9,004	320
1930/31	-	-	309
1931/32	-	-	142
1932/33	-	-	123
1933/34	-	-	202
1934/35	-	-	276
1935/36	11,152(a)	17,474	353
1936/37	4,469(a)	20,375	561
1937/38	-	-	400
1938/39	-	-	345
1939/40	-	-	443
1940/41	4,142(a)	19,992	313
1941/42	10,258	25,044	649
1942/43	9,644	25,084	695
1943/44	10,366	24,483	866
1944/45	8,870	23,636	805
1945/46	8,013	21,509	802
1946/47	9,208	18,993	905
1947/48	8,526	18,784	927
1948/49	8,164	17,121	903
1949/50	5,862	18,210	948
1950/51	8,932	17,832	1,028
1951/52	10,433	18,815	1,135
1952/53	7,452	22,025	1,073
1953/54	10,310	23,680	1,254

(a) Alle distrikte.

(b) Slegs vernaamste vrugtedistrikte.

(c) 1941 en daarna is produksiesyfers volgens die opgawe van die Droëvrugteraad.

waarde van die opbrengs meer as £5 miljoen beloop het. Die waarde vir die daaropvolgende jare toon egter geen sterk dalende neiging nie en met 'n produksiewaarde van byna £5 miljoen kan ons die wynbou ook as 'n belangrike vertakking van die landboubedrywigheide klassifiseer.

(d) Ander Kleinere Akkerbou-produkte.

Die waarde van produkte wat nie bespreek is nie, toon 'n egalig stygende tendens behalwe vir die insinking omstreeks 1933 wat ons eerder aan die lae pryse as aan 'n daling in produksie sal kan toeskryf. Die styging gaan daarna voort om in 1954 die rekordbedrag van £750,000 te bereik. Hieruit moet ons aflei dat baie boere 'n inkomste maak uit skynbaar onbelangrike produkte.

20. Opbrengs en Waarde van Droëvrugte. Tabel LV.

(a) Boomvrugte.

Uit die opbrengssyfers vir boomvrugte blyk dit dat reeds in 1911 die droog van vrugte 'n belangrike vertakking van die vrugtekeukery was, want reeds toe is meer as viermiljoen pond droëvrugte gelewer. Die syfers is ongelukkig nie in alle opsigte vergelykbaar nie, maar nietemin kan ons tot die gevolgtrekking kom dat ook hier 'n langtermynstyging in die produksie waar te neem is.

(b) Rosyne en Sultanas.

Die produksie van rosyne en sultanas in 1911 was heelwat kleiner as dié
van /

Tabel LVI.

Waarde van Vars Vrugte, 1911-54.

Jaar	Sagte Vrugte	Sitrus	Tropiese Vrugte	Totaal Vars Vrugte
	£.000	£.000	£.000	£.000
1910/11	-	-	-	832
1917/18	-	-	-	1,155
1918/19	-	-	-	1,214
1919/20	-	-	-	2,552
1920/21	-	-	-	1,579
1921/22	-	-	-	1,791
1922/23	-	-	-	1,900
1923/24	-	-	-	2,315
1924/25	-	-	-	2,878
1925/26	-	-	-	2,737
1926/27	-	-	-	3,430
1927/28	-	-	-	3,544
1928/29	-	-	-	3,592
1929/30	-	-	-	3,694
1930/31	-	-	-	2,829
1931/32	-	-	-	3,280
1932/33	-	-	-	3,291
1933/34	-	-	-	4,071
1934/35	-	-	-	4,152
1935/36	-	-	-	4,882
1936/37	2,384	1,677	450	4,511
1937/38	2,867	1,439	500	4,806
1938/39	2,835	1,832	500	5,167
1939/40	3,021	2,471	550	6,042
1940/41	2,640	1,849	690	5,179
1941/42	3,520	2,176	825	6,521
1942/43	4,040	1,679	950	6,669
1943/44	4,908	1,707	1,175	7,790
1944/45	5,367	3,045	1,300	9,712
1945/46	5,887	2,476	1,321	9,684
1946/47	8,151	3,124	1,560	12,835
1947/48	9,113	3,263	1,700	14,076
1948/49	9,381	4,518	1,800	15,699
1949/50	10,712	5,730	2,065	18,507
1950/51	9,913	7,188	2,337	19,438
1951/52	10,552	7,036	2,010	19,598
1952/53	12,531	7,924	2,838	23,293
1953/54	12,963	10,500	3,544	27,007

van boomvrugte, maar daarna is die toename in produksie baie sneller met die gevolg dat teen 1954 die produksie van rosyne en sultanas meer as twee keer die hoeveelheid in gewig was as dié van boomvrugte. Die styging in produksie was egter nie deurlopend nie, maar baie wisselend want 'n produksie van meer as 25,000 lb. is slegs in 1942 en 1943 behaal, waarna dit tot slegs 'n ietsie meer as 17,000 lb. in 1949 gedaal het.

(c) Waarde van droëvrugte.

Soos te wagte

het die waarde met die toename in produksie ook gestyg en en ook baie meer geleidelik veral sedert 1941 tot 1954. Met 'n waarde van meer as £ miljoen vir die laaste vier jaar onder beskouing neem die produksie van droëvrugte nie 'n onbelangrike plek in die boerderyvertakkinge in nie.

21. Opbrengs en Waarde van Vars Vrugte. Tabel LVI.

(a) Sagte Vrugte.

Die waarde van die geproduseerde sagte vrugte is slegs van 1936/37 af beskikbaar, maar reeds toe was dit 'n vername vertakking van die boerdery met 'n waarde van produksie van meer as £2 miljoen. Daarna toon die waarde van produksie 'n taamlik geleidelike styging om in 1954 'n opbrengs van byna £13 miljoen te bereik. Die sagtevrugtebedryf is dus 'n belangrike landbouvertakking.

Sitrus /

Tabel LVII.

Groottotaal van Alle Akkerbougewasse, * 1911-54.

Jaar	Insluitende Hooi, Voer en Saad	Uitsluitende Hooi, Voer en Saad	Hooi, vee- Voer en Saad
	£.000	£.000	£.000
1910/11	14,254	11,939	2,315
1917/18	22,494	18,257	4,237
1918/19	24,639	20,670	3,969
1919/20	33,839	28,290	5,549
1920/21	23,324	19,617	3,707
1921/22	22,024	18,961	3,063
1922/23	26,549	23,237	3,312
1923/24	22,758	18,978	3,780
1924/25	30,525	26,744	3,781
1925/26	24,380	20,590	3,790
1926/27	29,355	25,528	2,827
1927/28	30,215	26,548	3,667
1928/29	28,691	24,791	3,900
1929/30	25,438	21,856	3,582
1930/31	22,101	18,862	3,239
1931/32	23,241	20,016	3,225
1932/33	21,435	18,389	3,046
1933/34	29,438	25,194	4,244
1934/35	28,179	24,565	3,614
1935			
1935/36	32,298	27,970	4,328
1936/37	33,148	29,024	4,124
1937/38	30,951	26,094	4,857
1938/39	37,388	33,096	4,292
1939/40	38,113	31,978	6,135
1940/41	42,368	34,983	7,385
1941/42	46,777	40,585	6,192
1942/43	61,582	49,210	12,372
1943/44	60,722	49,778	10,944
1944/45	64,354	51,511	12,835
1945/46	69,349	54,989	14,360
1946/47	84,116	68,975	15,141
1947/48	104,017	85,338	18,679
1948/49	91,282	77,122	14,160
1949/50	110,846	90,851	19,995
1950/51	133,080	105,380	27,700
1951/52	121,686	99,873	21,813
1952/53	157,349	135,084	22,265
1953/54	169,510	146,747	22,763

* Wattelbas ingesluit.

(b) Sitrus.

Die syfers vir sitrus is ook wew-eens eers van 1936/37 af beskikbaar, maar reeds op daardie tydstip was die opbrengs nie onaansienlik nie en wel meer as £ anderhalf-miljoen. Daarna toon die waarde van produksie 'n stygende tendens alhoewel met heelwat insinkings, maar behaal tog nietemin in 1954 die £10 miljoen-kerf. Die sitrusbedryf is dus ook 'n belangrike vertakking van die boerdery.

(c) Tropiese Vrugte.

Die waarde van die produksie van tropiese vrugte openbaar sedert 1936/37 'n deurlopend stygende tendens behalwe vir 'n insinking in 1951/52, maar behaal nietemin in 1954 die rekord-bedrag van £10,500,000. Die kweek van tropiese vrugte is dus 'n ander belangrike vertakking van die boerdery-bedrywighede.

(d) Totale Waarde van Vars Vrugte.

Die totale waarde van die geproduseerde vars vrugte toon 'n groot toename sedert 1910/11. Van minder as 'n £miljoen het dit gestyg om in 1954 die reusedrag van £27,007,000 te beloop wat die sagtevrugtebedryf as 'n baie belangrike vertakking van die landbou bestempel.

22. Groottotaal van alle Akkerbougewasse. Tabel LVII.

Die syfers in Tabel LXII toon die omvang van die waarde van die landbouprodukte en die groei van die waarde daarvan sedert /

sedert 1910/11. Sedert daardie tyd tot 1954 het die waarde meer as vertienvoudig om uiteindelik op £169,510,000 te staan te kom en waarvan minstens £146,747,000 as mensevoedsel verbruik is en die res, £22,763,000, as veevoer en saad. Landbouprodukte vorm dus 'n vername deel van ons daelikse voeding.

23. Relatiewe Belangrikheid van verskillende Landbou- produkte.

Voordat ons oorgaan tot 'n beskouing van die lewende hawe en veeteeltproduksie is dit moontlik van belang om die relatiewe belangrikheid van die verskillende landbouprodukte volgens hul waarde van opbrengs te rangskik. Hierdie verhouding word in tabel LVIII aangegee volgens die gemiddelde opbrengs vir die jare 1950/51 tot en met 1953/54:

Tabel LVIII.

Relatiewe Belangrikheid van verskillende **Akkerbouproduk-**
te volgens Waarde van Produksie, 1950/51 tot 1953/54.

	£.000		£.000
1. Mielies	47,093	12. Lusernhooi.....	2,877
2. Koring	16,372	13. Droë bone en erte..	1,803
3. Sagte Vrugte. 11,485		14. Hawer en hawerhooi.	1,724
4. Suikerriet... 10,201		15. Katoen.....	1,363
5. Groente..... 9,119		16. Tefhooi	1,258
6. Sitrus..... 8,162		17. Sonneblomsaad	1,210
7. Grondbone ... 5,334		18. Alle Droëvrugte ...	1,123
8. Wynprodukte.. 4,834		19. Gars.....	883
9. Kafferkoring. 4,287		20. Patats	353
10. Tabak..... 3,984		21. Sigorei	279
11. Aartappels... 3,414		22. Rog.....	131

24. Totale Oppervlakte Werk.

Gegewens ten opsigte van die aantal morge wat bewerk is om die produksie in die voorgaande tabelle aangegee, word in Tabel LIX gegee.

In die eerste kolom word die totale getal morge bewerk

gegee /

gegee en in die tweede die hoeveelhede morge onder besproeiing. Volgens die gegewens blyk dit dat die aantal morge bewerk redelik konstant gebly het vanaf 1910/11 tot 1925/26 maar dat daarna die oppervlakte bewerk redelik toegeneem het en dat die aantal morge in 1949/50 bewerk byna tweekeer soveel was as in 1920/21.

Die aantal morge besproei het egter heelwat konstant gebly en die vermeerdering wat te bespeur is, moet in hoofsaak toegeskryf word aan die bewerking van grond onder besproeiingsdamme en op nedersettings.

Tabel LIX.

Aantal Morge Bewerk en Besproei in Bepaalde Jare.

Jaar	Bewerk .000 morg	Besproei. .000 morg
1910/11	4,176	464
1917/18	4,766	432
1920/21	4,592	386
1925/26	4,909	589
1929/30	6,199	410
1936/37	7,082	458
1945/46	8,632	539
1949/50	8,945	595

25. Kraal- en Kunsmis gebruik.

In hul pogings om die produksie te verhoog en die gehalte van hul grond te bewaar, het die boere gebruik gemaak van kraal- en kunsmis. Die hoeveelhede vir enkel jare word in Tabel LIX aangegee. Daaruit blyk dit dat die hoeveelheid kraal - mis wat oor die jare gebruik is nie veel vermeerder het nie, en volgens die syfers lyk dit selfs of die hoeveelhede sedert 1946 aan die afneem is.

Ten opsigte van kunsmis is daar 'n besliste toename in die hoeveelhede gebruik wat daarop dui dat

die /

Tabel LXII.

Landboumasjinerie.

Jaar	Getalle Elektriese Motors		Gas- en Olie- masjiene	Trekkers	Motor- Lorries	Maai- masjiene	Maai- en Bind- masjiene	Motor- karre	Waens en Trollies	Dorsmasjiene		Hooi- perse	Hooi- harke	Saai- en plant masjiene	Êe.
	Dryfkrag op plaas opgewek	Dryfkrag van ander bronne								Met krag gedryf	Hand- masjiene				
1911	-	-	1,221	-	-	12,597	8,488	-	142,864	1,503++	-	3,558	6,661	7,850	68,125 *+
1918	178*	-	3,192	231	-	17,916	8,469	-	201,518 ⁺	1,428 ⁺⁺	-	6,034	-	13,135	90,059 ^{*+}
1921	258	-	3,611	515**	-	-	-	-	-	1,688	5,238	-	-	-	-
1926	949	-	4,492	1,302	-	23,534	8,490	-	84,815	2,068	6,336	6,049	-	45,102	79,995
1930	1,181	-	8,085	6,684	-	25,842	10,232	-	87,820	2,797	5,805	6,280	-	53,754	112,229
1937	1,186	4,241	10,573	6,019	8,568	32,685	14,371	5,200	99,302	3,689	6,423	5,559	25,226	57,801	133,772
1946	2,769	8,604	17,008	20,292	21,256	40,043	14,995	56,558	102,892	4,949	6,162	-	-	74,125	153,606
1950	635	2,118	45,830	48,422	31,308	43,001	17,750	63,603	92,047	7,437	5,244	-	-	80,981	166,140

(* Alle elektriese motore.

** Slegs olietrekkers.

+ Naturellereservate ingesluit.

++ Alle dorsmasjiene.

*+ Perdeharke en êe in naturelle reservate ingesluit.)

die boere al meer en meer die waarde van bemesting besef. Dit blyk ook dat Superfosfaat die belangrikste enkele misstof is wat gebruik word en in totaal ruim twee keer soveel is as die ander kunsmis-stowwe.

Tabel LXI.

Kraal- en Kunsmis gebruik in bepaalde jare.

	Kraalmis		Super- fosfaat	Gemeng en ander
	Eie	Inkoop		
	.000 ton	.000 ton	.000 ton	.000 ton
1925	1,587*	-	140,312 ⁺	-
1930	-	-	313,558 ⁺	-
1937	-	-	365,380 ⁺	-
1946	1,513	796	226,925	163,900
1947	1,398	706	296,221	152,264
1950	1,370**	612	374,837	198,960

(* Alle kraalmis gebruik)
 (** Kraalmis en kompos)
 (+ Alle kunsmis gebruik)

27. Landboumasjinerie.

Die toenemende landbou-aktiwiteite het die boer meer en meer van masjinerie laat gebruik maak omdat hy anders nie in staat sou wees om sy oppervlakte onder bewerking baie te vergroot nie. Die besonderhede van landboumasjinerie wat in bepaalde jare in gebruik was, word in Tabel LXII aangegee.

28. Elektriese Motore.

Die syfers toon dat daar 'n geleidelike toename was in die aantal elektriese motore tot omstreeks 1946, maar dat dit daarna vinnig afgeneem het en in totaal slegs 2,743 in 1950 beloop het, teenoor 11,313 in 1946. Die afname kan moontlik verklaar /

verklaar word deur die gebruik van trekkers wat gewoonlik voorsien is van 'n dryfwiel vir werksaamhede wat vroeër deur 'n elektriese motor gedoen is, asook die gebruik van oliemasjiene.

29. Gas- en Oliemasjiene.

Hierdie tipe masjinerie toon ook 'n geleidelike toename in getalle, en veral opvallend is die groot toename sedert die oorlog en wel van 'n ietsie oor die sewentienduisend tot byna ses-en-veertigduisend. Hierdie masjinerie is moontlik ook gebruik om die elektriese motore te vervang omdat die eersgenoemde goedkoper is in brandstofverbruik.

30. Trekkers.

Die meganisasie van ons landbou word moontlik die beste weerspieël deur die getal trekkers wat in gebruik is. Die omvang van die meganisasie in die vooroorlogse en die naoorlogse tydperk is dan ook baie opvallend. In 1937 was die getal trekkers slegs ietsie meer as sesduisend terwyl dit in 1946 reeds meer as twintigduisend beloop het. Binne die volgende vier jaar is die getal meer as verdubbel en het die getal in 1950 op meer as ag-en-veertigduisend gestaan. Die getal dui ook in 'n mate die kapitaal aan wat daar in trekkers belê is.

31. Motors en Lorries.

Die aantal lorries in gebruik op plase het ook snel toegeneem maar, opmerklik, is die aantal heelwat laer as die aantal trekkers, waarvan /

waarvan ons moet aflei dat party boere slegs 'n trekker het en nie 'n lorrie nie of/en dat sommige boere veel meer trekkers het as lorries.

Motors neem ook 'n belangrike plek in die boerdery in alhoewel dit moontlik meer vir private gebruik bedoel is. Die toename sedert 1937 is ook nie baie groot nie want in 1953 was daar 63,603 teenoor 5,200 in 1937. Opvallend veral is die groot getal reeds in 1946. Die posisie was dat trekkers daardie tyd baie moeilik bekombaar was en boere dikwels 'n motor, soos die Jeeps byvoorbeeld, gekoop het om terselfdertyd ook te dien as trekker.

Soos te verwagte met die meganisering van die landbou was daar in 1950 minder waens en trollies as in 1911 toe trekdierse 'n baie belangrike rol in die vervoer gespeel het.

32. Saai- en Maaimasjiene.

Die verskillende kolomme ten opsigte van hierdie soort masjinerie toon 'n geleidelike toename in alle vertakkinge, maar daar is nie so 'n drastiese toename in die getalle soos byvoorbeeld in die geval van trekkers na afloop van die tweede wêreldoorlog nie. Dit is ook opvallend dat baie van die tipe masjiene reeds so vroeg as 1911 op redelike skaal gebruik is in vergelyking met ons landboubedrywighede daardie tyd.

33. Ee.

Dit lyk asof die eg nieteenstaande die

meganisasie /

meganisasie nog steeds sy plek behou het want die syfers toon ook ten opsigte van hierdie werktuig 'n groot toename in getalle. Die toename was ook meer geleidelik en het blykbaar meer tred gehou met die oppervlakte onder bewerking as met enige ander faktor.

34. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons ons insonderheid bepaal by die landbougewasse en in die volgende hoofstuk sal ons die landbou-ontwikkeling verder bespreek, veral ten opsigte van lewende hawe en veeteeltproduksie.

- - - - -

Tabel LXIII.

Opbrengs en Waarde van Wol en Bokhaar, 1911 - 1954.¹⁾

Jaar	W o l		B o k h a a r	
	Opbrengs	Waarde	Opbrengs	Waarde
	.000 lb.	£.000	.000 lb.	£.000
1910/11	-	3,338	-	733
1917/18(a)	114,988	7,740	10,004	193
1918/19	-	11,086	-	1,500
1919/20	122,688	11,446	7,718	1,485
1920/21	128,175	11,446	8,184	262
1921/22	132,299	9,737	8,358	844
1922/23	127,621	10,333	9,148	730
1923/24	136,804	12,928	7,857	941
1924/25	146,161	13,492	7,707	772
1925/26	154,272	12,468	7,444	792
1926/27	178,316	13,138	5,128	592
1927/28	200,972	17,051	4,806	628
1928/29	216,218	15,037	5,789	581
1929/30	232,637	10,089	6,470	423
1930/31	-	6,530	-	240
1931/32	-	4,507	-	57
1932/33	-	5,950	-	135
1933/34	202,092	10,199	4,181	289
1934/35	177,347	6,737	3,911	185
1935/36	196,702	8,469	3,258	365
1936/37	207,533	13,188	2,967	449
1937/38	197,346	8,250	2,993	333
1938/39	197,829	7,969	3,306	313
1939/40	-	11,168	-	381
1940/41	-	9,895	-	414
1941/42	-	9,887	-	474
1942/43	-	11,608	-	508
1943/44	-	11,609	-	500
1944/45	-	10,575	-	400
1945/46	155,213	9,367	2,815	208
1946/47	152,037	11,627	2,588	230
1947/48	190,466*	19,690	-	383
1948/49	204,498*	27,369	-	401
1949/50	155,633	33,282	2,462	522
1950/51	216,168*	79,656	-	2,284
1951/52	221,572*	44,115	-	1,583
1952/53	-	56,563	-	1,433
1953/54	-	59,879	-	2,444

1. Die syfers in die tabelle in hierdie hoofstuk is verkry by die Afdeling Ekonomie en Marke.

(a) 1918-25 Naturelle op plase van blankes ingesluit.

* Gegewens uit Uniejaarboek No. 27 en sluit in Wol ook van Naturelle.

HOOFSTUK VII.

LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE UNIE, 1910-1954, (VEETEELT).

1. Inleiding.

In die vorige hoofstuk het ons in hoof-trekke die ontwikkeling van landbouproduksie, meer bepaald die aspekte wat op die akkerbou van toepassing is, behandel. In hierdie hoofstuk sal ons ons weer meer bepaal by die lewende hawe in die tydperk onder bespreking asook die veeteeltproduksie en enkele aanverwante sake soos kuilvoer, ens.

2. Opbrengs en Waarde van Wol en Bokhaar.

Die opbrengs en waarde van wol en bokhaar word aangegee in Tabel LXIII.

(a) Opbrengs en Waarde van Wol.

Die syfers vir die opbrengs oor die jare is ongelukkig nie volledig nie, maar dit blyk tog dat daar 'n geleidelike styging was in die totale opbrengs van 1917/18 tot 1929/30 met slegs 'n klein insinking gedurende die seisoen 1922/23. Sover syfers beskikbaar is vir die daaropvolgende jare, is die opbrengs deurgaans nie net laer as in 1929/30 nie, maar toon ook groot skommeling van jaar tot jaar.

Uit die syfers ten opsigte van die waarde van die opbrengs blyk dit dat wol reeds in 1911 'n belangrike produk was met 'n totale opbrengs van meer as £3,000,000. Weens die skommeling in die pryse, toon die totale waarde egter nie dieselfde geleidelike styging as die opbrengs in die jare na 1911 nie. So byvoorbeeld is die grootste

totale /

totale waarde vir die opbrengs voor die tweede wêreldoorlog in 1927/28 behaal toe die opbrengs meer as £17,000,000 was, terwyl die opbrengs in daardie seisoen ruim twee-en-dertig miljoen pond in gewig minder was as in die rekordjaar 1929/30. Die lae pryse van wol gedurende die depressie het die totale waarde van die opbrengs sterk ten nadele beïnvloed. Ma daardie tydperk vertoon die waarde ook sterk wisselinge van jaar tot jaar, en dit was nie voor die seisoen 1947/48 dat die waarde weer vir die eerste keer die rekord van 1927/28 kon oortref nie. Sedert 1948 is daar dan ook 'n vinnige styging in die totale waarde van die opbrengs om in 1950/51 'n nuwe rekordbedrag van meer as £97,000,000 te bereik, om daarna te val na £44,115,000 waarna dit weer 'n styging toon om in 1953/54 op byna £60,000,000 te staan te kom. Ons kan wol dan ook onteensleglik beskou as ons belangrikste veeteeltproduk.

(b) Opbrengs en Waarde van Bokhaar.

Volgens die syfers ten opsigte van die opbrengs van bokhaar, wil dit voorkom of die vertakking van die veeteeltbedryf na 1917/18 geleidelik in aansien afgeneem het, want in genoemde jaar was die opbrengs meer as tienmiljoen pond gewig om daarna geleidelik, alhoewel nie eweredig nie, te daal tot slegs 2,462,000 lb. in 1949/50 - die laagste in die tydperk onder beskouing. Angoraboerdery moes dus waarskynlik plek maak vir die merino.

Die waarde van die opbrengs van die bokhaar toon 'n verwarrende beeld. Die hoogste waarde is byvoorbeeld in 1918/19 behaal met £1,500,000, 'n bedrag wat eers weer in die seisoen 1950/51 oortref is. Tussen die twee genoemde seisoene daal dit byvoorbeeld in 1931/32 tot

Tabel LXIV.

Waarde van Velle en Vere, 1911-1954.

Jaar	Huide en Velle	Karakoel- velle	Volstruis- vere
	£.000	£.000	£.000
1910/11	200	-	745
1917/18	300	-	156
1918/19	300	-	482
1919/20	310	-	565
		-	
1920/21	320	-	276
1921/22	330	-	285
1922/23	340	-	327
1923/24	350	-	327
1924/25	360	-	301
1925/26	400	-	98
1926/27	430	-	65
1927/28	450	-	29
1928/29	480	-	35
1929/30	500	-	45
1930/31	500	-	29
1931/32	300	-	39
1932/33	320	-	28
1933/34	300	-	42
1934/35	300	-	29
1935/36	320	-	27
1936/37	254	-	20
1937/38	367	-	28
1938/39	208	-	28
1939/40	266	-	30
1940/41	192	-	32
1941/42	297	-	17
1942/43	309	69	18
1943/44	303	217	13
1944/45	308	276	40
1945/46	456	446	73
1946/47	393	731	118
1947/48	622	694	221
1948/49	598	807	141
1949/50	1,083	871	102
1950/51	1,092	1,978	95
1951/52	705	1,833	74
1952/53	-	1,743	55
1953/54	-	1,567	81

so laag as £57,000. Gedurende die res van die tydperk onder beskouing toon die waarde van die opbrengs groot skommeling van jaar tot jaar. Dit wil egter voorkom of die produk van 1950/51 af, weer in 'n mate herstel het, te oordeel na die waarde van die opbrengs, want die gemiddelde vir die laaste vier seisoene het op byna £2,000,000 te staan gekom.

3. Waarde van Velle en Vere.

Gegewens ten opsigte van hierdie produkte kom voor in Tabel LXIV.

(a) Waarde van Huide en Velle.

Gedurende die eerste twintig jaar van die periode onder beskouing toon die waarde verkry van huide en velle 'n steeds stygende tendens om omstreeks 1930 'n hoogtepunt te bereik met 'n totale waarde van £500,000. Daarna toon die syfers geen bepaalde tendens nie maar wissel van jaar tot jaar. In 1949/50 was daar egter 'n groot styging in die waarde omdat die waarde vir daardie jaar byna tweekeer soveel was as dié van die vorige jaar. Ook in die daaropvolgende seisoen was die waarde ewe hoog, maar twee jaar later was daar weer 'n merkbare afname in die waarde. Die inkomste uit hierdie bron was seker nie altyd so welkom nie omdat die omvang daarvan in baie jare bepaal is deur die vrekte onder die diere.

(b) Waarde van Karakoelvelle.

Volgens die syfers is die karakoelbedryf maar nog jonk, maar het vinnig ontwikkel. In 1942/43 was die waarde van die velle slegs £69,000 maar daarna het dit byna voortdurend toegeneem om in 1950/51 die rekordwaarde van byna £2,000,000 te lewer. Daarna was
daar /

Tabel LXV.

Waarde van Slagvee, 1911-1954.

Jaar	Beeste £.000	Skape en Bokke £.000	Varke £.000	Totaal £.000
1910/11	2,000	2,000	600	4,600
1917/18	3,000	3,850	700	7,550
1918/19	4,201	4,662	878	9,741
1919/20	5,161	6,807	934	12,902
1920/21	3,977	4,664	621	9,262
1921/22	2,442	2,919	634	5,995
1922/23	2,647	4,210	925	7,782
1923/24	3,093	4,150	903	8,146
1924/25	3,461	4,512	1,148	9,121
1925/26	3,588	3,340	1,111	8,039
1926/27	4,087	3,650	1,142	8,879
1927/28	4,264	3,812	1,152	9,201
1928/29	4,738	3,615	1,279	9,632
1929/30	4,157	2,847	1,172	8,176
1930/31	3,866	2,288	817	6,971
1931/32	2,761	1,628	655	5,044
1932/33	2,631	1,922	623	5,176
1933/34	2,869	3,908	1,111	7,888
1934/35	3,970	3,487	1,073	8,530
1935/36	4,311	2,987	1,129	8,427
1936/37	4,941	3,344	1,029	9,314
1937/38	6,863	4,205	1,348	12,416
1938/39	6,802	3,654	1,679	12,135
1939/40	6,541	4,254	1,583	12,378
1940/41	7,607	4,754	1,577	13,938
1941/42	10,464	6,515	2,164	19,143
1942/43	12,851	8,312	3,123	24,286
1943/44	14,023	8,377	2,966	25,366
1944/45	13,114	7,878	3,747	24,739
1945/46	15,212	8,797	3,842	27,851
1946/47	16,848	9,011	3,475	29,334
1947/48	18,196	8,874	4,264	31,334
1948/49	18,529	9,015	5,340	32,884
1949/50	19,039	7,661	6,185	32,939
1950/51	20,288	10,959	6,175	37,422
1951/52	24,759	14,560	6,274	45,593
1952/53	28,572	20,158	6,386	55,116
1953/54	29,746	19,806	4,845	55,397

daar egter weer 'n afname in die totale waarde tot £1,567,000 in 1953/54. Die inkomste uit hierdie boerderyvertakking was dus heeltemal redelik.

(c) Waarde van Volstruisvere.

Uit die syfers ten opsigte van die waarde van volstruisvere blyk dit dat reeds in 1911 die waarde van die vereproduksie 'n aansienlike bedrag beloop het. Die waarde van die opbrengs in 1917/18 was dan ook heelwat onder dié vir die seisoen 1910/11. Die laasgenoemde datum was egter al 'n paar jaar na die klassieke ineenstorting van die veremark in 1914 en die waarde van die opbrengs in laasgenoemde jaar was moontlik nog laer as in 1917/18. Die waarde van die vere was gedurende 1918 tot 1920 egter nog redelik groot, maar daarna het dit afgeneem en het in 1943/44 op slegs £13,000 te staan gekom. Sedert daardie datum was daar weer 'n vinnige styging in die waarde om in 1947/48 op £221,000 te staan te kom maar daarna weer te daal tot £55,000 in 1952/53. Die dtyging in die jaar daarop was egter weer redelik groot. Die opbrengs is egter nie sodanig dat ons volstruisboerdery as 'n belangrike vertakking in ons boerderybedrywighede sal kan klassifiseer nie,

4. Waarde van Slagvee.

Die gegewens ten opsigte van slagvee is vervat in Tabel LXV.

Soos ons kan verwag, toon die syfers ten opsigte van die waarde van die diere geslag deurgaans 'n stygende tendens, alhoewel die tendens nie ten opsigte van alle vee ewe deurlopend was nie. Die groeiende bevolking van die Unie bring noodwendig mee dat die vraag na vleis toeneem

Tabel LXVI.

Waarde van Vars Melk en ander Suiwelprodukte.

Jaar	Vars Melk	Ander Suiwel- produkte	Totaal
	£.000	£.000	£.000
1910/11	3,352	651	4,003
1917/18	4,033	1,271	5,304
1918/19	4,094	1,435	5,529
1919/20	4,406	1,987	6,393
1920/21	3,838	1,583	5,421
1921/22	3,894	1,157	5,051
1922/23	3,951	1,343	5,294
1923/24	4,005	1,642	5,647
1924/25	3,597	1,309	4,906
1925/26	3,637	1,563	5,200
1926/27	3,733	1,513	5,246
1927/28	4,347	1,820	6,167
1928/29	4,383	2,049	6,432
1929/30	3,601	1,713	5,314
1930/31	3,359	1,791	5,150
1931/32	3,254	1,673	4,927
1932/33	3,248	1,347	4,595
1933/34	3,493	1,773	5,266
1934/35	3,439	2,060	5,499
1935/36	3,223	2,092	5,315
1936/37	3,680	2,020	5,700
1937/38	4,160	2,831	6,991
1938/39	8,284	2,837	7,121
1939/40	4,330	3,193	7,523
1940/41	4,530	3,418	7,948
1941/42	6,395	3,713	10,108
1942/43	8,139	4,746	12,885
1943/44	9,373	4,879	14,252
1944/45	9,669	5,007	14,676
1945/46	10,624	5,072	15,696
1946/47	12,466	5,342	17,808
1947/48	12,655	7,471	20,126
1948/49	13,853	7,737	21,590
1949/50	14,309	8,661	22,970
1950/51	16,204	11,700	27,904
1951/52	18,335	11,741	30,076
1952/53	21,364	13,577	34,941
1953/54	21,722	15,913	37,635

en dus ook die aantal en die waarde van die diere wat geslag sou word. Die waarde van die beeste wat geslag is voor die depressie in die dertigerjare, toon nie 'n egalige styging nie, alhoewel daar oor die algemeen 'n stygende tendens was. Daarna was die styging egter feitlik deurlopend om in 1953/54 byna op £30,000,000 te staan te kom. Dieselfde opmerkinge geld ook ten opsigte van skape en bokke en varke, hoewel die totale waarde in beide gevalle in 1953/54 laer was as in die jaar daarvoor.

Die steeds stygende tendens in die waarde van die slagvee word beter weerspieël in die groot totaal van alle slagvee. Die waarde van die verskillende diere wat as slagvee verkoop is, vorm dus 'n groot bedrag en spruit voort uit die belangrikheid van die veeteeltbedryf in die Unie.

5. Waarde van Vars Melk en ander Suiwelprodukte.

Gegewens

oor hierdie produkte is vervat in Tabel LXVI.

(a) Vars Melk.

Dit is eintlik verrassend om uit die syfers te merk dat die produksie van vars melk reeds in 1910/11 sulke groot afmetings aangeneem het. Die syfers ten opsigte van die waarde van die vars melk toon egter vir die daaropvolgende dertig jaar geen noemenswaardige vermeerdering nie, want behalwe vir 'n groot sprong in 1938/39 was die waarde van die produksie in 1940/41 slegs £4,530,000. Na hierdie laasgenoemde datum toon die waarde egter 'n deurlopende en redelik vinnig stygende tendens om in 1953/54 op £21,722,000 te staan te kom. Die produksie van vars melk lewer dus 'n groot inkomste aan die boere-gemeenskap en neem dus ook 'n belangrike plek in in die boerderybedrywighede.

(b) /

Tabel LXVII.

Waarde van Pluimvee- en ander Kleinere Veeteeltprodukten.

Jaar	Pluimvee en -produkten	Ander kleinere veeteeltprodukten	Totaal
	£.000	£.000	£.000
1910/11	1,000	20	1,020
1917/18	1,200	20	1,220
1918/19	1,300	20	1,320
1919/20	1,400	20	1,420
1920/21	1,500	25	1,525
1921/22	1,600	25	1,625
1922/23	1,800	25	1,825
1923/24	2,000	30	2,030
1924/25	2,400	30	2,430
1925/26	2,600	30	2,630
1926/27	2,500	35	2,535
1927/28	2,300	40	2,340
1928/29	2,200	40	2,240
1929/30	2,409	40	2,449
1930/31	2,300	40	2,340
1931/32	2,200	35	2,235
1932/33	2,100	35	2,135
1933/34	2,000	35	2,035
1934/35	2,000	40	2,040
1935/36	2,000	40	2,040
1936/37	1,959	40	1,999
1937/38	2,143	50	2,193
1938/39	1,961	50	2,010
1939/40	1,937	50	1,980
1940/41	2,268	60	2,328
1941/42	2,978	70	3,048
1942/43	3,873	80	3,953
1943/44	4,330	90	4,420
1944/45	4,581	100	4,681
1945/46	3,760	100	3,861
1946/47	4,264	100	4,364
1947/48	4,597	100	4,697
1948/49	4,688	100	4,788
1949/50	6,238	130	6,368
1950/51	6,530	200	6,730
1951/52	10,793	300	11,093
1952/53	11,663	400	12,063
1953/54	14,143	450	14,593

(b) Ander Suiwelprodukte.

In teenstelling met die waarde van vars melk, was daar 'n heelwat vinniger styging in die waarde van die „ander suiwelprodukte“. Die waarde van die produkte was byvoorbeeld in 1917/18 byna dubbel soveel as in 1910/11. Hierdie tempo van toename is egter nie gehandhaaf nie en reeds na 1920 was daar 'n afname in die waarde van die produksie in vergelyking met die opbrengs van byna £2,000,000 in 1919/20. Eienaardig genoeg toon die waarde geen besondere afname gedurende die depressiejare nie. Na 1932/33 was daar 'n redelik vinnige styging in die waarde van die produkte tot aan die einde van die periode onder beskouing. Met 'n waarde van byna £16,000,000 kan ons ook hierdie vertakking as belangrik uit 'n waarde-oogpunt klassifiseer.

6. Waarde van Pluimvee en ander Kleinere Veeteeltprodukte.

Die syfers in verband met hierdie produkte word aangegee in Tabel LXVII.

(a) Waarde van Pluimvee en Pluimveeprodukte.

Die waarde van pluimvee en pluimveeprodukte was in 1910 alreeds groot want nie minder as £1,000,000 is toe onder die hoof aangegee. Daarna het die waarde van hierdie produkte voortdurend tot 1925/26 gestyg toe die waarde op £2,600,000 te staan gekom het. Daarna het 'n effense insinking voorgekom, maar nietemin is die totale waarde van 1925/26 eers weer in 1941/42 oortref. Sedert laasgenoemde datum het die waarde dan ook nog verder gestyg en in 1951/52 is die £10,000,000 kerf bereik en in 1953/54 was die produksie heelwat meer as £14,000,000. Pluimveeboerdery het dus tot

Tabel LXVIII.

Groottotaal van Akkerbou- en Veeteeltprodukten.

Jaar	Totale Waarde van alle Akkerbou- produk.	Totale Waarde van alle Vee- teeltprodukten	Totale Akkerbou- en Veeteeltproduktie		
			Insluit. Voer en Saad	Uitsluit. Hooi, Voer en Saad	Waarde van Hooi, voer en saad
	£.000	£.000	£.000	£.000	£.000
1910/11	14,254	14,639	28,893	26,578	2,315
1917/18	22,494	22,463	44,957	40,720	4,237
1918/19	24,639	29,958	54,597	50,628	3,969
1919/20	33,839	34,521	68,360	62,811	5,549
1920/21	23,324	28,512	51,836	48,129	3,707
1921/22	22,024	23,867	45,891	42,828	3,063
1922/23	26,549	26,631	53,180	49,868	3,312
1923/24	22,758	30,369	53,127	49,347	3,780
1924/25	30,525	31,382	61,907	58,126	3,781
1925/26	24,380	29,627	54,007	50,217	3,790
1926/27	29,355	30,930	60,285	56,458	3,827
1927/28	30,215	35,869	66,084	62,417	3,667
1928/29	28,691	34,437	63,128	59,228	3,900
1929/30	25,438	26,996	52,434	48,852	3,582
1930/31	22,101	21,760	43,861	40,622	3,239
1931/32	23,241	17,109	40,350	37,125	3,225
1932/33	21,435	18,339	39,774	36,728	3,046
1933/34	29,438	26,019	55,457	51,213	4,244
1934/35	28,179	23,320	51,499	47,885	3,614
1935/36	32,298	24,963	57,261	52,933	4,328
1936/37	33,148	30,924	64,072	59,948	4,124
1937/38	30,951	30,578	61,529	56,672	4,857
1938/39	37,388	29,785	67,173	62,881	4,292
1939/40	38,113	33,733	71,846	65,711	6,135
1940/41	42,368	34,747	77,115	69,730	7,385
1941/42	46,777	42,974	89,751	83,559	6,195
1942/43	61,582	53,636	115,218	102,846	12,372
1943/44	60,722	56,680	117,402	106,458	10,944
1944/45	64,354	55,695	120,049	107,214	12,835
1945/46	69,349	57,957	127,306	112,946	14,360
1946/47	84,116	64,605	148,721	133,580	15,141
1947/48	104,017	77,767	181,784	163,105	18,679
1948/49	91,282	88,578	179,860	165,700	14,160
1949/50	110,846	98,137	208,983	188,988	19,995
1950/51	133,080	157,161	290,241	262,541	27,700
1951/52	121,686	135,114	256,800	234,987	21,813
1952/53	157,349	162,914	320,263	297,998	22,265
1953/54	169,510	171,596	341,106	318,343	22,763

'n belangrike vertakking van die boerderybedrywighede in die Unie ontwikkel.

(b) Waarde van ander Kleinere Veeteeltprodukte.

Die syfers in Tabel LXVII ten opsigte van hierdie kleinere produkte toon dat hoewel die waarde daarvan nie groot was nie, dit nietemin in belangrikheid toegeneem het in 1953/54 byna 'n $\frac{1}{2}$ miljoen beloop het. Net soos in die geval van landbouprodukte is daar dus in die geval van veeteeltprodukte ook allerhande kleinere produkte waaruit die boer 'n inkomste verkry.

7. Totale Waarde van Veeteelt- en Akkerbouprodukte.

Die totale waarde van akkerbou- en veeteeltprodukte word saamgevat in Tabel LXVIII. Eerstens blyk daaruit die toename in die waarde van beide produkte, wat in 1954 omtrent twintig keer so groot was as in 1911. Tweedens is daar 'n opvallende ooreenstemming in die waarde van die twee afdelings veral ten opsigte van die jare 1910/11, 1918/19, 1922/23, 1937/38, en selfs die groottotaal vir 1953/54 toon 'n groter ooreenstemming as wat 'n mens sou vermoed. Ons kan dus tot die slotsom kom dat wat die waarde van die produkte van die twee groot afdelings van die boerderybedryf betref, daar nie juis tussen hulle te kies is nie.

8. Relatiewe Verhouding van die Verskillende Veeteeltprodukte volgens waarde.

Net soos in die geval van akkerbouprodukte, gee ons hieronder ook 'n rangskikking van die belangrikheid van die verskillende veeteeltprodukte gegrond op die waarde van die opbrengs oor die vier seisoene 1950/51 tot 1953/54.

Tabel LXIX.

Relatiewe Verhouding van die verskillende Veeteelt-
produkte volgens waarde.

	<u>Produk</u>	<u>Waarde</u> £.000
1.	Wol	60,053
2.	Slagbeeste	25,841
3.	Vars Melk	19,406
4.	Slagskape en Bokke . . .	16,371
5.	Ander Suiwelprodukte . .	13,223
6.	Pluimvee	10,785
7.	Varke geslag	5,920
8.	Bokhaar	1,936
9.	Huide en Velle	899*

* Gemiddelde slegs van twee seisoene, nl.1950/51
en 1951/52.

Die rangskikking hierbo is egter nie in alle opsigte bevredigend nie want „vars melk“ en „ander suiwel-
produkte“ behoort eintlik saamgevoeg te wees as beespro-
dukte. So ontstaan daar ook twyfel oor die skeiding, by
die indeling in slagvee en huide en velle as twee aparte
produkte, terwyl huide en velle in baie gevalle deel is
van die geslagte dier. Nietemin gee dit tog 'n beeld
van die belangrikheid van die afsonderlike produkte en hul
verhouding tot mekaar.

9. Ander Aspekte van die Veeteeltbedryf.

Hier wil ons
slegs enkele aspekte van die veeteeltbedryf aanraak en veral
die aspekte wat bydra tot die welvaart van die vee.
Enkele besonderhede oor die aspekte is vervat in Tabel
LXXI.

(a) Voerkuile.

Voeding van die vee is uiters belang-
rik veral in tye van skaarste soos gedurende die droë
wintermaande of gedurende tye van droogte. In hoe 'n mate
daar /

daar van die oorflood van die somer gebruik gemaak word om die voer vir die winter op te gaar, word by benadering aangedui deur die aantal voerkuile. Uit die syfers ten opsigte van voerkuile in Tabel LXX blyk die groot toename in die aantal voerkuile vir die maak van kuilvoer. Verder blyk dit ook dat hoewel eers omstreeks 1921 daar op redelike skaal van geboue of torings vir die doel gebruik gemaak is, dié soort voerkuil vinniger in getalle toegeneem het as die ou meer primitiewe put of sloot, en dit dui op die meer progressiewe boerderymetodes wat toegepas word.

In verband met die voeding van diere is dit egter ook nodig dat ons aandag sal skenk aan die besonderhede van Tabel LXVII in die vorige hoofstuk waar besonderhede oor die verskillende soorte hooi aangegee is. Die syfers in daardie tabel is slegs ten opsigte van waarde en nie van hoeveelhede nie wat hier moontlik van groter nut sou gewees het. Ons kan egter volstaan deur net daarop te wys dat in vergelyking met 'n totale waarde aan hooi van slegs £590,000 in 1910/11 daar in 1953/54 nie minder as £4,975,000 se hooi gekweek is nie, wat ons moet aanneem as 'n bewys van die toenemende mate waarin daar voorsiening gemaak word vir die voeding van diere deur die kweek van hooi. Verder is ook nog van belang die hoeveelhede landbouprodukte soos byvoorbeeld mielies wat as dierevoeding gebruik word. Ongelukkig word die waarde daarvan saam met die waarde van saad aangegee en is besonderhede nie beskikbaar nie, maar ons kan met 'n redelike mate van sekerheid aanneem dat ook daar steeds groter hoeveelhede produkte vir die voeding van diere aangewend word.

(b) Dipbakke.

Vir die gesondheid van die diere is dipbakke baie noodsaaklik omdat dit 'n middel bied waardeur

Tabel LXXI.

Aantal Arbeiders in diens gedurende die Laaste Maand
van die Sensusjaar.

Jaar	Alle Arbeiders		B l a n k e s		Totaal: Alle Arbeiders
	Mans	Vroue	Mans	Vroue	
1911(a)	423,234	129,758	140,437	35,985	552,992
1918(b)	354,679	133,383	41,756	12,865	488,062
1925(a)	555,611	133,554	138,186	22,499	689,165
1930(a)	582,330	166,867	149,363	35,448	749,197
1937(a)	636,450	250,203	155,725	43,913	886,653
1946(c)	582,156	140,037	14,587	873	722,193
1947(c)	628,117	217,310	13,521	949	845,427
1950	650,618	231,753	13,824	1,188	882,371
1952	694,183	235,092	10,549	539	929,275

(a) Bewoners ingesluit.

(b) Gemiddelde aantal arbeiders oor die twaalf
maande geëindig 30/6/1918.

(c) Bewoners en familie uitgesluit.

die vee skoongehou kan word van bosluise wat die draers is van verskeie siektes. In die geval van skape was die dipbakke baie belangrik in die bestryding van byvoorbeeld brandsiekte en ook skaapluise. Die getalle dui dan ook daarop dat terwyl die beesdippe tot 1946/47 nog steeds toegeneem het, die aantal skaapdippe reeds sedert 1921 'n afname toon, moontlik 'n gevolg van die afname in brandsiekte.

Tabel LXX.

Aantal Voerkuile en Dipbakke.

Jaar	Voerkuile		Bees- dip- bakke	Skaap- dip- bakke
	Put of Sloot	Torings of Geboue		
1911	-	-	2,101	19,408
1918	1,476*	-	9,286***	27,589**
1921	1,329	549	8,758	28,338
1926	5,843	8,638	11,060	27,099
1930	4,599	1,158	12,900	23,213
1937	5,628	1,754	11,930	20,280
1946	8,062	5,655	14,206	17,366
1950	8,645	8,051	12,562	15,547

* Alle voerkuile.

** Naturelleservate ingesluit.

10. Aantal Arbeiders.

Om te produseer moet daar gewerk word en tot dusver het ons slegs aandag bestee aan produksie, sonder om hierdie aspek in aanmerking te neem. Die syfers in Tabel LXXI gee ons 'n aanduiding van die groot aantal arbeiders wat nodig was om die totale akkerbou- en veeteelt-produksie in verskillende jare te lewer. Uit die syfers blyk dit dat die aantal arbeiders sedert 1911 omtrent verdubbel het indien 'n mens die getal bewoners en die gesin sou byreken. Vergelyk ons hierdie toename in die getal arbeiders met die toename in die totale waarde van die vertakkinge van die landbou, dan is die uitslag baie gunstig, want teenoor 'n verdubbeling van die aantal arbeiders staan 'n negevoudige toename in die waarde van produksie van 1910/11 tot 1952/53. Algemene gesproke beteken dit 'n

beter /

Tabel LXXII.

Lewende Hawe in die Unie. 1911-1954.*

Jaar	Alle Beeste met inbegrip van Kalwers	Skape en Lammers	Bokke en Lammers	Varke	Hoenders	Eende	Ganse	Kalkoene	Perde	Muile	Donkies	Volstruise
5 Mei 1911	3,325,732	26,837,853	7,120,667	439,393	4,784,057	446,138	251,996	226,893	563,893	87,527	243,878	741,390
30 April 1918	5,171,654	26,897,754	5,273,879	364,399	5,493,562	413,325	253,155	200,255	677,884	82,769	473,587	314,265
" 1919	5,575,488	28,491,500	5,842,270	724,007	4,867,500	368,150	244,210	220,630	695,138	81,150	498,616	282,070
" 1920	5,974,802	26,288,960	4,895,080	560,155	4,195,410	236,380	191,700	163,350	690,124	92,795	523,550	283,980
" 1921	6,198,683	28,712,770	5,108,381	559,897	6,320,390	309,295	197,685	222,975	764,243	114,960	598,870	261,828
" 1922	6,552,837	28,495,748	5,528,552	540,634	4,422,361	302,764	174,112	231,587	767,481	112,946	620,274	268,378
31 August 1923	6,611,868	28,073,374	5,569,618	582,144	-	-	-	-	690,265	117,431	601,441	241,102
" 1924	6,664,059	28,714,074	5,328,060	508,476	-	-	-	-	687,497	123,921	601,642	206,785
" 1925	6,660,053	28,539,577	5,391,123	527,995	-	-	-	-	654,085	122,000	604,842	162,732
" 1926	5,545,637	34,569,699	3,982,209	468,274	5,168,959	247,241	169,610	196,221	480,160	121,902	490,921	103,668
" 1927	5,450,781	35,416,572	3,280,058	444,662	-	-	-	-	-	-	-	-
" 1928	5,377,895	37,704,917	3,100,556	424,803	-	-	-	-	-	-	-	-
" 1929	5,264,340	40,056,195	3,402,561	393,388	-	-	-	-	-	-	-	-
" 1930	5,172,310	43,150,468	3,650,814	494,790	6,504,979	220,681	148,193	224,554	418,321	125,354	398,407	31,618
" 1934	5,209,797	31,488,959	2,733,344	408,499	-	-	-	-	-	-	-	-
" 1935	5,495,941	32,339,665	2,700,505	523,462	-	-	-	-	-	-	-	-
" 1936	5,911,780	35,095,253	2,709,679	619,184	-	-	-	-	-	-	-	-
" 1937	6,196,760	37,064,948	2,666,518	538,249	7,576,405	241,180	150,616	216,833	404,539	122,658	497,534	40,265
" 1938	6,305,387	35,154,725	2,594,518	449,415	-	-	-	-	-	-	-	-
" 1939	6,537,134	34,334,578	2,588,994	466,324	-	-	-	-	-	-	-	-
" 1946	7,511,342	27,140,050	1,950,109	530,320	8,971,391	226,352	82,637	264,373	360,425	101,996	424,658	41,379
" 1947	7,162,344	26,732,854	1,954,507	545,560	9,193,805	-	-	-	346,594	100,261	375,097	52,634
" 1948	7,379,824	28,403,497	1,985,373	693,328	10,833,844	-	-	-	-	-	-	-
" 1949	7,119,597	27,820,976	1,802,373	761,481	10,562,095	-	-	-	-	-	-	-
" 1950	6,791,796	27,695,943	1,767,552	699,138	10,206,312	198,075	71,133	235,493	303,013	92,684	319,819	40,430
" 1951	6,828,534	30,812,482	1,809,402	681,272	9,954,117	-	-	-	-	-	-	-
" 1952	6,981,556	31,550,760	1,862,511	632,578	10,783,525	-	-	-	-	-	-	-
" 1953	6,880,117	31,875,207	1,833,408	536,706	10,221,399	-	-	-	-	-	-	-
" 1954	6,831,516	32,983,050	1,813,025	491,140	10,296,520	-	-	-	-	-	-	-

* Volgens alg. landbousensusse 1918-1954.

beter benutting van arbeid, alhoewel ons nie uit die oog moet verloor nie dat baie van die plaasmasjinerie arbeid-besparend is. Die besparing van arbeid deur die gebruik van masjinerie kon in elk geval nie so groot gewees het dat dit die toename in produksie per eenheid (arbeider) kon uitwis nie. Ons sal dus geregverdig wees om te besluit dat die produksie per eenheid van arbeid vandag heelwat hoër is as aan die begin van die tydperk onder beskouing.

11. Lewende Hawe.

Tot dusver het ons ons bepaal by die opbrengs van veeteeltprodukte en bykomstige sake wat meegelyp het om die produksie te verseker. Nou sal ons ons aandag meer in besonder vestig op die lewende hawe soos aangegee in die verskillende landbou-sensusse en soos vervat in Tabel LXXII.

(i) Beeste.

Indien ons die getalle beeste in besit van die blankes in oënskou neem, dan merk ons 'n geleidelike vermeerdering tot 1924 waarna daar weer 'n afname in die getalle is tot 1930 (sover dié beskikbaar is). Sedert 1934 styg die getalle weer tot 1946 om daarna weer al wisselende te daal en in 1954 op 6,831,516 te staan te kom. Die aantal is ruim twee keer soveel as die getal in 1911, maar ruim sewehonderd-duisend minder as in 1946 en slegs omtrent honderd-en-sewentig-duisend meer as in 1924. Dit wil dus voorkom dat die normale beesstapel van die blankes van ses- tot sewemiljoen wissel.

(ii) Skape en Lammers.

Die syfers ten opsigte van skape toon groot skommeling van jaar tot jaar in sommige opsigte en in andere was die styging en daling in getalle nie groot nie.

So byvoorbeeld was die getalle van 1911 en 1918 omtrent dieselfde terwyl daar in 1920 ruim tweemiljoen skape minder was as in 1919. Sedert 1925 was daar egter 'n besliste toename in die getalle tot 1930 toe die getal op meer as drie-en-veertig-miljoen te staan gekom het. In die daaropvolgende jare is die getalle sterk uitgedun want vier jaar later, in 1934, was dit ruim twaalfmiljoen minder as in 1930. Na 1934 was daar 'n toe- en afname in die getalle maar in die jare 1939-1946 toe daar geen sensusopname was nie, is die getalle weereens sterk verminder en wel met meer as sewemiljoen. Nieteenstaande 'n toename in die getalle daarna, het die getal skape in die Unie in 1954 op omtrent drie-en-dertigmiljoen te staan gekom, wat minder was as dié van 1926. Dit wil dus voorkom dat die skaapkuddes van die Unie periodiek sterk uitgedun word.

(iii) Bokke en Lammers.

Die syfers ten opsigte van bokke toon oor die algemeen 'n dalende tendens en die getalle in 1954 is maar ongeveer vyf-en-twintig persent van dié van 1911. Hierdie daling in die getalle van die aantal bokke moet gewyt word aan die groter voordeel wat daar in die merinoteelt opgesluit lê, met die gevolg dat bokhaar minder en minder van belang geword het.

(iv) Varke.

Die aantal varke toon geen besondere tendens nie, behalwe tot omstreeks 1919 toe die getalle redelik toegeneem het. Daarna het die getalle weer gedaal, maar nie baie nie en terselfdertyd ook wisselend tot ongeveer 1929 waarna die getalle baie geskommel het tot 1939. Van 1946 af was daar weer 'n toename in die getalle tot 1949 waarna daar weer 'n daling te bespeur is. Die posisie is dan ook dat in 1954 die aantal varke in besit van blankes nie veel meer as in 1911

was nie, waarvan ons moet aflei dat varkboerdery blykbaar nie 'n groot toekoms in die land het nie.

(v) Pluimvee.

Sover syfers beskikbaar is, toon die getalle ten opsigte van hoenders geen besondere toename nie behalwe na 1946 toe die getalle van omtrent negemiljoen gestyg het tot byna elfmiljoen in 1948 om daarna te daal en te styg, maar tog steeds geneig het om meer as tienmiljoen te wees. Die omvang van hoenderboerdery het dus blykbaar, sover ons besprekings gaan, 'n optimum bereik.

Die posisie ten opsigte van eende en ganse is duidelik 'n dalende tendens met effense herlewings hier en daar.

Die getalle sover dit kalkoene betref, toon ook 'n skynbare daling tot omstreeks 1926 om daarna weer te styg tot 1930, waarna dit blykbaar min of meer konstant gebly het en in 1950 (die laaste syfers beskikbaar) was dit nie veel meer as in 1911 nie.

Samevattend kan ons dan besluit dat pluimvee blykbaar, wat getalle betref, geen noemenswaardige toename oor die afgelope vier-en-veertig jaar getoon het nie.

(vi) Perde.

Daar is 'n geleidelike styging in die aantal perde van 1911 tot 1923 toe die maksimum aantal van meer as ses-honderd-en-negentigduisend bereik is. Daarna is daar, sover ons van die syfers aflei, 'n daling oor die jare tot die jaar 1950 toe die aantal maar 'n weinig oor die driehonderd-duisend was. Die afname in getalle moet ons wys aan die meganisering van die landbou en vervoer wat meegebring het dat die perd nie meer so 'n belangrike rol in die boerdery speel nie.

(vii) Muile.

Sedert 1911 was daar 'n redelike toename in die aantal muile tot omstreeks 1930, waarna daar ook ten opsigte van hierdie dier 'n afname in die getalle en dus moontlik ook in die belangrikheid waar te neem is. Die getal vir 1950 is dan ook maar min of meer dieselfde as wat dit was in die jaar 1920. Die afname in getalle hang moontlik ook saam met die meganisering van die landbou.

(viii) Donkies.

Volgens die gegewens was 1922 die jaar met die meeste donkies. Daarna was daar 'n geleidelike afname tot in 1925 waarna die getalle somaar met 'n honderd-duisend in die volgende jaar geval het. Sedert daardie tyd tot in 1937 het die getalle blykbaar redelik konstant gebly, maar daarna kom ook 'n daling voor en in 1950 was die aantal donkies minder as in 1918.

(ix) Volstruise.

Dit is opvallend dat die aantal volstruise in 1918 nie eens die helfte soveel was as wat dit in 1911 was nie. Die rede hiervoor moet ons soek in die ineenstorting van die verepryse in 1914 waarna die voël sy populariteit verloor het. Die mate waarin dit geskied het, word in die getalle weerspieël. Die getalle toon dan ook deurgaans 'n daling tot in 1930 toe die getal minder as twee-en-dertigduisend was. Die effense toename in die aantal sedert 1930 soos deur die syfers weerspieël, is nie sodanig dat dit lyk of die belangstelling in die voël weer opgevlam het nie. Blykbaar is hy maar geduld waar hy nog bestaan het.

12. Algemeen.

Ons het ten opsigte van beeste, skape, varke

en pluimvee besluit dat die getalle ons nie regverdig om te beweer dat die veeteelt in die afgelope dekades baie uitgebrei het nie. Feit is egter dat ons hierdie getalle nie los van die opbrengs van die veeteeltproduksie kan beskou nie. Doen ons dit na aanleiding van die gegewens in Tabelle LXII-LXVIII, dan moet ons besluit dat die beoefening van die veeteelt steeds in belangrikheid toegeneem het, nieteenstaande die byna statiese posisie wat die getalle ten opsigte van lewende hawe wil te kenne gee. Die opbrengs in waarde van die veeteeltprodukte toon oor die algemeen groot stygings sodat ons moet besluit dat ons lewende hawe vandag 'n baie hoër standaard is as in 1911 omdat in vergelyking met die getalle die opbrengs soveel meer is.

13. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons ons aandag gewy aan die veeteeltposisie en -produksie en gesien dat ook hier die Unie steeds 'n progressiewe beeld openbaar. Dit was ook opvallend in die vergelyking van die totale opbrengs van die akkerbou- en veeteeltproduksie hoe na aan mekaar hierdie twee groot vertakings van die landboubedryf steeds gehou het. As ons alles in ag neem, kan ons ook nie anders nie, as om te besluit dat die ontwikkeling op landbougebied sedert 1910 in vergelyking met die tydperk 1652-1910 buite alle verhouding is; ook dat die landbou in Suid-Afrika vinnig besig is om van gedaante te verander vir sover dit moontlik gemaak word deur meganisering.

In die volgende hoofstukke sal ons kortliks poog om in hooftrekke die vernaamste bydrae van die staat tot hierdie geweldige ontwikkeling op landbougebied te skets.

HOOFSTUK VIII.

STAATSHULP AAN DIE LANDBOU, 1910 - 1954.

1. Inleiding.

Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika het die vraag ontstaan of die landboudepartemente van die verskillende provinsies met al hul werksaamhede in 'n sentrale, uniale landboudepartement oorgedra moes word of nie. Sommige persone het gereken dat sekere magte ten opsigte van landbou-aangeleenthede aan die provinsies toegesê behoort te word. Omdat geen finaliteit oor die saak verkry kon word gedurende die Nasionale Konvensie nie, is in die Suid-Afrika-wet bepaal dat die Unie-parlement oor die aangeleentheid sal besluit.¹⁾ Ook is daar voorsiening gemaak vir die benoeming van 'n kommissie wat sou aanbeveel hoe die verskillende staatsdepartemente gereorganiseer en ingedeel moes word en verder die benoeming van 'n kommissie om in te gaan op die betrekkinge tussen die Unie en die provinsies.²⁾

Aangesien die werk van die verskillende staatsdepartemente en dus ook van die landboudepartemente van so'n aard was dat daar nie gewag kon word op die aanbevelings van die kommissies nie, is die werksaamhede van die verskillende landboudepartemente so spoedig moontlik na 31 Mei 1910 gekoördineer om die voordele van sentrale beheer en gelyke behandeling van almal in die Unie te benut. Sentrale beheer is verder ook in die hand gewerk deur die feit dat die geografiese grense van die verskillende landboustreke nie saamgeval het met die grense van die verskillende /

1) Sub-artikel (1) van artikel 141 van die Unie-grondwet.

2) U.G. 54/1912, p. 2.

verskillende provinsies nie, en indien provinsiale beheer dus sou voortbestaan, sou dit beteken dat sekere dienste gedupliseer sou moes word. Hierby kom nog die feit dat die verskillende provinsies reeds voor die totstandkoming van Unie die noodsaaklikheid van samewerking ingesien het en samesprekings gereël het om eenvormige optrede ten opsigte van sekere sake in die verskillende gebiede in te stel. Ook het die verskillende boeregemeenskappe se belange oor die provinsiale grense heen gestrek en is daar met die stigting van Unie reeds die volgende landbouverenigings op nasionale grondslag georganiseer: „Die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie“, „Die Suid-Afrikaanse Stamboekvereniging“, „Die Vereniging van Boomkwekers“, ens.³⁾

Verder was daar ook die volgende voordele wat die reorganisasie van die Departement van Landbou op 'n Uniale grondslag gerugsteun het:

(i) Eenvormige wetgewing en optrede oor die hele Unie en as gevolg daarvan gelyke behandeling van alle onderdane.

(ii) Groter doeltreffendheid. Optrede ten opsigte van landbou-aangeleenthede deur die sentrale gesag sou nie in die eerste plek gerig wees op plaaslike belange nie, maar op die belange van die Unie as 'n geheel. Op daardie manier sou die optrede ook meer doeltreffend wees omdat die middele tot die beskikking van die sentrale gesag groter sou wees as dié van die provinsie(s). Van groter belang in dié opsig was moontlik die vinnige en eendragtlike optrede wat dikwels die enigste manier is om sukses te behaal en uitgawe tot 'n minimum te beperk.

(iii) /

3) Ibid., p. 3.

(iii) 'n Enkele departement van landbou sou ook die aangewese liggaam wees om navorsing te laat doen ten opsigte van landbou-probleme en op die manier oorvleueling en onnodige uitgawe as gevolg daarvan uit te skakel. Op dié manier sou die werksaamhede nie net onder gunstiger omstandighede kon plaasvind nie, maar sou dit ook terselfdertyd 'n groot besparing in die hand werk.

(iv) Verdere besuiniging kon veral ten opsigte van personeel deurgevoer word veral ten opsigte van die hoë poste in die departement. In plaas van vier hoofde van die departemente, een in elke provinsie, sou daar onder sentrale beheer slegs een sodanige pos nodig wees.⁴⁾

Die „Finansiële Verhoudings Kommissie“ sowel as die „Publieke Dienst Kommissie“ het in hul onderskeie rapporte dan ook die reorganisasie van die Landboudepartement op 'n Uniale grondslag aanbeveel.⁵⁾ Teen die einde van 1911 was die reorganisasie van die Departement van Landbou dan ook reeds feitlik afgehandel en die vernaamste amptenare reeds benoem. Die Departement sou ressorteer onder die Minister van Landbou met 'n sekretaris van Landbou as vernaamste amptenaar. Die Departement is verder in 'n groot aantal afdelings verdeel waarvan die volgende die vernaamste was: Die Administratiewe afdeling, Veeartsenykunde, Insektekunde, Droëlandboerdery, Landbou-onderwys, ens.

2. Aard van Boerderybedrywighede.

Die grondslag van die landboubedrywighede na 1910 is reeds geleë in die periode
voor /

4) U.G. 54/1912, Ibid., p. 4.

5) Fourth Report of the Commission appointed under the provisions of the South-Africa Act, 1909, to make recommendations for the reorganization of the departments of the Public Service, U.G. 36/1911, p.8-11, en First Report of the Financial Relations Commission, U.G. 11/1912, p. 9-10.

voor dié tyd. Ons het in die vorige hoofstukke gemerk hoedat veral na die ontdekking van diamante en goud die toestande in Suid-Afrika skielik verander het en hoedat die boere nie by magte was om hul bedrywigheide skielik by die veranderde omstandighede aan te pas nie. Uit ons besprekings van die ontwikkeling in die afsonderlike gebiede het dit egter duidelik geword dat die produksie teen ongeveer 1910 al 'n redelike omvang aangeneem het, wat daarop dui dat die landbou hom langsaamerhand aangepas het by die nuwe omstandighede en gepoog het om die groter afsetmoontlikhede vir landbouprodukte te benut. Die landboubedrywigheide na 1910 is egter nog meer toegespits op die mark en ons vind dat sedertdien die boerderybedrywigheide al meer en meer 'n kommersiële karakter aangeneem het. Dit was die gevolg van die steeds groeiende bevolking en vraag na landbouprodukte, maar ook is dit in die hand gewerk deur ander faktore soos die instelling van 'n landboudepartement onder die sentrale regering in 1910, die stigting van die Land- en Landboubank in 1912 om die boere finansieel te help, die ontstaan van die Departement van Lande in 1912 wat die benutting van die grond by wyse van nedersetting sou bevorder, die stygende pryse veral gedurende die wêreldoorloë en die staatshulp gedurende tye van droogte en depressie.

3. Boerderyprobleme.

Die boere het na 1910 nog met dieselfde probleme as voor daardie tyd te kampe gehad. Droogte en sprinkane, oorstromings, onkruid, veesiektes, ens. het nog alles die werkzaamhede van die boer in die

wiele /

wiele gery. Die omvang van die skade as gevolg van hierdie probleme is egter in baie gevalle gelenig deur die snelle optrede en hulp van die sentrale regering soos ons in hierdie en die verdere hoofstukke sal aandui.

4. Afdeling Veeartsenykunde.

Een van die vernaamste afdelings wat na die totstandkoming van Unie onder die Departement van Landbou tot stand gekom het, was die Afdeling Veeartsenykunde. Met die totstandkoming van Unie was daar 'n goed uitgeruste veeartsenykundige proefstasie te Onderstepoort naby Pretoria en verder ander, alhoewel kleinere tog ouere stasies, te Grahamstad en Pietermaritzburg en 'n veldlaboratorium te Bestersput in die O.V.S. Die werksaamhede van die verskillende stasies het egter nie in alle gevalle ooreengestem nie. Met die uitsondering van die bereiding van kalflimf en „anti-rabic“-vaksiene te Pretoria het ook die ander laboratoria hulle uitsluitlik besig gehou met veeartsenykundige gevalle behalwe dié te Pietermaritzburg waar aandag gewy is sowel aan diersiekte as aan siektes van die mens.⁶⁾ Na die totstandkoming van Unie is die verskillende afdelings in een afdeling georganiseer met Onderstepoort as hoofkantoor, terwyl die laboratoria te Grahamstad en Pietermaritzburg as takstasies aangehou is. Ook is voorsiening gemaak vir die instelling van tydelike veldproefstasies ten einde die verskillende veesiektes in hul natuurlike omstandighede te bestudeer.

5. Pligte van die Afdeling.

Die taak van hierdie Afdeling was om diersiektes te ondersoek en verder navorsing te doen ten einde die siektes te bekamp en die diere daarteen te

vrywaar /

6) U.G. 54/1912, p. 19.

vrywaar. Die Afdeling het ondersoek ingestel en veral verslag gedoen oor patologiese monsters wat ingestuur is en het entstowwe, serums en ander voorbehoedmiddels berei. Die nuutste ontwikkelings deur navorsing vasgestel word deur pamflette, tydskrifte en amptenare, veral veeartse en veelinspekteurs aan die boere oorgedra.⁷⁾

Dit sou egter 'n onbegonne taak wees om die Afdeling se werksaamhede op die spoor te volg want soos die volgende aandui, is die omvang daarvan baie omvangryk. Die navorsings- en ondersoekwerk het o.m. die volgende behels:⁸⁾

Ondersoek i.v.m. en die uitreik van entstowwe vir die volgende siektes: miltsiekte, sponssiekte, besmetlike misgeboorte, rooiwater en galsiekte, droes, bloutong, wurmsiektes by skape, perdesiekte.

Verder is ondersoekte en proewe gedoen ten opsigte van die veedipregulasies waardeur alle dipstowwe wat vir verkoop aangebied is eers vir ontleding en sertifisering na Onderstepoort gestuur moes word; ook die uitvoering van die veemiddel-regulasies wat inhou dat veemiddels eers getoets moes word voordat hulle aan die publiek te koop aangebied kon word; die ontleding van bloedsmere en patologiese monsters, die ondersoek van siek en dooie diere.

Navorsingswerk is gedoen ten opsigte van die volgende: voeding van diere veral in die gebiede waar daar 'n ernstige tekort aan fosfor was, fisiologiese ondersoek in verband met plante in samewerking met die afdeling Plantkunde, die ondersoek na baie soorte giftige of verdagte plante, 'n kalwersiekte wat in die distrik Marico uitgebreek het en die naam Marico-kalwersiekte gekry het, galsiekte en anaplasmoses /

7) U.G. 54/1912, ibid.

anaplasmosse, gousiekte, perdesiekte, paratubulisme onder perde en siektes onder pluimvee.

Omdat veral die navorsingswerk van 'n baie tegniese aard is en nie altyd so skouspelagtig en vir die gewone boer van soveel skynbare belang nie, sal ons liever ons aandag toespits op die veldwerk wat die Afdelings gedoen het ten opsigte van die vernaamste diersiektes. Op dié manier sal nie net die merkbare bydrae wat die Afdeling gelewer het tot die welsyn van die vee en die vooruitgang van die boerdery in die algemeen aangetoon word nie, maar daarin word ook in 'n mate die navorsingswerk en die -resultate aan die lig gebring. Die veldwerk wat ons dus sal bespreek staan in verband met die volgende siektes: Ooskuskoors, tuberkulose, bek- en klouseer, nagana.

6. Veldwerk.

(1) Ooskuskoors.

Hierdie siekte het met die totstandkoming van Unie groot getalle beeste afgemaai en daar die entstof wat toe gebruik is, slegs 60 tot 70 persent doeltreffend was, was dit die taak van die Afdeling om nie net die siekte ter plaatse te bestry nie, maar ook om die entstof te verbeter. Nieteenstaande die feit dat die entstof nie baie doeltreffend was nie, was dit tog besonder waardevol omdat dit baie gesoute diere gelewer het, en veral trekosse wat in daardie dae van die ossewa baie waardevol was.⁹⁾

Die hoop om met die medewerking van die boere die siekte binne perke te hou en desnoods die hoof te bied, is egter nie spoedig verwesenlik nie. Gedurende die boekjaar 1912/13 is die siekte in alle gebiede in toom gehou en veral

in /

9) U.G. 54/1912, p. 20.

in die Transkei is die Afdeling baie gehelp deur die Departement van Naturellesake wat dipbakke in die lokasies laat oprig het. Die Afdeling se amptenare het dan ook dag na dag gehelp met die dip van beeste ten einde die bosluise in bedwang te hou. Verdere voorsorgsmaatreëls wat geneem is, was die omheining van plase en gebiede wat besmet was ten einde die besmetting van skoon gebiede te voorkom. Die tragiese van die saak was egter die feit dat veral in Natal die boere baie ontevrede was oor die beperkings wat op hul gelê is en 'n agitasie op tou gesit het om die beperkings veral ten opsigte van die vervoer van beeste ongedaan te kry.¹⁰⁾

Gedurende 1912 is ook 'n nuwe entstof wat deur dr. Theiler ontwikkel is, uitgetoets, maar ook hierdie entstof was nie baie bevredigend nie.

Natal was maar die gebied wat baie moeilikheid veroorsaak het en die bekamping van die siekte nadelig beïnvloed het. In hierdie gebied was baie plase waarop daar beeste was, maar waarvan die eienaars op ander plase woonagtig was. Die gevolg was dat dit moeilik was om die beeste op sodanige plase te dip weens gebrek aan dipbakke. Gevolglik moes die "Dipbakkenwet" gewysig word ten einde die Minister die mag te verleen om sodanige eienaars kennis te gee om dipbakke op bepaalde plase binne 'n bepaalde tyd op te rig en by gebreke daarvan self die dipbakke te laat oprig op koste van die eienaar.¹¹⁾

Sedert 1913 is daar geleidelik vordering gemaak met die uitroei van die siekte, en die Kaapprovinsie was redelik skoon alhoewel die Transkei baie sorg gebaar het. In Transvaal en Natal het die posisie later versleg. Die

terugslae /

10) U.G. 47/13, p. 8.

11) "Dipbakken Verdere Regelings Wet", no. 14 van 1913, Die Uniewette, 1910-1947, dl. 1, p. 240-1.

terugslae moet egter hoofsaaklik toegeskryf word as indirekte gevolge van die oorlog waardeur omheiningsmateriaal nie net baie duur geword het nie, maar ook baie skaars. Dieselfde geld vir dipstowwe. Hierby kom nog die griepiepidemie wat ten gevolge gehad het dat die boerderybedrywighede as 't ware tot stilstand gekom het en die siekte kans gekry het om te versprei.¹²⁾

Die stadige vordering wat met hierdie siekte gemaak is, was baie gering en teen 1922 was die posisie nie veel beter as gedurende 1918 nie en die gebrek aan vordering is deur die hoof van die Afdeling in hoofsaak toegeskryf aan die gebrek aan samewerking van die kant van die boere. Hy het gemeen dat die siekte binne afsienbare tyd uitgeroei sou kon word deur net gereeld te dip omdat op hierdie manier die draer van die siekte, nl. die bosluis, uitgeroei sou kon word. Die gebrek aan samewerking word verder toegeskryf aan die kortsigtigheid van die boere wat maar nie kon beseef dat die uitvoering van die dipregulasies slegs¹³⁾ in hul eie voordeel sou wees nie. Met die doel om die samewerking van die boere te verkry, is daar toe oorgegaan tot die stigting van komitees in bepaalde distrikte wat daarop gemik was om te help om die boere aan te moedig om die dipregulasies nougeset toe te pas. Die komitees het bestaan uit 'n paar vooraanstaande boere in die distrik met die magistraat as voorsitter bygestaan deur die plaaslike¹⁴⁾ veearts of veainspekteur. Aan die einde van 1924 reeds kon die hoof van die Afdeling meld dat daar 'n merkbare verbetering was in die houding van die boere i.v.m. die dipregulasies. /

12) U.G. 40/19, p. 35.

13) U.G. 8/22, p. 190.

14) Ibid., p. 167.

15)
dipregulasies. Die Komitees het dus blykbaar goeie
werk gelewer.

Nieteenstaande daar gedurende die jaar 1924/25
goeie vordering gemaak is in die bestryding van die siekte,
was die toestand oor die algemeen en veral in Natal in
besonder nie na wense nie. Die gevolg was dat gedurende
1924 weer 'n komitee benoem is om op die bestryding van
die siekte in te gaan. Die slotsom waartoe die komitee
gekom het, was dat die boere die regulasies t.o.v. die
uitroei van die siekte baie drukkend gevind het, maar ter-
selfdertyd tot die besef gekom het dat die siekte nie bekamp
kon word nie indien die regulasies sou opgehef word. Verder
het die komitee bevind dat die boere die bestryding van die
siekte uit 'n te eng persoonlike oogpunt beskou het, i.p.v.
uit 'n nasionale oogpunt en dat die samewerking van elke
beeselenaar noodsaaklik was indien die siekte met sukses
bekamp moes word. Die gevolg van hul aanbevelings was dat
die veeartseny-afdeling volle beheer verkry het oor die dip-
personeel wat tot dan toe nog onder beheer van die Departe-
ment van Naturellosake gestaan het. Op hierdie manier is
die pogings om die siekte sowel binne as buite die blanke
gebied te bestry, betor gekoördineer.¹⁶⁾ Die omvang wat
die veldtog aangeneem het, word in 'n mate weerspieël deur
die feit dat daar in Natal in 1924/25 nie minder as
175 amptenare doenig was nie.¹⁷⁾

Nieteenstaande die komitees waarvan vroeër melding
gemaak is om die samewerking van die boere te verkry en die
bestryding van die siekte te verbeter, wou sake maar nie

vlot /

15) U.G. 15/25, p. 147.

16) U.G. 21/26, p. 117.

17) Ibid.

vlot nie, met die gevolg dat gedurende 1926 weer eens 'n Kommissie aangestel is om op die saak in te gaan. Die Kommissie moes die verskillende streke besoek en aanbevelings doen wat, ofskoon daarop gemik om die siekte so spoedig moontlik uit te roei, so min moontlik in die lewensbestaan van die betrokke persone sou ingryp. Terselfdertyd sou hierdie kommissie probeer om die heelhartige samewerking van die boere te probeer verkry.¹⁸⁾ Die aanbevelings van die Kommissie het veel belofte ingehou en het onder andere die volgende stappe aan die hand gedoen om die siekte te bestry:¹⁹⁾

(a) Slag van beeste.

Die komitee het aanbeveel dat die beeste in besmette gebiede geslag moes word. Dit sou egter uit 'n praktiese oogpunt nie wenslik wees nie want nie net sou al die beeste in die besmette streke geslag moes word nie, maar boonop sou die streke nog vir minstens vyftien maande moes leeglê ten einde te verhoed dat beeste wat daarheen gebring word, besmet raak. Dieselfde resultaat kon egter ook verkry word deur die beeste van besmette plase na skoon weiveld te neem en daar deeglik te behandel sodat hulle nie die siekte opdoen nie. Laasgenoemde metode het ook verder ingehou dat die boere nie hul aanteel-vee verloor nie, maar kon aangaan met hul boerdery op ander grond. Nietemin is, waar dit moontlik was, die geeste geslag soos deur die komitee aanbeveel, en die resultate was baie bevredigend.

(b) /

18) U.G. 6/26, p. 213.

19) Boerdery in Suid-Afrika, dl. 11, no.20, Nov. 1927, pp. 316-7, 336-7.

(b) Diagnose.

Die komitee het bevind dat die siekte beter bestry sou kon word indien die siekte beter en veral gouer gediagnoseer kon word. Hy het bv. bevind dat in sommige gevalle die siekte eers maande nadat dit uitgebreek het, aangemeld is en teen daardie tyd is reeds baie beeste besmet en het sommige ook reeds na ander gebiede beweeg en so die siekte oor 'n groot streek versprei. Die komitee het dus aanbeveel dat die bloed van elke bees wat vrek, wat die vermoedelike oorsaak van die dood ook al mag wees, dadelik vir ontleding na Onderstepoort gestuur moes word en dit het baie gehelp om te bepaal of sodanige bees wel aan ooskuskors gevrek het en die nodige teenmaatreëls kon onmiddellik getref word.

(c) Aantekeninge.

'n Verdere aanbeveling van die komitee was dat die boere baie noukeurig aantekening moes hou van hul beeste veral wat getalle betref sodat met juistheid vasgestel kon word of al die beeste op die plase gedip is al dan nie.

(d) Brandmerk van beeste.


Om die herkenning van beeste te vergemaklik het die komitee ook aanbeveel dat die Brandmerkwet na alle besmette streke uitgebrei moes word en die brandmerk van die kwarantyn-afdeling moes ook op al sodanige beeste aangebring word. Dit sou dan maklik wees om vee wat uit die besmette gebied gaan, te herken en die omvang van hul bewegings na te gaan.

(e) Omheining en dipbakke.

Die komitee het verder daarop aangedring dat die minister se bevel dat dipbakke /

Grafiek I.

Ooskuskoors in Transvaal, 1921-36.



dipbakke opgerig en omheininge aangebring moes word, streng toegepas moes word en dat stappe gedoen moes word waar nie dadelik gehoor gegee is nie.

(f) Inenting teen ooskuskoors.

Alle moontlike ywer moes aan die dag gelê word in 'n poging om 'n entstof teen die siekte te ontwikkel.

Die komitee se aanbevelings is in die daaropvolgende jare met blykbaar bevredigende resultate toegepas veral nadat die inspeksiediens opgeknop is en dus voorkom is dat boere sterfte onder hul vee kon verswyg. Beeste is dus meer gereeld gedip en dit het gelyk asof die siekte wat die Unie se beesstapel so lank reeds bedreig het, binne afsienbare tyd uitgeroel sou wees. Die vordering wat gemaak is, blyk duidelik uit die aantal uitbrekings in die besmette gebiede. Slegs gedurende 1930 was daar 'n terugslag as gevolg van die besondere nat seisoen waardeur die dip van die vee in die wiede gery is. Die meegaande grafieke toon die verloop van die stryd teen die siekte in bepaalde streke en in die Unie as geheel.

Ons mag net terloops daarop wys dat daar gedurende 1935 weer eens adviserende komitees met die behulp van die boereverenigings in Natal in die lewe geroep is om die samenwerking tussen die boere en die Afdeling te stimuleer,²⁰⁾ terwyl die minister gedurende 1936 self die boere op 'n konferensie ontmoet het om die saak met hulle te bespreek.²¹⁾

21a)

Grafiek 1 toon hoedat daar in Transvaal, behalwe vir die jaar 1926/27, eintlik sedert 1924 nie baie gevalle van /


20) Boerdery in Suid-Afrika, dl. X, no. 117, Des. 1935, p. 542.

21) Ibid, dl. XI, no. 129, Des. 1936, p. 556.

21a) Grafiek I-V is geneem uit die Jaarverslag van die Afdeling vir 1936, *ibid.*, Des. 1937, p. 524-527.


Grafiek II.

Ooskuskoors in die Transkei en Oostelike Provinsie, 1921-'36.




Grafiek III.

Ooskuskoors in Natal, 1921-'36.



GRAFIEK IV.

Ooskuskoors in die Unie, 1921-36.



van oorskuskoors voorgekom het nie. Behalwe vir 1930 toon grafiek II dat ook in die Transkei en Oostelike Provinsie die posisie sedert 1923 oor die algemeen redelik verbeter het. In Natal was daar egter groter skommelings as in die ander gebiede soos blyk uit grafiek III, terwyl in grafiek IV wat die posisie in die Unie as geheel voorstel, die skommeling baie geaksentueer is. Al vier grafieke openbaar egter 'n duidelike dalende neiging van die kromme oor die betrokke tydperk, terwyl daar van omstreeks 1930 af groter bestendigheid in die krommes te bespeur is.

Sedert 1926 het die Afdeling ook 'n meer intensiewe kontrolestelsel in werking gestel ten einde te verseker dat die siekte spoedig gediagnoseer sou word. Die ideaal was om smere te verkry van alle diere wat gevrek het en ook dié wat nie by goedgekeurde slagpale geslag is nie. Dit was 'n hoë ideaal en baie moeilik om te verwesenlik en dit is dus geen wonder nie dat die doel eers omstreeks 1930 werklik goeie resultate begin afwerp het. Verbeterde organisasie en volharding het egter 'n bestendige verbetering teweeggebring in die jaarlikse verhouding tussen sterftes en smere wat in die geval van Natal vir die jaar 1936-7²²⁾ so hoog as 98 persent was. Die aantal smere wat jaarliks van Natal en die Transkei ingestuur is oor 'n tydperk van tien jaar word hieronder aangegee:

Tabel LXXIII


Getal smere jaarliks ingestuur van die Transkei en Natal - 1926/27 tot 1936/37. 23)

<u>Jaar</u>	<u>Transkei</u>	<u>Natal</u>
1926/27	-	37,338
27/28	55,650	45,365
28/29	82,892	67,617
29/30	82,649	72,267
30/31	114,280	118,279
31/32	119,382	287,339
32/33	119,664	247,737
33/34	168,725	340,084
34/35	120,846	268,754
35/36	146,190	324,715
36/37	189,799	308,976

In %

22) Boerdery in S.A., dl. XII, no. 141, Des. 1937, p. 525.

23) Ibid.



C

A

B

1921

22

23

24

25

26

27

28

29

30

31

32

33

34

35

36

A. Getal smere per 100 van beesstapel.

B. Getal smere ingestuur.

C. Getal uitbrokings per 100 van beesstapel.

In grafiek V word die syfers in verband gebring met die smere ingestuur per 100 beeste in Natal asook die aantal uitbrekings in daardie provinsie. Treffend is dit om te merk hoedat, namate die aantal smere wat ingestuur is, gestyg het en diagnose bespoedig is, die aantal uitbrekings gedaal het.²⁴⁾

Die posisie ten opsigte van die siekte het steeds verbeter behalwe vir 'n ernstige terugslag gedurende 1942/43 toe daar weer eens in Natal ernstige uitbrekings voorgekom het. Die voedselbeheer-organisasie het daarop twee mobiele slageenhede na die gebied gestuur waar die beeste op 'n vrywillige grondslag geslag is.²⁵⁾ Die geringe omvang van die siekte sedert 1941/42 word in die volgende sterftesyfers weerspieël:

Tabel LXXIV.

Aantal beeste gevrek aan ooskuskoors in die Unie²⁶⁾
1941/42 tot 1949/50.

<u>Jaar</u>	<u>Getal.</u>
1941/42	30
42/43	2,363
43/44	675
44/45	68
45/46	0
46/47	10
47/48	95
48/49	198
49/50	249

Alhoewel dit wil voorkom asof daar sedert 1948 weer 'n toename in die uitbrekings was, is dit nie die geval nie alhoewel die sterftes hoër was. Sedert 1951 het die siekte dan ook so afgeneem dat die Unie sedert 1953 as skoon beskou kan word.²⁷⁾ Dit is egter nie onmoontlik dat die siekte nog sporadies sy verskyning kan maak nie.

(11) /

24) Boerdery in S.A., dl. XII, no. 141, p. 527.

25) Ibid, dl. 19, no. 216, p. 195-6.

26) Ibid., dl. 25, no. 297, Des. 1950, p. 425.

27) Ibid., dl. 29, no. 334, Jan. 1954, p. 68.

(ii) Tuberkulose.

Hierdie siekte het die Afdeling en die hele Departement van Landbou in 'n baie netelige posisie geplaas. Dit was bekend dat hierdie siekte op mense oorgedra kan word en tog is daar met die totstandkoming van Unie in feitlik geen land enige maatreëls getref om die siekte te bestry nie. Die rede hiervoor was die groot aantal diere wat die siekte onder lede gehad het en ook die feit dat sodanige beeste gesond voorgekom en gewoonlik goed geproduseer het. Verder het proewe te Potchefstroom getoon dat die uitroei van die siekte baie tyd en geld sou kos en dat voorkoming van herbesmetting ook baie moeilik was weens die gebrek aan kennis oor die wyse waarop beeste besmet raak en ook die uitkenning van die siekte.²⁸⁾

Om die besmetting deur ingevoerde beeste teen te gaan, is alle ingevoerde diere aan 'n proef onderwerp, en indien die uitslag positief was, is hulle sonder vergoeding afgemaak. Verder is ook 'n gedeelte van die Kaapse skiereiland waar die siekte kwaal geheers het, onder kwarantyn geplaas om die verspreiding van die siekte te bekamp. Dwarsdeur die land het sommige munisipaliteite die verkoop van melk van besmette beeste verbied, en wanneer verdagte gevalle ondersoek is en positief gereageer het, kon die diere van kant gemaak word en is die eienaars vergoed teen 25 persent van die waarde van die diere maar nie £60 te bowe gaande nie. Die optrede het egter nie byval gevind nie veral omdat kuddes nie voor die voet getoets is nie en eienaars van diere wat getoets sou word, gevoel het dat daar teen hulle gediskrimineer is. Daarby het die siekte behalwe in die Kaapse skiereiland in die res van die Unie nie straf geheers nie en daarby was die besmette diere gewoonlik baie waardevol omdat hulle óf ingevoerde diere was wat met invoer

negatief ^

negatief gereageer het, of afstammelinge van ingevoerde diere. Die hoofveearts was dan ook die mening toegedaan dat „er nog tyd (is) om die siekte te bestryden met enige hoop op oorwinning, tegen niet al te hoge kosten".²⁹⁾

Al het die afdeling ook getrag om die siekte indien moontlik uit te roei, was die bekamping van die siekte baie moeilik en veral om twee redes:- (i) Daar is geen stappe gedoen om die werklike omvang van die siekte vas te stel nie en sommige het selfs geglo dat ons sonnige klimaat die verspreiding van die siekte nie bevorder nie. Feit was egter dat terwyl die positief reagerende beeste in die Wes-Kaap in 1912 2.35 persent was ten opsigte van 4,000 getoetste beeste, die persentasie in 1913 opgeskuiw het na 4.87 in die geval van 'n verdere 4,307 getoetste diere wat dui op 'n besliste toename in die omvang van die siekte. (ii) Die geringe kompensasie wat uitbetaal is, het meegebring dat baie boere nie geneig was om die aanwesigheid van die siekte aan te meld nie en natuurlik nog minder geneig was om diere te laat toets. Van die 1894 beeste wat gedurende 1913 ingevoer en aan die tuberkulose-toets onderwerp is, het 72 of 3.80 persent positief gereageer en is van kant gemaak.³⁰⁾

Selfs in die jaarrapport van die afdeling vir die jaar 1916 meld die hoof van die Afdeling dat die samewerking van die boere in die bestryding van die siekte nie verkry kon word nie, maar nietemin is pogings aangewend om te verseker dat diere wat van ander lande vir uitvoer na Suid-Afrika bestem was, sou getoets word voordat hulle die land van herkoms verlaat, indien daar die nodige geriewe was om sodanige toetse uit te voer.³¹⁾

Dit /

29) U.G. 47/13, p. 9.

30) U.G. 3/15, p. 46.

31) U.G. 25/17, p. 28.

Dit was egter die sienswyse van die Afdeling dat pogings aangewend moes word om die siekte daadwerklik te bestry en uit te roei en daarom het die afdeling ook steeds gepleit vir 'n verhoging van die vergoeding vir beeste wat vankant gemaak word. Verder, soos in die jaarverslag van 1917, kla die hoof oor 'n tekort aan personeel om die beleid van die Afdeling deur te voer en gedurende 1918 het van 6,139 beeste slegs 111 positief gereageer waarop die veearts hom as volg uitgelaat het: „Ik ben van mening, dat tuberkulose in deze Provincie (W.P.) onder het plaatsbestuur niet bepaald heerst, zelfs niet onder beesten die in verboden streken op het veld lopen. De weinige tuberkulose die men vindt, beperkt zich voornamelijk tot de melkkudden die in en rondom Kaapstad gestald zyn". Volgens hierdie sienswyse moet 'n mens dus aflei dat die uitroeiing van die siekte geen onoorkomelike moeilikhede sou oplewer nie aangesien die melkkuddes sistematies ondersoek en gesuiwer sou kon word.³²⁾

Dit was nie voor 1919 nie dat die Unieregering reëlings met die Britse regering kon tref vir die onderwerping van uitvoerbeeste na die Unie aan die tuberkulose-toets.³³⁾ Dit was 'n baie belangrike reëling want nou was invoerders in die Unie verseker dat hulle slegs gesonde beeste sou kry en die moontlikheid dat beeste aan die Uniehawens vankant gemaak sou word, was nou feitlik uitgesluit. Dit moes ook seker as 'n stimulus gedien het om meer beeste in te voer.

Van 1919 tot 1930 het die posisie ten opsigte van tuberkulose min of meer onveranderd gebly. Die siekte het die aandag van die Afdeling geniet maar daar is geen ernstige pogings aangewend om die siekte uit te roei nie en aandag is slegs aan werklike uitbrekings geskenk.³⁴⁾ In laasgenoemde

jaar /

32) U.G. 29/18, p. 41.

33) U.G. 40/19.

34) U.G. 8/22, p. 167.

jaar is daar 'n poging aangewend om daadwerklik op te tree. Daar is besef dat die probleem van tuberkulose by beeste van tweërlei aard is, nl. (i) tuberkulose by melkkoeie onder beheer van plaaslike besture wat hoofsaaklik beperkende magte uitoefen vir sover slegs die melk van die beeste afgekeur word, en (ii) tuberkulose by plattelandse beeste, buite die beheer van plaaslike besture, en wat hoofsaaklik die teelwee affekteer.

In verband met die eersgenoemde is daar pogings aangewend om 'n veldtog op tou te sit om melkkuddes op te bou wat vry was van die siekte, en 'n begin is gemaak in 'n voorgeskrewe streek by Durban. Die tuberkulien waarmee die beeste getoets is, is verkry van die Royal Veterinary College, Londen, en het baie bevredigende resultate gelewer selfs in gevalle waar die besmetting maar lig was. Die poging is egter gou gestaak omdat daar onoorkomelike probleme opgeduik het. Daar moes eers stappe gedoen gewees het om die herbesmetting van beeste te voorkom. Hierdie besmetting kon op tweërlei aard opgedoen word, nl. deur direkte kontak of indirek deurdat skoon beeste op veld loop waar tuberkulose-kieme voorkom. Die Afdeling het nie kans gesien om met die veldtog voort te gaan nie en die saak is na die Departement Landbou en Volksgesondheid verwys.³⁵⁾

Die Departement van Landbou was bereid om die suiwering van kuddes op die platteland voort te sit maar het geëis dat die vee-eienaars wat deelneem hul aan bepaalde eise sou onderwerp. Hierdie voorwaardes was veral daarop gemik om die herbesmetting van gesonde kuddes te voorkom en het die volgende behels: (i) Die toepassing van behoorlike sanitêre en gesondheidsmaatreëls, (ii) gelyktydige toetsing van die hele kudde met tussenposes van 2-3 maande /

35) Boerdery in Suid-Afrika, no. 68, p. 305-6.

maande totdat al die diere twee agtereenvolgende toetse deurgemaak het, (iii) vernietiging van alle reageerders en kliniese gevalle wat nie gereageer het nie, (iv) afsondering en toetsing van alle diere wat bestem was om by die kudde gevoeg te word.³⁶⁾ Daar is op taamlik groot skaal in Natal en die Kaapprovinsie met die veldtog begin maar net die volgende jaar is dit ernstig in die wiele gery deur die groot droogte.³⁷⁾

Die verloop van die veldtog word moontlik die beste weerspieël deur die volgende: In 1937 was daar reeds 50 getoetste kuddes bestaande uit nagenoeg 7,000 beeste,³⁸⁾ in 1947³⁹⁾ was die getal kuddes 104 en in 1948⁴⁰⁾ 107 en die aantal beeste respektiewelik 14,618 en 14,727.

Nieteenstaande die feit dat daar baie navorsing ten opsigte van die siekte gedoen word, is die Unie nog nie bevry van die siekte nie, en die vernaamste rede is moontlik dat die siekte nie van ernstige aard is nie en dat besmette beeste nog goed produseer.

(iii) Nagana.

Hierdie siekte onder beeste het veral geheers in die warm, lae en bosryke dele van Zoeloeland en het dus groot gedeeltes vir beesboerdery gesluit gehou. Sedert 1931 is die stryd teen hierdie siekte veral in die Umfolozi-reserwe deurgevoer, waar met behulp van vlieëvalle vlieë op groot skaal gevang is. Die valle is gaandeweg vermoerder /

36) Boerdery in Suid-Afrika, no.80, p. 331-2.

37) Ibid, no. 93, p. 482.

38) Ibid, no. 141, p. 527. .

39) Ibid, no. 261, p. 996.

40) Ibid, no. 275, p. 48.

vermeerder totdat daar in 1936 nie minder as 7,000 valle in gebruik was nie. Aan die begin van die veldtog in 1931 is maandelikse miljoene vlieë in die valle gevang, wat 'n aanduiding was van hoe volop die vlieë in die gebied werklik was. Na die eerste paar maande het die vangste egter geleidelik afgeneem en gedurende 1935/36 is die veldtog uitgebrei na die Hluhluwe-reserwe waar die ondervinding in die Umfolozi-reserwe herhaal is, nl. dat aan die begin groot getalle vlieë gevang word maar dat die getalle langsaam afneem. Die vangste het egter die goeie gevolg gehad dat die aangrensende gebiede baie veiliger gemaak is vir beeste. In dele waar beeste 'n paar jaar vantevore nie aangehou kon word nie, was daar teen 1936 groot troppe beeste wat voorgekom het asof hulle heeltemal vry was van nagana.⁴¹⁾

Met die oog op die goeie resultate is die veldtog verskerp en teen Junie 1938 was daar 12,000 van die Harrisvalle in gebruik, maar die vangs van al hierdie valle in en om die Umfolozi-reserwe was minder as die vangs van 'n enkel val aan die begin van die veldtog in 1931. Gedurende die veldtog is ook opgemerk dat namate die digtheid van die vlieëbevolking afgeneem het, die vlieë meer en meer van die grootwild afhanklik geword het vir hul verspreiding. Daar is toe pogings aangewend om die rondtrek van die grootwild te beperk sodat die valle in kleiner gebiede gekonsentreer kon word.⁴²⁾

Toe daar met die gebruik van die valle begin is, is grasbrande gestaak ten einde die valle te beskerm met die gevolg dat bosse die gebied ingeneem het en op hul beurt weer skuiling en trekkans aan die vlieë gebied het. Dit is dus reeds in 1943 weer nodig gevind om met grasbrande te

begin /

41) Boerdery in Suid-Afrika, no. 129, p. 554-5.

42) Ibid, no. 153, p. 506.

begin om sodoende die ruigtes in bedwang te hou. Ook is 'n begin gemaak om bosse uit te kap en bufferstroke skoon te maak ten einde die verdere verspreiding van die vlieg teen te gaan, en as aanvullende maatreëls is gedurende 1945/6 toe die naganatoestand opvallend versleg het, begin om die wild waarop die vlieg leef, stelselmatig uit te roei. Ook is 'n splinternuwe bestrydingsmetode gedurende hierdie jaar ingevoer; nl. die bespuiting van die gebied met D.D.T. uit vliegtuie.⁴³⁾

Die volgende jaar is die vliegtuigbespuiting op groter skaal voortgesit en die bestrydingsgebied vergroot. Die Mkuzi-reserwe is ingesluit en gedurende 1946/47 agt keer met D.D.T.-preparaat berook. Hoe doeltreffend die beroking werklik was, blyk uit die aantal vlieë wat in 356 valle binne die berookte gebied gevang is, van Mei 1946 tot Junie 1947. Die laaste beroking het op 7 Desember 1947 plaasgevind.

Tabel LXXV.

Getal vlieë in berookte gebied gevang (Mei 1946 - Junie 1947)⁴⁴⁾

<u>Maand</u>	<u>Aantal</u>
Mei 1946	7,624
Junie "	5,407
Julie	6,147
Augustus	2,046 (1 ^e D.D.T.-toediening)
September	408
Oktober	468
November	62
Desember	21
Januarie 1947	14
Februarie	15
Maart	19
April	13
Mei	35
Junie	24

Die gunstige resultate het die Afdeling laat besluit om die beroking ook na die ander tsetsevliegstreke uit te brei en waar die vliegtuie weens die bergagtigheid nie /

43) Boerdery in Suid-Afrika, no. 251, p. 167-8.

44) Ibid, no. 261, p. 975-6.

nie gebruik kon word nie, is van rookkerse op die grond gebruik gemaak. Daarbenewens is die ander voorsorgsmaatreëls soos die uitkap van bosse, die doodskiet van wild, ens. ook voortgesit. Nieteenstaande al die werksaamhede en die groot afname in die vlieëbevolking was die sterfte as gevolg van nagana teen 1947 egter nog hoog, maar alles het gedui op 'n afname ook van die siekte.⁴⁵⁾ Die verwagting dat die siekte sou afneem, is dan ook net die volgende jaar bewaarheid. Gedurende 1948 is die veldtog voortgesit en die resultate wat toe reeds behaal was, was so bemoedigend dat toe beeste die gebied ingebring is as lokdiere vir die vlieë, die aantalle wat opgemerk is, minimaal was.⁴⁶⁾

Van 1949 af is van helikopters gebruik gemaak om die meer ontoeganklike streke te berook en is daar ook saam met die D.D.T. van 'n nuwe preparaat nl. B.H.C.-poelers gebruik gemaak.⁴⁷⁾ Die resultaat van die volgehoue veldtog was dat van Maart tot Augustus 1949 geen nagana-uitbrekings by beeste van blankes of naturelle in die reserwes in Zoeloeland voorgekom het nie.⁴⁸⁾ Die veldtog teen die vlieë is egter nog 'n aantal jare voortgesit alhoewel die gebied as skoon beskou is. Deur die uitroeiing van hierdie draer van 'n gevaarlike siekte het die afdeling daadwerklik bygedra om nog een van die veelvuldige veesiektes in Suid-Afrika onskadelik te maak en groot gebiede vir beesboerdery oop te stel.

7. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons gemerk dat die staat deur die Afdeling veeartsenykunde veel gedoen het om siektes, veral onder beeste, die hoof te bied. Behalwe
die /

45) Boerdery in Suid-Afrika, no. 261, p. 975-6.

46) Ibid, no. 275, pp. 66-7.

47) Ibid, no. 285, p. 521-2.

48) Ibid, no. 297, p. 416.

die veldwerk soos in hierdie hoofstuk beskryf, is daar egter ook toetse gedoen om 'n teenmiddel teen die siektes te vind en hierdie aktiwiteite sal ons in die volgende hoofstuk bespreek.

HOOFSTUK IX.

VEEARTSENYKUNDIGE ONDERSOEK.

1. Inleiding.

In aanvulling by die Afdeling Veeartsenydiens is ook 'n Afdeling Veeartsenykundige Onderzoek ingestel wat soos die naam aandui, veral belas sou wees met die onderzoek van veral diersiektes en die daarstelling van middels om die siektes te bestry. Suid-Afrika is bekend vir sy menigvuldige veesiektes en ander peste en daarom sou dit te veel wees om die werk van die afdeling in sy geheel te neem. Ons sal daarom eerder slegs 'n paar ondersoeke wat deur die Afdeling deurgevoer is, behandel om sodoende die omvang en werkzaamhede van die Afdeling aan te dui.

2. Proewe.

(1) Perdesiekte.

Hierdie veesiekte was reeds voor Unie 'n lastige siekte wat met tussenpose voorgekom het en onder die perde van die provinsies gemaai het. Dit was een van die siektes wat die Afdeling Veeartsenykundige Onderzoek oorgeneem en van die begin af sy daadwerklike aandag geskenk het. Gedurende 1911/12 is 399 perde ingespuut en gedurende 1912/13 weer 370 ten einde die doeltreffendheid van die destydse middel teen die siekte op die proef te stel. Uit die proewe het dit geblyk dat die geënte perde blykbaar minder vatbaar was vir die siekte as selfs gesoute perde, maar baie het afgehang van die toestand en gestel van elke indiwiduele dier. Die vrekte onder die perde was egter baie hoog, nl. 10.3 persent van dié wat gedurende 1912/13 ingeënt is, en weens hierdie hoë sterfte en ook weens die feit dat 'n ander dodelike siekte, nl. kwaadaardige bloodarmoede,

met /

met die entstof oorgedra is, is die entstof nie verder uitgereik nie.¹⁾

Die terugslae het die ondersoekers egter nie ontmoedig nie met die gevolg dat gedurende 1916 'n verbeterde middel vir inenting teen perdesiekte op die proef gestel is. Voordat die middel aan boere beskikbaar gestel is, is dit eers by Onderstepoort en Robertshoogte getoets. Van die 400 perde wat by Onderstepoort ingeënt is, het slegs 3.5 persent gevrek en van die 1,609 te Robertshoogte 4.5 persent. Tussen September en Desember is daar egter ook 1,250 perde van boere ingeënt en daar was die vrekte heelwat hoër, nl. 6 persent. By nadere ondersoek het dit egter geblyk dat baie van die perde dood is aan dronksiekte, maar daar al die geënte perde die siekte opgedoen het, het die vermoede ontstaan dat die entstof die siekte oorgedra het. Verdere ondersoek het egter aan die lig gebring dat die koors wat die diere ontwikkel, dronksiekte slegs verhaas³⁾ tensy die lewer van die perd baie gesond is. Die bevindings was nietemin 'n groot teleurstelling veral vir die hoof van die Afdeling, veral na die aanvanklike welslae met die proewe te Onderstepoort en Robertshoogte.

Gedurende 1929 is weer 'n begin gemaak met 'n reeks proewe ten einde 'n beter metode te ontwikkel van inenting teen perdesiekte. Die gebruikelike metode het bestaan uit die inspuiting van verskillende stamme van perdesiektesmetstof en tegelykertyd 'n taamlike groot hoeveelheid serum. Die bereiding van die serum het egter baie tyd en gold vereis, en het definitief perke gestel aan die aantal diere wat jaarliks ingespuut kon word. Daarby is die metode nie

as /

1) U.G. 2/15, p. 109-10.

2) U.G. 5/18, p. 52.

as heoltemal veilig beskou nie en ook so ingewikkeld dat dit slegs deur 'n geoefende veearts toegedien kon word, en nie deur die boer self nie.³⁾

Van 1929/30 af is daar gewerk aan 'n nuwe metode van souting deur middel van 'n virus wat met formalien behandel is. Gedurende 1932 het in die loop van die werksaamhede die hoop opgevlam dat dit moontlik sou wees om die virus te konsentreer. Ook is vasgestel dat die virus vir 'n lang tyd hou na uitdroging.³⁾

Gedurende 1933 het die navorsing 'n interessante stadium bereik. Die metode van inenting met virus wat met formalien behandel is, het baie bevredigende resultate gelewer. Gedurende daardie jaar is daar egter ook navorsing begin met 'n ander tipe ontstof teen perdesiekte en daar hierdie werk meer belowende resultate gelewer het as die virus wat met formalien behandel is, is navorsing in verband met laasgenoemde gestaak ten einde alle kragte aan die nuwe metode te wy. Hierdie ondersoekingswerk kan kortliks as volg saamgevat word: Daar is gevind dat perdesiekte op witmuis oorgedra kon word deur die virus in die harsings van die witmuis in te spuit. So 'n muis vrek dan na ongeveer 'n week. Indien die virus egter oor 'n groot reeks geslagte ingeënt word, word die tydperk van die siekte onder lede verkort na vier dae. Terselfdertyd is gevind dat die virus verswak nadat dit deur 'n aantal geslagte gegaan het, met die gevolg dat as die verswakte virus in perde ingespuut word, die reaksie nie so straf is nie en die perde in baie gevalle deurkom.⁴⁾ Reeds die volgende jaar het die nuwe metode soveel sukses behaal dat daar besluit is om met die

ou /

3) Boerdery in Suid-Afrika, no. 44, p. 370.

4) Ibid, no. 93, p. 483.

ou metode geheel en al weg te doen. Die beste resultate is behaal met die verswakte virus waarin verskillende stamme opgeneem is.⁵⁾

Hoewel die sterfte onder diere wat ingeënt is met die nuwe entstof so laag as 1 persent was, was dit tog nog nie heeltemal doeltreffend nie. Gedurende 1935 is bv. gevind dat die meeste sterftos as gevolg van perdesiekte in Natal en Zoeloeland onder gesoute perde voorgekom het. Onderzoek het aan die lig gebring dat in dié perde daar 'n virus voorgekom het wat nie in die entstof opgeneem was nie. Dit is toe opgeneem, maar net die volgende jaar, 1936, is nog 'n ander virus wat in die entstof ontbreek het, in Noord-Transvaal gevind. Ook dit is geïnkorporeer. Dit toon maar net hoe nougeset daar met die ondersoekingswerk voortgegaan is asook die moeilike taak wat op die navorsers gerus het.⁶⁾ Die nuwe entstof het ook gedurende 1938/39 goeie resultate gelower. Perdesiekte het in daardie jaar baie straf geheers en 44,660 perdesiekte-entstof is uitgereik. Die reaksie wat deur die entstof veroorsaak is, was baie lig en daar is geen ongevallen gemeld as regstreekse gevolg van immunisasie nie en geen gevalle van ongunstige nawerking is onder die aandag van die Afdeling gebring nie.⁷⁾

Ook gedurende die volgende jaar is 'n groot hoeveelheid entstof, nl. 62,785 dosisse, uitgereik en die resultate was goed. Intussen is daar ook 'n beter bewaarmiddel as eter vir die virus ontdek, nl. Mertiolaat verdun tot 1:20,000, en dit sou in die toekoms i.p.v. eter gebruik word. Verdere verbeterings i.v.m. die voorbereiding van die entstof is ook bewerkstellig sodat dit moontlik geword het om

sterker /

5) Boerdery in Suid-Afrika, no. 105, p. 532.

6) Ibid., no. 129, p. 554.

7) Ibid., no. 165, p. 512.

sterker en groter hoeveelhede met minder arbeid voor te berei. Ook 'n ander vraagstuk wat hom die vorige jaar voorgedoen het, is opgelos. Daar was nl. 'n besondere groot sterfte onder geïmmuniseerde vullens van omtrent 'n jaar oud en die vraag was wat die oorsaak daarvan sou gewees het. Onderzoek het aan die lig gebring dat dit toe te skryf was aan die feit dat vullens van geïmmuniseerde moers 'n tydelike immuniteit verkry nadat hulle aan die merries gedrink het. Hierdie immuniteit duur vir ongeveer ses maande en dit verhoed die doeltreffende immunisering met die entstof. Hierdie bevinding het dus weer ander vraagstukke i.v.m. die belommering van immunisering na vore gebring.⁸⁾

Die navorsing in verband met die entstof is voortgesit en die doeltreffendheid van die entstof sowel as die vertroue wat die boere daarin gestel het, word weerspieël deur die groot aantalle dosisse wat deur boere bestel is. Die getal dosisse wat gedurende 1945/46 vir die Unie alleen⁹⁾ uitgereik is, was 98,794; gedurende 1946/47 en 1947/48 was dit onderskeidelik 148,357 en 122,702.¹⁰⁾ Die aantal stamme in die entstof opgeneem in die laasgenoemde jaar was agt terwyl vyf-en-twintig stamme ondersoek is.¹¹⁾

Die navorsing in verband met perdesiekte het voortgegaan en gedurende 1952 nog is 'n nuwe verdunningsmiddel in gebruik geneem, nl. 'n mengsel van 10 persent eiermateriaal in 'n fosfaatgebufferde soutoplossing. Verder is penisillien en streptomisien by die entstof gevoeg as kiemdoders, terwyl kristalviolet teen 'n sterkte van 1:300,000 bygevoeg is as swamdoder.¹²⁾

Die /

8) Boerdery in Suid-Afrika, no. 177, pp. 479-80.

9) Ongeveer 103,000 dosisse vir gebiede buite Suid-Afrika.

10) Ibid, no. 261, p. 76-7.

11) Ibid, no. 285, p. 523.

12) Ibid, no. 321, p. 549.

Die navorsing deur die Afdeling Veeartsenykundige Onderzoek en later die Veeartsenykundige Afdeling, nadat die twee afdelings verenig is, het deur die jare veel gedoen om die gevreesde perdesiekte in bedwang te hou. Alhoewel die siekte nie uitgeroei is nie, is die entstof so doeltreffend dat geen persoon wat die nodige voorsorgsmaatreëls neem, enige noemenswaardige verliese hoef te ly as gevolg van die siekte nie.

(ii) Lamsiekte. .

'n Ander siekte wat deeglik ondersoek is met verreikende gevolge was lamsiekte onder beeste. Hierdie ondersoek verskil ook van die ondersoeke na ander siektes soos bv. perdesiekte vir sover dit meer veldwerk insluit het. Die siekte het veral onder beeste in Wes-Transvaal voorgekom en daar was 'n vermoede, veral van die kant van dr. Theiler dat dit veroorsaak is deur die inneem van giftige plantevoedsels. Met die oog op hierdie teorie is verskeie proewe in verskillende dele van die land reeds gedurende 1912/13 begin. Sommige diere is op die natuurlike weiding gelaat, terwyl ander gevoer is met gesonde en nog ander met verdagte voedsel. Weens die omvang wat die droogte aangeneem het, was die proewe egter geen sukses nie en moes dit weer in die jaar daarop herhaal word. Nog 'n faktor wat die ondersoek na die oorsaak van die siekte in die wiele gery het, was die gebrek aan siek diere en die onvermoë om die siekte van een dier na 'n ander op kunsmatige wyse oor te dra.¹³⁾

In die jare daarop is die navorsing in verband met die siekte gekonsentreer op Armoedsvlakte, 'n proefplaas in die Vryburgdistrik. Die eerste proewe daar was toegespits

op /

13) U.G. 47/13, p. 13.

op die woekerdier *Sarcosporidia* wat algemeen onder verdenking gestaan het, maar die proewe het geen positiewe resultate gelewer nie.¹⁴⁾ Daarna is teruggekeer na die gedagte van plantvergiftiging. Dit het uiteindelik geblyk dat die siekte veroorsaak is deur 'n voedingstekort, veral fosfor, maar nietemin is die ondersoek voortgesit en uitgebrei tot voedingsondersoeke in die algemeen. Dit het aanvanklik ingesluit die mees ekonomiese wyse van fosforvoeding en die mees ekonomiese mengsels om te gebruik; die invloed van faktore soos leeftyd, gewig en individualiteit in verband met fosforvereistes vir voeding en bestryding van lamsiekte deur kontrole van beenetery; die invloed van fosfor en ander samestellings op die ontwikkeling van die skelet; vordering of vertraging in groei van die dier; melkopbrengs en voer- verbruik. Daarby het nog gekom 'n studie van klimaat, die fisiologie van veevoeding, die chemiese en botaniese same- stelling van die inheemse grasse en die invloed van oorbe-¹⁵⁾ weiding en veldbrande op die voedingswaarde van die weiveld. Die resultate sou dus 'n baie wyer veld dek as net die lam- siekte waarvoor dit ingestel is en sou ook van groot ekono- miese nut vir boere wees.

Met verloop van tyd is die proewe nie net te Armoedsvlakte voortgesit nie, maar ook te Ermelo en te Onderstepoort. Veral die proewe te Onderstepoort het interessante inligting opgelewer aangaande die minimum be- nodigdhede van beeste vir minerale bestanddele van 'n voe- dingsrantsoen. Die proewe te Vryburg het weer die waarde van minerale vir die opgradering van beeste bewys asook die aanvulling van die minerale gebreke van natuurlike weiveld. Daar was bv. 'n opmerklike verskil tussen 'n groep kalwers wie se voeding aangevul is met beenmeel en 'n groep wat

slegs /

14) U.G. 25/17, p. 46-7.

15) U.G. 2/23, p. 287.

slegs op natuurlike weiding moes klaarkom - resultate wat vir die beesboere van die grootste waarde was, veral in daardie streke. Dergelike proefnemings is op Ermelo begin en ook 'n proef met skape om die wenslikheid aan te toon om die voeding van skape aan te vul in streke waar die veld arm is aan minerale.¹⁶⁾

Voedingsproewe is uit die aard van die saak 'n langtermynonderneming, maar reeds in die loop van 1927/28 was die resultate van die proewe in baie opsigte heel duidelik. Dit het reeds duidelik geword dat dit moontlik sou wees om op die swak veld van Betsjoeanaland met goedgoteelde vee te boer indien die vee die nodige mineraalstowwe kry. Die opgeteelde en opregte vee op Armoedsvlakte wat beenmeel gekry het, was in 'n uitstekende kondisie; ook het hulle baie gunstig vergelyk met dieselfde soort vee wat nie beenmeel ontvang het nie. Daarby was die sterftesyfer onder die beeste wat nie beenmeel gekry het nie, baie hoog, nie net aan lamsiekte nie, maar ook aan ander siekte, terwyl van die beeste wat beenmeel gekry het, slegs 'n paar dood is.¹⁷⁾ Die nuwe moontlikhede het aan die lig gekom op 'n stadium toe dit gelyk het of al die beeste van Betsjoeanaland sou sterf, en die bevindings vir daardie gebied en Noord-Kaapland was dus van die uiterste belang.

Die resultate wat verkry is, het telkens weer nuwe veld vir verdere ondersoek geopen en mettertyd is die proewe ook uitgebrei na die verskillende landbouskole en het die voedingsproewe later uiteengeval, sover dit beeste betref, in die voeding van vleisbeeste en die voeding van melkbeeste en die hansgrootmaak van kalwers. Stadigaan is die proewe uitgebrei na gebalanseerde voedsel vir groot- en kleinvee

asook /

16) Boerdery in Suid-Afrika, no. 20, p. 342.

17) Ibid, no. 32, p. 955-6.

asook vir pluimvee en is nie net die boer vandag veel erkentlikheid aan die Afdeling verskuldig vir sy voedingsproewe nie, maar self ook die stedeling wat 'n paar hoenders in die agterplaas aanhou, want die voedingsproewe met hoenders het bv. getoon dat baie sogenaamde siektes slegs gebreke is wat ontstaan as gevolg van sekere tekorte in die rantsoene van die diere.

3. Roetinewerk.

'n Baie belangrike en veeleisende werk van die Afdeling is om monsters wat van persone ontvang is, te ondersoek en verslae op te stel. Om die omvang van hierdie werksaamhede aan te dui, is dit miskien voldoende om slegs daarop te wys dat reeds in die jaar 1913/14 11,154 monsters en bloedsmere deur die Afdeling vir ontleding ontvang is. In die geval van 2,911 het die ondersoek op positiewe herkenning van bepaalde siektes uitgeloop. Dit beteken dat slegs ongeveer 26 persent van die ontvangs monsters en smere die moeite van ondersoek geloon het. Hierdie lae persentasie moet egter nie die beamptes ten laste gelê word nie, maar veral die toestand waarin die monsters die Afdeling bereik het en verder die gebrek aan meegaande gegewens soos uiterlike tekens en post mortem-bevindings wat die uitkenning van die siekte moontlik maak.¹⁸⁾

4. Entstowwe.

Naas die ondersoek van siektes was die Afdeling se grootste taak seker die voorsiening van middels om die verskillende siektes te voorkom en te bekamp. Ons het reeds melding daarvan gemaak hoe die voedingsproewe gelei het tot die uitskakeling van baie „siektes” deur die opstel van gebalanseerde voere. Daarby het die Afdeling

ook /

18) U.G. 2/15, p. 109-10.

Tabel LXXVI.

Uitgereikte Sponssiekte-entstof.

Sponssiekte het gedurende 1925/26 meer voorgekom as gewoonlik, met die gevolg dat daar meer diere ingespuut is as gewoonlik. In die loop van die jaar is 305,195 dosisse uitgereik.

<u>Jaar</u>	<u>Dosisse uitgereik</u>	
25/26	305,195	
26/27	383,205	
27/28	363,010	
28/29	329,015	
29/30	360,065	Die entstof wat sedert hierdie jaar uitgereik is, was 'n vloeibare filtraat wat, ofskoon dit enigsins duurder uitgekom het en moeiliker was om te berei, uitstekende resultate gelewer het en die voordele gehad het dat dit geen reaksie veroorsaak het nie en gelyktydig met die rooiwater-, galsiekte- en miltsiekte-entstof ingespuut kon word.
30/31	317,140	
31/32	294,745	Metodes is ondersoek om die teenswoordige soort entstof te verbeter, en proewe met ander soorte entstowwe was aan die gang.
32/33	305,005	
33/34	345,955	'n Entstof wat met formalien gemeng was, is in die plek van die filtraat gebruik en goeie resultate is daarmee behaal.
34/35	365,085	'n Groot aantal proewe is met die nuwe entstof gedoen met die gevolg dat die immuniserende eienskappe daarvan baie verbeter is. Dit lewer onvatbaarheid by skape.
35/36	535,595	
36/37	634,675	Groter aanvraag om skape te beskerm teen sponssiekte wanneer hulle besmet word tydens skeertyd.
37/38	649,525	
38/39	757,070	
39/40	831,720	Verdere toetse met die entstof waarby aluin gevoeg is met die oog op die versterking van die immuniserende eienskappe het goeie resultate gelewer en gedurende 1940/41 is die eerste van hierdie dosisse uitgereik.
40/41	-	
41/42	-	
42/43	-	
43/44	-	
44/45	1,383,315	
45/46	1,182,855	Pogings is aangewend om die dosis te verminder sonder om die doeltreffendheid daarvan te verswak.
46/47	998,985	Entstof slaag uitstekend.
47/48	934,535	In 'n poging om die entstof te verbeter is proewe gedoen deur aluminiumfosfaat i.p.v. aluin by te voeg.
48/49	1,050,725	
49/50	1,429,670	In 1950 is verbetering aangebring in die tegniek van die entstofproduksie. Dit is nl. moontlik gevind om die organisme in 'n gekonsentreerder vorm te kweek deur die gebruik van die tegniek wat by die produksie van botulinus-entstof toegepas word. Daardeur is dit moontlik gemaak om die entstof met groter gemak en groter hoeveelhede met dieselfde fasiliteite te produseer.
50/51	1,547,835	
51/52	1,556,895	
52/53	1,668,910	
53/54	1,956,545	

Entstowwe en Bestrydingsmiddels uitgereik ten opsigte van verskillende veesiektes.

Jaar	Perde- siekte	Spons- siek- te	Blou- tong	Haar- en- Lint- wurm	Rooi- water en Gal- siekte	Besmet- like Mis- geboor- te	Hoender- pokkies en tifus	Kalwer- para- tifus	Knoppies- wurm	Milt- siekte	Tuber- kulien	Bloed- pens	Mal- leien	Rooi- water	Hart- water- bloed	Ule- ron	Anti- geen	Tetram	Brom- mer spuit- stof	Tetra- chlo- kool- stof
	,000	,000	,000	,000	,000	,000	,000	,000	,000	,000	,000	,000	,000	,000	,000	,000	,000	Gell.	Gell.	Gell.
1910/11**	4	126	272	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
1912/13***	4	311	657	-	11	-	-	-	-	87	13	-	18	-	-	-	-	-	-	-
13/14	1	-	971	-	16	-	-	-	-	108	-	-	6	-	-	-	-	-	-	-
14/15	-	186	1,971	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
15/16	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
16/17	-	224	1,244	200	18	-	-	-	-	697	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
17/18	-	355	1,877	7,204	17	-	-	-	-	509	7	-	13	-	-	-	-	-	-	-
18/19	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
19/20	-	610	1,090	6,399	41	-	-	-	-	877	7	-	7	-	-	-	-	-	-	-
20/21	3	548	845	4,489	18	-	-	-	-	1,067	8	-	5	-	-	-	-	-	-	-
21/22	4	358	712	5,467	9	2	-	-	-	820	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
22/23	-	442	794	-	-	9	-	-	-	1,187	-	-	3	-	-	-	-	-	-	-
23/24	5	266	1,137	6,009	-	3	-	-	-	2,193	-	-	5	-	-	-	-	-	-	-
24/25	6	252	2,393	11,634	10	2	-	-	-	926	-	-	6	-	-	-	-	-	-	-
25/26	5	305	1,500	14,863	8	5	-	-	-	2,388	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
26/27	-	383	1,667	17,351	8	5	-	-	-	2,350	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
27/28	4	363	2,483	24,821	11	5	-	-	-	2,649	-	-	6	-	-	-	-	-	-	-
28/29	2	329	2,369	24,313	10	3	-	-	-	2,701	-	-	4	-	-	-	-	-	-	-
29/30	4	360	2,978	25,134	12	4	39	6	-	3,580	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
30/31	2	317	1,558	29,187	8	3	135	9	-	4,224	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
31/32	2	295	1,140	14,708	6	4	148	18	-	4,304	15	-	11	-	-	-	-	-	-	-
32/33	2	305	1,345	14,418	4	54	198	18	-	4,578	15	-	2	-	-	-	-	-	-	-
33/34	3	346	2,390	21,153	12	44	246	29	-	5,119	10	21	2	-	-	-	-	-	-	-
34/35	35***	365	2,832	18,809	13	4	311	36	-	4,638	19	33	3	-	-	-	-	-	-	-
35/36	39	536	1,660	11,338	22	4	483	49	12,736	6,758	20	101	5	-	-	-	-	-	-	-
36/37	44	635	2,584	14,139	44	3	491	58	12,871	5,807	20	121	4	-	-	-	-	-	-	-
37/38	31	650	2,134	11,203	78	5	535	68	14,151	6,619	19	149	1	-	-	-	-	-	-	-
38/39	45	757	2,368	10,047	68	5	706	85	14,340	4,717	23	187	2	-	-	-	-	-	-	-
39/40	63	832	2,149	5,883	94	8	872	112	20,945	5,944	34	160	3	-	-	-	-	-	-	-
				Vervang deur knoppies- wurm																
44/45	369	1,383	2,304	-	182	80	1,357	324	19,490	5,949	34	129	4	-	-	-	-	-	-	-
45/46	203	1,183	1,650	-	76	89	1,511	253	15,388	5,145	39	136	5	-	-	-	-	-	-	-
46/47	148	999	2,075	-	139	82	2,214	239	12,467	5,320	24	180	6	-	-	-	-	-	-	-
47/48	123	935	2,575	-	197	74	2,243	259	13,426	5,438	36	195	-	-	-	-	-	-	-	-
48/49	120	1,051	2,591	-	226	117	2,826	268	12,021	6,830	33	178	-	-	3	8	-	4,558	27,557	316
49/50	105	1,430	3,550	-	260	114	2,459	257	13,041	7,393	40	195	-	-	2	5	-	2,382	24,053	404
																		954	22,073	215
50/51	121	1,548	7,555	-	369	149	2,723	306	17,300	8,165	55	298	-	-	2	3	29	5,981	18,929	10
51/52	111	1,557	7,778	-	370	182	3,538	320	14,800	8,661	65	191	-	-	5	2	34	4,179	11,287	1
52/53	114	1,669	9,248	-	366	230	3,394	295	15,200	8,931	63	252	-	-	17	2	49	4,321	13,165	-
53/54	159	1,966	14,174	-	340	347	4,579	331	21,800	9,647	78	237	-	35	19	1	70	7,186	15,875	-

* Aanvanklik hoofsaaklik vir die behandeling van muile.

** Vir die tydperk 31 Mei 1910 tot 31 Desember 1911.

*** Van 1 Januarie 1912 tot 31 Maart 1913.

*** Die toename in die hoeveelhede entstof moet toegeskryf word aan die verbeterde entstof wat toe aangebied is.

ook baie bygedra tot die voorkoming van siektes deur die bereiding van entstof waardeur die diere onvatbaar vir bepaalde siekte gemaak is. Die omvang van hierdie werksaamhede word goed weergegee deur die getal dosisse van bepaalde soorte entstowwe wat oor die jare uitgereik is. Dit toon nie net die mate aan waarin bepaalde siektes voorkom is nie, maar toon ook die omvang van die werksaamhede van die Afdeling in 'n mate aan, asook die mate waarin hulle sukses behaal het vir ~~sover~~ hulle 'n middel verskaf het om die siektes te oorwin.

Voordat ons die getalle van die verskillende soorte entstowwe aangee in Tabel LXXVII, gee ons eers net die gegewens ten opsigte van die uitreiking van die entstof teen sponssiekte in Tabel LXXVI. In die tabel word nie net die getal dosisse wat van jaar tot jaar uitgereik is, aangegee nie, maar ook die werksaamhede om die entstog te verbeter. Die gegewens in die tabel spreek vir hulself, maar is terselfdertyd 'n weergawe wat gebeur ook ten opsigte van ander entstowwe wat voortdurend getoets en verbeter word.

Wat onmiddellik opval uit Tabel LXXVII is die groot hoeveelhede entstof wat jaarliks uitgereik word en tweedens dat steeds nuwe entstowwe bygevoeg word. Die toename in die totale aantal dosisse entstof wat sedert 1910/11 uitgereik is, word gou duidelik uit Tabel LXXVIII waar die aantal slegs vir enkele jare aangehaal word.

Tabel LXXVIII.

Getal dosisse entstof vir enkele jare.

<u>Jaar</u>	<u>Getal dosisse uitgereik</u>
	.000
1910/11	402
1919/20	9,031
1929/30	32,109
1939/40	37,155
1949/50	28,850
1953/54	53,782

Uit die tabel is die geweldige groei baie duidelik. Die daling in 1950 in vergelyking met 1940 moet in hoofsaak toegeskryf word aan 'n baie groot afname in die uitreikings ten opsigte van knoppieswurm- en haar- en lintwurmentstof van by die twaalfmiljoen dosisse. Met 'n uitreiking van vier-en-vyftigmiljoen dosisse entstof in 1953/54, kan 'n mens 'n denkbeeld vorm van die waarde van die veeartsenydiens vir die veestapel van die Unie. Behalwe die groot hoeveelhede entstowwe kom nog die spuitstowwe vir uitwendige aanwending soos brommerspuitstof wat nie juis daarop gemik is om die vee teen bepaalde siektes te beskerm nie, maar om plaë soos brommers en uitwendige wurms te bestry en die taak van die veeboer te vergemaklik.

5. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons probeer aandui hoe die Departement van Landbou deur die Afdeling Veeartsenydiens pogings aanwend om die boerdery, en veral die veeteeltbedryf teen siektes te vrywaar. Uit die gegewens het geblyk dat die Afdeling nie net baie doen om die omvang van siekte te beperk deur die bereiding en uitreiking van entstof nie, maar ook daarin geslaag het om gevaarlike veesiektes soos byvoorbeeld nagana, feitlik uit te roei. Die waarde van die Afdeling vir ons veeteeltbedryf kan dus nouliks na waarde geskat word.

- - - - -

HOOFSTUK X.

BEVORDERING VAN DROËLAND-BOERDERY.

1. Inleiding.

Suid-Afrika is 'n land van kontraste — oorvloedige reëns en knellende droogtes. Groot dele kry heelwat reën terwyl andere weer baie min reën kry. Weens die feit dat die meeste van ons riviere op die plato nie standhoudend is nie, is besproeiing ook nie op groot skaal moontlik sonder staatsteun nie. Geen wonder dus dat die Transvaal reeds gedurende 1907 begin het met proefnemings met betrekking tot droëlandboerdery. Met die oog hierop is verskillende proefstasies aangelê te Lichtenburg, Christiana, Warmbad en Pietersburg. Dié te Christiana is gedurende 1911 gesluit omdat dit eintlik 'n duplisering was van die een in die aangrensende gebied van Lichtenburg. Laasgenoemde stasie was dan ook die belangrikste omdat dit proewe gedoen het in gewasse wat dwarsdeur die Unie gekweek kon word en daarby het dit ook die sogenaamde koöperatiewe proefstelsel ontwikkel, waardeur dit in noue kontak met boere dwarsdeur die Unie gekom het.

2. Doel van Droëland-proefstasies.

Die doel van die Afdeling en die proefstasies was om:

(a) die boere aan te moedig om die water (reën of lopende) op hul plase op alle moontlike maniere te bewaar, hetsy in damme of in die grond;

(b) te bewys dat onder sekere klimaatstoestande en die behoorlike bewerking van die grond genoeg vog bewaar kon word ten einde in tye van droogte gesaaides daarop te plant en te oes;

(c) belangstelling in die grond en beter bewerkingsmetodes aan te moedig;

(d) aan te dui watter gewasse in die droë dele van ons land met die grootste voordeel gekweek kon word;

(e) droëlandboerdery op 'n wetenskaplike grondslag te plaas deur middel van proewe;

(f) in kontak te bly met soortgelyke proefstasies in ander lande en die inligting so verkry aan te wend en te versprei.¹⁾

3. Verspreiding van Inligting.

Daar was verskillende maniere waarop die proefstasies die inligting aan boere bekend gestel het. Eerstens was boere vry om die proefstasies te besoek en baie het dan ook daarvan gebruik gemaak. Sommige het selfs so ver as Rhodesië en Katanga gekom wat toon dat die stasies veral dié te Lichtenburg, baie bekend was. Nie minder as 600 boere het byvoorbeeld gedurende 1913/14 dié proefstasie besoek nie. 'n Ander manier was om die resultate van proewe wat gedoen is, in die landboujoernaal te publiseer en ook het die hoof van die Afdeling boere toesprek en demonstrasies gelever om te verduidelik en te toon hoe die grond bewerk moes word.²⁾

'n Metode om inligting te versprei en tegelykertyd inligting in te win, was die sogenoemde koöperatiewe proefnemings wat deur veral die Lichtenburgse proefstasie onderneem is. Pogings is in werk gestel om die medewerking van munisipaliteite en partikuliere boere te verkry wat dan in hul eie gebied of op hul eie plaas proewe moes doen met saad wat deur die Afdeling aan hul verskaf is. Omtrent vyf pond saad is aan 'n boer gestuur met instruksies hoe die grond bewerk en die saad gesaai moes word. Hy is ook deur 'n beampte besoek /

1) U.G. 47/13, p. 357.

2) U.G. 2/15, p. 261.

besoek indien die personeel die kans daartoe gehad het. Sodanige boer of munisipaliteit moes dan 'n rekord hou van die gesaaide sodat hy die Afdeling kon voorsien van die inligting wat vir ander boere in daardie gebied van belang kon wees, by die kweek van soortgelyke gewasse.³⁾ Op die manier het die Afdeling oor die hele land persone en munisipaliteite gehad wat meegewerk het in verskillende proefnemings en die bevin- dings op die proefplase in ander gebiede uitgetoets het.

Reeds gedurende 1910 is 'n provinsiale kongres te Klerksdorp oor droëlandboerdery gehou en gedurende 1911 'n Uniale kongres te Pretoria.⁴⁾ Daar is besluit dat die kongresse 'n jaarlikse instelling sou wees en dit het persone van ver en wyd getrek. Op die kongres te Pretoria was daar vyfhonderd teenwoordig waaronder persone uit Rhodesië en die Duitse en Portugese gebiede. Die kongresse was baie waarde- wol omdat die resultate en metodes van die proefplase daar voorgedra is en bespreek is. Ook het die afgevaardigdes onderling gedagtes gewissel, en moontlik die belangrikste van al die voordele was dat elkeen wat die kongres bygewoon het, weer 'n verspreider van die besonderhede vir sy eie gebied geword het. Woorde wat op die kongres van 1911 gebruik is, nl. „de toekomst van Zuid-Afrika ligt in droog- landverbouwing“⁵⁾ moet in die lig van die latere ontwikkeling vandag as profetiese woorde beskou word, want die droëland- boerdery het sedert daardie tyd geweldige afmetings aangeneem en versprei van die oostelike gebiede met 'n hoë reënval tot in die droë westelike Vrystaat en Wes-Transvaal. Dié droë streke was veral geskik vir die demonstrasie van wat daar deur deeglike bewerking van die grond verkry kon word. Dit was /

3) U.G. 47/13, p. 357-8.

4) U.G. 2/15, p. 475.

5) U.G. 54/12, p. 476-7.

was dan ook vir die Afdeling baie bemoedigend om die belangstelling van die boere waar te neem en te verneem van hul sukses. Die hoof meld dan ook in sy rapport vir 1913/14: „Dit jaar hebben diegenen, die in de westelike Transvaal nog maar de oude methode hebben gevolgd, in het geheel geen oogst, terwyl degenen, die er voor zorgden de vochtigheid in de grond te bewaren, goede oogsten hebben.”⁶⁾ Dit wil dus voorkom dat die metodes soos deur die Afdeling voorgeskryf, nieteenstaande die belangstelling van die boere, maar lang-samerhand ingang gevind het, want die gebied waaroor die hoof van die Afdeling gekla het, was juis in die gebied waar die vernaamste proefstasie geleë was en die nodige inligting dus die maklikste bekom kon word.

4. Proewe en metodes.

Die proefnemings wat op die proefstasies onderneem is, het verskillende gewasse ingesluit, So byvoorbeeld was die proewe met koring, mielies, aartappels en selfs appels van die begin af baie geslaagd te Lichtenburg, terwyl te Warmbad hoofsaaklik proewe met vrugte gedoen is. Die metode waarop die grond bewerk moes word om die voggehalte hoog te hou, was as volg: Reeds gedurende die winter moes die grond diep geploeg en ook geëg word sodat die eerste lentereëns reeds op bewerkte grond val en goed benut word omdat dit op los grond val en in die grond wegsink in plaas van weg te vloei. Na die reëns moes die grond weer geëg word om die vorming van 'n vogverliesende kors te voorkom. Die vogtigheid wat op die manier opgevang en bewaar is, was voldoende om koring in Mei te saai. Hierdie koring het in die klam grond ontkiem en gegroei tot in Oktober sonder enige verdere reëns. Deur dié metode van bewerking is die gevolge van droogtes baie verminder omdat
die /

6) U.G. 2/15, p. 261.

die plante lank kon put uit die vog wat in die vorige seisoen opgegaan is.⁷⁾ Bewys hiervan is ook die aanhaling uit die jaarrapport van die hoof vir die jaar 1913/14.⁸⁾

5. Koöperatiewe Proefneming.

Hierdie aktiwiteit van die Afdeling was van die grootste belang, en onder hierdie hoof sal ons dan die verdere proefnemings wat die Afdeling uitgevoer het, behandel omdat dit grotendeels gedoen is in samewerking met partikuliere boere oor die hele Unie versprei.

Onder die hoof „Verspreiding van inligting" het ons reeds aangedui dat die koöperatiewe proefnemings daaruit bestaan het dat die Afdeling bepaalde soorte getoetste saad aan boere wat daarom aansoek gedoen het, gestuur het met die versoek dat die saad volgens bepaalde metodes bewerk moes word en dat aantekening van die vordering daarvan gehou moes word. Op dié manier het baie boere nie net die geleentheid gekry om bepaalde soorte gewasse in hul eie gebied uit te toets nie, maar het hul ook kon staat maak op die leiding van die Afdeling wat in ruil weer die inligting van die boer vir die bepaalde streek verkry het en hul eie bevindinge dienooreenkomstig kon aanvul of wysig. Gedurende 1915/16 is die droëlandproefstasies te Warmbad, Vryburg en Pretoria gesluit en het die hoof van die Afdeling veel meer tyd gehad om self die boere te besoek, voor te lig en toe te spreek. Reeds gedurende genoemde jaar het hy nie minder as 157 plekke in verskeie dele van die Unie besoek nie, en omtrent hierdie besoeke merk hy op: „Bevredigend was het om te sien hoe begerig die boeren zyn meer te weten te komen van het bewaren van grondvocht, het behoortlyk, terrechtertyd schoffelen van hul lande, het gebruik van die nuwste landbouwerktoelgen,

de /

7) U.G. 54/12, p. 473.

8) Vgl. bl. 3 van hierdie hoofstuk.

de keuze van zaden, het kweken van meer en (voor hen) nieuwe winsgewende gewasse, bomen, grassen, knolgewasse, enz. Ongetwyfeld is er onder onze boeren een ontwaken gekomen betreffende het letten op hul gronden en klimaatsgesteldheid, de waarde van het doen van proefnemingen voor henzelf op hun eigen plaatsen, de zorgvuldige voorbereiding van hun zaadbedden, het uitroeiën van onkruid op hun bebouwde akkers, de waarde van teelaarde in hun gronden, het vermeerderen van het waterhoudenvermogen en van de vruchtbaarheid van de grond, het lezen van landbouwliteratuur, enz. Ten spyte van de vele tegenslagen in de vorm van droogte, hagel, ongedierte en ontydige ryp beginnen onze boeren tans te geloven in de landbouwmogelikheden van het eigen land.⁹⁾ Volgens hierdie aanhaling was die posisie dus baie bemoedigend al was dit slegs 'n begeerte by die boere om die sake wat die hoof noem, aan te pak. In werklikheid was boerderypraktyke baie agterlik en primitief¹⁰⁾ en juis daarom was die Afdeling so ywerig en begerig om die medewerking van die boere te verkry sodat hul deur die koöperatiewe proefnemings tot nuwe insigte gelei kon word.

Gedurende 1915 is deur middel van magistrate driehonderd boere verkry wat gewillig was om koöperatiewe proewe met die Afdeling te onderneem. Aan hulle is die nodige saad en besonderhede gestuur en verder was dit hul taak om die belangstelling van omliggende boere in die proefnemings op te wek. Die voordele van die koöperatiewe proewe was:

- (a) Behalwe vir die saad wat voorsien is, was daar baie min koste aan die skema verbonde.
- (b) Gelyktydig kon oor groot gedeeltes van die Unie proewe gedoen word.
- (c) Die belangstelling van boere is gaande gemaak.
- (d) Dat die inligting wat versprei is van meer praktiese aard en waarde was omdat

boere /

9) U.G. 25/17, p. 121.

10) Ibid, p. 122.

boere nie net die proewe kon dophou nie, maar self daaraan deelneem.

Die waarde en gevolge van die proewe blyk baie duidelik uit die volgende: Die Namakwalandse boere kon byvoorbeeld nooit sukses met koring behaal nie. Die oorsaak hiervan was blykbaar nie die lae reënval nie, maar die gebruik van die verkeerde tipe koring, want nadat hul saad van die Afdeling ontvang het, het verskeie boere goeie oeste aangemeld. Hulle het byvoorbeeld meer as honderd sak geoes van een sak saad met 'n reënval van ongeveer ses duim gedurende die groeiseisoen. Uit die distrik Victoria-Wes in die Karoo het 'n boer, Victor de Villiers, berig dat hy vyftien sak per morg gewen het op vogbeddings met 'n reënval van 4.28 duim terwyl die reënval die vorige seisoen slegs 3.36 duim was. So het die vise-hoof van die Grootfonteinse landbouskool wat ook koöperatiewe proewe in die Karoo onder sy sorg gehad het, gerapporteer dat goeie oeste op ryk grond geïm is met 'n reënval van slegs sewe duim in die voorafgaande jaar.¹¹⁾

Daar was egter ook mislukkings maar dit het geblyk dat hulle eerder toegeskryf moes word aan die armoedige grond as aan 'n gebrek aan vog. Ook is bevind dat die hoeveelheid vog in die vrugbare grond vir 'n goeie oes slegs omtrent vyftig persent is van die hoeveelheid wat nodig is om 'n goeie oes op armoedige grond te kweek. Vogtigheid en vrugbare grond het dus geblyk die beste kombinasie te wees vir sukses.¹²⁾

Dit het dikwels gebeur dat nadat 'n koöperatiewe proef in 'n bepaalde streek baie geslaagd was, boere wat daarna met dieselfde soort saad dieselfde metodes toegepas het, /

11) U.G. 25/17, op.cit., p. 139.

12) Ibid.

het, nie sukses kon behaal nie. Daarop het die Afdeling by wyse van proefneming Chernouska Durum-saad, 'n goeie harde koringsoort, van nege handelaars oor die hele Unie verkry vir ondersoek. Die resultate was baie teleurstellend. Daar is bevind dat die nege monsters uit vyf verskillende variëteite bestaan het en in sommige monsters was daar geen enkel pit Chernouska Durum nie. Twee variëteite was geen Durum nie en die ander was min of meer gemeng met sagte variëteite.¹³⁾ Die Afdeling het dus 'n nuwe taak gehad naamlik om te ver-seker dat die boere die regte soort saad in die hande kry en gewoonlik moes die boere wat proewe gedoen het, deel van hul opbrengs aan die Afdeling stuur sodat ander boere weer gehelp kon word.

Die Afdeling het die koöperatiewe proefnemings so belangrik geag dat die Lichtenburgse proefstasie gedurende die jaar 1917/18 gesluit is, met die doel om die kragte beskikbaar te stel vir meer en uitgebreider koöperatiewe proewe met boere. Die proewe was baie geslaagd en die hoof van die Afdeling meld dat hulle daaglikse briewe ontvang het van koöperatiewe proefnemers, waarin hulle hul hoë waardering uitgespreek het vir die belangstelling wat die Afdeling in hulle en hul werk getoon het en vir die nuttige gewasse wat in hul gebiede ingevoer is. So byvoorbeeld het Hazina-hawer groot byval gevind en baie boere het net geweier om saad aan die Afdeling terug te stuur omdat hulle steeds groter hoeveelhede daarvan wou saai. In Wes-Transvaal en Noord Oos-Vrystaat het die Sahara Yellow-mielie weer groot byval gevind en boere het gereken dat dit die antwoord was op hul soektog na 'n mielie wat bestand sou wees teen ab-normale toestande soos te veel droogte of te veel vog.¹⁴⁾

Die /

13) U.G. 25/17, p. 138.

14) U.G. 39/18, p. 151.

Die koöperatiewe proewe het steeds uitgebrei sodat daar gedurende 1918/19 433 boere uit 76 distrikte en gedurende 1919/20 401 boere uit 140 distrikte daaraan deelgeneem het.¹⁵⁾

In eersgenoemde jaar is verder ook bepaal dat die boere wat sukses met die proewe behaal het, dubbel die hoeveelheid saad aan die Afdeling moes terugbesorg, terwyl die Afdeling ook ekstra saad van hulle sou koop indien nodig om die Afdeling se voorraad aan te vul.¹⁶⁾

Teen 1920 het die Afdeling daarin geslaag om baie boere oor te haal om rog te kweek. Dit is 'n geharde graan-soort en kan in droër dele as koring verbou word en wel met minder sorg en groter veiligheid omdat dit bestand is teen droogte en roes en taamlik goed groei op grond wat te lig of te arm is vir die kweek van koring, hawer, gars of mielies.¹⁷⁾ So ook het die Afdeling na 'n aantal jare van proefneming tot die gevolgtrekking gekom dat grondboontjies 'n betreklike veilige oes is veral in die somerreënvalstreke van die Unie. Boere wat saad van die Afdeling gekry het, het dan ook baie goeie resultate behaal. Die gevolg was dat die produk so vinnig veld gewen het dat reeds gedurende 1920 'n fabriek vir byprodukte en grondboontjiebotter te Duiwelskloof opgerig is en te Pietersburg 'n oliepersmasjien beplan is met die oog op die uitvoer van neutolie.¹⁸⁾

6. Reorganisasie.

Gedurende die jaar 1922/23 het daar 'n reorganisasie in die Departement van Landbou plaasgevind en is die Afdeling Droëlandboerdery se bedrywighede oorgedra aan die verskillende Landbouskole wat weer onder die nuwe

Afdeling /

15) U.G. 40/19, p. 145 en U.G. 13/21, p. 71.

16) U.G. 40/19, p. 145.

17) U.G. 13/21, p. 71.

18) U.G. 2/23, p. 327-8.

Afdeling „Uitbreiding" geplaas is. Die verskillende landbouskole sou dan proewe in alle vertakkinge van die landbou vir die streek waarin hulle geleë is, onderneem en die amptenare daar sou ook die boere van advies dien. Hierdie reorganisasie is deurgevoer weens die begeerte van die Departement om in nouer voeling met die boeregemeenskap te kom.

Die doel wat die nuwe Afdeling hom gestel het, was:

(a) om professionele en tegniese amptenare op te lei en te organiseer om die boere met tussenpose op sentrale plekke te ontmoet; (b) om boere op 'n besigheidsgrondslag te organiseer ten einde hulle te help om hulself te help ten opsigte van so baie aspekte waar daar gewoonlik aangedring word op staatshulp; ook die kweek van 'n gemeenskaplike verantwoordelikhedsbesef, persoonlike onderneming en self-help-organisasies; (c) die verskaffing van inligting ten opsigte van alle vertakkinge van die boerdery insluitende plaasgereedskap, die stigting van liggame wat die belange van produsente sou behartig en siektes onder vee bekamp; (d) die bevordering van gesondheidsrade, die organisasie van velddae, boomaanplantings, ens.; (e) landboudemonstrasietreine met lektore, uitstallings van landboukundige aard, bioskope ens. dwarsdeur die Unie.¹⁹⁾ ('n Demonstrasietrein was gedurende 1923 reeds in aanbou).

Die aard van die akkerbouprowe wat op die verskillende landbouskole en proefplase uitgevoer sou word, word naastenby weergegee in die volgende opsomming van die werksaamhede by die verskillende skole gedurende 1925/26:

Op Potchefstroom: Soortproewe met mielies, sorghums, grondboontjies, voergewasse, kafferboontjies, lusern. Wisselbouprowe: mielies, grondboontjies, lusern en besproeide gewasse. Bemestingsproewe: mielies, lusern, tef en kafferboontjies. Allerlei: suikerbeetproewe, mieliekwakingsproewe /

19) U.G. 9/24, p. 472-3.

proewe, rooibloemproewe.

Op Pietersburg: Soortproewe met mielies, sorghums, grondboontjies, voergewasse. Bemestingsproewe: mielies. Proewe met verboumetodes: mielies, sorghums.

Op Beginzel: Soortproewe: mielies, Bemestingsproewe: mielies, kafferboontjies, tef.

Op Glen: Bouproewe: proewe betreffende diepte om te ploeg en bewerking. Kuilvoergewasse: opbrengsproewe met mielies. Soortproewe: peulvrugte en wintergraan onder besproeiing. Koöperatiewe proewe: bemesting van mielies en wisselbouskemas op Ladybrand, Bothaville en Kestell Road.

Op Cedara: Soortproewe: Sojaboontjies, boontjies, ander peulvrugte, aartappels. Bemestingsproewe: algemene bemestingsproewe met rotsfosfaat. Koöperatiewe proewe: mieliewisselbouproewe. Allerlei: mieliebou, chou molliersaadproef.

Op Grootfontein: Besproeilingsproewe: benodigde water-voorraad en wisselbouproewe. Aartappelproewe: soortproewe, bron van saadaartappels, bouproewe, boumetodes. Soortproewe: sorghums, mielies, wintergraansoorte, veldboontjies, wortelgewasse.

Op Elsenburg: Soortproewe met koring, hawer en gars in rye. Wisselbou- en bemestingsproewe: groenbemestingsproewe. Kwantitatiewe en kwalitatiewe bemestingsproewe. Proewe betreffende verskille in grondsoorte. Koöperatiewe bemestings- en soortproewe in die distrikte Malmesbury, Swellendam, Caledon, Bredasdorp en Robertson.²⁰⁾

Op verskillende plekke is uitbreidingsbeampies aangestel wat in noue voeling met die landbouskole bly en
die /

20) Boerdery in Suid-Afrika, no. 9, Des. 1926, p. 321.

die boere voorlig en help om hulle in verenigings te organiseer. Daar sal ook uit die werksaamhede van die landbou-skole gemerk word, dat daar heelwat duplisering ten opsigte van navorsing was, maar dit het in 'n mate voortgespruit uit die ooreenstemmende klimaatstoestande van die streke waarin die skole geleë is en verder uit die feit dat die skole ook opvoedkundige inrigtings is wat hul studente moet inlig en voorlig en wys hoe te werk gegaan moes word.

7. Uitbreidingswerk.

Die doel van die uitbreidingswerk was in die eerste plek om die kennis wat by die skole en navorsingstasies opgedoen word, aan die boere oor te dra. As die oordraging slegs aan individuele boere moes geskied, sou dit 'n onbegonne taak op die skouers van die Afdeling gelê het. Om die verspreiding van inligting te vergemaklik, het die uitbreidingsbeampies dit as hul eerste taak beskou om die boere in organisasies en werkgenskappe te verenig waardeur die kennis dan versprei kon word. Deur hierdie organisasies sou ook gepoog word om die boere se belangstelling in opvoedkundige sake aan te wakker deur die insluiting van opvoedkundige besprekings in hul programme. Verder het die beampies hul program van aksie vir 'n komende jaar opgestel in oorleg met die bestuur van die plaaslike organisasie wat verseker het dat slegs sake wat vir daardie gebied van onmiddellike belang was, aandag geniet het.²¹⁾

Die Afdeling het ook gevoel dat propaganda, hoe goed ook al, nie altyd die gewenste uitwerking het nie en daarom het die amptenare hul meer en meer toegelê op praktiese demonstrasies. Met die oog daarop het die Afdeling in samewerking met die boere gepoog om demonstrasiepersonele te ontwikkel waar die boere dan kon sien hoe te werk /

21) Boerdery in Suid-Afrika, no. 9, Des. 1926, p. 346.

werk gegaan moes word om die beste resultate te behaal. Soos reeds aangetoon sou die uitbreidingsbeampste in noue verband met die landbouskole staan. Dit sou verseker dat die beampstes altyd op hoogte van sake sou wees met die nuutste ontwikkelings en resultate. Dit sou ook verseker dat die teorieë deur die uitbreidingsbeampste voorgedra, in ooreenstemming sou wees met die bevindings van navorsers aan die verskillende navorsingsinrigtings.²²⁾

Deel van die werksaamhede van die voorligting was die uitrusting van 'n demonstrasietrein wat deur die Unie sou toer en waardeur alle vertakkinge van die boerdery ten aanskoue nie net van die boere nie, maar van almal sou wees. Behalwe monsters en uitstallings wat so ver moontlik selfverduidelikend was, is die trein ook vergesel van lektore wat belangstellendes oor bepaalde onderwerpe toegesprek het en ook vrae beantwoord en inligting verstrekket. So bv. het die trein gedurende Julie 1925 tot 30 Junie 1926 vier reise voltooi, waarvan twee in Transvaal en een elk in die Oranje-Vrystaat en die Kaapprovinsie. Altesaam is 103 sentrums besoek met 'n totale bywoning van 32,484 persone terwyl 961 voorlesings en demonstrasies gelewer is.²³⁾ Die trein het altesaam 18 toere onderneem en 316 sentrums besoek. Alhoewel die besoekersgetal omtrent driehonderd per sentrum was, het die Afdeling tog gevoel dat die boere nie die belangstelling getoon het wat redelikerwys van hulle verwag kon word nie. Die meeste van die besoekers was gewoonlik skoolkinders en lede van die publiek.²⁴⁾

(1) /

22) Boerdery in Suid-Afrika, no.9, Des.1926, op. cit., p. 346.

23) Ibid.

24) Boerdery in Suid-Afrika, no. 32, Nov. 1928, p. 990-1.

(1) Werkzaamhede van die Afdeling Uitbreiding.

Die uitbreidingswerkzaamhede het stadiggaan uitgebrei totdat dit in 1933 uit die volgende vertakkings bestaan het:

(a) Vee- en weiveldverbetering.

Hierdie werkzaamhede het behalwe die verbetering van die vee en weiveld ook ingesluit aanverwante aangeleenthede soos veldbeheer, grasaanplanting, voerverskaffing, bestryding van gronderosie, ens. Gedurende Januarie 1931 is daar 'n konferensie van uitbreidingsbeampies gehou om hierdie sake te bespreek. Reeds op hierdie konferensie is gerapporteer dat daar reeds merkbare aanduidings was dat die pogings van die amptenare die gewenste uitwerking het, en dat boere meer en meer die noodsaaklikheid insien vir die aanhou van goeie vee, meer kampe, beter voorsiening vir veevoer, erosiebestryding, ens. en meer belangstelling in wetenskaplike boerderymetodes. Die boere moes dus ook die waarde van tegniese advies besef het en die invloed daarvan sou 'n heilsame uitwerking op die boerdery in die algemeen moes uitoefen.²⁵⁾

(b) Koöperatiewe Proefnemings en Demonstrasiepersele.

Daar is reeds daarop gewys dat die Departement veel waarde geheg het aan demonstrasies asook aan koöperatiewe proefnemings, omdat op hierdie manier die resultate van ondersoekwerk op praktiese wyse aan die boer gebring word. Die omvang van dié werkzaamhede blyk daaruit dat gedurende 1931 daar 437 sodanige proewe aan die gang /

25) Boerdery in Suid-Afrika, no. 93, Des. 1933, p. 478.

gang was in 105 distrikte. Die meerderheid het beoog die beter voorsiening van veevoer en beskerming en aanplanting van weiding, maar nietemin is oor die algemeen al die ver- naamste akkerbou- en vrugte-teeltprobleme op dié wyse aangepak.²⁶⁾

(c) Landbouklubs en Landbouwedstryde vir seuns.

Wedstryde

in die kweek van akkerbougewasse is vir seuns gereël en gedurende 1930/31 het 640 seuns van sewentig plattelandse skole ingeskryf vir mieliebou-, tabakbou-, en kafferkoring- bouwedstryde. Weens die droogte was die tabakoeste 'n totale mislukking maar die mielies het goed gevaar en die kafferkoring was uitstekend. Periodiek is die seuns ook toegesprek en voorgelig insake die nuutste metodes en beskouings.²⁷⁾

(d) Landbourolprente en Publikasies.

Landbou-

rolprente is in die vier jaar voor 1931 aan 80,000 persone vertoon. Belangriker as die rolprente was egter die veel- vuldige publikasies van die Afdeling. Behalwe die land- boublad „Boerdery in Suid-Afrika" waarin al die belangrikste bevindings op die verskillende terreine van navorsing aan boere oorgedra word, was daar nog die verskillende weten- skaplike pamflette van die verskillende Afdelings, sirku- lêre en bulletins. Sommige van hierdie publikasies kon gratis verkry word en dié wat verkoop is, was teen 'n baie billike prys verkrygbaar.²⁸⁾

8. Losperfonteinse Opleidingsplaas.

Met die oopstelling van die Hartebeespoort-besproelingskema het die Departement op /

27) Boerdery in S.A., no.93, Des. 1933, op.cit., p. 478-9.

28) Op.cit., p. 479.

op 'n plaas Losperfontein in die distrik Brits begin om voornemende boere op te lei in die kweek van tabak en ander gewasse wat in die gebied gekweek sou word. Op 30 Junie 1933 was daar 180 getroude leerlingneder-setters op die plaas wat, tesame met hul families, 1,459 persone getel het.²⁹⁾

Die doel met die skema was om leerlingneder-setters behoorlike leiding en onderrig te gee ten opsigte van die intensiewe boerderystelsels wat op besproeide of klein persele toegepas moes word. Die werk is onder strenge toesig uitgevoer en die betrokke persone moes sekere toetse deurmaak ten einde vas te stel in hoeverre hulle as boere sou deug. Die wat middelmatig was, is 'n verdere jaar gegun om hulle te bekwaam, terwyl dié wat swak was, aangeraai is om by 'n bosneder-setting aansoek om werk te doen. Diegene wat suksesvol was in die toetse is deur die Afdeling by die Departement Lande aanbeveel vir die toekenning van 'n perseel op die neder-setting.³⁰⁾

9. Herorganisasie.


Die Departement van Landbou het gevoel dat die behoefte aan voorligting groot was, en veral na die oorlog het die aanvraag na inligting steeds toegeneem en is daar in 1954 'n algemene reorganisasie van die Departement van Landbou deurgevoer met die doel om die verskillende werksaamhede van die Departement beter te koördineer en die inligtings- en uitbreidingsdienste te verbeter. Die gevolg was die stigting van 'n Afdeling Tegniese Dienste met 'n Direkteur aan die hoof om alle navorsing en uitbreiding te beheer. Die Afdeling is op sy beurt weer verder in drie groepe verdeel:

(a) /

29) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid.*, p. 480.

30) *Ibid.*, no. 105, Des. 1934, p. 529.
Dit is interessant dat ou inwoners van Brits beweer dat van die opsigters 'n land bone wat pas opgekom het, laat omploeg het omdat die bone krom nekke gehad het.

Sekretaris van Landbou



(a) Nasionale Dienste wat verantwoordelik sou wees vir regulatoriese dienste, vir navorsing van 'n nasionale aard en, as spesialiteitsorganisasie, vir die koördinasie van alle navorsing binne sy wetenskaplike sfeer. Hieronder is dan ook al die Afdelings wat reeds bestaan het, ingesluit, hoewel nie altyd in dieselfde vorm nie.

(b) Spesialiteitsdienste vir navorsing in verband met vrugte en tabak en tegnologie en is uit die aard van hul navorsing ook nasionale dienste. Sagtevrugte-navorsing, sitrus- en subtropiese vrugtenavorsing en tabaknavorsing val hieronder.

(c) Streekdienste wat bestaan uit 'n navorsings- en opvoedkundige sentrum met substasies en 'n adviserende en grondbewaringskantoor onder 'n streeksdirekteur. Die hele tegniese mag in elke streek kan dus saamwerk as 'n eenheid om enige doelstelling te bereik. Die streeksindeling het min of meer volgens klimaatstoestande plaasgevind en die Unie is in ses streke verdeel, te wete (i) die Winterreënvalstreek, (ii) die Karoo- en Oos-Kaapstreek, (iii) die O.V.S.-streek, (iv) die Hoëveldstreek, (v) die Transvaalstreek en (vi) die Natalstreek.³¹⁾

Na hierdie reorganisasie was die samestelling van die Departement van Landbou (soos aangedui op bladsy 267).

10. Internasionale Samewerking.

Die Departement van Landbou het egter nie net deur middel van sy eie dienste probeer om inligting te bekom en aan die boer beskikbaar te stel nie, maar ook op internasionale gebied het die

Departement /

31) Boerdery in Suid-Afrika, no.334, Jan.1954, p.30-34.

Departement met ander lande saamgewerk. Gedurende 1954 het die Landbou-attaché in Washington gedurig nie alleen die verskillende inrigtings van die Departement goed op hoogte met wetenskaplike ontwikkelings in die Verenigde State van Amerika gehou nie, maar ook deur sy persoonlike belangstelling in alle nagraadse studente wat daar studeer, seker gemaak dat geen tyd vermors word nie. Die funksionering van hierdie diens het dan ook bewys gelewer van die besondere waarde van tegniese samewerking met 'n land soos Amerika.³²⁾

Ook op ander gemeenskaplike terreine het die Departement samewerking op internasionale gebied voortgesit en gedurende die verslagjaar 1953/54 was die Departement op die onderstaande internasionale konferensies verteenwoordig:

(a) Jaarvergadering van die Suidelike Afrikaanse Streekskomitee vir Grondbewaring en -benutting. Luanda, 16 September tot 6 Oktober 1953.

(b) Spesiale vergadering van die Suidelike Afrikaanse Streekskomitee vir grondbewaring en -benutting. Salisbury, 4-18 September 1953.

(c) Internasionale Botaniese Kongres. Parys en Nice, Frankryk, 2-26 Julie 1954.

(d) Internasionale Konferensie oor Fauna en Flora gereël deur die Kommissie vir Tegniese Samewerking in Afrika. Bukavu, Belgiese Kongo, 20 Oktober tot 11 November 1953.

(e) Raadsvergadering van die Tussen-Afrikaanse Buro vir aansteeklike Veesiectes. Nairobi; 28-30 Julie 1954.

(f) Jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Museumvereniging. Livingstone, 17-20 Mei 1954.

(g)

32) Boerdery in Suid-Afrika, no. 348, Maart 1955, p. 76.

(g) Vyfde Mikologiese Konferensie van die Gemenebes, Engeland, 16-23 Julie 1954.

(h) Tweede Afrikaanse Grondbewaringskongres. Leopoldstad, Belgiese Kongo, 8-16 Augustus 1954.

(i) Vyfde Internasionale Bodemkundige Kongres. Leopoldstad, 18-24 Augustus 1954.

(j) Konferensie van die Tegniiese Kommissie vir Landbouweerkunde. Parys, Frankryk, 3-20 November 1953.

(k) Raadsvergadering van die Tussen-Afrikaanse Pedologiese Diens, Yangambi, Belgiese Kongo, 20 en 21 Oktober 1953.

(l) Jaarvergadering van die Internasionale Rooisprinkaanbeheerdiens. Abercorn, 30 Mei - 5 Junie 1954.

(m) Vergadering van die Tussen-Afrikaanse Buro vir Tsetse en Tripanosome, Salisbury, 21-26 Maart 1954.³³⁾

Dit is dus baie duidelik dat die Staat ook ver buite sy grense deelgeneem het aan besprekings oor sake wat ook vir die boere van die Unie van belang is en wat die werksaamhede van die Departement van Landbou in belang van die boerdery in die Unie, slegs ten goede te staan kan kom.

11. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons nagegaan hoe die Departement van Landbou, eers by wyse van die Afdeling Droëlandboerdery en daarna die Afdeling Voorligting en Uitbreiding gepoog het om die boere steeds in te lig oor die nuutste bevindings ten opsigte van landboukundige proefnemings. Hierdie werksaamhede het bepaald baie daartoe bygedra om ons boerderymetodes op 'n meer wetenskaplike /

33) Boerdery in Suid-Afrika, no. 348, Maart 1955, op.cit., ibid.

skaplike grondslag te plaas en die produksie van ons land op te stoot. Ons kan ook nie anders nie as om te glo dat die Afdeling Droëlandboordery baie bygedra het tot die ontwikkeling van die mielieteelt en grondboontjieproduksie in die gebiede met 'n lae reënval.

Ook het die Departement van Landbou op internasionale gebied meegewerk om nie net sy ervaring aan ander mee te deel nie, maar ook om kennis te neem van ontwikkelinge in ander wêrelddele sodat dit weer op Suid-Afrikaanse toestande toegepas kon word. Die staat doen dus inderdaad baie ter bevordering van ons landbou.

DIE PLANTKUNDE-AFDELING.

1. Inleiding.

Die Plantkunde-afdeling het 'n baie nederige ontstaan gehad. Met die totstandkoming van Unie was Transvaal die enigste provinsie waar daar 'n afdeling vir plantkunde bestaan het. In die Kaapprovinsie is die ondersoek na veldprodukte gedoen deur die Afdeling Landboukundige Onderzoek, in die O.V.S. sowel deur die proefstasies as deur die Afdeling Lewende Hawe en in Natal deur die Landboukollege. Daar was dus heelwat instellings wat die soort werk wat vir so 'n afdeling beoog is, gedoen het, maar geen een van die genoemde gebiede het byvoorbeeld oor 'n plantkundige beskik nie, terwyl die werk van die swamkundige gewoonlik deur 'n insektekundige gedoen is. Dit wil dus voorkom dat plantkunde tot op hierdie tydstip nie van baie groot belang vir die boerdery beskou is nie. Na die totstandkoming van die Unie het die „Publieke Dienst Kommissie“ egter aanbeveel dat 'n Plantkunde-afdeling in die lewe geroep sal word.¹⁾

Die werksaamhede van die Plantkunde-afdeling sou wees om al die werk van 'n botaniese aard wat in die vorige kolonies deur die „botaniste, agrostoloë, agronome en landboukundiges“ verrig is, oor te neem. Kortliks sou dit dus die plig van die Afdeling wees om die waarde van die inheemse plante vas te stel, asook dié van uitheemse plante wat vir die Unie van waarde kon wees; verder om skadelike plante en onkruid te bestudeer en uit te roei, om saad vir plantdoeleindes te toets en die wette in verband met die verkoop van saad te administreer en eindelijk om inligting oor bogenoemde aspekte te versprei.²⁾

Die /

1) Fourth Report of the Public Service Commission, U.G. 36/1911, p.23.

2) Ibid., p. 23.

Die destydse Sekretaris van Landbou het egter beswaar gemaak teen die stigting van so 'n Afdeling omdat volgens sy sienswyse proefnemings met produkte, die kweek van plante, saadproewe en die herkenning van plante meer ekonomies en voordeliger op die landbouskole uitgevoer kon word. Dit sou egter beteken het dat daar geen sentrale plantkundige Afdeling sou gewees het om die Departement van Landbou van advies te dien en die werksaamhede van die verskillende landbouskole te koördineer nie. Nieteenstaande die besware is die sienswyse van die Sekretaris van Landbou gehandhaaf en is daar voorsiening gemaak vir die oordrag van die werksaamhede aan die verskillende bestaande landbouskole. Aangesien daar te Pretoria egter nie 'n landbouskool bestaan het nie, is as tussentydse maatreël 'n klein Afdeling Plantkunde te Pretoria gestig tot tyd en wyl 'n landboukollege te Pretoria tot stand sou kom. Die personeel van hierdie Afdeling in die klein bestaan uit 'n plantkundige, 'n herbarium-assistent, 'n inspekteur van skadelike onkruid en 'n superintendent van die proefstasie.³⁾

2. Werksaamhede.

Die werksaamhede van die Afdeling uitgevoer op die proefplaas „Groenkloof" naby Pretoria sal ons vervolgens onder verskillende hoofde bespreek:

(1) Proewe met Mielies.

Een van die eerste proewe waarmee die Afdeling begin het, was proewe met mielies. Die navorsing het dan ook baie goed afgesit want reeds gedurende 1912 het die Afdeling daarin geslaag om (a) 'n vroeg-rypwordende Hickory King-mielie te kweek wat die verbouing van mielies op die hoëveld tot groot voordeel sou strek;

(b) 'n verbeterde graansoort van vroeë mielies,

(c) /

3) U.G. 54/1912, p. 21.

(c) mielies met 'n groter weerstand teen droogte en wat veral in die droër westelike dele van die Vrystaat en Transvaal goed te pas sou kom, en (d) 'n veelbelowende tipe wat gunstig vergelyk het met die duur ingevoerde Bessarabiese en ander tipes van Suid-oostelike Europa.⁴⁾ Dit alles het egter nie ingehou dat die bevindings die boere onmiddellik ten goede sou kom nie, omdat die bevindings eers uitgetoets, aangepas en op groot skaal gekweek moes word om die boere van saad te voorsien. Die werksaamhede is egter later oorgeplaas na die proefplase waar die fasiliteite vir proefneming baie beter was.

(ii) Skadelike Onkruid.

Die Afdeling het opgetree as adviseur van die Provinsiale Rade en Afdelingsrade insake alle aangeleenthede betreffende skadelike onkruid soos die proklamering en uitroeling daarvan. Die beleid van die afdeling was om so min moontlik plante tot onkruid te laat proklameer maar eerder toe te sien dat die wet nie 'n dooie letter word nie. Voordat 'n nuwe plant tot onkruid beproklameer is, is ondersoek ingestel na (a) die geaardheid van die plant en sy wyse van voortplanting, (b) die skadelike eienskappe, dit wil sê, of dit byvoorbeeld skadelik is vir vee, weiveld of gewasse, ens. en (c) die manier van uitroeling en of dit moontlik is om die onkruid daardeur in toom te hou. Onkruid wat reeds as sulks in oorsese lande gebrandmerk was, is egter ook hier as sulks geproklameer sodra dit sy verskyning gemaak het. Sodoende kon dit dadelik bestry word voordat dit kans sou kry om te versprei.⁵⁾

Die vernaamste geproklameerde onkruid in die Unie in 1915 was boetebossie, kankerroos, monniksbaard, Meksikaanse /

4) U.G. 47/13, p. 168.

5) U.G. 25/17, p. 56.

kaanse papawer, litjieskaktus, turksvy, kakiebos, renosterbos, speerdistel, amarantuskruid, Maltadistel, soutkruid, geel-distel, sterdistel en groot litjies.⁶⁾ 'n Aansienlike lys, waarvan sommige moeilik was om onder die knie te kry.

Gedurende 1917/18 het die Afdeling baie gedoen om die skadelike onkruid en die bestryding daarvan onder die aandag van die boere te bring. Monsters van die verskillende onkruid is byvoorbeeld na alle landboutentoonstellings gestuur waar dit nogal groot belangstelling geniet het. Ook het die Afdeling begin met die publikasie van 'n reeks populêre bladjes wat gehandel het oor die verskillende soorte onkruid. Die eerste van die reeks met gekleurde plate oor die Meksikaanse gousblom of kakiebos het gedurende 1917/18 die lig gesien en in dieselfde jaar is nog vier ander pamflette laat druk.⁷⁾ Gedurende 1918/19 het pamflette oor die volgende gevolg: Meksikaanse papawer, stekel-onkruid, dwerggousblom, Malta-distel, kankerroos, litjieskaktus, en Imbricata kaktus. Ten einde die onkruid nog meer bekend te stel is sommige van die pamflette wat oor die mees voorkomende onkruid handel, op eenvoudige wyse in naturelletale oorgesit en onder die naturelle versprei.

Gedurende 1937 is die uitroeling van onkruid nog verder onder die sentrale regering geplaas met die aanname van die Wet op Onkruid, no. 42 van 1937,⁸⁾ waardeur al die vorige provinsiale ordonnansies oor onkruid herroep is. Die regering was toe by magte om enige kruid tot skadelike onkruid te verklaar en eienaars of bewoners opdragte gee om sodanige onkruid uit te roei. Ingevolge die magte deur die wet verleen, is die Unie gedurende 1938 in vyf inspektorate verdeel met 'n hoofinspekteur aan die hoof en hulle is bygestaan /

6) U.G. 25/17, ibid., p. 57.

7) U.G. 39/18, p. 66-67.

8) Uniewette, dl.1. p. 788-799.

gestaan deur ag-en-twintig tydelike onkruidinspekteurs wat tesame met die polisie 'n opname moes doen oor die omvang van die geproklameerde onkruid en ook 'n wakende oog hou oor die uitroeiing daarvan.⁹⁾ Teen daardie tyd was die aantal soorte onkruid wat as skadelik geproklameer was, al heelwat en het onder andere ingesluit die Opuntia-turksvysoorte, boetebos, kankerroos, luisboom, luserndodder, naaldbos, harige naaldbos, soet hakea, dagga, speerdissel, skotse dissel, skubkaktus, ens.

Ten einde aan te toon hoe die regering by wyse van die Afdeling Plantkunde gehelp het met die uitroeiing van skadelike onkruid, sal ons vervolgens die bestryding van 'n paar soorte bespreek.

(a) Tagetes minuta, L. (knapsekerwel).

Een van die onkruide wat vinnig deur die Unie versprei het, was Tagetes minuta, L., wat nie in alle gebiede tot onkruid verklaar was nie. Die posisie was dus dat dit slegs in bepaalde gebiede uitgeroel is en in ander weer toegelaat is om saad te skiet en voort te plant. Die Afdeling Plantkunde het toe proewe gedoen om die bestryding van die onkruid te vergemaklik en gedurende 1918/19 is daar bevind dat sowel natriumarsenaat, vier onse op vier gelling water, as natriumarseniet, een ons op ses gelling water, 'n vernietigende uitwerking op die plant het.¹⁰⁾ Die bestryding van die plant is toe vergemaklik omdat dit slegs bespuit kon word en dit op die manier in die geproklameerde gebiede onder die kniw gebring kon word.

(b) Litjieskaktus.

Tot 1934 was die uitroeiing van hierdie plant die taak van die provinsiale administrasies, maar /

9) Boerdery in Suid-Afrika, no. 153, Des.1938, p. 473.

10) U.G. 40/19, p. 76.

maar die omvang van die verspreiding was so uitgestrek dat die regering gevoel het dat dit die uitroeiing daarvan moes onderneem omdat die plant eintlik 'n nasionale onkruid geword het. Die gevolg was dat in 1934 die Wet op die uitroeiing van Litjieskaktus¹¹⁾ aangeneem is. Die wet maak voorsiening daarvoor dat 'n eienaar verplig kon word om die plant op sy grond uit te roei, maar in gevalle waar die besmetting so erg was dat die koste van uitroeiing te veel vir die bepaalde eienaar sou wees, kon die regering die uitroeiing onderneem. In die verslagjaar 1934/35 het die regering dan ook £14,000 vir die uitroei van die onkruid bewillig.¹²⁾ Die regering het met meganiese en chemiese middels die plant bestry. Wanneer die regering die grond skoongemaak het, was dit die plig van die eienaar om sorg te dra dat die grond nie weer besmet raak nie. Die regering het dan ook onmiddellik daadwerklik aan die werk gespring en in Augustus 1935 was daar ses-en-dertig spanne arbeiders, bestaande uit 360 blankes, 100 kleurlinge en 300 naturelle met die uitroeiing van die kaktus doenig.¹³⁾ Die omvang wat die uitroeiing aangeneem het, word duidelik in Tabel LXXIX.

Tabel LXXIX.

Omvang en koste van Litjieskaktus-bestryding, 1934/38.			
Jaar	Gebied vir die late keer skoongemaak	Gebied vir die 2de keer skoongemaak	Totale koste vir die staat
	morg	morg	£
1934/35	-	-	21,000
1935/36	54,454	3,008	-
1936/37	100,000	34,000	-
1934-38	-	-	172,000

Die tabel toon dat die omvang van die bestryding deur die staat van die begin af baie omvangryk was en dat in die loop van vier jaar £172,000 aan die uitroeiing van die kaktus

bestee/

11) Wet no. 52 van 1934, Uniewette, dl.1, p.782-8.

12) Boerdery in Suid-Afrika, no.105, Des.1934, p. 503.

13) Op.cit., no. 117, Des.1935, p. 501-2.

bestee is. Sedert 1 Augustus 1938 is die meganiese uitroeling van die kaktus gestaak omdat bevind is dat net soos in die geval van turksvye die litjieskaktus ook deur die cochenille aangeval en vernietig word. Die uitroelingstaak is toe aan die cochenille oorgelaat.¹⁴⁾ Met verloop van tyd het die biologiese metodes egter hul krag verloor en toe daar in Junie 1947 'n einde gekom het aan die omkap van turksvye, is die spanne gebruik vir die uitroeling van litjieskaktus. Die vordering met die uitroeling en skoonmaak van plase het fluks gevorder soos blyk uit Tabel LXXX.

Tabel LXXX.

Omvang en Koste van Bestryding van Litjieskaktus, 1947-1953.

Jaar	Oppervlakte skoongemaak	Koste	Getal plase.
	morg	£	
1947	4,077	-	14
1947/48	33,421	-	38
1948/49	65,086	21,454	82
1949/50	62,086	24,716	88
1950/51	32,903	-	69
1951/52	37,100	52,351	67
1952/53	29,644	62,886	58

Die staat het dus binne die bestek van ses/sewe jaar 'n geweldige oppervlakte van litjieskaktus skoongemaak. Nieteenstaande die daadkrag van die staat, moes die Afdeling Grondbewaring en Voorligting sedert 1952 kla dat weens die laksheid van die boere die onkruid weer hand oor hand toegeneem het. Dit was 'n baie ongelukkige toestand wat ontwikkel het want dit toon dat die boerebevolking 'n neiging geopenbaar het om steeds meer en meer staat te maak op staatshulp en minder en minder inisiatief aan die dag te lê. Die klagte ten opsigte van litjieskaktus het ook in 'n mindere of meerdere mate gegeld vir ander onkruidsoorte en die houding van die boere was des te meer te betreur omdat dit tot uiting gekom het in 'n tyd van hoë pryse en die

boere /

14) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid*, no.153, Des.1938, p. 475.

boere in staat moes gewees het om na die welstand van hul eie eiendom om te sien.

(c) Doringturksvy.

Turksvye is ook eers op morganiese wyse uitgeroei, maar omdat dit so maklik weer groei, het dit 'n moeilike en duur probleem geword. Proefnemings deur die regering het egter getoon dat dit op biologiese wyse bestry kon word deur die insek *Cactoblastis Cactorum* en in 1935 was daar reeds ses-en-dertig veldkolonies van die insek gevestig en miljoene eiers is gekweek vir verspreiding.¹⁵⁾ Daar is ook bevind dat die inheemse cochenille-insek, *Dactylopius Coccus*, ook turksvye aanval veral in gebiede waar dit baie dig staan en beskut is. Gedurende 1937 is daar egter ook 'n uitheemse cochenille, *Dactylopius Opuntia*, wat ook turksvye aanval, ingevoer.¹⁶⁾ Langsamerhand het hierdie insek die belangrikste faktor in die bestryding van turksvye geword. Teen 1943 het dit egter geblyk dat sy doeltreffendheid afgeneem het weens die toename in die natuurlike vyande en verder het dit ook voorgekom asof dit sy lewenskragtigheid verloor het. Proefnemings het egter getoon dat indien die bome omgekap word, die cochenille baie meer doeltreffend is. Die regering het gevolglik met die behulp van krygsgevangenes turksvye laat omkap en die boer moes tot die koste bydra tot 'n maksimum van 5/- per morg.¹⁷⁾ hierdie metode het baie geslaagd geblyk en gedurende April 1945 is 'n begin gemaak met 'n skema wat uit twee dele bestaan het, naamlik 'n Departement-skema waaronder die kapwerk deur spanne van die Departement gedoen is. Die eienaars moes egter sekuriteit gee vir 50 persent van die kapkoste en na voltooiing van die werk was

die /

15) Boerderý in Suid-Afrika, no. 117, Des.1935, p. 502.

16) Ibid, no. 141, Des.1937, p. 484.

17) Ibid., no. 216, Maart 1944, p. 192.

die som oor 'n periode van dertien jaar betaalbaar. Onder die tweede skema, die subsidieskema, moes die boer toestemming van die Departement verkry om self die bome te kap en die regering het die werk en koste goedgekeur en dan 'n kontantsubsidie van vyftig persent betaal.¹⁸⁾ Onder die skemas het die werk fluks gevorder en daar is beraam dat die geteisterde streke teen 1947 skoon van die plaag sou wees. Die skemas is dan ook in mwerklikheid op 30 Junie 1947 afgesluit en tot op daardie datum is volgens die Departement-skema 240,515 morg teen 'n totale arbeidskoste van £63,475 en volgens die subsidieskema 1,005,717 morg teen 'n beraamde koste van £295,867 afgehandel.¹⁹⁾ In die nat en klam kusdistrikte het die cochenille egter totaal sy krag verloor en is die gebiede dus nog nie skoon van turksvye nie. Die feit dat omtrent $1\frac{1}{4}$ miljoen morg wat erg met die plaag besmet was, skoongemaak is, is bepaald 'n prestasie waarop die Departement van Landbou trots kan wees en een wat ook oneindig veel bygedra het om die weiveld in die betrokke distrikte te verbeter.

(d) Algemeen.

Sedert die afloop van die tweede wêreldoorlog het die Afdeling ook baie proefnemings gedoen met chemiese plantdoders en veral met die preparaat, 2,4-D wat in baie opsigte goeie resultate gelewer het. Die gebruik van chemiese uitroeimiddels het die bestryding van onkruid baie makliker gemaak. Indien almal wat daarby belang het, saamwerk, behoort die onkruidprobleem dus mettertyd onder die knie gebring te word.

Behalwe die onkruidbestryding wat ons reeds in besonderhede bespreek het, haal ons die volgende aan uit die
jaarverslag /

18) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid.*, no.240, Maart 1946, p. 194-5.

19) *Ibid.*, no. 261, Des. 1947, p. 1021.

jaarverslag vir die jaar 1952/53 net om te toon dat die regering en meer bepaald die Departement van Landbou ook baie gedoen het in verband met die bestryding van ander onkruid: „.... 'n Gebied van 78 morg kameeldoringbos is gedurende die jaar teen 'n koste van £818 uitgeroei; 1,500 morg besmet met snelkruid (St. Johns Wort) is bespuit met die amiensout van 2, 4-D en die resultaat behaal, was goed. Die koste hiervan het £4,321 bedra. Die uitroei van onkruid langs riviere tot by die vloedpeil is onderneem oor 'n afstand van 1,640 myl teen 'n koste van £8,579.”²⁰⁾

(iii) Plantsiektes.

Aan die begin is die Afdeling se aandag verdeel oor 'n hele aantal plantsiektes waarvan inwendige bruinvlek en vroeë skimmel by aartappels en blad-vleksiektes en rot by tamaties die vernaamste was. Onderzoek het bewys dat bruinvlek voorkom by aartappels in grond wat arm is aan kalk, opneembare stikstof en fosfate. Die regte bestanddele in die grond het dus die beste voorkomingsmiddel geblyk te wees. In die geval van tamaties is pogings aangewend om variëteite te kweek wat nie vir die bepaalde siektes vatbaar sou wees nie.²¹⁾

Aan die begin van 1917 het daar egter 'n siekte sy verskyning gemaak wat nie net die aandag van die Afdeling geruime tyd besig sou hou nie, maar ook sy kragte in ander kanale sou lei, naamlik sitruskanker.

(a) Sitruskanker.

Aan die begin van Junie 1917 is die gevreesde sitruskanker in 'n kwekery te Wolhuterskop ontdek en die Afdeling het dit hom dadelik tot taak gestel om /

20) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid.*, no.334, Jan.1954,p.74.

21) *Ibid.*

om die siekte uit te roei. Daar is dadelik by die Departement van Landbou aangedring op kragtige maatreëls en om die werk aan die Afdeling toe te vertrou. Die minister het aan die wense van die Afdeling voldoen en die aanstelling van 'n tydelike inspekteur gemagtig om met die ondersoek behulpzaam te wees. Die bevinding was dat alhoewel die besmetting in sommige kwekerye baie erg was, die siekte tog nie wydverspreid was nie en dat indien stappe onmiddellik gedoen sou word, die siekte heeltemaal uitgeroei kon word. Dit het ook verder geblyk dat die besmetting van die regeringsproefplaas te Warmbad versprei is, waarheen dit blykbaar uit Japan die land binnegekom het. Die minister het self ook die sitruskwekers ontmoet en daar is ooreengekom dat alle besmette bome vernietig moes word en dat die regering die persone wat daardeur skade ly, sou vergoed. Gedurende 1917/18 is 'n totaal van 425,994 bome in verskillende stadia van ontwikkeling vernietig teen 'n koste van £28,566-2-1 vir die regering.²²⁾

Sitruskanker het daarna vir 'n aantal jare baie aandag van die Afdeling geniet en verskillende bestrydingsmiddels is getoets, maar die vernietiging van siek bome was egter die doeltreffendste. Daarby is ook aanbeveel dat die grond waar die bome uitgehaal is, nie weer met sitrus beplant moes word nie. Die veldtog het dan ook baie bevredigend verloop en gedurende 1920 is slegs ses en die jaar daarop slegs vier besmette bome ontdek.²³⁾ Die raad om nie weer bome op besmette grond te plant nie, het later geregverdig geblyk te wees daar die Afdeling gedurende 1924/25 vasgestel het dat die kankerorganismes tot ses jaar rustend in die grond kon bly.²⁴⁾ Hierdie stelling is weereens gedurende 1924/25 bewys toe enkele bome te Kroondal en Buffelspoort
die /

22) U.G. 39/18, p. 67-69.

23) U.G. 2/23, p. 303.

24) U.G. 15/25, p. 174.

die siekte opgedoen het. Die seisoen was besonder nat en ideaal vir die ontwikkeling van sitruskanker en die bome wat die siekte in die gebiede opgedoen het, was bome wat geplant was op grond waar gedurende 1918 besmette bome verwyder is.²⁵⁾ Deur nougesette inspeksie is die verspreiding van die siekte beperk en is 'n ernstige gevaar vir die sitrusboere afgeweer.

(b) Ander Vrugtesiektes.

Daar is verskeie ander plantsiektes waaraan die Afdeling aandag gegee het en daarvan sal ons slegs kortliks melding maak.

Jaarliks het die Afdeling honderde soorte plantsiektes ontvang om te identifiseer en gewoonlik was die grootste gedeelte daarvan bekende siektes alhoewel daar soms ook nuwes ontdek is. So is daar byvoorbeeld in 1914 twee nuwe siektes gevind, naamlik koolstamrot wat sy verskyning in Natal gemaak het, 'n kwaai woekersiekte wat veral in Amerika bekend was. Die ander nuwe siekte wat toe in Suid-Afrika uitgeken is, was loganbessiesiekte wat loganbessie- en frambrooskwekers in die Stellenbosch-gebied baie las veroorsaak het. Dit was weer 'n baie bekende siekte in Oos-Europa waarvandaan dit blykbaar met besmette steggies die land ingekom het.²⁶⁾

Rosetsiekte by grondbone was 'n ander siekte wat die kwekers van grondbone baie las gegee het. Dit is 'n siekte wat veral jong plante aangetas en laat ooste baie beskadig het. Daar is bevind dat baie reën, droogte en swak grondgesteldheid beswarende faktore is.²⁷⁾ Proewe het aan die lig gebring dat die siekte oorgedra word deur 'n klein insek genaamd *Aphis leguminosae* Theo.²⁸⁾

Namate /

25) U.G. 16/26, p. 214.

26) U.G. 2/15, p. 151.

27) U.G. 15/25, p. 177.

28) U.G. 16/26, p. 214.

Namate die Afdeling ontwikkel het, het die aantal siektes wat ondersoek is, uitgebrei totdat omtrent geen plantsiekte van enige belang die aandag van die Afdeling ontglip het nie. Die Afdeling het dus ten opsigte van plante gedoen wat die Afdeling Veeartsenydiens vir ons lewende hawe gedoen het en ook met goeie gevolg.

(iv) Vrugtenavorsing.

Reeds in sy verslag 1918/19 het die hoof van die Afdeling melding daarvan gemaak dat die vrugteteelt in die Westelike en Oostelike Provinsie sodanige afmetings aangeneem het dat dit die oprigting van laboratoria daar heeltemal geregverdig sou wees om navorsing te doen en inligting te versprei oor plantvoeding en plantaardige vergiftiging.²⁹⁾ Hierdie gedagte was dan ook die vader van navorsing in verband met vrugte wat veral vir ons vrugte-uitvoer van verreikende belang sou wees. Gedurende 1920/21 is 'n begin gemaak met 'n studie na die groot verliese wat gely is met die uitvoer van sitrusvrugte en daar is bevind dat met die nodige versigtige en intelligente hantering van die vrugte dit moontlik sou wees om Suid-Afrikaanse vrugte sonder enige noemenswaardige verliese op die Europese mark te lewer.³⁰⁾

Verdere ondersoeke wat omstreeks 1923 (te Kaapstad ingestel is na die groot verliese wat met die uitvoer van vrugte gepaard gaan, het baie ongesonde praktyke aan die lig gebring wat voortgevloei het uit botsende belange en veelvuldige kontrole. Dit het ook aan die lig gebring dat afwesigheid van enige wetenskaplike kennis insake die mees grondliggende beginsels ten opsigte van hantering, spoorversending, berging en verskeping van die vrugte. Die gevolg

van /

29) U.G. 38/18, p. 63.

30) U.G. 8/22, p. 212.

van die ondersoek was dat die volgende stappe gedoen is om die posisie te verbeter:

(a) Die Suid-Afrikaanse spoorweë het onderneem om ses eksperimentele koelwaens te bou ten einde gegewens in te samel oor die spoorversending.

(b) Die Union Castle-redery het onderneem om die onegaligheid van die temperatuur in hul koelkamers te oorkom en het op die „Windsor Castle" twee lokale tot die beskikking van die Afdeling gestel vir die installasie van spesiale instrumente vir eksperimentele doeleindes.³¹⁾

Die koelwa-ondersoek het gelei tot die bou van 'n nuwe trok met ys bokant die vrugte, en waarvan goeie resultate verwag is, terwyl op die „Windsor Castle" spesiale elektriese opteken-apparaat aangebring is vir die opteken van temperatuur, vogtigheid en gasagtige veranderings wat gedurende die reis in die koelkamers van die skip plaasvind.³²⁾

Te Kaapstad is ook gedurende 1926 'n verkoelingsinstallasie op die Oos-pier ingestel waardeur dit moontlik geword het om die vrugte wat vir verskeping ontvang word, vinnig af te koel. Die resultaat was dat vrugte nie net vinniger gelaai kon word nie, maar dat die vrugte in 'n baie goeie toestand oorsee aangekom het.³³⁾

Die ondersoek van toestande waaronder sagte vrugte uitgevoer kon word, is uitgebrei tot allerhande vrugtesoorte wat gewoonlik verskillende temperatuur en vogtigheidstoestande vereis vir ideale verskeping. Ook die ontwikkeling van bysmake van vrugte het die aandag van die Afdeling geniet.³⁴⁾

Die /

31) U.G. 9/24, 441-2.

32) U.G. 15/25, p.177.

33) Boerdery in Suid-Afrika, no. 9, p. 334.

34) Ibid, no. 20, p. 356-8.

Die plasing van ons vrugte-uitvoer op 'n gesonde, wetenskaplike basis ten einde die vrugte in 'n goeie en smaaklike toestand op die oorsese mark te plaas, is dus aan die Afdeling te danke asook die geweldige uitbreiding van ons vrugtenywerheid.

(v) Botaniese Opname.

Gedurende 1917 is vertoë tot die regering gerig om 'n botaniese opname van die Unie te laat onderneem. Die regering het hiertoe ingestem en die Afdeling Plantkunde gelas om die ondersoek te organiseer. Hierdie Afdeling het toe gedurende 1918 'n vergadering belê tussen die verskeie Afdelings van die Departement van Landbou wat belang by so 'n ondersoek gehad het of daarmee behulpzaam kon wees. Op daardie vergadering is besluit:

(a) die voortsetting en uitbreiding van die sistematiese opnames wat reeds deur die Afdeling Plantkunde begin is;

(b) die voortsetting en uitbreiding van die werksaamhede van die Afdeling Veeartsenykundige Onderzoek met betrekking tot die plantegroei en sy verband met sekere vee-siekte;

(c) die voortsetting en uitbreiding van die versameling plantparasiete van die inheemse plantegroei deur die Afdeling Plantkunde versamel, die voortsetting van die ondersoek daarvan, as 'n moontlike vergaarplek van siekte van kweekplante en tam diere, en in besonder die aantekening op kaarte van die verspreiding daarvan oor die Unie;

(d) die voortsetting en uitbreiding van die werk deur die Departement Boswese gedoen in die bepaling van die samestelling van die inheemse bome, die waarde van hul produkte en hul industriële moontlikhede;

(d) /

(e) die bestudering van die plantegroei uit 'n industriële oogpunt;

(f) die bestudering van die plantegroei met die oog op die ontwikkeling van die landbou en veeteelt;

(g) die bestudering van die opeenvolging van : plante onder natuurlike en kunsmatige toestande;

(h) bestudering van die weiveld in verband met die voedingswaarde en drakrag en die botaniese onderskeid tussen suur en soet veld en goeie en slegte weiding;

(i) bestudering van die versturende invloed van verbranding, bemesting, grondbewerking, dreinerings, die aanhou van te veel vee, insekte en plaas op die natuurlike plantegroei;

(j) bestudering van die plantverdeling oor die Unie volgens geologiese, orografiese en klimaatsgesteldheid en die toestande wat die verskillende planteformasies beïnvloed;

(k) bestudering van die invloed van Suid-Afrikaanse toestande op die bou en fisiologie van ons plante en in besonder die oorsake wat lei tot die ontstaan van die parasitiese siektes;

(l) 'n vergelyking en die vasstelling van die korrelasie tussen ons flora en die aanverwante siektes met min of meer dieselfde grond en klimaat;

(m) groter aandag aan die grond en die mikro-organismes daarvan.³⁵⁾

Verder het die vergadering besluit dat die beste manier waarop so 'n opname uitgevoer kon word en seker te maak /

35) U.G. 40/19, p. 78-79.

maak van die doeltreffende administrasie en koördinasie tussen die verskillende Afdelings, Departemente en vrywillige werkers, sou wees om

(a) die opmeting te laat ressorteer onder die beheer van die Hoofplantkundige van die Unie bygestaan deur 'n klein adviserende komitee van omtrent vyf lede wat die betrokke ander regeringsdepartement sou verteenwoordig;

(b) die land in 'n aantal botaniese streke in te deel met 'n botanikus as verantwoordelike amptenaar in elke streek;

(c) die opmeting sowel deur regeringsamptenare as deur vrywilligers te doen en geldelike uitgawes uit te betaal deur die direkteur van die komitee (die Hoofplantkundige) uit 'n fonds wat vir dié doel geskep sou word;

(d) die sentrale herbarium onder die beheer van die Direkteur van die botaniese opname te plaas en streeks-herbariums onder die botanikus verantwoordelik vir sodanige streek.³⁶⁾

Nog in dieselfde jaar is die Unie in vyf administratiewe streke ingedeel naamlik: die Suidwestelike, die Suidoostelike, die Oostelike Oranje Vrystaat-Basoetoeland en Grikwalandwes met al die gebiede noord van die Vaalrivier, en 'n Oostelike streek waarby Pondoland, Natal en Zoeloland inbegrepe is.³⁷⁾

Ons sal nie verder op die botaniese ondersoek ingaan nie maar slegs meld dat dit waardevolle inligting verstrek het soos opgeteken in die volgende publikasies wat daaruit voortgespruit het.

Lys /

36) U.G. 40/19, p. 78-9.

37) Op.cit.

Lys van Publikasies deur Botaniese Opname.

- No. 1. Phanerogamic Flora of the Division of Uitenhage and Port Elizabeth - 1919 - S. Schönland - 2/6.
- " 2. Botanical Survey of Natal and Zululand - 1921 - R.D. Aitken and G.W. Gale - 1/6.
- " 3. South African Cyperaceae - 1922 - S. Schönland - 10/6.
- " 4. A Guide to Botanical Survey Work - 1922 - 2/6.
- " 5. Researches on the Vegetation of Natal - 1-23 - J.W. Bews and R.D. Aitken - 2/6.
- " 6. A Preliminary Sketch List of Plant Diseases occurring in South Africa - 1924 - E.M. Doidge - 2/6.
- " 7. The Native Timber Trees of the Springbok Flats - 1926 - Ernest E. Galpin - 2/6.
- " 8. Researches on the Vegetation of Natal - 1925 - J.W. Bews and R.D. Aitken - 2/6.
- " 9. A Preliminary List of the Known Poisonous Plants found in South Africa - 1926 - E.P. Phillips - 2/6 (uit druk).
- " 10. The Genera of South African Flowering Plants - 1926 - E.P. Phillips - £1 (uit druk).
- " 11. A Revised List of Plant Diseases Occurring in South Africa - 1931 - E.M. Doidge and A.M. Bottomley - 5/- (uit druk).
- " 12. Botanical Survey of the Springbok Flats (Transvaal) - 1926 - E.E. Galpin - 2/6.
- " 13. The Vegetation of the Riversdale Area, Cape Province - 1929 - J. Muir - 2/6.
- " 14. Forest-succession and Ecology in the Knysna Region - 1931 - John F.V. Phillips - 5/-.
- " 15. A Vegetation Map of South Africa - 1936 - I.B. Pole-Evans - 2/6.
- " 16. The Seed-drift of South Africa and some Influences of Ocean Currents on the Strand Vegetation - 1937 - John Muir - 2/6.
- " 17. The Vegetation of the Division of Albany and Bathurst - 1937 - R.A. Dyer - 2/6..
- " 18. Notes on the Vegetation of the Kamiesberg - 1938 - R.S. Adamson - 2/6.
- " 19. The Value of Botanical Survey and the Mapping of Vegetation as applied to Farming Systems in South Africa - 1938 - J.A. Pentz - 2/6.

- No.20. Check-list of the Flowering Plants of the Division of George, Knysna, Humansdorp and Uniondale - 1941 - H.G. Fourcade - 2/6.
- " 21. A Reconnaissance Trip through the Eastern Portion of the Bechuanaland Protectorate, and an Expedition to Ngamiland June-July, 1927-48 - I.B. Pole Evans - 7/6.
- " 22. Roadside Observations on the Vegetation of East and Central Africa - 1948 - I.B. Pole Evans - 10/-
- " 23. The Vegetation of Weenen Country, Natal - 1951 - O. West - 2/6.
- " 24. An Ecological Account of the Vegetation of the Potchefstroom Area - 1951 - W.J. Louw - 7/6.
- " 25. The Genera of South African Plants (Second edition) 1951 - E.P. Phillips - £2.
- " 26. Trees and Shrubs of the Kruger National Park - 1951 - L.E.W. Codd - 7/6.
- " 27. A Botanical Survey of the Keiskamahoe District - 1952 - R. Storey - 10/-
- " 28. Veld Types of South Africa - 1953 - J.P.H. Acocks - £1.

3. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons kortliks verwys na die werksaamhede van die Afdeling Plantkunde en gewys op die uiteenlopende aard daarvan. Die bespreking het ook getoon dat die Afdeling wat maar 'n beskeie ontstaan gehad het, tog ontwikkel het tot een van die belangrike Afdelings van die Departement van Landbou en beslis baie bygedra het ter bevordering van ons plantegroei.

- - - - -

HOOFSTUK XII.

AFDELING INSEKTEKUNDE.

1. Inleiding.

Hierdie Afdeling is in 1911 ingestel om:

(i) ondersoek te doen in verband met belangrike insekte en ander werwellose insekte (met uitsondering van inwendige parasiete en diertjies) en die vasstelling van hoe die skadelike insekte uitgeroei kon word;

(ii) die publikasie van die bevindings vir voorligting van die publiek;

(iii) die uitvoering van regulasies waardeur die invoer van bye en byegoedere belet word;

(iv) die registrasie en inspeksie van kwekerie ten einde die verspreiding van siektes te voorkom;

(v) algemene toesig oor die vervoer van plante van plek tot plek na en binne die Unie;

(vi) die uitvoering van die wette in verband met die uitroeiing van sprinkane.¹⁾

2. Werkzaamhede.

Die werkzaamhede van die Afdeling was dus wydlopend van aard omdat dit sowel navorsing as bestryding en voorkoming ingesluit het. Aan die hawens is byvoorbeeld insektekundiges aangestel wat moes toesien dat insekte nie saam met goedere van oorsee ingevoer word nie. Gedurende 1911/12 is byvoorbeeld 10 persent van die meer as drie miljoen pond aartappels wat ingevoer is, afgekeur en vernietig.²⁾

Daarna /

1) U.G. 54/1912, p. 349.

2) Ibid., p. 355.

Daarna is alle aartappels wat deurgelaat is, ook gerook as 'n bykomende veiligheidsmaatreël. In dieselfde jaar is ook 258,786 lb. aartappels vernietig of teruggestuur weens die aanwesigheid van die gevaarlike siekte *Bacillus Phytophthorus*.³⁾

Die inspeksie aan die hawens het gewoonlik 'n ryk oes aan peste en siektes opgelewer. Gedurende 1917/18 is in 'n besending katoensaad uit Egipte die aanwesigheid van die vernietigende ligrooi bolwurm aangetref en op vrugtebome uit Frankryk vyf verskillende soort skildluise wat nie in Suid-Afrika bekend was nie.⁴⁾

(1) Europese Besemgoedboorder.

Seker min gevalle van insektebestryding is so kensketsend van die nougesetheid van die Afdeling om die invoer van nuwe peste teen te gaan as dié ten opsigte van die Europese Besemgoedboorder en ons wil die beheer oor die invoer van siektes en insekte met 'n bespreking daarvan afsluit. Besemgoed vir die maak van besems is aanvanklik in voldoende hoeveelhede in Suid-Afrika verkry, maar met die toename in die aantal fabrieke is daar oorgegaan tot die invoer van die besemgoed gedurende 1924. Gelukkig was die Afdeling bewus daarvan dat die V.S.A. groot bedrae bestee het om die Europese Besemgoedboorder wat omtrent 150 verskillende plante aanval, te bestry, en daar die plante-invoerregulasies nie voorsiening gemaak het vir die inspeksie van droë plantemateriaal nie, is die fabrikante gevra om hul produkte vrywillig aan toetse te onderwerp wat hulle dan ook geredelik gedoen het. Voldoende voorsorgsmaatreëls is getref maar nie sonder veel moeite en tyd nie. Van 1925 af het die invoer egter so geweldig gestyg dat invoerders gevra is om daarop aan te dring dat slegs besemgoed

wat /

3) U.G. 47/13, p. 297.

4) U.G. 40/19, p. 104-5.

wat sorgvuldig uitgesoek is en vry van die insek of larwes is, aangestuur word, maar ten spyte daarvan het die Afdeling bevind dat 'n groot besending wat aan die vereistes sou voldoen het, die land besmet met larwes ingekom het. Voordat dit ontdek is, is omtrent 950 bale deurgelaat na 'n Johannesburgse firma. Die afdeling het toe onmiddellik die afdeling waar die voorraad gehou is, met motproefdraad toegemaak sodat geen mot wat mog uitbroei, kans sou hê om te ontsnap nie. Daarby is giftige lokaas in die lokaal geplaas om die motte wat uitbroei uit te roei. Elke oggend het 'n inspekteur van die Afdeling na die afslagplek gegaan om motte te soek, hul dood te maak en die werksmense tot die fabriek toe te laat. Alle besems wat vervaardig is, is goed deurgekyk, die afval verbrand en die werksmense weer in die namiddag uitgelaat - alles om te voorkom dat motte uit die lokaal sal ontsnap en die pes versprei. Gedurende die eerste paar weke is geen motte gevang nie, maar teen die middel van Maart het hul begin uitkom. Teen die einde van Maart was reeds 125 gevang en teen die einde van Mei nog 48 en in die giftige lokaasblikke was daar 'n verdere 51. Gedurende Mei is geen mot gewaar nie, maar ondersoek het getoon dat daar nog heelwat larwes in die voorraad besemgoed was en die Afdeling het verwag dat daardie larwes sou oorwinter.

Aan die begin van die jaar is die omgewing van verskeie fabriekke ondersoek as 'n voorsorgsmaatreël teen die aanwesigheid van besemgoedboorders. Daar is toe vier larwes gevind in opslagbesemgoed in die agterplaas van een van die fabriekke. Die fabriek was ongelukkig geleë in 'n gebied met baie klein tuintjies met gewasse. Twee ervare inspekteurs het toe weke lank in die tuine tot enige honderde tree van die fabriek af na insekte gesoek. Meer as vyftig eendomme en twaalf akker mielies is deursoek. Boorders van

verskeie soorte is gevind en het soms groot onrus veroorsaak maar uiteindelik is vasgestel dat daar blykbaar geen besemgoedboorders hul in die omgewing bevind nie. Die ondersoek is volgehou tot aan die einde van die seisoen en as verdere voorsorgsmaatreëls is alle oorgeblewe plantemateriaal in die omgewing verbrand. Terselfdertyd is ook reëlins getref om die invoer van besemgoed beter te beheer en voortaan sou 'n permit verkry moes word vir die invoer van besemgoed, en geen besending wat stammetjies bevat het wat larwes kon huisves, is toegelaat nie.⁵⁾

Soortgelyke beperkings of verbodsbepalings is ook later ten opsigte van ander produkte ingestel soos bv. katoen, tweedehandse sakke, bye, heuning en heuningprodukte.⁶⁾

(ii) Codlingmot-bestryding.

Ernstige pogings is ook reeds gedurende 1911 deur die Afdeling aangewend om die verspreiding van die codlingmot na onbesmette dele te voorkom. Dit was egter 'n baie moeilike taak omdat soveel afgehang het van die samewerking van die publiek.⁷⁾ Aanvanklik het persone misbruik gemaak van die onkundigheid van die spoorwegpersoneel omtrent die regulasies wat die versending van bepaalde vrugtesoorte van bepaalde streke na ander belet het. Die taak van die Afdeling is ook bemoeilik omdat die inspektors slegs beheer kon uitoefen op besendings per openbare vervoerdienste. Die verspreiding van die codlingmot is egter baie in die hand gewerk deurdat 'n boer se familie of

kennisse /

5) U.G. 15/25, p. 188-190.

6) Boerdery in Suid-Afrika, no. 9, p. 338-339.
U.G. 47/13, p. 309.

7) Soms is die regulasies ook doelbewus oortree. Gedurende die jaar 1912/13 is bv. 'n koelie te Johannesburg betrap wat appels en pere tussen ander vrugte verpak het, sonder om dit te meld, en twee onderwyseresse het weer appels en pere as pynappels versend. U.G. 47/13, p.297.

kennisse kom kuier, vrugte oplaai en op hul beurt miskien weer ander kennisse voorsien en so het vrugte met codlingmot-larwe besmet soms ver buite die besmette streke beland, en oor sodanige vervoer het die Afdeling nie eintlik beheer gehad nie. Nietemin het die poging van die Afdeling tog die verspreiding daarvan aan bande gelê.⁸⁾

Die Afdeling het egter langsaamhand ingesien dat hul bedrywighede die verspreiding slegs vertraag het, maar nooit sou kon verhoed nie. Reeds gedurende 1917 het die hoof van die Afdeling dan ook die afskaffing van die regulasies in die vooruitsig gestel⁹⁾, wat egter eers gedurende 1921 geskied het.¹⁰⁾

(iii) Kwekery-inspeksie.

Die beheer oor kwekerye was 'n belangrike werksaamheid van die Afdeling indien in aanmerking geneem word dat die kwekerye groot hoeveelhede plante van verskillende soorte dwarsoor die Unie versprei en dus 'n gevaarlike bron van skadelike siekte en insekte kan wees. Daarby kom nog die feit dat individue groot skade berokken kan word deur onwetend ongesonde en besmette plante aan te plant. Die omvang van die werksaamhede in hierdie verband asook die afmetings wat die vrugteteelt in die algemeen aangeneem het, word daardeur bewys dat daar gedurende 1911 reeds 300 kwekerye in die Unie was, as gevolg versprei: 200 in die Kaapprovinsie, 25 in Natal en 75 in Transvaal.¹¹⁾

Die /

8) U.G. 54/1912, p. 358.

9) U.G. 2/18, p. 103.

10) U.G. 2/23, p. 302.

11) U.G. 54/1912, p. 358-9.

Die eerste belangrike siekte wat die Afdeling gedurende 1911 moes bestry, was die verderflike dopluis (*Aspidictus perniciosus*). Ondersoek het getoon dat die siekte reeds ongeveer 1905 die land moes binnegekom het. Die besmetting in Transvaal is egter teruggevoer na 'n kwekery te Pretoria waar die Afdeling 489 vrugdraende bome, 70 groot roosstokke, 'n kweperlaning van ongeveer 100 bome en 436 ander plante vernietig het, terwyl van private persone ongeveer 772 vrugtebome en 525 kweper- en ander hegplante asook enkele wingerd- en roosstokke vernietig is.¹²⁾

Nieteenstaande die drastiese maatreëls het die dopluis tog versprei en gedurende 1924 was dit reeds vry algemeen in boorde in en om Pretoria en Johannesburg en daar is voorsien dat dit mettertyd oor die hele appelstreek van Noord-Transvaal versprei sou wees.¹³⁾ Weens die uitgebreide verspreiding en die groot koste verbonde aan die vernietiging van die plante as bestrydingsmetode, het die Afdeling later daarvan afgesien en proewe met berokings- en spuitmiddels onderneem ook teen ander soorte dopluise.¹⁴⁾

(iv) Bloekomsnutter.

Hierdie insek wat kort voor 1925 uit Australië die land ingekom het, het spoedig groot opsprak verwek deur sy vernielingswerk in bloekomplantasies in die Witwatersrandstreek waar *Eucalyptus viminalis* algemeen aangeval is, en daar het gevaar bestaan dat duisende akker bloekombome totaal vernietig sou word. Daar is toe verskillende pogings aangewend om die tor te vernietig. Eers is die plantasies uit vliegstuie bestuif, maar dit was nie baie suksesvol nie en daarop is van die natuurlike vyande van die tor van Australië ingevoer.¹⁵⁾ Die parasiet het ook /

13) U.G. 15/25, pp. 191-2.

14) Boerdery in Suid-Afrika, no.56,p.381-2, no.68, p.319.

15) Boerdery in Suid-Afrika, no. 9, p. 336.

ook 'n groot sukses in Suid-Afrika geblyk.¹⁶⁾ Later het dit egter geblyk dat ons klimaatstoestande nie baie gunstig is vir die parasiet nie en dat dit nie die tor totaal sou uitroei nie alhoewel dit hom in bedwang sou hou. Die beste redmiddel was toe om slegs die soorte bloekom te plant wat 'n natuurlike weerstand teen die tor het.¹⁷⁾

(v) Ander insekte.

Behalwe genoemde insekte het die Afdeling nog baie ander soorte bestudeer en pogings aangewend om bestrydingsmetodes en middels te vind. Sonder om in besonderhede van elk in te gaan, noem ons slegs 'n aantal:

(a) Vrugte-insekte:

vrugte-dopluise, lemoenkodlingmot, sitruswolluis, vrugtevlieg, sitrusblaaspoot, verderflike dopluis, sitrus-blaarvlooï, bronsitruskewer.

(b) Insekte van landgewasse:

mieliestamruspe, tabak-witvlieg en kroesblaarsiekte, tabak-blaaspoot en kromnek, tabakluis.

(c) Insekte van groentesoorte:

Bagrada-stinkvlieg, pampoenvlieg, uie-blaaspootjie, koolmot, Amerikaanse bolwurm.

(d) Insekte van Bosbome:

bloekom-snuitter, denneboom-blaaspote, *Euproctis terminalis*, *Nudaurelia cytherea*, *Colasposoma fulgidum*, wattelsakwurm.

(e) Insekte in opgebergde produkte en kakkerlakke.

(f) /

16) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid*, no.32, p. 972.

17) *Ibid*, no. 105, p. 544.

(f) Allerlei insekteplae:

rysmiere, renosterbos-sprinkaan, stinksprinkaan, aalwurms, grasperkruspe, Psodids in grasdakke, erdvlooië, melkerwerlarwes op grasperke, rooi-vink, Karoo-ruspe, grasdraer-termiete, swart mieliekewer, kommandowurm, tsetsevlieg, ens.¹⁸⁾

(vi) Sprinkaanbestryding.

Een van die belangrikste werksaamhede wat onder die Afdeling geval het, was sprinkaanbeheer en alhoewel die werksaamhede later so uitgebreid geraak het dat dit as 'n afsonderlike Afdeling afgestig is, sal ons die verloop van die veldtogte volledigheidshalwe hier behandel. Die bestryding van hierdie plaag is ook van meer algemene belang omdat dit gewoonlik op groot skaal geskied en omtrent elkeen in die land kennis dra van die sprinkaan, terwyl baie van die ander insekte wat hier genoem is, hoewel van ekonomiese belang, soms net in sekere streke aangetref is en die meeste, in elk geval vir die gewone mens, heeltemal onbekend is.

Veral in hoofstuk II¹⁹⁾ het ons taamlik breedvoerig uitgewei oor die afmetings wat sprinkane soms aangeneem het en dit is dan ook geen wonder nie dat na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika daar onmiddellik voorsiening gemaak is vir die bestryding van die plaag.

Gedurende 1911 het sprinkane gelukkig nie verskyn nie²⁰⁾ maar gedurende 1912 het hul op nege plase in die distrik Middelburg, Kaap, uitgebroei en die Afdeling het verwag dat daar in die lente van 1913 groter uitbrekings sou voorkom /

18) Boerdery in Suid-Afrika, no.105, p.543-545, no.251, p. 248-257, no.321, p. 617-621.

19) P.34-37.

20) U.G. 54/1912.

voorkom en gevolglik gif en pompe daarheen gestuur. Gedurende Oktober 1913 het die sprinkane dan ook op 90 plase hul verskyning gemaak en gevolglik moes daar daadwerklik opgetree word. Gelukkig was die voorraad gifstowwe voldoende vir die veldtog totdat vars voorrade aangestuur kon word.

Die metode van bestryding was om die voetgangers te voer met 'n mengsel wat bespuit is met natriumarseniet opgelos in suikerstroop en verder verdun met water. Ook is die sprinkane bespuit met dieselfde middel maar dan van veel sterker konsentrasie. Die veldtog teen die uitbreking was baie suksesvol en slegs omtrent tien persent van die voetgangerswerms het volgens berekening die vlieërstadium bereik en hul was ook meestal tot die geteisterde streek beperk. Sommige swerms het tog weggekom. Twee swerms het deurgedring tot in Suid-Oos-Transvaal ongeveer 400 myl van hul oorsprong af, nog 'n swerm het Basoetoeland binnegetrek terwyl 'n vierde tot sover as die Wes-Sentrale deel van Natal gegaan het. Gedurende 1914 het sprinkane weer in dieselfde gebied voorgekom en na skatting is omtrent 768 swerms vernietig en hierdie keer het nie een die vlieërstadium bereik nie.²¹⁾ Hierdie veldtog bewys al te duidelik hoe noodsaaklik dit was om vinnig en doeltreffend op te tree, want indien 'n groot aantal swerms tot vlieërs moes ontwikkel het, sou die skade wat hulle aangerig het, geweldig groot gewees het en sou die toekomstige uitbrekings ontsaglike afmetings aangeneem het as gevolg van die groot getalle eiers wat oor uitgestrekte gebiede gelê sou gewees het.

Gedurende 1917/18 was daar weer 'n groot uitbreking en dit was tydens hierdie veldtog dat die gedagte ontstaan het dat dit beter sou wees indien 'n afsonderlike organisasie vir die bestryding van hierdie plaag in die lewe geroep word,

want /

21) U.G. 2/15, p .210-214.

want die veldtogte teen die sprinkaan het soveel tyd van die Afdeling in beslag geneem dat baie ander dringende navorsingswerk daaronder gely het. Gedurende hierdie veldtog is ongeveer 5,833 swerms vernietig terwyl 202 vrygekom het.²²⁾

Aanvanklik het die deskundiges geglo dat die sprinkane uit die Kalahari die Unie binneval en dan hul eiers hier kom lê. Teen 1918 is hierdie sienswyse egter heeltemal verwerp en is geglo dat sprinkane maar altyd in mindere of meerdere mate in die Unie aanwesig is in die sogenoemde opeformasie, dit wil sê dat hul nie in swermformasie voorkom nie en dus nie opgemerk word nie. Omdat die sprinkaan onder hierdie omstandighede ook nie die gewone kenmerke van die swerm-sprinkaan openbaar nie, word hy ook nie uitgeken nie. Met verloop van 'n paar jaar vermenigvuldig die sprinkane in bepaalde streke waar hulle klein klompies vorm en groot hoeveelhede eiers lê. Op hierdie plekke broei dan gelyktydig groot getalle uit wat swerms vorm en sodra hulle hul verwoesting op bepaalde punte konsentreer, word hulle 'n plaag. Dit was dan ook reeds na die uitbreking van 1915/16 vir die Afdeling moontlik om min of meer te bepaal waar die volgende uitbreking sou voorkom. Gedurende 1917/18 het die sprinkane dan ook hul verskyning in die aangeduide streke gemaak maar op 'n skaal veel groter as wat ooit verwag is.²³⁾

Volgens „De Landbouwplagen Wet“, no. 11 van 1911, hoofstuk 11, is die eienaar verantwoordelik vir die uitroeiing van voetgangers op sy eiendom, maar die gif en apparaat word deur die staat aan hom voorsien. Die boere was egter nie gediend met hierdie bydrae wat hulle tot die beskerming van hul eie gewasse en weiveld moes lewer nie, want in Januarie 1918 het die Suid-Afrikaanse Landbou-unie die

volgende /

volgende besluit aangeneem wat daarop neerkom dat die regering alle verantwoordelikheid en koste vir die bestryding van sprinkane moes dra.

".... het kongres (is) van mening dat de huidige sprinkhaanwet onbillik werkt en een zware last op een deel van de boerebevolking legt waar de uitbreking het eerst plaats vond en dat dat deel het voornaamste van het werk en de uitgaven in verband met de verdelging van sprinkhanen had te dragen, en dringt er by de Regering op aan om in arbeidskrachten onder een inspekteur, te voorzien ten einde in de verdelging van sprinkhanen behulpzaam te zyn".²⁴⁾

Die koste wat boere aangegaan het gedurende die veldtog van 1918 het egter slegs £7,500 beloop teenoor £18,500 aangegaan deur die staat.²⁵⁾

Soos reeds gemeld, het die sprinkaanbestryding baie inbreuk gemaak nie net op die werksaamhede van die Afdeling nie, maar daar was ook geen tyd om proewe uit te voer ter verbetering van die gif vir bespuiting nie en ook nie om 'n studie van die bionomie van die sprinkaan te maak nie. Met die oog op die dringendheid van die probleme en die baie werk daaraan verbonde, is in 1921 besluit om die administrasie van die sprinkaanbestryding toe te vertrou aan 'n senior administratiewe amptenaar bygestaan deur 'n senior sprinkaanbeampte en 'n tydelike personeel.²⁶⁾ Dit was egter eers in 1925 dat daar oorgegaan is tot die aanstelling van twee insektekundiges wat hul spesiaal sou toelê op die studie van die sprinkaan wat onder andere sou insluit die studie van die natuurlike vyande van die insek en ook die maniere en middele waarmee die plaag bestry kon word.²⁷⁾

Groot /

24) U.G. 39/18, ibid, p. 111.

25) Ibid, p. 112.

26) U.G. 2/23, p.299. Prof. Faure van die Transvaalse Universiteitskollege het egter teen 1922 'n studie van die bionomie van die sprinkaan voltooi. Ibidem.

27) U.G. 16/26, p.221.

Groot uitbrekings het gedurende 1920/21 en 1921/22 voorgekom en volgens verwagting van die Afdeling was die uitbrekings gedurende 1923/24 die ergste in baie jare. Nie minder as 135 distrikte in die Unie en Suid-Wes-Afrika en Betsjoeanaland was met sprinkane oortrek nie. Die uitbrekings was so groot en so vroeg in die somer dat die voorbereidings wat getref was, nie vir die onmiddellike taak opgewasse was nie. In teenstelling met vorige jare toe swerms geleidelik uitgebroei het, het die goeie winterreëns blykbaar genoeg vog in die grond gelaat sodat, toe die hitte met die koms van die lente voldoende was vir die eiers om uit te broei, sprinkane gelyktydig oor die hele genoemde gebied hul verskyning gemaak het. Ongeveer 15,000 gellings vergif is daaglik gebruik en die aantal swerms wat uitgeroei is, het te staan gekom op 818,425, terwyl etlike die vlieërstadium bereik het.²⁸⁾

Omdat soveel sprinkane uit die Kalahari en ook uit Betsjoeanaland die Unie binnegekom het, is daar ook in hierdie gebiede uitroeiingswerk deur beamptes van die Unie onderneem. 'n Ekspedisie is gestuur om te probeer vasstel of daar in die Kalahari nie 'n gebied is waar die sprinkane gereeld uitbroei nie. Die ekspedisie het meer as 3,000 myl afgelê, maar geen grond vir so 'n moontlike eierlê-streek aangetref nie. Met die oog op die groot koste wat aangegaan moes word met die bestryding van sprinkane in die droë streke, het die ekspedisie aanbeveel dat 'n kordon op die grense opgestel moes word ten einde die swerms wat probeer om die Unie binne te kom, daar te vernietig. Verder was hulle ook van opinie dat motorvervoer wel in die droë woestynde gebruik kan word vir bestrydingsdoeleindes.²⁹⁾

Gedurende /

28) U.G. 15/25, p. 230.

29) U.G. 16/26, p. 233-4.

Gedurende 1924/25 en ook weer gedurende 1925/26 het groot uitbrekings voorgekom, maar veral met die verloop van die veldtog in laasgenoemde jaar was die verantwoordelike amptenaar so tevrede dat hy in sy jaarverslag praat van die "oorwonne sprinkaan" en verder meld "as gevolg van die vorige veldtog, ... was ons feitlik verlos van die plaag ... dit sal moontlik wees (in die toekoms) om die plaag so te bestry dat dit van so min betekenis sal wees dat dit nie langer 'n aparte plek sal vereis in die jaarverslae van die Departement nie."³⁰⁾

In die daaropvolgende jare het die voorkoms van sprinkane binne die Unie dan ook glad nie sulke ernstige afmetings aangeneem nie, soos ook duidelik blyk uit die bedrae wat aan die bestryding bestee is.³¹⁾

Ook buite die grense van die Unie het die regering die plaag bestry soos reeds gemeld. Gedurende 1930/31 het rooisprinkane egter hul verskyning in Ngamiland gemaak, en om te verhoed dat ook hierdie soort tot die Unie deurdring, het die regering beamptes daarheen gestuur om sover moontlik die suidwaartse beweging te keer.³²⁾

Gedurende April 1932 het 'n ander nuwe soort sprinkaan, die sogenaamde Europese treksprinkaan, onverwags uit Suidwes sy verskyning in die Unie gemaak en oor 'n geweldig uitgestrekte gebied versprei. Hierdie inval het 'n opskudding en besorgdheid onder die boere veroorsaak, maar die sprinkane het gelukkig weens ongunstige omstandighede weer net so gou van die toneel verdwyn.³³⁾

Gedurende /

30) Boerdery in Suid-Afrika, no. 20, p. 400.

31) Vgl. Tabel no. LXXXI, p.309.

32) Boerdery in Suid-Afrika, no. 68, p. 300.

33) Ibid., no. 80, p. 315.

Gedurende Julie 1933 het weer klein hoeveelhede rooisprinkane hul verskyning gemaak gevolg deur 'n geweldige inval van November 1933 tot Januarie 1934. Gedurende Januarie tot April het die regering alles in sy vermoë gedoen om die voetgangers wat toe uitgekom het, te bestry en ook reëlins getref vir die oornam van die bestrydingsmaatreëls in Suidwes en Betsjoeanaland omdat die Unie telkens uit hierdie gebiede besmet is. Die veldtogte teen die voetgangers was egter nog nie eens heeltemal afgehandel nie of nuwe swerms het die Transvaal uit die noorde en oostelike gebiede binnegekom. Hierdie swerms is vinnig vernietig deur spanne wat per vragmotor die swerms agternagesit het. Dit was baie geslaagd en die hele Unie is gesuiwer behalwe Natal wat die swaarste onder die laasgenoemde inval moes deurloop. Die vernietiging van vlieërs moes noodwendig in die nag geskied en daar die rooisprinkaan die gewoonte het om in bome en groot bosse te oornag, is vlamgoolers gebruik om hul op die grond te kry waar hul dan bestuif is met fyn natrium-arseniet.³⁴⁾ Nieteenstaande alle voorsorgsmaatreëls en bestrydingsmetode het die rooisprinkaan hom in die Unie gevestig en gedurende 1935 het ook 'n ander soort sprinkaan, die sogenaamde woestynsprinkaan, sy verskyning in die Unie gemaak met die gevolg dat daar toe altesaam vier soorte sprinkane in die Unie was.³⁵⁾

(a) Bestrydingsmetodes.

Die bestryding van sprinkane was 'n moeilike taak, maar gelukkig kon daar van vergif gebruik gemaak word wat die uitroeling vergemaklik het. Hierdie gif het bestaan uit natrium-arseniet opgelos in 'n halwe gelling suikerstroop of 'n gelykwaardige hoeveelheid opgeloste suiker. Hierdie mengsel is dan verder verdun met 55-66

dele /

34) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid.*, no. 105, p. 40.

35) *Ibid.*, no. 117, p. 504.

dele water en dan op die voer wat aan die voetgangers gegee is, gespuit. Indien die sprinkane bespuit word, word slegs vyftien dele water bygevoeg.³⁶⁾ Wanneer sprinkane hul verskyning maak, gee die elenaar van die grond daarvan kennis en hy word dan voorsien van die nodige vergif asook spuite om die sprinkane te bestry terwyl 'n beampte van die Afdeling die bestryding in bepaalde gebiede organiseer en lei.

Toe daar gedurende 1916-17 weer sprinkane voorkom het, en die meeste tyd van die Afdeling met die bestryding daarvan opgeneem is, het die gedagte ontstaan om die bestryding van sprinkane beter te organiseer en min of meer op die basis waarop brandsiektebestryding georganiseer was, dit wil sê dat spesiale amptenare vir die doel opgelei moes word en in die streke waar sprinkane gewoonlik hul verskyning maak, geplaas moes word sodat hulle voortdurend op hoogte van sake kon wees.³⁷⁾ Hierdie gedagte is egter nie deurgevoer nie, maar magistrate is in die verskillende gebiede aangestel as sprinkaanbeamptes om die Afdeling op hoogte te hou met toestande.

Omdat sprinkane byna jaarliks verskyn het en die beamptes belas met die bestryding van sprinkane baie besig gehou is, kon geen navorsing insake die bionomie van die sprinkaan gedoen word nie. Ook het die beamptes geen tyd gehad om nuwe bestrydingsmetodes uit te toets of om die vergif wat gebruik is, te verbeter nie. Met die oog op die dringendheid van die sprinkaanprobleem en die baie werk daaraan verbonde, is daar toe gedurende 1921 besluit om die toepassing van die sprinkaanwet toe te vertrou aan 'n senior administratiewe amptenaar bygestaan deur 'n senior sprinkaan-amptenaar en 'n tydelike personeel.³⁸⁾ Daar is egter eers gedurende /

36) U.G. 2/15, p. 216.

37) U.G. 2/18, p.105.

38) U.G. 2/23, p.299. Gedurende 1922 het daar 'n werkie oor die bionomie van die sprinkaan verskyn uit die hand van prof. J.C. Faure van die Transvaalse Universiteitskollege.

gedurende 1925 oorgegaan tot die aanstelling van twee insek-tekundiges wat hul spesiaal sou toelê op 'n studie van die sprinkaanwet asook 'n studie van die sprinkaan, sy natuurlike vyande en veral middele en metodes om die plaag te bestry.³⁹⁾

Gedurende Maart 1934 is 'n begin gemaak met proefnemings om sprinkane met vliegtuie uit die lug te bestuif. Daar was toe reeds vasgestel dat swerms maklik uit die lug waargeneem kon word en die opsporing van swerms dus geen probleem sou oplewer nie. Ook is vasgestel dat die onaktiwiteit van swerms in die vroeë oggend dit moontlik maak dat hul vir drie tot vier uur lank bestuif kon word voordat hul in beweging kom. Vir die bestuiwing is spesiaal fyngemaakte natriumarsenietpoeler gebruik. Die bestuiwing was baie doeltreffend waar die sprinkane dig opmekaar gesit het en die bosse van middelmatige hoogte en digtheid was. Daar is gevind dat waar sprinkane met ses tot sewe pond natriumarsenietpoeler per half morg bestuif is, daar tot sewe dae na die bespuiting nog sprinkane vrek. Die proefnemings het verder ook bewys dat vliegtuie net ewe goeie resultate teen vlieërs en voetgangers gebruik kon word. Die gevolg was dat daar gedurende 1934 twee groot Hercules-vliegtuie vir die bestuiwing van sprinkane ingerig is en dat die vliegtuie spesiaal gebruik sou word op die grense om invallende swerms uit te roei.⁴⁰⁾

Alhoewel die gebruik van vergiftigde lokaas in die bestryding van sprinkane reeds lank aan die Afdeling bekend was, is dit nie voor 1935 op groot skaal gebruik nie omdat daar gereken is dat die gebruik van graanprodukte op groot skaal die bestrydingskoste te hoog sou opstoot. Sorgvuldige veldtoetse en 'n studie van die vergelykende koste

van /

39) U.G. 16/26, p. 221.

40) Boerdery in Suid-Afrika, no.105, 1934, p. 501.

van bespuiting en van die gebruik van lokaas gedurende 1935 het egter bewys dat lokaas minstens net so goedkoop sou wees as bespuiting. Gevolglik het die Departement besluit om aangemaakte lokaas, bestaande uit mieliemeel (92 dele) melasse (7 dele) en natriumarseniet (1 deel per gewig) uit te reik. Die vergif wat gebruik sou word, was dus dieselfde as met bespuiting maar die kleiner hoeveelheid het die nuwe metode minder gevaarlik gemaak vir diere en indien dun gesprei, sou dit ook nie die plantegroei benadeel nie.⁴¹⁾

Gedurende die veldtog van 1936 is die nuwe bestrydingsmetode op groot skaal toegepas en baie doeltreffend gevind en is daar toe besluit om in die toekoms af te sien van bespuiting en slegs van die voermetode gebruik te maak. Daar is ook verandering in die bestanddele teweeggebring eers deur die melasse met suiker te vervang waardeur die mengproses baie vergemaklik is, en nog later is die suiker ook uitgeskakel en het die lokaas bestaan uit 97 lb. mieliesemels en 3 lb. natriumarsenietpoeler. Die nuwe middel kon baie maklik gemeng word en kon tekorte in bestrydingsmiddels wat in die verlede die bestryding gekortwiek het, uitgeskakel word, en die hoof van die Afdeling het dan ook voorsien dat die tyd aangebreek het dat sprinkane in die toekoms deeglik in toom gehou sou kon word.⁴²⁾

'n Verdere verbetering in die lokaas is gedurende 1946/47 gedoen na veldproewe te Hopetown, Hanover en Aberdeen met die sintetiese insektmiddel, benseen-heksachloried. Die proewe het bewys dat hierdie insektmiddel 'n geheel en al bevredigende en veelbelowende plaasvervanger van natriumarseniet is. Die middel is ook verenigbaar met natriumarseniet in lokaas en 'n nuwe lokaas is soos volg saamgestel:
natrium-/

41) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid*, no.117, 1935,p.503-504.

42) *Ibid.*, no. 141, 1937, p. 478-9.

natriumarseniet-semellokaas 32 lb, saagsels (wattel of gomboom) 18 lb, Benseenheksachloried (20 persent in talk) $1\frac{1}{4}$ lb., en grafiet (waarskuwende verkleuring) 6 onse.

Hierdie lokaas het die voordeel gehad dat dit die gevaar van arseenvergiftiging verminder het, maar as vergif ewe doeltreffend was, en verder dat dit as gevolg van die byvoeging van saagsels baie goedkoper was. Daarby was die uitwerking ook baie gouer.⁴³⁾

Gedurende dieselfde jaar is ook proewe gedoen met die bespuiting van sprinkane uit vliegtuie met oplossings van 20 en 40 persent benseenheksachloried en dieselolie. Die resultate was baie belowend.⁴⁴⁾ Gedurende die veldtog van 1947/48 is te Aberdeen en Graaff-Reinet 45 groot swerms vernietig deur 'n oplossing van ru BHC in 'n mengsel van toluen en aardolie in 'n volumeverhouding van 20:80 uit vliegtuie bespuit. Hierdie proef het bewys dat groot sittende swerms volwasse sprinkane met sukses vernietig kon word selfs in bergagtige dele van die land.⁴⁵⁾

Die lokaasmetode het die nadeel gehad dat dit slegs in die vroeë oggend of in die laat namiddag toegepas kon word wanneer die sprinkane honger was, en dan nog was die doeltreffendheid afhanklik van die ouderdom van die voetgangers. Bespuiting kon daarteenoor enige tyd van die dag uitgevoer word. Proewe is dus gedoen met 'n oplossing benseenheksachloried as bespuitingsmiddel en die resultate was so goed dat besluit is om in die toekoms die spuitmiddel in plaas van die lokaas te gebruik.⁴⁶⁾

Sedert 1953 word daar intensiewe navorsing in verband met sprinkane gedoen, nie net ten opsigte van die gebruik van verskillende insektmiddels en metodes van bespuiting /

43) & 44) Boerdery in Suid-Afrika, no.261, 1947, p.967-8.

45) Ibid., no. 275, 1949, p. 44.

46) Ibid., no. 285, 1949, p. 4999.

spuiting nie, maar ook ten opsigte van sprinkaanbiologie en selfs welproewe te Grootfontein om die uitwerking aan te toon van die verskillende welpraktyke op die voorkoms van sprinkane.⁴⁷⁾

(b) Koste van Sprinkaanbestryding.

Die koste van die sprinkaanbestryding deur die regering aangegaan, word in Tabel LXXXI aangegee. Die syfers dui terselfdertyd ook in 'n mate die voorkoms en omvang van die uitbrekings aan vir sover groter uitbrekings waarskynlik groter uitgawe ten gevolge gehad het.

Tabel LXXXI.

Koste van Sprinkaanbestryding.

<u>Jaar</u>	<u>Bedrag</u>	<u>Jaar</u>	<u>Bedrag</u>
	<u>£</u>		<u>£</u>
1920/21	17,000	1937/38	80,556
1921/22	45,855	1938/39	291,000
1922/23	58,221	1939/40	210,000
1923/24	324,726	1940/41	55,000
1924/25	377,214	1941/42	-
1925/26	282,000	1942/43	3,700
1926/27	13,730	1943/44	24,400
1927/28	3,753	1944/45	5,400
1928/29	51,237	1945/46	5,000
1929/30	9,315	1946/47	6,500
1930/31	6,672	1947/48	43,314
1931/32	10,903	1948/49	119,000
1932/33	12,677	1949/50	-
1933/34	692,673	1950/51	600,000
1934/35	949,681	1951/52	450,000
1935/36	141,741	1952/53	460,000
1936/37	190,680	1953/54	170,000

Uit die tabel is dit baie duidelik dat die bestryding van sprinkane baie gekos het, in enkele jaar selfs byna £1 miljoen soos in 1934/35. Opvallend is ook die feit dat daar periodes van groot uitbrekings is wat 'n paar jaar behels en dan weer 'n paar jaar waarin die voorkoms veel minder is, volgens ons van die syfers kan aflei. Nietemin was daar nie

'n /

47) Boerdery in Suid-Afrika, op.cit., no.334, p. 49 en no. 348, p. 121-2.

'n enkele jaar waarin sprinkane nie in 'n mindere of meerdere mate die land bedreig het nie.

3. Inligtingsburo.

Die regering het ook die inisiatief geneem om op 'n breër grondslag die sprinkaanplaag te benader deur in 1934 'n konferensie te belê waarop feitlik al die state besuide die Sahara verteenwoordig was. Op daardie konferensie is die sprinkaanplaag in al sy aspekte bespreek. Die vernaamste uitvloeisel van die konferensie was waarskynlik die skepping van 'n sprinkaan-inligtingsburo vir die betrokke state. Dit sou die taak van die buro wees om die voorkoms, omvang en beweging van sprinkane binne een van die gebiede aan die ander oor te dra en op die manier almal op hoogte van sake te hou.⁴⁸⁾ Dit sou dus voorkom dat 'n staat onverwags deur 'n sprinkaaninval oorval word.

4. Samevatting.

Ons het lank stilgestaan by die sprinkaanplaag, maar dit is een van die vernaamste insekteplae wat die Unie bedreig het en nog bedreig. Soos ons egter aangedui het, is die bestrydingsmetodes vandag sodanig dat die sprinkaan nie meer as 'n baie ernstige bedreiging beskou word nie. Verder het die bespreking van die werksaamhede van die Afdeling Insektekunde ook getoon in watter mate die regering aktief deelneem aan die bestryding van plae ten einde die boerderybedrywighede daarvan te vrywaar.

48) Boerdery in Suid-Afrika, op.cit., no.105, 1934, p. 502-3.

HOOFSTUK XIII.

DIE TUINBOU-AFDELING.

1. Inleiding.

Hierdie Afdeling wat ook na die totstandkoming van Unie in die lewe geroep is, het van die begin af probeer om die vrugteboere daadwerklik by te staan. Pogings is aangewend om die beste variëteite op die proef te stel en die boere voor te lig oor die beste soorte en verbouingsmetodes. Die werksaamhede van die Afdeling het gegaan oor al die aspekte van die vrugte-, duiwe-, blomme- en groenteteelt en besonderhede sal hieronder nader bespreek word.

2. Werksaamhede.

Tuinbou is een van die vertakkings van die boerdery wat hom baie goed leen tot allerhande proewe. Dit was dan ook die doel van die Afdeling dat slegs die beste soorte vrugtebome aangeplant sou word en om dié rede is verskillende proewe uitgevoer in bepaalde streke en proefplase. Ons sal enkele van die proewe op hierdie proefplase in oënskou neem om aan te dui in watter opsigte die Afdeling die boerdery tot voordeel gestrek het.

(1) Warmbad, Transvaal.

Een van die vername plase in die binneland was Warmbad waar veral proewe ten opsigte van sitrus uitgevoer is, alhoewel ander vrugte ook aandag gekry het, veral met die oog op die behoeftes van die laeveld. Uit die aard van die saak is alle proewe met vrugtebome van 'n langtermyn-aard, maar nietemin was dit baie nodig. Die proewe te Warmbad het reeds teen 1915 sover gevorder dat daar met sekerheid vasgestel kon word dat die volgende vrugtesoorte nie in soortgelyke klimaatstoestande gekweek

kon /

kon word nie, dit wil sê, meer bepaald in die warm laeveld-
streke: Soetlemoene: Natal, Victoria; Nartjies:
Saturna, Kirio Kuni, Cleopatra; Suurlemoene: Bijou;
Lemmetjies: Soet; Appelkose: Breda, de Shiraz, Early
Golden; Nekteriens: Early Rivers, Early Violet, Lord Napier,
Large Red, Rustenburg, Rivers Orange, Stanwick, Victoria,
Cardinal; Pruime: Royal Hative, Plune'd'Agen, Appel, Nikko,
Yosobe; Perskes: Berenice, Briggs Red May, Elberta, Oriole,
Powells Beauty, Duke of Edinburgh.¹⁾

Die waarde van die proewe ten opsigte van vrugte
kan nouliks oorskat word. Die bostaande lys toon dat daar
dertig soorte vrugtebome van verskillende variëteite was
wat glad nie in die laeveld aangeplant moes word nie.
Die Afdeling kon die boere dus presies inlig oor wat aange-
plant kon word en wat nie. Dit het dus ook beteken dat die
boere in soortgelyke streke, indien hulle om inligting
gevra het, baie tyd, moeite en geld bespaar het omdat hulle
dan sou geweet het wat om nie aan te plant nie. Ook was
dit vir die kwekerie van waarde om te weet dat sekere soorte
vrugtebome nie in bepaalde streke aard nie, en kon hulle hul
kliënte inlig oor die bevindings op die proefplaas.

'n Baie belangrike proef te Warmbad in verband met
sitrus, was die bevinding dat suurlemoenstamme ewe geskik was
as soetlemoenstamme vir entstokke.²⁾ Dit was 'n bevinding
wat die kweek van boompies baie voordelig beïnvloed het omdat
dit die plant van entstokke grootliks vergemaklik het daar
suurlemoene baie meer pitte het as soetlemoene, veral nawels.

Met die uitbreek van sitruskanker is die Warmbad-
proefplaas in die verslagjaar 1918/19 gesluit en aan die
Departement van Lande oorgedra.

Met /

1) U.G. 25/17, p. 69-70.

2) U.G. 5/18, p. 78.

Met die sluiting van die Warmbad-proefplaas het die hoof van die Afdeling ook sy bedenkinge uitgespreek teen proefnemings en kwekerywerk deur die Afdeling. In sy jaarrapport vir die verslagjaar 1918/19 meld hy dan ook dat die werk van die Afdeling ten opsigte van kwekerywerk op die proefstasies en landbousskole nie 'n sukses was nie. Bespuitingsproewe, bemesting, snoei, toetse in verband met steriliteit en verskeie ander proewe is steeds begin en het werklik waardevolle inligting vir die vrugtebedryf opgelewer, maar wanneer dit by voorttelling gekom het, dan het daar altyd iets gehaper met die gevolg dat feitliks niks bereik is nie. As rede vir die toedrag van sake het hy aangevoer dat die betrokke amptenare gewoonlik so besig was met roetinewerk soos spruit, snoei, pluk en voorligting dat hulle nie die nodige tyd gehad het om noukeurig aandag aan die proewe te bestee nie. Daarby het dit ook dikwels gebeur dat amptenare verplaas is en die proefnemings deur een moes begin en deur 'n tweede en soms selfs deur 'n derde verder gevoer word. Dit het die kontinuiteit verbreek en gewoonlik het die tweede of daaropvolgende persone nie dieselfde belangstelling as die eerste persoon in die proewe gestel nie.³⁾ Nieteenstaande hierdie beskouinge is die werksaamhede van die Afdeling in dié opsig nie gestaak nie en soos ons verder sal aandui en soos ook geblyk het uit die proefresultate te Warmbad, het die werksaamhede tog waardevolle inligting verstrek en was dit eerder die organisasie binne die Afdeling wat opknapping vereis het ten einde die proewe wat tog as noodsaaklik en wenslik geag was, op 'n geordende wyse aan te pak en af te handel.

(11) Nelspruit-proefplaas.

Die sluiting van die proefplaas te Warmbad het 'n leente in die bedrywighede van die

Afdeling /

3) U.G. 40/19, p. 90-91.

Afdeling ten opsigte van die laeveld veroorsaak. Die Afdeling het dit terdeë besef en gevolglik is daar 'n navorsingstasie te Nelspruit, Transvaal, begin veral met die doel om proewe te doen in verband met subtropiese en ander vrugte wat in die laeveld gekweek kon word.⁴⁾ Hierdie stasie was ook beter geleë daar dit dieper in die laeveld geleë het en dus wat klimaat betref, meer verteenwoordigend was van die akkerbou-streek van die laeveld as Warmbad wat meer in die droë gedeelte van die laeveld geleë was.

Die omvang van die proefnemings te Nelspruit word moontlik die beste weergegee deur die volgende lys van proewe wat terselfdertyd ook die uiteenlopende aard van die proefnemings aandui:⁵⁾

- (a) Skeikundige identifikasie van sitrus-onderstamme.
- (b) Seleksie en proewe met sitrusonderstamme.
- (c) Seleksie van papajas.
- (d) Bemestingsproewe met sitrusbome.
- (e) Proewe met bemesting, besproeiing en die gebruik van dekgewasse in verband met sitrus en die invloed daarvan op vervoer en bederf.
- (f) Proewe in verband met die ringeleer van bome.
- (g) Proewe in verband met die oorwerk van sitrusbome.
- (h) Die aanplant van olyf- en sitrusbome in die mees noordelike dele van Transvaal.
- (i) Etilering van verskillende vrugte.
- (j) Seleksie en teling van tamaties.
- (k) Ondersoekwerk in verband met pynappels in Oos-Transvaal.

(1) /

4) Boerdery in Suid-Afrika, no.20, Nov.1927, p. 360.

5) Ibid., no. 93, Des. 1933, p. 494.

(l) Bestryding van aalwurm in samewerking met die Insektekunde-afdeling.

(m) Spuittoetse vir die bestryding van swartvlek in mango's in samewerking met die Plantsiekte-seksie.

(n) Soortproewe met druiwe in Transvaal.

(o) Invoer en toets van dadelsoorte, avokado's en mango's.

(p) Onderzoekwerk in verband met bemesting en besproeiing van sitrusbome te Zebediela.

Sommige van die resultate van die navorsing hierbo genoem was die volgende: In verband met die bestryding van aalwurm wat die wortelstelsel van plante aanval, is bevind dat dit moontlik is om op praktiese wyse die grond skoon te maak van die plaag deur die grond te skoffel, of 'n gewas wat nie vir die siekte vatbaar is nie, soos hennep, op die grond te plant.⁶⁾

Ten opsigte van papajas was die belangrikste resultaat die teelt van 'n suiwer ondersoort wat redelik bestand is teen die gewone vervoertoestande, maar wat niemin ook die mees gewenste tafeleienskappe het.

So byvoorbeeld het ook die bemestingsproewe met nawellemoene getoon dat

(i) deur die toediening van ammoniumsulfaat 'n opvallende vermeerdering in die gewig van die oes en die getal lemoene verkry is en

(ii) die wenslikste toediening onder die bepaalde toestande van twee tot drie pond ammoniumsulfaat per boom jaarliks is,

(iii) 'n peuldraende dekgewas nie die oes vermeerder nie,

(iv) /

6). Boerdery in Suid-Afrika, op.cit., no.117, Des.1935, p. 553.

(iv) 'n hoë fosforgehalte in die lemoen 'n kleiner suurgehalte teweegbring,

(v) 'n hoë fosforgehalte in 'n lemoen 'n dun skil en 'n lae fosforgehalte 'n dik skil veroorsaak,

(vi) 'n lae stikstofinhoud die lemoene minder vatbaar maak vir bederf as gevolg van skimmel,

(vii) die sappigheid van lemoene nie deur een van genoemde behandelings beïnvloed was nie,

(viii). die toediening van stikstof die inname van fosfor in die vrug baie verminder en

(ix) dit wenslik is om lemoene met 'n hoë stikstof en 'n hoë fosfor-inhoud te probeer kweek.⁷⁾

In verband met die bestryding van knopwortel kan die belangrikste bevindings as volg saamgevat word:

(i) Knopwortelbesmetting kan die beste bestry word deur uithongering, dit wil sê, deur die voedsterplante uit te skakel deur gereeld te ploeg en te skoffel of deur gewasse wat teen die knopwortel bestand is, te plant.

(ii) By die toepassing van 'n kommersiële bestrydingsmiddel soos so pas beskryf, kan slegs een vatbare jaargewas per jaar met veiligheid tot volwassenheid gekweek word.

(iii) Skoonbewerking vir periodes van nege tot twaalf maande het beter bestryding verskaf as 'n behandeling van ses maande in die somer of ses in die winter.

(iv) Skoonbewerking-behandelings wat knopwortel bestry, het ook 'n hoër opbrongs gelewer as die kontrole-behandeling.⁸⁾

(iii) /

7) Boerdery in Suid-Afrika, no. 141, Desember 1937, p. 538.

8) Ibid., no. 153, Des. 1938, p. 530.

(iii) Bathurst-proefplaas.

In die oostelike provinsie is ook 'n proefplaas opgerig veral met die oog op die kweek van pynappels in daardie gebied. Die vernaamste proefnemings op hierdie proefplaas was:

- (a) pynappel-seleksieproewe,
- (b) proewe met pynappels en kleinvrugte onder 'n papierkombersbedekking,
- (c) proewe om enkelkroon Smooth Cayenne-pynappels deur seleksie te teel,
- (d) ondersoek in verband met die gebruik van 'n papierkombers by pynappelboerdery,
- (e) sitrusproewe.

Die aard van die seleksieproewe te Bathurst blyk min of meer uit die volgende werksaamhede in verband met pynappels wat vandaar uitgevoer is gedurende die verslagjaar 1933/34. Die proefstasie het daarin geslaag om deur middel van seleksie die kruisteling 'n verbeterde tipe pynappel vir uitvoer te kweek. Verder het die stasie ook daarin geslaag om dubbel- en veelvuldige krone uit te skakel deur seleksie en is die uitvoer van nuwe soorte⁹⁾ moontlik gemaak. Proewe in verband met die gebruik van 'n grondkombers het getoon dat¹⁰⁾ dit prakties van min belang is vir die bewaring van grondvog.

Die vooruitgang van ons pynappelboerdery moet dan ook toegeskryf word aan die werk op die proefplaas te Bathurst.

(iv) Klipdrift-proefplaas, Langkloof.

Net soos die Nelspruitse proefplaas vir sub-tropiese vrugte en dië te Bathurst vir pynappels, is te Klipdrift in Langkloof 'n proefplaas opgerig hoofsaaklik vir navorsing ten opsigte van appels.

Die /

9) Boerdery in Suid-Afrika, op.cit., no.105, Des.1934,p.546-7.

10) Ibid., no. 129, Des.1936, p. 565.

Die vernaamste proewe wat daar gedoen is, behels:

- (a) Onderstamproeve met appels, pere, pruime, kwepers, ens.
- (b) Proewe met bessievrugtesoorte en haselneute.

Dit blyk dus dat die proefstasie hom nie uitsluitend op die proewe met appels toegelê het nie. Nietemin was appels die proefplaas se vernaamste belangstelling en het die plaas die boere ook ingelig oor metodes van boorbewerking, snoei, pluk, verpakking ens. Die appelboere is dan ook veel aan die plaas verskuldig vir die dienste wat gelewer is.

(v) Sagtevrugte en Druife.

Die vernaamste proewe in verband met hierdie tuinbouprodukte is in die Westelike Provinsie en by Vaalhartz uitgevoer. Dit het onder meer behels:

- (a) Snoei proewe met somervrugte.
- (b) Chlorose op somervrugtebome in die Westelike Provinsie.
- (c) Snoei van bladwisselende bome.
- (d) Bespuitingsproewe.
- (e) Proewe met die pluk- en verpakkingsmetodes en die goedhou van vrugte.

Hierdie is almal langtermynproewe en sodra die een afgeloop is, word 'n ander aangepak in die voortdurende pogings om slegs die beste soorte en metodes te ontwikkel.

Ten opsigte van druife wat hoofsaaklik in die Paarl onderneem is, is proewe gedoen ten einde die beste soort tafeldruif vir kommersiële druifeboerdery te ontwikkel,

asook /

asook proewe met druiwe ten einde 'n vroë druif te verkry. Gepaard hiermee gaan ook snoei-proewe, wingerdbewerking en die toets van die suikergehalte van die druif met die oog op die voordeligste pluktyd. In verband met die druifboerdery is daar ook periodiek kort kursusse te Elsenburg gehou waar die kursusgangers nie net ingelig is omtrent die kweek van druiwe nie, maar ook oor wynmakery.¹¹⁾

(vi) Groente en Blomme.

Belangrike ontwikkelings wat veral sedert die tweede wêreldoorlog aangepak en deurgevoer is, is die navorsing in verband met groente op feitlik soortgelyke skaal as dié in verband met vrugte. Die proewe is op die proefplaas te Nelspruit onderneem.

Gedurende 1947 byvoorbeeld is 'n beampte van die Afdeling oorsee gestuur om 'n studie te maak in verband met kommersiële blomboerdery en die vraagstukke in verband daarmee. Nog in dieselfde jaar is 'n begin gemaak met proewe op ons kommersiële blomplase in verband met bemestings- en besproeiingsproewe, terwyl die tekort aan spoorelemente ook aandag geniet het,¹²⁾ en gedurende 1951 is 'n nuwe Afdeling¹³⁾ vir Blomteelt op die Pretoria-tuinbounavorsingstasie aangelê.

(vii) Saad.

Die oorlogstoestande het die Afdeling ook genoodsaak om sy aandag aan saad te bestee. Dit het veral nodig geword weens die skaarste aan verskillende soorte saad wat voor die oorlog ingevoer is. Hieronder
het

11) Die proewe in verband met die vraagstukke reeds genoem, is van 'n langtermyn aard en alhoewel daar van tyd tot tyd waardevolle gegewens ingewin word, kom nuwe probleme weer na vore met die gevolg dat die meeste proewe nie wesenlik verander het nie, alhoewel die klem op ander aspekte val.

12) Boerdery in Suid-Afrika, no.141, Des.1937, p. 538.

13) Ibid., no. 309, Des.1951, p. 493.

Hieronder het geval veral groentesaad, grassaad en saad van sekere koolagtige gewasse. Die eerste stap wat die Afdeling in verband met saad onderneem het, was om die invoer van aartappelmoere te behartig weens die groot risiko daaraan verbonde. Verder het die Afdeling 'n saadinspeksiediens in die lewe geroep wat die saad wat deur handelaars te koop aangebied sou word, te toets en te sertifiseer. Dit was 'n baie belangrike werksaamheid omdat dit boere gevrywaar het teen moontlike kullery. Die dienste is dan ook uitgebrei tot die kwekers van saad om sodoende by die bron vas te stel wat die gehalte van die saad is.

Die omvang van die werksaamhede van die inspekteurs word moontlik die beste bewys deur die volgende gegewens in verband met hul werksaamhede. Gedurende die verslagjaar 1950/51 het die veldinspekteurs in verband met hul inspeksie-werksaamhede meer as tweeduisend-vyfhonderd besoeke aan plase en produsente en groot saadskoonmaak-inrigtings afgelê. Meer as vyfduisend sak lusernasaad van tweehonderd pond is elk ontleed vir suiwerheid en die aanwesigheid van dodder,¹⁴⁾ terwyl in die verslagjaar 1953/54 daar vyfduisend saadmonsters vir ontleding deur die saadtoetsstasie ingesamelcis. As gevolg van die steeds hoër vereistes wat aan die saad gestel is, is die normale roetinebepalings aansienlik uitgebrei en afgesien van die gewone suiwerheids- en ontkiemingstoetse, sluit die toetse sedert 1951 ook in die bepaling van tetragolium, bitterstof, onkruid, kiemenergie en saadskoonmaak.¹⁵⁾

Die totale oppervlakte onder saadgewasse onder kontrole van die Afdeling was ongeveer vierduisend morg gedurende 1953/54 en die waarde van die saadproduksie op 'n kweekprysbasis is bereken op £250,000.¹⁶⁾ Ook in hierdie verband lewer die Afdeling dus baie waardevolle diens aan die boer.

3. /

14) & 15) Boerdery in Suid-Afrika, no.248, Maart 1955, p. 115, 124.

16) Ibid.

3. Uitvoer.

Die uitvoer van vrugte was van die stigting van Unie af een van die vraagstukke wat hierdie Afdeling voortdurend besig gehou het. Die belangrikste aspek wat reeds gedurende 1912 ondersoek is, was die faktore wat die goedhou van vrugte bepaal. Die eerste proewe wat in dié verband in die Kaapstadse hawe uitgevoer is, was om vas te stel op watter temperatuur vrugte vir uitvoer gehou moes word om in die beste toestand oorsee aan te kom. Daar is vasgestel dat die mees geskikte temperatuur 32° was en dat teen hierdie temperatuur die vrugte in so'n toestand gehou kon word dat dit na aankoms in Engeland nog 'n week of tien dae kon hou. Temperature effens laer as 32° was ook goed, maar sodra dit hoër gaan, was die uitwerking beslis nadelig.¹⁷⁾

Deur proewe het die Afdeling ook kon vasstel dat seker vrugtesoorte en veral Burbank-pruime en geelvlesige perskes glad nie vir uitvoer geskik was nie. Sorgvuldige aandag het ook aan die lig gebring dat veral pruime, druiwe en perskes te vroeg gepluk word, en alhoewel hul onderweg na die mark nie sleg word nie, was hul smakeloos en dus vir die goeie naam van ons vrugte op die oorsese mark eerder skadelik as 'n aanwinst.¹⁸⁾

Ook ten opsigte van skeepstariewe het die Afdeling namens die produsente met die rederye onderhandel. 'n Voorbeeld van die aard en uitslag van die onderhandelings word meer duidelik uit die volgende:¹⁹⁾ Gedurende 1912 is daar byvoorbeeld daarin geslaag om 'n aansienlike afslag op die skeepsvrag vir vrugte te beding. Voordat die toegewings verkry is, was die minimum tarief vir sagte vrugte van Durban 60/- en van Kaapstad 55/- per veertig kubieke voet.

Volgens /

17) U.G. 47/13, p. 260.

18) U.G. 47/13, p. 261.

19) Hierdie aspekte is later deur die Sagtevrugtesaad gehanteer.

Volgens die nuwe ooreenkoms is 'n uniforme tarief van 40/- per veertig kubieke voet ingestel op alle gëinspekteerde vrugte en 'n minimum van 50/- op alle ongeinspekteerde vrugte.²⁰⁾ Die onderhandelings het dus nie net 'n algemene verlaging van die skeepsvrag ten gevolge gehad en dus 'n groter wins vir die produsent nie, maar dit het terselfdertyd ook 'n indirekte voordeel ingehou deur produsente aan te moedig om hul vrugte wat vir uitvoer bedoel was, te laat inspekteer. Op die manier kon die Afdeling dus groter kontrole verkry oor die uitvoer van vrugte en verseker dat slegs vrugte van 'n goeie gehalte uitgevoer word. Daar sou dan ook minder gevaar bestaan dat minderwaardige vrugte ons uitvoermark sou bederf.

Ten opsigte van die vrugte waarvoor daar nie 'n vermindering van die skeepsvrag verkry is nie, soos pynappels en sitrus, is tog ander belangrike voordele verkry. So byvoorbeeld het die rederye beloof om beter vragruimte aan die vrugte toe te staan en hul te hou in 'n temperatuur tussen 38° en 50°. ²¹⁾ Ook produsente van hierdie vrugtesoorte het dus voordele bekom waardeur hulle in staat gestel is om beter vrugte op die oorsese mark aan te bied.

Hierdie toegewings is verder aangevul deur die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie wat hom gewillig verklaar het om koeltrokke vir die vervoer van sagte vrugte na die hawens beskikbaar te stel.²²⁾ Hierdie toegewing het dus verder daartoe bygedra dat die vrugte toe op 'n ryper stadium gepluk kon word en tog nog in dieselfde toestand as voorheen, maar tog baie smaakliker, op die mark kon verskyn. Later sou hierdie toegewing ook uitgebrei word na die binne-landse marke.

20) U.G. 47/13, p. 245.

21) Op.cit., p. 254.

22) Ibid., p. 255.

4. Droëvrugte.

Net soos die Afdeling hom beywer het om die sagtevrugtenywerheid in die algemeen en die uitvoer in die besonder aan te moedig en uit te brei, so het hy ook die droëvrugtenywerheid op die hart gedra. Reeds gedurende 1916 kon die hoof van die Afdeling verklaar dat die gehalte van ons droëvrugte vergelyk kon word met dié van Kalifornië wat as die beste ter wêreld beskou was. In teenstelling met Kalifornië en in 'n mate ook met Frankryk waar die bedryf in die hande van die kleinboer was, was die grootboer in Suid-Afrika die persoon wat hom tot hierdie vertakking van die nywerheid aangetrek gevoel het. Die moontlikhede vir uitbreiding was geweldig groot omdat in 1916 ongeveer 1,750,000 lb. droëvrugte ingevoer is.²³⁾ Die plaaslike produksie was dus nie eens voldoende om aan die plaaslike aanvraag te voldoen nie, en dan was daar nog die buitelandse mark om te ontwikkel. Hiervoor was egter vrugte van puik gehalte en veral noukeurig gegradeerde vrugte nodig, en dit was veral ten opsigte van laasgenoemde dat Suid-Afrika baie agterlik was en vir die verbetering waarvan die Afdeling hom baie beywer het.²⁴⁾ Die gevolge het ook nie uitgebly nie en aan die einde van 1927 kon die hoof van die Afdeling as volg rapporteer: „Die verpakking en gradering van die meerderheid van uitvoerders (van droëvrugte) word nog altyd beter en in party gevalle is dit reeds uitstekend.”²⁵⁾ Die gehalte van ons droëvrugte en die mate waarin dit ook op die oorsese mark met die beste kan meeding, moet dus veral aan die voorligting en ywer van die Tuinbou-afdeling toegeskryf word.

5. /

23) U.G. 25/17, p.73-74.

24) U.G. 5/18, p. 85.

25) Boerdery in Suid-Afrika, no. 20, Nov. 1927, p. 361.

5. Vrugte-uitvoerregulasies.

Gedurende 1913 is vergaderings van die Afdeling en vrugte-uitvoerders gehou met die oog op die opstelling van regulasies wat die inspeksie van uitvoer-vrugte deur inspekteurs van die Afdeling verpligterd sou maak. Die algemene gevoel was dat alleen vrugte van hoë gehalte na die buitelandse marke gestuur moes word. Om te verseker dat alle uitvoerders aan dieselfde standaard voldoen, moes die inspeksie van alle uitvoervrugte verpligtend gemaak word. So 'n inspeksie sou ook voorkom dat die kwekers halfryp vrugte pluk en uitvoer net om die vroeë mark en hoë pryse te bekom afgesien van die nadelige invloed wat so 'n optrede op die goeie naam van ons vrugte kon hê. Regulasies is mettertyd opgestel en die voorgenome wetgewing is by wyse van Goewermentskennisgewing no.1723 van November 1913 afgekondig en gedurende 1914 in gewysigde vorm as wet aanvaar.²⁶⁾

Proewe is ook met druiwe uitgevoer ten einde te probeer om volgens die suikergehalte vas te stel op watter stadium die druiwe behoort gepluk te word om die oorsese mark in die beste toestand te bereik. Waarnemings het ook aan die lig gebring dat druiwe nie binne 'n week nadat dit gereën het gepluk en verpak moes word nie omdat dit dan nie so goed hou nie.²⁷⁾

'n Ander saak wat die aandag van die Afdeling geniet het, was die verpakking van vrugte. So bv. is daar reeds gedurende 1913 aangedring op die gebruik van standaard-kassies vir die verpakking van appels alhoewel daar gedurende daardie jaar slegs 223 kassies uitgevoer is.²⁸⁾ As gevolg van die voorligting van die Afdeling in hierdie verband het
die /

26) U.G. 2/16, p. 171, ook Uitvoer van Vruchtenwet no.17 van 1914, Uniewette, dl.1, p. 244-8.

27) U.G. 2/15, p. 180-1.

28) Ibid., p. 179.

die posisie so vinnig verbeter dat die hoof van die Afdeling in sy verslag oor die jaar 1915/16 met 'n mate van trots kon meld dat die verpakking van Suid-Afrikaanse vrugte ongeveer as die beste in die wêreld beskou is.²⁹⁾

Die seisoen 1925/26 was van besondere belang omdat toe vir die eerste keer Transvaalse somervrugte op groot skaal uitgevoer is. Dit was dus moontlik om die oorsese mark vroeër as gewoonlik met Suid-Afrikaanse vrugte te voorsien. Vir die eerste keer is gedurende dieselfde seisoen klein hoeveelhede lietsjies en vars pruimedante uitgevoer. Ook was daar 'n groot verbetering in die toestand van die vrugte wat oorsee bemark is te bespeur, wat grotendeels te danke was aan die verbeterde verkoelingsgeriewe en verbeterde reëlings met verskeping. Die Afdeling was nietemin nie tevrede met die toestand nie en het gevoel dat veral die verpakking nog heelwat kon verbeter veral sover dit die Transvaalse vrugte betref het. Verbetering kon teweeggebring word deur beter gradering volgens grootte en rypheid en die kweek van beter soorte.³⁰⁾

Gedurende 1926 is ook verdere belangrike wetgewing in verband met die uitvoer van vrugte aangeneem, en wel die Wet op die Reëling van die Uitvoer van Bederfbare Produkte.³¹⁾ Die wet maak voorsiening vir die instelling van 'n Raad van Toesig op die uitvoer van bederfbare produkte en die werking en pligte van die Raad is as volg omskryf:

Artikel (1) (a) om die uitvoer van bederfbare produkte uit die Unie en hul volgorde van verspeking te reël;

(b) om te beslis in watter skepe bederfbare produkte vervoer moes word en in welke soort van ruimte bederfbare produkte opgeneem moes word;

(c) /

29) U.G. 25/17, p. 75.

30) Boerdery in Suid-Afrika, no.9, Des.1926, p. 327.

31) Uniewette, dl.1, p. 284-296.

(c) om van mense wat voornemens is om uit te voer, 'n raming en ander besonderhede van hulle voorgename uitvoer op te vra en te ontvang;

(d) om van skeepselenaars of hulle verteenwoordigers inligting te verkry oor die geskikte ruimte vir die versending van bederfbare produkte wat beskikbaar is in 'n skip wat volgens sy reisplan 'n Uniehawe aandoen;

(e) om ter verskaffing van sodanige skeepsruimte vir die vervoer van bederfbare produkte, as wat die Raad nodig ag, inligting in te win, te onderhandel, of kontrakte te sluit of andersins daarvoor te sorg;

(f) om, wanneer die Raad dit nodig ag, bederfbare produkte na sodanige verskepingshawe te laat vervoer as wat volgens die oordeel van die Raad, met die oog op die beskikbare koelkamers en skeepsruimte, die mees geskikte is;

(g) om ondersoek in te stel na die behoefte van koelwaens en koelkamers vir bederfbare produkte vir uitvoer en daaromtrent voorstelle te doen aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë of 'n ander staatsdepartement;

(h) om voorstelle te doen oor die verskeping van bederfbare produkte van, op, of in spoorweggoederwaens en na, in en uit koelkamers;

(i) om sodanige ander werksaamhede te verrig met betrekking tot die uitvoer van bederfbare produkte uit die Unie en hul voorafgaande verkoeling, as wat die regulasies mag bepaal.

Uit die voorgaande bepalinge van die wet is dit baie duidelik dat die Raad van Toesig ingestel is om die uitvoer van bederfbare produkte te koördineer en te beplan. Behalwe vrugte het ook eiers, botter en kaas en (van 1935 af) ook vleis³²⁾ onder die toesig van die Raad geval. Nietemin
was /

32) Reëling van „Uitvoer van Bederfbare Produkte Wysingswet“, no. 31 van 1935. Uniewette, dl.1, p.296.

was die wetgewing ook vir die vrugtenywerheid 'n voorwaartse stap omdat die werksaamhede van die Raad van Toesig veel meer behels het as wat normalerwys verwag kon word van die Afdeling Tuinbou. So byvoorbeeld het die Afdeling belang gestel in die goedhou van die vrugte, maar die ondersoek na Koelkamergeriewe het seker buite die bestek van hulle werksaamhede geval, hoewel hulle ook dit op hul skouers geneem het by afwesigheid van 'n verantwoordelike liggaam. Die Raad van Toesig het dus met die medewerking van die Afdeling Tuinbou tot stand gekom en laasgenoemde gehelp om hom meer in besonder te bepaal by die doel waarvoor hy aanvanklik in die lewe geroep was.

6. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons ook weer kon toon hoedat die Departement van Landbou by wyse van een van sy Afdelings besonder baie gedoen het om tuinbou in die Unie aan te moedig en in besonder die vertakking wat met die uitvoer te doen het. Dit alles is gedoen enkel met die doel om Suid-Afrika 'n goeie naam op die oorsese mark te besorg en te laat behou, maar indirek het dit mettertyd die boeregemeenskap ten goede gekom deur die produkte van 'n beter gehalte te bemark en gevolglik hoër pryse te behaal.

- - - - -

HOOFSTUK XIV.

DIE SUIWEL-AFDELING.

1. Inleiding.

Reeds in die periode voor 1910 was daar in die afsonderlike kolonies voorsiening gemaak vir sake in verband met suiwelbereiding, alhoewel nie in alle kolonies spesifieke afdelings daarvoor verantwoordelik was nie. In Transvaal was daar byvoorbeeld 'n Superintendent van Suiwelbereiding terwyl in die Kaapprovinsie 'n suiweldeskundige met suiwelsake belas was. In Natal en die Oranje-Vrystaat was daar geen sodanige amptenaar wat spesiaal met dié soort verantwoordelikheid belas was nie, maar tog is daar heelwat voorlopige werk gedoen soos in die Oranje-Vrystaat waar suiwelfabriek opgerig is onder toesig van die Departement van Landbou. Onmiddellik na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika is 'n Suiwelafdeling georganiseer met 'n Superintendent aan die hoof van die Afdeling, bygestaan deur amptenare, inspekteurs en tegniese assistente. Die stigting van so 'n Afdeling het noodsaaklik geword weens die toenemende bedrywigheid op suiwelgebied en voorligting en toesig was veral nodig vir die handhawing van eenvormige en bevredigende standaarde. Daar is ook onmiddellik planne beraam vir die reël van kort kursusse aan die landbouskole in die verskillende vertakkinge van suiwelbereiding om belangstelling te wek en diegene wat belangstel voor te lig.¹⁾

2. Werkzaamhede.

Behalwe dat die Afdeling aandag geskenk het aan die handhawing van bevredigende standaarde was daar ook ander aspekte wat die aandag van die Afdeling geniet het, sommige /

1) U.G. 54/12, p. 21.

sommige waarvan ons hierna onder afsonderlike hoofde sal behandel.

(1) Higiëne.

'n Saak wat van die begin die aandag van die Afdeling geverg het, was die higiëne in die romerye. Skimmel in romerye het byvoorbeeld gedurende 1912 eerder toegeneem as afgeneem, en alle pogings is in die werk gestel om die romerye wat besmet was, skoon te kry. Selfs die hulp van die Afdeling Plant- en swamkunde is ingeroep om ondersoek in te stel na die oorsake wat die skimmel in die hand werk en na moontlike bestrydingsmiddels.²⁾

Gesien uit 'n higiëniese oogpunt was dit nie net wenslik dat die romerye skoon en onberispelik moes wees nie, maar ook die room en melk wat daar verwerk word en dus ook die vervoermiddels waarmee dit vervoer word. In sy rapport vir die jaar 1912/13 kla die hoof van die Afdeling dan ook oor die veelvuldige klagtes oor die uiters onbevredigende toestand van die koelwaens waarin botter vervoer moes word. Dit het byvoorbeeld herhaalde kere gebeur dat koelwaens wat bestem was vir die vervoer van suiwelprodukte, eers aan die vishandel afgestaan was en in die verband lui die rapport: „Dit feit heb ik persoonlijk dikwels opgemerkt en ik was ook by verschillende romeryen tegenwoordig, dat so een koelwagen aankwam, en wanneer deze geopend werd, de stank daarbinne genoeg was om iemand achterover te doen vallen”³⁾ Dit is dus te verstaan waarom dit vir die romerye so moeilik was om 'n bevredigende standaard te handhaaf omdat suiwelprodukte baie maklik bysmake opneem. Die opmerking toon egter ook dat die Afdeling 'n wakende oog oor die belange van die suiwelindustrie/

2) U.G. 47/13, p. 155.

3) Ibid., p. 156.

suiwelindustrie gehou het en die belange daarvan beskerm het selfs teenoor ander staatsdepartemente.

'n Ander klag teen die spoorweë was dat melk en room te lank in die son gelaat is met die gevolg dat eerste-klas versende room dikwels by die romerye as tweede graad geland het. Die toestande kon, volgens die Afdeling met 'n bietjie oorleg voorkom word en sou baie bydra om die probleme van die romerye te vergemaklik.

(11) Ondersoek van klagtes.

Die Afdeling het ook die moeilike taak gehad om die wantroue wat die boere teenoor die romerye gekoester het, uit die weg te ruim. Die algemene klagte was dat die romerye die room te laag gradeer. Om die boere toe gerus te stel en aan te toon dat daar geen kullery plaasvind nie, het die amptenare van die Afdeling die room getoets voordat dit versend word en ook onderweg na die romerye. Die bevinding was dat slegs in uitsonderlike gevalle die romerye se gradering verskil het van dié van die amptenare en in sulke gevalle is die betrokke romerye ernstig gewaarsku. Die toetse deur die Afdeling het egter verder aan die lig gebring dat meeste van die klagtes van die boere voortgespruit het uit die feit dat hulle die helfte van hulle room aan die een en die ander helfte aan 'n ander romery stuur, en dan die resultate vergelyk. Die Afdeling het die boere toe daarop gewys dat tensy al die room net voor versending baie deeglik gemeng word, daar geen basis van vergelyking is nie. Die klagtes was dus in die meeste gevalle sonder enige werklike gronde.⁴⁾ Of die Afdeling die boere kon oortuig, is egter nie 'n heeltemal uitgemaakte saak nie.

(111) /

4) U.G. 15/25, p. 169. Gedurende 1926/27 het inspekteurs van die Afdeling ook bevind dat sommige romerye room wat deur eersgenoemde as derdegraad geklassifiseer is, as eerstegraad geklassifiseer het. Boerdery in Suid-Afrika, no.20, 1927, p. 350.

(111) Verbetering van Kuddes.

Die Afdeling was ook oortuig dat daar in Suid-Afrika 'n sterk behoefte was aan 'n verbeterde veestapel en veral verbeterde melkkuddes en die Afdeling het gevoel dat die beste manier om dit te bewerkstellig sou wees om gedurende die melkperiode die melk van elke koel te weeg en aantekening daarvan te hou. Om sodanige optrede te bevorder, het die Afdeling die boere aangemoedig om die sogenoemde „cow testing“-verenigings te stig soos in ander lande bestaan het. Die gevolg van die bemoeiing van die Afdeling was dat daar gedurende 1913 twee sodanige verenigings gestig is en wel te Darling en te Mooirivier. Die regering het dit ook oorweeg om sodanige verenigings finansiëel te steun.⁵⁾

Alhoewel die verenigings verantwoordelik was vir die opstel van die gegewens van die melkproduksie, het die Afdeling ingestem om dit te hou. Die werkzaamhede het egter maar 'n wisselende mate van sukses geopenbaar met die gevolg dat die Afdeling in 1923 besluit het om die hele verantwoordelijkheid van 'n melkaantekeningskema op hom te neem. Daar is toe voorsiening gemaak vir die uitrusting en aanstelling van sestien persone om sodanige aantekeninge te maak en die gedagte was dat hulle almal voltyds met die werk besig sou wees. Die ernstige droogte en ernstige sprinkaanplaag waartydens die skema geloods is, het die posisie egter so benadeel dat in plaas van sestien aantekenaars uiteindelik slegs ses persone aangestel is en selfs hierdie ses was nie voltyds besig nie. So ernstig was die posisie van die suiwelboere dat nie slegs voornemende deelnemers afgesien het van hul deelname nie, maar ook boere wat reeds deelgenote was, het opgehou om daaraan deel te neem omdat die toestand van hulle

koele /

5) U.G. 2/15; p. 145.

koeie so swak was dat die aantekening nie die ware gehalte van die diere sou weerspieël nie. Aan die einde van die seisoen was daar egter reeds tekens van verbetering want in teenstelling met die nege-en-veertig kuddes met 329 koeie wat gedurende September 1923 getoets is, was die getalle vir Junie 1924 nege-en-vyftig kuddes met 496 koeie.⁶⁾

Gedurende 1927 het die Afdeling die gelde wat vir die opstel van die melkaantekening gevra is, verminder en toe het die boere meteens op groot skaal van die skema gebruik gemaak. Dit toon dat daar wel waardering was vir die skema maar dat die koste daaraan verbonde boere van deelname weerhou het. Bewys hiervoor is dat teen Junie 1928 is 325 kuddes bestaande uit 5,377 koeie getoets, in Junie 1929 565 kuddes van 10,378 koeie en in Junie 1930 altesaam 737 kuddes bestaande uit 13,033 koeie.⁷⁾

Teen 1930 het die melkaantekeningskema ook reeds sy waarde getoon want in sy jaarverslag meld die Hoof van die Afdeling dat dit al moeiliker gegaan het om 'n opreggeteelde melkrasbul van 'n ongetoetste koel verkoop te kry en die meeste melkprodusente het die offisiële melk- en bottervettoets van beide kante geëis. Die aantekeninge het dus vir koper sowel as verkoper 'n noodsaaklikheid geword. Die feit dat hierdie melkaantekeningskema in alle omstandighede deur die Afdeling behou is, is 'n verdere bewys van die waarde daarvan.

(iv) Beskerming van suiwelindustrie.

Die produksie van botter en kaas het goeie vordering gemaak, maar tog het die Afdeling gevoel dat die vordering beter sou gewees het indien daar meer instrukteurs was om te help met die ontwikkelingswerk. /

6) U.G. 15/25, p. 172.

7) Boerdery in Suid-Afrika, no.32, Nov.1928, p. 965, no.44, Nov.1929, p.378 en no.56, Nov.1930, p. 376.

8) Ibid., p. 377.

kelingswerk. Met die toename in produksie toon die invoersyfers ten opsigte van botter ook 'n afname. In 1913 was die invoer van botter byvoorbeeld 3,983,036 lb. teenoor 4,925,188 gedurende 1912.⁹⁾ Wat die Afdeling egter veront-
rus het, was die geleidelike styging in die hoeveelheid margerien en bottersurrogate wat ingevoer is. Die Afdeling was van sienswyse dat hier, net soos in Kanada, wetgewing aangeneem moes word om die invoer en die vervaardiging van bottersurrogate te verbied omdat dit 'n groot bedreiging was vir die natuurlike produk.¹⁰⁾ Die Afdeling het dus nie net probeer om die binnelandse produksie aan te moedig nie maar ook om die industrie teen oorsese mededinging te beskerm.

(v) Wetgewing van 1918.

Sedert 1910 tot 1918 het die suiwelindustrie vinnig uitgebrei, maar op 'n ietwat losse voet. Die posisie is egter verhelp met die aanname van die „Suiwelnywerheid Wet“, no. 16 van 1918.¹¹⁾ Die uitvoering van hierdie wet is opgedra aan die Suiwelafdeling. Die wet was 'n belangrike stap om die suiwelnywerheid op 'n vaste en gesonde grondslag te organiseer, veral met die oog op die produksie van kwaliteit produkte. Terselfdertyd het dit die arms van die amptenare versterk in hul langgekoesterde ideaal om die suiwelbereiding te verbeter. Die vernaamste bepalings van die wet was onder andere eerstens die verpligte registrasie van persele. Geen perseel kon vir die versameling van melk of room, die vervaardiging van botter, kaas, margerien, bottersurrogate, gekondenseerde melk gebruik word nie tensy sodanige perseel vir sodanige doel geregistreer was. (Art. 4(1)).

'n Tweede /

9) U.G. 2/15, p. 145.

10) U.G. 25/17, p. 51-52.

11) Uniewette, dl.1, p. 608-540.

'n Tweede baie belangrike bepaling was dat te eniger tyd nadat sodanige gebou of perseel geregistreer is, inspekteurs van die Afdeling die reg gehad het om die perseel te besoek en vas te stel of dit, veral wat higiëne betref, voldoen aan die vereistes van die wet. Monsters kon ook geneem word van die produk vir ondersoek. Enige opdragte kon daarna aan die eienaar uitgereik word om gebreke uit die weg te ruim. Dit het dan ook soms gebeur dat van die ou fabriek totaal herbou moes word ten einde aan die vereistes van die wet te voldoen.

Derdens is aan alle geregistreeerde suiwelfabriek registrasienommers en -merke gegee. Die wet het vereis dat die produkte van die romerye die nommer op die omslag moes toon en op dié manier kon enige gebreke in die produkte deur die nommers herlei word na bepaalde fabriek.

Vierdens moes alle persone wat in die romerye toets- en gradeerwerk gedoen het, self deur beamptes van die Afdeling getoets word. Indien hulle in die toetse geslaag het, is 'n bekwaamheidsertifikaat aan hulle toegeken. Hierdie toetse kon op 'n latere stadium herhaal word en indien 'n persoon dan nie geslaag het nie, kon die sertificate teruggetrek word. Op dié manier sou verseker kon word dat persone wat dié soort werk doen, hulself op hoogte van sake sou hou en sorg dat die produkte voldoen het aan die vereistes van die wet.

Die doelstelling van die wet was dus die bevordering van die gehalte van die produkte vervaardig en die skepping van die nodige wet om die nakoming van die standaarde te verseker.

Met die parlamentsitting van 1926 is 'n wysigingswet tot die Suivelwet van 1918 aangeneem waardeur voorsiening
gemaak /

gemaak is vir die beheer van die standarde vir roomys; boetes vir sommige oortredings volgens die vorige wet is verhoog, registrasie van geboue waar meer as vyf-en-sewentig gelling melk per dag gebruik is vir die maak van kaas en ook beheer oor die verkoop van welbotter is ingestel.¹²⁾

(vi) Propaganda en voorligting.

Die wisselende sukses waarmee die vordering in die Suiwelbedryf gepaard gegaan het, het die Afdeling ook ter harte geneem. Om dié rede het hulle besluit dat daadwerklike propaganda moontlik die suiwelbedryf sou versterk omdat dit nie die nodige aandag gekry het wat dit verdien het nie. Gedurende 1923/24 is so 'n propaganda-veldtog dan ook van stapel gestuur en was die amptenare van die Afdeling in verskillende rigtings besig om die moontlikhede van die bedryf te propageer. Veral is aan Transvaal baie aandag gewy met die oog op die noodsaaklikheid van goed georganiseerde suiwelbereidingskemas.

Hierdie propaganda is opgevolg met daadwerklike stappe in samewerking met die Spoorweg-administrasie wat padmotordienste ingestel het op enkele roetes om die boere binne die bereik van romerye te bring wat vir hulle voorheen onbereikbaar was.¹³⁾

Die Afdeling was ook besorg oor die gebrek aan kennis wat die meeste roomprodusente van hul besigheid gehad het en oor die gebrek aan persoonlike en verantwoordelike toesig in baie van die fabrieke. Ten einde die toestand te verbeter, het die Afdeling gedurende 1926 'n konferensie te Pretoria belê vir bestuurders van roomfabrieke en room-depôts. Op hierdie konferensie is sake van 'n praktiese en tegniese aard bespreek en dit moes veel bygedra het om

die /

12) Zuivelnywerheidswet, 1918, Wyzigingswet, no.14 van 1926, Uniewette, Dl.1, p.540-2.

13) U.G. 15/25, p. 169.

die insig en belangstelling van bestuurders te verbreed en gaande te maak.¹⁴⁾

'n Soortgelyke byeenkoms is gedurende 1929 gehou vir romerywerkers uit alle dele van die land. Behalwe die verskillende referate wat daar gelewer is en die besprekings oor verskeie aspekte, was daar ook kompetisies in roomgradering en die beoordeling van botter¹⁵⁾ wat die byeenkoms nie net interessant nie, maar seker ook baie leersaam gemaak het.

(vii) Navorsing.

Die Afdeling het gevoel dat daar bepaalde probleme opduik wat alleen deur wetenskaplike navorsing opgelos kon word en dat sodanige navorsing die beste gekoördineer kon word in 'n sentrale navorsingsinstituut. Die gevolg van die sienswyse van die Afdeling was dat gedurende 1927 'n suiwelnavorsingsinstituut opgerig is deur die Departement van Landbou in medewerking met die Landbou-fakulteit van die Transvaalse Universiteitskollege, te Pretoria. Die instituut sou 'n onderdeel wees van die Afdeling Akkerbou en Veeteelt van die Departement van Landbou.

Die werksaamhede van die instituut sou wees om navorsing te doen op die gebied van suiwelbereiding en om die nywerheid behulpzaam te wees met ontledingswerk. Uit die aard van die saak was daar 'n hele aantal sake wat die onmiddellike aandag van die instituut vereis het en ons noem enkele daarvan:

(a) 'n Studie van gasvoortbringende organismes in melk en suiwelprodukte. Hierdie organismes het die nywerheid jaarliks groot verliese berokken. Die doel van die studie was dus om die bron van die organismes te bepaal en /

14) Boerdery in Suid-Afrika, no.20, Nov.1927, p. 351.

15) Ibid, no. 44, Nov. 1929, p. 378.

middels te soek om besmetting te voorkom.

(b) 'n Studie van die rooiverkleuring van kase en botter. 'n Aantal organismes wat daarvoor verantwoordelik was, was reeds geïsoleer, maar daar is gevoel dat ook ander organismes daarvoor verantwoordelik kon wees.

(c) 'n Studie van die standaardisasie van suur in die room vir bottermaak met spesiale aandag aan die geskiktheid van sekere neutraliserende middels vir gebruik in Suid-Afrikaanse fabriek.

(d) Ondersoeke in verband met die verwydering van afval by suiwelfabriek veral in die platteland waar daar geen rioolstelsel is nie en die afval baie las veroorsaak.¹⁶⁾

(viii) Verdere Wetgewing, 1930.

Soos ons reeds aange-
toon het, is daar by wyse van wetgewing gepoog om die suiwel-
industrie op 'n gesonde en veral higiëniese grondslag te
plaas. Die Afdeling het egter gevoel dat veel verder gegaan
moes word as net die beheer van die fabriek en die gradeer-
ders daarin. Ook het dit nodig geblyk om die produkte,
nadat dit die fabriek verlaat het, deur wetgewing te beheer.
Sodanige wet is toe in 1930¹⁷⁾ aangeneem. Die wet was 'n
uitvloeisel van 'n ondersoek wat die Raad van Handel en
Nywerheid na die Suiwelnywerheid ingestel het en hul bevindings
tydens die ondersoek.¹⁸⁾

Die /

16) Boerdery in Suid-Afrika, Nov. 1928, no.32, p. 965.

17) Suiwelnywerheidswet, no.35 van 1930, Uniewette, dl.1, p. 544-590.

18) Verslag no. 81 van 1927 van die Raad van Handel en Nywerheid: "Report of the Board of Trade and Industries on the Dairy Industry".

Die wet van 1930 het voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid. Die Raad van Toesig is gemagtig om 'n premie te hef op alle botter en kaas en surrogate daarvan wat in die Unie ingevoer is of hier vervaardig is en verder om 'n subsidie te betaal op alle uitgevoerde botter en kaas. Deur die Suiwelnywerheids wysigingswet van 1932¹⁹⁾ is die Raad van Toesig verder gemagtig om die heffingsgelde te bestee om:-

- (a) pryse van suiwelprodukte in die Unie te stabiliseer,
- (b) die koste van produksie, vervaardiging of bemarking van suiwelprodukte te verminder,
- (c) die groter verbruik van suiwelprodukte aan te moedig,
- (d) oor die algemeen die ontwikkeling van die suiwelbedryf te bevorder.

Die wysigingswet het die Raad van Toesig ook gemagtig om die hoeveelheid botter en kaas wat uitvoer moet word, te kontroleer. Op hierdie manier sou die binnelandse aanbod by die binnelandse vraag aangepas kon word en die binnelandse prys dus op 'n ekonomiese basis geplaas word.

Ander werksaamhede van die Raad van Toesig volgens die wetgewing, het die volgende omvat:

- (a) die koördinerings, sover moontlik, van die oorspronklike voortbrenging, vervaardiging en bemarking van suiwelprodukte,

- (b) die neem van maatreëls wat volgens die oordeel van die Raad van Toesig nodig is om die pryse van suiwelprodukte in die Unie te stabiliseer,

(c) /

19) Wet no.7 van 1932, Uniewette, dl.1, p. 592.

(c) verlening van advies aan die Minister met betrekking tot die vernuwing van registrasie van enige botterfabriek, kaasfabriek, roomdepot of fabriek vir botter-surrogate, asook die registrasie van nuwe fabriekke, en

(d) oor die algemeen die verlening van advies aan die Minister omtrent alle sake aangaande die ontwikkeling van die suiwelnywerheid en die aanbeveling van enige stappe wat volgens die Raad se oordeel strek tot bevordering van die algemene welvaart van die nywerheid.

Hierdie wet soos gewysig²⁰⁾ was dus 'n belangrike mylpaal in die pogings wat aangewend is om die suiwelnywerheid op 'n hegte grondslag te plaas. Nie net is die produksie van suiwelprodukte in die fabriekke onder toesig geplaas nie, maar ook is die primêre produsent verseker van 'n billike behandeling. In hierdie verband verklaar die Hoof van die Afdeling in sy jaarverslag 1930/31: „....., maar dit is tog 'n feit dat ten gevolge van die werksaamhede van die Raad die prys van kaas sowel as botter op 'n aanmerklike hoër pyl gehou is as wat anders die geval sou gewees het; en produsente van melk, room en plaasbotter het dientengevolge baie voordeel daaruit getrek. Ofskoon pryse laag was, veral van melk vir kaasmaak, kan 'n mens hom nouliks voorstel wat die toestand van die boere sou gewees het as die Wet en die Raad gedurende die afgelope seisoen nie in werking was nie.”²¹⁾ Trouens, in die wet is al die aspekte waaraan die Suiwelafdeling jare reeds aandag geskenk het, saamgevat. Die instelling van 'n Raad van Toesig het ook die Suiwelafdeling in staat gestel om hom meer spesifiek toe te lê op dié aspekte waarvoor hy ingestel is.

(ix) /

20) Suiwelnywerheidswysigingswet no. 7 van 1932, no.51 van 1934, no.60 van 1935.

21) Boerdery in Suid-Afrika, no.68, Nov. 1931, p. 313.

(ix) Uitvoer.

Die Afdeling het reeds kort na sy instelling die groot moontlikheid van die suiwelbedryf ingesien en vroeg reeds voorbrand gemaak teen moontlike oorproduksie. Dit is om dié rede dat die Afdeling reeds gedurende 1913 'n proefbesending botter na Engeland gestuur het. Die proefneming was in alle opsigte geslaagd omdat die botter nie net in uitstekende toestand oorsee aangeland het nie, maar ook goeie pryse behaal het.²²⁾ Die pogings om 'n uitvloei vir moontlike oorskotte te skep, is egter deur die eerste wêreldoorlog in die wiele gery, en verdere poging sou eers lank daarna aangewend word.

Namate die botter- en kaasproduksie die plaaslike aanvraag begin oortref het, het die afsetprobleem sterk na vore gekom. Die uitvoermoontlikhede van 1913 is in gedagte geroep, maar daar is besef dat die uitvoer baie versigtig aangepak moes word omdat 'n terugslag baie nadelig sou wees, terwyl sukses daarenteen die bedryf tot nuwe hoogtes kon voer. Nietemin is klein hoeveelhede botter en kaas hoofsaaklik na naburige gebiede uitgevoer.²³⁾ Die oogmerk was egter 'n mark in Engeland, maar die uitvoer daarheen is, om die reeds genoemde redes, deur die Afdeling noukeurig dopgehou. Alle botter en kaas vir uitvoer bedoel, is deur die Afdeling se inspekteurs ondersoek en gegradeer. Hoe noodsaaklik dit was, blyk uit die feit dat gedurende 1930 byvoorbeeld 50,469 kaste botter uit 'n totaal van 80,266 gedogradeer is. Dit toon terselfdertyd dat die botter wat op die binnelandse mark verkoop was, nie van besondere hoë gehalte was nie. Die posisie ten opsigte van kaas was beter wat gehalte betref het, maar daar weer was die groot gebrek deeglike verpakking. Om die leemte uit te skakel, is kratte
wat /

22) U.G. 47/13, p. 155.

23) Boerdery in Suid-Afrika, no.44, Nov.1929, p. 377.

wat deur Nieu-Seeland vir die verpakking van kaas gebruik is, en op die Londense mark baie gewild was, voorgeskryf,²⁴⁾

Die swak gehalte van die botter is herlei tot die hantering van room in die fabrieke. Die Afdeling het dan ook telkens weer die noodsaaklikheid om die room beter te gradeer en te hanteer, beklemtoon. Dit was veral noodsaaklik dat die room so gou doenlik moes afgekoel word ten einde dit goed te hou. Ook sou dit baie daartoe bydra om die vissmaak wat die botter ontwikkel, teen te werk.²⁵⁾

Die romerye wou graag meewerk om die uitvoer op 'n gesonde grondslag te plaas en in 1929 is die Minister versoek om 'n konferensie te belê waarop al die betrokkenes by die vervaardiging en uitvoer van suiwelprodukte teenwoordig sou wees.. Die gevolg van die konferensie was die stigting in 1929 van 'n botterstabilisasievereniging op 'n vrywillige grondslag. Die romerye kon egter uiteindelik nie tot 'n ooreenkoms geraak nie, en die planne het deur die mat geval.²⁶⁾ Gelukkig is die posisie gered deur die Suiwelnywerheidswet van 1930.

Gedurende 1932/33 het die suiwelbedryf 'n ernstige krisis beleef toe oorsese pryse totaal in duie gestort het. Die posisie van die suiwelnywerheid is egter verhelp deur die subsidie wat deur die nywerheid self uit sy eie fondse betaal is en uit 'n subsidie van die regering. Hierdie hulp was egter nie voldoende om vir die tekort op produksiekoste te vergoed nie, met die gevolg dat ander stappe gedoen moes word. Die Raad van Toesig het daarop alle botterfabrieke verplig om 'n pro rata deel van hulle produksie uit te voer waardeur die ophoping van surplusse voorkom is. Tweedens het botterprodusente 'n poelskema gevorm waardeur dit vir hulle moontlik was /

24) Boerdery in Suid-Afrika, no. 56, Nov. 1930, p. 374-5.

25) Ibid.

26) Ibid., no. 44, Nov. 1929, p. 376.

was om pryse op 'n bevredigende peil vir die vervaardigers te hou, maar wat tog ook redelik was vir die verbruikers. Derdens is die prys van bottervet deur die Raad van Toesig vasgestel in ooreenstemming met die algemene pryse wat vir botter hier en oorsee ontvang is.²⁷⁾

Die uitvoer van ons surplusvoorrade het 'n goeie mark oorsee opgebou, wat ongelukkig gedurnede 1933/34 'n ernstige terugslag ondervind het, omdat die uitvoer van botter weens die droogte van April 1933 tot Januarie 1934 gestaak moes word. Dit was baie ongelukkig omdat dit juis geskied het op 'n oomblik toe die Suid-Afrikaanse produk 'n stewige houvas op die Londense mark begin kry het. Die uitvoer van kaas het nietemin voortgegaan, alhoewel op verminderde skaal.²⁸⁾ Met die verbetering in die weiding gedurende 1934 het die botteruitvoer geweldig toegeneem en het die subsidie wat deur die Raad van Toesig betaal is, die fondse baie uitgeput. Daar is toe besluit om die subsidie op uitvoerbotter te verminder van 6d, 5d en 4d vir eerste, tweede en derde graad tot respektiewelik 4d, 3 en 2d. Aanvanklik het dit 'n vermindering in die verkoopprys vir die romerye beteken, maar die vermindering is in die tweede helfte van 1935 vergoed deur 'n styging in die oorsese prys van botter.²⁹⁾

Ons kan dus met veiligheid sê dat die Suiwelafdeling van die begin af 'n wakende oog gehou het oor die gehalte van die suiwelprodukte, nie net vir binnelandse verbruik nie maar veral vir die oorsese mark.

(x) Binnelandse Verbruik.

Feitlik in al sy verslae maak die hoof van die Suiwelafdeling melding van die lae verbruik van /

27) Boerdery in Suid-Afrika, no.93, Des.1933, p. 486.

28) Ibid., no. 105, Des.1934, p. 474-5.

29) Ibid., no.117, Des.1935, p. 509-510.

van suiwelprodukte per hoof van die Unie se inwoners in vergelyking met dié van ander lande. Die opmerking geld egter slegs vir die verbruik van fabrieksbutter omdat daar geen outentieke statistiek omtrent die verbruik van plaasbutter bestaan het nie. Die Afdeling het egter gevoel dat stappe gedoen behoort te word om die binnelandse verbruik aan te moedig en so het in Augustus 1935 die staatsondersteunde botter- en melkskema in werking getree. Die skema is deur die regering gesubsidieer en deur die Raad van Toesig geadministreer.

Die doel van die skema was eintlik tweeledig. In die eerste geval wou die regering hierdie voedselprodukte binne bereik van die minderbevoorregtes plaas, maar terselfdertyd die binnelandse verbruik daarvan vermeerder. In die eerste plek is gepoog om die melk wat in botter en kaas omgesit sou word, tot die beskikking van skoolkinders te stel. Ten einde te voorkom dat die nuwe skema produksie stimuleer en weer opnuut oorproduksie in die hand werk, het die Raad van Toesig 'n prysskedule opgestel wat gewissel het van 8d tot 1s 2d per gelling al na gelang van die hoeveelheid melk wat gelewer is, die afstand wat die vervoer word, klimaatstoestande en pasteurisasiekoste, indien enige. Waar melk nie teen redelike pryse voorsien kon word nie, kon in plaas daarvan kaas aan die kinders gegee word. Alle leerlinge in primêre skole en behoeftige kinders in hoërskole het onder die skema geval. Melk en kaas is slegs op skooldae verskaf behalwe in die geval van behoeftige kinders onder skoolgaande ouderdom en wat in die vakansie deur welsynsorganisasies van melk voorsien is.³⁰⁾

Wat die botterskema betref, is botter deur goedgekeurde liefdadigheidsorganisasies aan behoeftige persone voorsien op 'n basis van 'n halwe pond botter per persoon

per /

30) Boerdery in Suid-Afrika, no. 129, Des. 1936, p. 521.

per week. Alle voorsorgsmaatreëls is egter getref om te verhoed dat die skema nie die normale verkoop van fabrieksbotter in die wiele sou ry nie. Daar is naamlik bepaal dat inrigtings wat in die verlede fabrieksbotter gekry het, daarmee moes aanhou en slegs sy voorrade met staatsbotter mog aanvul indien die totale aankope nie meer beloop nie as 'n halwe pond per persoon per week met 'n maksimum van vier pond per gesin per week. Tehuise vir behoeftiges en arm kinders is egter toegelaat om onder die skema botter vir hulle inwoners aan te koop, terwyl ander liefdadigheidsorganisasies soos die Heilsleër, kerkorganisasies, ens. botter onder die skema kon aankoop vir herverkoop of gratis uitdeling aan persone onder hulle onmiddellike sorg. Die skema het groot hoeveelhede suiwelprodukte van die begin af opgeëis soos uit die volgende syfers blyk. Sedert Augustus 1935 tot Junie 1936 is die volgende bedrae ten opsigte van botter, melk en kaas uitbetaal: Melk aan skole £46,900, kaas aan skole £32,500 en botter aan liefdadigheidsorganisasies £7,200. Die hoeveelheid melk en kaas wat per maand aan skole verskaf is, was 106,251 gëlling melk en 175,000 lb kaas.³¹⁾

Dit is dus baie duidelik dat die skema sommer van die begin af groot hoeveelhede melk, botter en kaas vir die binnelandse mark opgeëis het. Nieteenstaande die Raad van Toesig se voorneme om nie produksie te stimuleer nie, kan 'n mens moeilik voorsien hoe dit voorkom kon word. Ons moet egter toegee dat 'n deel van die melk wat aan skole verskaf is, moontlik weens die afstand van fabrieke nie vir die produksie van botter of kaas aangewend sou gewees het nie. Die skema het dus ook vir die melkboer op die afgeleë plekkies 'n afsetgebied vir sy melk gebied. Verder het die

skema /

31) Boerdery in Suid-Afrika, no. 141, Des. 1937, p. 492.

skema suiwelprodukte binne die bereik van duisende geplaas en beslis die binnelandse verbruik gestimuleer. Om die groei van die skema te illustreer, gee ons nog enkele syfers ten opsigte van die skema. Op 31 Maart 1937 was daar byvoorbeeld sowat 250 inrigtings en ongeveer 40,000 persone wat staatsbotter onder die skema ontvang het, terwyl vir die jaar geëindig 31 Maart 1937 1,470,000 gelling melk, ongeveer 1,230,000 lb. kaas aan skoolkinders verskaf is.³²⁾ Vir 1937/38 is die syfers as volg: 2,282,852 lb. botter aan 43,500 families bestaande uit ongeveer 80,000 persone; 1,486,126 gelling melk en 1,189,013 lb. kaas aan skole.³³⁾

Ons sal die skema nie verder op die spoor volg nie daar dit meer en meer ontwikkel het tot 'n staatsondersteunde voedingskema. Ons wil egter nog eens volstaan met die opmerking dat die skema 'n baie heilsame uitwerking op die suiwelbedryf in die Unie gehad het, veral omdat dit ingestel was op 'n tydstip toe die bemarkingsprobleem baie moeilik was.

3. Die Suiwelraad.

In ooreenstemming met die bepalings van die Bemarkingswet van 1937 is daar gedurende 1939 'n Suiwelraad in die lewe geroep en is die bemarking van suiwelprodukte deur een kanaal onderneem. Pryse vir suiwelprodukte is ook vasgestel van die primêre produsent af tot by die verbruiker. Met die instelling van die Suiwelraad was daar egter nie algemene instemming nie en het die „Witwatersrand Dairymen's Association" 'n petisie by die hooggeregshof ingedien om die regsgeldigheid van die skema te toets. Die gevolg was dat die hof die skema vir vars melk ongeldig verklaar het en moes die Bemarkingswet eers gewysig word. Nietemin is die

skema /

32) Boerdery in Suid-Afrika, no. 141, Des. 1937, p. 493.

33) Ibid., no. 153, Des. 1938, p. 483.

skema vir vars melk daarna nie weer onder die Suiwelraad geplaas nie.

Gedurende die oorlogsjare het die verbruik van melk toegeneem en teen 1942 was dit duidelik dat die verbruik die produksie voortdurend sou oortref tensy die produksie opgestoot kon word. Met die oog op 'n verhoogde produksie het die Suiwelraad vroeg in die jaar aangekondig dat daar 'n premie op bottervet gedurende die wintermaande betaal sou word. Die premie sou 3d per lb. bottervet wees ten opsigte van alle grade van 1 Mei af plus 'n addisionele 2d per lb. van 1 Julie af. Hierdie premie het die gewenste uitwerking gehad en gedurende die wintermaande is tweemiljoen lb. meer kaas en botter geproduseer as gedurende die ooreenstemmende tydperk gedurende 1941 nieteenstaande die baie droë somer van 1941/42.³⁴⁾

Gedurende die oorlog en veral gedurende 1942 en 1943 het die produsente gekla dat die pryse van melk en bottervet nie voldoende was om produksiekoste te dek nie. 'n Onderzoek is daarop ingestel en op aanbeveling van die Kommissie is die prys van sowel melk vir kaas as kondenseermelk en bottervet verhoog sodat boere 'n gemiddelde prys van 24d per lb. bottervet en 11d per gelling kaasmelk oor die seisoen as geheel ontvang het.³⁵⁾

4. Samevatting.

Sedert 1946 tot 1954 het daar geen noemenswaardige verandering ingetree in die Suiwelafdeling of die beleid wat gevolg is nie. Ons kan die hoofstuk egter nie afsluit nie, sonder om die feit te beklemtoon dat die suiwelafdeling besonder veel gedoen het in belang van die suiwelbedryf en dat sonder die werksaamhede van die Afdeling die

bedryf /

34) Boerdery in Suid-Afrika, no. 202, Jan. 1943, p. 30.

35) Ibid., no. 240, Maart 1946, p. 173.

bedryf vandag beslis baie swakker daaraan toe sou wees.
Dit was ook opmerklik hoedat die Afdeling telkens meegewerk
het tot die stigting van ander liggame soos die Raad van
Toesig en later die Suiwelraad om die werkseamhede wat buite
die eintlike veld van die Afdeling val, maar tog noodsaaklik
was vir die bevordering van die bedryf, te behartig.

SKAPE- EN WOLAFDELING.

1. Inleiding.

Reeds voor die totstandkoming van Unie het die skaapbedryf 'n belangrike afdeling van die boerdery gevorm en daarom was dit byna vanselfsprekend dat die „Publieke Dienst Kommissie“ die stigting van 'n Afdeling vir die behartiging van die belange van hierdie boerderyvertakking sou aanbeveel. Die vernaamste werksaamhede van hierdie Skape- en Wolafdeling sou wees om skaapboere van advies te dien ten opsigte van skaapboerdery, die voorbereiding van die wol vir die mark, en om persone op te lei om skape te beoordeel, wol te sorteer, ens. Ook is besluit om die bestryding van brandsiekte nie onder die Veeartseny-afdeling te laat ressorteer nie, maar ook onder hierdie Afdeling omdat die beheer oor die siekte „meer van 'n administratiewe aard“ was daar die siekte en die bestrydingsmetodes alombekend was. Ten einde die dienste so doeltreffend moontlik te organiseer, is die Unie in verskillende streke verdeel met 'n senior skaapinspekteur of skaap- en woldeskundige aan die hoof met 'n aantal skaapinspekteurs en assistente om hom by te staan. Die inspekteurs sou later onderrig in skape en wol ontvang sodat hulle meer as net inspekteurs van brandsiekte sou kon wees en die boere dus op 'n breër grondslag van hulp kon wees.¹⁾

2. Skaap- en Woldeskundiges.

Die taak van die skaap- en woldeskundiges sou wees om die boere by wyse van voorlesings en demonstrasies te onderrig en voor te lig in die uitsoek van skape vir teeltdoeleindes en die sorteer van wol. Hierdie deskundiges het 'n deeglike opleiding deurloop en gedurende

1) U.G. 54/1912, p. 18-21.

1912 was byvoorbeeld twee aspirant-deskundiges besig met hul studies in Australië.²⁾

As gevolg van die groot behoefte wat daar bestaan het aan deskundiges om die boere te onderrig, is besluit om die skaapinspekteurs te onderrig sodat ook hulle die boere kon help in die beoordeling van skape en sorteer van wol. Die drukke werksaamhede het egter meegebring dat hierdie plan nie op enige noemenswaardige skaal toegepas kon word nie.³⁾ Dit was nietemin 'n voorwaartse stap waaruit die boere op die lang duur tog voordeel sou trek.

Dat die skaap- en woldeskundiges van die Afdeling beslis baie moes bygedra het tot die vooruitgang van ons skaapbedryf, ly geen twyfel nie. Hul vernaamste taak was om die boere se skape te klassifiseer en die swakkes uit te soek vir verkoop as slagvee en slegs die beste te hou as aanteelvee. Die omvang van hul werksaamhede word in 'n mate aangegee in Tabel LXXXII waarin die getal skape gehanteer, plase besoek en voorlesings gehou oor 'n aantal jare, aangeteken is.

Tabel LXXXII.

Werksaamhede van Woldeskundiges.

Jaar	Getal skape hanteer	Aantal lesings	Getal plase besoek
1913	350,000	-	-
1916	379,500	346	-
1917	489,732	147	1,572
1918	420,931	96	1,575
1920	496,911	425	1,670 (oor 15 maande)
1921	261,745	95	740
1922	334,611	161	1,189
1923	596,248	333	2,517
1924	498,907	252	2,105

Die omvang word moontlik verder duidelik uit besonderhede oor die jaar 1918. Gedurende daardie jaar was daar byvoorbeeld maar slegs tien deskundiges wat beteken dat elkeen

minstens /

2) U.G. 47/13, p. 12.

minstens 157 plase besoek, 42,093 skape gehanteer en 9.6 lesings gelewer het. Daarbenewens het hulle ook nog tesaam vier-en-sestig boereverenigings toegespreek, by drie-en-sestig landboutentoonstellings as beoordelaars opgetree, ag-en-veertig demonstrasies gelewer en 'n totaal van 55,154 myl afgelê.³⁾ Hierdie werksaamhede was des te meer 'n prestasie daar dit gelewer is gedurende die groot ontwrigting as gevolg van die griepepidemie.

3. Verbeterde Boerderypraktyke.

Dit was reeds in 1913 vir die Afdeling baie duidelik dat die bestaande boerderypraktyke baie verkeerd was. Dwarsdeur die Unie was daar die algemene verskynsel dat die skape en bokke bedags myle en myle moes aflê na weiveld, water en die krale om die volgende dag die roetine te herhaal. Die nadele van die stelsel was eerstens die swak gehalte van die wol en gevolglik laer pryse weens die stowwerigheid daarvan. Tweedens het die vee die veld vertrap en voetpaadjies uitgetrap na die drinkwater en krale, wat meegehelp het om die grondverspoeling te vererger. Die boerderypraktyk het dus sowel direkte as indirekte nadelige gevolge vir die skaapboer ingehou. Die praktyk kon verbeter word deur die volgende stappe wat deur die Afdeling aanbeveel is:⁴⁾

(i) Die plaas moet in kampe verdeel word elk met genoegsame drinkwater vir die vee.

(ii) Die boere behoort minder vee aan te hou en hulle eerder op kwaliteit as op kwantiteit toe te lê.

(iii) Bome moet aangeplant word vir skaduwee en beskutting.

(iv) Grasse en ander gewasse moet aangeplant word en voorsiening moet gemaak word vir voedsel vir die winter en tydens droogtes.

Dat /

3) U.G. 14/19, p. 51.

4) U.G. 2/15, p. 85-86.

Dat daar wel boere was wat aan die raad van die Afdeling gehoor gegee het, ly geen twyfel nie en veral nie wat hul strewe na die verbetering van die kwaliteit van hul kuddes betref nie. Vir hierdie strewe is die omvang van die werksaamhede⁵⁾ van die skaap- en woldeskundiges afdoende bewys. Hierby moet nog gevoeg word dat die deskundiges onmoontlik aan al die navrae na hul dienste kon voldoen. Die toenemende vraag na die dienste van die deskundiges moet dan ook beskou word as 'n duidelike bewys van die strewe om die kuddes te verbeter. 'n Ander bewys van die verbetering van die kuddes en die vertroue wat in die deskundiges gestel is, is dat teen 1917 feitlik al die stoettelers hul kuddes aan die deskundiges oorgelaat het vir beoordeling en verbetering.⁶⁾

Die Afdeling het nie net geprobeer om die boere te help en aan te moedig om hul veestapel te verbeter nie, maar ook om hul wol beter te sorteer ten einde beter pryse te behaal. Hierdie pogings is egter vroeg reeds in 1912 in die wiede gery toe kopers geweier het om meer te betaal vir gesorteerde as vir ongesorteerde wol. Die Afdeling het daarop die boere wat wel hul wol gesorteer het, aanbeveel om indien hulle nie die gewenste prys kry nie, die wol direk na Engeland te stuur vir verkoop. Sommige boere het hierdie raad gevolg en een so 'n besending van wol gesorteer deur 'n woldeskundige, het die volgende pryse in Engeland behaal teenoor 'n maksimumprys van 9d per lb. in Suid-Afrika.

Tabel LXXXIII.

Pryse van gesorteerde Suid-Afrikaanse wol in Engeland, 1913.⁷⁾

<u>Klas wol</u>	<u>Prys per lb.</u>
	<u>d</u>
24 bale Superieure kamwol	13
13 bale eerstegraad-kamwol	11 ³ / ₄
28 bale kamwol	11
4 " kleurwol	9 ¹ / ₂
4 " penswol	6 ² / ₂
1 " vuilwol	5
1 " lokke	4
2 " eerste lammerwol	11
2 " tweede lammerwol	8

Die /

5) Vergelyk Tabel LXXXII op p.2 van hierdie hoofstuk.

6) U.G. 25/17, p. 41-42.

7) U.G. 47/13, p. 97.

Die maksimum pryse wat in Engeland behaal is, was dus dus ruim vier-en-veertig persent hoër as die maksimum in Suid-Afrika en dit sou dus die boere beslis betaal het om hul wol deeglik te sorteer en oorsêe te bemark. Die toestand op die Suid-Afrikaanse mark sou egter nog lank sy ou karakter behou want baie min boere het destyds hul wol na die kus gestuur vir verkoop. Gewoonlik is dit aan plaaslike handelaars of spekulante op die plaas verkoop. Daar is beraam dat gedurende 1913 byvoorbeeld slegs drie-en-sewentig boere hul wol oorsêe bemark het, terwyl ongeveer 6,554 boere hulle wol na die kus gestuur het en 63,439 hul wol in die binneland van die hand gesit het.⁸⁾ Die oorgrote meerderheid van die boere het dus verkoop aan persone wat nie belang gestel het in gesorteerde wol nie en ons moet aflei dat die oorgrote meerderheid boere ook nie daarin belang gestel het nie. Dit blyk baie duidelik dat die Afdeling die belange van die skaapbedryf deeglik op die hart gedra het, maar dat hulle soms met probleme te kampe gehad het waarteen hulle feitlik magteloos was. Die tyd het egter getoon dat die wenke van die Afdeling wel die moeite werd was en dat al meer en meer boere begin het om hul wol te sorteer.

4. Die Omheiningwet van 1922.

Die omheiningwet van 1922 was in werklikheid die beliggaming van die idees van die Afdeling met die oog op beter boerderypraktyke. Die wet het 'n tweeledige doel gehad. In die eerste plek was dit bedoel om die rondloop van vee en die gevolglike verspreiding van vee-siektes, veral brandsiekte, te bekamp. Aan die anderkant was dit egter ook 'n gevolg van die Afdeling se pogings om gesonde boerderypraktyke tot stand te bring. Die omheining het veewagters oorbodig gemaak asook die gedurige beweging van /

8) U.G. 2/15, p. 88.

van vee van en na die krale en dus ook die nadelige gevolge wat sulke bewegings meegebring het. Hierby kom nog dat dit die plaasbestuur vergemaklik het, dat die opbrengs per skaap verhoog sou word deurdat die diere minder rondgejaag sou word, die wol skoner sou wees en uiteindelik in die prys van die wol weerspieël sou word.⁹⁾ Die omheiningswet was dus 'n versterking van die beleid van die Afdeling.

5. Navorsing.

Die Afdeling was ook oortuig daarvan dat verbeterde boerderypraktyke en -metodes alleen nie die gewenste uitwerking op die gehalte van ons skape en wol sou hê nie. Dit sou ook nodig wees om navorsing te doen. Die gestadige verbetering en toename van ons skaapkuddes het meegebring dat ons teen 1927 die tweede plek ingeneem het as wolproducerende land van die wêreld en daar is besef dat slegs navorsing sowel die gehalte as die volume van ons skeersel kon handhaaf, verbeter en vergroot. Met die oog daarop is 'n navorsingsafdeling vir skape en wol in die groter Afdeling Veeteelt tot stand gebring met hoofkwartier by die Grootfonteinse Landbouskool te Middelburg, Kaap. Die personeel het aanvanklik bestaan uit 'n kern van vier baie goed opgeleide persone, insluitende professor J.E. Duerden wat as deeltydse amptenaar aangestel is as Direkteur van Wolondersoek.¹⁰⁾ Die navorsing wat onderneem is, het egter nie net betrekking gehad op die teelt van merino's en wol nie, maar het ook ingesluit kruisteelt met die oog op die teelt van vetlammers vir die mark en die beste ouderdom waarop sodanige lammers bemark behoort te word.¹¹⁾ Proefbesendings lammers is selfs na die Smithfieldse mark gestuur waar baie goeie pryse behaal is.¹²⁾

Van /

9) U.G. 9/24, p. 55.

10) Boerdery in Suid-Afrika, no. 32, No. 1928, p. 949.

11) Ibid., no. 44, Nov. 1929, p. 374-5.

12) Ibid., no. 56, Nov. 1930, p. 371.

Van 1932 af is die hoofkwartier van die wolnavorsing oorgeplaas na Onderstepoort met Grootfontein, Potchefstroom, Ermelo (Nooitgedacht-proefstasie) as onderafdelings.¹³⁾ By die hoofkwartier, Onderstepoort, is meer bepaald ingegaan op die skeikundige en fisiese eienskappe van wol terwyl op die ander stasies meer ingegaan is op voedings- en kruisteelt-proewe.¹⁴⁾

Gedurende 1929 het 'n Britse wolnavorsingsdeskundige die Unie besoek en groot belangstelling gewek in wolnavorsing. 'n Konferensie van Landbou-unies en wolkwekersverenigings is gehou en daarop is besluit om by die Minister aan te beveel dat 'n heffing op uitvoerwol ingestel moes word ten einde fondse te verkry om die koste aan navorsing te dek, wolboere beter te organiseer en maatreëls te tref om die verbruik van wol op die wêreldmark aan te moedig.¹⁵⁾ Die gevolg was dat daar van 1 Januarie 1930 'n heffing van 1/- per baal op uitvoerwol geplaas is en 'n Adviserende Wolraad in die lewe geroep is om die uitgawe te beheer en advies te gee oor wolsake in die algemeen. Die Raad het ook ontwikkel in 'n belangrike skakel tussen die georganiseerde boere aan die een kant en die Afdeling aan die ander kant. Die vernaamste taak van die Wolraad was om voorlopige regulasies vir die inspeksie van uitvoerwol op te stel en toe te pas.¹⁶⁾ Mettertyd sou die Wolraad egter ontwikkel tot 'n selfstandige liggaam wat met die fondse van die wolboere handel, inligting oor wolsake inwin en veral om die belangrikheid van wol te beklemtoon en propaganda te maak ten einde die afset van wol te stimuleer.

6./

13) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid.*, no. 80, Nov. 1930, p. 335.

14) *Ibid.*, no. 105, Des. 1934, p. 534.

15) *Ibid.*, no. 44, Nov. 1929, p. 352.

16) *Ibid.*, no. 56, Nov. 1930, p. 514.

6. Bestryding van Brandsiekte.

In die inleiding tot hierdie hoofstuk het ons daarop gewys dat die "Publieke Dienst Kommissie" aanbeveel het dat 'n Skape- en Wolafdeling in die lewe geroep moes word en dat benewens die verbetering van die skape en wol dit ook die plig van die Afdeling sou wees om die vernaamste siekte onder skape destyds, te wete brandsiekte, te bestry. Om hierdie taak doeltreffend aan te pak, is die Unie in verskillende streke ingedeel met 'n senior-skaap-inspekteur aan die hoof, bygestaan deur skaapinspekteurs en assistente.¹⁷⁾

Die omvang wat die siekte omstreeks 1910 aangeneem het, was min of meer as volg: In die Kaapkolonie was die aantal skape met brandsiekte besmet ongeveer 3.61 persent teenoor ongeveer 3.56 in die ooreenstemmende tydperk in 1909. Daar was dus gedurende die jaar 'n geringe toename in die aantal vee wat besmet was. Nietemin het die aantal distrikte wat in die loop van 1910 as vry van brandsiekte beskou is, vermeerder van sewe na veertien. Die groter besmetting het dus binne 'n kleiner gebied plaasgevind. Die uitroeiing van die siekte is bemoeilik veral deur te groot kuddes wat swak kondisie ten gevolge gehad het en gelei het tot maklike besmetting en verder deur die gedurige beweging van die vee.¹⁸⁾

Ook in Natal en Transvaal was daar in 1910 tekens dat daar vordering teen die siekte gemaak is. Gedurende 1910 is in Transvaal 2,239 gevalle van brandsiekte behandel waarby 43,377 besmette en 730,692 kontak-vee betrokke was. Die getal gevalle in Natal was 1,044, maar die getalle wat daarby betrokke was, is nie aangegee nie.¹⁹⁾

(1) /

17) U.G. 54/1912, p. 18.

18) Ibid., p. 19.

19) U.G. 54/1912, p. 19.

(1) Wetgewing, 1911.

Gedurende 1911 is daar twee belang-
rike wette aangeneem vir die bestryding van veesiektes in die
Unie en dus ook vir die bestryding van brandsiekte. Hierdie
wette is eerstens die „Veesiekten Wet“, no. 14 van 1911 en
tweedens die „Dipbakken (voorschotten) Wet“, no. 20 van 1911.²⁰⁾
Hierdie wette het aan die Minister van Landbou uitgebreide
magte verleen om veesiektes te beheer deur byvoorbeeld invoer-
poorte daar te stel waardeur vee van oorsee of aangrensende
gebiede die Unie mag binnekom. Die tweede wet het onder
andere voorsiening gemaak vir die oprigting van dipbakke
vir die dip van vee. Voorskotte kon van die regering verkry
word vir die oprigting van dipbakke en in gevalle waar die
eienaar nalaat om dipbakke op te rig, kon die regering dit
laat doen op die eienaar se koste. Baie boere het onmiddellik
op die wette gereageer en gedurende die boekjaar 1912/13 is
byvoorbeeld 4,553 dipbakke vir skape opgerig wat baie sou by-
dra tot die bestryding van brandsiekte. Die boere was egter
onkundig oor die presiese metode waarvolgens die skape gedip
moes word en om die rede het die skaapinspekteurs die eerste
dip by boere bygewoon en gedemonstreer hoe die skape gedip
moes word. As gevolg van die demonstrasies was die inspek-
teurs in die loop van genoemde jaar behulpsaam met die dip
van 3,708,237 skape wat terselfdertyd 'n aanduiding gee van
die omvang van die werksaamhede van die inspekteurs.²¹⁾

(ii) Tekortkominge van die wette.

Die ervaring het
spoedig geleer dat alhoewel die wetgewing die bestryding van
brandsiekte baie bevorder het, daar tog leemtes in die wet-
gewing was en dat verandering nodig was sodat strenger opge-
tree /

20) Uniewette, dl.1, p.148, et.seq., en p. 232, et.seq.

21) U.G. 47/13, p. 11.

tree kon word teen spekulante en gewetenlose boere wat die siekte laat versprei. Die veranderinge wat nodig was, was ten opsigte van die volgende sake:—

(a) Maksimum boete.

Gedurende die jaar geëindig Desember 1912 is 1,960 persone aan oortredings van die wet skuldig bevind en 'n totale boete van £5,570 is opgelê.²²⁾ Die vervolgings het egter getoon dat die maksimum boete van £50 glad te laag was om oortreders af te skrik. Veral spekulante kon die boete maklik betaal uit die winste wat hul gemaak het en dit was vir hul die moeite werd om risiko's te neem. Hulle het ook geen belang gehad by die uitroeling van die siekte nie en was dus in 'n groot mate verantwoordelik vir die verspreiding van die siekte. Die Afdeling was van sienswyse dat 'n hoër boete, soos byvoorbeeld in Australië waar die maksimum gewissel het van £100 tot £500, nodig was om die ongewenste praktyke uit te skakel.²³⁾

(iii) Voorgenome stappe in die bestrydingsveldtog.

(1) Afsondering van besmette vee en verpligte dip.

Dit het ook nodig geblyk dat besmette vee, veral dié wat uit besmette streke trek, by hul aankoms in skoon streke eers afgesonder en gedip moes word voordat hulle toegelaat word om met ander vee in aanraking te kom. Op dié manier sou vee uit agterlike boerderystreke nie die vee in meer vooruitstrewende streke besmet nie. Sodoende sou die siekte ook makliker tot bepaalde streke beperk kon word en deur kragdadige optrede uitgeroei word. Vee wat dan na sodanige skoon streke gebring word, moes deur die vee-inspekteurs in plaas van deur die eienaars gedip word om

seker /

22) U.G. 47/13, p. 12.

23) U.G. 2/15, p. 67.

seker te maak dat die dippery doeltreffend uitgevoer word. Trouens, die boere het hierop aangedring asook op die proklamering van skoon gebiede tot onbesmette streke.²⁴⁾

(b) Korter tussenpouses tussen dippe.

Tot ongeveer 1914 is aangeneem, volgens oorsese bevindings, dat die myt wat die brandsiekte veroorsaak sy lewensloop binne veertien dae voltooi en dat die tweede dip van tien tot veertien dae na die eerste uitgevoer moes word ten einde doeltreffend te wees. Navorsing te Onderstepoort het egter aan die lig gebring dat onder Suid-Afrikaanse toestande die lewensloop van die myt binne nege dae voltooi word en dat die dippe dus nader aan mekaar moes geskied. Die tweede sou dus slegs doeltreffend wees indien dit omtrent 'n week na die eerste geskied.²⁵⁾

(c) Beweging van vee.

Die Afdeling was ook die sienswyse toegedaan dat toestemming van die senior skaap-inspekteur in 'n bepaalde streek verkry moes word om vee na ander streke te vervoer. Sodoende sou daar bepaal kon word of die vee wat staan vervoer te word, skoon is en indien verkieslik, gedip moes word. Die posisie was egter dat dit in normale tye goed sou werk, maar ongelukkig was die skaapstreke so onderhewig aan droogtes dat dit soms onmoontlik sou wees om al die vee wat van een plek na 'n ander moes beweeg, te kontroleer, en selfs indien dit moontlik sou gewees het, dan kon dit nog gebeur het dat van die vee te swak was om gedip te word. Op die manier het dit dan ook soms gebeur dat veel gedane werk ongedaan gemaak is deur die vervoer van skape wat te swak was om gedip te word en teen wil en dank toegelaat moes word om ander te besmet.²⁶⁾

Vee /

24) U.G. 2/15, op.cit.

25) Ibid., p. 66.

26) Ibid., p. 67.

Vee van aangrensende gebiede het ook steeds 'n bron van besmetting gebly, omdat die grens oopgelaê en die vee vryelik oor en weer geloop het. Veral in Basoetoeland waar daar geen stappe gedoen was om die siekte te bestry nie, het die toestand langs die grens veel te wense oorgelaat. Vertoë is tot die Basoetolandse owerheid gerig waarop hulle geantwoord het dat die Unie-boere hulle grense moes toekamp en dat eersgenoemde die helfte van die koste sou dra. Dit sou egter 'n redelike verpligting op die Unie-boere geplaas het en die posisie het dus eintlik onveranderd gebly.²⁷⁾

(d) Verpligte Dip.

Die Afdeling was ook oortuig daarvan dat dit nie veel sou baat indien die een boer sy vee dip en sy buurman nie, omdat besmetting dan weer so maklik oorgedra kon word. In 1913 is daar toe besluit op 'n landswye verpligte gelyktydige dip in 'n poging om die nadele van ongeorganiseerde dip uit te skakel en ook om 'n poging aan te wend om die siekte daadwerklik te bestry. Weens die ongunstige klimaatstoestande was die dippery egter nie 'n sukses nie, want terwyl sommige gebiede tussen 15 Maart en einde April gedip het, kon ander gebiede nie voor November dip nie. Vee van die laasgenoemde gebiede het teen die tyd weer sommige in die eersgenoemde besmet.²⁸⁾

(e) Beskermde Streke.

In 'n poging om die boere wat nougeset die dipregulasies toegepas het en gesteld was op hulle kuddes, te beskerm, is die sogenoemde beskermde streke ingestel. So 'n streek is geproklameer indien die senior skaapinspekteur verklaar dat sodanige streek vry is van brandsiekte. Alle vee binne sodanige gebied kon vryelik beweeg, maar vee van buite die streek kon dit slegs met goedkeuring van /

27) U.G. 25/17, p. 40.

28) U.G. 2/15, p. 79.

van die veeinspekteur binnegaan. Die doel was dan om die streke grensende aan 'n beskermde streek skoon te maak en so die hele Unie op 'n streekbasis skoon te maak. Aan die einde van Maart 1918 was daar reeds nege-en-twintig distrikte as beskermde streke geproklameer wat in 'n mate die sukses van die veldtog aandui.²⁹⁾ Nieteenstaande die blykbaar aanvanklike sukses sou dit egter nog baie jare duur voordat hierdie siekte van die toneel verdwyn.

(iv) Verloop van die Veldtog.

Die veldtog is nietemin met menig voortgesit en gedurende 1918 was daar nie minder nie as vyf-en-twintig senior en vierhonderd en ag veeinspekteurs by die veldtog betrokke. Oorlogstoestande het egter ook sy invloede ten nadele van die veldtog laat geld. Dipstowwe was nie net baie duur nie, maar ook baie skaars en die Afdeling het dit op hom geneem om die verspreiding van beskikbare voorrade waar te neem.³⁰⁾ Die ernstige droogte gedurende 1919/20 het die veldtog weer eens in die wiele gery want 710 kuddes bestaande uit 444,523 skape en 37,858 bokke moes na nuwe weiveld geneem word. Baie van hierdie vee kon weens hul toestand en andere weer weens die gebrek aan water, nie gedip word nie. Hierdie vee het dus weer opnuut baie streke waarheen hulle geneem is vir weiding, met brandsiekte besmet.³¹⁾ Gedurende 1920 is dan ook in drie-en-sestig distrikte 'n verpligte dip deurgevoer in 'n poging om die toestand min of meer te herstel. Ook is die grootmoedige besluit geneem dat in die toekomst, selfs nie as gevolg van droogtes nie, vee weer van besmette streke na skoon streke geneem mag word nie.³²⁾ Net die volgende jaar egter, moes hierdie /

29) U.G. 5/18, p.43 en U.G. 39/18, p. 51-2.

30) U.G. 40/19, p. 47, 50.

31) U.G. 13/21, p. 31.

32) U.G. 8/22, p. 203.

hierdie besluit verontagsaam word toe die droogte Calvinia baie kwaai getref het. Pogings is egter in die werk gestel om die besmetting van gesonde vee te voorkom.³³⁾

Die Afdeling was nietemin baie ywerig om die siekte wortel en tak uit te roei en daar is in 1923 verpligte gelyktydige dip en vyf-en-tagtig distrikte deurgevoer. Teen die einde van die jaar was daar ses-en-sestig beskermde distrikte en vier-en-veertig semi-beskermdes. Die toestand het dus maar stadig verbeter, maar tog was daar darem sigbare vordering. Gedurende 1924 is die Afdeling gereorganiseer en is die bestryding van brandsiekte van die Afdeling oorgeplaas na die Afdeling Veeartsenydiens. Tot die ont-nugtering van baie is daar toe bevind dat die rapporte van sommige van die vee-inspekteurs nie betroubaar was nie en dat in baie van die beskermde streke wel brandsiekte aange-tref is. Die reorganisasie het dus die geleentheid gebied om sake te reorganiseer en beter toesig oor die vee-inspek-teurs is ingestel. Daar is ook onmiddellik oorgegaan tot 'n gelyktydige verpligte dip in die hele Transvaal, Natal en twee distrikte in die O.V.S. Baie boere het beswaar gemaak teen die feit dat hulle binne twaalf maande 'n tweede ver-pligte dip moes deurvoer, maar die Afdeling het nietemin sy planne deurgevoer. Daarna is beskermde streke ook nie meer geproklameer net op grond van die aanbeveling van die vee-inspekteur nie, maar 'n inspeksiespan is na die streek gestuur om deeglik ondersoek in te stel. Eers wanneer die span seker daarvan is dat die streek skoon is, is beskerming toegestaan. Onder die omstandighede is daar goeie vordering gemaak. Nie-temin was daar gedurende 1929 weer 'n terugslag in die Vry-staat deurdar kuddes besmet is deur ramme wat spekulante aan die boere verkoop het. Oor die algemeen het die posisie
egter /

33) U.G. 2/23, p. 297.

egter steeds verbeter, en teen 1930 is die besmetting in die Unie op 0.51 persent gestel.³⁴⁾ Die mate van sukses wat in die stryd teen brandsiekte behaal is, word goed toegelig in Tabel LXXXIV waarin die aantal brandsiektebesmette kuddes in die Unie aangegee word. Na terugslae gedurende 1928/29 en 1933/34 was daar oor die algemeen 'n vinnige afname in die aantal besmette kuddes sodat die getal in 1940 feitlik minimaal was.

Tabel LXXXIV.

Brandsiekbesmette kuddes in die Unie (1926/27 - 1939/40).

Jaar	K u d d e s	
	Skape	Bokke
1926/27	3,545	3,122
1927/28	3,338	2,278
1928/29	4,203	1,806
1929/30	1,691	617
1930/31	488	329
1931/32	337	283
1932/33	196	274
1933/34	282	481
1934/35	153	255
1935/36	97	221
1936/37	93	172
1937/38	81	-
1938/39	35	-
1939/40	38	-

Sedert 1940 is die siekte verder onder die knie gekry en in 1945 kon die Sekretaris van Landbou rapporteer: „Hierdie siekte (brandsiekte) wat vroeër 'n groot bedreiging gevorm het vir die skaapbedryf in die algemeen en die wolbedryf in die besonder, is sodanig uitgeroel dat dit tans 'n onbeduidende plek onder die veesiektes van die Unie beklee”.³⁵⁾ Nietemin het daar gedurende 1944/45 tien uitbrekings voorgekom waarvan nege in Transvaal. Hierdie hoë besmetting in Transvaal kon egter teruggevoer word na die besmetting van kuddes wat vir winterweiding na Swasieland gaan. Hierdie

tipe /

34) Boerdery in Suid-Afrika, no.44, Nov. 1929, p. 367-8.

35) Ibid., no. 240, Maart 1946, p. 202.

tipe besmetting het herhaalde keer voorgekom totdat daar in 1947 reëlins getref is waardeur Natal en Swasieland sou saamwerk om die siekte uit te roei. Met die oog daarop is addisionele personeel na Oos-Transvaal en Swasieland gestuur. Verder is ook reëlins getref met die Veeartsenydiens van Betsjoeanaland vir die gelyktydige verpligte dip van kleinvee aan albei kante van die grens tussen die Unie en daardie gebied. Die gevolg van hierdie bemoeings en die gebruik van BHC wat baie doeltreffend geblyk het, is die siekte in die Unie onder die knie gebring.³⁶⁾

Die uitroeiing van hierdie skadelike siekte deur die Departement van Landbou oor 'n tydperk van byna veertig jaar, is 'n verdere bewys van die groot opofferings wat daar van owerheidsweë gedoen is, soms in weerwil van die boere, om die Unie se veestapel en in hierdie geval in besonder die skaapbedryf, te beskerm en te bevorder.

7. Bemaking van Wol.

Ons het reeds daarop gewys hoe die Afdeling die boere aangemoedig het om hul wol te sorteer voordat dit bemark word, en toe daar geen samewerking van die kant van die kopers was nie, die boere aangemoedig het om dan liefs die wol direk in Engeland te bemark. Ook het die Afdeling die boere aangeraai om hul wol te pers in die bale want dan neem dit vyftig persent minder ruimte in, iets wat veral van belang is by die verskeping van wol. Ten einde die gebruik aan te moedig, het die Afdeling ook die Spoorwegadministrasie oorgehaal om tien persent afslag op Spoorvrag toe te staan op geperste wol. Die Afdeling het dus ook pogings aangewend om die wol netjies te laat baal.

Ook /

36) Boerdery in Suid-Afrika, no. 275, Feb.1949, p. 77.

Ook op 'n ander manier het die Afdeling gepoog om die belangstelling vir Suid-Afrikaanse wol aan te wakker en kopers te trek. Gedurende 1913 is byvoorbeeld pogings aangewend om Japanse en Amerikaanse kopers tot die Suid-Afrikaanse wolmark te laat toetree om sodoende beter mededinging om die Suid-Afrikaanse wol te bewerkstellig. In dieselfde jaar het die Afdeling ook besluit om 'n permanente woluitstalling in die kantoor van die Suid-Afrikaanse handelskommissaris in Londen te onderhou. Met die oog daarop is vliese van ingevoerde volbloedmerino-stoetramme, Suid-Afrikaansgeteelde volbloedmerino's, merinolammerwol en van kruisrasse, asook velle van merino's, kruisrasse en boerbokvelle, alles van boere verkry, daarheen gestuur vir uitstalling.³⁷⁾ Op dié manier het die Afdeling die beste Suid-Afrikaanse wol en velprodukte onder die aandag van die kopers gebring en die wolbedryf 'n groot diens bewys.

Die Afdeling sou egter die belangrikste dienste ten opsigte van die bemaking van wol lewer in die moeilike oorlogsjare wat gevolg het, soos uit die gegewens verderaan sal blyk.

(1) Die Imperiale Skema.

Die wolskeersel vir die jaar 1917 was besonder goed maar weens die beperking op die be-
markingsmoontlikhede as gevolg van die oorlog, het die posisie
kommer gebaar. Skeepsruimte was skaars en die reeds opge-
hoopte voorrade van die vorige seisoen het die posisie slegs
vererger. Indien die wol nie van die hand gesit kon word
nie, sou dit beteken dat ongeveer £10 miljoen stil sou lê
en daarby sou nog groot onkoste aangegaan moes word om die wol
op te berg en teen beskadiging te verseker. Die toestand is
aan die Engelse regering verduidelik wat die skaarste aan

skeepsruimte /

skeepsruimte nie kon verhelp nie, maar tog aangebied het om die wol te koop. Die prys wat die Engelse regering aangebied het vir die wol aan die kus gelewer, was vyf-en-sewentig persent hoër as die prys wat in die jaar voor die uitbreek van die oorlog betaal is, plus die helfte van die wins, indien daar wins sou wees deur die herverkoop van die wol wat die Britse regering en sy bondgenote nie sou nodig hê nie en wat volgens skatting omtrent die helfte van die skeersel sou beloop het.

In Pretoria het die Afdeling 'n konferensie belê tussen die vernaamste skaapboere, wolkopers en handelaars ten einde die aanbod te oorweeg. Die boere was dankbaar vir die aanbod maar tog teleurgesteld oor die prys wat hulle gevoel het heelwat hoër kon gewees het omdat dit in werklikheid minder was as die heersende pryse. Daar is toe besluit om die saak in die hande van die regering te laat, wat besluit het dat dit nie raadsaam sou wees om 'n kontrak aan te gaan vir die verkoop van die hele wolskeersel nie. Na heelwat korrespondensie met die Britse regering, het laasgenoemde ingestem om ten opsigte van wol dieselfde skema toe te pas as ten opsigte van mielies. Die Britse regering sou naamlik alle wol binne dertig dae aan die kus gelewer, aankoop teen gewaardeerde pryse. Die aanbod is gepubliseer en binne 'n maand is 190,669 bale wol, of ongeveer een-derde van die skeersel ingeskryf. Daar is toe 'n komitee onder voorsitterskap van die Hoof van die Skape-afdeling aangestel om toesig te hou oor die aankoop en verskeping van die wol. Die komitee is bygestaan deur die vernaamste kopers wat as waardeerders sou optree. Geheel en al in teenstelling met wat die Britse regering voorspel het en almal by die saak betrokke vermoed het, was daar genoeg skeepsruimte beskikbaar na die V.S.A. en Japan en vir hierdie lande is die beste gehalte wol aangekoop teen ongeveer vier pennies die pond meer as wat die /

die Britse skema betaal het. Dit het heelwat ontnugtering en ontevredenheid veroorsaak onder die boere wat hul wol vir die skema ingeskryf het. Die Britse regering is daarop weer genader en laasgenoemde het toe besluit om aan almal wat hul wol aangebied het, die geleentheid te gee om dit terug te trek. Daar is egter slegs 59,597 bale, dit wil sê minder as die helfte van wat oorspronklik aangebied is, teruggetrek.³⁸⁾ Die skema het dus blykbaar nie so goed in die kraam gepas as wat aanvanklik bedoel was nie. Die indirekte gevolge daarvan was tog baie heilsaam daar dit verantwoordelik was vir die opneem van 'n groot deel van die aanbod waardeur die pryse vir die res omhoog gedwing is. Ook het dit die boere bevry van veel kommer oor wol wat moontlik nie 'n mark sou vind nie en oor die algemeen die toestand baie verlig.

(ii) Wolooreenkomste.

Na die oorlog is ons wol weer op die ope mark verkoop en het die toestand min of meer gunstig gebly tot 1934. Gedurende hierdie jaar het ons wolmark 'n gevoelige slag gekry as gevolg van die beperkings wat Italië en Hongarye op die beweging van wol geplaas het en die algehele verbod op die invoer van wol in Duitsland, wat toe die derde grootste koper van ons wol was.³⁹⁾ Die posisie is egter gedeeltelik herstel toe die Unie en Duitsland 'n ruiloorreenskoms aangegaan het waarvolgens Duitsland landbouprodukte vir ongeveer £3miljoen van Suid-Afrika sou koop en daarvan is ongeveer £2,765,000 aan wol toegewys.⁴⁰⁾

Met die uitbreek van die tweede wêreldoorlog het die posisie egter weereens verander daar Duitsland outomaties uit ons markte uitgesluit is. Daarby het ook nog gekom die
feit /

38) U.G. 39/18, p. 12.

39) Boerdery in Suid-Afrika, no.105, Des.1934, p. 472.

40) Ibid., no. 129, Des.1936, p. 514.

feit dat Engeland aan die begin van die oorlog 'n kontrak aangegaan het met Australië en Nieu-Seeland om die skeersels van daardie lande vir die duur van die oorlog te koop. Dit het beteken dat nie slegs Duitsland nie, maar ook Engeland sowel as Frankryk van die mark verdwyn het omdat die Australiese en Nieu-Seelandse skeersels voldoende sou wees vir Engeland en sy bondgenote. Daar het dus slegs die neutrale lande oorgebly wat nie juis op die verwerking van Suid-Afrikaanse wol ingestel was nie. Daarteenoor het die opname van die twee genoemde lande se wol die aanbod baie beperk en die vraag het ontstaan of die Suid-Afrikaanse wol op die ope mark verkoop moes word en of daar liever ook 'n ooreenkoms met die Britse regering aangenaam moes word. Uiteindelik is besluit om die Britse regering te nader om, net soos in die geval van die ander twee statebondslande, ook die Suid-Afrikaanse wol aan te koop. Die Britse regering het egter te kenne gegee dat hy reeds genoeg wol het en dus nie in ons wol belang stel nie. Nietemin het hy ingewillig om as mededinger op ons mark te bly en 'n aansienlike vasgestelde hoeveelheid wol te koop teen 'n gemiddelde vetwolprys van 10.75d per lb. Op hierdie grondslag is 'n ooreenkoms dan toe ook aangegaan. Dat hierdie ooreenkoms baie gehelp het om die wolpryse op te hou, het duidelik geblyk toe die Britse regering gedurende die eerste helfte van die seisoen 1939/40 as gevolg van tegniese aspekte insake die ooreenkoms nie op die mark opgetree het nie en die pryse, hoewel aanvanklik hoog, spoedig 'n dalende neiging geopenbaar het. Met die toetrede van Engeland in die tweede helfte van die seisoen het die pryse egter mooi herstel en op 'n gemiddelde uitvoerprys van 11.8d te staan gekom in vergelyking met 8.3d per lb. in die vorige seisoen.⁴¹⁾ Die pogings van die regering om die Suid-Afrikaanse boere 'n prys minstens gelykstaande aan die Australiese te laat bekom, is daardeur bewaarheid.

Met /

41) Boerdery in Suid-Afrika, no.177, Des.1940, p. 448-9.

Met die oorrompeling van Europa in 1940 het die posisie weereens verander want toe het behalwe Engeland slegs die V.S.A. en Japan as kopers op ons mark oorgebly. Volgens inligting waaroor die regering beskik het, sou daar egter nie op hul aankope staatgemaak kon word nie en het die vraag oor die afset van ons wolskeersel weer eens aktueel geword. Daar is toe weer 'n konferensie tussen die belanghebbende partye belê en besluit om die Britse regering te vra om ons hele skeersel teen 'n vasgestelde prys aan te koop. Die gevolg van die onderhandelings was dat die Britse regering ingewillig het om ons hele skeersel te koop teen die voorheen ooreengekome basisprys van 10,75d per lb. vir die duur van die oorlog en een jaar daarna. Die boere was dus beveilig vir die duur van die oorlog wat die afset van hul wol betref het en teen 'n prys wat goed vergelyk het met pryse voor die oorlog.⁴²⁾

Met die beëindiging van die oorlog was die wolposisie glad nie rooskleurig nie. Daar is bevind dat die opgehoopte wolvoorrade op 3,245 miljoen lb. te staan gekom het, dit wil sê, meer as twee keer die jaarlikse opbrengs van die drie statebondslande wat toe ongeveer 1,444 miljoen lb. per jaar bedra het. 'n Konferensie van die belanghebbende partye is in London belê om die toekomstige afset van die wol te bespreek. Op daardie konferensie is besluit om by verskillende regerings die stigting van 'n gesamentlike wolafsetorganisasie aan te beveel. Hierdie organisasie sou dan die beskikbare voorrade verkoop teen 'n reserweprys wat deur die regerings vasgestel sou word. Daar is verder beraam dat dit van twaalf tot dertien jaar sou neem om die opgehoopte voorraad en die nuwe skeersels te verkoop.⁴³⁾ Vir Suid-Afrika het die besluite uitgeloop op die Wolwet van 1946,⁴⁴⁾ waardeur /

42) Boerdery in S.A., op. cit., p. 449.

43) Ibid., no. 240, Maart 1946, p. 182-3.

44) Wet no. 19 van 1946.

waardeur die bemarking van wol op 'n vaste en langtermyngrondslag geplaas is om stabiliteit te verkry. Die wet het ook statutêre goedkeuring verleen aan die ooreenkoms tussen die regerings van die Verenigde Koninkryk, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika, met betrekking tot die afset van wol wat gedurende die oorlogsjare opgehoop het tesame met die toekomstige skeersels. Dit het ook voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Suid-Afrikaanse wolafsetorganisasie, sowel as die oplegging van 'n heffing op wol om die koste van die skema te dek. 'n Statutêre Wolraad is ook in die plek gestel van die Adviserende Wolraad wat sedert 1930 gefungeer het.⁴⁵⁾

Volgens die ooreenkoms sou enige winste wat op die verkope van Suid-Afrikaanse wol gemaak word, die Britse en die Suid-Afrikaanse regering om die helfte ten goede kom. Die bedrag moes tot voordeel van die wolbedryf aangewend word.

Die afset van die opgehoopte wolvoorraad het egter baie vinniger gevlot as wat die Londense Konferensie beraam het. Gedurende 1945/46 is die totale opgehoopte wolvoorraad van $10\frac{1}{2}$ miljoen bale na $5\frac{3}{4}$ miljoen bale verminder. In die geval van Suid-Afrikaanse wol is die voorrade tot 572,000 bale verminder wat toe volgens ooreenkoms deur die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie oorgeneem is. Gedurende die volgende seisoen, 1946/47, is die skeersel vir daardie seisoen van die hand gesit plus nog 'n verdere 237,000 bale van die opgehoopte voorraad. Die pryse wat behaal is, was ook min of meer dieselfde as dié waarteen die Britse Wolkommissie die wol gekoop het en in sommige gevalle selfs nog effens hoër. Dit was egter vir die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie nodig om aan die begin van die seisoen op die mark as koper op te tree en wol ter waarde van £254,000 is inge-

koop. /

45) Boerdery in Suid-Afrika, no. 251, Feb. 1947, p. 124.

koop. Deur die heffing wat oorspronklik op $13\frac{1}{2}$ persent vasgestel is, na $7\frac{1}{2}$ persent te verminder, het die boere se inkomste dus met $5\frac{1}{2}$ persent toegeneem nieteenstaande 'n min of meer konstante verkoopsprys van hul wol. Die heffing wat tot voordeel van die wolbedryf aangewend sou word, het op daardie stadium reeds £1,165,604 bedra.⁴⁶⁾

Die wolseisoen 1947/48 was nog beter as die vorige en die wolpryse het nog steeds 'n stygende tendens getoon met die gevolg dat die Wolafsetorganisasie slegs 6,609 bale van 'n skeersel van 622,720 bale moes inkoop, terwyl dit aan die anderkant 136,613 bale van die opgehoopte voorrade teen 'n aansienlike wins van die hand gesit het. As gevolg van die gunstige wending is die heffing verder verlaag na slegs vyf persent, maar, danksy die goeie pryse, het dit £1,196,543 opgelewer wat meer was as die opbrengs van die vorige jaar teen 'n hoër heffing.⁴⁷⁾ Ook die daaropvolgende seisoen het goed verloop sodat die Wolafsetorganisasie 'n restant van slegs 21,300 bale oorgehou het en daarvan was 18,000 bale karakoel en die res meestal wol afkomstig van naturelle. Die goeie pryse het 'n verdere verlaging van die heffing na $2\frac{1}{2}$ persent moontlik gemaak sodat die produsent se inkomste groter was as die prysstyging.⁴⁸⁾

Volgens ooreenkoms moes die Wolafsetorganisasie einde Junie 1950 ontbind het, maar omdat daar nog opgehoopte wol voorhande was, is die datum verskuif na 30 Junie 1951. Hierdie datum is later weer verskuif en in werklikheid het die organisasie eers op 22 Augustus 1952 ten einde geloop en daar is bereken dat die netto bedrag van die heffingsfonds ongeveer £6,000,000 sou beloop.⁴⁹⁾ Gedurende 1952 is wet-
gewing /

46) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid*, no.261, Des.1947,p.957-9.

47) *Ibid.*, no.275, Feb. 1949, p. 59.

48) *Ibid.*, no. 285, Des.1949, p. 514-5.

49) *Ibid.*, no.321, Des.1952, p.540-1.

gewing deur die parlement aangeneem vir die verdeling van die wolwinste en is die Suid-Afrikaanse Wolraad met die uitbetaling daarvan belas. Die totale bedrag wat toe vir uitbetaling beskikbaar gestel is, was £7,800,000. Van Augustus 1952 is die wolheffing ook direk deur die Wolraad geïn.⁵⁰⁾

Uit die gegewens oor die bemerking van wol blyk dit baie duidelik dat die regering inderdaad baie gedoen het om 'n mark vir Suid-Afrikaanse wol te vind teen pryse wat as goed beskryf kon word. Die optrede van die staat in dié verband was van des te meer waarde omdat dit gekom het op tye toe dit gelyk het asof ons wol absoluut geen mark sou hê nie en dat pryse nie net geweldig sou daal nie, maar dat groot hoeveelhede wol waarskynlik van jaar tot jaar oorgedra sou moes word en baie boere moontlik geen inkomste uit hul skeersels sou kry nie. So 'n toestand sou die wolbedryf in Suid-Afrika 'n geweldige knou toegedien het, waarvan dit moontlik baie moeilik sou herstel het. Die staatsoptrede het dus nie net 'n mark vir die skeersels verseker nie, maar daardeur ook een van ons vernaamste boerderyvertakkinge telkens van gewisse ondergang gered.

8. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons lank stilgestaan by die optrede van die Skape-afdeling en sy werksaamhede ter bevordering van die wolbedryf. Dit was opmerklik hoeveel die Afdeling gedoen het by wyse van sy inspekteurs en deskundiges om die gehalte van ons skape te verbeter, beter boerdery-metodes in te voer, wol beter voor te berei vir die mark en hoe eindelik die regering ingestaan het vir 'n mark vir ons wol. Alles dui daarop dat die Afdeling as mondstuk van die regering vir die bevordering van die wolbedryf /

50) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid.*, no. 334, Jan. 1954, p. 22-23.

bedryf alles in sy vermoë gedoen het, vir die bevordering van die bedryf, soos ook blyk uit die bestryding van brand-siekte. Sonder die besondere belangstelling en daadwerklik bystand sou ons wolbedryf vandag moontlik daar baie anders uitgesien het.

- - - - -

GRONDBEWARING EN VOORLICHTING.

1. Inleiding.

Suid-Afrika is 'n land vol kontraste. Hierdie kontraste tref die boerdery gewoonlik in die vorm van droogtes en oorstromings, wat op hul beurt weer 'n nadelige uitwerking het op die bodem, die vrugbaarheid en die plantegroei. Die algemene verskynsel is dat gedurende droogtes en ook soms in goeie tye die veld kaal gevreet word deur oorbeveiding en met die stortreëns wat gewoonlik op die droogtes volg, die grondoppervlakte aan verspoeling blootgestel is en baie van die vrugbare bolaag deur die water weggesleur word. Op dié manier het groot gebiede so verspoel dat dit vir die landbou heeltemal verlore gegaan het. Die Departement van Landbou was heeltemal bewus van die euwel, maar weens gebrek aan fondse kon dit, behalwe deur propaganda, nie iets konstruktiefs doen om die toestand te verhelp nie. Dit het egter langamerhand baie duidelik geword dat daar van staatsweë iets gedoen moet word om die euwel te stuit omdat die grondeienaars blykbaar magteloos daarteenoor gestaan het.

2. Eerste Stappe.

Die eerste stappe wat die regering gedoen het om die toestand te verhelp, was die aanstelling van 'n Gronderosieraad in 1929. Weens gebrek aan fondse het die Raad egter gedurende die eerste paar jaar nie veel kon doen nie. Teen 1933 het die posisie egter baie dringend geword en het die regering die gronderosie in so 'n ernstige lig beskou, dat daar besluit is om nieteenstaande die moeilike finansiële toestand daar nie langer getalm kon word nie. Daar is toe besluit om 'n begin te maak met 'n deeglik

beplande /

bepaalde skema waardeur die erosievraagstuk aangepak kon word asook vraagstukke wat in direkte verband daarmee staan soos weidingbeheer, aanplanting van weiveld, ens. Met die oog hierop het die Gronderosieraad in Mei 1933 vergader en besluit om:¹⁾

(i) 'n stelselmatige opname te maak van die omvang van die gronderosievraagstuk in die Unie;

(ii) om die ondersoek uit te brei na sake soos die verbetering van die weiveld, plantverwisseling in verhouding tot afweiding, veeverbetering in verhouding tot afweiding, en die beste bestrydingsmiddele vir die verskillende tipes grond-erosie;

(iii) grootskaalse propaganda en voorligting om die boere te laat beseef hoe ernstig die probleem is en om deur voorligting en koöperatiewe proewe die boere die eenvoudige bestrydingsmetodes te leer;

(iv) self erosiebestrydingswerke te onderneem en te konsentreer op die bou van damme en kontoerwalle en op dié manier die weiding te verbeter en meer drinkplekke vir die vee beskikbaar te stel.

Daar is ook besluit om baie billike fasiliteite aan grondeienaars en plaaslike owerhede aan te bied vir die bestryding van erosie. Die Gronderosieraad sou:

(i) voorgenome skemas gratis opmeet en advies daaroor en ook oor aanverwante sake gee;

(ii) 'n bonus of subsidie van vyf-en-twintig persent, maar £62.10.0. nie te bowe gaande nie toestaan aan private persone wat self die werk sou onderneem;

(iii) 'n landbanklening van £250 nie te bowe gaande
nie,/

1) Boerdery in Suid-Afrika, no. 93, Des. 1933, p. 463.

nie (waarvan vyf-en-twintig persent onmiddellik afgeskryf sou word) oor 'n lang termyn en lae rentekoers toestaan aan private grondeienaars wat die werk self onderneem.²⁾

(iv) 'n subsidie van vyf-en-sewentig persent in die vorm van arbeidsloon in die gevalle waar grondeienaars of plaaslike owerhede werkloses vir die uitvoering van die werk gebruik, en boonop nog die bydrae soos in (iii) omskrywe.³⁾

Dit is dus baie duidelik dat die regering deur die Gronderosieraad, nieteenstaande die moeilike tye, ernstige pogings aangewend het om die euwel van gronderosie te bestry. Belangriker nog as die gunstige voorwaardes en die navorsingsprogram, is moontlik die feit dat daar wel met die bestryding van die euwel begin is. Die voorwaarde was baie gunstig en al wat die Raad geëis het, was dat die werke na die goeddunke van die Raad uitgevoer moes word.

Gedurende 1934 is die hulp aan boere wat grond-erosiewerke aanpak, verder uitgebrei. Daar is toe verder bepaal dat indien grondeienaars gebruik maak van werkloses wat deur die Departement van Arbeid gewerf is, die regering sewe-agstes van die lone sou betaal en die eienaar een-agste. Die een-agste sou ook nie onmiddellik betaalbaar wees nie, maar kon na vyf jaar oor 'n periode van vyf-en-veertig jaar terugbetaal word. Verder kon sodanige eienaars ook nog 'n lening van £50 verkry vir behuising of werktuie en die bedrag sou vir vyf jaar rentevry toegestaan word. Verder het die Gronderosieraad ook beplan om spanne werkers toe te rus, en indien 'n grondeienaar van die spanne gebruik maak, betaal hy ook slegs een-agste van die lone, maar dan ook nog vyf sielings per werkdag vir elke honderd pond wat aan toerusting vir die werkspan bestee is. Hierdie laasgenoemde skema is

egter /

2) Sedert 1934 is die lenings toegestaan deur die Departement van Landbou. Boerdery in S.A., no.105, Des.1934, p. 494.

3) Ibid., no. 93. Des. 1933, p. 463.

egter nie deurgevoer nie weens die swak ontvangs daarvan.⁴⁾
Dit is dus baie duidelik dat die grondeienaars nouliks
billiker steun van die staat kon ontvang behalwe dat alles vir
hulle gratis gedoen word.

Ten einde die belangstelling in die bestryding aan
te moedig en te bespoedig, is in elke magistraatsdistrik in
die Unie 'n Plaaslike Gronderosiekomitee in die lewe geroep.
Hulle vernaamste funksie sou wees om behulpsaam te wees met
die insending van aansoeke, kleinere damme waar geen tegniese
kennis nodig is nie goed te keur, en soveel moontlik propa-
ganda te maak vir die voorkoming van erosie en die uitskake-
ling van die wanpraktyke wat aanleiding gee tot gronderosie.
Gedurende Julie 1934 is daar by die Grootfonteinse Landbou-
kollege ook 'n kort kursus vir lede van die Komitee gereël
en meer as honderd verteenwoordigers het die kursus bygewoon.⁵⁾
Dit is dus duidelik dat die Gronderosieraad alles in die
stryd gewerp het om die grondeienaars bewys te maak van die
erosie-euwel behalwe nog die hulp wat aangebied is.

Gedurende 1934 en ook weer gedurende 1936 is die
bedrae wat geleen kon word, verhoog sodat die bedrae in 1936
te staan gekom het op £350 en die subsidie op 33 $\frac{1}{3}$ persent in
plaas van 25 persent. Die bedrag per dam is ook opgeskuif
na £350, maar nie meer as £1,000 per plaas nie. Grond-
eienaars kon hierdie lenings en subsidies verkry ten opsigte
van twee of selfs drie plase mits die plase meer as vyfhonderd
morg elk is en nie aan mekaar grens nie.⁶⁾

Gedurende 1937 is nog 'n verdere skema goedgekeur.
Hiervolgens kon grondeienaars 'n subsidie van vyf-en-twintig
persent kry op die waarde van omheiningsmateriaal wat hulle
gebruik /

4) Boerdery in Suid-Afrika, no.117, Des.1935, p. 500.

5) Ibid., no. 105, Des. 1934, p. 495.

6) Ibid., no. 129, Des. 1936, p. 498.

gebruik om bome en bosse af te kamp met die doel om erosie te bestry. Twaalf en 'n half persent van die waarde word uitbetaal sodra die heining goedgekeur is en die ander twee jaar later indien die omheining en bome goed versorg word.⁷⁾

Die boere het egter baie min van hierdie skema gebruik gemaak wat moontlik daarop dui dat hulle ook baie min gedoen het om langs hierdie weg die euwel te bestry.

3. Gebreke.

Die finansiële hulp wat aan boere verleen is vir die bestryding van gronderosie, was 'n groot aansporing vir grondeienaars. Van ewe groot belang was egter die voorligting en die werk wat verrig is om die boere die belangrikheid van die bestrydingsmetodes en die waarde daarvan te laat insien. Baie het nie besef nie dat die geld wat hulle aan die bestryding van grondverspoeling bestee, 'n belegging was wat hulle grond verbeter en meer produktief sou maak en dus sou lei tot die verbetering van hul eie ekonomiese posisie.

Die gebruike wat die boere van die skema gemaak het, het egter geleidelik twee groot gebreke aan die lig gebring: Eerstens het die boere hulle toegelê op die maak van klein dammetjies wat wel meegehelp het om grondverspoeling te voorkom en die uittrap van die veld te verminder deur die beter voorsiening van drinkwater, maar wat uit die aard van die saak nie beskou kon word as die belangrikste stappe wat gedoen kon word om grondverspoeling te bestry nie. Tweedens is daar ook baie min gedoen op die gebied van veldherwinning. Melding is reeds gemaak van die feit dat die boere nie juis gebruik gemaak het van die subsidie op omheinings nie, wat moontlik aandui dat hulle baie min gedoen het om die veld te herwin. 'n Departementele komitee wat gedurende 1940 die voltooide werke /

7) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid*, no. 141, Des. 1937, p. 480.

werke ondersoek het, het bevind dat vyf-en-vyftig persent daarvan bedoel was vir waterbewaring, dertig persent vir vee-sulpinge en slegs vyftien persent vir die bestryding van grond-verspoeling.⁸⁾

Weens die oorlogstoestande moes daar gedurende 1940 ongelukkig ook besluit word om nie verdere voorskotte vir die bestryding van gronderosie toe te staan nie. Dit het egter nie beteken dat alle werksaamhede tot stilstand gekom het nie, want goedgekeurde werke ter waarde van £1,700,000 was nog aan die gang en net die aansoeke wat reeds onder oorweging was, sou voortgegaan word.⁹⁾ Gedurende 1941 is daar egter weer voorsiening gemaak vir die herstel van vernietigde of beskadigde werke en kon boere aansoek doen om 'n lening van hoogstens £200 terugbetaalbaar oor 30 jaar teen $3\frac{1}{2}$ persent rente. Op dié manier is voorkom dat beskadigde werke verder verspoel en uiteindelik geheel tot niet gaan.

4. Omvang van Werksaamhede tot 1940.

Dit het geblyk dat van die verskillende skemas, skema A, dit wil sê, die een waaronder die staat 'n subsidie eers van vyf-en-twintig persent en later $33\frac{1}{3}$ persent betaal het, die gewildste was. Onder hierdie skema is van 1933 tot Augustus 1940 'n bedrag van sowat £330,000 aan bonusse betaal en werke voltooi ter waarde van naastenby £1,126,000. Naas skema A is voorkeur gegee aan skema B waar die regering vyf-en-twintig persent van die lening na voltooiing van die werk afgeskryf het. Skema C waaronder die regering sewe-agstes van die lone van blanke werkloses betaal het, het die minste aftrek gekry omdat die toesig en daarom ook die werk, nie altyd na wense was nie. Nietemin is onder al die skemas tot 31 Augustus 1940 16,286

damme /

8) Boerdery in Suid-Afrika, no. 177, Des. 1940, p. 467.

9) Ibid., no. 177, Des. 1940, p. 466.

damme voltooi ter waarde van £1,363,000, terwyl die waarde van die erosiebestrydingswerke op min of meer £202,000 gestel is. Die staat se bydrae tot die werke was £1,217,000.¹¹⁾

5. Bos- en Veldbewaringswet.

Gedurende 1941 het die stryd teen grondverspoeling 'n verdere belangrike ontwikkeling ondergaan met die aanname van die Bos- en Veldbewaringswet, no.13 van 1941.¹²⁾ Volgens hierdie wet het die regering die reg verkry om gebiede wat baie erg onder gronderosie ly, tot grondbewaringstreke te proklameer. Dit staan die regering dan vry om plase binne so 'n streek te ontelen en gronderosiebestryding, herwinningsmaatreëls, maak van kontoerwalle, opdam van slote, bou van damme en die oprigting van omheinings self deur te voer en ook toe te sien dat die nodige beheer- en herwinningsmaatreëls op die ander plase in die gebied gedoen word. Op hierdie plase wat nie deur die staat ontelen is nie, sou die regering alle nodige hulp verleen om die werke wat hy nodig ag, deur te voer.¹³⁾

Die eerste bewaringsgebied is nog in dieselfde jaar geproklameer, naamlik die Vlekpoortbewaringsgebied wat ongeveer 80,000 morg beslaan het en geleë is in die vallei van die Doornrivier en die boonste gedeelte van die Vlekpoortvallei. Die rede waarom hierdie gebied die eerste was om geproklameer te word, was omdat die grondverspoeling daar nie net geweldige afmetings aangeneem het nie, maar die slik wat die waters afvoer, bygedra het tot die toeslikking van die Arthurmeer waaruit ongeveer 12,000 morg besproei is. Die dam is gedurende 1925 voltooi teen 'n koste van ongeveer £750,000 en weens die toeslikking was sy kapasiteit teen 1941 reeds met die helfte verminder.¹⁴⁾ Erosiebestryding en

veldherwinning /

11) Boerdery in S.A., Ibid., p. 467.

12) Uniewette, Dl.6, p. 736-772.

13) Boerdery in Suid-Afrika, no.189, Des.1941, p. 421.

14) Ibid., p. 422.

veldherwinning binne die gebied was dus inderdaad baie dringend.

Namate die bestryding van grondverspoeling gevorder het, het die sienswyse van die boere ook verander. Terwyl hulle aan die begin slegs op damme gekonsentreer het, het hulle later besef dat meer as dit nodig was en dat herwinning van die weiveld ewe belangrik is. In sy Jaarverslag vir die jaar 1943/44 meld die Sekretaris van Landbou dan ook dat dit duidelik is dat die boere al meer en meer besef dat erosie slegs die gevolg is van verkeerde boerdery-metodes en dat deur voorligting en propaganda daar steeds meer en meer aandag aan die wortel van die kwaad gegee word.¹⁵⁾ Oordeelkundige gebruik van die weiveld en akkerbougrond het dus die sleutel geword om erosie nie net te bestry nie, maar bowenal te voorkom. Gedurende 1944 het die Departement van Landbou 'n deskundige van die Verenigde State van Amerika, in die persoon van Dr. Bennett, hierheen laat kom en die publisiteit wat aan sy besoek gegee is, het ook die stedeling intens laat belang stel in die erosie-ewel en die maatreëls wat aangewend kon word om dit te bestry en te voorkom. 'n Probleem van nasionale omvang het dus uiteindelik ook nasionale belangstelling geniet.

6. Afdeling Grondbewaring en Voorligting.

Die Departement van Landbou het die grondbewarings- en herwinningswerk van soveel belang geag dat hy in 1945 'n Afdeling Grondbewaring en Voorligting in die lewe geroep het. Die Afdeling se pligte sou drieërlei wees: naamlik grondbewaring, onkruidbestryding en voorligting. Ten einde die beste tot diens van die landbou te wees, is die Afdeling op 'n streeksgrondslag georganiseer. Vir die doel is die Unie in vyf hoofstreke /

15) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid*, no.228, Maart 1945, p. 178-9.

streke verdeel met 'n hoofstreeksbeampte, bygestaan deur 'n span senior bewaringsbeamptes. Hulle sou verantwoordelik wees vir die beplanning van die werksaamhede binne hul eie streek en die uitvoering daarvan.¹⁶⁾ Werksaamhede sou egter nie so vinnig as voorsien, vlot nie omdat die Afdeling van die begin af steeds mank gegaan het aan 'n personeeltekort.

7. Die Grondbewaringswet van 1946.

Die Grondbewaringswet van 1946 is aangeneem ten einde die gebreke in die vorige wetgewing uit te stryk en voorsiening te maak vir leemtes wat intussen aan die lig gekom het. Die wet¹⁷⁾ beoog volgens die aanhef „om beter voorsiening te maak vir die bestryding en voorkoming van gronderosie en die bewaring, beskerming en die verbetering van die veld, bodem, die oppervlakte, van die grond, die plantegroei en die bronne en hulpbronne van die watervoorrade in die Unie; om die Boswet van 1941 te wysig; en om vir ander daarmee in verband staande aangeleenthede voorsiening te maak." Hierdie wet no. 45 van 1946 beoog dus die bestryding van die gronderosie in al sy aspekte. Verder het dit ook die geleentheid geskep vir samewerking tussen die staat en die boeregemeenskap vir die bewaring van ons grond en watervoorrade, en het dit ook voorsiening gemaak vir 'n basis waarop geldelike hulp aan boere bygedra sou word.

Om die optrede ten opsigte van die gronderosie te koördineer en te beplan, maak die wet voorsiening vir die instelling van 'n Grondbewaringsraad. Die Raad sou bestaan uit die Sekretaris van Landbou as voorsitter, die Sekretaris van Naturellesake, die Direkteur van Besproeiing, die Direkteur van Bosbou, die Direkteur van Grondbewaring en Voorligting en /

16) Boerdery in Suid-Afrika, no.251, Feb.1947, p.135-6.

17) Uniewette, dl.1, p. 964-988.

en nege ander lede wat bona fide-boere moes wees. Die samestelling van die Grondbewaringsraad dui dus duidelik op die koördinasie van belanghebbende Departemente en persone.

Die werksaamhede van die Grondbewaringsraad sou wees om die Minister van Landbou van raad te dien oor enigiets wat met grondbewaring in verband staan en om sekere spesifieke pligte uit te voer wat hom opgelê mag word. Die Raad moet byvoorbeeld grondbewaringsplanne opstel, ontwerp-skemas wat na hom verwys word, ondersoek, inspeksie doen van werk in aanbou, oorweginge en voorstelle doen in verband met grondbewarings-distrikte en -gebiede, die onteining van grond, ens.

Die wet maak ook voorsiening vir die proklamering van grondbewaringsdistrikte en -gebiede. Eersgenoemde kom tot stand op aansoek van die meerderheid van die eienaars in daardie distrik en hulle moet redes aanvoer waarom die distrik as sulks verklaar moet word. Grondbewaringsgebiede word deur die Goewerneur-generaal geproklameer op aanbeveling van die Grondbewaringsraad. Dit word egter slegs gedoen in gevalle waar toestande daarwerklike optrede vereis, maar die eienaar nie optree nie, of waar dit duidelik is dat die werksaamhede van so 'n omvang sal wees dat dit slegs deur die staat op staatskoste onderneem kan word. Om die werksaamhede deur te voer in verband met gronderosie, grondherwinning, beskerming van opvanggebiede of die bewaring van waterbronne, het die staat die reg om grond teen vergoeding te onteien, of sodanige grond binne die geproklameerde gebied val of nie.

Binne die grondbewaringdistrikte, moet 'n grondbewaringdistrikskomitee in die lewe geroep word. Twee-derdes van die lede van die komitee moet bona fide-boere wees en moet ook minstens een tegniese beamppte van die Departement van Landbou insluit om behulpzaam te wees met die voorbereiding van

bewaringskemas. /

bewaringskemas. Nadat 'n skema deur die distrikskomitee opgestel en goedgekeur is, moet hulle ook sorg dra dat dit volgens spesifikasies uitgevoer word.

'n Grondbewaringskema is 'n omvattende plan om die grond te herwin en te bewaar en kan onder andere die volgende bepalinge behels: die manier waarop die grond vir gewasbou voorberei moet word; die tydelike onttrekking van bepaalde grond van bebouing of beweiding; beperkings op die aantal diere wat op bepaalde grond aangehou mag word; en beheer en blussing van veld- en bosbrande.

Die Minister van Landbou mag ook enige skema op 'n eienaar se grond uitvoer soos die Grondbewaringsraad mag aanbeveel. Die uitgawe daaraan verbonde kan geheel of gedeeltelik deur die staat gedra word. Verder kan vir die doel van publieke demonstrasie of navorsing in verband met grond- veld- of waterbewaring enige grondbewaringswerke of grondbewaringsmaatreëls op staatskoste op private grond uitgevoer word, onderworpe aan die goedkeuring van die grondeienaar en die voorwaardes waartoe die eienaar en die minister van Landbou mag ooreenkom.

Die reaksie van die boere op die wet was oorweldigend. Die wet het in Oktober 1946 in werking getree en tot op 31 Augustus 1947 was daar reeds sewe-en-vyftig grondbewaringsdistrikte geproklameer wat 'n oppervlakte van 7,540,244 morg beslaan het. terwyl 'n verdere een-en-dertig met 'n oppervlakte van 3,404,861 morg op daardie datum reeds goedgekeur maar nog nie geproklameer was nie. Altesaam het dus ag-en-twintig distrikte onmiddellik gereageer en is 10,945,105 morg, of ongeveer tien persent van die oppervlakte van die Unie, wat vir boerderydoeleindes geskik was,

onder /

onder die bepalings van die wet gebring.¹⁸⁾ Dit toon duidelik aan hoe begerig die boere op daardie stadium reeds was om hul grond te verbeter. Die toeloop het egter aan die anderkant ontsaglike eise aan die Afdeling gestel wat weens die tekort aan personeel en masjinerie nie in staat was om oral gelyktydig ewe daadwerklik op te tree nie. Daar is egter nietemin geweldige vordering met die werksaamhede gemaak. Van 1946 tot Junie 1954 is 529 distrikte met 'n totale oppervlakte van 72,632,750 morg onder die grondbewaringswet geproklameer. Hierdie oppervlakte het 74,587 plase van 52,935 eienaars behels. Vir die werksaamhede in die gebied is 408 distrikplanne en 4,799 plaasplanne opgestel.¹⁹⁾

8. Grondbewaringsgebiede.

Volgens die Bos- en Veldbewaringswet van 1941 is die staat gemagtig om 'n gebied waar die erosie sulke afmetings aangeneem het dat dit nie in die vermoë van die eienaar was om die gebied te herwin nie, tot 'n grondbewaringsgebied te verklaar en sover doenlik self die bestrydings- en herwinningswerk binne sodanige gebied te onderneem. Die beleid was dat die staat die werke wat in belang van die hele gebied is, onderneem. Kleinere werke moes egter deur die eienaar self onderneem word met staatshulp. Werksaamhede wat deur die eienaar onderneem moes word, het ingesluit gronderosiebestryding, doringbosuitroeling, omheining, bou van silo's, hooie en veeskure en die aanplanting van weidings. In die uitvoering van hul taak sou hulle tegniese en finansiële deur die staat bygestaan word:-

- (i) Die nodige werksaamhede word deur 'n tegniese beampte van die Departement van Landbou en Bosbou bepaal, opgemeet, uiteengesit /

18) Boerdery in Suid-Afrika, no.261, Des.1947, p.1010.

19) Ibid., no. 348, Maart 1955, p. 144.

uiteengesit en volledig verduidelik. Die eienaar moet dan skriftelik onderneem om die werk volgens die spesifikasies van die Departement uit te voer binne 'n redelike vasgestelde tyd.

(ii) By voltooiing van die werk op bevredigende wyse, ontvang die eienaar 'n bonus van vyftig persent van die finale waardasie van sodanige werk deur die Departement, met dien verstande dat die eienaar die werk in goeie toestand hou en verder instem om stelsels van grond- en veldbenutting na te kom soos die Departement voorskryf. Die bonusuitbetaling rus op die volgende basis:

(a) Vir gronderosiebestrydingswerke, silo's, hooi- en veeskure op die finale waardasie van die voltooide werk.

(b) Vir doringbosuitroeiing op die werklike koste deur die eienaar aangegaan.

(c) Vir omheining die koste van die materiaal afgelewer op die naaste spoorwegstasie. Oprigtingskoste is dus uitgesluit in die berekening.

(iii) Die bedrag van die bonus wissel van 'n maksimum van £500 vir kleinere plase tot 'n maksimum van £1,000 vir groter plase.

(iv) Indien eienaars nie in staat is om die nodige voorlopige onkoste aan te gaan nie, kan hulle by die staat 'n lening aangaan tot 'n maksimum van £1,000 vir kleinere en £2,000 vir groter werke. Rente word bereken teen vier persent drie jaar na die uitbetaling van die laaste voorskot en die kapitaal is terugbetaalbaar oor 'n tydperk van twintig jaar. Voorskotte kan ook toegestaan word en die totaal word dan afgetrek van die bonus waarop die eienaar geregtig is.

Indien 'n bepaalde gebied tot 'n grondbewaringsgebied geproklameer is, kan die staat ten opsigte van enige grond binne die gebied:

(a) die grond onteien, onderworpe aan die behoud deur die eienaar of sy regsopvolger van 'n verkoopsreg;

(b) vir 'n vasgestelde tydperk al of enigeen van die eienaar se regte opskort, en die grond betree en daarvan besit neem vir bewaringsdoeleindes;

(c) vrystelling van die opskorting van regte verleen aan enige eienaar wat onderneem om op eie koste die voorgeskrewe bewaringswerke uit te voer; hierdie vrystelling kan egter beëindig of herroep word indien die eienaar nie sy aandeel uitvoer nie;

(d) met verloop van tyd enige opgeskorte regte herstel, onderworpe aan betaling deur die eienaar van die geldsom wat die verskil in waarde van die grond voor en na herwinning verteenwoordig en verder onderworpe aan sodanige voorwaarde van bewoning en gebruik as wat die regering goed ag.²⁰⁾

Die magte aan die regering onder die wet toegestaan was dus baie groot, maar die staat het nie van sy onteieningsregte gebruik gemaak indien daar enigsins op 'n ander wyse tot 'n ooreenkoms met die eienaars kon geraak word nie.²¹⁾

Die praktiese werksaamhede van die regering in die bewaringsgebiede is onder ander om studamme te bou om die afloop van die riviere te vertraag en die slik op te vang. Namate die damme toeslik, word die gebied ook bebos met plante wat die afloop van die water verder vertraag en

die /

20) Wet no. 13 van 1941.

21) Boerdery in Suid-Afrika, no. 251, Feb. 1947, p. 142.

die wegvoer van grond verminder. Ervaring in die werksaamhede het gelei tot die bou van walle van sement en klip, maar sonder die byvoeging van sand. Hierdie walle het die water laat deursypel en baie daartoe bygedra om die plantegroei te laat vestig.

Die verbetering van die weiding deur die aanplant van die gewenste gewasse en weidingsbeheer is 'n ander belangrike werksaamheid, en resultate het getoon dat indien die veld rus gegun word, die natuurlike herstel verbasend is. Aangeplante weidings- en ander gewasse het egter stadiger gevorder omdat dit gewoonlik gedoen is op grond waar die erosie baie straf was en die vrugbare bogrond alles weggespoel is.

Die gevolg van al die werksaamhede is dat die standhoudende vloei van riviere baie verbeter is en in sommige gevalle is strome wat nie meer standhoudend was nie, weer standhoudend gemaak. Gepaard hiermee is ook die vloedhoogte baie verminder en is die moontlikheid van skade as gevolg van oorstromings baie verminder. Verder bring die stadige vloei mee dat die slikinhoud van die water baie verminder - 'n saak van die uiterste belang in die gevalle waar die water in besproeiingsdamme vloei. Die totale uitwerking is dat die welveld verbeter word, die water bewaar word en die produktiwiteit van die gebied verhoog word.

9. Samevatting.

Ons bodem is ons belangrikste besitting omdat dit die bron van ons landbouproduksie is. Hierdie waardevolle besitting is egter onderhewig aan vernietiging en die mate waarin die geskied het, was baie verontrustend. Geen wonder nie dat die regering ingetree het om te help om hierdie onvervangbare bate te behou en op te bou. Die mate

waarin /

waarin die staat ook op hierdie terrein opgetree het, is kortliks in hierdie hoofstuk uiteengesit. Daaruit het dit duidelik geword dat die staat nie net die boere wou help om hul plase te beplan en te herstel nie, maar in gevalle waar die omvang van die werksaamhede bo die vermoë van die eienaar was, self op eie koste ingetree het. Op dié manier het die staat 'n onberekenbare diens aan die boerebevolking bewys.

- - - - -

HOOFSTUK XVII.

SPEZIALE ONDERSTAND AAN BOERE.

1. Inleiding.

Ons het reeds telkemale daarop gewys dat die boerdery onderhewig is aan hewige teenslae en dat dit nie altyd vir die boere maklik was om die mas op te kom nie. Onder sulke omstandighede het die regering, hoofsaaklik op aandrang van die Departement van Landbou maatreëls getref om die boere te help in hul nood. In hierdie hoofstuk sal ons dan die vernaamste van sodanige maatreëls wat deur die regering ingestel en uitgevoer is, bespreek.

2. Droogte- en Vloednoodleniging.

As gevolg van die besondere swaar droogte gedurende 1915/16 en die daaropvolgende oorvloedige reëns wat veral sekere dele van die Kaapkolonie swaar getref het, het die regering gedurende 1916 deur middel van wetgewing voorsiening gemaak om die geteisterde boere te help. Die wetgewing was naamlik die „Droogte en Overstromingsnoodlenigingswet“ no. 28 van 1916.¹⁾ Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die toekenning van lenings, £500 nie te bowegaande nie, aan boere wat weens die droogte of oorstromings nie in staat was om sonder hulp hulle boerdery voort te sit nie. Vir die bedrag wat aan die boere toegestaan is by wyse van 'n lening is vir hulle vee aangekoop, wat ook as sekuriteit vir die lening gedien het.

Die regering het onmiddellik £75,000 vir die doel gestem maar tot op 31 Maart 1917 is slegs £55,482 toegeken en daarvan is vir slegs £23,029 vee aangekoop. Die vertraging
in /

1) Uniewette, dl. 1, p. 298-304.

in die aankoop van vee moet toegeskryf word aan die feit dat weens die aanhoudende droogte baie boere aan wie lenings wel toegestaan is, nie daarvan gebruik kon maak nie omdat die weiding op hulle grond nog te swak was. Die bedrag is feitlik geheel en al toegeken aan boere wat skade weens die droogte gely het, want die boere wat vloedskade gely het, het nog hul vee oorgehad. Hulle het egter geld nodig gehad vir die herstel van landerye, damme en die aankoop van saad, maar daarvoor het die wet nie voorsiening gemaak nie.²⁾ Hoe groot die veeverlies werklik was, word aangetoon in die syfers ten opsigte van skape en bokke wat weens die droogte gevrek het. Gedurende 1914, 1915 en 1916 was die verliese respektiewelik 854,653, 2,976,005 en 1,711,672.

Na 'n aantal jare van minder ernstige droogtes, is die Unie weer eens in 1926 baie swaar deur droogte getref. Die verliese aan skape en bokke vir die verslagjaar 1926/27 het te staan gekom op 1,075,775 en 763,617 bokke. Dit het dus vir baie boere nodig geword om nuwe weiveld vir hul vee te soek. Hierdie beweging van vee het nie net 'n swaar finansieële las op die reeds geteisterde boere gelê nie, maar die bestryding van brandsiekte baie swaar getref. Die regering het vervolgens wetgewing³⁾ aangeneem om die boere te hulp te kom. Volgens hierdie wetgewing, naamlik die "Droogte Noodleningswet" no. 25 van 1927, het die regering gepoog om die boere op verskeie maniere te help. Distrikte waar die droogte kwaai geheers het, kon aansoek doen om as droogte-geteisterde distrikte verklaar te word. Sodanige distrikte het dan spesiale voorkeurbehandeling gekry by die versending van vee per spoor en die vervoer van veevoer na die distrikte. In die verskillende distrikte is ook Komitees aangestel onder voorsitterskap van die plaaslike magistraat om aansoeke om lenings /

2) U.G. 5/18, p. 23-4.

3) Uniewette, dl.1, p. 314-324.

lenings aan te beveel vir die aankoop van vee, saad, misstowwe en gereedskap wat nodig sou wees om hom in staat te stel om sodra dit gereën het, weer met sy boerdery te kon voortgaan. Die lening is nie in kontant uitbetaal nie, maar vir die aansoeker is die benodigdhede vir die toegestane bedrag aangekoop. Die vee en goedere het sover moontlik as sekuriteit gedien vir die lening wat na vyf jaar nadat die laaste voorskot uitbetaal is, terugbetaalbaar was teen vyf persent rente per jaar.

Die droogte het voortgeduur tot 1928 en teen 30 Junie 1928 is daar twee-en-vyftig droogtegeteisterde gebiede verklaar teenoor twee-en-dertig op 30 Junie 1927. Hierdie distrikte het almal in aanmerking gekom vir die afslag op vee wat per spoor na beter weiding vervoer is, asook op veevoer na die geteisterde distrikte. Weens die groot aantal vee wat vervoer is en die groot hoeveelhede voer wat vir die gebiede bestel is, moes die regering £560,000 stem vir noodleniging in dié distrikte.⁴⁾

Kort na afloop van hierdie droogte, het 'n ander ernstige droogte in 1932 begin en tot diep in 1933 geduur. Die uitwerking van hierdie droogte was uiters nadelig veral omdat dit gekom het in die depressiejare toe pryse baie laag was en die inkomste van die boere feitlik 'n minimum. As gevolg van die droogte is die miellie-oes vir 1932 op ongeveer die helfte van die normale oes geskat terwyl die veeverliese baie hoog was.⁵⁾ Die verwoestende uitwerking van die droogte is vererger deur die verkeerde boerderymetodes van die boere wat toe nog nie geleer het om nie meer vee op hul plase aan te hou as wat die weiding toelaat nie, en aan die anderkant het hulle ook nog nie voorsiening gemaak vir voer vir tye van droogte en skaarste nie.⁶⁾ Uit die geskatte syfers in

Tabel /

4) Boerdery in Suid-Afrika, no.32, Nov.1928, p. 934.

5) Ibid., no. 93, Des. 1933, p. 451.

6) Ibid., no. 105, p. 470.

Tabel LXXXV blyk dit dat veral die Kaapprovinsie baie swaar getref is deur die droogte ten opsigte van veeverliese.

Tabel LXXXV

Geskatte veeverliese gedurende 1932 en 1933.

Provinsie	1 9 3 2		Beeste	1 9 3 3	
	Skape	Bokke		Skape	Bokke
Kaap	1,770,184	217,975	333,928	4,425,210	639,636
Transvaal	34,306	16,565	56,731	131,553	21,908
O.V.S.	280,032	956	243,952	2,085,495	3,739
Natal	16,910	16,640	118,391	96,569	47,280

Uit die syfers blyk dit verder dat die Transvaal en Natal minder ernstig deurgeloop het onder die droogte as die Kaapprovinsie en die Vrystaat. In die twee jaar was die verliese aan skape dus by die agmiljoen, bokke byna eenmiljoen en beeste slegs in 1933 ongeveer driekwart-miljoen.

Die nadelige uitwerking van die droogte is nog verder deur die oorvloedige reëns wat die droogte gebreek het en die haelstorms wat dele van die land getref het. In die eerste plek het veral in die noordelike provinsie die gras so vinnig gegroei dat die weiding totaal ongeskik vir skape geword het. Verder was die reëns ook die direkte oorsaak van bljutong en parasitiese siektes wat op groot skaal onder die skape uitgebreek het. Daar is dan ook bereken dat moontlik net soveel diere, veral skape, deur die siektes as deur die droogte afgemaai is.⁷⁾

Wanneer vee van 'n droogtegeteisterde streek na weiveld vervoer is, het die regering sodanige vervoer gesubsidieer deur eers vyftig persent van die vervoerkoste aan die Spoorweë te betaal terwyl die boer die ander helfte betaal het. Gedurende 1933 is hierdie subsidie verhoog tot sewe-agstes van die /

7) Boerdery in Suid-Afrika, no. 105, Des.1934, p. 470.

die spoorvrag. Boere moes dus slegs een-agste van die spoorvrag op die vee betaal en is hulle nog verder tegemoet gekom dat hulle nie verplig was om kontant te betaal nie, maar 'n skuldbewys daarvoor kon gee. Hierdie bewys is verder aanvaar sonder enige borge.⁸⁾

Ook ten opsigte van veevoer is groot subsidies vir vervoerkoste toegestaan. Eers is ook slegs die helfte van die koste deur die regering aan die Spoorweë vergoed maar sedert 1933 is nog 'n verdere vyftig persent afslag toegestaan sodat die boer op veevoer slegs 'n kwart van die werklike vervoerkoste moes betaal. Ook ten opsigte van hierdie een-vierde kon die boer slegs 'n bewys as vergoeding aanbied.⁹⁾

Die bedrae wat gedurende 1933-34 aan hierdie twee items deur die regering uitbetaal is, het onderskeidelik £69,426 en £28,400 beloop.¹⁰⁾

Gedurende die boekjaar 1935/36 het die regering boere in droogtegeteisterde gebiede nog verder tegemoet gekom deur mielies as veevoer teen ongeveer kosprys aan hul beskikbaar te stel asook mielies vir menslike gebruik. Die mielies is deur die Mieliebeheerraad voorsien en die boere kon óf kontant betaal óf 'n bewys gee wat binne een jaar betaalbaar was. Daarby is reëlings met die Spoorwegadministrasie getref om sodanige mielies te vervoer teen slegs ses pennies per sak. Onder die skema is daar gedurende genoemde jaar 6,541 sak vir menslike gebruik, 23,332 vir natuurlike en 104,921 sak vir veevoer verkoop.¹¹⁾

Die waarde van hierdie hulp het nie net opgesluit gelê in die besparings wat dit vir die boer meegebring het nie,

8) Boerdery in Suid-Afrika, no.105, Des.1934, p.498.

9) Ibid.

10) Ibid.

11) Ibid., no.129, Des.1936, p. 522.

nie, maar veral in die voorwaardes waaronder dit geskied het in 'n tyd toe die inkomste uit die boerdery op sy laagste en die uitgawe op sy hoogste was. Op dié manier is die boere in staat gestel om baie van hul vee te red en weer vinniger na die noodtoestande op die been te kom as wat die geval sou gewees het, indien die hulp nie aangebied was nie en baie meer van hul vee omgekom het.

Alhoewel daar gedurig dele in die Unie was waar droogte in mindere of meerdere mate voorgekom het, was die algemene toestand sedert 1934 redelik bevredigend tot in 1941 toe die Unie weer eens deur 'n geweldige droogte geknel is. Oor hierdie droogte het die Sekretaris van Landbou in sy jaarverslag vir die jaar 1941/42 as volg geskryf: „Ofskoon dit nie gesê kan word dat die droogte van die afgelope jaar so erg as dié van 1933 was nie – veral omdat veeverliese nie op so 'n uitgebreide skaal voorgekom en dit nie met 'n swaar finansiële depressie saamgeval het nie – is dit nogtans geen oordrywing om te konstateer dat dit een van die strafste droogtes was wat die land gedurende die afgelope veertig jaar geteister het.“¹²⁾ Dit was dus blykbaar slegs die verbeterde ekonomiese toestand wat 'n posisie soos dié van die 1933 voorkom het. Die gevolge van die droogte was nogtans so erg dat die opbrengs van dierlike sowel as akkerbou= produkte benede die normale was en het die regering dit weer eens nodig gevind om die boere te hulp te kom.¹³⁾ In die geval van koring- en mielieprodusente is 'n saadleningskema ingestel waarvolgens boere wat nie kon bekostig om saad te koop nie, 'n lening kon verkry ten bedrae van £50 om saad en kunsmis te koop. Nie minder as sewentig distrikte het gedurende /

12) Boerdery in Suid-Afrika, no. 202, Jan. 1943, p.1-2.

13) Die hulp was bo en behalwe die reëlings vir droogte-geteisterde distrikte soos reeds uiteengesit.

gedurende 1942 van hierdie fasiliteite gebruik gemaak nie. Die reëns het egter, veral in die mieliestreek baie laat geval en ten einde die boere te help om nog 'n oes in die grond te kry, is 'n skema ingestel waaronder trekkers wat van die Departement van Verdediging en die Provinsiale Administrasies geleen is, aan die boere beskikbaar gestel is teen 4/- per morg.¹⁴⁾ Op dié wyse is die boere in staat gestel om die nodige saad en kunsmis aan te koop en daarby nog om meer saad in die grond te sit as wat hulle sonder die hulp van die skemas sou kon ingesit het.

Die wisselvalligheid van ons klimaat, is dus blykbaar een van die grootste enkele faktore wat die landbouopbrengs nadelig beïnvloed. Hoedanig dit wel die geval is, haal ons weer eens aan uit die jaarverslag van die Sekretaris van Landbou vir die jaar 1944/45:¹⁵⁾ „Die geval van mielies, die vernaamste stapelproduk van die land, is 'n voorbeeld van wat met baie ander produkte gebeur. Weens 'n ernstige droogte het die mielie-oes van 1941-42 slegs sowat 16,000,000 sakke beloop. As gevolg van gunstige klimaats-toestande is, tot aan die einde van Januarie 1943, nog 'n rekordoes van 30,000,000 sak gedurende die volgende seisoen verwag, maar 'n droogte het weer in Februarie ingetree met die gevolg dat ons 7,000,000 sakke mielies verloor het. Tussen 1939 en 1943 is 200,000 morg meer onder mielies gesit. As gevolg van die droogte het die oes in 1943-44 egter nie 20,000,000 sakke gehaal nie. 'n Krisispunt is bereik toe gedurende 1944-45 weer 'n betreklik klein oes ingesamel is as gevolg van die strawwe droogte, ten spyte van die feit dat 'n verdere 200,000 morg met mielies beplant is.\" Uit hierdie sienswyse is dit dus baie duidelik dat droogtes in 'n groot mate verantwoordelik is vir die insameling van klein opbrengste /

14) Boerdery in Suid-Afrika, no.202, Jan. 1943, p. 2.

15) Ibid., no. 240, Maart 1946, p. 133.

opbrengste waar daar rekordoeste verwag is en die boer se berekening op die toekoms telkens heeltemal omverwerp. Geen worder nie dat die gesegde ontstaan het dat vooruitreken is twee keer reken.

Feitlik so gereeld as die verskyning van die donderwolke gedurende die somer oor die hoëveld, verskyn die klagtes oor droogtes in die jaarverslae van die Departement van Landbou. In die jaarverslag van die Hoof van die Suiwelafdeling vir 1945/46 lui dit: „Daar kan met reg gesê word dat die posisie in Desember 1945 en vroeg in Januarie 1946 'n uiters kritieke stadium bereik het; sommige dele van die land het in so 'n haglike toestand verkeer dat beesboere begin vrees het dat hulle nie voldoende voer vir hul diere sou kon produseer nie.“¹⁶⁾ En vir die jaar 1946/47 „... is die teenstelling daar dat Wes-Transvaal en Betsjoeanaland die strafste droogte in hul geskiedenis moes ondervind, dat die koringoeste van die Oranje-Vrystaat en oostelike Kaapprovinsie wat op een stadium so mooi belooft het, in die vroeë somer moes verdroog, en dat die middel-Karoo 'n sorgwekkende winter moes deurmaak en verwagting uitsien na vroeë somerreën.“¹⁷⁾ Hierdie rapporte van droogtegeteisterde streke en die nadelige gevolge daarvan kan tot vervelens toe vermenigvuldig word, maar bostaande is voldoende om die terugslae te bevestig wat die boeregemeenskap weens droogtes moes deurmaak. Die hulp wat die regering deur middel van die Departement van Landbou verleen het, was dus baie welkom vir die boer.

3. Spesiale Onderstand aan Boere.

Weens die droogte en depressie was baie boere omstreeks 1930 in 'n baie benarde posisie en met ondergang bedreig veral weens die druk wat

deur /

16) Boerdery in Suid-Afrika, no. 251, Feb. 1947, p. 218.

17) Ibid., no. 261, Des. 1947, p. 919.

deur skuldeisers op hul uitgeoefen is. Om die las van sodanige persone te verlig, het die regering Waaksaamheidskomitees aangestel om die belange van die boere te beskerm en om op te tree as kampvegters vir die boere by laasgenoemde se krediteure. Op 30 Junie 1931 is daar byvoorbeeld reeds byna tweehonderd van hierdie komitees gestig. Indien 'n Waaksaamheidskomitee sou vind dat 'n boer weens die lae prys vir sy produkte nie sy skuld kon betaal nie, maar dat daar wel 'n redelike moontlikheid bestaan het dat hy dit mettertyd wel sou kon vereffen, het die Waaksaamheidskomitee die skuldeiser genader om uitstel vir die betaling van die skuld vir die boer te verkry. Indien hy nie bereid was om uitstel te gee nie, is die saak na die Kontroleur verwys vir verdere optrede. Indien ook hy nie met die skuldeiser tot 'n vergelyk kon kom nie, is 'n lening aan die boer toegestaan.¹⁸⁾

Daar is egter bevind dat baie boere nie slegs met 'n verlenging van die tyd vir terugbetaling kon deurkom nie, maar dit slegs kon doen indien aan hulle verdere finansiële hulp verleen sou word. Die regering het toe daarop £1,150,000 gestem en ter beskikking van die Landbank gestel om langs gesonde besigheidsbeginsels en in terme van die bestaande wette soos die Landbankwet, die Landboukredietwet en die Koöperatiewe wet, groter fasiliteite aan die boere te verskaf. Uit die fondse is toe voorskotte op eerste verband op grond gemaak tot sestig persent van die waarde daarvan. Hierdie voorskotte kon vir enige landboubedrywigheid gebruik word, soos die verbetering en aankoop van grond, omheining en gereedskap en die aflossing van bestaande skuld.¹⁹⁾ Maar selfs hierdie maatreël het nie genoegsaam geblyk om die boerebevolking van ondergang te red nie en gevolglik is die Wet op Speciale Onderstand aan Boere aangeneem.²⁰⁾

Volgens

18) Boerdery in Suid-Afrika, no.68, Nov.1931, p. 301.

19) Op. cit.

20) Wet no. 4 van 1931, Uniewette, dl.1, p. 326-346.

Volgens hierdie wet is die regering gemagtig om die boere van lenings te voorsien en onmiddellik is £5 miljoen vir die doel gestem, 'n Raad van drie persone is aangestel om die aansoeke van boere te oorweeg. Lenings ten bedrae van £1,000 op verband van roerende en onroerende goedere kon toegestaan word vir 'n tydperk van sewe jaar teen ses persent rente. Hoewel die nood oral baie hoog was, is lenings slegs onder die volgende voorwaardes toegestaan naamlik dat:

- (i) die sekuriteit voldoende moes wees,
- (ii) dit vir die Waaksaamheidskomitee onmoontlik was om vir die aansoeker uitstel te verkry,
- (iii) daar 'n redelike vooruitsig was dat die lening die boer uit sy moeilikheid sou help en
- (iv) die boer geblyk het 'n vooruitstrewende en hardwerkende persoon te wees.²¹⁾

Reeds gedurende 1931 het die uitwerking van die hulp duidelik geblyk. Die tussenkoms van die Waaksaamheidskomitees het verhoed dat baie boere uitverkoop en van hulle plase verdryf is. Ook is daar deur bemiddeling 'n beter verstandhouding tussen skuldenaar en skuldeiser geskep en daaruit het voortgevloei 'n gees van samewerking en optimisme wat baie bygedra het tot die wil om die depressie die hoof te bied. Hierdie wil is verder versterk deur die geldelike steun van die regering. Ook het die geldelike hulp belowende boere op hul plase gehou en was die land verseker dat met die keer van die gety slegs die boere wat met sukses die moeilikhede die hoof kon bied, die kans gegun sou word om gebruik te maak van die nuwe moontlikhede. Ons kan met reg beweer dat die hulp wat die regering in daardie ontwrigte tye aan die boere gebied het, baie daartoe bygedra het om die uit-

werking /

21) Wet no.4, van 1931, op. cit., art. 2.

werking van die depressie op ons boeregemeenskap te verlig en ook moontlik om 'n ernstige krisis wat kon ontstaan het, te verhoed.

4. Die Mieliereëlingswet van 1931.²²⁾

Die Unie het gedurende die periode 1923-1927 jaarliks gemiddeld sewentienmiljoen sak mielies geproduseer, maar vir die jare 1928-1930 is hierdie gemiddelde met 'n verdere drie miljoen sak opgeskuif. Nie-teenstaande die groter produksie, het die verbruik teen 1930 net soos in 1923 op ongeveer twaalfmiljoen sak bly staan. Dit wil dus voorkom asof daar nie op groot skaal van mielies as veevoer gebruik gemaak is nie, maar hoofsaaklik vir menslike gebruik. Dit het meegebring dat die Unie se mielie-uitvoer teen 1930 heelwat groter was as gedurende 1923. Ons mielies moes dus op die wêreldmark meeding en daar het die pryse teen 1930 'n laagtepunt bereik, en van die Suid-Afrikaanse oogpunt beskou, was die pryse ruïnerend. Terwyl graad 2 mielies gedurende Februarie 1924 soveel as 15s 4d behaal het, was die prys vir dieselfde graad gedurende Februarie 1931 slegs 7s 2d. Die prys het dus met meer as die helfte gedaal. Die daling in die prys van geelmielies was nog groter en was dit nie vir die voorskot van 7s 6d wat die Landbank aan koöperasies gemaak het nie, sou geelmielies waarskynlik vir heelwat minder van die hand gesit moes gewees het. Hierdie groot prysdalings is veroorsaak deur die algemene ekonomiese insinking en verder ook deur die groter binnelandse produksie en groter mielie-oorskot. Oorsese pryse het ook bygedra tot die groter binnelandse aanbod omdat dit nie lonend was om mielies teen wêreldpryse uit te voer nie.²³⁾ Om die posisie van die mielieprodusente

te /

22) Mieliereëlingswet, no.19 van 1932, Uniewette, Dl.1, p.680-698.

23) Boerdery in Suid-Afrika, no. 68, Nov.1931, p.300-301.

te verhelp, het die regering die Mieliereëlswet van 1931 aangeneem. Die hoofdoel van die wet was om

(i) die mielieprodusent 'n bestaanbare prys vir sy produk te verseker en

(ii) om die verpligting om mielies uit te voer te versprei onder al die mieliehandelaars en koöperasies.

Om dit te bereik, is bepaal dat alle handelaars wat mielies van produsente koop, 'n lisensie vir die doel moes uitneem en vir elke honderd sak mielies wat so 'n handelaar aankoop, moes hy 'n bepaalde kwota uitvoer, soos deur die Minister van Landbou van tyd tot tyd vasgestel. Op hierdie manier het die regering gehoop om die aanbod meer in ooreenstemming met die aanvraag te bring en dus die pryse op te stoot.

Die ondervinding gedurende die eerste jaar van die werking van die wet het getoon dat daar baie ontduikingskans was en daarom is die wet gedurende 1932 gewysig deur die Mieliereëlswysigingswet, no.23 van 1932.²⁴⁾ Die ver- naamste wysigings was dat handelaars met aankope van minder as 100 sak en vrygestel was van uitvoerverpligtinge, nou betrek is. Die uitvoerkwota vir 1931/32 is vasgestel op vyftig persent.²⁵⁾

Dit het gedurende 1935 geblyk dat die Mielie- reëlswet nie in sy doel, naamlik om binnelandse pryse op 'n betaalbare peil te hou, kon handhaaf nie weens verdere dalings in pryse op die oorsese mark. Die regering het toe weer die Mieliereëlswet gewysig²⁶⁾ en 'n Raad van Beheer oor die Mielienywerheid ingestel waardeur die beheer oor mielies verskerp is en ontduikings aan bande gelê is. Pryse
het /

24) Uniewette, Dl.1, p.700, wet no. 23 van 1932.

25) Boerdery in Suid-Afrika, no. 80, Nov. 1932, p.313-314.

26) Mieliereëlswysigingswet, no.59 van 1935, Uniewette, Dl.1, p. 702-724.

het egter gedurende Januarie 1935 nog verder gedaal op die wêreldmark, en om uitvoerders te vergoed vir verliese, het die regering aangekondig dat uitvoerders 3s 6d per sak op uitvoersertifikate bo hul kwota wat hulle aan die einde van 1936 mag hê, sou ontvang. Dit sou egter net geld vir uitvoerkwotasertifikate ten opsigte van die tydperk wat op 31 Mei 1936 geëindig het. Op hierdie basis is bereken dat die prys vir die produsent op ongeveer 7/- per sak te staan sou kom, d.w.s. op ongeveer 1s 9d bo die plaaslike uitvoerpryse. Verdere prysdalings het egter ingetree en op aanbeveling van die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid is die toelaag van 3s 6d verhoog na 5s per sak ten einde die binnelandse prys op 7s te handhaaf.²⁷⁾

Die gebruik van mielies in die Unie het teen 1935 opgeskuif na ongeveer 15,400,000 sak en daar die oes vir 1935-36 op ongeveer 15 miljoen sak te staan gekom het, was daar geen probleem om die pryse te handhaaf nie en is geen uitvoerkwota vasgestel nie. Die oes vir 1936-37 was egter geraam op 'n rekordoes van 27 miljoen sak en 'n uitvoerkwota van $66\frac{2}{3}$ is aangekondig. Dit het egter spoedig geblyk dat die Mieliereëlswet nie voldoende beskerming teen prysdalings gebied het nie en daar moes weereens 'n waarborg gegee word ten opsigte van surplus-uitvoerkwotasertifikate. In Junie 1937 is die waarborg gestel op 3/- per sak maar weens 'n verdere daling in oorsese pryse moes die waarborg verhoog word na 4s 6d. Dit het meegebring dat die produsent 1s 6d meer gekry het as die uitvoerprys, en die prys per sak vir die produsent was in die omgewing van 7s 6d tot 8s.²⁸⁾ Die Mieliereëlswet is ook gedurende 1937 verder gewysig²⁹⁾

waardeur /

27) Boerdery in Suid-Afrika, no. 117, Des. 1935, p. 494.

28) Boerdery in Suid-Afrika, no. 141, Des. 1937, p. 500.

29) Mieliereëlswysigingswet no. 48 van 1937, Uniewette, Dl. 1, p. 724-726.

waardeur die Raad van Beheer oor die Miellienywerheid groter magte ten opsigte van die uitvoer van mielies verkry het. Die Raad het byvoorbeeld die alleenreg verkry vir die uitreiking van uitvoerbewyse, en die Mieliebeheerraad het van toe af die pryse van mielies beheer asook die uitvoer en die oordrag van genoegsame voorrade van die een seisoen na die ander om te voorkom dat die land weens 'n moontlike misoes self mielies moet invoer.³⁰⁾

5. Uitvoersubsidies.

Die depressie het ook op ander vertakkinge van die Suid-Afrikaanse ekonomiese bedrywighede verlammend ingewerk en oral was lae pryse aan die orde van die dag. Die toestand het gedurende 1931 so 'n ernstige wending geneem dat die regering in die tweede helfte van 1931 'n spesiale sitting gehad het en 'n wet³¹⁾ aangeneem het om deur middel van subsidies die pryse van primêre produkte sover doenlik aan te moedig. Teen 30 Junie 1932 is op nie minder as 84 produkte subsidies betaal nie, maar nie almal was landbouprodukte nie. Die fondse vir die betaling van die subsidies sou verkry word uit 'n spesiale invoerreg op invoertoeslag van vyf persent wat in 'n spesiale „Uitvoersubsidierekening“ gestort sou word. Uit die fonds sou dan 'n uitvoersubsidie van 10 persent op primêre produkte vir 'n tydperk van twaalf maande betaal word. Gedurende 1936 is die wet gewysig sodat die uitbetaling van 'n subsidie verleng is tot twee jaar en verder kon 'n uitvoersubsidie na goeddunke van die Minister vasgestel word op hoogstens vyf-en-twintig persent of in die geval van skaap- en beesvleis op hoogstens vyf-en-dertig persent. Die vernaamste landbouprodukte wat in aanmerking vir die betaling van die subsidie gekom het en die bedrae

wat /

30) Boerdery in Suid-Afrika, no. 153, Des. 1938, p. 489-490.

31) Uitvoersubsidies-wet van 1931, no. 49.

Tabel LXXXVI.

Bedrae betaal aan uitvoersubsidies ten opsigte
van Landbouprodukte, 1931-36.

Produk	1931	1932	1933	1934	1935	1936
	£	£	£	£	£	£
Aalwyn	764	678	647	882	268	-
Angora- korynwol	60	132	131	25	5	-
Lewende diere	332	63	107	40	107	-
Appelkoos- pitte	235	247	251	123	151	-
Botter	12,091	9,169	7,252	13,234	17,960	-
Brandewyn, ens.	2,561	3,618	24,445	14,844	6,905	120
Boegoe	273	372	344	699	509	-
Boontjies	16	-	-	-	-	-
Sitrus	165,275	188,652	221,849	250,848	158,068	51,500
Kaas	2,776	3,008	596	1,536	1,773	-
Kommissie-wol	9,025	13,354	9,535	8,937	6,862	6
" -bokhaar	74	463	237	221	142	1
Katoen	2,487	2,075	1,161	1,788	1,143	69
Gedroogde en -ingemaakte vrugte	18,302	27,083	19,106	21,854	13,848	-
Somervrugte	112,152	154,784	194,134	197,724	167,100	-
Eiers	29,459	41,183	34,745	38,155	19,069	47
Vrugtemoes	44	486	133	116	100	-
Vrugtebome	178	92	157	146	48	44
Vrugtesap	486	1,702	5,173	4,265	526	-
Blomme & Plante	282	383	428	409	290	-
Huide en Velle	70,140	110,974	100,416	98,422	53,870	-
Horings, hoewe ens	878	1,082	1,006	835	458	-
Heuning	-	-	-	1	-	-
Konfy & jellies	1,166	916	1,029	2,336	928	-
Lusern, saad, meel	3,361	3,586	376	349	57	-
Vark- & braaiwet	236	14	3	1	40	-
Vleis, gesout	4,495	211	81	3	1	-
Bokhaar	12,635	49,019	25,360	23,582	14,608	84
Mielieprodukte	18,992	39,374	873	185,884	90,761	2,408
Mielies	57,717	80,050	384	246,739	86,388	63
Vleis, vars	25,867	68,576	9,659	40,514	80,917	-
Melk, room, ens.	2,276	2,043	1,043	1,978	287	-
Neute	103	27	52	153	52	-
Oliekoek	11	7	9	2	-	-
Olie	1,348	7,988	2,512	2,792	9,224	-
Worsomhulsel	608	1,003	939	1,028	138	-
Saad	187	415	452	394	20	-
Looi- & velwol	1,246	5,316	3,145	3,068	927	-
Tabak	477	317	624	455	320	-
Hout	54	-	-	-	-	-
Grane	215	203	352	391	110	-
Tee	109	5	5	2	104	-
Groente	651	558	628	649	348	-
Asyn	33	16	12	36	8	-
Wol	1,145,824	1,369,098	959,739	908,908	618,806	278
Wattelbas	49,857	46,685	45,696	117,500	70,495	-
"-ekstrak	7,351	8,975	8,134	3,547	10,126	-
Pypkalbasse	-	-	7	12	21	-

wat ten opsigte daarvan uitbetaal is, word in tabel LXXXVI (p. 404) aangegee.

Uit Tabel LXXXVI blyk dit dat jaarliks reusebedrae aan uitvoersubsidies uitbetaal is en wel ten opsigte van 'n groot aantal landbouprodukte. Die volgende soorte produkte het egter feitlik oor die hele tydperk groot somme by wyse van subsidie ontvang, naamlik botter, sitrus, gedroogde en ingemaakte vrugte, somervrugte, eiers, huide en velle, bokhaar, mielies en mielieprodukte, vars vleis, wol en wattelbas. Soos ons reeds gemerk het in die bespreking van die Mieliereëlingswet, het die uitvoersubsidie die inkomste van die boer in sommige gevalle in twee opsigte ten goede gekom. In die eerste plek is die prys vir die produsent verhoog met die bedrag van die uitvoersubsidie en daarbenewens het die uitvoer 'n kunsmatige binnelandse tekort geskep wat ook 'n invloed op die pryspeil ten gunste van die produsent moes uitoefen.

6. Spoorvragrabatte.

Gedurende Mei 1933 het die regering besluit om as hulpmaatreël spoorwegrabatte op slagvee toe te staan en wel op die volgende grondslag. Op beeste wat verder as ag-en-sewentig myl vervoer is en waarop die spoorvrag meer as vyf sjielings beloop, is 'n afslag van vyftig persent toegestaan op die bedrag wat die vervoerkoste meer as vyf sjielings is, en op skape, bokke en varke wat verder as dertig myl vervoer is en waarop die vervoerkoste meer as 'n sjieling beloop het, is ook 'n afslag van vyftig persent toegestaan op die bedrag wat die vervoerkoste meer as een sjieling per dier beloop het. Die afslag is dan weer deur die regering aan die spoorweë vergoed. Van Mei 1933 tot 30 Junie 1934 is 'n bedrag van £114,479 deur die regering aan die spoorwegadministrasie /

strasie volgens die skema betaal.³²⁾ Die rabat op spoorvrag was 'n direkte hulp aan die boer en kon moontlik ook op die duur 'n indirekte toegewing aan die verbruiker gewees het hoewel dit moeilik sou wees om dit te bepaal. Gedurende 1935 is die rabat ook toegestaan op bevrore beesvleis bedoel vir uitvoer.³³⁾ Die voordeel wat die boere gedurende 1934-35 onder die skema gekom het, het op ongeveer £117,300 te staan gekom en op slagvee in 1935-36 £122,850 en op uitvoervleis £2,400.³⁴⁾

Gedurende 1936 het die regering besluit om die spoorwegrabatstelsel na meer produkte uit te brei en dit ook toe te pas op die vervoer van wol, bokhaar en wattelbas waarop 'n rabat van twintig persent op die spoorvrag toegestaan is en ten opsigte van vars vrugte en sitrus 'n rabat van tien persent.³⁵⁾

Gedurende 1937/38 is die volgende rabatte uitbetaal: Wol en bokhaar £54,500, slagvee na marke £136,000, vrugte £35,000, wattelbas £17,000 en verkoelde beesvleis £1,000, d.w.s. 'n totaal van £243,500.³⁶⁾

Weens die swak pryse van wol gedurende 1939 is die rabat wat aan wol toegestaan is gedurende 1939 tydelik verhoog tot negentig persent maar gedurende 1940 weer verminder tot vyftig persent.³⁷⁾

Die besparings op die vervoer van slagvee het gedurende 1939-40 £163,000 beloop. Van Maart 1939 is ook 'n rabat toegestaan op mielies wat vir plaaslike verbruik bedoel was.³⁸⁾ Hierdie laasgenoemde tegemoetkoming het

moontlik /

32) Boerdery in Suid-Afrika, no.105, Des.1934, p. 503.

33) Ibid., no. 117, Des.1935, p. 494.

34) & 35) Ibid., no. 129, Des. 1936, p. 539-40.

36) Ibid., no. 153, Des. 1938, p. 497.

37) Ibid., no. 177, Des. 1940, p. 474-5.

38) Ibid.

moontlik verbruikers meer ten goede te staan gekom as produ-
sente. Die totale bedrag wat die regering op die skema
gedurende 1939-40 uitbetaal het, het die re-usebedrag van
£1,350,000³⁹⁾ beloop en vir die jaar 1940-41 £1,100,000.⁴⁰⁾

Hierdie rabatskema het voortbestaan tot 1945 toe
'n komitee aangestel is om ondersoek na die stelsel in te stel.
Nadat die Minister die bevindings van die komitee oorweeg het,
is besluit om van 4 September 1946 alle tydelike kortings op
vervoer op te hef behalwe op mielies en slagvee wat weer oor-
weeg sou word sodra die nuwe pryse vir die volgende seisoen
aangekondig is, en misstowwe wat weer aan die begin van die
finansiële jaar in 1947 oorweeg sou word. Die afslag van
lewende hawe en vervoer van veevoer na en van droogtegeteis-
terde distrikte het egter onveranderd gebly.⁴¹⁾ Gedurende
1947 is slegs die korting wat op slagvee toegestaan is met
vyftig persent verminder asook dié op misstowwe van negentig
persent na vyf-en-sewentig persent. Die uitbetalings wat
die regering nogtans sou moes doen, is toe vir die jaar op
ongeveer een-en-'n-kwart-miljoen pond bereken.⁴²⁾

Die korting op die vervoerkoste van slagvee na
marke het op 31 Maart 1948 verval.⁴³⁾

Tabel LXXXVII

Spoorwegrabatte toegestaan in 1948/49 en 1949/50.

	<u>1948 / 49</u>	<u>1949 / 50</u>
Mielies en mielieprodukte...	£ 620,134	£ 824,763
Misstowwe	274,037	322,126
Lewende hawe v. droogtegeb..	12,540	17,001
Veevoer na "	9,048	35,293
Lewende hawe na marke	-	1,518
	<u>£915,759</u>	<u>£1,200,701</u>

Gedurende /

39) Boerdery in Suid-Afrika, ibid, no. 177, Des. 1940, p. 474-5.

40) Ibid., no. 189, Des. 1941, p. 428.

41) Ibid., no. 251, Feb. 1947, p. 132-3.

42) Ibid., no. 261, Des. 1947, p. 972.

43) Ibid., no. 275, Feb. 1949, p. 42.

Gedurende 1951 is die toegewings verder gewysig ten opsigte van vee in droogtegeteisterde gebiede. Indien vee na beter weiveld gestuur is, het die regering sewe-en-dertig en 'n half persent van die spoorvrag betaal en die spoorweg-administrasie 'n verdere vyftig persent, sodat die boer slegs twaalf-en-'n-half persent van die werklike vervoerkoste moes betaal. Die terugvervoer van vee het kosteloos geskied.⁴⁵⁾

Tabel LXXXVIII

Spoorwegrabatte toegestaan, 1950/51 - 1953/54.

Jaar	Mielies en miellieprodukte	Misstowwe	Vee van droogtegeb.	Veewoer
1950-51	£ 788,338	£ 365,212	£ 42,801	£ 4,063
51-52	1,013,539	366,767	18,179	6,271
52-53	895,788	354,363	15,227	17,293
53-54	908,422	447,936	7,618	7,675

Selfs in tye dus toe landbouprodukte goeie pryse behaal het, het die regering nog voortgegaan met sy hulp by wyse van spoorwegrabatte.

7. Wet op Plaasverbandrente, no.34 van 1933.

Nieteenstaande

die reëlings wat sedert 1930 van regeringsweë getref is om die boere te help, het die posisie steeds versleg en is gedurende 1933 die Wet op Plaasverbandrente aangeneem.⁴⁶⁾

Die doel van die wet was om alle rente op plaasverbande te verminder en vas te stel op vyf persent. Niemand het dus die reg gehad om meer as vyf persent rente te vra op geld wat op verbande aan boere toegestaan is nie. Verder is die boere tegemoetgekom vir sover die regering onderneem het om 'n gedeelte van die vyf persent uit staatsfondse te betaal en wel tot 'n maksimum van een-en-'n-half persent. Dit het dus daarop neergekom dat boere slegs drie-en-'n-half persent op verbande moes betaal. Verder is alle prosesse in verband met
die /

45) Boerdery in Suid-Afrika, op.cit., no.309, Des.1951, p. 401.

46) Uniewette, Dl.1, p. 372-396.

die opeis van gelde i.v.m. plaasverbande outomaties gekanselleer indien die verweerder kon bewys dat hy aansoek gedoen het om 'n lening kragtens die wet en dat dit van die hand gewys is of dat 'n lening wel toegestaan is, maar uitbetaling nog nie geskied het nie hangende die registrasie van die verband ten gunste van die Land- en Landboubank. Sodanige lenings is egter slegs toegestaan indien daar bewys kon word dat die boer sy grond sou verloor indien die bank nie die verband oorneem nie. Vir die uitvoering van die bepalings van die wet om die boere tegemoet te kom, het die regering vir die boekjaar 1933-34 en ook weer vir die jaar 1934-35 elke keer £4miljoen gestem.⁴⁷⁾ Ten opsigte van rente het die staat gedurende 1933-34 nie minder as £346,000 en gedurende 1934-35 nie minder as £750,000 aan rentesubsidies betaal en begroot nie.⁴⁸⁾

8. Pagterskema.

Gedurende 1931 het die regering maatreëls aangeneem om boere wat nie grond besit nie maar 'n bestaan gemaak het deur grond te huur, te help. Die skema is beheer deur die Landbank bygestaan deur plaaslike komitees wat in adviserende hoedanigheid opgetree het. Lenings van hoogstens veertig pond per persoon is toegestaan indien hy aan die volgende voorwaardes voldoen het: (i) hy moes ongetroud wees, (ii) nie grond besit het nie, (iii) grond onder huurkontrak bewoon het, (iv) die hulp nodig gehad het ten einde sy werksaamhede voort te sit, (v) nie as nedersetter van 'n ander staatsdepartement geldelike hulp ontvang het nie.⁴⁹⁾ Ingevolge hierdie skema is gedurende 1931 lenings aan applikante in 43 distrikte ten bedrae van £68,400 toegestaan.⁵⁰⁾

Tabel /

47) Boerdery in Suid-Afrika, no. 105, Des. 1934, p. 497.

48) Ibid.

49) en 50) Ibid., no. 68, Nov. 1931, p. 300.

Tabel LXXXIX

Uitbetalings ten opsigte van die Pagterskema.

1931 / 32	£19,200
1932 / 33	120,633

Gedurende 1933 is hierdie pagterskema saamgesmelt met die skema waaronder lenings aan boere toegestaan is wat hul vee deur droogtes verloor het.⁵¹⁾ Die groot somme wat aan boere voorgeskiet is, het gelyktydig 'n groot vraag na vee laat ontstaan en die neiging was om veepryse omhoog te druk. Uit sommige distrikte het die regering dan ook versoeke ontvang dat nie net die maksimum prys wat vir vee betaal word verhoog moes word nie, maar dat ook die bedrag wat per boer toegestaan word, vermeerder moes word. Die regering het egter nie aan die versoeke voldoen nie, juis om te voorkom dat die veepryse sou styg en boere dus uiteindelik vir meer geld minder vee kon aankoop. Van 1 Julie 1935 is die administrasie van hierdie skema van die Landbank verskuif na die Kantoor van Invordering van Staatsvoorskotte en sou in die vervolg onder beheer van die Boerebystandsraad toegepas word.⁴⁵²⁾

9. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons 'n goeie beeld gekry van die hulp wat die staat aangebied het namate omstandighede dit vereis het. Die hulp aan droogtegeteisterde gebiede strek oor die langste tydperk en toon ook die mate aan waarin Suid-Afrika deur droogte geteister word. Die ander hulpmaatreëls is veral genoodsaak deur die depressie in die vroeë dertigerjare en die hulp wat die staat toe aangebied het, het beslis baie boere van ondergang gered. Sonder die steun soos in hierdie hoofstuk uiteengesit, sou toestande in baie opsigte moontlik in 'n fiasko ontwikkel het en sou die herstel van die landboubedryf na die depressiejare waarskynlik baie moeilikamer gewees het.

51) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid.* no. 105, Des. 1934, p. 499.

52) *Ibid.*, no. 117, Des. 1935, p. 494.

HOOFSTUK XVIII.

AFDELING EKONOMIE EN MARKTE.

1. Inleiding.

Reeds gedurende 1916 het die Departement van Landbou begin om maandelikse onafhanklike en onpartydige inligting in verband met oestoestande in belang van die boer te publiseer. Hierdie diens is gedurende die verslagjaar 1923/24 uitgebrei toe 'n afsonderlike Oesverslagafdeling in die lewe geroep is. Gedurende 1923/24 is daar verslag gedoen oor die volgende produkte: mielies, kafferkoring, tabak, katoen, koring, hawer, gars, ens., en markpryse plaaslik sowel as oorsee is in die publikasie „Oeste en Marke" ingesluit. Die nuwe Afdeling het egter gevoel dat die aantal persone wat behulpsaam was met die opnames te min was en wou die aantal uitbrei tot ongeveer 4,500 maar kon nie die medewerking van die boere hierin kry nie. Hieroor rapporteer die hoof van die Afdeling as volg: „Die gebrek aan belangstelling moet toegeskryf word aan 'n gebrek aan 'n besef van die waarde van die oesskatting."¹⁾ Dit sou egter dalk meer juis gewees het indien verklaar is dat die oesskatting vir die boer nie van groot belang is nie, want die boer kan tog immers nie sy oes gaan vergroot of inkrimp indien hy eers eenmaal geplant het nie. Die boer wil weet wat die posisie gaan wees nog voordat hy geplant het, want wat ook al die opbrengs en pryse het hy ten opsigte van die meeste akkerbougewasse baie min beheer oor sy produksie nadat dit eers eenmaal in die grond is.

Aan die begin van 1925 is die noodsaaklikheid om meer aandag aan die ekonomiese sy van die boerderyaangeleenthede te gee, deeglik besef en is die „Oeste-afdeling" vervang

1) U.G. 15/25, p. 240-241.

deur die „Afdeling Landbou-ekonomie, Marke en Koöperasie“. Hierdie Afdeling het homself ten taak gestel die ondersoek na die doeltreffendheid van plaasbestuur en die betaalbaarheid van die boerdery. Onderzoek sou ingestel word na vraagstukke oor plaasbestuur, algemene ekonomiese kwessies, bemarking en koöperasie.²⁾

Die faktore wat onder elk van die vertakkinge tuishoort, is deur die hoof van die Afdeling as volg saamgevat in sy verslag oor die jaar 1925/26:

(1) Plaasbestuur en algemene ekonomiese kwessies.³⁾

(a) Aard en tipes van die boerdery wat deur die 90,000 boere in Suid-Afrika beoefen word.

(b) Natuurfaktore op plase en die aard van plaasbesit, soos eienaarskap, huurstelsels en so meer.

(c) Uitgawes, inkomste, verliese of winste van boerdery in verskillende dele van die land wat sal aantoon:

(d) produksiekoste van verskillende landbouprodukte soos die verskillende soorte graan, groente, vrugte, en pluimveeprodukte, varke en varkprodukte, skape en wol, beeste, suiwelprodukte, ens.

(e) Geaardheid van arbeid en arbeidsbehoeftes op plase.

(f) Kapitaaltoestande en kapitaalvereistes op plase.

(g) Ander ekonomiese kwessies soos vervoer, ens.

(11) Bemarking.⁴⁾

(a) Die ondersoek na toestande op bestaande munisipale /

2) U.G. 16/26, p.245-6. Omdat koöperasie nie werklik beskou kan word as 'n bydrae van die staat tot die landbou nie, word hierdie aspek nie bespreek nie.

3) U.G. 16/26, p. 246.

4) Ibid.

sipale marke in grotere en ander sentrums in al vier provinsies.

(b) Ander bemarkingsorganisasies, maatskappye, beurse, agente ens.

(c) Afsetgebiede in die res van Afrika.

(d) Afsetgebiede in Europa en ander lande vir ons mielies, vrugte, vleis ens.

(iii) Algemeen.⁵⁾

(a) Verder is daar besondere vraagstukke verbonde aan elke produk, aan elke proses soos versameling, gradering, standaardisasie, verpakking, opberging, vervoer, finansiering, risiko, verkoop, verspreiding, inligting, propaganda en advertensie.

Dit was die bedoeling van die nuwe Afdeling om veral aandag te skenk aan die bestuurs- en besigheidsaspek omdat hy oortuig was dat mislukkings nie so veel toe te skryf was aan gebrekkige metodes nie as aan 'n gebrek aan kennis van bestuur en ekonomiese aangeleenthede. Die boere moes meer ingelig word om hul eie koste te bereken, om hul werksaamhede so te beplan dat die beste gebruik van die arbeidskragte en hulpmiddels gemaak kon word, en om hul plase so te beplan dat dit op die beste wyse benut kon word. Nuttige werk is dan ook van die begin gedoen in die voortsetting van die berekening van die produksiekoste van mielies, oesskatting, en die belangrikste nuwe uitbreiding was die versameling van landboustatistiek was tot op daardie tyd byna nie bestaan het nie. Die Afdeling het ook begin met die opstelling van 'n boekhoustelsel vir boere sodat boere hul eie kosteberekenings kon maak.⁶⁾ Hierdie boekie het gedurende die verslagjaar 1928/29 verskyn. Van die 2,000 eksemplare /

5) U.G. 16/26, p. 246.

6) Boerdery in Suid-Afrika, no. 9, Des. 1926, p. 357.

eksemplare wat in Engels gedruk is, is teen 1931 reeds 1,200 verkoop, terwyl daar van die 1,000 eksemplare in Afrikaans slegs 462 verkoop is,⁷⁾ wat toon dat die Engelssprekende boer moontlik meer besigheidsbewus was as die Afrikaanssprekende.

2. Bemarking.

Die Afdeling het hom egter veral beywer vir die verbetering van bemarkingstoestande en metodes van bemarking en munisipale marke en die onderrig van die boer in die bemarking van sy produkte. Met die oog hierop is reeds gedurende 1925 amptenare na die verskillende groot munisipale marke gestuur terwyl 'n omskrywe aan sowat 'n honderd markowerhede gerig is, asook aan al die boereverenigings ten einde die probleme van die verskillende betrokke partye te wete te kom.⁸⁾ Ten opsigte van die bemarking op munisipale marke het sommige plaaslike owerhede heelwat reorganisasie en ook finansiële verpligtinge aangegaan om die geriewe op hulle marke te verbeter. Gepaard daarmee het die Afdeling 'n markinligtingsdiens georganiseer en teen 1937 was daar sewe-entertig amptenare op die ag vernaamste munisipale marke werksaam om uitvoering aan hierdie deel van die diens te gee. Daaglikse pryse op die verskillende marke vir bepaalde grade is ingewin en daaglik oor die radio uitgesaai en in die koerante gepubliseer.⁹⁾ Daardeur is die boere in staat gestel om elke dag te wete te kom wat die voorrade en pryse van die verskillende produktesoorte op die verskillende marke was, en hul besendings diennooreenkomstig te reël.

'n Baie belangrike stap in die verbetering van die bemarking van binnelandse produkte is die „Nasionale Merkskema" wat deur die Afdeling in 1936 voorgestel is. Hierdie stelsel is 'n uitvloeiing van die moeilikheid wat die Afdeling

ondervind /

7) Boerdery in Suid-Afrika, *ibid.*, no. 68, Nov. 1931, p. 334-5.

8) *Ibid.*, no. 9, Des. 1926, p. 357.

9) *Ibid.*, no. 141, Des. 1937, p. 562.

ondervind het om eenvormigheid in die prysaankondigings te kry. Die bepaalde grade en standarde wat op die marke aangebied is, was nie altyd vergelykbaar nie, met die gevolg dat daar nooit by die produsent sekerheid was oor hoe sy produkte met die verkoopte vergelyk nie en dat hy derhalwe nie 'n basis gehad het om te besluit na watter mark om sy produkte te stuur nie. Daarom het die Afdeling gevoel dat 'n stelsel van eenvormige gradering noodsaaklik was en daarom het hy die Nasionale Merkskema aanbeveel. Volgens die skema sou die produkte wat onder die Nasionale Merk bemark word, deeglik gegradeer word en in standaardhouers bemark word. By aankoms op die marke word die verskillende grade ondersoek en deur die tegniese beamptes goedgekeur. Die Nasionale Merk is op 'n vrywillige basis ingevoer, dit wil sê, boere kon self besluit of hul daaraan wil deelneem al dan nie. Dit was aanvanklik net beperk tot die Johannesburgse mark, en die plaaslike markowerhede het baie gedoen om die invoering daarvan te vergemaklik en te help om die skema 'n sukses te maak. Spesiale terreine is op die mark afgesonder vir „Nasionale Merk-produkte” en op vasgestelde tye is markmeesters afgesonder om dié produkte op te veil. Terselfdertyd is alle ander veillings gestaak sodat die aandag op hierdie afdeling toegespits kon word.¹⁰⁾ Aanvanklik was die skema net beperk tot enkele van die vernaamste vrugte- en groentesoorte, maar is langsaam hand uitgebrei totdat dit vandag 'n groot hoeveelheid produkte insluit. Die omvang van die skema gedurende die jare 1938-40 blyk uit die volgende gegewens vir die Johannesburgse munisipale mark:

Tabel /

10) Boerdery in Suid-Afrika, no. 141, Des. 1937, p. 563.

Tabel XC.

Persentasie Nasionale Merk-ontvangste tot totale ontvangste op die Johannesburgse mark. 11)

Artikel	1938/39	1939/40
Aartappels	52.0	46
Kool	24.5	23
Groenboontjies	18.3	24
Groenerte	5.1	6
Komkommers	10.1	14
Vroeë pampoene	12.9	11
Pampoene	4.3	4
Tamaties	29.8	28.3
Papajas	30.8	29.1
Avokado's	7.2	5.7
Nartjies	23.6	31.6
Aarbeie	16.3	25.5
Appelkose	17.4	9.2
Perskes	22.9	30.4
Pruime	38.0	19.0
Appels	6.8	8.1
Pere	20.2	11.3
Druie	12.5	9.1

Die gegewens intabel XC toon geen bepaalde toename in die persentasies nie, maar tog het die aantal produsente wat onder die skema geregistreer is, as volg toegeneem: 1,012 in 1937, 1,620 in 1938, 2,126 in 1939 en 2,638 in 1940, d.w.s. 'n toename van omtrent 150 persent binne enkele jare wat moontlik daarop dui dat die boere bewus geword het van die voordele van die skema.

Die volgende gee 'n aanduiding van die toename in die hoeveelhede van bepaalde produkte bemark onder die Nasionale Merkskema oor bepaalde jare.

Tabel XCI

Totale hoeveelhede van die vernaamste produkte wat op die Johannesburgse, Pretoriase en Bloemfonteinse marke onder die Nasionale Merkskema aangebied is vir die betrokke jare

Jaar	Tamaties (kissies)	Papajas (kissies)	Avokado's (kissies)	Pluimvee (stuk)
1937-38	246,549	53,964	-	26,851
45-46	1,044,946	86,834	-	110,432
46-47	984,912	165,318	49,238	128,416
47-48	997,873	118,187	51,180	182,452
48-49	1,141,779	241,047	54,948	194,477
49-50	1,136,861	155,485	96,615	176,987
50-51	1,497,244	198,006	92,017	209,242
51-52	1,432,618	209,530	94,261	203,296
52-53	1,437,243	215,863	95,143	225,389
53-54	2,105,171	250,788	97,457	190,180

Dit /

Dit blyk dus baie duidelik dat daar 'n steeds stygende hoeveelheid produkte onder die Nasionale Merkskema bemark word en die Afdeling dien gelukgewens te word met die sukses van die skema wat beslis bygedra het tot die gradering op groot skaal en die produsent aangemoedig het om ook op kwaliteit te let.

3. Verpligte Gradering.

Die Afdeling het mettertyd gevoel dat die boere genoeg ondervinding in gradering opgedoen het en dat die voordele daarvan verbonde van so 'n aard was dat boere berplig moes word om hul produkte te gradeer en in standaardhouers te bemark. Die eerste produkte was onder die verpligte skema geval het, was sagte vrugte en sitrus in 1941. Daarna het gevolg vleis en aartappels in 1942, eiers in 1945 en vars vrugte vir verwerking in 1952. Deur hierdie stap het die Departement van Landbou dus verseker dat die binnelandse verbruiker ten minste ten opsigte van sommige produkte verseker sou wees van 'n bepaalde gehalte. Dit het beslis ook die produsent ten goede gekom omdat kopers en verbruikers bewus daarvan was dat hulle geen risiko geneem het deur die gestandaardiseerde produkte te koop nie en dus gewillig was om meer daarvoor te betaal.

4. Agro-ekonomiese Opname van die Unie.

Een van die omvangrykste studies wat die Afdeling onderneem het, was die agro-ekonomiese indeling van die Unie. Dit is gedoen om die verskillende gebiede met dieselfde fisiese, biologiese en ekonomiese eienskappe af te baken ten einde die boer beter te kan voorlig omtrent die moontlikhede van elke streek. In so 'n indeling speel reënval 'n belangrike rol omdat dit in baie gevalle die beslissende faktor is wat die sukses van

van die boerderybedrywighede bepaal. Reën is veral nodig in die blomtyd en reeds aan die begin het 'n ontleding van die reënvalsyfers vir Lindley en Kroonstad getoon dat Februarie sedert 1920 tot 1935, 'n abnormaal lae gemiddelde reënval gehad het. Dit is egter die maand wat vir miellies baie kritiek is en die vraag het dus ontstaan of dit nie moontlik sou wees om die miellies in dié streke vroeër te plant nie.¹²⁾

Die opname sou egter ook vir die Departement van Landbou as geheel van groot waarde wees omdat die voorligtingsbeampies dan beter versprei kon word om spesifieke streke te dek en hul werksaamhede presies bepaal kon word volgens die geaardheid van die streek, sy relatiewe belangrikheid en volgens die mate van die spesiale kennis en ervaring van die beampte self.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die werk weens ander werksaamhede en veral weens 'n personeeltekort nie kon vorder nie. Gedurende 1946 is dit egter weer hervat en teen die middel van daardie jaar is 'n Adviserende Agro-ekonomiese Streekskomitee in die lewe geroep. Op die komitee is verteenwoordiger die Afdelings Ekonomie en Marke, Grond-bewaring en Voorligting, Landbou-onderwys en navorsing, Plantkunde en Plantsiektekunde, en Skeikundige Diens. Verder is die Landbounavorsingsinstituut van die Universiteit van Pretoria ook gekoöpteer vir werk in verband met die somer-reënvalgebied en die Elsenburgse Landboukollege van die Universiteit van Stellenbosch vir die winterreënvalstreek. Die taak van die komitee was om die nodige koördinasie te versker tussen die verskillende medewerkers wat aan die skema deelgeneem het.¹³⁾

Die /

12) Boerdery in Suid-Afrika, no. 129, Des. 1936, p. 583.

13) Ibid., no. 251, Feb. 1947, p. 213.

Die agro-ekonomiese opname en die verwerking van die gegewens het teen 1949 sover gevorder dat die eerste publikasies oor die ondersoek in pamfletvorm gepubliseer kon word. Die hele ondersoek is gedurende 1951 afgehandel en gedurende 1953 is die muurkaart waarop die indeling aangetoon is, gepubliseer.¹⁴⁾

5. Berekening van Produksiekoste.

Die Bemerkingswet van 1937 het ten gevolge gehad die instelling van verskeie beheerrade wat onder andere ook die produsenteprys van die produk wat dit beheer, aanbeveel. Die vraag het toe ontstaan op watter wyse die prysvasstelling moes geskied en daar is toe besluit om die produksiekoste as basis daarvoor te neem. Die taak om die produksiekoste te bereken, is daarop opgedra aan die Afdeling Ekonomie en Markte. Die Afdeling versamel dan die kostegegewens van produksie vir die afsonderlike produkte in die vernaamste verbouingstreke en bereken dan die produksiekoste per eenheid. So byvoorbeeld word die produksiekoste vir mielies bereken volgens gegewens ingewin op die oostelike hoëveld van Transvaal, die Noord-Wes-Vrystaat en Wes-Transvaal, en dan word die gemiddelde daarvan geneem as die produksiekoste per eenheid. Die berekende eenheidskoste dien dan as basis vir die vasstelling van die produsenteprys van die bepaalde produk. Dit is net jammer dat die Afdeling die inligting wat met sodanige ondersoeke verkry word, nie aan alle produsente van sodanige produk bekend stel nie, want dit kan as 'n belangrike grondslag dien vir 'n vergelyking van produksiekoste van die indiwiduele boer en dié wat gegewens vir die berekening van die eenheidskoste verstrek het. Hierdeur sou baie boere moontlik in staat gestel kon word om sy eie produksiekoste af te bring deur ondersoek in te stel

na die kostebestanddele wat volgens sy eie berekening in vergelyking buite verhouding hoog is.

6. Samevatting.

In hierdie kort uiteensetting van die werksaamhede van die Afdeling Ekonomie en Markte het dit duidelik geword dat die werksaamhede van die Afdeling nog nie besonder veel opgelewer het nie. Dit moet in die eerste plek toegeskryf word aan die tekort aan personeel want die Afdeling het meer as in die geval van sommige van die ander Afdelings, 'n behoefte aan spesiaal opgeleide personeel wat nie maklik verkry kon word nie. Sommige van die take wat in die Inleiding tot hierdie hoofstuk deur die eertydse hoof van die Afdeling as doel gestel is, geniet nou eers aandag. Nietemin het die Afdeling oor die jare nuttige statistiek versamel wat dien as 'n baie belangrike bron van inligting oor ekonomiese aangeleenthede in verband met die landboubedryf.

- - - - -

DIE BEMARKINGSWET.1. Inleiding.

Ons het reeds terloops verwys na die periodieke geweldige dalings in die prys van landbouprodukte by die bespreking van die spesiale maatreëls wat getref is om die boeregemeenskap te help.¹⁾ Hoe erg die prysdalings was, veral in vergelyking met die pryse van ander artikels, word baie duidelik uit Tabel XCII.

Tabel XCII.

Prysdalings ten opsigte van sekere artikels 1927-29 tot 1939. ²⁾			
Jaar	Groothandel- indekssyfers (alle artikels)	Groothandel- indekssyfers (Landbouprodukte)	Kleinhandel indekssyfers vir voedselprod.
1927-29 Gem.	100	100	100
1929	97	92	99
1930	85	67	94
1931	83	63	90
1932	76	51	82
1933	77	67	84
1934	85	77	89
1935	79	66	87
1936	82	77	87
1937	84	80	88
1938	87	76	92
1939	85	72	92

Uit tabel XCII is dit duidelik dat die prys van landbouprodukte 'n baie groter daling ondergaan het as die ander artikels of voedselpryse in die algemeen. Toe pryse in 1932 'n laagtepunt bereik het, was die groothandelsprys van alle artikels slegs 24 persent en die kleinhandelsprys 18 persent laer as dié van die basisjaar, terwyl die prys van landbouprodukte met 49 persent gedaal het. Die daling in die prys van laasgenoemde was dus dubbel soveel as in die geval van die eerste en byna drie keer so groot as die daling in die kleinhandelsprysindeks.

2. /

1) Vgl. Hoofstuk XVI.

2) Derde Voorlopige verslag van die Kommissie, i.v.m. Industriële en Landboubenodighede, U.G. 40/41, p. 31.

2. Die Kommissie insake Landboukoöperasies en Landboukrediet.

Weens die geweldige netelige posisie waarin baie boere as gevolg van die lae pryse verkeer het, het die regering onder meer 'n Kommissie aangestel³⁾ om ondersoek in te stel, onder andere, na „die wenslikheid en uitvoerbaarheid al dan nie van verpligte koöperasie by die verkoop van tabak, mielies en koring of enige ander produk en van die verkoop daarvan deur een kanaal deur middel van rade van beheer“. ⁴⁾ Die regering was dus van plan om indien die kommissie dit sou goedvind, landbouprodukte deur een kanaal te laat bemark in 'n poging om sodoende die groot skommeling in pryse uit te skakel.

Die Kommissie wat in 1934 sy verslag uitgebring het, het nie sy weg oop gesien om die bemerking van landbouprodukte deur een kanaal aan te beveel nie, onder ander om die volgende redes:

(i) Die verkoop van produkte deur een kanaal het as doelstelling die vasstelling van en beheer oor pryse wat volgens die mening van die kommissie ekonomies ongesond is omdat dit sou lei tot oorproduksie, tot wanverhouding tussen aanbod en aanvraag en tot uiteindelijke ineenstorting van pryse.

(ii) Prysbeheerskemas in ander lande het bewys dat pryspele nie deur arbitrêre metodes hoog gehou kan word nie, omdat verhoogde produksie lei en verhoogde produksie weer tot laer ontvangste vir die boer.

(iii) Ondervinding in die Unie met prysbeheerskemas in twee van sy vernaamste landbouprodukte, naamlik tabak en wyn, ondersteun, volgens die kommissie, die sienswyse dat hierdie

vorm /

3) Kommissie van Ondersoek insake Landboukoöperasie en Landboukrediet in Suid-Afrika. Aangestel in 1933. Vgl. aanhef tot verslag, U.G. 16/1934.

4) Artikel vier van die opdrag aan die Kommissie, op.cit.

vorm van beheer onwenslik is en nie in belang van die boerdery-bedryf is nie.

(iv) Prysbeheerskemas 'n nadelige uitwerking het op die gees van „selfhelp“ wat nodig is vir die opbou van 'n gesonde bevolking.⁵⁾

Nieteenstaande hierdie duidelike beleidsformulering van die Kommissie het die regering tog gevoel dat stappe gedoen moes word waardeur die ordelike bemarking van landbouprodukte deur een kanaal ingevoer behoort te word. Een van die stappe wat die regering gedoen het, was om die sekretaris van Landbou, dr. P.R. Viljoen, oorsese te stuur om ondersoek in te stel na die verskillende skemas wat in oorsese lande toegepas word om die probleme soortgelyk aan dié in die Unie, die hoof te bied.

3. Bevindings van Dr. Viljoen.⁶⁾

Die lande wat dr. Viljoen besoek het met die oog op maatreëls wat getref is vir die bemarking van landbouprodukte, was Engeland, Holland, Duitsland en Denemarke. Hy het bevind dat:

(i) daar in al die genoemde lande 'n nasionale beplanning was om (a) die produksie van surplusprodukte te beperk en (ii) die produksie van produkte waaraan die land 'n tekort gehad het, aan te moedig.

(ii) ten opsigte van bemarking regulerende of beheermaatreëls ingestel is in feitlike elke staat wat besoek is, hoewel die masjinerie wat daarvoor aangewend is, grootliks van staat tot staat verskil het,

(iii) /

5) U.G. 16/34, p. 21-26.

6) Vgl. die artikelreeks van dr. Viljoen in „Boerdery in Suid-Afrika“, „Regulering van produksie en bemarking van landbouprodukte in Europa“, Jan. tot Mei, 1937.

(iii) beheer- en regulerende maatreëls vir die Unie baie noodsaaklik was, maar dat liever gekonsentreer moes word op doeltreffendheid van produksie en regulering van distribusie in plaas van werklike beheer oor verkoop en vasstelling van pryse.⁷⁾

Dit is dus baie duidelik dat dr. Viljoen 'n voorstander was van beheermaatreëls, maar dan eerder ten opsigte van die produksie as van prys.

4. Beheermaatreëls voor 1937.

Voordat ons oorgaan tot 'n bespreking van die Bemarkingswet van 1937 en die implikasies daarvan, wil ons tog aantoon dat dit nie die eerste keer was dat die regering by wyse van beheer die bemarking van produkte beheer het nie. Soos uit die volgende kort uiteensetting sal blyk, was die beheer voor 1937 egter nie so ingrypend as wat deur middel van die Bemarkingswet ingestel is nie. Ons bespreek enkele van die beheermaatreëls ten opsigte van enkele produkte slegs om die algemene strekking daarvan aan te dui:

(1) Vrugte.

Die eerste wetgewing wat ingedien is ten opsigte van die bemarking van landbouprodukte was in 1914 met die aanname van die „Uitvoer van Vruchten Wet, no.17 van 1914".⁸⁾ Volgens hierdie wet is die uitvoer van vrugte verbied tensy dit deur die regeringsinspekteur ondersoek en geskik verklaar is vir uitvoer. Die doel was dus om die uitvoer van minderwaardige vrugte wat die goeie naam van die Suid-Afrikaanse produk kon benadeel, te verhoed.

Gedurende /

7) Vgl. die artikelreeks van dr. Viljoen in „Boerdery in Suid-Afrika", „Regulering van produksie in bemarking van landbouprodukte in Europa", Jan. tot Mei, 1937, *ibid.*, p.16-17.

8) Uniewette, dl.1, p. 244-248.

Gedurende 1922 is verdere stappe gedoen en regulasies is uitgevaardig ten opsigte van die grade en soorte vrugte wat toegelaat sou word vir uitvoer en ook die vasstelling van tye van verskeping. Die optrede is in 1925 verder verskerp met die instelling van die Vrugte-uitvoerraad. Hierdie Raad was belas met alle sake rakende die uitvoer van vrugte. Geen kontrak vir die uitvoer van vrugte kon byvoorbeeld sonder die goedkeuring van die Raad aangegaan word nie. In 1926 is verdere beperkings gelê op die produsent ten opsigte van die bemarking van sy produkte deur die instelling van 'n Raad van Toesig op die Uitvoer van Bederfbare Produkte.⁹⁾ Die taak van hierdie Raad was om die uitvoer van bederfbare produkte te reël deur opgawes van kwekers te verkry oor hoeveelhede wat moontlik uitgevoer sou word en dan met die skeepsrederye te reël vir ruimte. Volgens die wet is die Minister van Landbou ook gemagtig om 'n heffing op alle uitvoerprodukte wat deur die Raad gehanteer word, te plaas om die uitgawe van die Raad te dek.

Die beheer oor vrugte was dus nie ten opsigte van prys nie, maar ordelike bemarking van goeie vrugte.

(ii) Suiwelprodukte.

Gedurnede 1917 is die Landbouvoortbrengselen Uitvoer Wet, no. 35 van 1917,¹⁰⁾ aangeneem. Die wet maak in die eerste instansie voorsiening vir die beheer oor die uitvoer van dierlike produkte om net soos in die geval van vrugte die uitvoer van minderwaardige produkte te voorkom. Gedurende 1918 is die wetgewing verder uitgebrei en moes kaas- en botterfabrieke registreer en voldoen aan sekere higiëniese standaarde. Indien daaraan nie voldoen word nie, kon die lisensie ingetrek en die verkoop van die produk verbied word.

Gedurende /

9) Wet op Reëling van Uitvoer van Bederfbare Produkte, no. 53 van 1926, Uniewette, dl. 1, p. 284-296.

10) Op. cit., p. 250-264.

Gedurende 1925 is die beheer oor suiwelprodukte verder uitgebrei met die aanname van die Landbounywerheid Bevorderings Wet, no. 16 van 1925.¹¹⁾ Die wet magtig ook 'n heffing op botter en die opbrengs so verkry kon deur die Minister van Landbou aangewend word om na goeddunke die nywerheid te bevorder.

Die grootste beheermaatreëls is egter in 1930 ingestel met die totstandkoming van die Raad van Beheer op die Suiwelnywerheid.¹²⁾ Hierdie Raad van beheer het nie net kontrole gehad oor die hoeveelhede suiwelprodukte wat 'n ondernemer vervaardig nie, maar kon ook voorskryf hoeveel van 'n bepaalde produk deur 'n bepaalde vervaardiger uitgevoer moes word. Hy was selfs by magte om die minimum produsenteprys van melk en room vas te stel. Ook kon hy 'n heffing op alle geproduseerde botter instel en die fonds aanwend om uitvoerders vir verliese te vergoed.

Maatreëls van min of meer gelyke aard is ook aangeneem ten opsigte van vleis, wyn en brandewyn, mielies, tabak, koring en meel.¹³⁾

(iii) Aard van Beheer voor 1937.

Uit die kort bespreking is dit duidelik dat aan die begin van die instelling van beheer, die klem geval het op die kontrole van die gehalte van veral die uitvoerprodukte. Dit was 'n baie verstandige reëling omdat die optrede van die beherende liggame verseker het dat die goeie naam van die Suid-Afrikaanse produkte op die oorsese marke nie benadeel sou word en die toekomstige besendings by voorbaat nadelig sou beïnvloed nie. Ons merk
egter /

11) Wet op Reëling van Uitvoer van Bederfbare Produkte, no. 53 van 1926, Uniewette, dl.1, op.cit., p. 272-280.

12) Wet no. 35 van 1930, op. cit., p. 544-591.

13) Vgl. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, Vol.1, 1933, p.11-13.

egter dat rondom die dertigerjare die beheer veel verder gegaan het. Toe is nie net die gehalte van die uitvoer beheer nie, maar ook die hoeveelheid. Ten opsigte van laasgenoemde was dit eienaardig dat daar nie klem gelê is op die beperking van oormatige uitvoer nie, maar die aanmoediging daarvan ten einde kunsmatige binnelandse tekorte te skep in die hoop om sodoende die binnelandse pryse te verhoog. Nog 'n kenmerk van die beheermaatreëls omstreeks 1930 en daarna was dat daar ook oorgegaan is tot die vasstelling van produsentepryse van sekere landbouprodukte. Die beheer van landbouprodukte en die vasstelling van pryse van landbouprodukte was dus nie iets onbekends in Suid-Afrika nie. Die Bemarkingswet van 1937 moet ons dan ook beskou as 'n verdere uitbouing van die beheermaatreëls wat reeds kort na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika ingestel is, en na gelang van omstandighede verander is in 'n poging om die toestande wat ontwikkel, die hoof te bied.

14)
5. Die Bemarkingswet van 1937.

Die Bemarkingswet wat deur die Heropboukomitee van die Departement van Landbou beskryf is as die „Magna Carta“ van die boer¹⁵⁾ is in 1937 deur die parlement aangeneem in 'n poging om die bemarking van landbouprodukte op 'n gesonde grondslag te plaas. Die aanhef van die wet lui as volg: „Om voorsiening te maak vir die reëling van die produksie en verkoop van landbouprodukte, vir die instelling van sekere rade in verband daarmee, vir die gradering en standaardisasie van landbouprodukte, vir die instelling van 'n nasionale merk en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan“. Om die wet ten uitvoer te bring is daar voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Nasionale Bemarkingsraad en Beheerrade.

(1) /.

14) Wet no. 26 van 1937 soos gewysig deur Wet 19 van 1938, 12 van 1941, 50 van 1946 en 45 van 1951.

15) Verslag v.d. Komitee vir die Heropbou van Landbou, par. 161.

(1) Die Nasionale Bemarkingsraad.

Artikel 2 van die Wet

maak voorsiening vir die samestelling van die Nasionale Bemarkingsraad wat uit vyf lede bestaan, maar waarop 'n addisionele lid benoem kon word. Hierdie raad ressorteer onder die Departement van Landbou. Die vernaamste funksie van hierdie Raad is die volgende:

(a) Om 'n skema vir die bemarking van 'n landbou-produk wat deur 'n Beheerraad aan die Minister voorgelê is en wat deur die Minister na die Bemarkingsraad verwys is, te ondersoek en verslag daaroor te doen aan die Minister.

(b) Om skemas wat die Minister wil laat ondersoek en aan die Raad opdra, of wat die Raad self nodig ag, op te stel en aan die Minister voor te lê.

(c) Om die Minister van advies te dien aangaande alle aangeleenthede wat volgens die Bemarkingswet binne die Minister se bevoegdheid val en wat hy na die Bemarkingsraad verwys vir advies.

(d) Om skemas wat volgens die wet ingestel is van tyd tot tyd te ondersoek en verslag daaroor aan die Minister te doen. Vir die doel kan selfs die boeke en gegewens van 'n Beheerraad geïnspekteer word.

(e) Om op las van die Minister bemarkingstoestande in een of ander provinsie of oor die algemeen, of die toestande met betrekking tot 'n besondere produk of wat op een of ander mark heers, te ondersoek en verslag te doen.

(f) Om oor die verbod op invoer van 'n besondere produk of om oor die reëling van die invoer 'n aanbeveling aan die Minister te maak.

(g) /

(g) Om te help met die organisasie van Beheerrade en om van die Rade inligting te vra wat die Bemarkingsraad nodig het vir die uitvoering van sy werksaamhede.

(h) Om vergaderings van Beheerrade of van komitees by te woon en om in 'n adviserende hoedanigheid aan die verrigtings deel te neem.

(i) Om die pligte wat die Bemarkingswet op hom lê, asook ander pligte wat die Minister aan hom opdra, uit te voer.

(j) Om minstens eenmaal elke jaar met die Raad van Handel en Nywerheid te beraadslaag aangaande die beleid wat in verband met die vasstelling van pryse van landbouprodukte gevolg moet word.

Die Bemarkingsraad is dus die liggaam wat enige moontlike skema wat staan ingestel te word, ondersoek en daaroor aan die Minister verslag te doen. Verder tree hy ook op as koördinerende liggaam daar hy die beraadslagings van die Beheerrade bywoon in adviserende hoedanigheid. Ook het hy kontrolerende magte daar hy verslag moet doen oor die werksaamhede van die verskillende Beheerrade. In sy raadpleging met die Raad van Handel en Nywerheid verseker die Bemarkingsraad dat die vasstelling van pryse geskied in ooreenstemming met die land se algemene ekonomiese belange.

Die Bemarkingsraad kan egter nie 'n beheerskema instel nie, maar slegs verslag daaroor aan die Minister voorlê. In sy beoordeling van 'n skema word hy nie net gelei deur die bevindings van die Bemarkingsraad nie, maar ook deur die sienswyse van die Adviserende Produsentekomitee asook van die Adviserende Verbruikerskomitee wat ook volgens die wet ingestel

is om die belange van dié twee groepe onderskeidelik te verteenwoordig.

(ii) Administratiewe Bepalings.

Artikel 18 van die Wet bevat verskillende administratiewe bepalinge wat in die reëls van 'n skema ingelyf kan word om behoorlike finansiële beheer en ordelike werkverrigting te verseker. Elke skema moet sy naam vermeld en ook 'n omskrywing bevat van die produk of produkte, die persone wat dit produseer of as besigheid daarmee handel en die gebied(e) waarop die skema van toepassing sal wees. Verder moet 'n skema onder andere ook:

(a) voorsiening maak vir die instelling van 'n raad om dit uit te voer, tensy daar alreeds so 'n raad bestaan wat onder die ouer wette ingestel is;

(b) voorsiening maak vir die instelling van een of meer reserwefondse waarin alle gelde wat die raad mag ontvang, insluitende heffingsgelde, gestort moet word en waaruit alle betalings gemaak moet word op die wyse wat die Minister mag goedkeur;

(c) voorsiening maak vir die oplegging, met goedkeuring van die Minister, van 'n heffing op die betrokke produk. Hierdie heffing kan betaalbaar wees deur produsente of deur persone wat met die produk handel dryf of deur albei;

(d) voorsiening maak vir die samestelling van die raad. Hoogstens een persoon moet 'n amptenaar van die Departement van Landbou wees terwyl die ander lede persone wat die produk produseer, asook die handel en verbruikers moet verteenwoordig. Meer as die helfte van die lede moet persone wees wat produsente van die betrokke produk verteenwoordig.

Verder /

Verder word bepaal dat minstens een lid 'n verteenwoordiger van verbruikers moet wees.

(e) Indien 'n skema betrekking het op 'n produk waarvoor daar alreeds 'n raad bestaan het wat onder die ouer wette ingestel was, naamlik die suiwel-, vee- en vleis-, tabak-, koring-, en mielienywerheid, moet die betrokke rade die nuwe skemas uitvoer, maar voorsiening word gemaak vir die hersamestelling van die rade om verteenwoordiging aan alle belanghebbendes soos verlang deur die Bemakingwet, te gee.

(f) 'n Skema kan voorsiening maak dat sekere bepalings van die skema slegs op sekere gebiede van toepassing sal wees.

(iii) Opsionele Bepalings.

Artikel 19 van die Wet bevat 'n aantal uitvoerende magte waarvoor in 'n skema voorsiening gemaak kan word. Die vernaamste hiervan is:

(a) Dat geen produsent van die beheerde produk dit mag verkoop nie, tensy hy by die Raad geregistreer is, of die produk in 'n ander gebied verkoop nie as die bepaalde gebied wat die raad mag voorskrywe, of die produk verwerk nie behalwe vir sy eie gebruik, tensy hy by die raad geregistreer is.

(b) Dat niemand in die Unie of in 'n spesifieke gebied met die beheerde produk mag handel dryf nie tensy hy by die raad geregistreer is.

'n Skema kan ook sy raad magtig om:

(a) agente aan te stel wat nodig is vir die ver-
rigting van die raad se werksaamhede, byvoorbeeld om permitte
namens /

namens die raad uit te reik vir die toevoer van die beheerde produk na bepaalde marke;

(b) geld te leen vir aanwending ter verwesenliking van die doel van die skema, byvoorbeeld wanneer die raad ook as koper optree en hy nie die nodige fondse het om die aankope te finansier nie, of waar hy sy agent behulpzaam wil wees;

(c) die maksimum hoeveelheid van die beheerde produk vas te stel wat gedurende 'n bepaalde tydperk in 'n bepaalde gebied gebring mag word of daaruit verwyder mag word;

(d) die maksimum hoeveelheid van die beheerde produk vas te stel wat gedurende 'n bepaalde tydperk op 'n mark verkoop mag word;

(e) 'n „Poel" vir die verkoping van die produk te stig en om die produk te behandel, te gradeer, te verpak, op te berg, te verwerk, vir verkoop geskik te maak, te versker, te adverteer en te vervoer;

(f) iemand wat die produk uitvoer te gelas om enige hoeveelheid daarvan aan die raad of enige persoon of agentskappe wat die raad mag aanwys, te verkoop of om enige hoeveelheid wat hy uitvoer na 'n bepaalde oorsese mark te stuur;

(g) die aantekeninge wat gehou moet word en die opgawes wat aan die raad verstrek moet word deur verwerkers of persone wat met die produk handel, voor te skryf;

(h) /

(h) deur middel van lenings of op ander wyse hulp te verleen aan ondernemings vir die bewaring, verwerking, opberging of bewerking van die produk of in verband met navorsingswerk oor die verbetering, produksie, verwerking en bemarking van die produk;

(i) die Minister van advies te dien aangaande:-

(1) die gradering en verpakkingsmetode van die produk;

(2) die beheer oor die in- en uitvoer van die produk;

(3) alle aangeleenthede betreffende die bemarking of verwerking van die produk.

Hierdie bepalings stel die Beheerrade in staat om die produk van die produsent tot by die verwerker te beheer en waar nodig ook die hoeveelhede. Laasgenoemde geld ook ten opsigte van die bemarking in die binne- of buiteland.

(iv) Spesiale Bevoegdhede van Beheerrade.

Soos ons so pas aangedui het, bevat artikel 19 sekere bepalings vir die beheer oor bemarking en verwerking van 'n beheerde produk, maar die mag van 'n raad om die produk te koop is beperk tot die koop van daardie hoeveelheid van die produk wat 'n uitvoerder verplig kan word om aan die raad te verkoop. Die bepalings van artikel 19 is dus nie van ingrypende aard nie. Artikel 20 daarenteen bevat baie belangrike magte wat aan 'n Beheerraad toegeken kan word, daar dit eintlik voorsiening maak vir die instelling van die sogenaamde eenkanaal-skema. Ingevolge die artikel kan die alleenreg om 'n produk te koop en te verkoop aan die raad verleen word. Om dié rede is die

magte /

magte ingevolge artikel 20 onderworpe aan die goedkeuring van die Minister.

Die volgende is die vernaamste magte wat in artikel 20 vervat is:

(a) Die Raad mag die beheerde produk koop en dit behandel soos hy goedvind, byvoorbeeld gradeer, verpak, opberg en verwerk en hy mag met goedkeuring van die Minister 'n produsent verbied om die produk te verkoop aan iemand anders as die Raad of die persone wat in die skema genoem word.

(b) Die Raad mag 'n produsent belet om die beheerde produk, behalwe 'n sekere klas of graad of hoeveelheid daarvan of behalwe vir 'n doel wat die Raad mag bepaal het, te verkoop.

(c) Die Raad mag enigiemand belet om die beheerde produk te verkoop, tensy hy dit verkry het van persone wat in die skema aangedui of deur die Raad bepaal word. Sodoende kan ontduiking van die regulasies voorkom word.

(d) Die Raad mag die verkoop van die produk verbied behalwe teen vasgestelde pryse onderworpe aan minimum of maksimum pryse.

(e) Die Raad mag gelde vir die verwerking van die produk, byvoorbeeld maalgelde, vasstel.

(f) Die Raad mag die koop of verkoop of die verwerking van die produk belet behalwe op gesag van 'n permit.

(g) Die Raad mag 'n poel skep vir die verkoop van die produk.

(v) Soorte Beheerrade.

Uit die bepalings van artikels

19 en 20 blyk dit dus dat die Beheerrade in twee groepe verdeel kan word: dié wat die magte beklee soos in artikel 19 uiteengesit en dié wat behalwe sodanige magte ook beklee word met die spesiale magte wat in artikel 20 omskryf word.

Die magte van die Rade wat onder eersgenoemde groep val, is taamlik beperk en hulle stigting het nie radikale veranderinge in die bemarkingstelsel meegebring nie. Hul funksies is meer die van 'n toesighoudende liggaam wat probeer om sekere swakhede in die bemarkingstelsel uit te skakel sonder om die bemarkingskanale aan te tas of omver te werp. Hierdie Rade se magte kom in groot mate ooreen met dié wat aan die meeste van die Rade wat onder die vroeëre wette ingestel is, verleen is.

Die Rade wat onder die tweede groep val, naamlik die Rade wat met spesiale magte soos in artikel 20 omskrywe of met sommige daarvan beklee is, het radikale veranderinge in die bemarkingstelsel teweeggebring en dit is veral teen hierdie Rade waarteen daar die meeste beswaar gemaak is. Die belangrikste magte van hierdie soort Rade is die volgende:

(i) Die verpligting wat met die goedkeuring van die minister op produsente van die beheerde produk gelê kan word om hul produk aan niemand anders behalwe die Beheerraad of sy agente te verkoop nie. Hierdie stelsel het bekend geword as die sogenaamde eenkanaalskema.

(ii) Die mag wat aan Beheerrade verleen kan word om, met goedkeuring van die Minister, die produsentepryse van die produk asook die pryse waarteen die produk in sy oorspronklike vorm of verwerk, in die handel verkoop mag word, vas te stel.

(iii) Die mag van die Beheerrade om die vergoeding van die verwerkers van die produk vas te stel, byvoorbeeld maalgelde.

(iv) Die Doelstelling van die Bemarkingswet.¹⁶⁾

Die vraag kan ontstaan wat die doel met die Bemarkingswet in werklikheid was. Op hierdie vraag gee die Bemarkingsraad in sy eerste verslag 'n breedvoerige uiteensetting. Die doelstellings van die wet kan gerieflikheidshalwe in twee groepe ingedeel word: Dié wat betrekking het op pryse en dié wat betrekking het op produksie.

(a) Pryse.

Die vernaamste doelstellings ten opsigte van pryse kan as volg opgesom word:

- (1) verhoging van die plaaslike prys van die produk;
- (2) verhoging van die prys deur verhoging van die kwaliteit van die produk.
- (3) verkryging van groter stabiliteit van pryse; of
- (4) vermindering van die distribusie- en vervaardigingskoste deur die uitskakeling van onekonomiese praktyke, sentralisering van verkope en rasionalisering van die vervaardigingsbedrywe.

(b) Produksie.

In die tweede plek is die doel van die Bemarkingswet, volgens die Bemarkingsraad, om uiteindelik 'n stabiele en doeltreffender boerebedryf tot stand te bring. Die Raad erken dat die Wet nie enige magte bevat waardeur direkte beheer oor die produksie van landbouprodukte uitgeoefen kan word nie, maar die Raad is tog van mening dat 'n Beheerraad op indirekte wyse deur die toepassing van sy prysbeleid 'n groter invloed op produksie sou kon uitoefen.

Verskillende pryse vir verskillende grade kan so aangewend word dat byvoorbeeld die produksie van produkte van 'n hoë gehalte aangemoedig en dié van 'n lae kwaliteit ontmoedig word.

Verder kan die produksie volgens die Bemarkingsraad ook beïnvloed word deur die werklike pryspeil wat deur die Raad met goedkeuring van die Minister vasgestel word. Die Afdeling Ekonomie en Markte van die Departement van Landbou is belas met die instelling van ondersoek na die produksiekoste van die verskillende beheerde landbouprodukte. In die lig van die bevindings van die Afdeling moet die Beheerrade dan aanbevelings aan die Minister doen. Die Raad kan dus deur middel van sy prysbeleid in die lig van die produksiekoste van die produk wat hy beheer, die omvang van die produksie in 'n mate bepaal.

(vii) Sukses van die Bemarkingswet.

Die vraag kan gestel word in hoeverre die Bemarkingswet en die toepassing daarvan in die bogenoemde doelstelling geslaag het. Die mate waarin die Beheerrade daarin geslaag het om die pryse te stabiliseer, blyk uit die volgende tabelle wat vir hulself spreek. By die interpretasie daarvan moet ons egter in gedagte hou dat die styging in pryse toegeskryf moet word aan die oorlogse en na-oorlogse inflasie en dat die beheerstelsel dikwels die middel was om te verhoed dat pryse in 'n wilde inflasie-spiraal beland.

Tabel XCIII

Vasgestelde Produsentepryse vir Koring - (per 200 lb. in sakke)*

<u>Jaar</u>	<u>Graad A1</u>	<u>Graad B1</u>	<u>Graad D1</u>
1938/39	22/-	21/-	18/-
1939/40	23/-	22/-	19/-
1940/41	24/-	23/-	20/-
1941/42	27/9	27/3	24/3
1942/43	30/6	30/-	27/-
1943/44	36/6	36/-	33/-
1944/45	36/6	36/-	33/-
1945/46	37/-	36/6	33/6
1946/47	41/-	40/6	37/6
1947/48	41/6	41/-	38/-
1948/49	43/6	43/-	40/-
1949/50	43/6	43/-	40/-

Tabel XCIII (vervolg)

<u>Jaar</u>	<u>Graad A1</u>	<u>Graad B1</u>	<u>Graad D1</u>
1950/51	47/6	47/-	44/-
1951/52	50/11	50/5	47/5
1952/53	54/7	54/1	51/1
1953/54	55/6	55/-	52/-

- * Sedert 1939/40 bestaan die koringpryse eintlik uit twee elemente nl. 'n basiese prys wat aangevul word deur 'n subsidie wat van jaar tot jaar wissel, bv. in 1939/40 was die subsidie 1/- per sak; in 1942/43 was dit 6/3; in 1948/49 was dit 11/4 en in 1949/50 was dit 9/2 per sak; in 1952/53 was dit 8/4 en gedurende 1953/54 4/2.

Tabel XCIV

Vasgestelde Produsentepryse vir Mielies (per 200 lb. in sakke) *

<u>Jaar</u>	<u>Graad 2</u>	<u>Graad 3</u>	<u>Graad 4</u>	<u>Graad 6</u>
1942/43	15/-	14/10	15/-	15/-
1943/44	16/-	15/3	16/-	16/-
1944/45	17/6	17/4	17/4	17/6
1945/46	19/-	18/10	19/-	19/-
1946/47	22/6	22/4	22/6	22/6
1947/48	21/3	21/1	21/3	21/3
1948/49	21/3	21/1	21/3	21/3
1949/50	21/3	21/1	21/3	21/3
1950/51	24/-	23/9	23/10	24/-
1951/53	26/6	26/3	26/2	26/6
1952/53	30/-	29/9	30/-	29/8
1953/54	32/-	31/8	32/-	31/7

- * Die produsenteprys vir mielies is vir die eerste keer in 1942/43 vasgestel. In die voorafgaande jare is pryse nie vasgestel nie, maar het die Raad getrag om deur middel van uitvoerpremies die binnelandse prys te stabiliseer. Die volgende beswaarde gemiddelde produsentepryse vir mielies gee 'n aanduiding van die mate van sukses wat behaal is:

Tabel XCV

Produsentepryse vir Mielies 1938/39-1941/42

<u>Jaar.</u>	<u>Gemiddelde prys per sak</u>
1938/39	8/10
1939/40	8/6
1940/41	7/6 (Plus 'n agterskot wat die gemid. prys op 10/8 gebring het).
1941/42	11/4

Tabel XCIV /

Tabel XCVI

Gemiddelde Produsenteprys van Nywerheidsmelk. *

Jaar	Bottervet (per lb.)	Kaasmelk (per 100lb.)	Gekondenseerde melk (per 100lb.)
	d.	d.	d.
1939/40	14.2	55.6	75.1
47/48	30.7	122.9	137.9
48/49	33.4	132.7	147.7
49/50	35.4	150.2	160.2
50/51	36.9	158.0	168.0
51/52	39.1	176.6	186.6
52/53	42.3	195.0	205.0
53/54	42.1	193.7	203.7

Tabak: Sedert 1940/41 word die produsentepryse van Virginia-tabak deur die Raad vasgestel met goedkeuring van die Minister. Die pryse word bereken deur 'n sekere persentasie by te voeg by die pryse wat in 1938/39 geheers het en wat as die basiese pryse beskou word. Die volgende tabel toon die persentasies wat jaarliks by die basiese pryse gevoeg is:-

Tabel XCVII

Persentasiebyvoeging by Produsenteprys van Tabak.

Jaar	Oondgedroogde Tabak	Luggedroogde Tabak (lig)	Luggedroogde Tabak (Donker)
	%	%	%
1940/41	15	15	7½
1941/42	15	22½	7½
1942/43	20	22½	15
1943/44	35	35	35
1944/45	40	40	40
1945/46	45	45	45
1946/47	53	55	55
1947/48	65	65	65
1948/49	66½	66½	66½
1949/50	68	68	68 ±
1951/52*	74(+ 33½% vir Orinoco)	71	68
1952/53	74(+ 37½% ")	71	68
1953/54	74(+ 37½% ")	71	68

* Gedurende hierdie jaar is 'n aanvang gemaak met die produksie van oondgedroogde Orinocoblak om uiteindelik dié van Amarello te vervang.

Die voorafgaande tabelle toon dat pryse van al die betrokke produkte geleidelik gestyg het van 1938/39 af. Die stygings was ook taamlik eenvormig. Verder het die stelsel van vasgestelde pryse vir 'n hele seisoen alle inter-seisoenskommelings uitgeskakel. 'n Punt wat egter in

gedagte /

gedagte gehou moet word, is dat sedert die inwerkingtreding van die Bemakingswet daar 'n geleidelike styging sowel in die plaaslike as in die oorsese algemene prysstruktuur plaasgevind het en die pryse van landbouprodukte sou beslis nie agtergebly het nie veral omdat daar so 'n tekort aan voedsel in baie lande ontstaan het. Sonder beheer sou pryse egter groot skommelings ondergaan het na gelang van skommelings in die buitelandse pryse

Wat die produsent betref, moet erken word dat die Bemakingswet nog nie voor sy werklike toets te staan gekom het om in die lig van lae oorsese pryse aan die plaaslike produsent 'n prys te besorg wat van stabiliteit getuig nie. Die volgende sienswyse van georganiseerde landbou wat in 'n uitgawe van „Die Primêre Produsent“ verskyn het, is insiggewend. Dit is getitel „Eerste Toets vir die Bemakingswet“, en lui as volg:-

„Ons Bemakingswet, bekend en erken as die Boerse Handves, is op die Wetboek geplaas hoofsaaklik met die doel om surplus landbouprodukte op so 'n wyse te beheer dat landbouproduksie nie ontmoedig word nie. Sy bepaalings het dit moontlik gemaak vir bemakingsrade om met toestemming van die Regering 'n prys vas te stel wat die produsent van die beheerde produk 'n billike prys sou verseker - 'n prys wat nie produksie sou ontmoedig nie. Die doel hiervan was stabiele produksie deur middel van stabiele pryse, vasgestel deur die beheer van surplusse.

Sedert die tyd dat dit gepasseer is tot vanjaar, is die Bemakingswet nog nie getoets in sover dit sy oorspronklike doel betref nie. Daar was nog geen werklike surplusse sedert 1939 nie. In sommige jare was daar klein surplusse van sekere produkte wat onder die Wet beheer word, maar hulle kan slegs beskou word as normale reserwes teen tekorte wat later amper chronies sou word. Trouens, van 1939 tot op die huidige tydstip was die Bemakingswet 'n middel om te verhoed dat landboupryse in die belang van die verbruikers van die land, te hoog word terwyl daar 'n wêreldtekort aan alle landbouprodukte was. In die Unie was sulke pryse gewoonlik laer as dié wat buite ons grense verkry is, sodat dit bereken is dat die Bemakingswet ten gevolg gehad het dat produsente van beheerde landbouprodukte die verbruikers van die land gesubsidieer het met 'n bedrag wat 'n hele paar honderd-

miljoen pond bedra het. Selfs as bogenoemde nie 'n ware opsomming van die saak is nie (met die oog op die onvermydelikheid van een of ander vorm van prysbeheer), bly die feit staan dat as Suid-Afrika wêreldpryse vir sy landboubenodighede moes betaal, die bykomstige koste selfs nog hoër as die genoemde sou gewees het. Niemand kan dus ontken dat die Bemerkingswet nog tot voordeel vir die land in die algemeen en vir die verbruikers in die besonder was nie.

Toe die Bemerkingswet gepasseer is, het boere met blydschap die moontlikheid aangeneem dat wêreldpryse bo die hoogte soos in die Wet neergelê, sou styg. Hulle het dit aangeneem met die veronderstelling dat wanneer daar 'n surplus was van enige produk wat alleen teen onbetaalbare pryse vir die produsent daarvan uitgevoer kon word, 'n billike prys gehandhaaf sou word. Ons het nou so 'n toestand wat betref botter en kaas, en wanneer produsente van bottervet en kaasmelk 'n betaalbare prys vir hierdie produkte eis, nieteenstaande die groot surplusse ten opsigte daarvan, is hulle maar net besig om aanspraak te maak op wat hulle toekom. Om hulle nie 'n betaalbare prys toe te staan nie, sal die stilswyende belofte in die Bemerkingswet wat die laaghou van pryse in belang van die verbruikers gedurende periodes van wêreldtekorte beoog, verrai, naamlik die belofte om betaalbare pryse te handhaaf in geval die suiwelnywerheid gedwing word om sy surplusse teen 'n verlies uit te voer. Aangesien hulle die publiek miljoene ponde oor 'n redelike tydperk bespaar het, het suiwelboere tog sekerlik die reg en verdien hulle om 'n billike prys vir hul produkte te kry, ten minste totdat dit bewys is dat oorproduksie chronies geword het en dat ander reëlings noodsaaklik geword het. Ook moet onthou word dat grondbewaring, die enigste manier waardeur die koste van plaasprodukte verminder kan word, grootliks op die koei gebaseer is. Om suiwelboerdery te ontmoedig, sal beteken dat grondbewaring ontmoedig word." 17)

(b) Produksie.

Ten opsigte van die produksiesy het die Beheerrade nie soveel sukses behaal nie. Of die produksie beperk kan word deur 'n prysbeleid, is nie so maklik uit te maak nie, daar die boer geneig is om sy inkomste as gevolg van 'n lae prys op te stoot deur groter produksie. Die Beheerrade het egter probeer om deur navorsing en proefneming die produksie per eenheid te verhoog

en /

sodoende die eenheidskoste te verlaag. As voorbeeld verwys ons slegs na die stappe wat die Mieliebeheerraad in die verband gedoen het.

Die eerste skema waarmee die Mieliebeheerraad in samewerking met die Departement van Landbou begin het, was die kweek van bastermieliesaad. Die skema is in 1947 begin toe drie deskundiges van oorsee ingevoer is om met die skema behulpsaam te wees en is verder uitgebrei namate studente met beurse van die Mieliebeheerraad hul opleiding in die gespesialiseerde rigting voltooi het. Reeds in 1950 kon daar agthonderd sak bastermieliesaad by wyse van proefneming aan boere uitgereik word. Die resultate was baie bemoedigend daar die opbrengs van die saad in dertig persent hoër was as dié van gewone saad. In 1951 is 2,671 sak saad uitgereik, en daar 1951/52 'n baie droë seisoen was, is die bestandheid van die saad teen droogte deeglik op die proef gestel. Die resultaat was dat die opbrengs ses-en-veertig persent hoër was as dié van gewone saad. Die skema is verder uitgebou en gedurende 1952 is 6,000 sak beskikbaar gestel. Die Raad wend onder die skema ook pogings aan om bastersaad te kweek wat geskik sal wees vir die verskeidenheid grond- en klimaatstipes waar mielieverbouing beoefen word.¹⁸⁾

Die Raad het ook 'n proefplaasskema begin om inligting in te win oor die herstel van grondvrugbaarheid en die verhoging van die opbrengs per eenheid sodat dit ook op hierdie gebied voorligting aan die boere kon gee en sodoende help met die verbetering van produksiepraktyke. Ook hierdie skema is aangepak in samewerking met die Departement van Landbou.¹⁹⁾

(viii) /

18) Verslag van die Mieliebeheerraad vir die jaar eindigende 30 April 1952, p. 40-41.

19) Op. cit., p. 41-44.

(viii) Besware teen die Bemerkingswet.

In sy ondersoek het die Distribusiekoste-kommissie ook aandag gegee aan die werksaamhede van die verskillende Beheerrade ingestel onder die Bemerkingswet. Die slotsom waartoe hulle gekom het, was:²⁰⁾

(a) dat die Bemerkingswet as magtigende wetgewing behou moet word;

(b) dat alle skemas kragtens die wet ingestel, nie alleen die bevordering van 'n gesonde en stabiele landbou ten doel moet hê nie, maar in hierdie proses ook die voedingsbehoefte van die volk ten volle in gedagte moet hou;

(c) dat die bereiking van laasgenoemde doel oor die algemeen groter staatsreëling en -beheer oor die bemerking en distribusie van voedsel vereis en regverdig, as ten opsigte van handelware wat nie van soveel basiese belang vir die volk is nie.

Die Kommissie het tot hierdie gevolgtrekking gekom op grond van sy oortuiging dat „....ons aangeneem het dat die geskiedenis hom sal herhaal en dat prysdalings oor kort en lang termyne, weens buitelandse sowel as binnelandse oorsake, opnuut 'n gevaarlike onstabiliteit in die landbou sal bring, tensy die bedryf onder leiding en met die steun van die Staat georganiseer word om dit te weerstaan.“²¹⁾

Die veronderstelling waarvan die Kommissie uitgegaan het, is tot nog toe nie bewaarheid nie en daar bestaan totnogtoe dus geen regverdiging vir sy aanbeveling nie.

In /

20) Verslag van die Distribusiekoste-kommissie, U.G. 28/1947, p. 33.

21) Ibid., p. 35.

In dieselfde verslag het twee lede van die Kommissie te wete die here Richards en Penver, sekere voorbehoude veral ten opsigte van die Kommissie se aanbevelings oor die Bemerkingswet, daarop nagehou.²²⁾ Hulle som hul belangrikste besware as volg op:

(a) „Hoewel die bemerkingswet slegs as 'n magtigende maatreël beskryf word, delegeer dit nietemin bevoegdhede wat slegs by die Staat self behoort te berus en het die omvang van regering deur regulasie aansienlik uitgebrei.

(b) „Uit hoofde van die magte wat so gedelegeer is, stel 'skemas' ingevolge die Wet spesifieke dele van die landbougemeenskap wel in staat om die prys- en distribusiebeleid van 'HUL' produk grotendeels te kontroleer, van die boer tot by die uiteindelijke verbruiker. Die Wet beklee sekere seksionele belange met die reg om wetlike sanksies toe te pas tot nadeel van die gemeenskap as geheel, veral met betrekking tot prysvasstelling.

(c) „Die voorsorgmaatreëls waarvoor daar in die Wet voorsiening gemaak word, is onvoldoende.

(d) „Die wet self het tot dan toe geen voorsiening gemaak vir die parallelle toepassing van doeltreffendheidsmaatreëls nie wat op die landbougemeenskap toegepas word by wyse van vergoeding vir die magte wat deur die Staat gedelegeer is.

(e) „Dat die Staat in die aanname van die Bemerkingswet nie sy fundamentele onpartydigheid gehandhaaf het nie deur die bevordering van seksionele belange.”

Die twee here wys ook daarop dat die vraag na landbouprodukte in die meeste gevalle 'n indirekte vraag is,
daar /

22) Verslag van die Distribusie-kommissie, U.G. 28/1947, op.cit., p. 90-105.

daar die verbruiker die produk slegs in sy verwerkte vorm gebruik. Die beheer van die produk van die produsent tot die verbruiker is dus 'n miskenning van die fundamentele beginsels van spesialisasie.

'n Verdere beswaar wat teen die Wet ingebring kan word is dat die oogmerke daarvan baie selfsugtig was. Die pryse aan die produsent moes verhoog word deur die uitskakeling van die middelman en die gewaande te hoë distribusiekoste en profyte. Dit is veral om laasgenoemde uit te skakel dat die produk tot by die verbruiker beheer moes word. Die besparings wat sodoende verkry sou word, sou nie ook die verbruiker ten goede kom nie, maar slegs die produsent. Die belange van die verbruiker is dus nie van die begin af in gedagte gehou nie. Ook word die verbruiker benadeel deur die beleid soos bv. deur die Sitrusraad gevolg om pryse vas te stel slegs wanneer voorrade volop is.

Besware is ook geopper teen die lisensiering en beheer oor verwerkingsnywerhede. In sy verslag no. 282²³⁾ laat die Raad van Handel en Nywerheid hom as volg uit: „Aangesien die Raad egter volkome bewus is van die moontlike gevare wat in so 'n stelsel (lisensiering) sluimer, deur die uitsluiting van nuwelinge, die onderdrukking van uitvindsels en die ontwikkeling van monopolistiese gebruike wat ondoeltreffendheid bestendig en steeds stygende koste en pryse in die hand werk, kan hy nie sy steun verleen aan die algemene beginsel en universele toepassing van lisensiebeheer as middel om 'n vermindering in die aantal nywerheidsinrigtings teweeg te bring nie. Voorts was die oorlogtydse ervaring van beheer nie sodanig dat dit die voortsetting daarvan as 'n normale prosedure aanmoedig nie.” Die Raad van Handel en Nywerheid is dus blykbaar oortuig daarvan dat beheer van mededinging /

23) Raad van Handel en Nywerheid, Verslag no. 282.

mededinging nie noodwendig pryse en koste verminder nie, maar dat dit deur ondoeltreffendheid eerder omhoog geskuif kan word.

Ook die Handelsinstituut het sy bedenkinge teen hierdie beleid van die Beheerrade uitgespreek: „Wat die Handelsinstituut egter veral hinder, is die ontsaglike bedrae wat vandag as klandisiewaarde by die aankoop van sulke verwerkingsnywerhede betaal word. Dit moet op die duur tot hoër koste en hoër pryse aanleiding gee en kan later as 'n kragtige argument deur die vyandiggesindes gebruik word in 'n poging om die beheerraadstelsel te vernietig".²⁴⁾

Ook die Bemerkingswet-kommissie was nie baie gelukkig oor hierdie aspek van die saak nie. Hulle merk op: „hoewel die beheer van bemarking en verwerking nodig sowel as heilsaam kan wees, dit noodsaaklik is om te waak teen 'n willekeurige toepassing met oormatige of onnodige onbuigsamheid. Die Kommissie is daar nie van oortuig dat hierdie aspek altyd in 'n voldoende mate in ag geneem is nie, veral nie by die toepassing van die Wet se registrasie- en agentskapsbepalings wat hierbenewens bespreek word nie."²⁵⁾

Die kommissie gaan dan voort: „Ten einde oormatige beheer in alle gevalle te vermy, wil die Kommissie daarop aandrang dat al die rade, die Nasionale Bemerkingsraad en die Minister hierdie een rigsgaande stiptelik volg: naamlik, dat beheer nooit om sy eie ontwil ingestel moet word nie maar slegs wanneer die gevare van die opwekking van ondoeltreffendheid en die belemmering van die ondernemingsdurf wat eie is aan alle vorms van beheer en beperking, vermoedelik deur die voordele oortref sal word."²⁶⁾

Dit is dus blykbaar die
gevoel /

24) Die Bemerkingswet van 1937, Memorandum deur die Afrikaanse Handelsinstituut, Volkshandel, Mei 1948, p.36.

25) Verslag van die Bemerkingswet-kommissie, U.G.48/1949, p. 28-29.

26) Ibid.

gevoel van die Kommissie gewees dat die beheer en beperking op die aantal verwerkers en agentskappe reeds die ondoeltreffendheid in die hand werk, dit wil sê, die gevolge van beheer is net die teenoorgestelde van wat dit blykbaar wil voorkom. Die Kommissie wys dan ook daarop²⁷⁾ dat die beperking van die aantal agente wesenlike gevare inhou omdat dit die spoorslag tot groter doeltreffendheid verswak en 'n raad onder verpligting teenoor 'n sekere agent kan plaas omdat daar geen alternatiewe kanale is nie. Die Kommissie beveel dan ook aan dat die beleid om die aantal ontvangsagente te beperk, gewysig behoort te word.

6. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons aangetoon dat die prys van landbouprodukte teen die dertigerjare geweldig gedaal het en dat daar gevoel is dat iets gedoen moes word om in 'n mate die pryse van die landbouprodukte te stabiliseer ten einde sodoende groter stabiliteit in die landboubedryf te bewerkstellig. Verder het ons gemerk dat reeds lank voor die tyd daar in 'n mate pogings aangewend is om veral ten opsigte van bemarking die pryse van landbouprodukte in 'n mate te stabiliseer. Die depressie met al sy probleme het egter die neiging tot beheer verskerp met die gevolg dat in 1937 die Bemarkingswet aangeneem is. Ons het daarop gewys dat hierdie wet in 'n mate 'n radikale verandering in die bemarking van sekere landbouprodukte ten gevolge gehad het. Daarna het ons ook enkele van die vernaamste besware wat teen die wet ingebring is, behandel. Dat daar ook ander besware is, soos byvoorbeeld die uitvoer van surplusse teen 'n verlies, is sake waarteen beswaar gemaak word, maar wat uit 'n praktiese oogpunt gesien, die beste uitweg is om die prysbeheer te laat slaag. Nieteenstaande die besware teen

die /

27) Verslag van die Bemarkingswet-kommissie, U.G. 48/1949, ibid., p. 30.

die Bemerkingswet en die toepassing daarvan kan ons tog besluit dat die wet 'n baie belangrike maatreël is vir die beheer van ordelike bemarking en prysstabiliteit. Die prysbeheer het veral na die oorlog toe buitelandse pryse hoog was, die verbruiker ten goede gekom omdat die pryse van ons landboupprodukte nie in verhouding met buitelandse pryse verhoog is nie, en ons kan verwag dat die beheerrade ook sal probeer om in tye van laagtepunte in die oorsese prys van landboupprodukte, die binnelandse prys weer op 'n hoër peil te hou. In soverre dit prysstabiliteit betref, is die wet dus in werklikheid die „Magna Carta" van die boer.

- - - - -

DIE LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUID-AFRIKA.

1. Inleiding.

Die finansiering van die Landboubedryf, veral in Suid-Afrika, lewer besondere probleme op. In die eerste plek vereis die landbou langtermynkapitaal vir die aankoop van die grond, die oprigting van verbeterings soos plaasgeboue en die toepassing van grondbewaringsmetodes en -praktike. Hierdie uitgawes maak gewoonlik ook die grootste deel van die totale belegging uit. Vir die boerderybedryf is dit wenslik dat die kapitaal wat vir hierdie sake voorsien word, oor 'n baie lang termyn sal strek. Bock¹⁾ het die tydperk op vyftig jaar gestel en van der Horst²⁾ op ag-en-veertig jaar.

In die tweede plek het die landbou fondse nodig vir die finansiering van die middele waarmee die boerdery kan voortgesit kan word soos vee en masjinerie. Vir hierdie aankope is egter slegs tussentermynekrediet nodig en kan moontlik strek oor 'n gemiddelde periode van vyf jaar. Die bedrae wat hier nodig is, is uit die aard van die saak ook nie so groot as die bedrae wat vir lang termyn vereis word nie. Die verhouding van die bedrae wat in Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal van 1907 tot 1912 ten opsigte van hierdie vertakkinge deur die verskillende „Landbanke" voorgeskiet is, was volgens die laaste jaarverslae van die verskillende instellings³⁾ min of meer 1:2.

Derdens /

-
- 1) Bock, A.W.O., Die kapitaalbehoefte van die Landbou in Suid-Afrika en hoe daarin voorsien word, Annale van die Universiteit van Stellenbosch, Jaargang VI, Reeks B, Afl. 1, 1928, p. 29.
 - 2) Horst, v.d. J.G., aangehaal deur Arndt, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, Vol.1, 1933, p. 141.
 - 3) Jaarverslag van die „Land en Landbou Bank van Zuid-Afrika," Okt. 1912 tot Des. 1912, U.G. 34/13, p.14-28.

Derdens vereis die landbou korttermynkapitaal vir die finansiering van boerdery-aktiwiteite soos die besoldiging van arbeid, aankoop van saad, kunsmis, brandstof, ens. Persone of instellings wat hul geld in die landbou belê, moet dus bereid wees om 'n langtermynbelegging te doen. Dié feit was dan ook aan een van die faktore wat die finansiering van die landbou nadelig beïnvloed het. Privaat persone en instellings wat nog hiertoe bereid was, het gewoonlik aangedring op terugbetaling van lenings wanneer tye ook vir die boer baie moeilik was. 'n Ander faktor wat die verlening van krediet aan die landbou baie nadelig beïnvloed het, was die onsekere opbrengste as gevolg van die wisselvallige klimaat en gepaard daarmee die groot prysskommeling van landbouprodukte. Die gevolg was dat die oeste nooit met sekerheid voorspel kon word nie en dat weens die skommelende pryse die inkomste uit groot oeste soms minder was as uit veel kleiner oeste. Behalwe die langtermynbelegging wat die landbou 'n onaantreklike beleggingsveld gemaak het, was die risiko aan sodanige beleggings vir die geldskietter sowel as die lener baie groot. Groot dalings in die prys van die produkte en grond kan albei ruïneer.

Nieteenstaande die faktore wat die landbou 'n ongesogte beleggingsveld vir geldskietters gemaak het, moet ons nog in gedagte hou dat die landbou nie sonder fondse was nie en tot ongeveer die laaste kwart van die vorige eeu die ontwikkelinge self gefinansier het. Boerdery was toe egter hoofsaaklik op 'n ekstensiewe skaal en behalwe vir die grond was die nodige fondse nie baie hoog nie. Met die ontginning van ons mineraalbronne het die boerdery-aktiwiteite meer en meer ingestel geraak op die mark, en veral in die omgewing van die groot sentra het die boerdery meer en meer intensief geword. Met die nuwe ontwikkeling het die behoefte aan

kapitaal /

kapitaal ook groter geword daar nie net meer kapitaal vir die produktiewe werksaamhede nodig was nie, maar die grond ook duurder geword het. Die behoefte aan kapitaal vir die landbou is verder vergroot deur die nadelige inwerking van die Engelse Oorlog wat aan die begin van die huidige eeu ten einde geloop het. Dit was veral die geval in die Oranje-Vrystaat en Transvaal waar plase verwoes en die boerdery totaal ontwrig was. Na die beëindiging van die oorlog is boere na hul plase terug sonder enige middele om die boerdery voort te sit. Die regerings was onder destydse omstandighede die aangewese liggaam om na die behoeftes van die boere om te sien en die nodige fondse te verskaf.⁴⁾

2. Landbanke.

Die groot vraag na fondse en die wisselvalligheid van die boerderybedryf het meegebring dat private persone en instellings nie in die behoeftes, veral ten opsigte van lantermynkapitaal kon voorsien nie en dat die staat hulp moes verleen. Die vraag was egter hoe dit gedoen moes word. Eers is lenings direk deur die regerings van die verskillende gebiede toegestaan maar daar is steeds gevoel dat net soos die sekondêre bedrywe hul eie finansieringsinstellings gehad het, so moes daar ook 'n instelling wees om spesiaal die landbou te finansier. Sodanige instelling moes egter deur die regering beheer word ten einde te verseker dat die landbou nie net die nodige fondse aangebied sou word nie, maar ook op voorwaardes wat die ontvanger se posisie nie sou benadeel nie. Die uiteindelijke gevolg was dat daar verskeie staats-beheerde instellings tot stand gekom het, naamlik die „Transvaalse Land en Landbouwbank“ in 1907, die „Land en Landbouwleningsfonds van Natal“ in 1908 en die „Land en Landbouwleenfonds /

4) Vgl. Headlam, C., The Milner Papers, 1899-1905, Vol. II, Cassell and Co. Ltd., London, p. 370-71 en ook Arndt, E. H. D., Landboukredietfasiliteite voor Unie, Publikasies van die Univ. van Pretoria, Series No. 111: Geesteswetenskappe, No. 8, J. H. de Bussy, Pretoria.

Landbouwleenfonds van die Oranje-Vrystaat" in 1910.⁵⁾

Die omvang van die werksaamhede van die banke tydens die kort tyd van hul bestaan was as volg: Die Leen-fonds van die Oranje-Vrystaat het van 10/3/1910 tot 30/9/1912 lenings aan 1658 persone toegestaan ten bedrae van £551,290 waarvan £426,735 toegestaan is teen schepenkennisse (verband) en £124,555 teen sekuriteit van skuldbewyse. Van die totaal van £551,290 is die volgende bedrae toegeken om:

- (i) verbande op grond af te los, £259,994;
- (ii) vir verbeterings insluitende besproeiingswerke, omheining en die aanplant van bome, £44,553;
- (iii) vir die onderverdeling van grond, £640;
- (iv) vir die aankoop van lewende hawe, masjinerie en gereedskap, £147,698;
- (v) vir die aankoop van grond, £98,405.

Ruim tweekeer soveel is dus direk en indirek voorgeskiet vir die grond waarop die boerdery beoefen is as wat voorgeskiet is vir die gereedskap wat vir die bedrywighe⁶⁾de nodig was.

Die „Land en Landbouwbank van Transvaal" het van 1907 tot 1912 lenings toegestaan ten opsigte van 6,180 aansoeke ten bedrae van £2,207,761 vir die volgende doel-eindes:

(i) Die aanbring van verbeteringe insluitende geboue, besproeiingswerke, omheining en die aanplant van bome, £234,836.

(ii) Die aankoop van lewende hawe, werktuie en landbou-benodigdhede in die algemeen, £526,363.

(iii) /

5) U.G. 13/34, op. cit. p. 14, 24 en 30.

6) Ibid., p. 20-21.

(iii) Die aflossing van bestaande grondlaste, £955,987.

(iv) Onderverdeling van grond, £10,766.

(v) Vir die aanwending van meer as een van die doeleindes onder (i), (ii), (iii) genoem, £479,804.

Van hierdie lenings is ruim vyf-en-twintig persent of £534,323 reeds terugbetaal.⁷⁾

Die Leningsfonds van Natal het lenings toegestaan ten opsigte van 503 aansoeke ten bedrae van £278,830. Hiervan was £163,400 vir die aflossing van bestaande skuld op grond, £37,795 vir verbeterings en £77,545 vir die aankoop van lewende hawe.⁸⁾

Uit bostaande besonderhede van die verskillende landboubanke blyk dit dat uit 'n totale bedrag van £3,037,881 toegestaan, £1,419,381 gebruik is om bestaande grondlaste af te los. Dit wil dus voorkom asof daar tog ruim voorsien is in die kapitaalbehoefte van die landbou, maar blykbaar op sodanige voorwaardes dat dit vir die boere beter was om by die staatsinstelling lenings aan te gaan om die bestaande laste af te los.

Die werksaamhede van die genoemde drie banke het ten einde geloop met die stigting van die „Land en Landbou Bank van Zuid-Afrika“, in 1912.

3. Die Land en Landboubank van Suid-Afrika.

Soos reeds gemeld het die Land en Landboubank van Suid-Afrika in 1912 tot stand gekom.⁹⁾ Die toe reeds bestaande landbanke van Natal, die

Oranje- /

7) U.G. 13/34, op. cit., p. 14-15.

8) Ibid., p. 25.

9) Wet No.18 van 1912.

Oranje-Vrystaat en Transvaal is deur die nuwe bank vervang, wat ook die bate en laste van die reeds genoemde banke oorgeneem het. Die nuwe bank het sy werksaamhede iop 1 Oktober 1912 begin.¹⁰⁾

Die hoofdoel van die bank sou wees om die boerebevolking te help deur bona fide en verdienstelike applikante te voorsien van fondse teen billike rentekoerse, terugbetaalbaar oor 'n lang termyn.

Die kapitaal van die bank sou bestaan uit die fondse oorgeneem van die voornoemde banke tesame met alle bedrae ingesamel op voorskotte wat deur die vorige banke toegestaan was, bedrae ingesamel op lenings deur die regering toegestaan vir die oprigting van omheininge en die bou van diënbakke en verder sodanige bedrae as wat die regering van tyd tot tyd sou bewillig.¹¹⁾

Vanaf 1921 is die bank ook gemagtig om geld te leen teen wissels of oortrokke bankrekening. Dit was dus nie meer vir die bank nodig om van sy eie fondse in reserwe te hou vir 'n redelike tyd ten einde te kan voorsien in die behoefte van kaskrediete van kooperatiewe verenigings nie.¹²⁾

Net die volgende jaar, d.w.s. in 1922, is die bank ook gemagtig om deposito's aan te neem om korttermynvoorskotte te finansier.¹³⁾ Deur die twee wette, no. 36 van 1921 en no. 40 van 1922, is die bank dus geregtig om fondse te verkry deur:

(i) wissels van kooperatiewe verenigings by ander banke te diskonteer;

(ii) oortrokke rekenings by ander banke;

(iii) /

10) U.G. 34/13, p.1.

11) Ibid., p.2.

12) U.G. 16/22, p.11.

13) Landbouwysigingswet, no. 40/1922.

(iii) self wissels uit te reik;

(iv) geld op deposito's aan te neem.

Die Bestuur bestaan uit 'n Sentrale Raad van vier gewone lede en 'n Algemene Bestuurder wat ex-officio optree as voorsitter van die Raad. Dit is die taak van die Raad om alle aansoeke om voorskotte en lenings te bekragtig en verder die sake van die bank te behartig.

(1) Werkzaamhede.

Die werkzaamhede van die bank bestaan in die toekenning van voorskotte en sekuriteite. Gewone voorskotte sou toegestaan word vir 'n tydperk van dertig jaar. Gedurende die eerste vyf jaar betaal die lener slegs rente teen vyf persent per jaar. Die voorskot self is dan daarna oor 'n verdere vyf-en-twintig jaar betaalbaar in halfjaarlikse afbetalings. Aflossing kon egter te eniger tyd gedoen word. Behalwe in uitsonderlike gevalle soos by groot besproeiingswerke wat deur die Goewerneur-generaal goedgekeur moes word, was die bedrag van die voorskotte van £50 tot £2,000. In die besondere gevalle so pas genoem, is die maksimum voorskot egter op £5,000 vasgestel.¹⁴⁾

In 1921 is die terme van terugbetaling egter gewysig.¹⁵⁾ Daar is weggedoen met die vyf jaar waarin slegs rente betaal kon word. Terugbetalings moes voortaan oor die volle dertig jaar geskied in halfjaarlikse afbetalings. Hoewel die tydperk waaroor die terugbetalings moes geskied toe verleng is, was dit ons insiens 'n minder voordelige reëling vir die boer. Die nuwe reëling het ingehou dat hy die eerste terugbetaling moes doen moontlik nog voordat die voorskot /

14) Wet no. 18 van 1912, op. cit.

15) U.G. 16/22, p.11.

voorskot enigsins bygedra het tot groter produktiwiteit en groter inkomste. 'n Boer sou dus heel moontlik eerder in staat wees om die groter afbetalings oor 'n korter tydperk met groter gemak te doen as die kleiner afbetalings oor 'n langer tydperk.

Die wysigingswetgewing van 1921 het ook voorsiening gemaak vir die wysiging van die bank se rentekoers. Rente op bestaande voorskotte en lenings ten tyde van die veranderings kon egter nie verhoog word nie, maar wel verlaag word. 'n Skuldenaar van die bank kon dus daarby baat indien die rentekoers verlaag word, maar die voordele behou indien die rentekoers daarna weer verhoog sou word.¹⁶⁾ Rente is byvoorbeeld in 1931 op verbandlenings verminder van ses persent na $5\frac{1}{2}$ persent. In spesiale gevalle kon die Raad ook vergunning daartoe verleen dat gedurende die eerste en tweede jaar slegs rente betaalbaar sou wees en eers daarna sou die terugbetaling van kapitaal 'n aanvang neem.¹⁷⁾ Volgens die Plaasverband-rentewet van 1933 is die rentekoers van die bank verder verlaag na vyf persent,¹⁸⁾ en in 1935 vir nuwe lenings na $4\frac{1}{2}$ persent.¹⁹⁾

Gedurende die depressie was die posisie van die boere baie kritiek en is hulle ook deur die bank tegemoet gekom.²⁰⁾ Kragtens die Finansiële Wet van 1933 is die Raad van die Bank gemagtig om die tydperk waarvoor 'n voorskot verstrekk is, te verleng en selfs ook die kapitaal-aflossing na goeddunke vir bepaalde tydperke op te skort. Ook is die Raad gemagtig om agterstallige rente te kapitaliseer al sou die bedrae uiteindelik die vasgestelde maksimum van £2,000 of £5,000 oorskry. Hierdie maksimum bedrae is ook deur die

wet /

16) Landbouwysigingswet, no.36 van 1921.

17) U.G. 13/22.

18) Wet no. 34 van 1934.

19) Wet no. 52 van 1935.

20) Finansiële Reëlingswet, no.29 van 1933.

wet opgehef ten opsigte van nuwe voorskotte en dit is aan die goeddunke van die Raad oorgelaat om self te bepaal wat die maksimum bedrag sou wees, mits dit nie meer as sestig persent van die landbou- en veeteeltwaarde van die grond beloop het nie. 'n Verdere tegemoetkoming is in 1936 gedoen toe die tydperk waarvoor voorskotte toegestaan kon word, verleng is tot veertig jaar. Ook kon die termyn van bestaande lenings na goeddunke deur die Bank dienoooreenkomstig verleng word.²¹⁾

Die bank het nieteenstaande die baie veranderings wat reeds aangebring is in die voorwaardes verbonde aan die toestaan van lenings of voorskotte, gevoel dat daar nog leentes was wat veral sekere groepe nadelig getref het. Die gevolg was dat die Landbankwet van 1912 weereens gewysig is.²²⁾ Die belangrikste veranderings wat deur die wet ingevoer is, is die volgende:

(a) Voorskotte in die vorm van kaskrediete kon voortaan toegestaan word aan enige grondelenaar of huurder kragtens die wette op nedersettings of enige huurder of persoon wat verplig is om betalings te doen as koper kragtens enige wet op die vervreemding van kroongrond. Sodanige voorskotte sou gedoen word ten einde die koste te bestry wat in verband staan met die produksie, bewerking, insameling of bemarking van sodanige oes, of om skulde wat die boer vir daardie doel aangegaan het te vereffen. Die wet het verder voorsiening gemaak vir 'n pandreg op sodanige oeste en 'n beperking op die vervreemding daarvan. Die wysiging het dus meegebring dat boere voortaan ook seisoenslenings vir oesdoeleindes sou kon kry. Die voordele van hierdie wysiging is egter slegs ten opsigte van suikerkwekers toegestaan.

Ook /

21) Wet no. 21 van 1936.

22) Landbank-wysigingswet no. 24 van 1938.

Ook ten opsigte van die finansiering van koöperatiewe verenigings en -maatskappye, het die wet 'n belangrike verandering meegebring. Die Bank is byvoorbeeld deur artikel vyf gemagtig om waarborge uit te reik namens koöperatiewe verenigings en maatskappye vir enige doel waarvoor hulle wettiglik in die lewe geroep is. In die geval van koöperatiewe maatskappye sou die lede egter aanspreeklik wees vir verliese wat die bank deur sodanige voorskotte mag ly.

Verder is die finansiering van koöperatiewe liggame ook vergemaklik omdat die beperkinge ten opsigte van die doel waarvoor voorskotte en lenings aangewend kon word, afgeskaf is. In gevalle van produkte waarvan die prys doeltreffend beheer word, is die Bank ook gemagtig om groter voorskotte as sestig persent van die waarde van die produkte, toe te staan. Op dié manier kon die koöperatiewe liggame dus groter voorskotte verkry.

23)

In die konsoliderende Landbankwetgewing van 1944 is onder andere bepaal dat 'n voorskot teen sekuriteit van die grond nie meer mag beloop nie as twee-derdes van die billike waarde van daardie grond vir landbou- en veeteelt-doeleindes nie, tesame met die waarde van die verbeterings daarop. In die geval van Kroongrond onder koopkontrak gehou en waarvan die koopprys nog nie betaal is nie, word slegs twee-derdes op die bedrag wat reeds op die koopsom afbetaal is, toegestaan, plus twee-derdes van die waarde van die verbeterings daarop aangebring sedert die aangaan van die koopkontrak. Persone wat dus nie grond gehad het om 'n verband daarop te laat passeer nie, is dus toe ook 'n billike geleentheid gegun om by die bank aan te klop om 'n voorskot.

In /

In die tweede plek kon voorskotte teen sekuriteit van grond gehou kragtens huurkontrak van die Kroon vir 'n tydperk van tien jaar of meer, toegestaan word. Sulke voorskotte sou egter slegs dertig persent beloop van die aandeel van die aansoeker in die huurkontrak, soos deur die Bank vasgestel. By die vasstelling van die waarde van die sekuriteit is die bank egter gemagtig om gewasse wat langer sou staan as die tydperk waarvoor die voorskot aangevra is, in aanmerking te neem. Voorskotte in hierdie gevalle is egter slegs vir 'n maksimum tydperk van vyf jaar toegestaan.

Derdens kon die bank voorskotte toestaan aan goedgekeurde koöperatiewe verenigings, en die lede van sodanige verenigings sou dan gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir die hele voorskot.

Sedert 1951 staan die bank ook lenings toe vir die aankoop van trekkers mits die eienaar een-derde van die prys van die trekker kontant betaal en die Raad seker gemaak het dat die trekker wat die applikant staan te koop redelikerwys nodig en geskik is vir sy doel.²⁴⁾

Uit die voorgaande is dit baie duidelik dat die Landboubank by magte is om 'n groot verskeidenheid boere te help aan lang-, tussen- en korttermynkrediet. Die mate waarin die boere dan ook van die fasiliteite van die bank gebruik gemaak het, word verderaan bespreek.

(11) Taksateurs.

Ons het reeds herhaalde kere daarvan melding gemaak dat die voorskotte beperk word deur die landbou- en veeteeltwaarde van die grond. Die vraag is egter hoe sodanige waarde bepaal word. Vir die vasstelling van die waarde van die grond, maak die bank gebruik van sy eie taksateurs /

24) Jaarverslag van 1951, U.G. 51/52; p. 2.

Tabel XCVIII

Getal applikasies vir verbandlenings ontvang sedert die oprigting van die Landbank op 1 Okt. 1912, die bedrae toegestaan en uitbetaal.

Jaar	Applikasies ontvang		Toegestaan		Uitbetaal		Gem.
	Getal	Bedrag	Getal	Bedrag	Getal	Bedrag	
		£,000		£,000		£,000	£
1912+	731	517	547	348	287	107	372
1913	3,889	2,707	3,091	1,749	2,636	1,530	584
1914	1,268	451	1,025	293	1,097	354	323
1915	401	176	322	132	291	117	403
1916	2,022	1,039	1,715	713	1,254	474	378
1917	2,299	1,468	1,997	1,070	1,812	938	518
1918	2,200	1,525	1,953	1,167	1,699	948	558
1919	2,662	1,976	2,338	1,496	1,871	1,173	627
1920	2,978	2,463	2,579	1,775	2,016	1,421	705
1921	2,647	1,500	1,978	900	1,713	829	484
1922	3,554	2,063	2,700	1,286	2,455	1,093	445
1923	3,462	2,288	2,650	1,509	2,682	1,470	546
1924	3,907	2,712	3,327	1,992	2,620	1,483	566
1925	3,397	2,366	2,800	1,656	2,725	1,639	601
1926	2,833	1,736	2,358	1,208	2,004	982	490
1927	3,571	2,259	3,186	1,810	2,598	1,471	566
1928	3,554	2,483	2,850	1,800	2,799	1,668	596
1929	3,883	2,615	2,957	1,768	2,919	1,648	564
1930	4,919	3,334	3,872	2,412	3,356	2,026	603
1931	6,896	5,095	5,803	4,403	4,590	3,454	752
1932	2,581	2,184	1,231	974	1,743	1,383	794
1933	6,238	9,416	4,639	6,967	2,421	2,913	1,203 ++
1934	5,012	8,151	4,261	6,495	5,109	8,231	1,611
1935	5,201	7,899	4,175	5,469	3,361	4,863	1,444
1936	4,441	5,139	3,385	3,289	3,241	3,676	1,134
1937	4,628	5,623	3,819	3,981	2,818	2,766	981
1938	4,041	5,024	3,303	3,601	2,950	3,226	1,093
1939	3,159	3,281	2,369	2,035	2,322	2,120	913
1940	2,855	2,671	2,414	2,038	2,246	1,995	888
1941	2,922	3,313	2,492	2,423	1,936	1,810	935
1942	2,354	3,325	2,487	2,546	2,121	2,080	980
1943	3,320	4,679	3,039	3,846	2,488	2,775	1,115
1944	3,669	5,515	3,279	4,277	2,847	3,765	1,322
1945	3,514	5,153	3,087	3,798	2,574	3,118	1,211
1946	4,029	6,285	3,488	4,362	2,782	3,364	1,209
1947	3,903	5,739	3,449	4,084	2,834	3,184	1,124
1948	4,324	7,115	3,666	5,002	3,333	4,363	1,309
1949	3,608	5,143	2,349	2,724	2,540	3,107	1,223
1950	2,630	3,927	1,706	2,190	1,633	2,064	1,264
1951	3,084	5,916	2,336	3,930	2,108	3,101	1,471
1952	3,471	7,626	2,318	4,108	2,282	3,901	1,709
1953	-	-	2,169	3,695	-	3,472	-
1954	-	-	2,245	4,774	-	3,868	-

+ Oktober/Desember 1912.

++ Gedurende hierdie jaar is die maksimum van £2,000 per boer opgehef.

teurs. Hierdie taksateurs is persone wat 'n deeglike kennis het van grondwaardes in hul omgewing. Wanneer 'n boer in 'n bepaalde gebied by die bank aansoek doen om hulp, word die taksateur van daardie gebied gevra om die grond te waardeer. Die vorm wat die applikant moet invul, moet verder deur die magistraat gesertifiseer word. Op dié manier word die Raad van die Bank deur die taksateur gelei ten opsigte van die bedrag wat toegestaan kan word en deur die magistraat ten opsigte van die persoonlike hoedanighede van die aansoeker.

(iii) Bedrae toegestaan en uitbetaal.

Volgens Wet no.

18 van 1912 was die eerste en vernaamste besigheid van die Landbank „geld aan boeren voor te schieten op verband op grond binnen de Unie“. In Tabel XCVIII word die getal aansoeke om verbande en die bedrae wat jaar na jaar deur die Bank oorweeg is, aangegee asook die getal en bedrae toegestaan, uitbetaal en die gemiddelde bedrag per aansoek. Uit die gegewens blyk dit dat sommeer van die begin 'n groot aantal aansoeke ingekom, toegestaan en uitbetaal is. Gedurende 1914 en 1915 is daar egter 'n merkbare afname, maar dit moet nie gewyt word aan die feit dat die boere nie kapitaal van die bank nodig gehad het nie, maar dat die tesourie die bank gevra het om spaarsaam met sy fondse te werk te gaan weens oorlogsomstandighede en binnelandse moeilikhede. Hierdie versoek is ook aan die boere gerig en vandaar die groot daling in die aantal aansoeke gedurende 1914 en 1915, maar veral in die bedrae wat uitbetaal is van 1914 tot 1918. Sedert 1916 tot 1929 was daar geen noemenswaardige toename in die aantal aansoeke ontvang en toegestaan en ook nie ten opsigte van die bedrae daarby betrokke nie. Daar was egter 'n redelike toename gedurende die depressiejare nieteenstaande die ander maatreëls wat die regering getref het om die boeregemeenskap

Tabel XCIX

Doeleindes waarvoor verbandlenings toegestaan is.

Jaar	Verbe- terings	Aankoop van vee	Betaling van bestaande skuld	Aankoop van grond	Totaal	Voorskotte ten behoeve van die re- gering krag- tens art. 20 van Wet 29 van 1933
	£,000	£,000	£,000	£,000	£,000	£,000
1912	20	15	49	23	107+	-
1914	47	42	107	158	354	-
1915	5	7	20	87	117	-
1916	54	47	128	244	474	-
1917	88	71	259	513	932	-
1918	52	63	421	413	948	-
1919	68	77	257	771	1,173	-
1920	90	87	234	910	1,421	-
1921	113	91	256	370	829	-
1922	196	100	443	357	1,030	-
1923	78	185	646	562	1,470	-
1924	92	149	592	650	1,483	-
1925	105	94	702	657	1,639	-
1926	99	67	313	504	982	-
1927	127	95	565	684	1,471	-
1928	124	100	630	704	1,668	-
1929	135	132	611	770	1,648	-
1930	194	164	1,121	548	2,026	-
1931	168	119	2,745	421	3,454	-
1932	27	13	1,116	227	1,383	-
1933	8	5	833	168	1,115	1,798
1934	30	26	1,779	437	2,272	5,959
1935	31	30	1,377	545	1,983	2,880
1936	39	46	1,245	773	2,103	1,574
1937	42	40	1,246	793	2,121	645
1938	58	49	1,503	1,072	2,683	543
1939	52	33	1,167	604	1,857	264
1940	24	36	1,112	575	1,747	248
1941	27	21	829	719	1,597	225
1942	32	18	859	973	1,883	205
1943	85	33	1,173	1,516	2,808	107
1944	129	68	1,563	1,941	3,702	62
1945	138	79	1,342	1,498	3,056	62
1946	236	71	1,372	1,650	3,329	34
1947	323	96	1,116	1,624	3,160	25
1948	461	121	1,657	2,119	4,358	5
1949	304	98	1,002	1,668	3,092	14
1950	64	16	621	1,322	2,053	11
1951	182	80	790	2,049	3,101	-
1952	250	97	720	2,333	3,901	-
1953	214	72	926	2,260	3,472	-
1953	228	83	911	2,647	3,868	-

+ Oktober tot Desember 1912

te help. Na die depressiejare neem die bedrae ten opsigte van alle aangeleenthede effens af en veral gedurende die eerste oorlogsjare 1940 en 1941. Die gemiddelde bedrag per aansoek toegestaan, was egter maar laag totdat dit in 1934 tot 'n redelike peil gestyg en daarna ook min of meer gehandhaaf is. Die styging in die gemiddelde bedrag uitbetaal was die gevolg van die opheffing van die maksimum van £2,000 per boer.

(iv) Doeleindes waarvoor lenings aangewend is.

In tabel

XCIX word 'n uiteensetting gegee van die bedrae van die lenings wat vir verskillende doeleindes aangewend is. Daaruit blyk dat 'n klein gedeelte van die lenings aangewend is vir verbeterings en dat die bedrae vir dié doel aangewend blykbaar die grootste was in tye van voorspoed veral sedert 1944. Opvallend is egter die groot bedrae daaraan bestee gedurende die jare 1930 en 1931 toe die toestand in die landbou reeds baie moeilik was hoofsaaklik as gevolg van droogte. Dieselfde tendense as in die geval van verbeterings kry ons ook in die geval van die bedrae aangewend vir die aankoop van vee, hoewel die uitgawe in tye van voorspoed, veral sedert 1944 nie so groot was as in die geval van verbeterings nie.

Dit is opvallend om te merk hoeveel van die bedrae van die bank verkry, aangewend is om bestaande skuld te vereffen. Dit is veral die geval in die jare van lae pryse vir landbouprodukte gedurende die dertigerjare, maar tog darem ook in die veertigerjare. Die grootste gedeelte van laasgenoemde bedrae was egter vir die vereffening van bestaande landbankverbande. Dit blyk egter dat van 1950 af die posisie in hierdie opsig aanmerklik verbeter het, daar

heelwat /

heelwat minder bedrae geleen is om bestaande skulde te ver-
effen.

Die bedrae wat gebruik is vir die aankoop van grond
het geleidelik elke jaar gestyg behalwe in die geval van reeds
genoemde jare van oorlogstoestande. Die styging in die be-
drae vir die aankoop van grond weerspieël moontlik egter nie
'n steeds stygende oppervlakte wat aangekoop is nie, maar
eerder die steeds stygende prys van grond. Hierdie sienswyse
word in 'n mate gestaaf deur die feit dat die aantal aansoeke
soos aangegee in tabel XCVIII oor die jare nie juis toege-
neem het nie, en dat daarby die plase oor die algemeen
kleiner geword het. Die groter bedrag aan grondaankope
bestee, was dus eerder meer per morg vir kleiner plase.

Tabel XCIX toon ook nog bedrae wat ten behoeve
van die regering sedert 1933 uitbetaal is volgens die Finan-
siële Reëlingswet no. 29 van 1933. Die bedrae het 'n hoogte-
punt van byna £6 miljoen in 1934 bereik, maar het daarna
vinnig gedaal om teen 1950 ten einde te loop. Die lang
termyn waaroor die geld beskikbaar gestel is, toon nietemin
dat die regering nie haastig was om hulp te staak toe die
posisie van die landbou verbeter het nie.

(v) Ander Lenings en Voorskotte.

(a) Koöperatiewe Liggame.

'n Ander besigheid van
die bank volgens die wet van 1912 was om „geld voor te schiet-
en aan en de uitvoering van kontrakten door koöperatiewe
verenigingen te waarborgen“. Hierdie artikel is in 1922
uitgebrel om ook koöperatiewe maatskappye in te sluit.²⁵⁾
Deur die finansiering van koöperatiewe verenigings en maat-
skappye /

25) Landbouwysigingswet no. 40 van 1922.

Tabel C.

Voorskotte en Lenings aan Koöperatiewe Verenigings en Maatskappye.

Jaar	Koöperatiewe Vereniging			Koöperatiewe Maatskappye		
	Kas Krediete	Paaiement-lenings	Totaal	Paaiement-lenings	Kas-krediete	Totaal
	£,000	£,000	£,000	£,000	£,000	£,000
1913	-	-	-	-	-	-
1914	220	65	234	-	-	-
1915	98	13	111	-	-	-
1916	59	8	64	-	-	-
1917	100	5	105	-	-	-
1918	214	20	233	-	-	-
1919	125	21	146	-	-	-
1920	452	49	500	-	-	-
1921	331	17	348	-	-	-
1922	595	7	602	-	-	-
1923	673	41	715	169	56	224
1924	415	31	446	138	131	269
1925	121	239	360	238	19	303
1926	309	66	375	393	174	568
1927	301	126	428	548	223	772
1928	285	89	374	232	154	386
1929	624	65	689	269	197	466
1930	2,026	66	2,092	544	253	797
1931	3,843	49	3,892	598	394	992
1932	4,626	14	4,640	557	467	1,024
1933	2,098	15	2,113	508	163	671
1934	2,352	30	2,382	442	87	560
1935	1,417	.2	1,417	29	712	510
1936	1,507	9	1,516	55	1,506	1,561
1937	1,771	21	1,792	268	1,155	1,423
1938	3,569	31	3,599	42	3,999	4,031
1939	3,600	22	3,622	15	6,011	6,026
1940	2,028	12	2,040	321	7,281	7,602
1941	2,214	23	2,237	111	7,482	7,593
1942	2,917	5	2,922	246	12,516	12,762
1943	4,140	16	4,156	124	14,704	14,829
1944	4,145	32	4,177	142	17,924	18,066
1945	4,806	18	4,824	272	20,769	21,040
1946	5,440	40	5,480	434	22,234	22,668
1947	6,064	77	6,141	1,131	32,285	33,416
1948	11,240	27	11,267	1,817	30,101	31,918
1949	4,860	31	4,891	1,046	46,269	47,316
1950	5,730	25	5,755	768	49,453	50,221
1951	2,630	45	2,675	749	63,281	64,029
1952	2,430	-	2,430	604	69,259	69,863
1953	2,580	-	2,580	320	77,468	78,533
1954	2,900	-	2,900	478	92,620	93,438

skappe het die bank dus ook indirek die landbou gofinansier daar die koöperatiewe liggame die fondse weer gebruik het om voorskotte aan die boere te doen ten opsigte van hul oeste. Die bedrae wat voorgeskiet is, was van tweërlei aard. Eerstens was daar kaskrediete of seisoenslenings wat op kort termyn aan die liggame toegestaan is veral ten opsigte van voorskotte aan lede vir ingelewerde oeste. Tweedens was daar ook die sogenoemde paaiementlenings aan die liggame toegestaan ten einde permanente verbeterings aan te bring.

Die gegewens van die voorskotte en lenings aan die koöperatiewe liggame word gegee in Tabel C waaruit blyk dat daar reusebedrae jaarliks aan dié liggame by wyse van kaskrediete toegestaan is, veral in die geval van maatskappye. Dit was veral die gevolg van stygende pryse sedert die afgelope oorlog en die uitbreiding van koöperatiewe verwerkingsondernemings. Gedurende 1948 het die bank byvoorbeeld verwerkingsondernemings gehelp wat betrokke was in die maak van konfyt, inmaak van vrugte en groente, die maal van koring en mielies, die verwerking van vleis, spek en ham, die vervaardiging van kaas, botter, roomys en ander suiwelprodukte, suikerverwerking, saagmeulens, verpakking van vrugte, wynmaak en die verwerking van tabak. Voorskotte ook ten opsigte van die korttermynkrediet van hierdie ondernemings is ook deur die bank aan hulle verleen.²⁶⁾ Die Landbank het dus ook 'n belangrike bron van korttermynkrediet vir die koöperasies geword.

(b) Omheinings, dijbak- en watervoorsieningsvoorskotte.

Die bank was opk verantwoordelik vir die toestaan van omheiningslenings volgens die Omheiningswet, no. 17 van 1912. Aanvanklik het die lenings net gegeld

ten /

26) Verslag oor die jaar 1948, U.G. 16/49, p. 5.

Tabel CI

Getal aansoeke om omheiningslenings ontvang en die bedrag uitbetaal, lengte opgerig en gemiddelde prys per myl.

Jaar	Aansoeke Getal	ontvang Bedrag	Lengte van opgerigte omheining	Bedrag Uitbetaal	Gem. prys per myl
		£	myl	£	£
1912	170	25,762	-	6	-
1913	906	132,908	2,607	-	-
1914	677	86,685	2,487	66,055	27
1915	132	14,746	782	22,166	28
1916	97	9,336	395	12,032	30
1917	67	6,583	130	3,528	31
1918	29	4,312	121	6,120	50
1919	162	21,742	52	3,226	61
1920	295	57,271	332	23,919	72
1921	440	72,158	714	42,628	60
1922	645	160,329	1,195	59,730	50
1923	950	227,771	2,258	136,066	60
1924	1,248	378,783	3,618	226,128	62
1925	1,500	428,316	1,960	145,232	54
1926	1,175	295,548	3,940	272,300	61
1927	1,228	273,347	4,066	266,515	69
1928	1,178	279,233	4,993	201,401	59
1929	1,140	287,069	5,204	202,390	56
1930	854	176,898	2,771	179,043	65
1931	500	85,938	1,828	90,977	50
1932	156	13,139	554	17,312	31
1933	155	10,912	95	2,905	31
1934	314	40,479	243	6,298	26
1935	351	50,770	880	20,893	24
1936	473	86,291	940	24,434	26
1937	393	118,576	1,270	41,204	32
1938	519	196,193	1,823	77,956	43
1939	366	137,252	1,917	86,744	45
1940	99	22,317	1,223	55,658	46
1941	47	7,867	133	5,236	39
1942	15	2,356	67	4,000	60
1943	7	1,662	18	1,208	67
1944	26	7,113	12	814	68
1945	32	8,575	45	1,943	43
1946	41	12,155	69	4,044	59
1947	65	39,240	114	8,605	75
1948	114	90,513	337	38,630	114
1949	90	62,078	369	42,602	115
1950	62	30,727	153	21,410	140
1951	32	20,010	57	11,185	196
1952	75	46,701	65	8,981	138
1953	-	-	182	28,006	154
1954	-	-	112	17,500	156

ten opsigte van buite-omheininge maar hierdie beperking is opgehef in 1924 deur Wet no. 32 van 1924 en uitgebrei ook tot binneheininge. Hierdie uitbreiding het gestaan in verband met 'n ander bevoegdheid wat ook deur hierdie wet aan die bank verleen is, naamlik om lenings toe te staan vir die voorsiening van water aan vee. Dat hierdie wetgewing aan 'n behoefte voorsien het, kan ons moontlik aflei uit die toename in die aantal aansoeke om omheininglenings reeds van dieselfde jaar af en moontlik ook in die toename in die lenings wat toegestaan is, 'n tendens wat volgehou is tot in 1929. (vgl. Tabel CI). 'n Ander opvallende kenmerk van die tabel is die groot daling in die bedrae wat deur die bank toegestaan is gedurende die depressiejare, veral 1933. Die laagste uitbetaling is egter gedurende die tweede wêreldoorlog en wel in 1944 gedoen. Die syfers ten opsigte van die gemiddelde prys per myl omheining opgerig is nogal interessant daar dit in 'n mate 'n beeld gee van die verloop van pryse in materiaal en arbeid. Sedert 1914 tot 1924 was daar 'n voortdurende styging in die gemiddelde prys per myl omheining opgerig, en die styging was ietwat meer as honderd persent. Van 1925 tot 1946 was daar geen deurlopende stygende tendens nie, maar dit moet ons toeskryf aan die oprigting van binne- en kampheininge wat nou ook in berekening gebring is, en waarvan die koste nie so hoog was as die buite-omheininge nie omdat dit nie van dieselfde standaard was nie. Van 1947 af is daar egter weer 'n merkbare, hoewel nie geleidelike, styging in die gemiddelde koste per myl omheining opgerig.

(c) Dipbakklenings.

Die voorskotte of lenings in hierdie verband het die bank toegestaan volgens die „Dipbakken (Voorschotten) Wet, no. 20 van 1911 soos gewysig.

Tabel OII

Getal aansoeke om dipbaklenings, die bedrag uit-
betaal en die gemiddelde prys per dipbak.

Jaar	Aansoeke ontvang		Bedrag Uitbetaal	Gem. prys + per dipbak
	Getal	Bedrag		
		£	£	£
1912	147	13,763	430	-
1913	471	44,061	39,585	-
1914	288	25,675	67,658	-
1915	103	9,288	9,394	97
1916	231	20,615	13,120	87
1917	172	16,180	11,689	91
1918	111	11,142	13,992	99
1919	178	21,782	8,873	118
1920	255	37,557	18,987	153
1921	299	38,860	30,189	127
1922	262	33,169	30,604	128
1923	210	24,922	19,350	123
1924	145	15,347	13,023	108
1925	122	8,210	4,540	109
1926	107	12,877	6,615	108
1927	92	9,977	8,590	105
1928	80	8,490	5,193	106
1929	61	6,186	4,080	96
1930	76	7,055	5,277	-
1931	71	6,609	4,168	-
1932	31	2,020	1,603	-
1933	29	2,459	785	-
1934	42	3,586	1,135	-
1935	44	3,440	1,097	-
1936	38	2,730	1,961	-
1937	48	3,923	1,241	-
1938	33	2,929	1,863	-
1939	31	2,920	1,998	-
1940	32	3,005	2,355	-
1941	22	2,023	976	-
1942	21	1,926	1,346	-
1943	15	1,660	722	-
1944	12	1,600	576	-
1945	11	1,430	811	-
1946	4	530	235	-
1947	4	560	165	-
1948	5	655	-	-
1949	8	1,140	220	-
1950	6	965	1,125	-
1951	3	445	270	-
1952	3	550	225	-
1953	-	-	648	-
1954	-	-	1,468	-

+ Die gemiddelde prys word slegs aangegee sover dit
uit offisiële verslae vasgestel kon word.

Die voorskotte is toegestaan met die oog op die bestryding van die verskillende veesiectes, veral brandsiekte en Ooskuskoors. Sedert 1924 was daar 'n afname in die bedrag wat ten opsigte van hierdie aangeleentheid uitbetaal is en ook in die aantal aansoeke (vgl. tabel. CII) . Die posisie was natuurlik dat so 'n dipbak lewenslank gebruik kon word, en nadat die genoemde siektes onder die knie gekry is, was die behoefte aan die oprigting van nuwe dipbakke baie gering. Dit word dan ook deur die syfers in Tabel CII weerspieël.

(d) Watervoorziening.

Die voorziening van lenings vir die voorziening van water aan vee, was 'n belangrike byvoeging tot die werksaamhede van die bank in 1925 (wet no.32). Volgens artikel 9 van hierdie wet is die bank gemagtig om voorskotte aan boere toe te staan ten einde hulle in staat te stel om voorziening te maak vir water by wyse van boorgate of andersins, en om windpompe aan te koop en op te sit of ander masjinerie om water mee te pomp. Die maksimum bedrag wat ten opsigte van enige bron van water toegestaan is, was £250. Net soos in die geval van omheininglenings, is ook hier geen verband teen die eiendom gepasseer nie, maar is die bedrag van die voorskot slegs deur die registrateur van Aktes teen die besitting en in die transportakte aangeteken. Aan die einde van die eerste jaar was slegs die rente teen 5 persent betaalbaar en die kapitaal met rente was daarna terugbetaalbaar in vier gelyke jaarlikse afbetalings. Hierdie stap is gedoen veral na aanleiding van die bevinding van die Droogte-onderzoek-kommissie wat bevind het dat in sekere dele en veral Betsjoe-analand, Boesmanland en Namakwaland die verlies aan vee in tye van droogte veroorsaak is eerder deur dors as deur honger.²⁷⁾

Hierdie /

27) Finale Rapport van die Droogte Onderzoek Kommissie, U.G. 49/23, p. 9.

Tabel CIII

Getal aansoeke om lenings vir watervoorsiening
sedert 1925 en die bedrag uitgetaal. +

Jaar	Aansoeke ontvang		Bedrag uitbetaal
	Getal	Bedrag	
		£	£
1925	332	44,265	20,271
1926	378	52,063	21,388
1927	463	66,335	34,767
1928	587	96,311	47,632
1929	554	65,852	63,720
1930	787	98,961	59,660
1931	779	96,068	68,093
1932	164	17,547	12,807
1933	468	58,882	16,810
1934	520	58,186	29,298
1935	737	85,000	37,497
1936	1,148	130,012	60,177
1937	1,187	152,241	63,289
1938	1,389	180,110	100,239
1939	795	116,320	76,059
1940	559	87,882	73,191
1941	358	67,983	39,164
1942	227	44,971	31,375
1943	95	19,035	14,852
1944	193	34,058	14,170
1945	292	54,151	16,947
1946	417	83,472	40,009
1947	393	84,365	53,143
1948	285	72,724	46,598
1949	448	113,095	61,704
1950	266	67,829	55,438
1951	184	52,597	28,135
1952	213	61,596	29,338
1953	-	-	34,889
1954	-	-	20,592
			1,271,252

+ Die lenings is toegeken kragtens wet no. 32 van 1924.

Hierdie voorsiening tesame met die voorskotte vir binne-omheininge het die boere dus in staat gestel om deur middel van lenings van die Landbank hul boerderystelsel te verander en hulle meer op bewaringsmetodes toe te lê deur weiding-beheer. Die besonderhede oor die lenings wat uitbetaal is, verskyn in Tabel VIII. Daaruit blyk dit dat daar groot skommeling was in die bedrae wat jaar na jaar ten opsigte van watervoorsiening uitbetaal is. In die dertig jaar van 1925 tot 1954 is daar meer as £1 $\frac{1}{4}$ miljoen deur die bank toegestaan en uitbetaal, wat inderdaad ook 'n belangrike bydrae moes gewees het tot die toepassing van bewaringsboerdery.

(e) Silo's, Indiwiduele Voorskotte en Voorskotte aan Beheerrade.

Met die wysigingswetgewing van 1924, no. 32 van 1924, waarna ons reeds verwys het, is die bank ook gemagtig om lenings toe te staan vir die oprigting van silo's vir die bewaring van voer vir die winter en skaars tye. Die maksimum per silo sou £150 wees. Uit die bedrae wat van jaar tot jaar toegestaan of uitbetaal is, wil dit egter voorkom of daar nie op groot skaal van hierdie geleentheid gebruik gemaak is nie. Die syfers is vervat in Tabel CIV.

Tabel CIV.

Voorskotte toegestaan of uitbetaal ten opsigte van silo's.

<u>Jaar</u>	<u>Bedrag</u>	<u>Jaar</u>	<u>Bedrag</u>	<u>Jaar</u>	<u>Bedrag</u>
	£		£		£
1925	-	1935	290	1945	385
1926	310	1936	1,080	1946	-
1927	425	1937	1,951	1947	350
1928	537	1938	1,570	1948	620
1929	1,448	1939	1,200	1949	420
1930	500	1940	150	1950	150
1931	850	1941	-	1951	145
1932	100	1942	630	1952	300
1933	-	1943	340	1953	-
1934	158	1944	120	1954	150

Uit Tabel CIV is dit duidelik dat elke jaar slegs enkele voerkulle met behulp van die steun van die bank opgerig is. Indien ons aanneem dat elke keer die maksimum van £150 toegestaan is, dan is die meeste voerkulle wat in een enkele jaar opgerig is, en wel in 1937, nie meer as dertien nie.

Met die Wysigingswet no. 24 van 1938 is ook 'n ander en nuwe voorskot ingevoer, naamlik die sogenoemde indiwiduele voorskot. Voorskotte sou naamlik toegestaan word in die vorm van kaskrediete aan enige grondeienaar of huurder kragtens die wette op nedersettings of enige huurder of persoon wat verplig was om betalings te doen as koper kragtens enige wet op die vervreemding van kroongrond, ten einde die koste te bestry wat in verband gestaan het met die produksie, bewerking, insameling en bemarking van die oes of om skulde wat hy vir die doel aangegaan het, te betaal. Verder het die wet ook voorsiening gemaak vir 'n pandreg op sodanige oeste en 'n beperking op die vervreemding daarvan. Sodanige voorskotte sou terugbetaalbaar wees op die 15de Desember van die jaar waarin die voorskot toegestaan is. Die voorskotte was dus slegs vir 'n beperkte termyn. Die voorskotte was egter beperk tot die suikerrietkwekers langs die Umfolozi, en sedert die vyftigerjare ook aan die suikerrietkwekers te Pongola. Die terugbetalings is later ook verleng tot twee seisoene omdat die kwekers die voorskotte bestee het op riet wat nie in die bepaalde jaar gesny en verwerk is nie.²⁸⁾ Die mate waarin die kwekers van die kaskrediete gebruik gemaak het, blyk uit Tabel CV.

Tabel CV.

Indiwiduele Voorskotte toegestaan, 1939 tot 1954.

<u>Jaar</u>	<u>Bedrag</u>	<u>Jaar</u>	<u>Bedrag</u>	<u>Jaar</u>	<u>Bedrag.</u>
	£		£		£
1939	628	1945	8,125	1951	39,700
1940	7,823	1946	14,550	1952	20,550
1941	8,165	1947	9,415	1953	16,950
1942	11,040	1948	24,250	1954	24,450
1943	6,612	1949	46,030		
1944	3,250	1950	48,080		
					Uit /

28) U.G. 13/41, p. 9.

Uit die tabel blyk dit dat die boere veral sedert 1948 op redelike groot skaal van die skema gebruik gemaak het.

Gedurende 1940 het die Minister van Landbou onderneem om voorskotte aan Beheerrade, ingestel volgens die Bemarkingswet van 1937, te waarborg. Sedert 1941 voorsien die Landbank verskillende Beheerrade dan ook van kaskrediete. Die bedrae wat jaarliks aan die Beheerrade toegestaan is, verskyn in Tabel CVI.

Tabel CVI.

Kaskrediete aan Beheerrade toegestaan.

<u>Jaar</u>	<u>Bedrag</u>		<u>Jaar</u>	<u>Bedrag</u>
	£,000			£,000
1941	1,344		1948	1,168
1942	4,145		1949	1,930
1943	2,367		1950	2,000
1944	3,679		1951	2,310
1945	3,867		1952	2,150
1946	3,503		1953	2,700
1947	3,950		1954	2,800

Die Beheerrade, het dus somer van die begin af op groot skaal van hierdie voorskotte gebruik gemaak. Dit is egter hoofsaaklik die Beheerrade soos die Sagtevrugteraad wat self die fisiese hantering van die produk waarneem, wat van die hulp gebruik maak. 'n Ander geval is die Sitrusraad wat van die fondse gebruik om die materiaal wat hulle aan produsente voorsien, te finansier, en af en toe ander Rade soos byvoorbeeld die Sigoreiraad wat ook self die produk hanteer. Die ander Beheerrade stel gewoonlik koöperasies aan as agente en laasgenoemde finansier dan die oes deur die kaskrediet wat hulle self van die bank kry.

4. Samevatting.

Uit die voorafgaande is dit baie duidelik dat die Landbank 'n reuse bydrae gelewer het tot die finansiering van die landboubedryf en wel op voorwaardes wat pas by die bedryf. Die bank was veral gedurende die tye waarin

die boeregemeenskap baie swaar gekry het van groot hulp daar dit die boere wat enigsins moontlikhede getoon het, te hulp gekom en sodoende baie boere van ondergang gered het.

Ons kan die hoofstuk ook nie afsluit nie sonder om melding te maak van die lofwaardige poging wat die bank aangewend het, om die boere in staat te stel om deur koöperatiewe kredietverenigings hulself te help. Die pogings van die bank is in 1926 bekroon met die inwerkingtreding van Wet no. 40 van 1926. Die skema het egter nie geslaag nie en het vir alle praktiese doeleindes in 1933 ten einde geloop.²⁹⁾ Dit is jammer dat die gedagte nie weer in die latere tye van voorspoed na die tweede wêreldoorlog, gepropageer is nie, daar die doel daarvan baie lofwaardig was.

- - - - -

29) Vir besonderhede oor die verloop van gebeurtenisse, vergelyk Arndt, E.H.D., An Experiment in Agricultural Credit, Publications of the University of Pretoria, Series 111: Art and Social Sciences No.12, J.H. de Bussy, Pretoria, 1942.

DIE BYDRAE VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDE TOT DIE LANDBOU-
ONTWIKKELING IN DIE UNIE.

1. Inleiding.

Met die instelling van Departemente na die totstandkoming van die Unie, is daar besluit om ook 'n Departement van Lande in te stel. Hierdie Departement is belas met die uitgee van grond vir nedersettingsdoeleindes en die werksaamhede in verband daarmee te beheer en te reguleer. Hoe die werksaamhede sou geskied, is vervat in die „Kroongrond Nederzettingswet“¹⁾ van 1912 soos gewysig. Ten einde 'n volledige beeld van die werksaamhede van die Departement van Lande te verkry, sal ons die bepalinge van hierdie wet in hoofsaak nagaan, asook die ander wette waaronder grond vir nedersettingsdoeleindes uitgegee kon word en waarvoor die Departement van Lande ook verantwoordelik gemaak is.

2. Die „Kroongrond Nederzettingswet“ van 1912.

Soos reeds aangedui, is hierdie wet aangeneem om die nedersetting binne die Unie te bevorder en te beheer en omlyn dit dus in 'n mate die werksaamhede van die Departement van Lande. Deur die wet is ook die voorwaardes bekragtig waarvolgens grond vir nedersettings verkry kon word, asook die beheer oor sodanig verkreeë grond. Terselfdertyd reël die wet ook die toewysing van sodanige grond asook van kroongronde wat geskik is vir nedersetting.

Algemeen gestel, maak die wet dit moontlik vir die persoon met geringe middele tot sy beskikking, maar met die
nodige /

1) Wet no. 12 van 1912, Uniewette, dl.8, p. 16-78.

nodige ondervinding van boerdery, en wat andersins geen grond sou kon bekom nie, om 'n hoewe met voordeel te bewerk. Sodanige persone kan op kroongrond wat geskik is vir nedersetting geplaas word, of op grond spesiaal vir hulle aangekoop.

3. Landrade.

Die wet maak voorsiening vir die aanstelling van 'n Sentrale Landraad wie se funksie dit is om die Minister van advies te dien insake aangeleenthede wat volgens die wet aan hulle vir oorweging opgedra word, aanbevelings te doen en rapport uit te bring ten opsigte van sodanige sake as wat die Minister aan hulle opdra.

Met die toestemming van die Minister kan die Sentrale Landraad sommige van sy funksies oordra aan plaaslike Landrade. Laasgenoemde wat deur die Goewerneur-generaal benoem word, mag nie meer as vyf in getal wees nie. Een vir Natal, een vir die Oranje-Vrystaat, een vir die gebied bestaande uit die distrikte Marico, Rustenburg, Brits, Lichtenburg, Ventersdorp, Klerksdorp, Christiana, Wolmaransstad en Bloemhof in die Transvaal, en die gedeelte van die Kaapprovinsie ten noorde van die Oranjerivier, een vir die res van die Kaapprovinsie en die vyfde vir die gedeelte van Transvaal wat nie onder een van die ander rade ressorteer nie.

Die Plaaslike Landrade is ondergeskik aan die Sentrale Landraad en hul funksies is om ten opsigte van die gebied waaroor hulle aangestel is, die Sentrale Landraad van advies te dien, rapporte uit te bring en aanbevelings te doen omtrent sodanige sake as wat die Sentrale Landraad na hulle verwys.

4. Verkryging van Grond.

Die wet maak in hoofsaak voorsiening vir twee maniere waarvolgens nedersetters grond kan verkry,

naamlik /

naamlik volgens die bepalings van Artikel XI en die ander Artikels. Ons sal die prosedure waarvolgens grond onder elk van hierdie maniere uitgegee word en die mate waarin dit gedoen is, afsonderlik bespreek.

(1) Artikel XI.

Volgens die bepalings van hierdie artikel is die Minister gemagtig om op aansoek van 'n individu grond vir sodanige persoon aan te koop. Volgens die wet van 1912 moet die aansoeker egter in staat wees om een-vyfde van die koopsom in kontant te betaal. Hierdie bepaling is in 'n wysigingswet van 1917²⁾ verander na een-tiende van die koopsom. Die Departement betaal dan die res van die koopsom. Die vier-vyftes of nege-tiendes wat die staat betaal, was egter net ten opsigte van die landbou- en veeteeltwaarde van sodanige grond. Daarby het die bedrag wat die staat gewillig was om by te dra ook van tyd tot tyd gewissel na gelang van die bedrag wat deur die regering gestem was en die aantal aansoeke onder die skema. Dit het dan van jaar tot jaar gewissel van ongeveer £1,200 tot £1,600.³⁾ As daar dus 'n verskil sou wees tussen die koopprys en die prys van die grond soos deur die Landraad vasgestel, moes die voornemende koper sodanige bedrag ook stort. Die bydrae van die staat is egter later met die styging in grondwaardes ook verhoog. So was die maksimum in 1949 byvoorbeeld £3,150 en net die volgende jaar £4,150.⁴⁾

Die prosedure wat gevolg is by die aankoop van grond onder artikel elf, was as volg: Die aspirant-setlaar moet 'n opsie van die eienaar van die grond kry. Die opsie, vergesel
van /

2) Kroongrondnedersettingswysigingswet no. 23, van 1917.

3) U.G. 22/34, p. 12.

4) U.G. 58/51, p. 13.

van die aansoekvorm soos deur die wet voorgeskryf, en 'n sketskaart van die ligging van die grond, word aan die Departement gestuur vir oorweging deur die Landraad aangestel vir die streek waarin die grond geleë is. Indien die Landraad dit nodig ag, word die grond geïnspekteer en indien die aansoek goedgekeur word, moet die aansoeker sy deel van die bedrag by die Departement stort. Sodra dit gedoen is, word die grond deur die Departement van Lande aangekoop. Die toekenning van die grond aan die aansoeker geskied met ingang van die datum waarop transport gepasseer word. Die besitreg het bestaan uit 'n huurkontrak vir twintig jaar, en sedert 1925⁵⁾ vir 'n tydperk van veertig jaar, met die reg van aankoop, aan die aansoeker toegestaan. Voor 1925 moes die terugbetalings van die hoofsom plus rente geskied binne die twintig jaar in halfjaarlikse afbetalings. Sedert 1917 is daar egter gedurende die eerste twee jaar geen afbetalings gedoen nie en die rente teen vier persent is by die koopsom gevoeg, wat bestaan het uit die bydrae van die Departement plus enige sodanige bedrae soos oordragkoste ens. wat die Departement met die koop van die grond moes aangaan. Ons het reeds gemeld dat sedert 1925 die huurkontrak verleng is na veertig jaar en die afbetalings het dus daarna oor ag-en-dertig jaar geskied. In 1931⁶⁾ is die setlaars nog verder tegemoet gekom. In plaas van halfjaarlikse afbetalings wat rente sowel as kapitaal insluit, sou voortaan slegs die rente vooruitbetaalbaar wees. Die hoofsom kon te eniger tyd, maar binne die bestek van veertig jaar, afbetaal word. Afbetalings van die hoofsom kon van tyd tot tyd na goëddunke van die huurder gedoen word, in bedrae van minstens vyf-en-twintig pond.

Dit is die beleid van die regering om sover doenlik nie hoëgsontwikkelde grond onder die stelsel aan te koop nie,
maar /

5) Wet no. 23 van 1925.

6) Wet no. 25 van 1931.

maar liefst half-ontwikkelde of half-verbeterde grond omdat die prys van laasgenoemde soorte grond gewoonlik goedkeper as eersgenoemde is en die setlaar tog nie nodig het om onmiddellik groot somme aan verbeterings te bestee nie. Ook wil die Departement nie op die manier een grondeienaar deur 'n ander vervang nie, dit wil sê dat die Departement liefst 'n gedeelte van 'n plaas sal aankoop of 'n leë plaas omdat dit nie persone van die grond wil verwyder nie, maar meer daar plaas. Die Departement het as voorsorgsmaatregel egter altyd bepaal dat die verkoper verantwoordelik is vir die voorsiening van water op die gedeelte van die plaas wat hy verkoop om te voorkom dat persone grond aan die Departement verkoop waarvan hulle oortuig is dat dit geen watervoorraad het nie.

Die mate waarin persone onder hierdie skema aan grond gehelp is, blyk in 'n mate uit die gegewens vir bepaalde jare vervat in Tabel CVII ten opsigte van die aantal aansoeke wat toegestaan is en die hoeveelheid grond wat daarby betrokke was.

Tabel CVII

Grond aangekoop volgens artikel XI van die Kroongrondnedersettingswet van 1912 soos gewysig.

Jaar	Getal Aansoeke toe- gestaan	Totale opper- vlakte gekoop	Geskatte totale waarde van grond	Gemid. grootte van plase	Gemid. waarde van plase
		morg	£	morg	£
1912	19	19,295	34,263	1,015	1,803
1913	100	45,745	153,124	457	1,531
1914	46	22,336	60,276	475	1,282
1917	77	44,089	87,956	572	1,142
1918	27	10,665	34,038	395	1,261
1918/19	111	46,862	118,820	422	1,071
1919/20	354	126,174	474,355	356	1,340
1920/21	286	97,251	418,766	340	1,464
1926/27	369	221,827	506,743	601	1,373
1927/28	448	242,404	582,558	541	1,300
1928/29	404	270,973	280,085	671	693
1932/33	63	53,294	99,661	846	1,582
1935/36	94	85,415	137,576	907	1,464
1936/37	165	152,281	253,753	923	1,538
1937/38	315	327,779	480,146	1,041	1,524
1938/39	344	304,388	550,825	885	1,601

1945/46 /

Tabel CVII (vervolg)

Jaar	Getal Aansoeke toe- gestaan	Totale opper- vlakte toegestaan	Geskatte totale waarde van grond	Gemid. grootte van plase	Gemid. waarde van plase
		morg	£	morg	£
1945/46	67	33,052	155,331	493	2,318
1946/47	62	47,989	144,767	774	2,335
1947/48	44	26,833	108,789	610	2,472
1948/49	192	191,383	610,976	997	3,182
1949/50	191	100,618	798,345	527	4,180
1950/51	184	99,724	640,158	542	3,479
1951/52	238	107,399	879,059	451	3,694
1952/53	179	63,335	727,870	354	4,066
1953/54	152	35,929	584,764	236	3,847

* Slegs vir die drie maande van 1/1/1918 tot 31/3/1918.

Uit Tabel CVII is dit baie duidelik dat sover die beskikbare syfers dit toelaat, daar oor die periode 1912/54 'n groot aantal persone onder hierdie stelsel aan grond gehelp is. Die stelsel het dus die persoon met 'n geringe kapitaal aan grond gehelp en so vir hom die moontlikheid geskep om 'n selfstandige boer te word. Behalwe die aantal aansoeke toegestaan, is die aantal morg en die bedrae daarby betrokke 'n verdere bewys van die omvang van die hulp wat die Departement van Lande gelewer het om persone as selfstandige boere op grond te plaas. Indien ons let op die gemiddelde grootte van die grond wat aangekoop is vir applikante onder die stelsel, dan val dit dadelik op dat die grond nie juis as "groot" bestempel kan word nie. Slegs in 1912 en dan eers weer in 1937/38 was die gemiddelde grootte meer as duisend morg terwyl dit in die ander jare eerder onder as oor die ses-honderd morg was. Hieruit kan ons moontlik aflei dat die persone wat gehelp is, meestal kleinboere was. Hierdie gevolgtrekking word verder ook versterk deur die geskatte gemiddelde waarde van die grond. Op 'n basis van 'n bydrae van een-tiende van die koopsom, was dit eers na die Tweede Wêreld-oorlog /

oorlog dat 'n applikant meer as £200 moes bydra. Dit was dus die persoon met min kapitaal wat aan grond gehelp is. Indien sodanige persone enige kapitaal gehad het, bo en behalwe die bydrae wat hy by aankoop moes stort, dan kon dit alleen ten goede aangewend word om die boerdery op gesonde grondslag te plaas.

(11) Die Toekenning van Staatsgrond.

Die Kroongrond-

Nedersettingswet maak ook voorsiening vir die uitgifte van kroongrond of aangekoopte grond spesiaal vir nedersetting, aan voornemende nedersetters. Op advies van die Sentrale Landraad kan die Minister beveel dat staatgrond vir nedersettingsdoeleindes opgesny word in hoewes vir toekenning aan nedersetters. Die prys waarteen sodanige hoewes toegeken word, moet egter voldoende wees om die koopprys van die grond sowel as die opmetings- en ander koste te dek. Sodra sodanige grond gereed is vir toekenning, moet dit in die staatskoerant en ander plaaslike nuusblaasle geadverteer word. Aansoeke om 'n hoewe moet dan op 'n voorgeskrewe vorm gemaak en aan die Minister gerig word. Elke aansoek moet vergesel wees van 'n verklaring van goeie gedrag. Geen aansoek word egter in aanmerking geneem nie tensy die aansoeker:

- (a) ten minste agtien jaar oud is;
- (b) voldoende bevoegdheide besit om die grond nuttig te kan gebruik,
- (c) van goeie sedelike gedrag is,
- (d) genoegsame kapitaal besit om die hoewe te ontgin en nuttig te bewerk, of in besondere gevalle oor die hoeveelheid kapitaal besit wat die Minister as wenslik beskou,
- (e) verklaar dat hy die hoewe uitsluitlik vir eie voordeel sal bewerk.

Aansoeke /

Aansoeke om die hoewes word deur die Sentrale Landraad oorweeg en die toekenning aan bepaalde individue by die Minister aanbeveel. Die Minister is egter nie gebonde deur die aanbevelings van die Landraad ten opsigte van die toekenning van grond aan 'n individu nie, nog ten opsigte van bepaalde toekennings aan bepaalde persone. By die toekenning van hoewes moet egter sover moontlik voorkeur gegee word aan persone wat nie grond besit nie.

Sodra 'n hoewe aan 'n aansoeker toegeken is, moet so spoedig daarna 'n huurkontrak aangegaan word tussen die Minister en die persoon. Die huurkontrak word vir vyf jaar aangegaan, maar kan vir 'n verdere vyf jaar verleng word. Gedurende die eerste en tweede jaar word geen huur betaal nie, maar vir die derde jaar word die huur bepaal op twee persent op die koopsom en vir die vierde en vyfde jaar op drie en 'n half persent op die koopsom van die hoewe. Die huurtydperk kan vir nog 'n verdere vyf jaar verleng word teen die huurgeld wat in die vyfde jaar betaalbaar is. Indien die huurder die huurkontrak sou opseë anders as gevolg van faktore buite sy beheer, soos byvoorbeeld droogte, moet hy 'n bedrag inbetaal wat sy huur vir die tydperk wat hy op die hoewe was, te staan bring op drie en 'n half persent per jaar op die koopsom van die hoewe.

'n Ander bepaling in die huurkontrak is dat die huurder in die loop van die vyf jaar of by die beëindiging daarvan, die reg kan uitoefen om die grond te koop. Hy moet die Minister egter ses maande voordat hy die reg uitoefen, van sy voorneme in kennis stel. Met die uitoefening van die reg van aankoop, moet die huurder die koopsom plus vier persent rente, jaarliks vooruitbetaalbaar, in vyf en sestig halfjaarlikse afbetalings betaal. Die eerste afbetaling moet

geskied /

geskied wanneer die reg van aankoop uitgeoefen word. Die huurder het egter die reg om die koopsom af te betaal wanneer hy daartoe in staat is, maar 'n kroongrondbrief (kaart en transport) word nie aan hom toegestaan voor na afloop van tien jaar nie.

'n Belangrike voorwaarde van die toekenning van 'n huurkontrak sowel as die verkoop van sodanige grond, is dat die persoon self die hoewe moet bewoon vir ten minste elf maande van elke kalenderjaar. Die okkupeerder moet ook die verbeterings op die grond versorg en in stand hou, die vrugbaarheid daarvan in stand hou en alle moontlike voorsorgsmaatreëls tref om die verspoeling en verbrakking van die grond teen te gaan, ongediertes en skadelike onkruid op die grond uitroei, ook geen blanke bo sestien jaar toelaat om op die hoewe te woon nie, tensy met die toestemming van die Minister.

Die Minister het die reg om die huurkontrak op te sê indien die huurder enige van die voorwaardes van die huurkontrak nie nakom nie.

(iii) Toekenning onder wette voor 1910.

Dit was ook die taak van die Departement van Lande om nie net die gronduitgifte wat reeds voor 1910 in die afsonderlike gebiede wat later die Unie van Suid-Afrika geword het, te administreer nie, maar ook grond onder sodanige wette en regulasies uit te gee. Dit is in die hand gewerk deur die feit dat die Kroongrondnedersettingswet van 1912 nie die vorige wette wat die uitgee van grond bepaal het, herroep het nie. Daar dien egter op gewys te word dat dit steeds die strewe van die Departement van Lande was om so min moontlik grond onder die voorwaardes van die ouere wette uit te gee. Waar die Departement dus nedersetters /

nedersetters in al die provinsies van die Unie onder die Nedersettingswet van 1912 kon help, was dit tog verplig om onder die ouere wette hulp aan nedersetters te verleen. Hierdie hulp het hoofsaaklik gegaan aan nedersetters in Transvaal wat grond van die regering verkry het onder die Colonial Land Disposal Ordinance, Transvaal, 1903. Die mate waarin dit geskied het, blyk uit Tabel CVIII.

Tabel CVIII.

Voorskotte deur die Departement van Lande onder die Colonial Land Disposal Ordinance, Tvl. 1903. 7)

Jaar	Vee en Uitrusting		Permanente Verbeterings	
	Aansoeke toegestaan	Bedrag £	Aansoeke Toegestaan	Bedrag. £
1912/19	-	-	-	-
1919-20	19	3,286	-	-
1920/21	110	23,747	13	1,113
1921/22	46	6,913	7	1,297
1922/23	28	3,206	3	413
1923/24	18	1,264	2	164
1924/25	25	835	8	390
1925/26	19	3,029	8	1,115
1926/27	25	1,482	5	344
1927/28	15	1,696	1	106
1928/29	40	2,816	-	-
1929/30	36	3,213	3	190
1930/31	33	2,048	4	229
1931/32	15	1,167	4	250
1932/33	14	985	2	130

Dit blyk dus dat behalwe vir 1920/21 geen besondere groot bedrae aan hierdie pos bestee is nie en dat die hulp ook vroeg reeds gestaak is. Nietemin was dit tog moontlik 'n belangrike bydrae in gevalle waar hulp baie kon vermag.

5. Hulp aan Nedersetters.

Die Departement van Lande het nie net die nedersetters van grond voorsien nie, maar alles in sy vermoë gedoen om die nedersetters te help om 'n sukses van die /

7) Gegewens van die Departement van Lande.

die boerdery te maak. Dit was veral die geval op die digters nedersettings waar groot getalle hoewes onder besproeiing aan nedersetters toegeken is. Die hoewes is vir die nedersetters volledig voorberei, beplant en omhein en 'n huis en die nodige verbeterings is opgerig. Die ondervinding het egter geleer dat baie van die persone aan wie hoewes toegeken is, nie die nodige kennis van boerderypraktyke in die algemeen en veral nie van die probleme en metodes van die boerdery in die bepaalde streek gehad het nie. Die gevolg was dat deur middel van wetgewing⁸⁾ voorsiening gemaak is vir die stigting van proef-nedersettings op enige besproeiingsnedersetting. Persone wat dan in aanmerking gekom het vir die toekenning van 'n hoewe moes eers 'n proeftydperk van minstens twaalf maande en hoogstens drie jaar deurmaak ten einde die boerderypraktyke van die gebied te leer. Indien dit gedurende die proeftydperk blyk dat hy nie as boer sou deug nie, is vir hom ander werk aangebied. Gedurende die proeftydperk is die nedersetters ook 'n onderhoud betaal wat gewissel het van £2.5/- tot £5.7.6 per maand al na gelang van die grootte van die gesin. Indien die proefhuurder die owerhede oortuig het dat hy enigsins die moontlikhede het om 'n sukses van die boerdery te maak, is 'n hoewe aan hom toegeken op huurkontrak met die opsie van aankoop.

Die uitgawe in verband met proefhuurders tot 1954 was as volg:⁹⁾

Koste van grond en opmeting.....	£1,366,621
Ontwikkelingskoste	5,252,487
Salarisse, verblyf en vervoer	741,142
Algemene onderhoud	455,786
Proefhuurders	2,792,229
Departementele boerdery	460,793.
	Om /

8) Wet no. 38 van 1924.

9) Gegewens van die Departement van Lande.

Om die nedersetter verder te help, is hy onder die toesig van 'n beamppte van die Departement geplaas wat hom voorgelig het in die bewerking van sy grond en die oeste wat geplant of gesaai moes word. Gereedskap en diere is teen kosprys en op krediet aan hulle verskaf asook ander benodigdhede om die werksaamhede voort te sit.

6. Algemeen.

Ons het tot dusver veral gewys op die manier waarop grond deur bemiddeling van die Departement van Lande bekom kon word. Die vraag ontstaan egter in watter mate die Departement nou werklik persone wat grond wou bewerk, daaraan gehelp het. Dit word in die eerste instansie in 'n mate gewys deur die huurkontrakte wat in bepaalde jare gehou is, soos blyk uit Tabel CIX.

Tabel CIX.

Huurkontrakte gehou in verskillende jare. ¹⁰⁾				
Artikel 20	Jaar	Getal	Grootte morg	Koopprys £
	1932/33	3,239	1,917,586	4,248,199
	1938/39	3,400	2,296,813	5,058,120
	1942/43	3,472	2,487,149	5,248,233
	1948/49	2,573	1,955,099	3,646,635
	1953/54	2,478	1,498,953	6,964,462
Artikel 16	1932/33	3,725	2,746,943	3,242,519
	1938/39	4,648	4,065,982	3,881,080
	1942/43	5,023	4,459,329	4,684,719
	1948/49	5,510	4,415,879	5,761,743
	1953/54	5,437	4,429,715	11,320,387
C.L.D.O. Tvl.	1932/33	753	707,197	344,477
	1938/39	760	786,331	355,884
	1942/43	426	418,857	192,319
	1948/49	113	-	-
	1953/54	140	-	-

Die aantal huurkontrakte gehou in die bepaalde jare soos in Tabel CIX aangegee, is min of meer 'n aanduiding van die aantal persone wat in die tussenperiode aan grond
gehelp /

10) Departement van Lande.

Tabel OX.

Benaderde Kapitaaluitgawe uit Leningsfondse vir Blanke Neder-
setting sedert 1912.

Jaar	Aankoop van grond plus op- metings	Voor- skotte	Ont- wikke- ling	Totale uitgaaf van Dept. van Lande	Boorwerk- saamhede deur die Dept. van Bespr.	Totaal uitgawe
1912-13	76,714	5,599	-	82,313	26,966	109,279
1913-14	175,774	4,663	-	180,407	36,873	217,280
1914-15	163,094	6,048	-	169,097	18,897	187,994
1915-16	36,112	3,971	-	40,083	1,656	41,739
1916-17	65,955	4,915	-	70,870	2,902	73,772
1917-18	150,223	20,799	7,125	178,147	14,604	192,751
1918-19	489,995	28,310	33,753	552,058	24,954	577,012
1919-20	597,933	64,013	58,417	720,363	38,825	759,188
1920-21	570,287	211,854	26,202	808,343	48,551	856,894
1921-22	183,229	128,578	13,357	325,164	33,988	359,152
1922-23	107,343	53,085	11,065	171,493	27,442	198,935
1923-24	169,189	29,141	47,411	245,741	31,809	277,550
1924-25	293,951	32,304	68,179	394,434	28,575	423,009
1925-26	395,868	38,917	91,928	526,713	45,949	572,662
1926-27	552,339	35,123	84,315	671,777	32,206	703,983
1927-28	469,446	50,777	60,777	581,000	30,361	611,361
1928-29	495,685	72,484	64,641	622,810	25,895	648,705
1929-30	596,432	92,047	50,783	739,262	30,380	769,642
1930-31	558,751	75,268	114,928	748,947	33,559	782,506
1931-32	350,372	51,144	114,480	515,996	34,609	550,605
1932-33	69,554	14,084	121,187	204,825	20,795	225,620
1933-34	82,281	16,537	95,776	194,594	17,621	212,215
1934-35	189,737	48,471	149,207	387,515	13,960	401,475
1935-36	300,061	46,921	118,738	465,720	12,275	477,995
1936-37	329,542	48,882	182,750	561,174	12,639	573,813
1937-38	923,657	52,168	216,025	1,191,850	19,087	1,210,937
1938-39	903,270	49,822	295,290	1,248,382	33,158	1,281,540
1939-40	773,250	83,959	247,978	1,105,187	33,905	1,139,092
1940-41	345,109	37,799	257,791	640,699	16,768	657,467
1941-42	352,664	27,883	171,771	552,318	8,701	561,019
1942-43	277,404	23,852	256,008	557,264	5,051	562,315
1943-44	371,838	28,530	231,867	632,235	4,327	636,562
1944-45	182,180	24,087	271,390	477,657	2,901	480,558
1945-46	177,577	12,167	391,226	580,970	1,309	582,279
1946-47	282,085	23,046	349,715	728,643 ⁺	-	728,643
1947-48	517,843	37,998	394,502	1,041,426	-	1,041,426
1948-49	581,992	160,399	269,801	1,128,250	-	1,128,250
1949-50	944,386	147,852	216,242	1,432,482	-	1,432,482
1950-51	807,373	100,787	254,369	1,297,591	-	1,297,591
1951-52	938,248	81,952	226,355	1,396,646	-	1,396,646
1952-53	938,546	140,375	210,950	1,473,061	-	1,473,061
1953-54	916,018	83,877	234,795	1,415,358	-	1,415,358

+ Die bedrag van hierdie kolom is sedert 1946/47 as die totaal van die voorgaande kolomme aangegee weens die toevoeging van diverse uitgawes soos opmetingskoste wat nie in die tabel aangedui word nie.

gehelp is omdat die huurkontrak slegs vyf jaar gegeld het en daarna die opsie van aankoop in die reël uitgeoefen is. So ook dui die grootte van die grond en die bedrae daarvoor betaal die omvang van die bedrywighede aan. Net soos in die geval van die aankope onder artikel XI is die styging in grondpryse hier ook duidelik weerspieël in die steeds stygende koopprys vir min of meer dieselfde hoeveelheid grond, veral in die geval van die koopprys vir grond wat onder artikel 16 toegeken is.

'n Totaalbeeld van die werksaamhede van die Departement van Lande word gegee in Tabel CX waar die benaderde uitgawe uit leningsfondse aan blanke nedersetting wat in die Unie jaarliks sedert 1912 bestee is, aangedui word. Daaruit blyk die groot somme wat jaarliks aan aankope en opmeting bestee is. Die syfers toon geen bepaalde tendens nie daar jare waarin groot bedrae bestee is, opgevolg word deur jare met veel kleiner bedrae. Die totaalindruk is nietemin dat die Departement van Lande miljoene ponde bestee het om persone op grond waar hul die boerdery kon beoefen, geplaas het. Die hulp is verder vermeerder soos blyk uit die derde kolom waarin die bedrae voorkom wat aan die ontwikkeling van die grond bestee is. Van 'n karige seweduisend pond in 1917/18 klim dit vinnig om in 1930/31 die £100 duisendmerk te oorskry en in 1937/38 die £200 duisendkerf. Dit toon in watter mate die Departement die nedersetters gehelp het om die grond voor te berei sodat die huurder met 'n minimum moeite en tyd kon begin met die werklike boerderypraktyke soos plant en saai.

Omdat baie van die nedersetters nie voldoende kapitaal gehad het om die nodige werktuie en benodigdhede aan te koop nie, het die Departement van Lande aan hulle ook voorskotte toegestaan op billike voorwaardes. Die omvang

van hierdie hulp word verstrek in die tweede kolom. Hierdie voorskotte is behalwe vir werktuie ook gebruik vir die aanbring van permanente verbeterings en in sommige gevalle vir die aankoop van vee.

Die mate waarin die Departement van Lande nedersetters, maar veral persone wat grond aangekoop het onder artikel XI, gehelp het om water te bekom, word ook in die tabel aangedui. Die werksaamhede is volgens onderlinge ooreenkoms tussen die Departement van Lande en die Departement van Besproeiing deur laasgenoemde uitgevoer, maar eersgenoemde het ingestaan vir die koste verbonde aan die boorwerk-saamhede deur die betaling daarvan aan die Departement van Besproeiing te waarborg. Dit is dus inderdaad hulp wat deur die Departement van Lande verleen is, al het die Departement van Besproeiing die boorwerk gedoen en daarom dat ons die gegewens hier opneem. Op dié manier het die Departement van Lande nedersetters ook gehelp om hul boerdery beter te beplan.

Die groottotaal van die bedrae wat deur die Departement van Lande bestee is aan nedersetting is dus inderdaad indrukwekkend en moes baie bygedra het tot die vestiging van die nedersetters en die bevordering van die landbou.

7. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons 'n kort oorsig gegee van die werksaamhede van die Departement van Lande vir sover dit betrekking het op die bevordering van die boerdery in ons land deur die plasing van grondlose persone op plase of persele waar hulle boerdery kan beoefen. Die werksaamhede van hierdie Departement sluit nou aan by dié van die Departement van Landbou vir sover dit ook met boere, alhoewel

in 'n groot mate met aspirant-boere, te doen het. Ons digters nedersettings het beslis 'n belangrike bydrae gelewer tot ons totale landbouproduksie, soos byvoorbeeld die geval van die produksie van tabak in die nedersettinge agter die Magaliesberge in Transvaal. Was dit nie vir die Departement van Lande nie, sou die Departement van Landbou beslis 'n verdere Afdeling of meer moes inrig om hierdie belangrike werksaamheid van nedersettings te behartig.

— — — — —

DIE BYDRAE VAN DIE DEPARTEMENT VAN BESPROEING TOT
DIE LANDBOU-ONTWIKKELING IN DIE UNIE.

1. Inleiding.

Eers na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika het daar in die ware sin van die woord 'n Departement van Besproeing tot stand gekom, alhoewel daar voor 1910 besproeiingswerkzaamhede in die verskillende provinsies was. Die werkzaamhede is egter behartig deur afdelings van bepaalde Departemente. In die Kaapprovinsie was die sogenoemde Besproeiingsdepartement hoofsaaklik 'n tegniese afdeling van die Departement van Publieke Werke. Die sekretaris van laasgenoemde was byvoorbeeld verantwoordelik vir die administrasie van die Kaapse besproeiingswette¹⁾ In die Oranje-Vrystaat is baie weinig aan besproeing gedoen en ook hier was die werkzaamhede onder die beheer van die Departement Publieke Werke, terwyl in Natal die besproeiingsake by die Landmeter-generaal berus het. Ook hier is daar voor 1910 baie weinig ten opsigte van besproeing gedoen.²⁾ In teenstelling met die Vrystaat en Natal is daar in Transvaal voor 1910 reeds heelwat gedoen ten opsigte van besproeing en het die gebied ook oor 'n Departement van Besproeing beskik.³⁾ Al hierdie afsonderlike liggame is na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika saamgevoeg in 'n Uniale Departement van Besproeing met 'n Direkteur as hoogste uitvoerende beampte.

Vir administratiewe doeleindes is die Unie in nege besproeiingskringe verdeel, elk onder die beheer van 'n kring-
ingenieur /

1) Rapport van de Directeur van Irrigatie voor het jaar 1910, U.G. 26/1911, p. 12.

2) Ibid., p. 1.

3) Ibid., p. 12.

ingenieur, bygestaan deur assistent-ingenieurs waar nodig. Dit was die taak van die kringingenieurs om die meer gereelde werk in hul gebiede te administreer soos sake in verband met besproeiingslenings, raad en hulp aan boere en spesiale ondersoeke. Die kringingenieur moes die kanaal wees waardeur die gemeenskap binne sy kring bedien word en waar hulle ook alle inligting van algemene aard kon verkry. Dit was dus nie nodig dat hulle hulle vir sodanige sake na die hoofkantoor van die Departement in Pretoria sou wend nie. Algemene verkenningsmeetwerk en hidrografiese opmeting en regeringswerk onder konstruksie, sou egter deur die hoofkantoor in Pretoria beheer word. Aangesien die Direkteur die uiteindelijke verantwoordelike beamppte is, is alle werksaamhede van die kringingenieurs deur die hoofkantoor gekontroleer. Alhoewel die kringingenieurs die nodige inligting en vorms insake besproeiingslenings kon versprei, moes alle aansoeke om lenings aan die hoofkantoor gerig word. Dieselfde prosedure het ook vir die boor- en waterkundige afdelings van die Departement gegeld. Slegs ten opsigte van werk wat vir staatsdepartemente, provinsiale besture en publieke liggame gedoen word, is uitsluitlik deur die hoofkantoor behartig.⁴⁾

2. Die Besproeiings- en Waterbewaringswet van 1912.⁵⁾

Net soos in die geval van die Nedersettingswet is ook die Besproeiings- en Waterbewaringswet in 1912 deur die parlement aangeneem. In hoofsaak is die doel van die wet om voorsiening te maak vir die beskerming van die gevestigde regte van oewereienaars, vir 'n redelike en praktiese metode om 'n gelyke verdeling van water te bewerkstellig, vir billike en praktiese middels vir die bewaring en gebruik van die gedeelte van ons strome wat
nie /

4) U.G. 26/1911, p. 13-14.

5) Wet no. 8 van 1912.

nie onmiddellik gebruik kon word nie en vir masjinerie om die bostaande doeleindes te verwesenlik.

Die wet maak ook voorsiening vir 'n aantal liggame wat ons hieronder in kort sal aandui:

(1) Besproelingsdepartement.

Die wet maak in die eerste plek voorsiening vir 'n Departement van Besproeiing wie se hooftaak dit sou wees om die wet ten uitvoer te bring. Die belangrikste take van die Departement sou wees:⁶⁾

(a) Die insameling en samestelling van hidrografiese gegewens vir die hele Unie. Die vernaamste praktiese resultate hiervan is die bepaling van die algehele wegloop van oppervlakte-afwatering van 'n aantal duidelik omskrewe tipiese opvanggebiede; die verhouding van sodanige afvloeiing tot die reënval van die betrokke gebied; die bepaling van die maksimum krag van die wegvloeiing gedurende stormvloede, die bepaling van permanente bronne, ens. Die gegewens deur hierdie opname verkry sou kon dien as grondslag vir die bepaling van toekomstige besproeiingswerke.

(b) Die meteorologiese diens wat nou verbonde is aan die hidrografiese ompeting en wat ook onder die beheer van die Direkteur van Besproeiing geplaas is.

(c) Om sistematiese ondersoekopmetings te doen, wat tesame met die hidrografiese statistiek sou aandui waar en hoe besproeiingsontwikkeling moet plaasvind. Volgens hierdie ondersoeke en opmetings word besproeiingsplanne opgestel en aan belanghebbendes voorgelê om dan op koöperatiewe grondslag uitgevoer te word, of indien die omvang daarvan dit regverdig, deur die regering onderneem te word.

(d) /

6) U.G. 2/14, p. 9-10.

(d) Om bestaande **regeringsbesproeilingskemas** te beheer en te onderhou.

(e) Om bona fide-boere, besproeilingsrade en rivier-rade van deskundige raad te dien, teen 'n vasgestelde tarief.

(f) Om lenings teen voldoende sekuriteit toe te staan ten opsigte van goedgekeurde besproeilingswerke.

(ii) Rivierrade.

'n Ander liggaam wat deur die wetgewing in die lewe geroep is, is rivierrade. Die pligte van die rivierrade was om op te tree as fiskale met betrekking tot sekere strome, die verdeling van sodanige water in terme van 'n bereikte ooreenkoms of volgens reëls neergelê deur 'n waterhof, 'n register te hou van servitude, die bronne van die stroom van die gebied te beskerm en deur wetlike stappe die verspilling of onwettige gebruik van water te voorkom of te belet, werke uit te voer vir die bewaring van water en ander sake wat volledig in artikel 61 van die wet omskryf word.

(iii) Besproeilingsrade.

Die wet maak ook voorsiening vir besproeilingsdistrikte en -rade waarvan die doel is om 'n groep oewereienaars in staat te stel om te koöpereer met die doel om gesamentlik besproeilings- en waterwerke tot stand te bring. Sodanige distrikte en rade word ingestel op versoek van minstens drie oewereienaars wat minstens 'n tiende van die beoogde besproeibare grond besit. Op hul versoek word die gebied dan deur die Direkteur van Besproeiing of 'n ander amptenaar van die Departement ondersoek. Indien die amptenaar die stigting van so 'n distrik aanbeveel, word dit deur die Ggwerneur-generaal geproklameer. Die besproeilingsraad word

dan deur die belanghebbende persone gekies. Dit is dan die plig van die Raad om die voorgenome besproeiingswerke uit te voer en te beheer. Ook het die Raad die reg om geld te leen om sy verpligtinge na te kom en om waterbelastinge te hef om die lenings af te betaal en onderhoudskoste te dek.

(iv) Waterhowe.

'n Baie belangrike aspek van die wet is die voorsiening vir die instelling van waterhowe met regterlike mag om geskille wat oor aspekte van die gebruik van water mag ontstaan, te besleg. Die Unie is in twee-en-twintig waterhofdistrikte verdeel en in elk daarvan sou 'n waterhof benoem word deur die Goewerneur-generaal. Die volle aantal distrikte is egter nie onmiddellik geproklameer nie.⁷⁾

3. Werkzaamhede van die Departement van Besproeiing.

Ons het gesien dat die werkzaamhede van die Departement van Besproeiing bepaal word deur die Besproeilings- en Waterbewaringswet van 1912. In ons verdere bespreking sal ons ingaan op die praktiese toepassing van die bevoegdhede van die Departement.

(i) Deskundige Raad aan Boere.

Deskundige raad aan boere is reeds voor 1910 in Transvaal gratis aan boere verskaf en in die Kaapprovinsie teen vergoeding. Hierdie gebruik om boere van advies te dien oor voorgenome besproeiingswerke is in 1911 uitgebrei om die hele Unie in te sluit.⁸⁾ Soos voorheen die geval in die Kaapprovinsie was, sou die boere die advies egter nie gratis ontvang nie. Die voorwaardes waarop sodanige advies verstrek sou word, is vervat in Goewerments-kennisgewing /

7) U.G. 2/14, p. 51.

8) U.G. 39/12, p. 25.

kennisgewing No. 274 van 1911.⁹⁾

Informele advies van algemene aard sou egter nog gratis verskaf word, selfs deur 'n professionele beamppte van die Departement op sy roetine-reise mits

(a) die regering geen koste ten opsigte van vervoer sal moet aangaan nie;

(b) sodanige advies gedurende 'n gewone rondreis gegee kan word en dit geen spesiale reis van meer as twintig myl noodsaaklik maak nie;

(c) geen opmetingswerk nodig is wat die gebruik van noukeurige instrumente soos 'n waterpas, tagometer of teodoliet meebring nie;

(d) daarna geen kantoorwerk nodig is nie;

(e) die beamppte wat die werk onderneem in geen geval langer as vier-en-twintig uur opgehou word nie.

'n Beamppte wat sodanige advies verskaf, mag egter ter verduideliking sketskaarte en tekeninge wat hy ter plaatse maak, verskaf. Dit is egter 'n uitdruklike verstandhouding dat nog die regering nog die Direkteur van Besproeiing verantwoordelikheid sal aanvaar vir enige sodanige advies op informele wyse verskaf en ook nie vir die juistheid of andersins van menings wat deur die beamppte uitgespreek is nie.

Vir professionele advies wat veld- en kantoorwerk van meer as een dag inhou, moet die eienaar by die Departement aansoek doen om 'n beamppte om sodanige opmetingswerk te doen. Daar word dan 'n beraming van die koste aan die werk verbonde gemaak en dan moet die aansoeker 'n deposito betaal alvorens die werk vir hom onderneem word. Die getal aansoeke wat elke

jaar /

9) U.G. 39/12, *ibid.*, Bylae A, p. 60.

Tabel CXI.

Deskundige hulp aan boere deur die Departement van Besproeiing.

Jaar	Getal ondersoeko	Bedrag betaal
		£
1910	96	444
1911	287	1,410
1912 +	56	226
1912-13	305	1,339
1913-14	399	2,679
1914-15	290	1,955
1915-16	163	1,094
1916-17	187	1,034
1917-18	245	3,534
1918-19	187	894
1919-20	212	3,490
1920-21	271	7,543
1921-22	347	3,883
1922-23	232	1,158
1923-24	236	1,477
1924-25	118	596
1925-26	121	478
1926-27	290	1,931
1927-28	318	2,541
1928-29	423	1,821
1929-30	276	1,507
1930-31	161	756
1931-32	154	930
1932-33	102	449
1933-34	180	571
1934-35	184	805
1935-36	164	647
1936-37	169	656
1937-38	124	456
1938-39	155	606
1939-40	158	633
1940-46	270	1,547
1946-47	178	1,040
1947-48	119	672
1948-49	151	947
1949-50	132	820
1950-51	275	1,701
1951-52	221	1,364
1952-53	232	1,356
1953-54	212	1,400

+ Slegs in die drie maande 1/1/1912 tot 31/3/1912.

jaar onder die skema gedoen is; word in Tabel CXI aangegee.

Uit tabel CXI is dit duidelik dat die getal aansoeke om deskundige advies van 1910 tot 1930 redelik hoog was alhoewel daar groot skommeling van jaar tot jaar te bespeur is. Met die moeilike toestande omstreeks 1930 en daarna was daar 'n baie duidelike afname in die getal aansoeke en hierdie toestand het voortgeduur tot in 1950 toe daar weer 'n verandering in die posisie ingetree het om vir die volgende paar jaar op min of meer op dieselfde vlak te bly. Alhoewel die bedrae wat die boere vir die deskundige advies moes betaal in baie jare meer as £1,000 beloop het, blyk dit tog by nadere ontleding dat slegs met hoë uitsondering die bedrag per ondersoek meer as £10 bedra het. Dit was slegs in die jaar 1917-18 en weer van 1919 tot 1922. Ons kan dus eintlik nie anders nie as om tot die slotsom te kom dat die boere deskundige raad van besondere belang teen 'n baie billike tarief van die Departement verkry het.

(11) Besproeiingslenings.

'n Ander metode waardeur die Departement van Besproeiing boere gehelp het, was deur middel van besproeiingslenings. Sodanige lenings is reeds onder die Kaapse wet van 1906 in die Kaapprovinsie toegestaan, maar die gebruik is bevestig in die Besproeiings- en Waterbewaringswet van 1912. Die oorspronklike rentekoers waarteen sodanige lenings onder die wet van 1912 toegestaan is, was $3\frac{3}{4}$ persent. Die rente is egter gedurende 1916 met die wysigingswet verander na 5 persent en die Minister is gemagtig om van tyd tot tyd die rentekoers te wysig. Lenings is toegestaan aan besproeiingsrade en individuele boere. In die geval van besproeiingsrade was die deelnemers aan die skema gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die lening terwyl in die

Tabel CXII

Besproeiingslenings toegestaan deur die Departement
van Besproeiing.

Jaar	Private eienaars		Besproeiingsrade	
	Getal lenings	Bedrag	Getal lenings	Bedrag.
		£		£
1912-13 ⁿ	41	46,190	8	205,800
1913-14	87	58,944	16	310,950
1914-15	37	22,810	10	86,900
1915-16	5	4,400	7	55,600
1916-17	63	34,675	13	142,400
1917-18	32	51,960	19	426,820
1918-19	24	11,331	9	79,370
1919-20	12	11,762	9	850,950
1920-21	22	30,920	18	959,050
1921-22	16	11,480	10	483,020
1922-23	9	8,764	10	192,096
1923-24	8	6,617	7	440,000
1924-25	14	6,129	7	67,300
1925-26	11	15,050	5	76,800
1926-27	5	2,500	4	135,000
1927-28	13	4,618	3	8,400
1928-29	14	15,826	9	76,570
1929-30	19	8,298	5	8,800
1930-31	15	7,773	14	161,570
1931-32	16	7,462	6	21,500
1932-33	18	8,426	4	7,150
1933-34	43	13,496	5	44,100
1934-35	19	7,060	3	8,419
1935-36	8	20,375	1	900
1936-37	19	13,230	2	12,500
1937-38	19	11,675	3	31,000
1938-39	31	19,132	1	2,000
1939-40	27	9,044	5	12,000
1940-46	14	10,684	15	224,097
1946-47	1	300	3	230,000
1947-48	1	420	1	1,650
1948-49	1	700	10	204,790
1949-50	5	3,900	6	63,910
1950-51	17	16,775	15	651,515
1951-52	13	14,324	15	80,010
1952-53	13	19,410	12	161,110
1953-54	7	13,930	12	290,170

ⁿ Vir vyftien maande.

geval van individuele boere vir kleinere bedrae (£250 of minder) twee borge nodig was en vir grotere bedrae 'n verband teen die eiendom geregistreer kon word. Die bedrae aan individuele boere en aan besproeilingsrade toegestaan soos aangedui in Tabel CXII dui min of meer die hulp aan wat die Departement ter bevordering van besproeiing verleen het.

Uit Tabel CXII blyk dit dat daar jaarliks slegs aan 'n klein aantal individue besproeilingslenings toegestaan is, maar nietemin was die groot totaal vir die periode 1912-54 790 en het die gemiddelde lening per skema oor dieselfde tydperk op £767 te staan gekom.¹⁰⁾ Dit is dus 'n redelike groot bedrag vir besproeilingswerke oor so 'n lang tydperk en ons moet dit aanvaar dat sonder die hulp van die Departement baie van die besproeilingswerke nie onderneem sou gewees het nie. Die Departement het dus 'n daadwerklike aandeel gehad in die bevordering van besproeilingswerke deur die lenings wat dit aan boere toegestaan het. Benewens die bedrae geleen, het die Departement ook nog £6,248 aan subsidies uitbetaal op werke wat met lenings van die Departement voltooi is, en verder nog 'n bedrag van £46,853 aan subsidies ten opsigte van besproeilingswerke wat nie met behulp van lenings van die Departement voltooi is nie.¹¹⁾ Verder is daar volgens die jaarverslag van die Departement vir 1953/54 groot oppervlaktes ingelys in die lenings wat aan besproeilingsraadskemas toegestaan is.¹²⁾ In die Kaapprovinsie was daar 93 besproeilingsrade en agt rivierrade met 'n totale ingelyste oppervlakte van nagenoeg 103,000 morg. Lenings ten bedrae van £6,378,150 is aan hierdie rade toegeken. In Transvaal was daar 52 besproeilingsrade en ses rivierrade met 'n totale ingelyste oppervlakte van nagenoeg 48,000 morg. Lenings ten bedrae /

10) U.G. 60/54, 14.

11) Ibid.

12) Ibid.

bedrae van £704,909 is aan hierdie rade toegeken. Aan vyf besproeilingsrade in Natal met 'n ingelyste oppervlakte van 3,000 morg is £114,455 aan besproeilingslenings toegestaan. In die Oranje-Vrystaat is 4,000 morg ingelys deur vyf rade en lenings ten bedrae van £108,500 toegestaan. Die posisie is dus dat tot 31 Maart 1954 die Departement van Besproeiing ten opsigte van skemas wat deur 169 verskillende rade tot op daardie datum voltooi is, lenings toegestaan het ten bedrae van £7,306,014 vir 'n ingelyste gebied van 158,000 morg. Behalwe die hulp wat aan private eienaars verleen is, het die Departement oneindig veel gedoen om gesamentlike skemas te finansier en het dus inderdaad veel bygedra tot die ontwikkeling van besproeilingsgebiede in die Unie.

(iii) Boorwerk.

In 'n land soos Suid-Afrika met groot gedeeltes met 'n wisselvallige en boonop 'n lae reënval, speel die gebruik van ondergrondse water 'n baie groot rol in die boerdery. Dit was dan ook een van die take van die Departement van Besproeiing om boere te help om gate op hul plase te laat boor. Die werksaamheid van die Departement sal onder twee hoofde bespreek word, naamlik die departementele boorwerk en gesubsidieerde boorwerk.

(a) Departementele Boorwerk.

Die Departement van Besproeiing het self boorwerk met sy eie toerusting onderneem. Boere wat van die bore gebruik wou maak, moes daarom aansoek doen en die bedrag tot 1932 was £3.10.0. per boor per dag. Die verskuldigde bedrag was ook nie onmiddellik betaalbaar nie, maar indien twee persone vir die bedrag borg gestaan het, kon dit oor 'n tydperk van vyf jaar terugbetaal word teen vier persent rente. In 1934 is die regulasies verander tot voor-

Tabel CXIII.

Besonderhede van Boorwerk deur die Departement van
Besproeiing.

Jaar	Getal boorgate voltooi	Totale koste insluitende waardever- mindering	Koste per voet			Geraamde hoeveelheid water in gellings per dag.
		£	£	s	d	,000 gel.
1912/13 ¹¹	418	32,892	11	5		6,756
1913-14	548	29,308	8	7		7,182
1914-15	492	32,920	10	11		7,131
1915-16	201	28,262	13	7		3,800
1916-17	306	34,267	12	1		5,322
1917-18	408	31,976	13	5		7,808
1918-19	252	29,857	17	-		6,255
1919-20	327	36,530	16	2		5,570
1920-21	397	58,311	19	7		5,738
1921-22	571	61,942	16	1		7,687
1922-23	441	43,902	15	1		5,500
1923-24	278	23,874	12	4		4,301
1924-25	303	29,605	14	-		5,561
1925-26	367	35,917	14	2		4,752
1926-27	443	44,767	15	2		7,287
1927-28	490	48,569	13	7		5,832
1928-29	712	56,772	11	-		9,648
1929-30	883	79,191	12	4		10,249
1930-31	1,102	94,311	11	11		13,429
1931-32	636	70,806	13	10		7,240
1932-33	591	53,170	11	8		9,484
1933-34	854	81,951	13	3		14,748
1934-35	769	79,271	11	10		507+
1935-36	877	86,988	11	6		579
1936-37	863	84,316	11	9		532
1937-38	846	81,036	11	4		566
1938-39	1,024	98,631	12	2		662
1939-40	1,128	99,515	10	11		708
1940-46	5,472	617,666	13	8++		-
1946-47	942	224,122	1	8	11	686
1947-48	1,198	267,461	1	6	10	714
1948-49	1,745	391,286	1	6	3	1,003
1949-50	2,110	451,572	1	5	10	1,130
1950-51	2,840	601,707	1	6	4	1,433
1951-52	2,309	504,706	1	6	1	1,342
1952-53	2,603	730,704	1	11	4	1,182
1953-54	1,735(+)	336,369+	1	6	10+	914(+)
	1,070()	528,381()	2	3	4()	442()

¹¹ Vyftien maande

+ Vanaf 1934/35 gellings per uur

++ Gemiddelde koste per boorgat vir die tydperk 1940-46

(+ Volgens ou regulasies

() Volgens nuwe regulasies in 1952 uitgevaardig.

deel van baie boere op wie se plase water moeilik verkrygbaar was. Daar is naamlik bepaal dat in vervolg geen bydrae van 'n boer vereis sou word nie indien die opbrengs van 'n boorgat minder was as vyftig gellings per uur. In gevalle waar die opbrengs meer as vyftig gelling maar minder as honderd per uur was, sou slegs £1.10.0. per dag betaal word en eers wanneer die opbrengs meer as honderd gelling per uur is, was die volle bedrag van £3.10.0. per dag per boor betaalbaar.¹³⁾

'n Verdere verandering in die boorregulasies is in 1936 aangekondig. Volgens die nuwe regulasies sou die tydperk van terugbetaling van die verskuldigde bedrag ten opsigte van boorwerk oor 'n tydperk van twintig jaar geskied. Die langer tydperk van terugbetaling het ook 'n verandering in die sekerheidstelling meegebring. Waar vroeër twee borge nodig was, sou voortaan 'n aantekening op die kaart en transport van die grond aangebring word.¹⁴⁾ 'n Verdere verligting vir die boer is in 1937 aangekondig toe die afslag op boorgate wat minder as vyftig gelling per uur lewer, uitgebrei is na gate wat minder as honderd gelling per uur lewer. Die afslag op sodanige mislukte gate is egter beperk tot £70, dit wil sê gelyk aan twintig dae teen £3.10.0. per dag. Boere sou egter voortaan ook £5 moes deponeer voordat werksaamhede begin.¹⁵⁾ Eers in 1946 is die boorkoste verhoog tot £6 per dag.¹⁶⁾

Die besonderhede van die departementele boorwerksaamhede is vervat in Tabel CXIII. Daaruit blyk dat die Departement jaarliks 'n groot getal gate geboor het, maar dat die getal in die ooreenstemmende jare oor die algemeen baie minder was as dié wat deur private booraannemers op die subsidiebasis uitgevoer is. Nietemin moes die water wat deur die

gate /

13) U.G. 15/36, p. 32.

14) U.G. 3/38, p. 30.

15) U.G. 12/39, p. 30.

16) Goewermentskennisgewing no. 967, 10 Mei 1946.

gate verkry is, 'n belangrike rol gespeel het in die boerdery veral in die droër dele van ons land. Die tabel toon ook die steeds stygende koste per voet geboor oor die jare en die toenemende totale koste aan die boorwerk verbonde. Hierdie toenemende koste bewys verder dat die Departement die boorwerk vir boere in werklikheid ook onder hierdie skema gesubsidieer het. Die beleid met die vasstelling van die boortarief op £3.10.0. per dag in 1912 en £6 in 1946 was dat die bydrae van die boere die boorkoste sou dek en dat die hulp van die Departement bestaan het in die toegewing ten opsigte van die betaling van die boorgeld. Die Departement het dus die boorwerk gesubsidieer in die mate waarin die werklike boorkoste die bydrae van die boer van £3.10.0. en £6 per dag oorskry het. Gedurende 1953/54 was die werklike koste per werkdag in nie-geproklameerde gebiede £12.1.7 en in geproklameerde gebiede £15.6.4. Uit die totale werklike koste van £864,750 het die boere slegs £112,668 betaal en dus in werklikheid 'n subsidie van £752,082 ontvang.¹⁷⁾

Die Departement van Besproeiing het dus deur sy boorwerkzaamhede besonder veel gedoen om die boere in die droër dele van ons land te help om sy boerdery beter te beplan en het op dié manier seker baie bygedra tot die bevordering van die landbou.

(b) Gesubsidieerde boorwerk.

Teen die einde van 1936 is daar vir die boere 'n baie welkome verandering in die boorregulasies aangekondig. Boere sou voortaan 'n subsidie kry op boorgate wat deur private booraannemers geboor word. Die subsidies sou egter slegs betaal word op geslaagde gate vir bona fide-boere en waar die gebruik van die water sou lei tot
die /

17) U.G. 60/54, p. 17.

die beter beheer van die weiveld. Die subsidie sou 50 persent van die boorkoste beloop maar nie meer wees nie as £20 per goedgekeurde gat en sou slegs betaalbaar wees indien behoorlike pompe of windpompe op die gate aangebring word.¹⁸⁾ Hierdie verandering in die boorregulasies is veral verwelkom omdat die Departement nie kon tred hou met die aansoeke om boorwerk nie en baie boere weens die nood nie kon wag totdat die goewermentsboor opdaag nie en dan teen wil en dank van 'n privaat kontrakteur gebruik moes maak. Dit was dan ook die beleid van die Departement dat die departementele bore meer in die droë noordweste sou optree en die private booraannemers in die meer waterryke streke. Die voorwaardes wat gestel is, naamlik dat die water aangewend moet word vir die beter beheer van die weiveld en dat behoorlike pompe opgerig moet word, het ook verseker dat die hulp wel sou bydra tot beter boerderymetodes. Die regulasies is eers weer in 1952 in minder belangrike opsigte gewysig.¹⁹⁾ Die wysigings geld slegs die bepalinge ten opsigte van die gebruik van die water. Subsidies sou toegaken word slegs ten opsigte van gate wat geboor word vir die beter gebruik van die weiveld asook vir die bewaring van die grond en verder slegs indien die boorgate geboor word in 'n geproklameerde grondbewaringsdistrik of -gebied.

Die mate waarin die Departement van Besproeiing onder hierdie regulasies die boere gehelp het, word weerspieël in Tabel CXIV.

Tabel /

18) U.G. 12/39, p. 30.

19) Goewermentskennisgewing no. 2722 van 28 November 1952.

Tabel CXIV.

Besonderhede van gesubsidieerde boerwerk deur private booraanemers.

Jaar	Getal eise goedgekeur	Gemiddelde subsidie per boorgat		Totale bedrag aan subsidie betaal
		£	s	
1937-38	1,547	12	13	19,556
1938-39	3,154	13	5	41,763
1939-40	2,823	14	9	40,770
1940-41	2,471	14	15	36,497
1941-42	1,952	14	12	28,508
1942-43	1,506	14	15	22,243
1943-44	797	15	9	12,311
1944-45	605	15	14	9,502
1945-46	1,166	16	4	18,876
1946-47	2,629	17	2	44,920
1947-48	2,665	17	6	46,183
1948-49+	2,951	17	18	52,855
1949-50	3,228	17	9	70,977
1950-51	3,087	17	15	54,803
1951-52	2,397	17	17	42,800
1952-53	3,084	18	-	55,581
1953-54	2,165	20	12	44,578

(+ Sedert 1948 word tot £50 per gat betaal mits dit in 'n grondbewaringsgebied of -distrik val.)

Uit die gegewens in Tabel CXIV blyk dit dat daar jaarliks, behalwe gedurende twee oorlogsjare, duisende gate vir boere volgens die subsidieskema geboor is. Die bewys dat daar 'n behoefte aan die hulp was en dat die boere geredelik daarvan gebruik gemaak het. Die gemiddelde subsidie per boorgat toon ook dat oor die algemeen die maksimum van £20 per gat heeltemal voldoende was en die subsidie normaalweg dus vyftig persent van die boorkoste beloop het. Alhoewel die subsidie per gat nie juis baie beloop het nie, is die totale bedrag wat jaarliks aan boorgate uitbetaal is, tog groot en is die boer die bedrae dus gespaar om aan ander vertakkinge van sy boerderybedrywighede te bestee.

(iv) Staatswerke.

Behalwe die besproeiingslenings aan

indiwiduele /

indiwiduele boere en aan besproeilings- of rivierrade om besproeilingswerke op te rig, het die staat self ook skemas opgerig om veral nedersettings van water te voorsien. Die koste aan sodanige werke en die instandhouding daarvan het miljoene ponde gekos en alhoewel die waterbelasting wat die tgebruikers moes betaal, bedoel was om die koste aan die werke sowel as die rente op die kapitaal en die onderhoud te betaal, het dit op die duur nie moontlik geblyk nie weens die moeilike toestande op die nedersettings en die gevolglike lae waterbelasting wat gehef kon word. In die geval van byvoorbeeld die Hartebeespoort-besproeilingskema moes 'n waterbelasting van minstens £6 per morg gehef gewees het om die rente en kapitaal te delg. In werklikheid was in sommige jare geen belasting betaalbaar nie en verder het die belasting gewissel tussen vyf sjielings en twintig sjielings per aangegewe morg. Die gevolg was dat die inkomste uit die waterbelasting, naamlik 'n totaal van £167,743 gein oor die periode 1928-1951, glad nie eens voldoende was om die onderhoud en administrasie wat oor dieselfde tydperk op £228,225 te staan gekom het, te dek nie.²⁰⁾ Hierdie posisie het in 'n mindere of meerdere mate ook op sommige van die ander nedersettings ontwikkel.

4. Samevatting.

In hierdie hoofstuk het ons kortliks ingegaan op die werksaamhede van die Departement van Besproeiing en getoon hoedat die Departement deur middel van die verskillende liggame soos besproeilings- en rivierrade en waterhowe probeer om die boere self in staat te stel om hul water- en besproeilingsprobleme op te los. Verder is daar die lenings wat die Departement toestaan benewens deskundige advies, die boor van

gate /

20) Swanepoel, J., Die ekonomiese sukses van die Hartebeespoort-besproeilingskema, ongepubliseerde M.Com.-verhandeling, p. 37-38.

gate na onderaardse water en verder die gesubsidieerde boorwerk deur private booraannemers. Bo en behalwe dit onderneem die Departement self ook nog groot besproeiingskemas sodat die bydrae van die Departement op die gebied van besproeiing in Suid-Afrika besondere groot afmetings aangeneem het en vir die boeregemeenskap baie moet beteken.

- - - - -

BEVORDERING VAN DIE LANDBOU DEUR MIDDEL VAN OOREENKOMSTE
EN TARIEFBESKERMING, 1910-'54.

1. Inleiding.

In die voorgaande hoofstukke het ons hoofsaaklik ons aandag geskenk aan die optrede van die verskillende Departemente om deur middel van hulpmaatreëls die landbou te bevorder. In hierdie hoofstuk sal ons ons aandag skenk hoofsaaklik aan die ooreenkomste en tariewe wat deur die staat aangegaan en toegepas is om enersyds die landbou teen buitelandse mededinging te beskerm en andersyds aan te moedig. Slegs die maatreëls wat nie in vorige hoofstukke reeds bespreek is nie, sal hier ons aandag geniet. Behalwe die tariefbeskerming is dit veral die ooreenkomste met die Rhodesiërs en die Ottawa-ooreenkoms waaraan ons aandag sal bestee.

2. Die Doeane-ooreenkomste tussen die Unie en Suid- en Noord-Rhodesië, 1930, 1935 en 1949.

Die Doeane-ooreenkoms tussen die Unie en Suid- en Noord-Rhodesië van 1930 is deur die Parlement in 1930 bekragtig deur die aanname van Wet no. 17 van 1930.¹⁾ Volgens die wet is sommige landbouprodukte spesifiek genoem en maatreëls getref om hul te beskerm teen mededinging van die buurstate. So byvoorbeeld word volgens artikel VI(1) blaartabak wat in Noord-Rhodesië verbou is, belastingvry in die Unie ingevoer tot 'n totale gewig van 400,000 lb. Sodanige tabak moet egter by 'n aangewese invoerpoort ingeklaar word, en as belastingvrye invoer van die besending verlang word, moet dit vergesel wees van 'n uitvoerpermit van die Noord-Rhodesiese owerheid. Dit wil dus voor-

kom /

1) Uniewette, dl. 4, p. 504-531.

kom asof daar 'n beperking gelê is op die invoer van tabak uit Rhodesië na die Unie. Daarbenewens was die invoer ook nog onderhewig aan die goedkeuring van die owerheid van Noord-Rhodesië. In 'n verdere sub-artikel word ook nog bepaal dat die invoer van tabakafval, tabakstof, tabakstronke en tabak in enige vorm wat daaruit vervaardig is, in die Unie belet kan word.

Volgens die ooreenkoms tussen die Unie en Suid-Rhodesië het die bepaling ten opsigte van die invoer van tabak in die Unie op die volgende neergekom. Die hoeveelheid blaartabak wat van 1 Julie 1935 tot 31 Junie 1936 belastingvry in die Unie ingevoer kon word, is vasgestel op 2,000,000 lb. en dan slegs van die Virginiese soort wat teen minstens 1/- per lb. in Salisbury verkoop is. Slegs 200,000 lb. Turkse tabak kon belastingvry in die Unie ingevoer word. Na Junie 1936 sou die hoeveelheid blaartabak wat vry van belasting die Unie kon binnekom deur die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid vasgestel word en het min of meer neergekom op die verskil in verbruik en produksie in die Unie.

In 1949 is 'n verdere ooreenkoms aangegaan tussen die Unie en Suid-Rhodesië waardeur die vorige ooreenkomste vervang is. Die aanhef van die ooreenkoms meld onder andere: "The purpose of the two Governments is to achieve complete removal of all customs and other trade barriers between the two countries...."²⁾ Weens die produksie van soortgelyke en veral primêre produkte in albei gebiede moes daar noodwendig beperkings gelê word op die vloei van veral landbouprodukte van die een gebied na die ander. Volgens artikel VI van die ooreenkoms van 1949 was tabak en tabakprodukte by
invoer /

2) Kruger, H.J.P.L., Customs Unions in South Africa, ongepubliseerde M. Com.-verhandeling, p. 167.

3) Die ooreenkoms is in 1955 vervang met 'n ooreenkoms met die Federasie van Noord- en Suid-Rhodesië en Nyassaland.

invoer in die Unie onderworpe aan die volgende invoerregte: Sigarette 4/- per lb., verwerkte tabak 3/6 per lb., onverwerkte tabak $2/9\frac{3}{5}$ d per lb. 'n Bepaalde hoeveelheid onverwerkte tabak soos deur die Minister van Landbou van tyd tot tyd vasgestel en wat min of meer sou neerkom op die verskil in verbruik en produksie in die Unie, sou vry van belasting in die Unie toegelaat word. Tot 1954 is egter geen sodanige hoeveelheid wat belastingvry die Unie kon binnekom deur die Minister van Landbou aangedui nie en moes die gewone tarief van $2/9$ d per lb. betaal word op die twee- tot driemiljoen lb. tabak wat jaarliks in die Unie uit Suid-Rhodesië ingevoer is.⁴⁾

Artikel VIII van die ooreenkoms van 1930 het alle partye tot die ooreenkoms gemagtig om die invoer van beesvleis vir gebruik in hulle gebied te belet, indien die gewig in die geval van osse minder was as 1,000 lb en koeie 750 lb. by aankoms in die invoergebied of onderskeidelik 1,050 en 750 lb, by die plek van versending. Met die ooreenkoms van 1935 is hierdie artikel vervang deur artikel IV van die nuwe ooreenkoms wat bepaal het dat jaarliks 5,200 slagbeeste uit Suid-Rhodesië die Unie kon binnekom onderworpe aan die gewigbeperkings soos hierbo uiteengesit. Verder is die invoer van vars of verkoelde of bevriesde beesvleis belet alhoewel sodanige invoer deur die Raad van Beheer oor die Vleisnywerheid van die Unie die invoer van beeskwarte uit Rhodesië kon toelaat, mits die gewig 150 lb. per kwart was of geslagte beeste maar dan moes aan die gewigsgrense soos reeds beskryf, voldoen word. Volgens die Wysigingswet op Doeane, no. 38 van 1947, is die bepalings ten opsigte van gewig opgeskort vir die invoer van beeskwarte vir die tydperk 1 Julie 1946 tot 31 Desember 1946 en weer van 3 Maart 1947 tot 31 Desember 1947. /

4) Kruger, op. cit., p. 173.

1947. Hierdie maatreëls is getref met die oog op die verligting van die vleistekort in die Unie.

Ander bepalings ten opsigte van die verkeer van landbouprodukte tussen die twee gebiede is vervat in artikel IX van die ooreenkoms van 1935. Volgens hierdie artikel is die invoer van die volgende produkte belet in die gebiede van die onderskeie partye: koring, koringmeelblom, koringmeel en semels, aartappels, mielies, mielieprodukte, grondboontjies, plantolies, eiers, botter en kaas. Hierdie produkte kon egter wel onder besondere omstandighede van die een gebied na die ander uitgevoer word maar dan slegs met 'n permit uitgereik deur die regering van die uitvoergebied. Sodanige uitvoerprodukte is dan vry in die invoerende gebied toegelaat behalwe in die geval van koringmeelblom en koringmeel waarop 1/- per 100 lb. betaalbaar sou wees. Behalwe die genoemde produkte is alle ander landbouprodukte vry toegelaat binne die gebiede van die betrokke partye tot die ooreenkoms.

Volgens die Wysigingswet, no. 38 van 1947 is ook die volgende produkte uit Noord-Rhodesië vry toegelaat in die Unie mits dit uit Suid-Rhodesie hierheen sou kom. Slagbeeste, slagskape, spekvarke, bene, ivoor, velle, wol, voer (nie verwerk nie), vrugte (vars en groen), uie en knoffel, sade, bolle, knolle en bome slegs om geplant te word en nie vir voedsel of voer gebruik sou word nie, groente, behalwe aartappels en beestonge vars en bevrore.

Dit blyk dus baie duidelik uit die ooreenkomste dat die Unie sowel as die ander gebiede geprobeer het om die landbou te beskerm teen mededinging van die naburige gebiede, maar tog ook voorsiening gemaak het vir die invoer van landbouprodukte wanneer dit nodig sou word soos in die geval van misoeste en tekorte.

3. Die Ottawa-ooreenkoms.⁵⁾

Met die moeilike ekonomiese toestand aan die begin van die dertigerjare het die statebondslande in Ottawa byeengekom en maatreëls bespreek om die handel veral tussen die lande van die statebond aan te moedig. Die gevolg van hierdie beraadslagings was die sogenoemde Ottawa-ooreenkoms waardeur veral die ledestate ooreenkomste met die Verenigde Koninkryk aangegaan het en waardeur ook Suid-Afrika belangrike voorkeure vir sy landbouprodukte in Engeland verkry het. Vir 'n termyn van drie jaar sou eiers, pluimvee, botter en kaas en ander suiwelprodukte in Engeland toegelaat word vry van invoerregte. Na afloop van die drie jaar het die regering van die Verenigde Koninkryk hom egter die reg voorbehou om sodanige tariewe op te lê as wat nodig sou blyk om die binne-landse produksie van Brittanje te beskerm. Behalwe die gunstige behandeling van landbouprodukte uit Suid-Afrika, het die Verenigde Koninkryk nog verder onderneem om invoerregte te hef op 'n hele reeks artikels in Bylae B van die wet genoem, wat van ander lande as statebondslande in Brittanje ingevoer word. Op Suid-Afrikaanse wyn is verder 'n voorkeurgrens van twee sjielings per gelling toegestaan, terwyl op 'n verdere aantal produkte wat in bylae D tot die wet voorkom, 'n voorkeurereg van 10 persent ad valorem toegestaan is terwyl die Verenigde Koninkryk onderneem het om die voorkeur wat 'n aantal ander produkte toe reeds geniet het, nie te verlaag nie.

Alhoewel die ooreenkoms melding maak van 'n tydperk van slegs drie jaar het die voorkeur aan landbouprodukte in die Verenigde Koninkryk bly voortbestaan en het die benaming Ryksvoorkeur al sinoniem geword met die handel tussen die statebondslande. Suid-Afrikaanse landbouprodukte geniet vandag nog 'n mate van voorkeur in die Verenigde Koninkryk.

4. /

5) Bekragtig deur Wet no. 8 van 1933.

4. Beskerming by wyse van Invoerregte.

Ons landbouprodukte word ook in 'n mate beskerm deur tariefwetgewing waarvan die vernaamste die Doeanetariefwet no. 26 van 1914 is, soos gewysig, en dan weer die konsoliderende Doeanetariefwet van 1944, soos gewysig. Ter verduideliking van die tariewe wat ten opsigte van bepaalde landbouprodukte gehef is en kon dien as beskerming vir ons Suid-Afrikaanse landbou, word die tariewe hieronder gegee asook die wysigings ten opsigte daarvan.

Slagbeeste	1914-44	£1 elk, 1944 tot 1954	£1.10/- elk.
Slagskale	1914-54	5/-	elk.
Mulle	1914-36	£1 elk, 1936-44	£5 elk, en
	1944-54	£1	elk.

Perde, volbloed, nie vir aanteel nie, tot 1932 vry en daarna £100 elk. Perde vir aanteeldoelindes kon vry ingevoer word.

Kaas van melk of room waarvan geen vet afgeskei is nie, 1914-25 $1\frac{1}{4}$ per lb min $\frac{1}{4}$ d per lb indien uit die Verenigde Koninkryk ingevoer.

Ander kaas 6d per lb.

Kaas, volroom, 1925-44 25 persent en 30 persent of $5\frac{1}{2}$ d en 6d per lb. met 'n korting van 2d per lb. op sodanige soorte kaas as wat nie in die Unie vervaardig word nie en soos deur die Minister voorgeskryf mag word.

Koringkorrels,	1914-23	1/- en $1/2$ per 100 lb.
	1923-26	$1/5$ en $1/7$ " " "
	1930-54	$2/6$ en $2/8$ " " "

Koring, gemaal of andersins toeberei,

	1914-23	$2/3$ en $2/6$ per 100 lb.
	1923-26	$2/11$ en $3/3$ " " "
	1926-30	$3/4$ en $3/8$ " " "

Mielies, gemaal of andersins toeberei,

	1914-23	$2/6$ en $2/9$ per 100 lb.
	1923-25	1d en $1\frac{1}{4}$ d per lb.
	1925-30	$1\frac{1}{4}$ d per lb.
	1930-44	$1\frac{1}{2}$ d per lb.
	1944-54	$1\frac{1}{4}$ d en $1\frac{1}{2}$ d per lb.

Mielies /

Mielies, gestamp	1914-23	2/6 en 2/9	per 100 lb.
	1923-44	8/4 en 10/5	" " "
	1944-54	2/6 en 2/9	" " "

Mielies, pitte	1944-54	2/-	per 100 lb.
----------------	---------	-----	-------------

Suiker,	1914-26	4/6	per 100 lb.
	1926-30	8/-	" " "
	1930-44	12/6	" " "

1944-54 12/6 per 100 lb. plus 'n opgeskorte belasting van 3/- per 100 lb. plus die bedrag van enige premie wat in die land van herkoms op uitvoersuiker betaal mag word.

Tabak, bewerk, alles	1914-21	4/-	per lb.
	1921-22	5/-	per lb.
	1942-43	5/6	per lb.
	1943-44	6/-	per lb.
	1944-54	7/-	per lb.

Tabak, sigarette,	1943-44	7/-	per lb.
-------------------	---------	-----	---------

Tabak, onbewerk	1944-54	3/6	per lb.
-----------------	---------	-----	---------

Die enkele tariewe ten opsigte van sommige van die vernaamste Suid-Afrikaanse landbouprodukte hierbo aangegee, is blykbaar voldoende om die bepaalde produkte teen buitenlandse mededinging te beskerm. Die feit dat die meeste van die tariewe dikwels verander is, blykbaar om by die veranderde omstandighede aan te pas, moet ons aanvaar as 'n bewys dat die regering die tariewe gehef het as beskermingsmaatreël en nie slegs as 'n bron van inkomste nie.

Dat die regering inderdaad die welvaart van die landbou op die hart dra, word moontlik beter bewys deur die verskillende ondersoeke wat deur die Raad van Handel en Nywerheid ingestel is sedert 1944 en waarin 'n vermindering op die tarief ten opsigte van bepaalde artikels wat vir die landbou

van belang is; aanbeveel is.⁶⁾ Terwyl baie van die ondersoeke van die Raad van Handel en Nywerheid voortvloei uit vertoë van sakemanne wat belang het by die vervaardiging van artikels soos veevoer of besproeiingsmasjinerie wat vir die landbou van belang is, vind ons dat die Raad in 1953 ondersoek ingestel het op vertoë van die Sekretaris van Landbou. Hy het naamlik versoek dat 'n nuwe item, 227(4) in die tariefwet van 1944 opgeneem word om voorsiening te maak vir die vrye toelating van die grondverbeteringsmiddel, naamlik Krillium en ander sodanige middels as wat deur die Minister goedgekeur mag word. Krillium is 'n grondverbeteringsmiddel wat met die boonste ses duim van die grond gemeng word in 'n verhouding van 0.05 tot 0.01 persent sodat omtrent 0.2 lb. tot 0.4 lb. nodig is per vierkante jaart. Die stof bevorder nie die plantegroei soos kunsmis of kompos nie, maar dit verbeter die struktuur van die grond aanmerklik en vermeerder die absorbering van water deur die grond en stimuleer op dié wyse die plantegroei. Die stof behou sy grondverbeteringseienskappe vir drie tot vier jaar en kan dus 'n belangrike produk word vir die bevordering van die plantegroei en die voorkoming van grondverspoeling. Die Raad van Handel en Nywerheid het dan ook aanbeveel dat hierdie produk vry ingevoer word.⁷⁾

5. Samevatting.

Ons het in hierdie hoofstuk aandag geskenk aan 'n beskermingsaspek wat nie altyd so ooglopend is soos die ander maatreëls wat ons reeds bespreek het nie, maar wat nie-temin baie bydra tot die beskerming van ons landbou. In watter mate die tariewe wel as beskermingsmaatreëls en in watter mate as 'n bron van inkomste aangewend word, is moeilik

om /

6) Vergelyk Verslag no. 330 van 1952, p.10-13, 314, p. 21, 335 van 1953, p. 5, 340 van 1953, p. 3., van die Raad van Handel en Nywerheid.

7) Verslag 340 van die Raad van Handel en Nywerheid, p.10.

om te sê. Ons kan egter met sekerheid aanvaar dat ten opsigte van ons belangrike produkte soos mielies, tabak en suiker, die tariewe beslis beskerming bied. Van groter belang as die tariewe wat wel ingestel is, is moontlik die beginsel waarvan die regering uitgaan, naamlik dat die landbou beskerm en bestendig moet word en dat om die doel te bereik alle moontlike middels aangewend moet word.

HOOFSTUK XXIV.

ALGEMENE SAMEVATTING.

In ons algemene inleiding het ons gemeld dat ons studie bedoel is om 'n algemene oorsigtelike beeld te gee van ons landbou-ontwikkeling en die hulp wat die staat aan ons landbou bied. Dit is dus nie ons bedoeling om in hierdie slot-hoofstuk die besonderhede wat ons tot dusver bespreek het krities te ontleed nie. Ons wil slegs hier weer enkele uitstaande kenmerke van ons landbou-ontwikkeling en die staatshulp herhaal en beklemtoon.

1. Eerstens wil ons daarop wys dat as gevolg van die beleid van die Nederlandse bewind aan die Kaap die ontwikkeling aan die begin baie stadig was omdat hulle nooit kon beseef dat die Kaap nie beperk gebly het tot 'n verversingspos nie, maar dat dit ontwikkel het tot 'n kolonie. Nadat privaatboerdery toegelaat is, het die vraagstuk van tekorte ontwikkel tot oorskotte wat moontlik sou voorkom kon word indien die bewindhebbers gewillig was om handel tussen die Kaap en die moederland te ontwikkel. Uit die besonderhede in die eerste paar hoofstukke blyk dit egter dat nieteenstaande die houding van die owerhede die landbou-ontwikkeling tog sy gang gegaan het. Namate die boere die binneland ingetrek het, het hulle met baie probleme te kampe gehad, maar moes in die meeste gevalle self sien om die mas op te kom. Met die Groot Trek in die dertigerjare van die vorige eeu is spoedig groot nuwe gebiede vir die blankes oopgestel en ook in die nuwe gebiede het die landbou stadig maar seker ontwikkel. Ook in hierdie gebiede moes die boer in baie opsigte self sy probleme oplos.

Die periode van 1652 tot 1910 moet ons dan ook eintlik sien as in hoofsaak 'n periode van uitbreiding en ekstensiewe boerdery. Ons het ook gemerk dat eers teen die einde van die vorige eeu die mynbedrywigheide die landbou bewus gemaak het van moontlikhede wat die marke in sekere sentra gebied het. Die boeregemeenskap is egter op die verkeerde voet gevang deur die vinnige ontwikkeling met die gevolg dat hulle nie die moontlikhede kon benut nie. Die Engelse Oorlog het die nuwe ontwikkeling, naamlik produksie vir die mark, verder vertraag met die gevolg dat ons in werklikheid eers na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 meer en meer 'n omgeswaai na intensiewe boerdery kry en die produksie met die oog op die mark. Die boeregemeenskap het dus nie meer net gesorg vir die voorsiening van hul eie behoeftes nie, maar meer en meer in die voorsiening van die behoeftes van die steeds groeiende stede. Dit was dan ook opvallend dat in baie vertakkinge van die boerdery die ontwikkeling in die min of meer afgelope vyftig jaar sedert 1910 groter was as in die tweehonderd-en-vyftig jaar daarvoor.

2. Tweedens het ons gemerk dat teen die einde van die vorige eeu die staat reeds in baie opsigte hulp aan die landbou verleen het, maar dat die hulp in die meeste gebiede nie goed gekoördineerd was nie. Dit is eers na 1910 dat die hulp aan die landbou by wyse van verskillende Departemente op 'n hegte grondslag gelê en die hulp op 'n gekoördineerde basis geskied het. In ons bespreking van die verskillende maniere waarop die staat die boer help, het dit geblyk dat die vernaamste hulp afkomstig is van die Departement van Landbou wat in sy poging om die beste hulp te verleen, 'n hele aantal Afdelings, /

Afdelings, elk met 'n spesifieke veld van optrede, geskep het. Die omvang van die hulp wat deur die Departement van Landbou verleen word, is dan ook geweldig en die waarde daarvan vir die bevordering van ons landbou, onberekenbaar.

Ons het ook gemerk dat behalwe die Departement van landbou twee ander Departemente, naamlik dié van Lande en van Besproeiing daadwerklike hulp verleen aan die landbou, eersgenoemde veral ten opsigte van die vestiging van minder kapitaalsterke persone op plase en hoewes en laasgenoemde in die voorsiening van water nie net vir besproeiing nie, maar ook vir die beter benutting van die weiveld. Die werksaamhede van die twee Departemente vul mekaar in baie opsigte dan ook uitstekend aan, veral in die geval van besproeiingskemas deur die staat aangepak en waar die Departement van Besproeiing moet sorg vir die water vir besproeiing en die Departement van Lande verantwoordelik is vir die uitgee van die hoewes onder die skema en die administrasie van die nedersetting.

3. Ten slotte het ons ook gewys op die verskillende ooreenkomste en die tariewe wat ook lei tot beskerming van ons landbou teen buitelandse mededinging. Hierdie aktiwiteite val weer onder die Departement van Finansies en Ekonomiese Sake. Hulle optrede ten opsigte van die landbou is dus in hoofsaak om die goeie werk wat deur die ander Departemente tot stand gebring word, te vrywaar teen moontlike bedreiging van buite. Die optrede van die verskillende Departemente in die verlening van bystand aan ons landbou is dus in alle opsigte goed beplan en die resultate word moontlik die beste weerspieël in ons vooruitgang op landbougebied.

4. Ons kan nie die studie afsluit nie sonder om tot die slotsom te kom dat die landbou geweldig baie hulp van die staat ontvang en dat die waarde daarvan vir ons boere onberekkenbaar is. Die vraag mag egter onwillekeurig ontstaan of die hulp nie die karakter van ons boeregemeenskap en ons landbou uiteindelik kan skaad nie. Ons wil nie op die vraag ingaan nie, maar wil tog by wyse van afsluiting die sienswyse van die Kommissie insake Industriële en Landboubenodigdhede in hierdie verband aanhaal: „... waar ondersteuning verleen word, word daar nie beheer uitgeoefen om ondoeltreffendheid te voorkom nie. Dit dien dikwels slegs om onbekwame boere op die plase te hou en ongesonde boerderypraktyke te bestendig of selfs te versterk. Dit verlaag die grondvrugbaarheid noodwendig verder en maak die rehabilitasie van die landelike bevolking des te moeiliker.”¹⁾ Hierdie opmerking is reeds in 1941 gemaak maar sedertdien het die staatshulp in omvang toegeneem en wonder 'n mens of die staatshulp vandag nie nog meer as vroeër daartoe meehelp om „onbekwame boere op die plase te hou” nie. Indien dit die geval sou wees, dan het die landboubeleid van ons owerheid grondige hersiening nodig. Daarenteen moet egter ook onthou word dat die hulp van die Staat dikwels nodig is omdat ons in Suid-Afrika te doen kry met geweldig wisselende natuur-faktore wat van die boerderybedryf 'n riskante bedryf maak, en is daar ook baie plaes en probleme wat nie deur die individuele boer op eie houtjie opgelos sal kan word nie.

- - - - -

1) Derde voorlopige Verslag van die Kommissie i.v.m. Industriële en Landboubenodigdhede, U.G. 40/41, p. 33.

BRONNELYS.

ALGEMENE WERKE:

- Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis no.2, Cape Times Ltd., Kaapstad, 1939; no.5, Cape Times, Ltd., Kaapstad, 1950.
- Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, Die Verslae van die Carnegie-kommissie, deel 1, Pro ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1932.
- Arndt, E.H.D., An Experiment in Agricultural Credit, Publications of the University of Pretoria, Series 111: Art and Sciences no. 12, J.H. de Bussy, Pretoria, 1942.
- "Die Landboukrediet- en Landbou-skuldvraagstuk". Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, Vol. 1, 1933.
- Landboukredietfasiliteite voor Unie. Publikasies van die Universiteit van Pretoria, Series no. 111; Geesteswetenskappe, no.8, J.H. de Bussy, Pretoria, 1939.
- Aylard, A., The Transvaal of today: War, Witch-craft, Sport and spoils in South Africa. Blackwood, London, 1878.
- Barrow, J., Travels into the Interior of Southern Africa. Cadell & Davies, London, 1806.
- Bird, J., Annals of Natal, 1495 to 1845, Vol. 11, Davis, Pietermaritzburg, 1888.
- Bock, A.W.O., Die Kapitaalbehoefte van die Landbou en hoe daarin voorsien word. Annale van die Universiteit van Stellenbosch, Jaargang VI, Reeks B, Aflewering 1, 1928.
- Burgers, T., Schetzen uit Transvaal. Hersien deur S.P. Engelbrecht. De Bussy, Pretoria, 1934.
- Campbell, Donald, The Birth and Development of the Natal Railways, Shuter and Shooter, Pietermaritzburg, 1951.
- Cape of Good Hope Almanac and annual Register, 1842-1843. Compiled by B.J. van de Sandt, Solomon, Cape Town, 1942.
- Clark, Harold., The Culture of the Orange and Allied Fruits, C.N.A., 1930.
- Collins, W.W., Free Statia or Reminiscences of a Lifetime in the Orange Free State, South Africa. From 1852 to 1875. Friend Printing and Publishing Co. Ltd., Bloemfontein, 1907.
- Cory, G., The Rise of South Africa: A History of the origin of South African colonisation and of its development towards the east from the earliest times to 1857. Vol.11, 1820-1834. Longmans, Green. London, 1913.

- De Beer, J.J., Aspects of some of the most important measures taken by the State to promote the Marketing of South African Farm Products; Ongepubliseerde M.Com.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1941.
- De Kiewiet, C.W., A History of South Africa, Social and Economic, Clarendon Press, Oxford, 1941.
- * De Kock, H.M., Selected Subjects in the Economic History of South Africa, Juta & Co., Kaapstad, 1924.
- The Economic Development of South Africa, King, London, 1936.
- De Swardt, S.J., „Nasionale Voorsorg teen Droogte“, Departement van Landbou, Pamflet no. 235, Ekonomiese Reeks, no. 3, Staatsdrukker, Pretoria.
- Een Hollander, Toe en Thans: Mededeelingen en Beschouwingen omtrent de twee Republieken in Zuid-Afrika, Jacques Dusseau & Co., Kaapstad, 1898.
- Engelbrecht, S.P., Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, De Bussy, Pretoria, 1920.
- Erasmus, D.P., Bemarking van Suid-Afrikaanse Wol en enkele bespiegelingen oor die toekoms van die Bedryf. Ongepubliseerde M.Com.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1953.
- Gie, S.F.N., Geskiedenis van Suid-Afrika of Ons Verlede, Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1924.
- * Goodfellow, D.M., A Modern Economic History of South Africa, George Routledge & Sons Ltd., London, 1931.
- Grobbelaar, J.J.G., Die Vrystaatse Republiek en die Basisoetevraagstuk. Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis: uitgegee op las van die Minister van Binnelandse Sake, 2de jrg. deel 2, Cape Times, Kaapstad, 1939.
- Headlam, C., The Milner Papers, 1899-1905, Vol. 11, Cassel & Co., Ltd., London, 1933.
- H.E.K. "Farming in Klip River County", Natal Almanac, 1869, Davis, Pietermaritzburg.
- Henning, M.W., Animal Diseases in South Africa, C.N.A., Johannesburg, 1949.
- Jeppe, Fred., Transvaal Book Almanac and Directory, 1881, P. Davis and Sons, Pietermaritzburg, 1881.
- Kaapse Plakkaatboek, no. 2, 1707-1753, Cape Times, Kaapstad, 1948.
- No. 5 1795-1803, Cape Times Ltd., Kaapstad, 1950.
- Knowles, L.C.A., The Economic Development of the British Overseas Empire, Vol. 111, George Routledge & Sons, Ltd., London, 1936.

- Kruger, H.J.P.L., Customs Unions in South Africa, Ongepubliseerde M.Com.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1956.
- Kuit, A., Transvaalse Terugblikke, J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1945.
- Malan, J.H., Die Opkoms van 'n Republiek of die Geskiedenis van die Oranje Vrystaat tot die jaar 1863. Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1929.
- „Memorandum deur die Afrikaanse Handelsinstituut oor die Bemarkingswet van 1937“, Volkshandel, Mei 1948.
- Moffat, Robert., Missionary Labours and Scenes in South Africa, Snow, London, 1842.
- Natal Almanac, Directory and Yearly Register, 1869, 1870, 1871, 1872, 1873, 1877, 1879, 1884, 1886, 1887, 1888, 1889, Davis, Pietermaritzburg.
- Naude, P., Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1954.
- Payton, C., The Diamond Diggings in South Africa: A personal and Practical account with a brief notice of the new Gold fields, Cox, London, 1872.
- Pelzer, A.N., Die „Arm-blanke“ in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882-1899. Historiese Studies jrg. 2, No. 3, & 4, 1941. Universiteit van Pretoria, Voortrekkerpers, Bpk., Johannesburg.
- Pelzer, A.N.P., Wordingsjare, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, dl. 1, Balkema, Kaapstad, 1950.
- Preller, G.S., Piet Retief; Lewensgeskiedenis van de grote Vbortrekker, Nasionale Pers, Kaapstad, 1920.
- Scholtz, G.D., Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, 1652-1952, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1954.
- Schumann, C.G.W., Structural Changes and Business Cycles in South Africa, 1806-1936, King, London, 1938.
- Stead, A and Warren, E.N.S., „Prickly Pear“, Department of Agriculture, Bulletin no. 4, 1922; Staatsdrukker, Pretoria.
- Swanepoel, J., Die Ekonomiese Sukses van die Hartebeespoort-Besproeiingskema. Ongepubliseerde M.-Com.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1952.
- Theal, G.M., History of South Africa since 1795, Dl.1-5, Sonnenschein, London, 1891-1900.
- Theal, G.M., Records of the Cape Colony, copied for the Cape government from the manuscript documents in the Public Record Office, London. Clowes (Printer) London, 1898-1906.
- Thom, H.B., Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika, Swets en Zeitlinger, Keizergracht 471, Amsterdam, 1936.

- Tomlinson, F.R., Landbouproduksie en Pryse in die Kaapkolonie, 1849-1909. Ongepubliseerde werk van die Landbounavorsingsinstituut, Pretoria.
- Tomlinson, F.R., Smith, D.J.G. en Kotze, H.A., "Honderd jaar Landbou in Transvaal". Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Oktober 1956.
- Trigard, L., Dagboek van Louis Trichardt, dl.1 en 2. Gered. deur G.S. Preller, Volksblad, Bloemfontein, 1917.
- Van Riebeek, Jan, Dagverhaal, dl.1 en 11, Werken van het Historisch Genootschap, Utrecht, Konink en Zoon, Utrecht, 1884.
- Van Ryneveld, W.J., Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan die Kaap de Goede Hoop, Van Riebeekvereniging, no. 23, Kaapstad, 1942.
- Van der Merwe, P.J., Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842), P. van Stockum & Zoon, Den Haag, 1937.
- Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, Nasionale Pers, Kaapstad, 1938.
- Trek (Studies oor die Mobiliteit van die Pioniersbevolking aan die Kaap), Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1945.
- Van der Walt, A.J.H., Wild, J.A., Geyser, A.L., Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. 11, Nasionale Boekhandel, Johannesburg, 1951.
- Viljoen, P.R., "Regulering van Produksie in Bemaking van Landbouprodukte in Europa", Boerdery in Suid-Afrika, Januarie tot Mei 1937.
- Wallace, Robert, Farming Industries of the Cape Colony, P.S. King & Son, London, 1896.
- Williams, Basil, 1867-. Cecil Rhodes (Makers of the Nineteenth Century), Constable, London, 1926.

OFFISIËLE PUBLIKASIES.

- Blue Book for the Colony of Natal, 1864-1893, Government Printer, Pietermaritzburg.
- Boerdery in Suid-Afrika: Maandblad van die Departement van Landbou, Des. 1926, Nov. 1927, Nov. 1928, Nov. 1929, Nov. 1930, Nov. 1931, Nov. 1932, Des. 1933, Des. 1934, Des. 1935, Des. 1936, Des. 1937, Des. 1938, Des. 1940, Des. 1941, Jan. 1943, Mrt. 1944, Mrt. 1946, Feb. 1947, Des. 1947, Feb. 1949, Des. 1949, Jan. 1950, Des. 1951, Des. 1952, Jan. 1954, Mrt. 1955.
- Census of the Colony of Good Hope, 1865, Papers printed by order of Government during the session of 1866.